# ’N GELOOFSGESKIEDENIS
# DS. PJ KRIEL 1956 -1982

## BEKEER UIT IDENTIFIKASIE MET GOD IN DIE NAAM VAN JESUS TOT GELOOF IN JESUS CHRISTUS, HERE EN GOD.

**’N GELOOFSGESKIEDENIS**

**DS. PJ KRIEL 1956 -1982**

**BEKEER UIT IDENTIFIKASIE MET GOD IN DIE NAAM VAN JESUS TOT GELOOF IN JESUS CHRISTUS, HERE EN GOD.**

**INHOUDSOPGAWE** **bl.**

1.Uit ’n bekering bekeer tot God. 8

2. Die verskil tussen godsdiens en afgodsdiens volgens die Woord van God. 8

3. Die verdraaiing van godsdiens na afgodsdiens wat in moderne Christelikheid plaasvind. 10

4. Twee stappe om die geestelikheid van die moderne Christelikheid te beleef. 11

5. Die verskeurdheid van die geloof in Christelike kerke. 14

6. Die stryd om die verskil tussen godsdiens en afgodsdiens openbaar te maak. 19

7. Die nodigheid vir ’n geloofsbiografie. 21

8. Deel van die kerk- en familiegeskiedenis: Hermanus Kriel van Hanau am Main trek na die Kaap. 24

9. Die Kriels, die Nadere Reformasie en die Skotse Réveil. 25

10. Jannie Kriel en Jan Kriel as leke-predikers van die moderne Christelikheid. 27

11. Die Janse van Vuuren en Bretons buite die krag van die moderne Christelikheid. 37

12. Moderne Christelikheid as die Kriels se huisgodsdiens. 38

13. Buite die kragveld van die moderne Christelikheid. 42

14. Binne die kragveld van die moderne Christelikheid: bekeer in identifikasie met God in deur die ACSV. 44

15. Die besluit om dominee te word deur die krag van die moderne Christelikheid en ’n godsvervulde persoonlike werker te wees vir die moderne Christelikheid. 45

16. Die spanning tussen die vrye akademiese ideaal van RAU en die bevangenheid van die moderne Christelikheid. 55

17. Die eerste breuk met die moderne Christelikheid en die einde van “persoonlike werk” vir die moderne Christelikheid. 65

18. Die spanning van die lewe in die koninkyk van die moderne Christelikheid en die breuk met die geestelikheid van die moderne Christelikheid. 68

19. Die geloof in God se uitverkiesing volgens sy Woord maak my los van die binding van die “Hoekie-bekering.” 76

20. Die ontdekking van die onderskeid tussen God as God volgens sy wil en 81

die God van begeertes volgens die moderne Christelikheid.

21. Vasgevang in die skoolsheid van die teologiese fakulteit UP en die geestelikheid van die moderne Christelikheid. 85

22. ’n Vriendskap word die vryruimte van die skoolsheid en geestelikheid, en anker in koersloosheid: Danie ’O Reilly. 89

23. Twee dosente gee geloofsrigting en geloofsinhoud: proff. Mias de Klerk en Frikkie Botha. 98

24. Die Bybelstudie en gesprekke met Danie ’O Reilly oor uitverkiesing en verbond en prof. Botha se lesing oor wedergeboorte bring die breuk met die bekering van die moderne Christelikheid af. 107

25. Die innerlike en openlike breuk met die bekering van die moderne Christelikheid. 119

26. Die spanning van die herkenning van identifikasie met God as sonde maar die innerlike verbintenis tot goddelikheid deur ’n intiem persoonlike verhouding met God. 129

27. Die breuk met die koninkryksvisie van die moderne Christelikheid en die magsstrewe om God in my sondige aard en sondige drif in te keer. 141

28. Die ontdekking van die geloof aan die kerk van die Here en breuk met die kultus van die moderne Christelikheid as kerk. 156

29. Die ontdekking van die genadeheerskappy van Christus deur sy heilsgawes bring die breuk af met die hart van my identifikasie met God: die breuk met my intiem persoonlike verhouding met God. 164

30. Die eerste openbare verkondiging van die verskil tussen identifikasie met God en geloof in Jesus Christus as Here: 1 Korintiërs 15. 170

31. Die soeke na Christus as Here en God in die getuienis van Matteus en die vind van eie my persoon buite die kultiese identiteit van die moderne Christelikheid. 184

32. Die konfrontasie met die werklikheid van my eie godsdienstige goddeloos- – ateïsme en deïsme as die gronde van my identifikasie met God. 189

33. Twee rigtinggewende keuses: om self na Christus in die Skrif te soek en werkaansoek as pastorale hulp vir die jeug in Silverton moedergemeente. 199

34. Die openbare spanning tussen die verkondiging van Jesus as Here en God en die magsbedryf van Jesus as identifikasiemodel in Silverton moedergemeente 1982. 211

35. Die verwoording van my eie sondige aard as selfgenoegsame mens binne die moderne Christelikheid. 213

36. Die ontdekking van die dissipels se ongeloof in Matteus as my eie ongeloof. 218

37. Christus se plaasbekledende gehoorsaamheid as genadeheerskappy. 219

38. Die verwoording van die onderskeid tussen Matteus se getuienis oor Christus en die voorhou van magsbeelde van Jesus in die moderne Christelikheid 220

39. Die eerste openbare geskil en konfrontasie: duiweluitdrywing en herlewingsprediking. 238

40. Die ontdekking van oorvloediger geregtigheid as die geregtigheid van Christus en vervulde geregtigheid. 213

41. ds. RB Murray as herlewingsprediker vir Pinkster 1982. 256

42. Die ontdekking en verkondiging van die heilshistoriese betekenis van Petrus se verloëning as eerste openbare botsing met die moderne Christelikheid. 258

43. Die tweede openbare botsing: die onderneming om die kinders as verbondskinders te respekteer en nie aan die bekeringservarings van die moderne Christelikheid bloot te stel nie. 262

44. Die ontdekking van die verband tussen die heilswerk van Christus en die heilsgawes van Christus. 264

45. Die ontdekking van die verskil tussen die heilsraad van God en “die plan van God met jou lewe” in die moderne Christelikheid. 265

46. Die ontdekking van die gemeente as die ware kerk van die Here uit Matteus 13 en die derde openbare botsing met die moderne Christelikheid. 269

47. Die verwoording van die dualisme God – mens as die meganisme van die moderne Christelikheid om God en mens identies te laat wees. (sinkretisme). 271

.

48. Die ontdekking van die sakrament van die doop as teken van die doop met die Heilige Gees. 276

49. Die verwoording van goddeloosheid as die inhoud van die geestelikheid van die moderne Christelikheid in myself. 280

50. Die Pinksterdienste van ds. RB Murray om herlewing te bring in Silverton moedergemeente en as openbare aanval op my prediking. 284

51. Die prediking van die wonders van die Here in Matteus 14-16: die ontdekking dat Christus self vandag ware mens en God met ons is as alternatief die op goddelikheid van geestelikes in die moderne Christelikheid. 287

52. Die verwoording van wedergeboorte as daad van Christus om Hom te kan vertrou en liefhê as alternatief op wedergeboorte in die moderne Christelikheid as die oomblik waarin mens een met God in sy goddelikheid word. 292

53. Die ontdekking van die eenheid met Christus: ons eenheid met sy heilswerk en deelwees van sy heilsweldade as alternatief op die eenheid met God in sy goddelikheid in die moderne Christelikheid. 294

54. Die beslissende openbare botsing: Eddie Dorey as spreker oor karate en die geestelikes se besluit om die kinders te “bevry” van my dwalinge. 300

55. Die duidelike onderskeid tussen Christus se plaasbekledende werk en amp teenoor die selfvervangende werk van tussengangers in die moderne Christelikheid. 305

56. Die konfrontasie met die getuies van die Hatfield Baptiste oor hulle aanspraak op die kinders van die gemeente. 308

57. Die ontbloting van die moderne Christelikheid se geestelikheid as vals in die verkondiging van die betekenis van die doop en hulle aanval op die bediening van die Evangelie. 310

58. Die botsing van geloof in Christus en die identifikasie met God in Christus word ’n kerkregtelike saak. 315

59. Die ringsjeugkamp stel kinders aan die geestelikheid van die moderne Christelikheid bloot. 320

60. Kinders wil die inhoud van die evangelie hoor en wil uit die bekering van die moderne Christelikheid bekeer: die gesprek tussen my en Bertus Kinnear. 321

61. Ek en Danie O’Reilly ontdek saam die moderne Christelikheid as die mag wat die Afrikaanse gemeenskap aan die nuwe magsbedeling wil onderwerp en gedienstig maak terwyl ons in die vrye identiteitsvorming binne die verbond tuis word. 325

62. Die verwoording van die kontras tussen die Evangeliese bekering as bekering tot God en die moderne Christelikheid se bekering as inkeer in jou eie goddelikheid in. 335

63. Die erkenning en ontnugtering dat die moderne Christelikheid die werklike en gewilde geestelikheid van die NG Kerk is. 344

64. Die distansiëring van die moderne Christelikheid se magsopbou deur ’n “sosiale bekering” om die Afrikaanse gemeenskap te onderwerp aan selfontkenning ter wille van ’n nuwe nasie-kerk. 347

65. Die integrering van my geloof en persoonsvryheid teenoor die disassosiasie van God en myself in die moderne Christelikheid. 354

66. Die kerkraad van Silverton gemeente tree teen die moderne Christelikheid op om hulle kinders te beskerm. 362

67. Die ontdekking van nuwe wet binne die Abrahams- en Dawidsbeloftes en die breuk met die geestelike reëls, die Jesusbeeld en die innigheid van die moderne Christelikheid as sou dit liefde wees. 364

68. Die ring van Silverton kies die middeweg tussen geloof en identifikasie met God in die regsuitoefening. 377

69. Die ontdekking van goddeloosheid as die ware inhoud van die moderne Christelikheid se innighede wat hulle Christelike liefde noem. 381

70. Ek tree as spreker op tydens Reformata Reformans se jaarlikse konferensie en spreek hulle bygeloof en goddeloosheid openlik ter vergadering aan. 387

71. ’n Herderlike brief aan die kerkraad van Silverton: die werklike inhoud en karakter van wat met die gemeente en bediening in Silverton in 1982 gebeur het. 393

72. Opsomming en koersvinding in die Christelike Kerk uit die gebeure in Silverton 1982. 399

73. Die wegkeer uit die bekering van die moderne Christelikheid as geloofsontworsteling en geloofsvinding. 402

74. Die openbaringinhoud wat ek nie gehad het en in die Woord van God moes vind: die ontdekking van Christus as Here binne die bygeloof in Jesus as afgod. 407

**1. Uit ’n bekering bekeer tot God**

Die Here openbaar hoe bekering die krag kan wees om jou twee keer meer gereed vir die hel te maak as wanneer jy nie bekeerd is nie: “[15]“Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle trek oor see en land rond om een bekeerling te maak, en as hy dit word, maak julle hom twee maal so ryp vir die hel as wat julle self is.” (Matt. 23) Hierdie tipe geestelike bekering van die Jode gee jou nie toegang tot die hemel nie. Inteendeel, hierdie tipe bekering maak die Here en sy liefde vir hierdie bekeerdes ontoeganklik.

Hierdie geloofsbiografie wil iets van hoe ’n Christen uit hierdie tipe bekering weg gebreek het en tot God bekeer het, verwoord.

Dit wil ook iets verwoord van die verlorenheid vir God in jouself deur hierdie bekering soos die Here dit hier openbaar, te beleef as iets wat jou met God versoen en waardeur jy glo jou sondes vergeef sou wees. In en deur hierdie bekering leef jy in ’n godsverduistering waar die vergifnis en versoening van die Here Jesus afwesig is.

Die bekering waarvan en waaruit ek moes bekeer was nie uit die Jodedom wat die Here in Matteus 23 vers 15 aanspreek nie. Dit was van die bekering van die moderne Christelikheid, die tipe bekering wat hierdie Christelikheid wêreldwyd voorhou as weg tot redding en godsvervulling.

Die wesenlike inhoud, werking en krag van die bekering volgens die moderne Christelikheid verskil nie van die wesenlike inhoud, werking en krag van die bekering volgens afgodsdienste soos die Jodedom, Islam of Boeddhisme nie. Al verskil is dat die bekering van die moderne Christelikheid die naam dra van ’n Christelike bekering. Dit is egter al wat Christelik is van die moderne Christelikheid se bekering – die naam. Die inhoud, werking en krag van hierdie bekering is presies dieselfde as die bekering van die Jodedom en Islam.

**2. Die verskil tussen godsdiens en afgodsdiens volgens die Woord van God.**

Liefde is liefde. Mag is nie liefde nie. Liefde is nie mag nie.

Die sekuriteit en die krag wat ’n mens vir homself in mag vind, is totaal iets anders as die geborgenheid en diensbaarheid van die liefde wat God gee. In die Woord van God word die verskil tussen mag en liefde openbaar as die inhoudelike verskil tussen godsdiens en afgodsdiens.

Die Here openbaar dit in die spreuk: “[25]Maar Jesus sê vir hulle: “By die nasies is dit so: konings speel oor hulle baas, en dié wat gesag afdwing, laat hulleself weldoeners noem. [26]Maar by julle moet dit nie so wees nie. Inteendeel, die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees, en die een wat die leier is, soos die een wat dien. (Luk.22)

Godsdiens gaan oor vertroue in God se liefde vir sondaars en vertroue in God om sondaars se liefde vir Homself te heilig.

Die liefde van God vir sondaars is Christus. Alles wat Christus is en doen in sy lyding en opstanding, is hoe God die Vader sondaars lief het. Alles wat Christus in sy lyding en opstanding is en doen, is hoe God die Vader mense weer herstel om God weer volgens sy wet, die Tien Gebooie, vreesloos te kan liefhê.

Goddeloosheid is die mens se sug na die tipe mag waardeur hy sy eie sondige begeertes in, deur, oor almal en alles kan laat geld, terwyl hy dit vir homself as liefde glo, en ook verwag dat ander sy sonde as liefde moet glo.

In die gemoed van ’n goddelose mens is afgodsdiens die menslike vermoë om sy sondige magsug volgens God se Woord só te glo, só te ervaar en só uit te leef te leef, dat hy sy sondige mag ervaar as sy ware innige en egte liefde vir God en mense. In die gemoed van goddeloses noem en beleef hulle hierdie perversie van liefde, hulle “godservaring”.

Volgens die Woord van God is goddeloosheid en afgodsdiens nie twee teenoorstaande sake nie. Goddeloosheid en afgodsdiens is een en dieselfde ongeloof in God. Dit spreek Paulus aan in sy brief aan die gemeente in Korinte as hy vir die gelowiges stel: [21]Dit was die bedoeling van God in sy wysheid dat die wêreld nie deur geleerdheid tot kennis van God sou kom nie. Daarom het God in sy goedheid besluit om deur die prediking wat vir die wêreld onsin is, dié te red wat glo. [22]Die Jode vra wondertekens en die Grieke soek wysheid, [23]maar ons verkondig Christus wat gekruisig is. Vir die Jode is dit ’n aanstoot en vir die ander is dit onsin, [24]maar vir dié wat deur God geroep is, Jode sowel as Grieke, is Christus die krag van God en die wysheid van God. (1 Kor.1)

Hierdie gelykstelling van die Griekse goddeloosheid en die Joodse afgodsdiens is nie sommer maar net woordspeling of intellektuele spitsvondigheid nie.

Volgens die Woord van God is afgodsdiens nie die teenoorgestelde as goddeloses se vermoë om hulle begeertes as liefdesaandoeninge en innighede met God en mens te ervaar nie. Afgodsdiens is die krag van goddeloses om goddeloos te kan wees met die skyn van godsdienstigheid: [21]omdat, al weet hulle van God, hulle Hom nie as God eer en dank nie. Met hulle redenasies bereik hulle niks nie, en deur hulle gebrek aan insig bly hulle in die duister. [22]Hulle gee voor dat hulle verstandig is, maar hulle is dwaas. [23]In die plek van die heerlikheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos ’n verganklike mens of soos voëls of diere of slange.” (Rom.1) Die boek Handelinge beskryf hoe die prediking van Christus beide Jode uit sinagoges en Grieke uit hulle tempels tot God bekeer. Die geloof in Christus is die wegkeer uit beide die goddeloosheid van die Jodedom en die heidendom.

Volgens die Woord van God is afgodsdiens die menslike onvermoë om in God se liefde te glo en mense volgens God se wet te kan liefhê. Die Skrif noem hierdie perversie die mens se sondige geaardheid.

Hierdie geestelike perversie van die mens om sy eie magsug as liefde te glo en ander dit só te laat glo, is nie iets in die verre verlede wat verby is toe mense nie meer beelde van God uit hout en goed gemaak het nie. Dit is ook nie ’n geestelike perversie buite die Christelike Kerk nie.

Hierdie menslike perversie word vandag binne die meeste Christelike kerke deur die moderne Christelikheid as die ware bedoeling van die Christelike kerk uitgeleef. Die moderne Christelikheid noem hierdie onvermoë om in God se liefde te kan glo en God en mense volgens God se wet te kan liefhê – “spiritualiteit” of “godservarings”.

Deur hierdie menslike perversie só te benoem, word goddeloosheid en afgodsdiens voorgehou as die geloof en liefde wat God aan sy kinders skenk deur die prediking, sakramentsbediening en kerklike tug binne die Christelike Kerk.

Die Skrif openbaar die mens se sug na en bedryf van hierdie tipe mag om sy sondige begeertes te bevredig asof dit ware liefde is, as: die “die vlees”, die “ou mens” of die “sondige geaardheid” van die mens.

Die Skrif openbaar die geloof in God se liefde in Christus en gelowiges se liefde vir God volgens sy wet, as die “lewe in” en “deur Christus”, as “die gawe van die Gees”, die “nuwe mens”, die “innerlike mens”, die “wedergeboorte” en as die “gees van die mens”.

**3. Die verdraaiing van godsdiens na afgodsdiens wat in moderne Christelikheid plaasvind.**

Moderne Christelikheid is goddeloosheid en afgodsdiens binne die Christelike Kerk van vandag. In moderne Christelikheid word die liefde wat in die Skrif verkondig word, nog net in naam behou, maar die inhoud van hierdie liefde word deur geestelikes verdraai om spirituele mag te wees.

Hulle doen wat die profeet Jesaja al as die kern van afgodsdiens verwoord het: “Ellende wag vir die wat sleg goed noem en goed sleg, wat van duisternis lig maak en van lig duisternis, wat bitter soet noem en soet bitter.” (Jes. 5:20)

Die rede vir hierdie verdraaiing is volgens die Woord eenvoudig. Mense in hulle goddeloosheid haat dit wat God as liefde openbaar en hulle het dit wat God as haat openbaar, lief. “Julle wat die goeie haat en die verkeerde liefhet…” (Miga 3:2). Moderne Christelikheid maak asof hierdie verdraaiing van God se Woord in hul “spiritualiteit” en “godservarings” bedoel is om die ware Christelikheid binne die Christelike kerke te wees.

Daarom is moderne Christelikheid die kunstigheid van goddelose mense in Christelike kerke om die openbaring van God se liefde in Christus vir sy kinders, en sy kinders se liefde vir God, volgens sy wet só te verdraai, dat elke deel van God se Woord die betekenis van afgodsdiens uitbeeld en oordra.

Elke woord in die Bybel soos, evangelie, wet, God, Vader, Seun, Gees, geloof, liefde, geboorte, kruisiging, opstanding, kerk, wedergeboorte, bekering, koninkryk van God, word nog net in naam behou, maar die inhoud en betekenis van hierdie woorde word in die prediking en lewe van geestelikes met die nuwe inhoud van hulle goddeloosheid verstaan en uitgeleef.

Elkeen van die woorde in die Bybel se inhoud en betekenis, soos wat God Hom daarin openbaar, word só van inhoud verander, dat lidmate in die kerk nie meer die liefde van God in Christus in hierdie woorde kan hoor nie en daarom ook nie meer kan glo nie.

Dieselfde gebeur met die liefde volgens God se wet. Net die leë woorde van die Bybel word nog behou, maar die inhoud van hierdie woorde soos dit gebruik word in die prediking en geestelike lewe van goddeloses, is vervul met die inhoud en betekenis van hulle afgodsdiens.

Daarom kan gelowiges in die prediking en geestelikheid van “spiritualiteit” en “godservarings” ook nie die liefde vir God volgens sy wet in die woorde van die Skrif herken nie.

Moderne Christelikheid is daarom die kunstigheid van goddeloses om binne die Christelike Kerk deur die Woord van God en die sakramente, in sonde te kan leef en te kan volhard, terwyl hulle self hul goddeloosheid glo as die beter, meer spirituele, meer verligte, meer egte, meer innige en meer volkome Christenwees as die liefde en geloof van gelowiges.

Gelowiges staan binne die kerk van die Here in hierdie kunstigheid verneder as minder ernstig, minder geestelik, minder verlig, minder vernuwe, minder menslik en minder liefdevol as die spiritueles met hul nuwe verstaan en belewing van God

Die geloofsverwarring wat deur die goddeloses in die kerk hierdeur geskep word, verheerlik hulle as die nuwe vryheid van hulle spiritualiteit of godservarings. Hulle eie goddeloosheid ervaar hulle as die dieper en voller betekenis van God in hulle lewe, wat hulle uit die kerk se engheid, starheid, gestolheid en tradisie sou bevry het.

Die geloofsverwarring en verduistering wat hierdie spiritualiteit in die gelowiges bring, verheerlik hulle óf as die absolute sekerheid oor God wanneer hulle in ’n posisie van mag is óf as die nuwe eerlike onsekerheid oor God as hulle in ’n posisie van onmag is.

**4. Twee stappe om die geestelikheid van die moderne Christelikheid te beleef.**

Dwarsoor die hele bekende wêreld, vanaf Argentinië tot in Suid Korea, vanaf die suid punt van Afrika tot in die noorde van Kanada verkondig die moderne Christelikheid twee fases of stappe van geestelikheid binne hulle afgodsdiens en goddeloosheid. Die variasie in afgodsdiens is:

1. eers bekering en

2. dan vervulling met God en die variasie in goddeloosheid is

1.eers verligting en

2. dan die volkome spiritualiteit.

Die benoeming en bemarking van hierdie twee fases verskil van spiritualiteit tot spiritualiteit, maar die eenheid in 'n twee fase geestelikheid is goddeloosheid en afgodsdiens se mees algemene kenmerk.

Met hierdie twee fase geestelikheid, maak moderne Christelikheid hul spirituele mag die ware liefde binne die Christelike geloof. Hulle verkondig dat die sekuriteit van God se mag is jou eie mag, en noem dit bekering of verligting. Hulle verkondig die krag van God as jou eie krag, en noem dit die vervulling met die Heilige Gees of die spirituele belewing.

Hierdie twee geestelike ervaringe word deur die geestelikes van die moderne Christelikheid in kerke bedien asof dit die bekering en die vervulling met die Heilige Gees volgens die Skrif sou wees.

In hulle bekering vind hulle altyd 'n geestelike eenheid met die godheid van God wat vir hulle dieper en meer werklik is as die Christelike kerk se deelwees van God se genade. Dit is hierdie eenheid met God in sy God-wees wat hulle 'n godservaring noem, só glo en só beleef.

Gesterk in hulle tipe bekering minag hulle Christene se geloof in God se liefde vir hulle en sy heiliging van hul liefde vir Hom. Beledigend en vernederend noem hulle dit: “dogma”, “ geloofskonstruksies” en “kerklike leerstellings”. Teenoor hulle geestelike ervaring van hul eenheid met God se goddelikheid, hulle “spiritualiteit” en “godservarings”, sien hulle Christene se geloof as nie werklik, onhistories, gestol, verstar en agterlik

In hulle geesvervulling of spirituele belewing van God vind hulle 'n eenheid met God in sy persoon, wil en krag waarin hulle hul ware menslike identiteit wil terugvind. In hierdie geloof in hul geestelike eenheid met die goddelike voel hulle hul self godvervuld. Hulle is in God en God is in hulle. Hulle noem dit enige iets van wedergeboorte tot panenteïsme, of noem dit enige iets wat hulle met die skyn van geestelikheid of wetenskaplikheid beklee teenoor die geloof volgens God se Woord.

Egter, wat hulle glo en voel gebeur nie werklik tussen hulle en God of in hulle met God nie.

Hulle glo hulle bekering is die wyse waarop hulle deel word van die sekuriteit van God se mag. Hulle glo hulle vervullingservaring is die wyse waarop hulle deel kry aan die krag van God.

In en deur hierdie twee ervarings word mense volgens hulle ingelei in die geestelikheid om met God te identifiseer. Identifikasie met God is die werklikheid van hulle geestelikheid. Dit is die werklikheid van wat in en met hulle gebeur. Die werklikheid van geloof in God se liefde en liefde vir God volgens God se Woord gebeur nie in en met hulle nie.

Hulle geestelike werklikheid verskil van die werklikheid wat God tussen Hom en sy kinders laat gebeur soos wat God se Woord dit openbaar. Die werklikheid volgens God se Woord is dat identifikasie met God die wese van elke sonde is. (Gen. 3:4) Identifikasie met God is volgens God se Woord die sonde waar die mens sy eie persoon, krag en wil ervaar as die persoon krag en wil van God self.

In en deur hierdie twee geestelike ervarings van die moderne Christelikheid identifiseer die mens homself met God as goddelik: een met God in alles wat God self is. Hulle idees is God se idees; hulle lewe is God se verhaal; hulle drome is God se droom vir hulle; hulle magswil is God se wil wat deur hulle werk; hulle spirituele ervarings is die enigste werklike kennis van God; hulle vertellings is die openbaring van God se ware spirituele eenheid met die mens; hulle persoon beliggaam God; hulle optredes is die krag van God binne ’n self- en wêreldbeeld waarin God nooit God in en deur Homself sonder en anders as die mens is nie.

Hierdie identifikasie met God in hulle spirituele belewenisse is die kragtige werking van sonde in mense volgens hulle sondige aard: om een met God te wees in sy Godheid en om nie diensbaar in liefde as mense teenoor God te leef nie. Daarom het hulle ’n onbehaaglikheid in geloof in God se liefde en liefde soos wat God dit van mense eis.

Want geloof in God is ’n vaste vertroue in ’n vaste en sekere kennis van God in sy openbaring in sy Woord. Hierdie vaste kennis van God weerhou hulle van hul sug na mistieke kennis van God. (Hulle noem hierdie mistieke eenheid met God ’n “godservaring” of “belewenis van God”. ) Want in God se openbaring van Homself handhaaf God altyd die afstand waarin net Hy God is en God bly en mense net mense is en mense bly.

Hierdie afstand wat God handhaaf tussen Hom en mense is die rede waarom die mens God net kan ken in geloof en net kan erken in geloofsbelydenis. Goddeloses het in hulle identifikasie met God hierdie afstand en onderskeid tussen God en mens oorkom. Dit is die doel van hulle twee geestelike ervarings wat hulle wedergeboorte-bekering aan die een kant noem en verligting aan die ander kant.

Goddeloosheid en afgodsdiens is nooit twee verskillende sake nie. Dit is altyd die twee kante van die mens wat homself eiemagtig en kragtig teenoor God beleef.

Daarom is dit wat hulle wedergeboorte, bekering en vervulling met die Heilige Gees noem, hulle ervaring van God se mag en krag. Dit is hulle ervaring van hul

gewaande goddelikheid. Hulle noem dit net wedergeboorte, bekering en vervulling met die Gees om hulle goddeloosheid binne die Christelike kerk met die kerk se inhoud uit te leef.

Wanneer hierdie selfde goddeloses egter nie meer die Here en sy kerk vir hulle goddeloosheid kan misbruik nie en hulle self van die Christelike Kerk losmaak, doen hulle dit met nuwe nie-Christelike verligtings, godsvervullings, spirituele ervarings en geesvervullings. Maar die inhoud van hierdie nuwe nie-Christelike geestelikheid is nie iets nuuts nie. Dit is nog steeds die ervaring van God se mag en krag. Al verskil is dat hulle dit net so maklik kan ervaar sonder om dit as Christelike ervarings voor te hou.

Die enigste verskil tussen hierdie variasie van mag- en kragervarings van God vir goddeloses, is die strategiese keuse of hulle dit binne of teenoor die Christelike kerk wil uitleef.

Goddeloses verwerp altyd die geloofskennis van God volgens die openbaring van God in die Skrif, vir ’n mistieke kennis en ervaring van God waarin hulle spiritueel een met God in sy godheid is. Dit is ’n eenheid met God waarin Jesus vir hulle net die geestelike rolmodel is vir hulle sug na eenheid met God in sy goddelikheid. Hulle verskuil net hierdie sug na goddelikheid in hulle mistieke passie deur dit geestelikheid of spiritualiteit te noem.

Hierdie ervaring van hulle eie mag en hulle krag asof dit God se mag en krag is, noem hulle hul intieme innige persoonlike verhouding met God en hou dit voor asof dit die verbondsverhouding van God met sy kerk volgens die Skrif is. Egter, in en deur hierdie gewaande intieme innige persoonlike verhouding met God, word God se liefde in Christus en mense se liefde vir God volgens sy wet, omvorm om niks anders te wees as dit wat die Skrif sonde noem nie.

Daarom omvorm hulle elke deel van God se werklike verbondshandelinge in die wêreld met mense as werklike heilshistoriese dade van God, om niks anders te wees as net hulle persoonlike verhouding met God nie. Dit is hierdie begrip en ingesteldheid van ’n persoonlike verhouding met God waarin hulle eie lewe God se verhaal met hulle word, waarin hulle eiewaan God se droom vir hulle word of hulle eiesinnigheid en eiegeregtigheid God se wil en krag deur hulle word. Met hierdie gewaande persoonlike verhouding met God omvorm hulle spiritueel alles wat God in sy Woord as sonde openbaar om die dieper en ware inhoud van hulle verhouding met God te laat wees.

### 5. Die verskeurdheid van die geloof in Christelike kerke.

Dit is die mag van die moderne Christelikheid: om Christene in die kerk, deur die bediening van die Woord van God en deur die bediening van die sakramente, vas te

vang in die innerlike mag waardeur hulle hul eie sonde moet uitleef asof dit geloof in God en liefde vir God volgens sy wet is.

Ek self was in hierdie mag binne in die NG Kerk vasgevang gewees. Terwyl God my deur sy verbondsgenade werklik en in waarheid sy kind laat wees, my werklik en in waarheid geloof in Christus skenk, en my werklik en in waarheid tot liefde volgens sy wet verbind, het die geestelikes in die NG kerk my geleer om sonde in die Naam van God uit te leef.

Hulle het my geleer om te glo dat sonde die geloof sou wees wat God my geskenk het en my geleer dat my sondige begeertes hierdie liefde sou wees wat God in my deur Christus bewerk het.

Hulle het my deur die Bybel en die sakramente in eredienste, Sondagskool, kategese, kampe en teologiese opleiding gelei om God se genade te verstaan volgens hulle “wedergeboorte-bekering” en hulle “godsvervulling”. Dit is, hulle het my gelei om liefde as ’n geestelike mag te glo. Die sekuriteit van God se liefde vir sondaars, moes ek as die sekuriteit van die mag van God glo. Die liefde vir God volgens sy wet, moes ek glo asof dit die krag van die goddelikheid van God in my self is.

Hierdie magsug en magsuitoefening het my altyd in afhanklike verhoudings gestel waarin ek en ander ons eie sondige begeertes moes ervaar het asof dit intieme persoonlike verhoudings is waarin ons God se eie liefde beleef.

In hierdie afhanklike verhoudings was daar altyd ’n geestelike of verligte meester wat ons in die ware betekenis van hierdie verhouding met God wou lei waar ons sonde ons liefde vir God moes wees. En waar ek myself vaardig in hierdie magsug as intieme verhouding gevoel het, het ek myself ook as geestelike voog vir ander ervaar.

Die totale verwarring om die werklikheid van jou eie sondige magsbegeertes te ervaar, maar te glo as intieme liefdevolheid van en met Jesus, was die krag wat gemaak het dat ek al meer bekeerd en al meer godsvervuld wou leef. Om aan hierdie verwarring te probeer ontkom, moes ek myself volgens die bediening van die Woord en sakramente van die moderne Christelikheid al dieper aan dit wat die Woord van God as afgodsdiens openbaar, oorgee, asof dit verlossing sou wees.

Ek moes, volgens die geestelikes, om hierdie innerlike verskeurdheid van afgodsdiens te ontkom, al meer die sekuriteit en krag van God se mag vir myself toe eien. Maar hoe meer ek vir myself hierdie intieme magsgevoel in en met God toegeëien het, hoe dieper het ek in die verskeurdheid van my eie sonde versink.

Die moderne Christelikheid het my nie tot die werklikheid van my eie goddeloosheid as kind van God binne sy genade gebring nie. Dit het gemaak dat ek myself in en met die sekuriteit en krag van afgodsdiens bemagtig het teenoor myself, my naaste

en God. Dit het gemaak dat ek ook net nog een van die geestelikes geword het wat myself deur die mag van die moderne Christelikheid laat geld het. In hulle taal het ek nog een van die kerk se “bemagtigde leiers” geword, of soos dit al meer vandag genoem word, het ek “outoriteit” gekry.

Hierdie verwarring is nie maar net ’n intellektuele of emosionele verwardheid binne die spanning van verskillende godsdienstige spiritualiteite nie.

Die werklikheid van my menswees is dat God nog altyd anders en groter is en was as die afgodsdiens waarin en waardeur ek myself verstrik het. God was my nog altyd as sy verbondskind genadig. God se genade en liefde vir my as sondaar is die werklikheid van my menswees vir God. God is God! God is nie God in, deur en vir my nie. God is God uit Homself deur Homself en vir Homself.

God doen wat God vir sy kinders doen ongeag die afgodsdiens van die moderne Christelike kerke. Daarom het God my ook as God nog steeds in die waarheid van sy Woord en sakramente gelei. Die werklikheid van sy genade is deel van my lewe gewees en die werklikheid van die liefde wat Hy in my bewerk het, was ook werklik gewees. Anders as my eie spiritualiteit, wat net my eiewaan was.

Daarom was my verwarring nooit die verwarring om te moes kies tussen twee, of ’n diversiteit van verskillende soorte spiritualiteite nie. Dit was die verwarring oor wat God my werklik laat wees teenoor dit wat geestelikes in hulle verwronge alternatiewe Woord- en sakramentsbediening my wou laat glo het ek eintlik volgens hulle goddeloosheid moes wees. En wat ek volgens my eie verwrongenheid wou glo.

Die geestelikes weet dat God God is. Hulle ken die krag en mag van God waarmee Hy doen wat Hy doen. Maar hulle het uit hulle goddeloosheid ’n innerlike wrewel teen alles wat God is en doen. Hulle maak wat God doen die boosheid wat hulle beveg. Hulle maak die kindwees vir God die sonde wat hulle gelowiges van probeer oortuig om te haat en te verwerp. Hiermee bemagtig hulle elkeen om sy sondige geaardheid as sy ware menslikheid uit te leef. Dit is hoe hulle my eie sondige geaardheid vir my as my ware menslikheid bemagtig het.

Dit doen hulle deur die middele, die Woord en sakramentsbediening, waardeur God sy genade uitdeel en mee versterk, as magsmiddels teen gelowiges te gebruik. Met God se bedieningsmiddele as hul eie magsmiddele probeer hulle God se verbondsgenade verdring en vernietig vir hulle afgodsdiens binne in gelowiges.

Die werklike verwarring binne vandag se Christelike kerke soos waarvan die NG Kerk waarvan ek ’n lidmaat is, net ’n voorbeeld is, is dat in en deur die Woord en sakramentsbediening dit nie net afgodsdiens is wat bedien word nie.

Sou dit só gewees het, sou die probleem en antwoord eenvoudig gewees het. Die werklikheid is dat godsdiens en afgodsdiens gelyktydig bedien word asof dit net twee kante van dieselfde saak is.

Daarom hoor lidmate die ware en valse inhoud van die Woord van God en die sakramente gelyktydig asof al twee die waarheid is. Dit is die werklike krag van afgodsdiens. Hulle spiritualiteit! Dit word nie as alternatief naas die waarheid van God gestel nie. Hulle spiritualiteit word saam met die waarheid as net die ander kant van dieselfde waarheid verkondig. So maak hulle die middele waardeur sy genade meedeel die wapens van hulle eiemagtigheid teen God se genade en liefde – in die tyd en plek waar God sy genade bedien.

Dit is hoe die afgodsdiens binne die NG Kerk bedien word: jy moet net die Evangelie glo om gered te word, sê hulle namens God, maar jy moet ook jou hart vir God gee om gered te word, sê hulle ook namens God. Dit is net die anderkant van dieselfde saak, sê hulle.

Jy moet net glo in Christus om die gawe van die Gees te ontvang, sê hulle namens God, maar jy moet ook jouself niks laat wees nie en tot volle oorgawe kom om met die krag van die Heilige Gees vervul te word, sê hulle ook namens God. Dit is net die anderkant van dieselfde saak. Só maak hulle met elke deel van God se Woord dubbelsinnig. Só dubbelsinnig dat net afgodsdiens as die waarheid gehoor en gevoel word.

God het deur sy Woord en sakramente my uit hierdie afgodsdiens binne die NG Kerk ontworstel om vry dít te mag te wees wat God my nog altyd laat wees het: sy kind.

Om Jesus Christus as Here en Verlosser te vind, moes ek uit die bekerings van die moderne Christelikheid wegkeer na die Here toe. Ek moes my uit die bekerings en vervullings van die moderne Christelikheid tot God toekeer in en deur die geloof in Jesus Christus as Here en Verlosser. Ek moes buite die godsbeelde van die moderne Christelikheid, God in sy Woord vind soos wat Hy God is en Homself in sy Woord as God openbaar. Ek moes die Here ontdek wat my in en deur hierdie afgodsdiens heen, steeds vir Hom as God behoue laat bly het.

Ek moes al die godservarings en geestelike aandoenings waarin die moderne Christelikheid my gelei het, my identifikasie met God, wat die moderne Christelikheid vir my probeer voorhou het as my ware geestelike natuur en my intiem persoonlike verhouding met God, as my eie goddeloosheid binne myself ontdek. Ek moes myself wegkeer uit my intiem persoonlike verhouding met God waarin ek sy persoon, wil en krag as my eie sekuriteit en krag beleef het, tot geloof in die verbondsgemeenskap waarin Jesus Christus as Here my vasgehou het.

Hierdie geloof moes ek ontdek, terwyl die geestelikes in die NG Kerk my deur elke woord en teken die genade en liefde wat God aan my meegedeel het, wou ontneem het.

In elke Woord en teken van God moes ek volgens hulle magsug hulle geestelikhede en hulle menslike perversie ervaar as God se eie innighede en op só ’n wyse God se genade en liefde ontbeer het.

Dit moes ek doen terwyl hoe meer ek hulle en my eie goddeloosheid as die krag van ons geestelikheid begin herken het, hulle my al meer as ’n onbekeerde, koue, dooie, liefdelose, intellektuele, dogmaties verstarde mens voorgestel het. ’n Mens wat deur Satan gebind is, ’n mens sonder liefdevolle gevoelvolheid vir ander mense, ’n mens wat nie akkommoderend is, nie misties genoeg is nie, nie nuut genoeg is nie, nie emosioneel heel is nie, nie genoeg versoenend nie, met een of ander sielkundige probleem en wat nie ’n innige persoonlike verhouding met God het nie.

Dit moes ek gedoen het terwyl die NG Kerk in sy eredienste, sy vergaderinge en teologiese opleiding beide godsdiens en afgodsdiens in een organisasie wíl behou as sy unieke en besondere karakter as kerk.

Dit is die werklike rede hoekom die NG Kerk die openlike verskil van godsdiens en afgodsdiens ontken, in Woord- en sakramentsbediening sowel as in teologiese opleiding. Dit aan die een kant. Maar aan die ander kant, soos in die 2011 Algemene Sinode se besluite oor

- saambly wat Christelik is maar net nog verkerklik moet word,
- oor herdoop wat verkeerd sou wees, maar die betekenis van die doop met selfopgemaakte seremonies gevier kan word en
- duiwels uitgedryf kan word uit lidmate, terwyl ander lidmate nie in die bestaan van duiwels hoef te glo nie,
- lidmate in die bestaan van engele kan glo of nie, al word hulle bestaan in die geloofsbelydenis van die kerk bely,

en in die Algemene Sinode van 2015,

- dat homoseksuele mense nie in die huwelik bevestig mag word nie al is hulle homoseksualiteit nie meer sonde nie, maar in burgerlike verhoudinge ingeseën moet word deur die kerk, waarvan daar geen sprake in die Woord van God is nie,

maak hulle hierdie innerlike teenstrydigheid van godsdienstige goddeloosheid die ware geestelikheid van die kerk.

Waar ek deur God se Woord hierdie verskil as ’n innerlike verskeurde gevind het en my binne God se Woord terug gevind het vir wat Hy my laat wees, was dit die geestelikes van die NG Kerk wat met veroordelings van my persoon en karakter, my vir myself, lidmate en kerklike vergaderinge verdag gemaak het.

Omdat die onderskeid van afgodsdiens en godsdiens nie meer in die NG Kerk erken en verkondig word nie, maar vervang is met geestelike opgemaakte teenstellings soos emosie en verstand, persoonlik en sosiaal, geskiedenis en dogma, starheid en vloeiendheid, harde konvensionaliteit en sagte vloeiende mistieke eenheid met God, word enige persoon wat die verskil godsdiens en afgodsdiens erken en aan die orde stel, verdink van een of ander persoonlike tekortkoming, sosiale wanaangepastheid of sielkundige probleem.

Dit maak dat elke keer as die Woord van God jou voor jou eie goddeloosheid en afgodsdiens stel, jy dit nie só mag ontdek, erken en bely nie, maar dat jy hierdie innerlike perversheid in jouself, jou sondige geaardheid, as jou ware geestelikheid moet ontdek of herontdek. Jy moet die Woord van God verwring om in die konteks van jou eie menslike persverheid te moet inpas.

God mag in hierdie goddeloosheid en afgodsdiens net ’n kontekstuele God wees: Hy mag net God in jóú en jóú lewe en jóú wêreld wees. Die Skepper en Onderhouer van die heelal, mag in goddeloses se gemoed net die god ín hulle wees: die god van hulle begeertes, volgens die perversheid van hulle versugting om in gedagte, gevoel en gees, een met God in sy godheid te wees.

Sy Woord mag net gekontekstualiseer word: dit mag net God se Woord ín mense wees. Dit is, God mag net God in mense wees en sy Woord mag net ’n gedagte, ’n verhaal, ’n ervaring, ’n visioen of intuïsie binne die lewe van mense wees.

God mag nie meer God in Homself wees nie. God mag Homself nie meer as God kenbaar en seker openbaar nie. God se Woord mag nie meer die skeppingswoord van God wees nie. Dit mag net die innerlike verstaan van geestelikhede wees.

Wie God as ’n werklike Persoon ontdek en sy Woord as die werklike openbaring van God as God ontdek, in Christus wat werklik mens en God vandag is, word geminag as ongeestelik met een of ander wanaangepastheid soos rassisme of onmenslikheid.

Ek moes God as God in Christus vind deur sy Woord binne ’n kerk wat hulle eie menslike perversie as hulle ware geestelike en spirituele geaardheid glo, soos dit nou duidelik sigbaar geword het in hulle versugting om homoseksualiteit as ware liefde te verklaar volgens God se bedoeling. Dit moes ek doen terwyl vriende, lidmate, predikante en dosente binne die NG Kerk aan die anderkant my gelei en bedien het met die waarheid van God se Woord en so gehelp het om myself weer binne die werklikheid van God se verbondstrou terug te vind.

### 6. Die stryd om die verskil tussen godsdiens en afgodsdiens openbaar te maak

Dit is die inhoud van die boek wat ek geskryf het: **Protestants, vry om te protesteer**. In hierdie boek word die inhoud van God se openbaring gestel los van en as totaal iets anders as die inhoud en bedoeling van afgodsdiens. Dit is bedoel

om hierdie onversoenbare verskil tussen godsdiens en afgodsdiens openlik aan die orde te stel, buite die verduidelikings dat dit net verskillende diverse maniere is om God te dien en waarvoor almal akkommoderend en ontvanklik moet wees.

In hierdie publikasie word elke woord en elke deel van die Christelike geloof en liefde van die valse betekenis wat hulle aan hierdie geloof en liefde in hulle goddeloosheid gegee het, losgemaak. Die inhoud van geloof en liefde word ook elke keer direk teenoor die moderne Christelikheid se geestelikheid gestel sodat lidmate die verskil tussen die afgodsdiens van die moderne Christelikheid en die inhoud en bedoeling van geloof en liefde soos dit in die Skrif geopenbaar is, kan herken.

(Hierdie boek: “**Protestants, vry om te protesteer”** is gratis op die internet beskikbaar op die webwerf: ngkerklevubu.co.za onder die opskrif “Nagevors en gepubliseer.)

Die geestelikes se houvas op gelowiges is om te keer dat hierdie verskil tussen afgodsdiens en godsdiens binne ’n kerk soos die NG Kerk openlik aan die orde gestel word. In kerklike vergaderinge se bestuur en besluite, en in kerklike opleiding op fakulteite, word hierdie verskil genegeer. Volgens die geestelikes is daar glad nie só ’n verskil nie.

Hulle sal hierdie verskille wegpraat en wegskuif met verduidelikings soos dat dit maar net twee kante van dieselfde saak is en dat dit net een manier is om God te kan dien binne die diversiteit van al die mooi Christelike spiritualiteite. Hulle sal verskillende soorte dienste, preke, teologiese modelle, sakramentsbedienings en Bybelstudies in een gemeente aanbied net om hierdie mag te kan behou in die NG Kerk: om afgodsdiens en godsdiens as een saak te mag verkondig.

Wat vir die NG Kerk waar is, is feitlik al vir al die Christelike kerke waar. En dit word al meer die waarheid van kerke wat nog probeer om buite die mag van die moderne Christelikheid te bly.

Daarom is ek baie seker dat hierdie geestelikes ook die inhoud van my boek: **Protestants, vry om te protesteer**, sal verdag en onbelangrik sal voorstel aan mense deur te maak asof dit intellektuele en teologiese spekulasie is. Hiermee sal hulle vir hulle self die reg en mag opeis dat net hulle afgodsdiens die ware praktiese en verstaanbare godsdiens binne die Christelike Kerke bly.

Hulle gewone manier om hulle self te regverdig is deur hulle ervarings van God in hulle afgodsdiens as “getuienisse” van spirituele aandoeninge aan die gemeenskap voor te hou. Hulle lewe en lewensverhale is vir hulle die toets van ware spiritualiteit.

Hulle sal dit weer doen.

Hulle sal mense laat praat oor hoe hulle God in hulle afgodsdiens waarlik gevind het; hoe hulle Jesus as ’n werklikheid in hulle afgodsdiens beleef; hoe hulle uit die krag

van afgodsdiens hulle uit sondes tot ’n ware goeie morele lewe bekeer het; hoe hulle uit godsdienstige engheid en dogmatiese verstardheid verlig is tot die ware innerlike geestelikheid van Jesus; hoe hulle van die magte van Satan deur hulle afgodsdiens bevry is; hoe hulle deur hulle afgodsdiens die ware versoenaars is, die nastrewers van kerkeenheid is en hoe God vir hulle ’n fees in hulle geestelike vierings is.

Hiermee sal hulle dit as onverstaanbaar, verdag en immoreel afmaak dat hulle ywer vir God in hul spiritualiteit afgodsdiens genoem word en hul goddeloosheid as die krag van hierdie spiritualiteit uitgewys word. (Romeine 10)

Met die krag en mag van geestelikes demonstrasies en intellektuele spekulasie sal hulle weer die openlike konflik van afgodsdiens en godsdiens as openbare saak probeer verdring en stilmaak in hulle geestelike geredekawel en geroesemoes.

Waar dit wel aan die orde kom sal hulle dit as onbelangrike en onnodige verdeeldheid voorstel vir al die groot en belangrike sake waarmee hulle so ywerig vir God mee besig sou wees in hulle spiritualiteit – om God se mag op aarde te wees, sy hande, oë, voete, hart en hande.

Vir hulle is daar net een werklikheid en een praktyk: hulle afgodsdiens in hulle goddeloosheid.

### 7. Die nodigheid vir ’n geloofsbiografie

Daarom stel ek graag ’n ander werklike geloofsstryd en worsteling openbaar bekend in hierdie geloofsbiografie. Dit is nie koue, dooie, intellektuele bespiegeling oor God nie. Dit is nie spirituele verligting en vryheid nie. Dit is die werklikheid om God se verbondstrou te vind en te deurleef as iets anders as die afgodsdiens binne die kerk. Dit is nie ’n nuwe getuienis, metode, lering of ervaring oor hoe God spiritueel beleef moet word deur ander Christene nie.

Nou wat is dit dan?

Hiermee wil ek graag doen wat Paulus teenoor die geestelikes in die gemeente Korinte gedoen het. Hulle het hulle godservarings teenoor die geloof en liefde van die Evangelie gestel. Paulus het hulle dwaasheid om hulle geestelikheid die krag en heilsmiddele vir die kerk te maak, aangespreek om ook soos hulle te spog, groot te praat: “16 WEER sê ek dat niemand moet dink dat ek dwaas is nie; of anders, neem my maar aan as ’n dwaas, sodat ek ook ’n bietjie kan roem. 17 Wat ek spreek, sê ek nie vanweë die Here nie, maar as in dwaasheid, in hierdie vertroue dat ek mag roem.” (2 Kor. 11)

Daarmee het hy gewys dat Christene ook oor hulle geloofservarings kán praat. Hoekom ons dit nie doen nie, is nie omdat ons te intellektueel, te dogmaties, te rasioneel, te verstar en te eng sou wees nie. Dit is omdat ons weet dat dit dwaasheid, dit is, afgodsdiens is, om geestelike belewenisse en verligtings as

bedieningsmiddele te verhef waardeur God nuwe vryhede en nuwe geestelike kragte sou moes bewerk.

Christus skenk sy heil deur die Woord en sakrament, nie deur geestelike ervarings en verhale van godvervuldes of geestelike verligtes nie.

Deur hierdie geloofsbiografie wil ek die dwaasheid van die moderne Christelikheid openbaar aan die orde te stel. Die dwaasheid dat bekerings en godsvervullings, spirituele ontwakings en geestelike innighede, die ware Christelikheid sou wees.

Om God in sy verbondstrou in Christus te vind, moet gelowiges hulle uit hierdie bekerings en godsvervullings, spirituele ontwakings en verligte innighede tot God bekeer.

Hierdie biografie is ’n verwoording van hoe God deur sy Woord my uit hierdie bekerings en godsvervullings verlos het om net weer binne sy verbondstrou te kan leef. Die dele van die geloofsbiografie is en bly in Paulus se taal: dwaasheid en grootpraat wat ek myself teenoor hierdie geestelikes se dwaasheid en grootpraat vergun.

Paulus verkondig die geloof in Christus as alternatief op sy Joodse “bekerings” en “spiritualiteit” in Filippense 3 verse 1 tot 11. Hier wys hy dat om ingesluit in Christus te wees, het al sy vorige geestelikheid en “bekerings” waardeloos gemaak, meer nog, verwerplik gemaak. Wie Christus as Here in die geloof ontdek, verwerp alle geestelikheid, bekerings en godsvervullings as waardeloos.

Dit vorm ’n baie groot deel van hierdie geloofsbiografie. Ek het elke keer wanneer ek ’n deel van die evangelie ontdek het, alles wat hiermee in stryd was en deel van my lewe was, innerlik verwerp en waardeloos gemaak. Elke ontdekking van die Here se verlossing maak dat ’n mens jouself van al die geestelikheid waarin jy jouself geregverdig en uit geleef het, verwerp en nie meer deel van jou lewe, jou oortuigings, jou manier van dink, jou gevoelslewe of enige deel van jou menslike identiteit laat wees nie. Dit maak ook dat jy jouself losmaak en ontknoop van alle mense en gebeure wat jou in hierdie geestelikheid vasgehou het.

’n Groot deel van hierdie geloofsbiografie gaan oor hierdie verwerping en waardeloos maak van die geestelikheid wat my gevange gehou het omdat ek die werklike inhoud van die evangelie gevind het.

Ek stel graag die jare 1956 tot 1982 aan die orde.

Tot en met 1979 het die moderne Christelikheid my oorheers omdat ek myself daarin bemagtig het om my eie sondige aard as my intieme verhouding met God uit te leef. In 1979 het ek die evangelie inhoude so begin ontdek dat ek kon begin het om my uit hierdie mag te ontworstel. Die inhoud en vryheid van die evangelie het my innerlike gesterk om tot die openlike en beslisde breuk van die moderne Christelikheid binne

die NG Kerk in 1982 te kom. Hierdie breuk en nuwe geloofsvinding is die kern van waaruit ek die boek: **“Protestants: vry om te protesteer**” kon geskryf het.

U moet nie in hierdie biografie ’n geestelike eenheid, psigologiese ontwikkeling, geloofsgroei of morele opbou verwag nie. Die innerlike geloofslewe van ’n mens soos dit werklik is, is vir ’n groot gedeelte van ’n mens se lewe onsamehangend en herhalend. Want dit gaan oor die verwarring om jou eie sondige neigings as jou ware goddelike natuur uit te leef. Hierin herhaal alles in sy verwardheid.

Daarom is elke deel van God se genade en liefde ’n deurbreking van hierdie geestelike identiteit en moet ’n gelowige keer op keer sy eie selfverstaan van sy lewe as sondaar in God se liefde terugvind. Elke keer moet jy as gelowige ontdek dat God jou as sy kind net anders en meer laat wees as wat jy met jou eie sondige neigings van jou self wil maak en self geestelik wil verstaan en ervaar.

Die eenheid van geloof en die groei in liefde lê in Christus, nie menslike prosesse nie. Dit gaan nie oor die krag van geestelikheid, persoonlikheid of sielkundige en sosiale vaardighede nie. Dit gaan oor die krag van God se Woord en sakrament waardeur God geloof en liefde skep in ’n innerlike wat altyd die eie menslike perversie van mag as liefde wil bly glo.

Daarom is daar ook nie ’n “leerstellige ontwikkeling” in mense se lewens nie. Dit gaan oor die Woord van God wat deur enige deel van God se openbaring, Vader, Seun, Gees, kerk, doop, nagmaal, geloof, liefde, koninkryk, voorsienigheid, wet, evangelie beeld van God, die die hele duisternis van goddeloosheid en afgodsdiens in die mens kan verdryf.

Met een enkele openbaring van wat net een van God se gebooie of net een deel van God se genade beteken, verval alle en hele sisteme van die mens se goddeloosheid. Want God is God. Sy Woord is altyd sy skeppende en herskeppende Woord, in en deur die kleinste deel daarvan. Nie omdat ons dit só glo, beleef of insien nie, maar omdat God deur sy Woord is soos Hy is, en ons mens laat wees soos Hy ons bestem om mense en sy kinders te wees.

In één enkele openbaringswoord van God verval en disintegreer álle menslike spiritualiteit, verstaanssisteme en wêreldbeelde waarin die mens God die god van sy eie verstaan, gevoel en belewenis wil maak en homself die persoon wil laat wees waaruit, waardeur en waarin God sy eie menslikheid tussen mense moet kom terugvind.

Daarom is daar net een wyse om in God se openbaring van sy genade en liefde te leef: uit geloof en deur geloof. Nie omdat ons God daarmee ons “geloofkonstrukt” laat wees, soos die verligte goddeloses in die NG Kerk dit nou al voorstel nie, maar omdat ons teenoor God wat uit, deur en tot Homself God is, Hom net in en deur

geloof as God kan erken en eer. Nie deur die mistieke krag van geestelike mondigheid of spirituele volkomenheid nie!

Hierdie geloofsbiografie wil iets van hierdie geloofswerklikheid weergee waarin ek glo lidmate net so bevange is as wat ek was, en baie keer myself weer terugvind, teenoor die spirituele sisteme van goddeloosheid en afgodsdiens binne die NG Kerk soos wat dit in feitlik alle kerke tans wêreldwyd gebeur.

**8. Deel van die kerk- en familiegeskiedenis: Hermanus Kriel van Hanau am Main trek na die Kaap.**

My eie geloofs- en godsdiensinhoud is grotendeels bepaal deur die spanning in die NG Kerk tussen die geloof in God volgens die belydenisse van die Reformasie en die moderne Christelikheid se identifikasie met God.

Hierdie spanning was van die begin af aan die Kaap deel van die NG Kerk gewees. Dit wat ons as NG Kerk vandag ken, is deel van die kerklike gemeenskap wat uit die Nederlandse Reformasie aan die Kaap gevestig is. Die Nederlandse gemeenskap aan die Kaap is eers gevestig na beide die Dertigjarige oorlog in Duitsland met die vrede van Westphalia en die tagtigjarige oorlog in Nederland met die vrede van Münster in 1648 beëindig is.

Dit is 131 jaar nadat Martin Luther die Reformasie begin het met die 95 stellings wat hy op 31 Oktober 1517 aan die kennisgewingdeur van die kerk in Wittenberg opgesit het. In hierdie 130 jaar is, gelyktydig en naas die geloof van die Reformasie, die kern van die moderne Christelikheid, die twee ervarings van eenwording met God se Persoon en eenwording met God se krag, deur spiritueles gevorm.

Helena Dorothea Gardner het die eerste volledige genealogie van die Kriels in Suid Afrika opgestel: “Die Kriels: sommer gewone mense”, Genealogiese genootskap van Suid Afrika kode CD029, 2010. Hierdie boek kan bestel word by Andre Heydenrych 011 -804 6533 of 083 282 0047, epos tesourier@ggsa.info. Die volgende gegewens oor die Kriels kom alles uit Helena Gardner se navorsing.

Die Suid Afrikaanse stamvader, Hermanus Kriel, gebore 12 April 1689 in Hanau Duitsland, was in Duitsland bekend as Hermanus Grill. Hy is gebore as seun van Johann Peter Grill en Eva Christina Schlemmer op 12 April 1689 in Hanau am Main, Hesse Nassau in Pruise. Hulle was handelaars in kruideniersware in Hanau.

Die Kriels (Grills) en Schlemmers in Duitsland was deel van die Gereformeerde godsdiens. Johann Peter se skoonpa, Hermanus se oupa aan ma se kant, Frederici Schlemmer was predikant van 1618- 1653. In die dertigjarige godsdiensoorloë in Duitsland is hy in 1634 deur die Katolieke verban en tree hy as veldprediker van die graafskap Hanau op tussen 1635 tot 1638.

Sy oupagrootjie aan moederskant was Johannes Kurzrock, derde predikant van die Hervormde Kerk in Hanau. Dit was nadat hy as predikant in Patersberg, Noordwes

van Wiesbaden as predikant afgedank is met die begin van die stryd tussen die Lutherane en Calviniste. Hy was Calvinis en predikant van 1610 tot 1635.

Hermanus Kriel se broer, Theodore Grill, gebore 21.08.1677, was predikant in Hanau, pastor te Oberkalbach 1705-1728, pastor te Kirchheim, graafskap Hersfeld 1730-1734 en pastor te Hesserode 1734-1740. Hy was predikant in die Gereformeerde godsdiens in hierdie gebiede waar die Calvinisme sterk verteenwoordig was.

Toe Hermanus Kriel op 16.11.1718 na die Kaap van Texel na Batavia met die Risdam vertrek het, was sy broer Theodore Grill pastor in Oberkalbach.

Hermanus Kriel is aan die Kaap twee keer in die NG Kerk getroud en al hulle kinders is as NG lidmate gedoop. Tot en met myself was die Kriels doop- en belydende lidmate van die NG Kerk gewees.

Die Kriels, Grills in Duitsland, was ten nouste verweef met die Gereformeerde godsdiens in Duitsland. Hierdie verbintenis het dit ook vir Hermanus baie maklik gemaak om deur Nederland ’n nuwe heenkome te soek in die Kaap met die ekonomiese druk van die dertigjarige oorlog op Duitsland.

Hermanus het as soldaat in diens van die VOIC getree en bakker geword. Na hy vryburger aan die Kaap geword het, was hy eers bakker in die Kaap en trek in 1734 na die plaas Paarldiamant in die Paarl.

**9. Die Kriels, die Nadere Reformasie en die Skotse Réveil**.

Met die vestiging van die Kaap was die Nadere Reformasie reeds besig om die geloofsinhoud van die Reformasie te omvorm vanuit die godsbelewenisse van die Piëtisme. Dit was hierdie moderne geestelikheid wat deur die sieketroosters van die “Nadere Reformasie” sedert 1652 met die vestiging van die verversingspos van die V.O.I.C. aan die gemeenskap bedien is. Die boeke en liedere van verteenwoordigers van hierdie geestelikheid soos Abraham Hellenbroek, W. Á Brakel, B. Smytegeld, en J. Van Lodenstein was deel van die kategese, leesstof en liedere aan die Kaap.

Die geestelikes uit Skotland het by hierdie identifikasie met God wat reeds in die gemeenskap gevestig was, aangesluit. Die Skotse leraars wat vanaf 1818 deur goewerneur Charles Somerset land ingebring is om die Afrikaanse gemeenskap te verengels, was deel van hierdie moderne Christelikheid.

Hulle het in aansluiting by die invloed van die Nadere Reformasie op die Kaap, met die herlewings van 1861, die moderne Christelikheid die amptelike godsdiens van die NG Kerk gemaak.

Hierdie herlewings het die geloof in die Evangelie en die geloofsgehoorsaamheid van die Gereformeerde godsdiens, vervang met die godservarings van eenheid met God in sy persoon, wat hulle die “wedergeboorte-bekering” genoem het en ervaring

van eenheid met God in sy goddelike krag, wat hulle “vervulling of die doop met die Gees” genoem het.

Na hierdie herlewings was die Gereformeerde geloof in en liefde vir God nog net die “leer van die kerk” gewees. Die geleefde geloof van die kerk is geloof in identifikasie met God deur Jesus. Die “leer” van die kerk het nog net gedien as ’n middel waarop die kerk op ’n eie wyse met God identifiseer teenoor alle ander afgodsdienste wat met God identifiseer.

Die moderne Christelikheid het vanaf 1861 deur die “Murrayherlewings” die Afrikaanse gemeenskap deelgemaak van die spanning van identifikasie met God as sou dit die eintlike bedoeling en inhoud van die geloof van die Reformasie gewees het, terwyl dit presies net die teenoorgestelde geloof as die van die Reformasie is.

Wat belangrik van my eie familiegeskiedenis is, is dat die Kriel en Krugers aan my pa se kant nog altyd deel van die NG Kerk was, vanaf die eerste Kriel, Hermanus Kriel wat as bakker vir die VOIC in die kasteel in Kaapstad begin het en later homself ’n vryburger geword het en na die Paarl verskuif het.

Vanaf my oupa- en ouma grootjies was die Kriels en Krugers deel van die moderne Christelikheid soos wat dit deur die NG Kerk se bekerings- en vervullingsbedryf bewerk is, eerstens deur die Nederlandse Nadere Reformasie, maar veral deur die Murrayherlewings aan die Kaap.

My pa se ma, Elsie Dorothea, ouma Ellie, (30.03.1890), was ’n nooi Kruger uit die Groot Karoo, van die plaas Danskraal in Leeugamka. Die Krugers van Leeugamka was met haar geboorte al vir drie geslagte gevestig in die omgewing van Prins Albert, Leeu Gamka en Merweville.

My oupa, Johannes Lodewicus Kriel, Jannie, (1.12.1886) was die tweede geslag Kriels in die Beaufort-Wes omgewing. My oupagrootjie, ook Johannes Lodewicus Kriel (9.07.1844), het as gevolg van die bevolkings- en gronddruk vanaf Montagu getrek, op ’n paar plase vir familie en aangetroude familie in die Beaufort- Wes distrik geboer en toe koster van die NG Kerk op Beaufort- Wes geword, na die dood van sy vrou. Sy is oorlede kort na die geboorte van hulle seun, Johannes Lodewicus Kriel, my oupa.

Die Krugers van Leeugamka en die Kriels van Beaufort-Wes was deel van hierdie bearbeiding deur die NG Kerk se geestelikes. Ouma Ellie moes in die agterkamer van die huis op die plaas Danskraal as kind deur die besoekende leraar “tot bekering kom”, nadat hy haar met die toestemming van haar ouers “een kant toe gevat” het. Om ’n belydende lidmaat te word moes sy die 14 dae katkisasie in die Heidelbergse Kategismus op Prins Albert loop.

My oupagrootjie Kriel het uit die Montague herlewings met die verlange geleef om predikant te wees. Hy het na Parys in die Vrystaat getrek na sy tweede huwelik en

tuinier van die stadsraad van Parys geword. Sy seun, Jannie het hier as tiener grootgeword. Vakansies het hulle gereeld na Beaufort-Wes en na die plaas Saairivier gegaan. Dit is buurplaas van Danskraal. Die eienaars, Wynand Kruger was oom van Ellie Kruger, en Wynand Kruger se vrou was Jannie Kriel se oudste suster.

Na sy troue met Ellie trek hulle na Germiston, waar hy ’n wassery begin, maar trek met die groot griep weer terug na die Karoo. Na die groot griep trek hulle terug na Germiston, eers na 50 Willow weg, direk langs die NG moedergemeente en later jare na 6 Elsburg weg as lidmate van die nuutgestigte Germiston- Suid gemeente. Hier het hy ’n drywer van bakkerskarre en afleweraar geword.

### 10. Jannie Kriel en Jan Kriel as leke-predikers van die moderne Christelikheid

My oupa Jannie Kriel “Het as lekeprediker opgetree in die gevangenis van Germiston. Dit is vir Blank en nie Blank. Hy het by die Rose Deep, Glen Deep en Glen Acres (siekeboeg) mynkampongs opgetree. Hy het ook in die eredienste leespreke gehou as die predikant nie daar was nie.

Hy het met bidure in die kerk en met Pinksterdienste in die ou kerksaaltjie van Elsburg opgetree. Die gebou in Elsburg is later verkoop. Hy het as die ouderling opgetree by al die finalejaarsklasse van die leraars. Hy het gereeld voor elke nagmaal deur sy wyke gegaan. Hy is ook vir siekepastoraat gevra. Hy het in die kleurling gemeentes onder eerwaarde Esterhuysen opgetree. Dit was langs die ou Germiston lokasie wat nou in die nuwe kleurling gebied buite Germiston is, nou Edenpark. Die ander kerkie was in dit wat nou Germiston Noord is. Daar is nou (2002 n.C.) motorwinkels. Dit is die werkswinkels van Germistonmotors.

Hy het elke tweede Sondag in die oggend in die gevangenis opgetree so by sewe uur se kant. Die gevangenes het die in saal byeen gekom. Sy diens het so verloop: Hy het met gebed geopen, dan is daar gesing, dan het hy die Skriflesing gedoen, weer 'n lied laat sing en dan gepreek. Daarna is weer 'n gebed gedoen en met 'n lied afgesluit. Dit was orals so. Hy was ernstig en eerlik. Hy het nooit veroordeel nie. Hy het altyd die mense gemaan om hulle tot die Here te bekeer. Hy het meer gesels en gepraat met sy gehoor. Hy het baie op die dood gekonsentreer wat vir jou voorlê. Ook op die hiernamaals. Hy het baie op die liefde van die Here gekonsentreer wat die Here vir die mense het. Hy wou gehad het dat die mense 'n sonde besef kry en omdraai van hul verkeerde weë. By begrafnisse vir die swartes en die kleurlinge was sy tema ook die verlossing van die sonde en die sondige wêreld.” (JL Kriel 1917 vertelling 2002)

Twee van die preekbundels wat JL Kriel snr. in hierdie bediening gebruik het, was “Spurgeon’s preke” en ’n preekbundel wat sy seun Jannie (JL Kriel jr.) weer op sy verjaarsdag aan hom gegee het “tot aandenking vir u verjaarsdag ‘ Jannie 1/12/38” “Uit de duisternis tot het licht Een wegwijzer voor Heil begeerigen” van N.J. Hofmeijer, professor van die kweekskool op Stellenbosch.

Hierdie boek verteenwoordige die tipiese moderne Christelikheid in die NG Kerk. Die eerste afdeling gaan oor “de bekering tot God”, die tweede afdeling oor “de overgawe aan God” en die derde afdeling oor “de wandel door den Heiligen Geest”. Hierdie is die bediening van die twee geestelike ervarings van afgodsdiens: bekering en volle oorgawe, en dan die lewe waarin jy Jesus navolg om al meer en meer goddelik te word. Dit was die geestelikheid waarin die predikante die Kriels gelei het en waarvan hulle dissipels geword het.

Dit was hoe Jannie Kriel wyks-, tronk- en kampongprediker geword het. Maar dit was ook die geestelike wêreld van sy seun Jan Kriel. Sy eerste bekering was onder ds. J.C.G. (Kolie) Kotzé op Sondag 17 Januarie 1937 in Germiston. Sy “volle oorgawe” aan God was op 17 Januarie 1939. Daarna het hy besluit om vir die Here sendingwerk te doen as navolger van Jesus. Dit is die tipiese drie stappe van dissipelskap in die Pinkstergodsdiens: bekering, volle oorgawe en getuie wees.

My pa het onder die spesiale Pinkster prediking van ds. Kolie Kotzé in Germiston moedergemeente tot bekering gekom, deurdat hy Jesus moes “gesien” het voordat hy homself as Christen kon reken. As “spesiale Pinksterprediker” is ds. Kotzé later aangestel as predikant met sinodale opdrag ampsbediening en evangelisasie in die Wes-Kaap van 1950-1954. Dit was die ampsbeskrywing van die NG Kerk vir predikante om bekering en vervulling met die Heilige Gees te preek.

Hierdie “geloofsamp” is beklee met predikers wat hulle onderskei het in die prediking van bekering en vervulling met God, net soos Andrew Murray en die ander herlewingspredikers vanaf 1860 dit in die NG Kerk gedoen het.

Dit was presies wie en wat ds. RB Murray was met wie ek in konfrontasie gekom het in Silverton moedergemeente in 1982.

ds. J.C.G. Kotzé is in 1956 as professor aangestel op die teologiese fakulteit van Stellenbosch. ’n Posisie waarin hy tot en met 1969 gedien het. Wat hierdie bekering van Jan Kriel ingehou het, blyk uit die prediking van ds. Kotzé soos verwoord in die boek “Voortdurende Pinkster belewing”, Reeks in die program ‘Stuur U lig.’ oor Transwêreldradio gelewer, Salem Uitgewers 1979”

“Dit is waar ons moet begin: volle geloofsekerheid. Solank u nie van God seker is nie, kan u nie met Hom in die heiligdom verkeer nie, want Pinksterbelewing is ’n heiligdom lewe. Voor ons derhalwe soek na ’n heerlike Pinksterbelewing, moet ons eers begin met ’n ondersoek na ons verhouding met God as ons Vader in Christus Jesus. Altyd sal die Heilige Gees ons weer oortuig van enige skaduwee in hierdie verhouding.

**Nie sonder belydenis nie**. Maar let daarop wat gebeur, volgens Christus met die seun in die arms van sy Vader. Het dit beteken dat die verkeerde nou maar verswyg is? Nooit nie! Al snikkend in die vaderarms het die seun getoon dat hy nie meer dieselfde seun was wat sy rug op die vaderhuis gedraai het nie. In sy binneste het alles reeds verander: “Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u, en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie” (Luk. 15: 21) Hoe hy uiterlike nog ook daar uitgesien het, was ’n bysaak; eintlik het ’n ander seun terug gekom. Juis dit het die wagtende vader raakgesien, gewaardeer en geniet. Niks is

vir die hemele mooier nie as die berouvolle hart wat met die ver land gebreek het, en nou onderweg is na die vaderhuis.

Só ’n terugkeer en berou is volgens die Woord van God onmisbaar in ons beoefening van die Pinksterlewe. In ons veragtering is die Heilige Gees bedroef (Efe. 4:30), die Here Jesus is gesmaad (Heb. 10: 26-29) en God die Vader is onteer. (Matt. 5: 16-17). Nou het die Heilige Gees ons van dit alles oortuig!

Geloofsvertroue kan derhalwe slegs deur ’n innerlike bewussyn van ons sonde en die openlike, eerlike belydenis daarvan herstel word.

Soos ’n veragterde Dawid uitgeroep het: “My sonde het ek U bekend gemaak, en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie. Ek het gesê: Ek wil aan die Here my oortredinge bely; en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe (Ps. 32:5) Dit is merkwaardig watter goddelike rus intree wanneer die afgedwaalde eerlik met God en met homself word.

Om van God seker te wees, moet ons weer sy aangesig kan sien. Die Christendom glo en beleef ’n persoonlike, onsienlike werklikheid… as u dus sy aangesig mis, moenie vir God beskuldig nie. Twis met u eie bose hart… geen ware berou is moontlik sonder spesifieke pyn oor spesifieke toestande of dade van u lewe nie, … Vir ons doel, naamlik die beoefening van Pinksterbelewing, is nodig ’n onomwonde nuwe afkeur in sonde, die vlees en die wêreld. Ek moet eerlik en spontaan kan sê: Here, ek het hierin of daarin gesondig, of daardie verkeerde ding in my lewe is nie reggemaak nie; dit is my toestand! Wees spesifiek! … Met so ’n innerlike omkeer kom ook ’n drastiese verandering in leefwyse. …

In so geval sal u geen vrede ken totdat u restitusie gedoen het nie! … Ook belydenis is nog nie genoeg nie.

Om seker te wees van God, sal u deur sy Gees en die Woord moet leer om te glo dat Hy u op daardie oomblik volkome en absoluut vergewe het .… elkeen wat na voortdurende Pinksterbelewing soek, moet hier begin: seker wees van God se vergifnis is in Christus (Voortdurende Pinksterbelewing bl. 15-17.)

Hierdie is die moderne Christelikheid se alternatief vir geloof in die heilsweldade van Christus. Hier word bekering, wat net deel van dankbaarheid is en nooit ’n wyse kan word om vergifnis te ontvang nie, nou die wyse waarop geloofsekerheid gekry word.

Meer, die inhoud van die evangelie word vervang met ’n visioen van God. Hierdie “sien” is die godsbelewenis wat die moderne Christelikheid aan mense voorhou as alternatief op die inhoud van evangelie. Hulle alternatief op die sekerheid van die evangelie is om seker te wees dat God jou vergewe as jy jou sonde bely op die oomblik wanneer jy jou sonde bely.

Tipies van die moderne Christelikheid se afgodsdiens stel ds. Kotze dat naas hierdie bekering moet jy nog met die Heilige Gees gedoop word, as ’n ander tipe geestelike ervaring wat jy moet najaag.

“Wat sê dit? As ons dink aan die Meester se belofte dat sy dissipels ná sy vertrek met die Heilige Gees gedoop sou word, wat beteken dit? Die algemene oortuiging, en myns insiens

ook die korrekte, is dat hulle met die vertrek van hulle Meester reeds geredde persone was. Tóg het ons Heiland die volle ontplooiing van hulle Christelike lewe, sowel as die sukses van hulle bediening, volkome afhanklik gemaak van die beloofde doop met die Heilige Gees.

En wat ’n totaal nuwe bedeling het dit nie vir hulle ingelei nie! In die jare saam met Christus het hulle gesien wat die ware Christelike lewe is. Trouens, hulle was getuies van die Een Lewe, waarlik vervul met die Heilige Gees. Van die voorbeeld van Christus leer ons drie aspekte van die Pinksterlewe. Die eerste daarvan is: Hy het die nuwe verhouding, dit is die inwoning van die Heilige Gees met godsvolk… moontlik gemaak… Verder leer ons dat Christus die gawe van die Gees eers in sy eie lewe gedemonstreer het…om na sy geesvervulde lewe te kyk, is om diep verootmoedig te word. In die lig van daardie lewe voel ’n mens die behoefte om aan jouself te sterwe, nog dieper na, want selfs in die allerheiligste van ons het daar nog soveel van die vlees en die orde van die mens oorgebly. Maar dit is deur Christus se beloofde Pinksterdoop dat Hy aan ons sý lewe gee.

... Die begrip van oorspoel te word deur hierdie krag word met hierdie beeld aangedui, want deur die Gees kom Christus om by hulle en in hulle te wees, te woon en deur hulle te werk. Die krag van hierdie gebeurtenis sal in teenstelling met die water van Johannes soos “vuur” wees. Dit is om aan te dui dat dit ’n radikale verandering in hulle sal bewerk. Dit sal ’n branding wees wat die sondige verteer, die nuwe lewe met goddelike vuur deurgloei en met heilige krag vul. Dit is die wesenlike van die Pinksterdoop …

Daarom ook sien Christus die doop met die Heilige Gees nie alleen ’n onmisbare vereisde vir die Christelike lewe nie, maar bedoel Hy dit ook om ’n besondere gebeurtenis te wees, … So beteken die vervulling met die Heilige Gees dan ook wesenlik dat die inwonende Gees alles van my lewe kom oorneem en bestuur; dat die gelowige alles aan Hom, sover sy lig aangaan, uitlewer. Soos in die geval met ’n kragtige bekering die teenstelling tussen die ou en nuwe lewe skerp en radikaal is, so vind gelowiges dikwels ’n verrassende geestelike vernuwing en aandoening van krag, as gelowige. …

So iemand gaan veel verder as nuwe besluite wat hyself probeer neem. O nee, veel verder! Hier kom ’n persoonlike onderhoud met die Here Jesus, en dit loop uit op ’n liefdesoorgawe aan Hom wat die ganse hart en lewe beheers In die begin bring dit baie hoogspanning, maar algaande word dit ’n lewensbeginsel en lewenshouding wat die lewe deurstraal, verlig en dra. Jesus Christus word vir ons deur die Heilige Gees die lewe self, want só verwesenlik die Heilige Gees die kruis aan ons vlees tot ’n dieper sterwe aan onsself en voller belewing van sy opstanding in ons.” (Voortdurende Pinksterbelewing bol. 34-41.)

Hierdie is die afgodsdiens van die moderne Christelikheid in die NG Kerk. Eerstens word die genade van Christus nie meer deur die geloof alleen ontvang nie, maar deur die tipe bekering van berou, belydenis en nuwe gehoorsaamheid. Dit wat die Reformasie juis in die Rooms Katolieke Kerk uitgewys het as die valse weg tot vergifnis.

Maar die ontlediging van Christus deur hierdie bediening van afgodsdiens gaan verder. Deur Christus se genade vind die innerlike vernuwing nie meer plaas nie. Die insluiting in Christus se menswees in die hemel word vervang met die insluiting in die Godheid van Christus. Hierdie insluiting in en deel in die Godheid van Christus noem die moderne Christelikheid die “inwonende Christus”. Kotzé beskryf dit as die

oorspoel van hierdie goddelike krag van Jesus in die mens in. Hierdie goddelike krag waarvan Christus nou ’n rolmodel is, verteer die mens se innerlike menswees om plek te maak vir die vuur van ’n goddelike menswees. ’n Menswees wat in die krag van God en nie meer in menslike krag geleef word nie.

Deur hierdie deelwees van die goddelikheid van Jesus, wat nou nog net die voorbeeld en beginsel van vervulling met Godheid is, deel mense nou in God se krag. Hierdie deelwees van die krag van God is die volledige identifikasie wat met God plaasvind: eers net met die persoon van Christus, wat hulle vergifnis noem, maar dan volledig met die wil en krag van God wat hulle die doop of vervulling met die Gees van God noem.

Binne hierdie afgodsdiens is dit nou ondenkbaar dat alleen deur die geloof, sonder hierdie tipe bekering en hierdie tipe vervulling met God se krag, die gelowige alles deel met Christus in sy menswees: sy geboorte, lyding, sterwe en opstanding. Dit is nog meer ondenkbaar in hierdie afgodsdiens van die moderne Christelikheid dat deur ons eenheid met Christus ons die volle nuwe lewe deel, en nie hierdie nuwe lewe eers met “godsvervullings” ontvang nie.

Dat die doop met die Gees Christus se toerusting aan die kerk was om die kerk met die prediking, sakramentsbediening en tug as huismiddels toe te rus, het binne hierdie bygeloof verdwyn. Die toerusting van die kerk met die diensmiddele van prediking, sakramentsbediening en tuguitoefening word in hulle bygeloof vervang met die sogenaamde toerusting van God se eie goddelike krag wat elke mens ontvang om hierdie goddelike lewe te kan leef. Hierdie goddelike lewe word volgens hulle nie ontvang en kan nie met die eerste bekering uitgeleef word nie.

Met hierdie prediking is Jan Kriel volledig in die mag van hierdie bygeloof ingetrek en onderwerp. Net soos dit met sy pa en ma gebeur het en met sy oupa. Dit was in die Kriel en Kruger families nog altyd hierdie tipe bediening van afgodsdiens in die naam van die Evangelie waaraan ons familie in die NG Kerk uitgelewer was.

“My bekeringsdatum is 17 Januarie 1939. (Hy was toe 21 jaar oud) ds. Kolie Kotze (ds. J.C.G. Kotzé, aangestel in die sinode van Wes Kaap as spesiale prediker, dit is Pinkster- en bekeringsprediker, van 1950-54 en vanaf 1956-1969 professor aan die teologiese fakulteit van Stellenbosch.) was met spesiale dienste besig in Germiston in al die NG gemeentes van die ring, maar veral in Germiston moedergemeente.

Voor hierdie dienste was ek in ’n geweldige geestelike stryd met God gewees. Ek het nie geweet waar ek staan met die Here nie. Ek het Hom gesoek vir al wat ek werd was. Ek het gebid en gesmeek. Ek het gepleit. Ek het selfs in die tuin agter in ons erf gelê en bid en pleit in die nag maar ek het geen rus gevind nie.

Daardie week die Saterdag met die drie-uur middag diens, die kerk was stampvol, die preek was uit Lukas 18 vers 40 – 43 en die tema was “Wat vir ’n mens onmoontlik is, is vir God moontlik.” Dit het gegaan oor die blinde wat weer kon sien en toe sien hy vir Jesus eerste raak in sy lewe. Dit was ook my boodskap vir die dag wat my oë oopgemaak het en ek het onmiddellik opgestaan in my bank en die die Here dankie gesê dat Hy vir my gewys het jy moet eers vir Jesus raaksien. Hierdie boodskap is wat ek nodig gehad het om werklik kind

van God te kon wees. Ek was so opgewonde gewees dat ek in die kerk opgestaan het en die Here dankie gesê het terwyl die diens aan die gang was.

Ds. Kotze was ’n verstandige man en toe hierdie ding plaasvind het hy oombliklik die diens daarop gefundeer, die mense laat sing en God geprys.” (Selfvertelling JL Kriel 2002)

Hierdie “sien” van Jesus as bekering was nie Jan Kriel se eie emosionele reaksie of misplaasde vroomheid nie. Dit was presies wat ds. Kotzé gepreek en verwag het.

Hierdie geestelike visie in die erediens het lewenslank die inhoud en rigting van Jan Kriel se lewe geword en deur al die Pinksterdienste, spesiale evangeliedienste en al die geestelike aksies van die NG Kerk wat hy as orrelis altyd aangehoor het, het dit sy geestelikheid gebly.

Sy pa en ma het hom ’n 1937 Afrikaanse Bybel gegee met die aantekening: 17-1-1939 “ ’n Aandenking vir die dag van jou bekering tot Jesus. Mag Hy jou altyd lei en bystaan. Van Vader en moeder, J en E Kriel.” Van af sy bekering het hy elke dag Bybel gelees en gebid en dit ’n lewenslange gewoonte gemaak. In sy Bybel maak hy weer ’n aantekening by Jesaja 44:6 “ 17 Januarie 1939 NB Let wel Besliste oorgawe aan God.”

Na hierdie bekering het hy ’n Sondagskool onderwyser geword. In 1939 was dit ’n dogtersklas van 14. As deel van sy lesse het hy deur die jaar die Pelgrim se reis na die ewigheid met hierdie dogters behandel. Hierdie tipiese bekering van die moderne Christelikheid het hom ook direk deel gemaak van die kampongbediening. Hy het ook ’n prediker van die afgodsdiens van die moderne Christelikheid geword.

“Toe het ek na eerwaarde Stander toe gegaan. Hy was die sendingleraar vir die Oosrand vir die kampongs. Hy het die hele Oosrand gedoen tot by Kliprivier. Hy was doodgewillig om my te aanvaar om hom te help en ons het dae en ure saam deurgebring, sodat hy my ’n deeglike opleiding in die sendingveld werk gegee het.

My area wat ek gewerk het, was al die kampongs en die Germiston-gebied, onder andere ook die melaatse kampong. Ek het die bediening met deernis vir my medemens begin. Dit het so uitgebrei dat die verskillende kerkrade op aanbeveling van eerwaarde Stander vir my goedkeuring gegee het om met die kampongs te werk tot by Brakpan daarvandaan af dwarsdeur Germiston, Alberton tot by Kliprivier, dit is, tot by Swartkoppies pompstasiekampong.

Dit was ook die plek waar ek Sondae my middagete saam met die kerkraad geniet het na die diens en dan vertrek het na Kliprivierstasie waar ek in die gemeenskapsaal al die blankeboere, spoorwerkers en ander as gehoor gehad het en met gesamentlike dienste vir die dag afgesluit het.

Die kampongs was Witdeep, Glen Deep, Rose Acres, die Angelo Kampong en die kampong by Delmore. Die kampong waar die melaatses was, het ook ’n kampong gehad waar die munisipaliteit se werkers was.

Pinkstertyd het die kerkrade my afgevaardig om die buitedistrikte se Pinksterdienste te lei. Dit was by al hierdie kampongs. Die mense by Kliprivier het my baie goed ondersteun.

Hierdie werk het ek vir so vyf jaar gedoen. Ek het altyd die voorbereidingsdiens vir eerwaarde Stander gehou. Ek het so elke tweede, derde Sondag ’n eie diens gehou ter voorbereiding vir die nagmaal. Die steenoonde by Alberton het ook ’n kampong gehad waar ek gepreek het.” (Selfvertelling JL Kriel 2002)

Hoe die bekering was waaraan die NG Kerk se predikers, en ook sy pa as lekeprediker, hom onderwerp het, blyk duidelik uit hierdie kampong en “lokasie” prediking. Hy was 21 jaar oud toe hy hierdie preke moes lewer omdat hy na sy bekering ’n getuie moes wees, sonder enige opleiding. Sy bekering en doop met die Gees moes hom bemagtig as getuie.

Dit is al wat hy weer moes doen, om mense tot bekering en vervulling met God op te roep, soos wat hy dit self gedoen het.

Hierdie is die tipiese moderne Christelikheid waar die mens se geestelikheid die heilsmiddel word waardeur God moet werk in die plek van die bediening van Christus deur die Woord, sakrament en tug. Met hierdie alternatiewe bedieningsmiddel, die mens se innerlike geestelikheid, word Christus net die leë Naam waarin mense aan geestelikheid onderwerp word.

In hierdie nuwe bedieningsmiddel, die geesvervulde se innerlike geestelike aandoeninge, word die heil vervang met onheil. In die minagting, veroordeling, vervloeking, skuld en verlating van God moet die mens in die deurworstelling met sy eie vrees, wanhoop, selfhaat, selfminagting, selfontkenning en selfkastyding homself met God versoen. Dit is die bekering wat jou twee keer meer gereed maak vir die hel as jou onbekeerdheid.

“Sondag 12 Maart 1939 Bantoes. Lees Matt. 24: 36-44.
Vriende, vanmôre gaan ons ’n oomblik stilstaan by die koms van ons liewe Jesus. Dit is nou in die lydenstyd en dit betaam ons as ware kinders van God om ’n oomblik na te dink oor die tydperk waarin Hy gelewe en gesterwe het en om altyd te dink aan sy koms.

Wie van julle weet wanneer julle doodgaan? Kan enige een van julle vir ander een sê: “Vriend, ek gaan môre sterwe of oormôre? Nee! Dit is onmoontlik. Niemand weet wanneer sy tyd daar is nie as net God alleen.

Nou vriende so ook is dit met die koms van ons Vader. Nie een van julle weet of hy vandag of môre, oormôre, hierdie jaar of wanneer Hy kom nie. Kyk al die tekens wat Hy voorspel het! Kyk hoe begin hulle nou uitkom! Vriende! God se koms is nie meer ver. Nee, daar is nie meer tyd om te weifel of te twyfel nie. Julle wat aan God behoort, o, hoe gelukkig sal julle nie wees nie. Julle wat nie aan Hom behoort nie. Wat gaan met julle gebeur? Vriende, die van julle wat God nie aanneem as julle Verlosser, wat nie wys dat julle berou het vir al julle sondes nie, wat julle nie wil neerbuig en alles aan Hom vertel nie, julle gaan in die ewige duisternis in. Julle gaan na die verderf. O, hoe bly sal die Satan nie wees as hy sien hoe julle aangestap kom nie. Hier is mos weer ’n klompie van my getroue volgelinge, sal sy gedagtes wees, en dan sal julle pyn en smart begin want julle het mos julle lekker hier op aarde gehad.

Waak vriende, wees gereed. Ons moet klaar wees. Daar mag nie geweifel word nie. Gee julle volkome oor aan God en sê: “ Here neem ook my hart, vorm dit soos U dit wil hê en sit daar ’n troon op waarop U alleen kan sit. Toe Vader! Ek is gereed! Ek gee my volkome aan U oor.

Toe vriende! Doen dit! Moenie uitstel nie! God wag!

As julle weet dat daar vannag ’n dief in julle huis sal kom en van julle besittings sal steel, dan sal julle mos wakker bly om hom te vang. Nou net so is dit met die koms van die Here. As julle weet Hy kom môre dan sal julle mos klaar wees, nê. Maar nou weet ons nie wanneer Hy kom nie. Dus moet ons ons onvoorwaardelik en onmiddellik voorberei vir sy koms. Hy gaan kom wanneer julle dit die minste verwag. Wanneer julle miskien slaap. en… gaan julle klaar wees om saam met Hom te gaan?” (Preekboek 5.2.1939 tot 26.11.1939 JL Kriel)

Oor sy sy vervulling met God getuig hy in die volgende preek. “Sondag 14 Mei 1939 Bantoes Lukas 4: 1-13 “Die versoeking”.
Liewe vriende, elkeen van julle wat hierdie woorde lees, lees die bieging van ’n sondaar. Ek het my verbeel ek werk vir God en sy kerk. Ek was die een wat alles doen. Ek wou eer hê. Ja, almal moes van my praat en toe kom God. Hy wys my dat ek ’n volslae mislukking is en was. Hy begin my kasty en vir 3 weke het ek deur ’n lewende hel van smart gegaan. Telkens kom God en Hy skud my. Ek het gevoel ek was leeg, leeg. ’n Vat sonder water. Leeg! O, hoe leeg! God, U is goed. U was my sondaar genadig. O Heer, verlaat my nooit! Here, ek smeek, ek bid, O God wat moet ek doen? Wat moet ek doen?

“My kind, gee jou volkome oor aan My”, is die woorde. Dit was my enigste opoffering. Net dit moet ek doen. “En Here, U het my aangeneem”

Volkome het ek my aan God oorgegee. Van nou af is dit nie meer ek wat werk nie, nee, God werk nou deur en in my. Ek is dood en deur my dood het die Here in my begin lewe. My God ek behoort aan U!”

Hy volg hierdie getuienis oor vervulling op met die preek van 25 Junie 1939 uit Matteus 15: 21-28. “Liewe vriende, o, hoe bly is ek dat ek weer by julle kan kom. Nou kom ek nie meer na julle as Jannie Kriel nie, nee, ek is dood. Die Here praat van nou af met julle! Moenie vir my lof en eer toeswaai nie! Vergeet my! Ek bestaan nie. Nee, ek is dood, dood, dood! Vriende, God leef! Kom ons leef vir Hom sodat Hy in ons kan leef. O, die tyd wat ek van julle af weg was, was swaar, swaar! God het my geslaan met slae wat stukkend en seer gemaak het. Nou is ek dood. Moenie meer of weer van my praat nie. Nee, gesels van en met God. Gee julle self volkome oor aan Hom, aan Hom. Hy leef en laat leef! O, my God, ons God! Hy leef!

Vriende let op! Luister! God wil julle hê. Kom! Kom! Moenie wag nie. Moenie! O, dit kan nou vir altyd te laat wees. Jesus leef en ons sal leef. Kom!

Daar was, toe God op aarde was, ’n tyd gewees dat Jesus moes reis na Tirus en Sidon. Terwyl Hy so voortwandel met sy dissipels en met hulle gesels kom daar ’n vrou na Hom toe. Sy begin pleit en sy hou aan. … Jesus loop egter aan. Hy steur Hom blykbaar glad nie aan die vrou nie. Hoekom nie? Hy wou sien of sy glo. So toets God ons ook vandag. Dag vir dag kom die versoekings en dit val ons aan. Ja, dit laat ons nie een oomblik alleen staan nie. God

laat die Satan toe om ons op alle moontlike maniere te pynig en seer te maak. Ons roep, maar hoor God nie? Hy slaap, maar slaap Hy?

Jesus stap aan al verder. Die vrou hou aan. Sy pleit. O, hoe pleit en bid sy nie vir hulp nie. Sy dissipels word moeg, hulle word kwaad. Hulle vra Jesus om haar weg te stuur. Maar wat sê Jesus? “Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel.” Hoekom sê Hy dit? Nie om sy dissipels te plesier nie. Nee, maar om nog ’n toets op die vrou te lê. Sy kom en gooi haar voor Hom neer “Here help my!” Hoeveel van ons kan met soveel smart vir God vra “Here help my!”

O, nie voor ons van God verlaat is en alleen gestaan het, sal ons kan besef, kán besef hoe daardie woorde vanself uit die diepste van jou hart skeur nie. Dit ruk jou! Skeur jou!

Jesus sê weer: “Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en vir die hondjies te gee nie”, dog, selfs hiermee wil sy nog nie moed opgee nie. Nee, sy glo nog. Sy maak nog staat op Hom. Hy sal verhoor! En haar antwoord: “Ja, Here maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van die base afval.”

Nou kan Jesus ook nie meer nie. Hy het getoets, maar tog ook geweet dat Hy sal kan help. Haar geloof het haar gered. God verhoor! Vriende, is ek en jy getoets? Het God ons verlaat om te sien of ons regtig in sy diens wil wees. O, gee jou self aan Hom. Gee! Gee! Moenie wag nie! God wag al te lank, te lank! Kom nou! Nou! Hy sal ons aanneem, maar moet niks agter hou nie. Niks! Niks! Gee jou self volkome aan Hom. Volkome! Elke deel van jou en, o, wat kry jy nie net terug nie!

Jou sondige liggaam gee jy en God gee Homself aan jou. Hy kom en Hy woon in jou vir altyd! Jy behoort aan Hom en nie Hy aan jou nie. Kom! O, vriend, kom! God wag. Kom! Amen.” (Preekboek 5.2.1939 tot 26.11.1939 JL Kriel)

“Glen Deep Sondag 12.11.1939 Lees Job 14: 1-10.
Ek ken die dag van my dood nie. Ja, hoe waar is hierdie woorde. Wie? Wie van ons weet wanneer ons tyd daar is? Kan jy of ek sê môre gaan ek dood?” Nee! Ons kan nie. Dit is onmoontlik. Niemand weet van ons dood nie nie, alleen net God. Hy die dierbare, almagtige Vader, Hy en Hy alleen.

Vriende ons kan maklik praat, ons kan lekker lewe. Alles kan wees net soos ons dit wil hê, maar, gouer of later gaan daardie dag kom wanneer ek en jy al twee voor die regterstoel sal moet verskyn en wat gaan ons doen? Gaan ons gered wees en met blydskap in sy oë kyk, of gaan ons daardie nare gevoel hê van een wat geweet het, maar tog ook nie geweet het nie. Ons kan dan maar ekskuse maak en dit sal nie help nie. Dit is te laat.

Te laat? Nee, dit is nóú nog nie te laat nie. Nou kan ons nog ons harte aan Hom gee. Nou, kan ek en jy nog na Hom toe kom en sê: “Liewe Meester, neem my net soos ek is”. Maar môre? Sal ons nog tyd hê? Miskien, maar miskien ook nie. Dalk gaan ek en jy vannag nog sommer net dood. En dan? Dan is dit te laat!

Daar was eendag ’n jong meisietjie gewees. Sy was ’n mooi dogter en al die mense het haar baie lief gehad. Maar, sy het aan die Satan behoort. Sy het hom liefgehad. Al sy werke was

vir haar die lekkerste. Haar ouers was baie jammer daaroor want hulle het God gedien en lief gehad en wou alte graag ook hulle kind aan Hom sien behoort.

Een aand net voor sy na ’n dans gaan, praat haar ma weer met haar, maar sy steur haar nie daaraan nie. Sy gaan na die dans en het haar volgens haar self heerlik geniet. Laat die aand toe sy terugkom, val haar moeder se woorde haar weer te binne en dit is toe asof iets haar hinder. Sy neem toe ’n besluit en skryf dit op ’n stukkie papier neer. Op die papier staan: “ Vandag oor drie jaar sal ek my hart aan Jesus gee.” Ja, sy wil nog eers die lewe volgens die ou Satan geniet. Sy wou nog eers na baie danse en ander wêreldse vermake gaan. Sy het die ou Satan nog te lief.

Maar wat gebeur nou? God se stem klink deur die nag na haar: “ Tot hiertoe en nie verder nie.” Sy blaas haar laaste asem uit. Sy sterwe. Sy het nie geweet wanneer sy doodgaan nie. Sy het nog gedog sy het nog baie tyd. Sy is verlore! Sy sou eers oor drie jaar gered word. Dit is te laat.

Vriende, wat ’n skok was dit nie vir die ouers toe hulle die briefie lees nie. Vir altyd te laat. Hulle kind is verlore.

So kan dit ook met ons wees. Nee wat, waarom moet ons nou al ons aan Hom gee? Dit is mos nog te vroeg in ons lewe om nou al bekeerd te wees. Ek gaan wag tot ek oud is. Vriende, dit is dwase wat só praat. Mense wie nie verstand het nie. Julle, het tog immers tog darem ’n bietjie verstand. Julle kom hier na ons luister waar ons in swakheid die Woord tot God bring (sic). Julle kom om die pad na die Saligheid aan te hoor, maar, volg Hom! Moenie net luister nie. Doen ook so! Probeer lewe na die wil van God. Gee jouself aan Hom!

Ons is nes blomme. Vandag bloei ons en lyk ons mooi. Vandag is ons sterk en gesond. Môre, bestaan ons nie meer nie. Nes die blom vandag sien ons hom môre is hy dood. Kyk na die blomme en laat dit julle spieël wees. Sien daarin dat alles, alles wat ons moet doen nou gedoen moet word, omdat môre miskien te laat gaan wees.

O, vriende, kom na God. Kom ons veg aan sy kant en ons sal altyd wen. Ja, die ou Satan kry pak op pak. Kom net vir Hom! Kom word gered! Kom wees gered! Amen” (Preekboek 5.2.1939 tot 26.11.1939 JL Kriel)

In hierdie selfde tyd gebruik hy die boeke van Andrew Murray, waarskynlik onder die leiding van eerwaarde Esterhuyse, as geestelike inhoud en riglyn, wat hy aanhaal onder die opskrifte “Die geheim van omgang met God”, “ Die Binnekamer”, “Die Woord en gebed”, “Die eerste liefde”, “ Gebed en vas”, “Geheel en al vir Christus”, “Die kruis van Christus”, en “beklee met Christus”. Hy maak die volgende notas as geestelike riglyne:

“ “Die geheim van omgang met God: die innerlike mens word dag na dag vernuwe. 2 Kor. 4:16. Alle jongmense behoort te leer, naamlik, die absolute noodsaaklikheid van gemeenskap met Jesus elke dag. Die Here Jesus sal elke dag uit die hemel sy werk in my voortsit; dog een voorwaarde, die siel moet Hom elke dag tyd gee om sy liefde en genade mee te deel. Buig u voor Hom neer, vertel Hom dat u na Hom en sy liefde verlang en Hy sal sy liefde op u laat rus. So sal die innerlike mens dag tot dag vernuwe word …. Dit is deur persoonlike gemeenskap met Hom dat Jesus ons van ons sondes verlos. As ’n individu met my hart en al

die wonde wat daarin is, moet ek na Jesus kom as Almagtige persoonlike Verlosser in wie die heiligheid van God woon. En wanneer ek en Hy met mekaar gemeenskap hou deur uitdrukking te gee aan ons onderlinge liefde en verlange, sal sy liefde deur die werk van die Heilige Gees in my hart al die sonde verban en oorwin. … deur hierdie onafgebroke gemeenskap sal u die geheim leer ken van die krag van ’n ware godsdienstige lewe” “Liefde vir siele: Laat hy weet dat die een wat ’n sondaar van sy dwaalweë bekeer, ’n siel van die dood red: Jak. 5:20 Dit is die roeping, nie alleen van die predikant nie, maar van elke Christen om te werk vir die redding van siele. Elkeen wat die liefde van Christus in sy hart gehad het, het die drang gevoel om dit aan ander mee te deel. Laat ons ernstig bid om so met die liefde van God vervul te word dat ons met ons hele hart mag oorgee om andere vir Hom te wen.” … “Gebed en vas: Matt. 17: 20,21. Jesus het self ook gevas om krag te ontvang om die duiwel te weerstaan. Hy het sy dissipels geleer dat soos in die geval van gebed en die gee van aalmoese, vas ook in die verborge moet geskied en die Hemelse Vader sou in die openbaar vergelde. Onthouding in die gebruik van spyse of in die matigheid in die gebruik daarvan help om die siel te versterk vir omgang met God. Laat ons hierdie groot les leer, dat die onthouding, matigheid en selfverloëning in sake tydelike dinge ’n hulp is in die geestelike lewe, vir die ware gebedsbeoefening, die aangryp van God en die gemeenskap hou met Hom is dit nodig dat alles wat die vlees behaag opgeoffer en aan die dood oorgegee moet word. Liewe Christen, glo tog dat dit alles die moeite werd is om onsself daagliks te verloën sodat ons die Heilige Gees mag ontmoet en hemelse seëninge van Hom ontvang.”

Tydens die stadige agteruitgang deur kanker in 2002 het Jan Kriel dan ook sy eerste Bybel gesoek, in die familie-argief wat ek aangehou het in Levubu, waarin sy eerste bekering se datum aangeteken was. In sy stryd om doodsaanvaarding was hierdie datum van sy bekering weer sy anker gewees.

Sy eerste vrou, Douwlina Goosen, het hy hier op Kliprivier tydens sy kampongprediking ontmoet: “Dit het so uitgebrei dat die verskillende kerkrade op aanbeveling van eerwaarde Stander vir my goedkeuring gegee het om met die kampongs te werk tot by Brakpan daarvandaan af dwarsdeur Germiston, Alberton tot by Kliprivier – dit is tot by Swartkoppies pompstasie kampong.

Dit was ook die plek waar ek Sondae my middagete saam met die kerkraad geniet het na die diens en dan vertrek het na Kliprivierstasie waar ek in die gemeenskapsaal al die blankeboere, spoorwerkers en ander as gehoor gehad het en met gesamentlike dienste vir die dag afgesluit het.”(Selfvertelling JL Kriel) Hy het haar die hof gemaak terselfdertyd as ’n ene Reinecke wat vir predikant geleer het. Jan Kriel het ook voornemens uitgespreek om predikant te word. Die Goosen familie was baie diep in die tipiese Pinkstergeestelikheid van die NG Kerk. Douwlina se broerskind het ook dominee geword, die latere ds. Willie Goosen van Aasvoëlkop gemeente.

Terwyl die Kriels en Krugers in hierdie geestelikheid van die moderne Christelikheid gelei was in die prediking en eredienste, moes hulle die Heidelbergse Kategismus “leer” vir aanneming. Dit is die NG Kerk se tipiese dubbelslagtigheid waar afgodsdiens as die ware geestelikheid beoefen word, maar die “belydenisse” as die kerk se “leer” geleer word.

Die Kriels en Kruger was tydens die Tweede Vryheidsoorlog burgers van die Kaap Kolonie en het die verwoesting van die oorlog op Leeugamka en Beaufort- Wes gedeeltelik vrygespring. Hulle vee was opgeëis en hulle moes huisvesting verskaf aan soldate, maar hulle wonings is nie vernietig nie en hulle was nie in konsentrasiekampe gesit nie.

Dit was met die geld uit die Kaapkolonie van die Krugers wat Jannie en Ellie Kriel-hulle as middelklas Afrikaners in die na-oorlogse jare in Germiston kon vestig het. Hulle het met die groot griep tydelik weer terug getrek na Danskraal in die Karoo om hulle seun Jannie, teen die griep te beskerm. In hierdie tyd het oupa Kruger vir Jannie die plaas “Initium” gegee. Na die griep is Jannie en Ellie Kriel terug na Germiston en het drie erwe met Kaapse geld in Germiston in Willowweg gekoop.

### 11. Die Janse van Vuurens en Brutons buite die krag van die moderne Christelikheid

My ma, Vera Bruton, se pa en ma is, Charles Matteus Bruton (gebore 6.05.1887) en Petronella Fredericka Jansen van Vuuren (gebore 6.04.1894). My oupa Charles Bruton was ook uit die Kaap Kolonie. Hy was Engels, die derde geslag van die 1820 setlaars en het op die Sandflats in die Kaap agter Tafelberg grootgeword.

My ma se familie het nie in die tipiese NG Kerk herlewingsgodsdiens groot geword nie. Die Jansen van Vuurens en Viljoens was reeds Transvalers met die uitbreek van die Murrayherlewings in die Kaap. Christoffel Jansen van Vuuren, Vera Bruton se oupa, was op kommando en toe as gevangene na Ceylon. Sy dogter Petronella Fredericka Jansen van Vuuren (Nellie) was as kind saam met haar ma in die konsentrasiekamp. Hulle het die konsentrasiekampe oorleef en moes na die oorlog op die plaas Elandsfontein weer uit die ruïnes van die oorlog ’n nuwe bestaan skep. Hierdie plaas Elandsfontein in die vereniging distrik was die tuiste van die Viljoens, Petronella Fredericka van Vuuren se ma se familie. Die Tweede Vryheidsoorlog se verlies en skade was deel van die Jansen van Vuurens se bestaan vir drie geslagte.

Oupa Charles Bruton was Engels en nie van geboorte NG nie. Hy was eers transportryer tussen die Kaap en die Transvaal. Toe was hy boer by sy skoonpa op Elandsfontein. Met die droogte en depressie van die dertigerjare het hy skofbaas van die padwerkersspanne in Edenvale op die Oosrand geword. My eie ouma Nellie Jansen van Vuuren was ook nie deel van die herlewingsgodsdiens van die NG Kerk nie.

Vera Bruton is op die plaas Elandsfontein in Vereniging distrik gebore en het toe as dogtertjie op die padkamp in Edenvale grootgeword. In hierdie tyd was hulle lidmate van die NG gemeente Edenvale. Naby die padkamp was daar ’n buitediens gehou aan huis van die wyksouderling. Ouma Nellie was op hierdie stadium al baie gestremd deur die siekte Parkinsons. Daarom het hulle verkies om die buitediens by te woon. Vera Bruton het ook hier by die buitediens Sondagskool gekry. Die leraar

van die gemeente van ds. Gertenbach en sy seun Jannie was saam met haar in die klas.

Vera Bruton se pa is oorlede toe sy in standerd 5 was en is verplig om die skool na standerd agt te verlaat weens finansiële redes. Sy was toe veertien. Sy was skrander en het twee keer twee standerds per jaar voltooi. Na standerd agt het sy in 1946 in Gerrit Maritz laan in Brakpan 125 gaan bly terwyl sy in die Palladium Business College in Springs diploma opleiding gedoen het. Haar ma was toe reeds ernstig siek.

Hier was sy in die NG Gemeente Dalview. Sy katkiseer onder die ouderling Fanie Bezuidenhout en doen haar veertien dae kategese by ds. Z.A. van der Westhuizen. In hierdie kategese was daar geen konfrontasie met die bekering en godsvervulling van die moderne Christelikheid nie.

Sy het in die kerkkoor gesing waarvan Jan Kriel die koormeester was. Dit was deur die kerkkoor wat hulle mekaar ontmoet en leer ken het. Na haar huwelik met Jan Kriel op 5 Desember 1953 is sy vir die eerste keer blootgestel aan die NG Kerk se bekeringsgodsdiens in die kerksaal van Alberton-Oos gemeente.

Jan Kriel het haar tydens die Pinksterbiduurreeks na ds. Wouter van der Merwe van Alberton-Oos se pastorie gevat om haar tot bekering te bring. Hy wou hê dat sy net soos hy tot bekering en godsvervulling moes kom. Tydens die bidure was daar weer die tipiese herlewings en oproepe tot bekering en oorgawe. Omdat Vera nie in hierdie bidure openlik tot bekering wou kom nie, het Jan Kriel haar na die bidure na ds. Wouter van der Merwe se pastorie gevat.

Die dominee het haar gekonfronteer om haar sondes te bely en gebid dat haar sondes vergewe word. Sy kon nie verstaan wat hulle van haar verwag het nie. Want volgens haar het sy nie die tipiese sondes waaroor hulle in daardie tyd gepreek het, soos rook en drink, gedoen nie. Sy het dit onder dwang nagedoen. Sy was woedend oor hierdie vernedering en het oor die vernedering gehuil. Sy het uit woede na hierdie konfrontasie in die pastorie nie met Jan Kriel op pad huis toe gepraat nie.

Hulle het nooit weer met mekaar oor die bekering of godsvervulling van die moderne Christelikheid gepraat nie. Dit was ook hierna nooit ’n onderwerp van bespreking in die huishouding en met die kinders nie.

Na hierdie insident het sy nie weer Pinksterbidure bygewoon nie omdat sy die kinders opgepas het, van die troue tot die laaste kind. Ons was agt kinders. Ons as kinders was ook nooit daarom deel van die Pinksterdienste van die NG Kerk nie.

**12. Moderne Christelikheid as die Kriels se huisgodsdiens.**

Ek is gebore op 27 Augustus 1956 en gedoop in die NG gemeente Alberton-Oos op die 2de Desember 1956 deur ds. W.D.R. (Wouter) van der Merwe. My pa was orrelis

van die gemeente maar het in die gemeente Sonhoogte  in Primrose in Abelia weg gebly. Die getuies by die doop was my peetouers: WP (Willie), latere burgermeester van Germiston, en Susie Strauss. Susie Strauss het my toga geskenk en aangesit met my ordening as predikant in Levubu in 1985.

As kind het ek vandat ek my verstand gehad het elke Sondag oggend en baie Sondag aande erediens toe gegaan. Ek het al my kategese onderrig van 1963 tot 1972 gehad in die gemeente Sonhoogte in Primrose, Germiston omdat my pa in daardie tyd die orrelis daar was. Ons het elke Sondag ver kerk toe gery. Eers vanaf Lensweg 16 in Delville, Germiston, na Primrose en toe later vanaf die Mapleton plotte, perseel 62, buite Boksburg, na Primrose.

Dit het gemaak dat ek nooit deel was van die kerklike gemeenskapslewe nie, nie die kinderkrans, die Pinksterdienste of ander geestelike byeenkomste nie. My skoolvriende was altyd in ander gemeentes. Die kinders saam met wie ek kategese gehad het, was altyd in ander skole.

My ma het ook nooit saam in die oggende erediens toe gegaan nie. Sy moes die groot Sondagmaaltyd voorberei het. Sy het net in die aande erediens toe gegaan, terwyl ons dan weer meestal by die huis gebly het, deels omdat sy in die koor gesing het. Dit het gemaak dat ons baie min as gesin saam erediens bygewoon het.

Ek en my suster Elsje, en later my suster Ronel, het met die oggenddienste alleen op die galery in Sonhoogte gemeente gesit omdat my pa die meeste van die tyd by die orrel gesit het. My pa het elke Sondag twee keer kerk toe gegaan. Omdat hy koormeester was, het hy in die aande koor afgerig en my ma het altyd in die koor gesing.

Jan Kriel was aangewese op die pos as orrelis weens finansiële druk. Die orrel en koormeesterpos in die NG Kerk was ’n pos met redelike vergoeding. Dit is juis hierdie pos as orrelis wat Jan Kriel en sy gesin permanent tot al die geestelike bewegings, die tipiese herlewings- en opwekkingspreke en die Pinksterdienste van die NG Kerk verbind het.

Ons het met die tipiese Sabbatsgeloof van die moderne Christelikheid grootgeword. Ons mag nie Sondae enige iets anders gedoen het behalwe om eredienste toe te gaan of by die familie te gaan kuier nie. Tydens vakansie by Hartenbos in die Kaap provinsie mag ons nie gaan swem het of enige soort speletjies gespeel het nie.

Die tipiese tieneropstand van my twee broers van Johannes Lodewicus Kriel (Johan) en Wilhelmus Cornelius Goosen Kriel (Willie), het deel van die godsdienskonflik in die huis geword.

Aangevuur vanuit die eredienste het Jan Kriel die modes en identiteitsvorming van sy twee tiener seuns, Johan en Willie, beveg. Hulle mag nie na die “seven singles” luister nie, hulle mag nie die haarstyl van die sestigers gedra het nie, hulle mag nie

die klere van die tyd gedra het nie. Van elke mode in klere, haarstyl, musiek, vermaak of vriendskap is ’n heftige godsdienstige geveg in die gesin gemaak. Wanneer my pa nie by die huis was nie, het my ma saam met my broer Johan in die geheim na sy “seven singles” geluister. Sy was in vervoering met Elvis Presley.

Daar mag nie gedans geword het nie, kaartspel was sonde, geen alkohol of sigarette mag gebruik geword het nie. Dit is alles beveg en bestry as losbandigheid en sedeloosheid. In hierdie gevegte is die seuns veroordeel, beskuldig en verwerp gewees as sedelose sondaars en aan sy onderwerping onderhewig gemaak, want onderwerping is bekering. Dit was die leiding en mag wat Jan Kriel uit die NG Kerk se moderne Christelikheid gekry het en waartoe die geestelikes hom Sondae opgeroep het as hoof van sy gesin. Dit was ook die oortuiging van drie geslagte van Kriel lekepredikers van Montagu tot in Germiston.

Die NG kerk se geestelikes se prediking teen vrouens se kleredrag en modes het Jan Kriel ook opgeroep om as gesinshoof die kleredrag en modes van sy vrou en dogters gevegssituasies binne die gesin te maak. Sy vrou mag nie grimering dra nie, sy mag nie juwele dra nie, sy mag nie haar hare sny nie, sy mag nie langbroek dra nie en sy moet ’n hoed kerk toe dra. Vrouens wat grimering en juwele gedra het, was as vuil en verleidelik sleg gemaak. Die dogters moes aan hierdie selfde standaarde voldoen. Sy houding was geskep en gevoed deur die kerklike aanval op vrouens wat nie meer hoede in die erediens wil dra nie.

Die geestelike aggressie wat die geestelikes in die eredienste opgebou het teen losbandigheid, sedeloosheid en Kommunisme is ná die eredienste teen die vrou en kinders gefokus.

Vera Kriel het in die vroeg sestigs egter die godsdienstige haarstylreëls verbreek tydens vakansie by die see weens die ongerief daarvan. Maar sy het eers in die jare tagtigs begin grimering dra.

Een van die inkonsekwenthede van hierdie Sabbatsonderhouding was die koop van Sondagkoerante. Dit was ook sonde gewees en in die eredienste is daar aanvalle op die verkoop van Sondagkoerante gemaak gewees. Hier het Jan Kriel elke Sondag koerante voor die erediens gaan koop, ver weg van die erediens, en dit dan onder die sitplek van die kar weggesteek. Die kinders was nog steeds verbied om enige “comics” op Sondae of enige ander dag te mag lees.

Jan Kriel het baie hard gewerk om sy gesin aan die gang te hou. Hy het die meeste van die tyd twee tot drie werke gehad en was vroeg oggend uit en het laat saans terug gekom. Hy het met die uitbreek van die Tweede Wêreld Oorlog skool klaar gemaak en werk het skaars gebly vir lank. Sy musiektalent was ’n bron van inkomste. Die finansiële druk was ook nog deel van die ontwrigting van my stiefma se dood en die uitdaging van ’n hersaamgestelde gesin.

Huisgodsdiens was ’n vaste instelling deur Jan Kriel vir sy gesin. Daar was twee keer per dag huisgodsdiens. Vroeg oggend na ete net voor skool en werk en dan in die aand, gewoonlik na ete. Dit was op voorbeeld van die huisgodsdiens wat hulle as gesin mee groot geword het.

Hy het probeer om die huisgodsdiens uit sy kindertyd te herhaal en het daarom dit uit die Kaapse Kinderbybel van John Murray soos vertaal deur ds. F.J. Liebenberg voorgegaan. Hierdie kinderbybel is deel van die moderne Christelikheid van die Skotse leraars in die NG Kerk.

In die aande moes die kinders vertel van wat hulle onthou het uit die gelese gedeelte. Hiermee gepaard was daar gewoonlik ’n lewensles wat die kinders moes memoriseer. Baie van hierdie lewenslesse was van die gesegdes van Norman Vincent Peale.

**13. Buite die kragveld van die moderne Christelikheid.**

Die twee laerskole waarin ek was, eers in Delville laerskool vanaf 1963 tot 1965 en toe in Rondebult laerskool vanaf 1966 tot 1969 was daar geen geestelike invloed van die CSV of ander geestelike organisasies gewees nie. Rondebult laerskool was ’n klein skooltjie wat die plotgemeenskap van buite Elspark tot en met Mapleton bedien het. In hierdie gebied was die kerklike bediening swak of heeltemal afwesig. Ek kon my laerskooljare vry van geestelike bearbeiding op die skoolterrein deurbring.

Ek was in hierdie jare vry van enige druk dat my geloofslewe verkeerd is, ek God nie genoeg lief het nie of nie werklik ’n Christen is nie. My aanvoeling vir en ingesteldheid op die inhoud van die Woord van God was van kleuterjare af sterk.

My eerste epileptiese aanval het ek in 1969 in standerd 5 gehad terwyl ek in Rondebult laerskool was. Hiermee het die patroon begin dat ek vir my hele hoërskoolloopbaan elke drie maande na Johannesburg Algemene Hospitaal toe vir toetse en medikasie gegaan het. Hierdie aanvalle het tot en met my matriekjaar in 1974 aangehou. Met my weggaan uit die huis na universiteit, het dit nog net vir twee jaar baie sporadies plaasgevind en met my weggaan na die universiteit van Pretoria in 1978 heeltemal opgehou. Hierdie epilepsie sou ’n teiken van die moderne Christelikheid teen my word toe ek met hulle afgodsdiens gebreek het. Vreemd genoeg, nooit terwyl ek deel van hulle afgodsdiens was nie.

Ek is deur ds. Petrus Gerhardus (Piet) Human (gebore 10 September 1927) gekatkiseer en het aan die begin van 1974 belydenis van geloof van afgelê. Hierdie belydenis van geloof was deel van die innerlike spanning van die moderne Christelikheid tussen die identifikasie met God en die “leerstellings” van die NG Kerk.

Ds. Human het my nooit tydens my finalejaars katkisasie of voor my belydenis aflegging geestelik gekonfronteer met bekering of vervulling met die Heilige Gees

nie. Hy het die geloof soos in die Heidelbergse Kategismus verwoord aan my geleer. Hy het my nooit onder die oordeel van God of die las gestel dat ek my saak met God self moet reg maak nie. Ek het in die jaar van die Jeug-tot- Jeug-Aksie sonder enige konfrontasie belydenis van geloof afgelê in Sonhoogte gemeente terwyl ek deur die moderne Christelikheid uit Germiston – Suid gemeente in aanhoudende konfrontasie met God gestel is by die hoërskool.

Ds. Human was nie deel van die tipiese Murray vroomheid van die NG Kerk nie, maar sy vrou was uit die hart van die CSV, uit die Bam familie. Haar hele identiteit was gevestig en deel van die geestelikheid van die CSV. Sy het egter geen invloed op my gehad nie. Ek het haar as persoon nie geken nie.

Hy was as klein seuntjie van 5 jaar in Desember 1932 op die plaas Uitval in Paterson saam met sy broers wat wildepruime geëet het toe ’n jong swart man hul geweer gevat het en met die vat die geweer laat afgaan het. Dit het sy voet vergruis. Hulle was ver van die hospitaal en toe hy daar aankom was die dokter bang vir gangreen. Hy het sy been tot onder sy knie verloor.

Hierdie gestremdheid het sy lewenskoers bepaal. In sy hart was hy ’n boer en deel van die uitdaging en vryheid van ’n boer. Hy het al in standerd 4 in 1937 tot die oortuiging gekom dat hy ’n predikant wou word. Hy het besluit om sendeling te word deels as gevolg van hierdie skietervaring. Volgens homself het hy baie keer gewonder of dit die regte keuse was, maar hy was ’n goeie student en goeie dominee. Hy was en het dwarsdeur sy lewe in sy hart ’n boer gebly.

Hy was nie ’n groepsmens nie, maar ’n onafhanklike persoon wat ingesteld was om nadenkend sy eie menings te vorm en ingestel op lewenswerklikhede. Daarom wou hy nie in die geestelikheid van die Wellingtonse sendelinge kollege opgaan nie, maar het na die fakulteit Stellenbosch gegaan en sy studies in 1951 voltooi. Prof. G.B.A. Gerdener het hom finaal tot sendingwerk oortuig.

Die kerkorde het bepaal dat hy daarom net na buitelandse sending kon gaan. Dit was deel van die apartheidsbeleid om te keer dat sendelinge van die kansel in die NG Kerk preek. Die wat in Wellington opgelei was, mag binnelandse gewerk het, maar hulle kon nie op kansels, maar van kateders voor die preekstoel in NG gemeentes gepreek het.

Hy is na die Masjona sending in Morgenster beroep. Op die sendingstasie Chibi het hy homself as boer in die Mashona-sending uitgeleef en in die meeste gemeentes waar hy was. Die stadsgemeentes soos Sonhoogte in Primrose, Germiston was vir hom beklemmend. Hy was leraar vir Sonhoogte gemeente van 1962 tot 1972.

Omdat hy nie opgeneem was in die geestelikheid van die kerk nie, het hy my net die inhoud van die Heidelbergse Kategismus geleer sonder die tipiese bekerings

voorwaardes of oefeninge wat in ander gemeentes aan kinders gestel was wat openbare belydenis van geloof moes aflê.

Terwyl ek predikant in Levubu was latere jare het ek met sy dogter Trixa uitgegaan en hom as mens weer leer ken, met diep waardering vir sy geloof en liefde. Ek het toe gesien wat ek reeds in hom in my standerd nege jaar gevoel het, ̓n diep gewone menslikheid met begrip, deernis, selfstandigheid en onafhanklike denke. Hy het nooit deel van die geestelikheid van die Bam -familie geword nie. Ek het die voorreg gehad om sy roudiens op 4 Maart 2016 in Kirkwood te hou op versoek van sy dogter Ansa, nadat ek ook die roudiens van Trixa die vorige jaar in Kirkwood gehou het.

## 14. Binne die kragveld van die moderne Christelikheid: bekeer in identifikasie met God in deur die ACSV.

Ds. Human se kategese het egter in skrille kontras gestaan met die invloed van ds. Neels Lamprecht van Germiston-Suid gemeente. ds. Lamprecht was die leraar onder wie my oupa sy laaste jare in Germiston-Suid as leier- en oudste ouderling gedien het tot en met sy dood in 1966. In 1970 het ek my Hoërskool loopbaan in Afrikaanse Hoërskool Germiston begin. Ds. Lamprecht het deur die ACSV sy invloed in hierdie skool laat geld.

Die eerste geloofskonfrontasie in my lewe het juis uit die bediening van ds. Neels Lamprecht van Germiston- Suid gemeente gekom deur sy katkisante en kinders wat deur die CSV deur hom gevorm is, skoliere van die Afrikaanse Hoërskool Germiston.

Dit was in 1971 in my standerd sewe jaar toe ek 15 jaar oud was. Mnr. M.A.V. van der Merwe, toe voorligtingsonderwyser, het met ons in die CSV seunsgroep in een van die tydelike asbesklasse tydens langpouse gesels. Dit het oor geloofsekerheid gegaan, maar die sekerhede wat die seuns oor gepraat het was die geestelike ervarings van die moderne Christelikheid.

Ek stel toe dat ek nie kan dink dat ’n mens die sekerhede kan hê waarvan hulle praat nie. Die seunsgroep het verontwaardig reageer oor ek nie “geloofsekerheid” sou hê nie. Hulle moes dit toe al op een of ander manier onder ds. Lamprecht se bediening gekry het. Toe ons uitstap hoor ek hulle vir mekaar sê dat ek nie gelowig is nie. Dit is hier wat ek vir die eerste keer toe besef dat ek volgens hulle nie ’n Christen is nie. Deel van hierdie groep was Paul du Plessis, later hoofseun en later NG Predikant en die Krige tweeling, Johan en Stefan, waarvan Johan later predikant in MES aksie in Johannesburg betrokke was.

Ek is in 1972 in standerd agt deur mnr. Maree genader om na ’n CSV kamp toe te gaan. Hierdie kamp was by die CSV terrein by “Die Hoekie”, die ACSV kampterrein 25 kilometer buite Pretoria wat in 1970 ingewy was. Hierdie was die eerste keer in my lewe dat ek uit die huis gekom het en deel van ’n groep jongmense met ̓n kamp was. Die konfrontasie en vernedering van hierdie kamp was soos met alle CSV

kampe. Ek het huilend saam met ander kinders op die verhoog tot bekering gekom. Toe ons terug van die kamp af gekom het, het dieselfde groepie seuns van die CSV gepraat oor hoe ek tot bekering gekom en “geloofsekerheid” gekry het. (Dagboek 27.12.1980**)**

Na hierdie kamp het ek nou volledig deel geword van die CSV bediening van ds. Lamprecht op die skoolterrein. Hierdie aksies was deel van die inisiatiewe wat uit Suid – Transvaal sinode se jeugkantoor gekom het. Hulle het hier met die skoolverlaterskampe begin en die Gevorderde Jeugopleidingskampe op Achterberg kerkterrein.

## 15. Die besluit om dominee te word deur die krag van die moderne Christelikheid en ’n godsvervulde persoonlike werker te wees vir die moderne Christelikheid.

In 1972 het Mike Smuts sr. sy visioen van ’n Jeug-tot-Jeug bekeringsaksie aan die AKAE voor gelê wat dit goedgekeur het. Ds. Neels Lamprecht was een van die aanvoerders van hierdie aksie. Hy het die ACSV van Afrikaanse Hoërskool Germiston gebruik om met hierdie visie te eksperimenteer. Daarom is ek al in 1973 in my standerd 9 jaar blootgestel aan die proefuitgawe van die boekie oor hoe om jongmense tot bekering te lei. Ons is hierin opgelei. Ek het in die CSV groepie met langpouses begin om, as reeds bekeerde, die jonger seuns “persoonlik na die Here te lei”.

In 1973 is die afwagting geskep dat een van ons dalk gekies kan word as ’n jeugleier om deel van die diensjaarspan van die Jeug-tot-Jeug aksie te word wat ander kinders geestelike deur die land sou gaan bearbei.

Omdat ons so groot gesin was, het ons karavaanvakansies gehou. My pa het lid van die ATKV geword en ons is elke Desember van my hoërskoolloopbaan na Hartenbos vakansieoord vir vakansie gewees. Hier was dit weer die ACSV wat die Afrikaanse kinders bearbeid het met hul sogenaamde stranddienste. Die NG Kerk was ook in beheer van die jaarlikse dienste wat in die Amfiteater van Hartenbos gehou is. Na my bekering by die “Hoekie” in 1972 het ek by die ACSV stranddienste se aksies op Hartenbos ingeskakel in Desember 1972 en 1973.

In 1973 is ek in standerd nege verkies tot prefek en het ek as CSV kringleier gedien onder Paul du Plessis wat daardie jaar hoofseun was.

In 1973 begin ek met Bybelstudie waarin ek die Bybel oorskryf as ’n persoonlike boodskap van God aan my. Die dele wat ek in 1973 oorskryf is: Johannes 1-8; die boek Efesiërs; Romeine 1-8; 1 Johannes; 1 Tessalonisense; Hebreërs 1-6;

In hierdie Bybelstudie is daar geen soeke na ’n intieme verhouding met God, geen soeke na ek-loosheid, geen geestelike stryd teen my “vleeslike begeertes”, of “algehele oorgawe” nie.

Tydens 1973 was daar ’n hele opbou en afwagting geskep vir die jeugaksie wat in my matriekjaar sou plaasvind. Hierdie afwagting het in Desember ’n hoogtepunt in die land bereik. Tydens ons gesin se jaarlikse Desember vakansie op Hartenbos is ek betrokke by die ACSV se stranddienste en geestelike boekverkopings. Die leraar van die NG Gemeente Hartenbos, ds. Heinrich Kuyler, hou ’n preek in die amfiteater van Hartenbos en sê dat die Here vir hom gesê het dat iemand in die gehoor van die amfiteater is geroep om vir ’n predikant te gaan studeer.

Ek voel hy wys my in die amfiteater aan. Ek gaan sien hom daardie aand by sy huis, verduidelik vir hom snikkend dat ek voel ek is daardie jongmens waarvan hy gepraat het en dat ek besluit het om ’n dominee te word.

Tot en met daardie aand het ek oorweeg of om veearts te word of om in die wetenskappe te gaan studeer, maar dit was maar die soekende ideale van ’n tiener gewees. Ek het een vakansie juis by een van die veeartse gaan help net om seker te maak of ek daarin sou belang stel.

In 1974 is ek verkies as hoofseun. Ek word ook as leier van die ACSV tak in Afrikaanse hoërskool Germiston verkies saam met Elmarie Lamprecht, dogter van ds. Neels Lamprecht, wat ook hoofmeisie was. Ek het in hierdie jaar ’n groep seuns Donderdae met pouse as “CSV groepie” gehad. Sondae het ek ’n kategeseklas in Alberton- Oos gemeente gehad.

Die besoek van die “Jeug-tot-Jeug Aksie” aan Afrikaanse Hoërskool Germiston was die laaste week van Januarie gewees. Dit was weer deur die invloed van ds. Lamprecht wat die CSV gelei het, deel van die organisasie van die Jeug-tot-Jeug aksie was en op die beheerraad van die skool gedien het. Die hoërskool was die skolingspunt vir tieners vir die ring van Germiston. Die naskoolse jeug is by die Germiston Suid gemeente van ds., Lamprecht geskool en die ringsbyeenkoms van Germiston en Cachet was op Sondag 3 Februarie gewees.

Die kern van die jeugspanne se optredes was hulle getuienisse en die drie boekies wat die tipiese drie Pinksterervarings van

1. die aanneem van God,

2. die vervulling met die krag van God se Gees en

3. hoe om ander weer deel van hierdie onderwerping te maak, wat hulle “getuienis” genoem het.

Die skoling in die twee boekies: hoe om ’n kind van God te word en hoe om met die Heilige Gees vervul te word, is vir ’n week lank elke oggend van 07:00 tot 7:45 in die saal van Afrikaanse hoërskool Germiston aangebied. Ek het ek elke oggend vroeg ingegaan vanaf die plot waar ons gebly het op Mapleton en die kursus deurgeloop.

Ek het een van die persone geword wat die kinders op die skoolterrein bekeer en geesvervuld gemaak het.

Die doel van hierdie aksie was om kinders op te lei om ander kinders na die Here te lei, om hulle te lei om met die Heilige Gees vervul te word en dan hulle weer getuies te maak, alles onder die beheer en opsig van ’n geestelike. Dit is wat gebeur het met die ACSV en ds. Lamprecht na die besoek van die Jeug-tot-jeug aksie in Januarie. Die ACSV het die momentum verder gevat en ons skoliere gelei en gemotiveer dat ons ander mense na die Here toe moet lei op die skoolgrond. Dit was waarmee ek gemotiveer was vir die res van my matriekjaar op die skoolterrein – om ander kinders na die Here te lei met die twee geestelike ervarings van die moderne Christelikheid.

In my persoonlike Bybelstudie het ek weer die boek Romeine as ’n persoonlike boek van die Here aan my oorgeskryf, maar nou met die moderne Christelikheid se ervarings van geesvervulling, algehele oorgawe en getuienis. Die weerstand teen hierdie geestelikheid het ek nou as “vervolging” gesien, omdat dit deur ds. Lamprecht aan ons so ook voorgehou is:

“Liewe Jesus dankie dat ek vervolg kan word vir my geloof en my getuienis vir U. Dankie dat U my liefhet, dat U, U lewe vir my aan die kruis gegee het en dat U liefde my dring om vir U te leef en te getuig. Dankie dat ek kan ly ter wille van my vertroue in U, dat ek U profeet is en dat ek U boodskap uitdra.” (Bybelstudieboek 6.03.1974 Mapleton perseel 62); “Def. van Evangelie: dit is die wonderlike goeie nuus dat Jesus vir my sonde gesterf het en dat ek nou vrede in God kan hê en tot sy eer kan lewe, dit het my Jesus in my hart gegee, ek weet nou dat ek ’n kind van my Vader die Here is.

Ja:

1. Ek leef nou vir Jesus, nie meer vir myself nie.
2. Dit het vrede in my hart gebring. Ek weet nou dat die Here my God is.
3. Ek voel nie meer so sleg oor my sonde nie. Ek vertrou Jesus en hoe meer ek op Hom vertrou, hoe duideliker word dit vir my dat Hy my sondes wegneem.
4. Dit borrel in my want ek is so bly, Jesus het my lief.” (Dagboek 3.05.1974.)

Tot en met hierdie tyd het ek egter nog nie met God geïdentifiseer of ’n “intieme verhouding” met Hom probeer ervaar nie. Dit sou egter verander met die skoolverlaterskamp van ds. Neels Lamprecht.

1974 was dieselfde jaar waarin ek die skoolverlaterskamp op Badseloop, 12-20 Julie, naby Naboomspruit bygewoon het. Dit is weer deur ds. Lamprecht gelei. Die ander twee geestelike leiers vir hierdie kamp was ds. Julian Müller, later professor aan die teologiese fakulteit UP en ds. Abrie van Wyk. As geestelike jeugleiers was die ACSV kring van ds. Lamprecht uit Germiston- Suid ook daar.

Hierdie was weer ’n geestelike konfrontasie waarin hulle elke deel van my identiteit wou indring en verdring. Hulle het elke dag so beplan dat jy in die aande vertroulike vorms moes invul. Hulle het jou die versekering gegee het dat dit anonieme vorms is, maar dit was ’n leuen. Die vorms was gemerk. Na die dag se aktiwiteite en vorm-invul, het hulle jou intiemste sake vir mekaar as geestelike “leiers” gelees. Dan het hulle besluit wie moet met jou assosieer en hoe moet jy benader word sodat jy geestelik gekonfronteer kan word met hulle bekering en geesvervulling.

Dit het ook van een simboliese tog na die ander beweeg. Een aand moes jy in die donker teen ’n koppie oploop. Amper bo, word ’n kruis aan die brand gesteek. Dan was daar ook die vertroulike praatjie waarin hulle met ons oor seks gepraat het wat Neville Norden gelei het. Hy het later AGS pastoor in Pretoria geword en was vertroueling van Ria Uys van Levubu.

In sy praatjie het hy selfbevrediging, aanraking en seksualiteit soos dit tussen tieners geleef word, met al sy verwronge opvattings oor seksualiteit as sonde uitgemaak en dit gelykgestel aan die vleeslikheid van die mens wat ’n mens kan oorwin as jy godsvervuld word. Hiermee het hy my en al die seuns se seksuele identiteit deel van die geestelikheid van selfontkenning om met God se krag vervul te word, gemaak. Dan is daar ook die klipstapeling waar jy net ’n klip voor al die ander matrieks kan op pak as jy waarlik die Here ontmoet het of opnuut weer jou hart aan die Here gegee het.

Met hierdie klipstapeling het ek langs Rina van Aswegen gestaan, stil verlief, maar het ek weer onbeheersd aan die huil gegaan soos met die “Hoekie” bekering. Terwyl ek so gehuil het, vra sy my hoekom huil ek so, en ek antwoord haar eerlik: “Ek weet nie.” Dit het elke keer oor die vernedering van verwerping gegaan: die konfrontasie dat jou saak met die Here al weer op een of ander manier nie regtig reg is nie. Dit is die moderne Christelikheid se geestelike oordeel dat jou liefde vir God net nooit goed genoeg is nie en Hy daarom nie regtig sy volle liefde aan jou meedeel nie.

Ds. Neels Lamprecht het ’n reeks saamgestel: “Kamp vir skoolverlaters ’n ontdekkingstog 1974.” Hierin is ons weer gekonfronteer of ons kinders vir God is met die lesing: “Hoe kan ek kind van God word.” In my eie gemoed was ek toe een van die wat geweet het ek is ’n kind van God, want ek het tot bekering gekom by “Die Hoekie”. In my gemoed was dit nou die ander wat tot bekering moet kom. Die lesings was erg verwarrend gewees en wys weer op die werklike doel van dit waaraan ds. Lamprecht my toe onderwerp het: om jou self te haat, jou eie selfbeeld as mens te ontken, jou eie identiteit as persoon af te lê en die nuwe kultiese identiteit aan te neem waar jy een is met die lewe en krag van God self. God bly in hierdie geestelikheid jou vyand tot dat jy gedienstig en gedwee jou menswees voor Hom ontken en, gestroop van jouself, jou menslike lewe opgee sodat Hy sy goddelike bestaan deur jou kan voer.

“Om dood vir die sonde te wees beteken dat die sonde sy geweldige houvas op jou verloor het… As die Gees van God begin werk, verander alles. Dan besef jy dat jou sondes nie maar net ’n menslike fout was wat jy begaan het of ’n menslike swakheid is nie. Jou sonde, jou eie persoonlike sonde, is opstand teen God, haat teen God. Daarom is ons skuldig voor God.

Maats, weet julle dat nie maklik is om dit te erken nie. My sonde het van my ’n vyand van God gemaak. Dit is darem ’n vernedering om dit te erken. Weet ook dit maats, dat die mens wat soms openlik in sonde geleef het makliker tot werklike sondebelydenis kom as die persoon wat altyd in die kerk was en in ’n Christelike huis groot geword het. Ons soek sondaars te maklik net by die egbrekers, diewe en dronklappe.

Wanneer die Gees van God begin werk, besef ek dat my hoogmoed, my dink van myself sonde is. Alles wat ek vir die Here gedoen het. My kerk toe gaan en my Bybel lees alles nutteloos was want ek het dit met ’n verkeerde gesindheid gedoen. Nie omdat ek dankbaar was nie, maar omdat ek vir my ’n plekkie in die hemel wou verdien…Maats, dit is nie maklik om te besef dat God ’n saak teen jou het nie. God het ’n geweldige saak teen my. Ek is skuldig voor God want ek het met my sonde teen God opgestaan. Met my sonde het ek God uitgedaag. Ja, God het ’n saak teen my.

Sommige dink hulle kan vry kom want mý sonde is darem nie so groot nie. Totdat God jou diep in jou hart laat kyk. Ander probeer weer wegkruip agter die gedagte dat God ’n God van liefde is. God is ’n God van liefde, maar weet dit, God straf sonde. Tydelik en ewig! Ek het gesien hoe God in hierdie lewe sonde straf, maar ek weet ook dat God eendag in die hel sal straf. Nou is die ontsettende van sonde dit, dat God weet van alle sonde… God vang my altyd. God weet van elke begeerte, elke gesindheid. Elke daad. God weet alles en God straf sonde.

Nou is die wonderlike boodskap van die Bybel dat Jesus na die aarde gekom het om vir my sondes aan die kruis te betaal. Ja, met sy lewe en sy sterwe betaal Jesus vir my sonde. Hoe word ’n mens ’n kind van God?

Sommige meen jy moet jou bekeer. Luister nou mooi. Al bekeer jy jou elke dag van sonde kan jy nie daarom ’n kind van God word nie. Onlangs kom ’n meisie by my en bely dat sy haar al ’n jaar gelede bekeer het maar geen vrede in haar hart gekry het nie. Sy huil omtrent haar dae om, want sy hunker nog na die sonde. Toe kon ek haar daarop wys dat dit nie help dat sy haar bekeer nie.

Alleen as die Heilige Gees die bekering werk, sal dit eg wees.

Maar ’n mens word nie ’n kind van God omdat jy jou bekeer nie. Dan meen jy mos dat jou bekering daarvoor kan betaal voor God. Onthou, net Een kan sondes betaal. Onthou ook net Een het vir jou sondes betaal. … Jesus sê Hy het vir jou lief en het vir jou aan die kruis gesterf en vir al jou sondes betaal.

Hy sê as jy Hom innooi om in jou hart in te kom, en as jy Hom vertrou dat Hy vir jou betaal het, dan sal Hy in jou inkom en jou sondes vergewe. Jy is dan ’n kind van God. Almal wat

Hom aangeneem het, aan hulle het Hy die mag gegee om kinders van God te word. … As jy dit gedoen het, kan jy nou hier uitstap en vir jou Mammie gaan sê Ek is nou ’n kind van God. … Hy het nou in my hart ingekom en Hyself sal my hart met sy ou sondes verander ….

Maat is jy al ’n kind van God? Het jy al jou sondes voor Hom gaan bely en vertrou jy Hom dat Hy vir jou sondes betaal het?”

Hier het hy ons duidelik gekonfronteer dat jou bekering jou nie kan red nie. Die boosheid van hierdie tipe sinne is dat dit klink asof hy bekering soos bely as dankbaarheid, sonde-erkenning, berou en nuwe toewyding aan God se wet, stel teenoor geloof alleen. Dit is egter net die suggestie. Die werklike inhoud word duidelik uitgespel. Ware geloof is wanneer jy God uitnooi om in jou hart in te kom en wanneer God in jou hart inkom, dan eers sal Hy jou sondes verander.

Hierdie God innooi en God inkom is nie bekering nie. Dit is werklik identifikasie met God: God se krag, lewe, wil en persoon kom in jou as mens in en verdring jou eie menslike krag, lewe, wil en persoon as mens. Die verwarrende is ook dat hy hierdie identifikasie verbind aan geloof. Weer klink dit na die geloof in die evangelie, maar dit is ’n nuwe geloof. Dit is die geloof dat as jy God uitnooi om in jou hart in te kom, dan moet jy glo dat God in jou hart en lewe inkom. Dit is die kern van identifikasie met God: God dring my persoon in en God is sy Persoon in my. Hierdie identifikasie met God word nou die eintlike krag van vergifnis. Geloof in Christus is hiervolgens nie meer vertroue in die evangelie nie. Dit is die geloof in jou identifikasie met God: as jy God innooi in jou lewe, dan kom hy in jou lewe in. Dit is wat jy nou moet glo.

Dit is wat hy bedoel het. Dit is die bedoeling wat my weer onder die besef gebring het dat ek moet God weer eens in my lewe innooi. My bekerings en geloof en toewyding in die eredienste is net nie goed genoeg vir God nie.

Hierdie lesing is opgevolg met die lesing oor geloofsekerheid. Die vorm dui die volgende redes aan hoekom jy nie geloofsekerheid kan hê nie en waaraan jy jouself moet ondersoek: “omdat jy nie wil glo nie maar wil sien Joh. 20:29”; “omdat jy jou vir die Here skaam Mark. 8:38”; “omdat jy skaam is om gespot te word ter wille van die Here Luk 23:36”; “omdat daar sondes is wat jy nog nie bely het en vir die Here wegsteek Jos. 7: 19-20”; “omdat jy nog op twee gedagtes hink 1 Kon 18:21”; “omdat jy nog met ongelowiges wil saamleef 2 Kor. 6:14”.

Die tweede deel van die vorm wys “Wil jy seker word: Ja of Nee? Jy kan as jy bereid is om: God te wil hê; Na Hom te smag; Na Hom te soek; Jou saak reg te maak; Sy Woord aan te neem; Te besef die prys wat betaal is; En te kom; Bekommerd te wees; Bereid wees om te kom; Met gebroke gees en verslae hart.” Die derde deel “Die doel van geloofsversekering. Het jy seker geword. Ja/Nee.

Dan moet ons aanneem dat jy die volgende gesê het: Kom in Open. 3:20; wees my arme sondaar genadig; Hom alles vertel; Hom aanneem; Dit erken en bely; Altyd finaal kies; En

dan te weet; en geregtigheid; Vir Hom sê; Welgeluksalig wees;” Deel vier “Die waarborg van Geloofsversekering: Gaan jy vaskleef aan jou sekerheid? Ja/ Nee. As jy gaan dan moet jou ankertou wees: Die Here is altyd dieselfde; Niks onmoontliks nie; Tot alles in staat wees; Oortuig wees; Gelowig wees; Volhard; Die mag besit; Ewig lewe; Die regte wandel; Die vyfde deel stel: “Die pad van geloofsversekering. Gaan jy jou sekerheid bewaar? Ja/ Nee. Dan moet jy: Onberispelik wees; Lelike dinge aflê; Hoë dinge bedink; Die stryd stry; Bekommernisse weggooi; Nie dubbelslagtig wees nie; Heilig lewe; Gelykvormig aan Jesus wees; aan die wêreld te sê en te skryf dat jy aan die Here behoort”

Hierdie verkondiging van dit wat die Skrif alles as wetsonderhouding aandui, is nou alles dinge wat gedoen moet word om geloofsekerheid te kry. Om geloofsekerheid te kry is net geloof in Christus nie meer genoeg nie. Jy moet al hierdie dinge doen, dit met die regte motiewe doen en dan moet jy glo dat jy sekerheid het omdat jy dit gedoen het en God is tevrede daarmee. Die kern van al hierdie geestelike dade bly nog steeds om vir God volgens hulle teksgebruik van Openbaring 3:20 in jou lewe in te nooi: om jou eie persoon die ruimte te laat wees vir die Persoon van God.

Hierdie lesing was nie die laaste nie, dit is opgevolg met “Ek soek na geestelike groei” … “as ek die wedergeboorte deelagtig word, kom daar ook die drang en begeerte na God se dinge. … Ek neem Jesus as Saligmaker aan en wil nou vir Hom lewe maar ontdek ook hierdie drang na sonde. … Wat is nodig vir geestelike groei? 1. Oorgawe van my lewe aan die Here Jesus. … Kom ek stel dit so: Op die hart van elke mens is daar ’n troon. Iemand sit op daardie troon. Is dit ek of Jesus? Oorgawe is dat ek afklim en Jesus op die troon laat sit. Dat ek al meer en meer dinge sal doen, nie soos ek wil nie, maar soos Jesus wil. Ek sal my dus daarop instel om te vra: Wat is die wil van die Here in elke saak? ….”

Hierdie is die tweede stap van identifikasie met God. Dit is nie net genoeg om God se Persoon in jou persoon te laat inkom, jou persoon te laat verdring nie. God moet jou totaal beheer. Jy mag nooit weer jouself as mens wees nie, jy moet God die beheer gee om Homself as God deur en in jou te wees. Hierdie totale oorgawe in plaas van geloofsgehoorsaamheid aan die wet van God, is die eintlike bedoeling van die moderne Christelikheid. Oorgawe en onderhorigheid, gedienstigheid en gedweënheid, nie aan God nie. God dwing niemand of verlei niemand met sy liefde tot hierdie totale oorgawe nie. Hierdie is die oorgawe en onderhorigheid aan God se tussengangers, die ware geestelike godvervuldes.

Hierdie kamp het my diep ontwrig.

In ds. Lamprecht se konfrontasie was ek weer skuldig voor God. God het alweer ’n saak om met my uit te maak, al het ek by die “Hoekie” tot bekering gekom, in Januarie met die Jeug-tot-Jeug aksie ’n geestelike werker geword wat ander kinders na die Here gelei het en in Februarie, 5 maande voor die kamp, belydenis van geloof afgelê het.

Sy aanval op kerkmense wat nie gered is nie het my weer getref soos dit bedoel was om my te tref. Jy staan elke keer weer voor een of ander teleurstelling wat God in jou het; jy is al weer nie goed genoeg vir God nie; jou liefde en toewyding is al weer nie soos God dit wil hê nie; Jy moet by herhaling weer jou self aan die Here  oorgee.

Wat ek op geen manier kon weet of begryp nie, is dat die eintlike tipe oorgawe is om so altyd aan geestelikes onderworpe te wees, om vir die res van jou lewe altyd jouself aan elke nuwe oordeel, beskuldiging, verwyt, aanklag en verwerping te onderwerp. Dit is die tipe oorgawe wat weer en weer moet gebeur en wat nooit weer sou ophou nie. Onderwerping en onderhorigheid aan God deur tussengangers is ’n proses wat nooit ophou nie. Daarvoor het ek geen begrip of enige aanvoeling gehad nie. Ek het net weer die ellende van die verwerping van my liefde en toewyding beleef, wat nie volgens hierdie godsbeeld ware en algehele oorgawe aan God sou wees nie.

Die aanval was berekend. Bekering is nou nie genoeg om gered te word nie. Naas die bekering is daar nou iets anders. Dit is om God in jou lewe in te nooi, en Hy kom eers in as jy Hom innooi, nie as jy tot bekering kom nie, en dan moet jy in Hom bly deur ’n volle oorgawe en gehoorsaamheid.

Ek het sy bedoeling om met God te identifiseer aangevoel en my eie gemaak. Daarmee het ek met ’n geestelike worsteling begin waaruit daar geen uitkoms weer kon wees nie.

Die vorm oor geloofsekerheid wys dat ek nou myself volledig aan hierdie geestelike oorheersing en beheersing moes onderwerp om in ’n permanente staat van self beskuldiging met aanhoudende self ontledigende gewetenswroegings besig te wees. Neville Norden het my seksualiteit deel van hierdie geestelikheid van selfontkenning gemaak waarin ek nou die “vleeslikheid” van my seksualiteit moes gaan oorwin met die vervulling met God se goddelikheid in my.

Ek het die identifikasie met God as die kern van die saak aangevoel. Ek het op daardie stadium dit aanvaar en gesien as die ware godsdiens wat ek moes bemeester. Dit blyk uit my korrespondensie met Daan Steenkamp, student van RAU, my “geestelike voog” op en na die kamp se korrespondensie:

“ Maar ek dwaal af , Petrus, ek spring saam met jou in die lug. Veral oor die laaste brief van jou. Ek moes leer dat ek niks is nie en ek is bly jy het besef, eerder, dat God jou gelei het tot waar jy besef het dat jy niks is nie. Dis eers as ’n Christen op sy knieë staan dat hy tussen die mense as prins kan loop. … maar Petrus, word jy minder en Hy meer, ek dink jy sal verstaan.” “Jy weet, dit wat die kamp aan my gedoen het, was wonderlik. Jy onthou, jy het my redelik gepla oor Johannes 15? Sondag het ds. Maddersteyn ’n soortgelyke preek geleer uit Hebreërs 2. … die gevaar van afval moet die Hebreërs aanspoor om hulle self te ondersoek of hulle in die geloof is. En as hulle in die geloof is sal hulle vrugte dra, volmaak word. (in wording wees). Die vrugte wat by die bekering pas. Geloof is slegs die begin,

werke is deel van die vervolmaking. … ek vind nou vir die eerste maal dat ek die dinge wíl aflê en volmaak wees. Heer, ek wil soos Jesus wees.” (Dagboek 23.07.1974.)

Die kultus van selfontkenning sodat hierdie god homself in en deur jou kan wees, was nie net my aanvoeling nie. Dit was die bedoeling van die hele kamp: om te leer om niks van jouself in jouself te wees nie sodat hierdie god homself kan wees in jou.

Dit blyk ook uit die kampdagboek waarin ek vir myself ’n brief moes skryf oor wat die kamp my gebaat het. Ek het dit soos volg opgesom: “ Wat het ek gebaat? Jesus het my geleer dat God my Vader is. Hy het my opnuut verseker dat ek sy kind is. Al my sondes is my vergewe. Hy tugtig my net uit liefde uit. Jesus het my geleer dat sonde is om God te haat, opstand en vyandskap. Jesus in my omskep hierdie haat in liefde. Jesus het my gewys dat Hy in my is en met my is. Ek moet Hom al meer die kans gee om die beheer van my lewe oor te neem.

Ek moet nie net op Jesus vertrou nie, maar in Hom bly voordat ek vrug kan dra.

Jesus het my geleer om te bid: om Hom te vertrou en my oë oop te maak. Wat “ek” gaan doen? Ek gaan in Jesus bly! Sy Woord leer en in my bewaar en sy Woord bewaar (toepas) sodat ek in Jesus se liefde kan bly. Ek gaan die Heilige Gees die kans gee om volle beheer van my lewe te neem, alles wat ek doen vir Jesus te doen, uit dankbaarheid uit vir wat Hy vir my gedoen het. Ek sal myself beskikbaar stel dat die Heilige Gees deur my in my “gemeente” sal werk om God te verheerlik en Hom gelukkig te maak.”

Wat ek hier gestel het, het die volgende paar jaar se geestelike ideaal en lewe geword: die doel is om in jouself as mens niks in jou eie wil, jou eie krag, jou eie gevoel en eie besluite te wees nie. Jy moet niks wees en hierdie aksies in jouself opskort. Ek is nou nog net “ek” in aanhalingstekens. Ek gaan in Jesus bly. Ek gaan die volle beheer van my lewe vir Jesus gee. Dit het ek nou gedoen met die geloof dat wanneer ek dit doen, dan sal God self sy wil, krag, lewe en persoon deur my uitleef.

Dat ek daarmee ’n lewe van oorgawe en onderworpenheid aan die geestelike mag van inniges en magtiges geword het, het nooit in my gedagtes opgekom nie. Ek het geglo dat wat hulle in en deur my wou wees, God was wat dit in en deur my wil wees. Met hierdie geloof in God wat my lewe in besit neem om sy lewe deur my te leef, was ek nou volledig binne in die identifikasie met God. Ek was volledig deel van dit wat die Bybel uitwys as afgodsdiens en goddeloosheid terwyl ek glo dat dit die ware bedoeling van Christenwees is. Ek het my uit God se genade weg gekeer in ’n bekering waar God nooit te vind is nie. Hierdie godsverduistering het vir my die rede vir my eie goddelikheid geword.

Na hierdie kamp begin ek in my Bybelstudie met die lewe van die “eie-ek” afsterf terwyl ek gevoel het ek moet my medeskoliere bekeer.

In my persoonlike geloofslewe en Bybelstudie het ek probeer om na die kamp die “lewe in die gees” te beoefen en steeds die onderdanigheid, gedweënheid, demoedigheid en ondergeskiktheid van ’n selflose lewe te leef as die ware Christelike lewe. Die tema loop aanhoudend deur in die eerste vyf maande se Bybelstudie soos wat ek dit na Bad-se-loop se skoolverlaterskamp begin doen het.

Maar terwyl ek hierdie selflose lewe in die gees probeer leef, leef ek in die verwarring van opstand teen hierdie tipe gesagsfigure. Terselfdertyd voel ek dat ek my CSV groep, my Sondagskoolklas en vriende moet bekeer. Ek het geen insig gehad dat ek myself eintlik tot ’n magsfiguur laat maak het waarin ek van die gewone menslikheid van ’n skolier tussen ander skoliere vervreem is nie. Ek is onderwerp en ek moet ander onderwerp om nie net ’n onderwerpte te bly nie. Ek is onderhorig en moet ander onderhorig maak. Hierdie magswil in my, om in my onderworpenheid bemagtig te word om ander te onderwerp, moes ek, en het ek as ware innige liefde geglo en nagestreef.

“My genade te skenk om te bid volgens die wil van die Gees, sy wil die krag in my lewe sal word, …ek in elke deel van my lewe die leiding van die Heilige Gees sal volg, … bely hierdie sonde en vra dat Jesus dit uit my lewe sal verwyder, …” 22.07.1974; “Neem volle beheer van my lewe oor Jesus, … ek gee my ten volle aan U oor, …”24.07.1974; “dankie dat U Satan in my oorwin, werk U in my om “ek” al hoe meer te vergeet, …” 26.07.74; “ Ek bely ek is vleeslik Here, , …dankie vir hierdie keerpunt Here dat ek nou “geestelik” kan wees, …heiligmaking beteken om meer soos Jesus te word, ek gee Jesus die volkome bestuur van my lewe, … open my oë om U wondere te sien en om elke geleentheid te sien om vir U te getuig, …” Augustus 1974.

My eerste innerlike verset teen hierdie onderworpenheid aan die geestelikheid van die ACSV het ook in hierdie jaar intuïtief plaasgevind. Dit was ’n kort flitsende insident, maar dit het met my studie op RAU momentum gekry. Dit was met die skryf van die jaarverslag vir die jaarboek van die skool. Mnr. Maree vra my om die verslag te skryf. Ek voel my nie deel daarvan en en onttrek in passiewe aggressie. Ek doen dit so terloops, afsydig en so swak dat hy toe vir Elmarie Lamprecht vra om dit te skryf.

Aan die einde van my matriekjaar in Desember 1974 maak ek die volgende opsomming in my Bybelstudiedagboek:

“ My geskiedenis in Jesus Christus: Die Heilige Gees het aan my die werking van die wonderlike bloed van Jesus openbaar. Jesus het die geloof in my hart gegee en Jesus is my vergifnis. Jesus het die wedergeboorte bewerk. (1972). Vir drie jaar het ek God in my vleeslikheid probeer dien. Die Heilige Gees openbaar aan my die wonderlike werking van die kruis: ek, die selfstandige mens, het in Christus aan die kruis gesterf. (1974) God skenk my die genade om dit in geloof te aanvaar. God skenk my die genade om my tot sy beskikking te stel. Op grond van my nuwe lewe in die Gees. Ek loof U God, U is my bevryder. ”

## 16. Die spanning tussen die vrye akademiese ideaal van RAU en die bevangenheid van die moderne Christelikheid.

Januarie 1975 begin ek as eerstejaar op die nuwe kampus van RAU. Sonder dat ek dit weet, word ek deel van die vrye akademiese inisiatief van dr. Gerrit Viljoen en al die akademici wat hy versamel en inspireer. Ek het van die begin af al my krag in my studie ingegooi. Ek was deur hierdie akademiese ideaal aangegryp. RAU was nie maar net nog ’n universiteit nie. Dit was die hoogtepunt van Afrikaanse gemeenskap se ambisie om verstedeliking as lewenswyse te bemeester. Ek was die vierde geslag Kriel wat in hierdie strewe gevorm is om deur geleerdheid uit die landelike kultuur binne die stad ’n Afrikaanse leefruimte te skep. Vir vier geslagte van Kriels voor my was hierdie voorreg om op Universiteit te kan wees net nie finansieel moontlik gewees nie. RAU was gefokus om hierdie Afrikaanse ideaal van tersiêre onderrig in Afrikaans om deel van die moderne stedelike kultuur te wees, te verwesenlik. Hierdie strewe was my eie strewe en ek kon my volledig uitleef in die passie van studie. Die ruimtes wat die vrye wetenskapsideaal vir my ontsluit het, het my aangegryp. Elke vak en boek was vir my ’n nuwe wêreld wat ek my eie kon maak.

My broer Johan was die eerste uit ons lyn van Kriels wat tersiêre opleiding gehad het. Hy het deur Unisa homself as prokureur bekwaam. Dit het hy deeltyds gedoen terwyl hy voltyds by ’n prokureursfirma in Germiston gewerk het. Ek sal nooit sy statuur agter sy lessenaar laataande in Lenswegweg 16 Delville vergeet nie. Dit het my aangegryp en vir my as ’n voorbeeld gedien.

Wat hy net deeltyds kon doen, kon ek nou voltyds doen: studeer aan ’n universiteit!

Ek was drie jaar lank inwoner van die Afslaan koshuis, naby Brixton in C kompleks. In Afslaankoshuis is die admissante Ferdinand van Niekerk, Ernst Endres en Wynand Nel saam met my eerstejaars. Willie Pieters en Quintus Smit sluit by ons in 1976 as tweedejaars aan. Ek en Ernst Endres word kamermaats vir drie jaar. Omdat ek al my tyd en krag aan my studie bestee, het ek nie in 1975 deelgeneem aan al die kampe en ook nie regtig ingeskakel in die sosiale en geestelike aksies van die admissielewe nie. Dit was ’n doelbewuste keuse om myself van hierdie kring los te maak om my voluit aan my studie te kon toewy.

Dit was nog net deur die admissiebond dat ek aan geestelike geleenthede soos bidure en Bybelstudies deelgeneem het. ’n Derde jaar student, Hendrik Heever, hy het op 19 Junie 2005 sy eie kerk op die Oosrand begin, “die Gereformeerde Protestantse Kerk van Brakpan”, het homself as geestelike voog oor ons as eerstejaars aangestel. Ons moes reeds sesuur in die oggend vir sy Bybelstudies op die kampus aanmeld. Ek het probeer, maar die druk van die akademie het gemaak dat ek my geleidelik aan hierdie geestelikheid onttrek het.

Na ses maande kry ek in die eerste semestereksamen in al vyf vakke onderskeidings. Ek ontdek my vermoeë in filosofie. Daar gaan vir my ’n wêreld van kennis oop wat my verbeelding aangryp. Die vryheid om te bevraagteken, na te vors, te ondersoek, te ontdek en te ontbloot in hierdie vrye akademiese ideaal, het my gemotiveer van een nuwe akademiese uitdaging na die ander. Die tale Grieks en Hebreeus is vir my net so ’n wonderwêreld. Om regtig deel van hierdie wêreld te wees was vir my ’n voorreg. Ek studeer van die oggend sesuur tot partykeer twee, drie uur in die nag. Iets wat ek nooit op skool gedoen het nie.

In hierdie akademiese idealisme raak ek los van en begin daar in my ’n afstand kom van die driftigheid van die geestelikheid van die NG Kerk. Die nuutheid van die nuwe Universiteit en studentelewe het ook gemaak dat die NG Kerk nie regtig baie invloed aan die begin op die studente lewe gehad het nie. Die gevestigde geestelike groeperinge van die kerk op UP en Stellenbosch het nie groot invloed op die nuwe vrye gees van RAU gehad nie.

In hierdie drie jaar het ek rondgeval tussen die geestelikheid om met God te identifiseer en die nuwe wêreld wat vir my oopgegaan het in die akademiese studie. Geen een van die RAU dosente het hierdie geestelikheid voorgeleef of aan my opgedring nie.

Dit het my in konflik gebring met die geestelikes, studente en hulle predikante mentors, wat “praktiese” opleiding wou hê, waarmee hulle in hul geestelikheid bemagtig wou word, teenoor die wetenskapsideaal van die RAU waarin ek my tuis gevoel het.

Ek het die vryheid van die wetenskapsideaal as ’n uitkoms ervaar van die greep van my vriende wat hulself met kampe, bidure en getuienisaksies bemagtig het. Maar ek het geen ander geloof gehad as om met God te identifiseer nie. Ek was vasgevang in hierdie wisselvalligheid van die vryheid van die wetenskapsoeke en die mag wat ek in identifikasie met God in myself gevind het. Elke keer as ek buite die akademiese wêreld uitgetree het, was ek weer deel van die magsoeke om met God intiem en kragtig te wees, wat in my gemoed liefdevolheid was.

Die straatwerk wat deur die NG gemeente Irene van Johannesburg gedoen is, was een van die geïdealiseerde geleenthede om “mense na die Here te lei”. Deel van hierdie geromantiseerde avontuurlikheid was die boek en verhaal van : The Cross and the switchblade” oor Nickey Cruz wat in ons gemoed geleef het. Ek gaan doen straatwerk op die 30 ste Oktober in Irene gemeente en hou soos volg boek daarvan: “Daleen Viviers en ek stap saam. Ek is nog steeds ongelowig, onwillig, ongehoorsaam ten opsigte van wat die Heilige Gees van my vra. Kry Jakkie voor die Anaconda nagklub. Begin gesels. Jakkie het ook gemoedelik gesels. Die Heilige Gees wys my dat Jakkie weet van God by hom, (God is by alle mense) maar dat Jesus nie in Jakkie is nie. Hy het nog nie sy lewe, sy hart vir Jesus gegee nie. Hy sê hy het moeilikhede. Die verhouding tussen hom en sy ouers is sleg. Hy is opstandig, eiewillig. Jakkie neem Jesus aan in gebed. Dit was die

eerste keer dat ek self onmiddellik vreugde op iemand se gesig gesien het. In my eie hart het ek nie geglo dat dit werklik gebeur het, dat Jesus wáárlik as Heilige Gees ’n persoon in besit neem nie.” (Dagboek 30.10.1975) “Skryf brief aan Jakkie Opvolgwerk. Skryf aan Jakkie oor geloofsversekering. Verseker dat Jesus nooit verlore (sic) sal laat gaan. Verseker dat sy sondes vergewe is.” (Dagboek 10.11.1975).

Anton Louw was saam met my eerstejaar admissant op RAU en na ek hom van Jakkie vertel het gaan doen ek en hy “opvolgwerk”: “ Ek en Anton Louw gaan na Golden Sands woonstelle, Benoni na ons golf gespeel het, net die Woensdag na die universiteit gesluit het. Jakkie is nie daar nie, maar sy ma. Die Heilige Gees gebruik vir my en Anton en onder sy leiding begin Anton met haar oor geloofsversekering gesels. Sy neem Hom aan. Die volgende Saterdag gaan ek weer terwyl Pappa-hulle golf speel. Jakkie is weer nie daar nie. Ontmoet sy Pa en broer. Pa is nie ’n Christen nie. Gaan saam met sy broer na Towergebou, in Johannesburg, ontmoet mev. Harris (nie-Christen) en Robby (nie-Christen) en Chris (nie-Christen). Gaan volgende Maandag met Pappa na President Hotel. Heilige Gees vra my om na Tower gebou te gaan. Eers is ek onwillig, maar gaan. Self glo ek nie dat God ’n ontmoeting (sal) reël nie. Ontmoet Jakkie voor Tower gebou. Gesels met Jakkie. Het geloofsversekering, maar word nie deur die Gees beheers nie. Jesus het my alles aangaande sy skoolloopbaan en die motorfiets openbaar deur ander mense. Jakkie was al vrugbaar getuie. Die Heilige Gees wys my dat Hy Jakkie wil afsonder vir sy werk, juis in die kring waarin hy beweeg. Behandel die boekie “ Is Christen wees vir U ’n avontuur”. Steeds glo ek nie dat Jesus die harte en lewens van mense kan en verander na Sy wil nie.” (Dagboek 30.11.1975)

Ek skryf weer vir Jakkie ’n brief uit Hartenbos op 21.12.1975 en maak vir my self ’n opsomming van die brief wat ek aan hom skryf: “20/12/1975 Die Heilige Gees het my gevra om aan Jakkie te skryf, Jesus wil Jakkie as Christen gebruik in die kring waarin hy beweeg. … Jakkie laas keer in die parkie het ek vir jou gesê ek glo God het ’n wonderlike plan met jou lewe in die kring waar jy rondbeweeg. Ek glo nog steeds omdat Jesus my uit Bybelstudie oortuig het dat Hy jou as “sendeling” (sic) daar in Johnnesburg wil gebruik, Jakkie, Jesus wil dat jy ander mense na Hom toe sal lei, dat hulle ook Jesus as Verlosser in hulle lewens sal aanneem. Jakkie ek glo dit met my hele wese! Jesus het jou lief, jy het Hom in jou lewe ingenooi en nou wil Jesus graag in jou lewe heers. Hy wil jou wys watter plan Hy met jou lewe het. As jy Hom gehoorsaam, sal Hy hierdie wonderlike plan met jou bevestig … Ek het Jesus in 1972 aangeneem, maar ek was nog nie met die Heilige Gees vervul tot en met Julie verlede jaar nie. …” (Dagboek 23.12.1975)

Volgens my selfverstaan in Desember 1975 is ek vir die eerste keer met die Heilige Gees vervul gewees met die skoolverlaterskamp te Bad-se-loop.

Die Desember vakansie van 1975 is ons as gesin weer na Hartenbos ATKV strandoord toe gewees. Ek skakel weer by die ACSV se stranddienskamp onder leiding van Gawie Eksteen in. Ek tree as admissant vir die vakansie op as een van hulle “persoonlike werkers”.

“Saam met Cecilia. Voorbereiding saam met CSV. Deel traktaatjies uit. Ontmoet oom Hekroodt. Begin oor Jesus gesels. Die Heilige Gees lê my op die hart dat Oom Hekroodt sy hele lewe geweet het dat Jesus by hom is en na sy fisiese welsyn omsien, amper net soos Jakkie van Jesus bewus was. Vra of hy al sy hart aan Jesus gegee het. Hy sê ja, maar praat weer ander goed, dwaal baie weg van vraag, probeer vrae ontwyk. Gee vir hom:” Het u al gehoor van die geheim van die ware lewe.” (Dagboek 18.12.1975)

Wat ek vir myself geglo het waarmee ek besig is, en wat ek as mens innerlike ervaar het terwyl ek besig was, was egter twee verskillende dinge. Ek en my spanmaat Cecilia versoek hom met hom te gesels en hy nooi ons in. Ek soek ’n geleentheid en behandel met hom die weg van saligheid om hom tot bekering te lei.

Terwyl hy huil weet ek iets is verkeerd. Hy huil nes ek nie oor sy saligheid nie en in ons gesprek gebeur iets anders as die verlossing waaroor ek met hom praat. Ek weet nie wat dit is nie. Hierdie verwarring het my as mens ontwrig. Maar by die ACSV oord getuig ek weer oor hoe wonderlik hierdie oom tot bekering gekom het. Hierdie opgewonde goedpraat van wat gebeur het, terwyl ’n heel ander gevoelswêreld binne my afgespeel het, het my net so innerlik verwar. Om vir God so te getuig en te glo wat God sou doen deur my getuienis, is ’n leuen wat ek moet glo.

“ Gaan sing saam met die CSV Kersliedere. …ons ontmoet vir Louis Venter-hulle en begin oor Jesus gesels. Hy dink sy verhouding tot God is reg, maar die Heilige Gees het hom oortuig dat Hy nog nie in hom woon nie, Louis neem Jesus as die Here in sy lewe in, …” (Dagboek 24.12.1975)

Hierdie vertelling en my innerlike ervaring was net so verwarrend. Die aand by die Koffiehuis het ek sommer so op die trappies begin om met Louis Venter te gesels. Net daar lei ek hom met boekie een om ’n persoonlike verhouding met die Here te hê. Maar in die gesprek ervaar ek die verwardheid dat ek hom benadeel of verneder op ’n manier wat ek dit self nie kan peil nie. Die woorde “onderwerp” en “ondergeskik maak” het nie by my opgekom in my geloof in die goedheid waarmee ek besig sou wees nie. Terug by die ACSV tehuis word moet groot demonstrasie van hierdie “bekering” deur my medegetuies gepraat.

Op die 23 ste Desember het ek weer so gesprek met Hendrik Strydom gehad. Ek volg dit met ’n brief aan hom op: “Beste Hendrik, my hart voel vandag gedring om vir jou te skryf en ek glo dat Jesus dit so wil hê. Hendrik ek wil graag hoor hoe dit met jou gaan en veral oor jou geloof in Jesus. Want ek glo Hendrik, dat Jesus daardie aand op jou uitnodiging in jou hart gekom het deur die Heilige Gees en dat Hy self sy werk in jou meer en meer sal uitbrei in jou lewe. Hendrik, ek het ’n paar Christene daardie aand vertel van ons ontmoeting en dat jy jou geloof in Jesus gestel het. Ons bid saam vir jou want Satan sal nou in alle mag op jou lostrek en veral probeer om jou te laat twyfel aangaande jou geloof in Christus. Dit het al met my gebeur dat Satan sondes waaraan ek steeds vasgeklou en soms nog begeer gebruik en my laat twyfel het dat ek ’n Christen is. … Hendrik om Jesus deur geloof in jou lewe aan te neem is die begin van Christen wees. Dit is wanneer Jesus vir die eerste maal ín

jou hart kom. As jy werklik die volheid van Jesus in jou lewe wil ondervind moet ons Hom meer vertrou vir elke aspek van my lewe … dat ’n ou sal glo dat “ek” wat eie lewe wil beheer, ek wat wil bid ens., deur geloof saam met Christus aan die kruis gesterf het en dat Jesus nou in alles vertrou kan word dat Hy my sal lei om dinge te doen soos Hy dit wil hê. Dan vervul hy werklik sy plan in my lewe. … (15.01.1976)

Dit is in die begin van 1976 dat ek die boek wat die ACSV gepropageer het van Watchman Nee, “Die normale Christelike lewe”, lees en begin om volledig met God te identifiseer. In hierdie boek word die “intieme” verhouding met God, wat niks anders is as ’n wesenseenheid met God nie, voorgehou en ek volg uit my identifikasie met God in my, hierdie boek se leiding.

Hierdie boek stel die identifikasie met God só: “ God maak dit baie duidelik in sy Woord dat Hy maar net een antwoord het vir elke menslike behoefte, Sy Seun Jesus Christus. In al sy handelinge met ons werk Hy deur ons uit die weg te ruim en Christus in ons plek te stel. Die Seun van God het in ons plek gesterf vir vergifnis. Hy lewe in ons plek vir ons verlossing. Ons kan dus van twee plaasvervangings praat- ’n Plaasvervanger aan die Kruis wat vir ons vergifnis besorg en ’n plaasvervanger hierbinne wat oorwinning besorg.”

Hiermee is ek totaal vervreem van Christus se plaasbekledende werk as mens in my plek. Die verdraaiing wat afgodsdiens maak met die plaasbekledende werk van Christus, is om dit die selfvervangende werk van God binne in jou te maak. Christus word in afgodsdiens voorgehou as die goddelike persoon wat jou eie persoon binne in jou vervang. Dit is die wese van Boeddhisme wat deur Watchman Nee, as die wese van die Christelike geloof voorgehou is. Deur God as my plaasvervanger binne in my te beleef, word ek self niks. Dat dit eintlik die geestelike mentor is wat alles in my word en dat ek teenoor hierdie geestelike mentor niks word nie, nie teenoor God nie, sou ek later eers kon deurbreek. God verdring nooit sy skepping om sy skepping te vervang nie. Ek werk hierdie geestelikheid vir my uit vroeg in Januarie 1976.

“Ek glo dat die Heilige Gees my oortuig het dat ek as Christen terugval omdat ek nie met Jesus wandel nie, elke oggend en elke aand met Hom gemeenskap het nie. Ek glo dat die Heilige Gees my oortuig dat ek in sonde verval, sy planne in my tot stilstand bring omdat ek my God nie op sy Woord wil neem nie. … Heilige Gees ek stem saam met U dat ek nie in U leef en met U praat nie, dat ek net vir U wil leef en oor U praat. …Dankie Jesus dat U my gemeenskap met God is, U bring my weer by God, U stort U liefde op my, U verteer my, U lei my in liefde met U Heilige Gees langs wonderlike paaie” (Dagboek 3.01.1976)

“Jesus ek het nog altyd geglo dat ek deur U Heilige Gees vervul moet word, Jesus en U het my wonderlik gebruik, U het my lewe beheers, maar Jesus, Here ek het nie geweet, nie besef watter wonder U nog aan die kruis gedoen het nie. Jesus, God, my Vader, ek vertrou U dat U dit vir my gedoen het, Jesus ek glo U omdat U dit vir my sê dat “ek” dood is, Jesus, dat ek ’n nuwe gees in my het wat saam met U Gees woon, ek glo U Here, verwesenlik dit vir my!” (Dagboek 5.01.1976)

“Want Jesus Christus het mens geword en die Heilige Gees bring die innerlike van God in verhouding met die innerlike van die mens.” In my Bybelstudie lê ek Johannes 3 so uit dat Jesus Christus God is wat weer gebore is as mens sodat ek deur Jesus Christus weergebore kan word, bedoelende dat God in my weergebore word.

Hierdie soeke na wesenseenheid as ’n intieme persoonlike verhouding met God stel ek in Februarie soos volg: “ Liewe Vader, dankie dat U my besitter is Vader, Dankie dat ek U ín my as besitting het, Vader, Dankie dat ons persoonlik, intiem as Vader – seun kan lewe in en met mekaar.”

In hierdie wesenseenheid met God het ek die mag gevind waardeur my liefde God se liefde word en my liefde vir ander, God se liefde vir hulle is. In my kon ander mense nou God se liefde ervaar: “ Here U het my gewys hoe U wil geskied: soos ’n waterstroom wat stil sy weg oopbreek en die grond deurweek en lewe gee. Here ek is ’n woestyn wat U wil weerstaan, Vader dring U waterstrome deur my dooie wese. Here dankie dat U my wys hoe U naam geheilig word, Besitter. Here nie in ademlose stilte en met opgehoue asems, of ’n beangste hart, of ’n vertoon maar deur U stille, diep, teenwoordigheid, in U verwesenliking, U deurskemering – in lewe en krag Vader. … Vader, Afslaan is gereed vir U Gees want U Gees is gereed vir Afslaan.”

In hierdie wesenseenheid met God het ek alle verhoudings met mede-koshuis vriende en medestudente verhoudings gemaak waarin ek God se liefde vir hulle ervaar het. Ek het geglo dat my identiteitservarings met God, God se Gees in my is en God se liefde vir hulle in my is. My menslike wil tot mag en menslike sug tot beheer het nou in die naam van bekering en vervulling, my liefde geword:

“Heilige Gees, ek stel my self tot U beskikking in gebed. Here ek glo dat U mense soek wat vir die wêreld sal intree. Jesus U het vir ons by God ingetree en pleit nog steeds vir ons. Gebruik my ook Here in hierdie gebed om U te laat heers in ’n wêreld vol sonde …

Heilige Gees, baie keer wil ek nie in U persoon en werking glo nie, wil ek deur my eie selfbeheersing en selfbeskikking lewe, in my akademiese lewe, in my geloofslewe wil ek U manipuleer, U koninkryk gebruik as verskoning vir selfgenot. Here Jesus, Seun van God, uit myself is daar geen gronde, geen krag, geen wil tot geloofsoorgawe, geloofsgehoorsaamheid.

Gee dat ek my sal oorgee en dat ek my tot gehoorsaamheid, liefde tot U beskikking stel. Dat ander mense my aan die mou sal gryp en vra om saam met te gaan want hulle sien dat U waaragtig God en Here is. Vader, dat hulle na U sal stroom omdat U die sentripetale aantrekkingskrag sal wees … Gee U lig in my lewe dat ek sal weet hoe U daar wil hê ek moet optree: as U verteenwoordiger van die persoon van Christus op aarde.” (Dagboek 6.06.1976)

Met hierdie innerlike intimiteit met God doen ek vir feitlik die hele 1976 geen Bybelstudie meer nie, maar leef my verhoudinge in die bygeloof dat ek God in my eie identiteit met ander ervaar.

Ek het geen eie vermoë of enige kerklike verwysings gehad om hierdie absolute selfisolasie te verstaan of te deurbreek nie, maar verwoord herhaaldelik my eensaamheid in hierdie goddelike liefde waarmee ek my self in ander ervaar.

In 1976 raak ek vriende met Derick van Heerden en Geoff Allen in die filosofieklas. Ons stimuleer en bou mekaar op in filosofiese denke. In die tale word ek beïndruk met die vaardigheid van Guthren Volker en inspireer sy my om nog harder te werk.

Met my, Derick en Geoff se toewyding om die filosofiese rigtings te kan bemeester en self al meer krities te ondersoek en te dink, kom daarmee verwydering tussen my en die ander admissante. Hulle isoleer my en stel my voor as “akademies” en nie “geestelik” nie. Waar ek myself al meer geestelik losmaak van die mag van die Jeug-tot-Jeug Aksie en die predikante in hierdie kringe, gaan hulle geredelik daarin op.

Dit lei tot vele insidente waarin ek my studiewerk vir hulle moet gee nadat hulle die naweke en vakansies met geestelike kampe en uitreike besig was. Ons kom baie keer in die kafeteria voor klasse bymekaar. Hulle moet vir my kos koop en ek gee die vertalings en werk wat ek gedoen het vir hulle. Ek het my van alles afgesluit om te studeer. Maar elke keer as ek in my eie geestelikheid ingaan moet ek hierdie idealisme en prestasie bely as sonde en hoogmoed waarmee ek my eie lewe wil beheer en my eie status wil verhoog.

Dit plaas soveel druk op my dat ek dit oorweeg om eerder met Hebreeus as Wysbegeerte aan te gaan, terwyl ek myself eintlik ten volle kon uitleef in Wysbegeerte. Uiteindelik het ek tog Wysbegeerte as derde hoofvak gekies.

Maar dit is weer die druk uit die admissiebond wat maak dat ek inskakel by die kampe omdat ek moet bewys dat ek besig is met “praktiese werk” ten opsigte van my voorbereiding om predikant te wees. Ek tree vir die eerste keer as geestelike raadgewer op met die skoolverlaterskamp vir die 1976 matrieks met die kamp van 20 -26 Augustus te Achterberg in Krugersdorp omgewing. Dit gaan weer om hierdie jongmense tot bekering en godsvervullings te lei.

Elke keer as ek met hierdie jeugbeweging se kampe of byeenkomste kontak gehad het, het ek weer probeer om in die selfloosheid van die intimiteit met God op te gaan:

“Here Jesus dit lê vir my sulke groot riglyne neer wat vir my iets is om in ons verhouding( U en my verhouding) in ag te neem: Vader, dat ek nooit ’n meisie sal hê nie, maar vir ’n meisie ’n medemens, ’n man, ’n ou sal wees; Vader dat ek nooit ’n vriend sal hê nie maar ’n vriend in alles vir die ouens naaste aan my sal wees; Vader dat ek nooit ouers sal hê nie, maar ’n kind vir ouers sal wees; Vader dat ek nooit ’n Verlosser sal hê nie, maar ’n getuie sal wees; Vader dat ek nooit ’n God sal hê nie, maar ’n gehoorsame afhanklike kind sal wees; Vader

dat ek nooit ’n kinders sal hê nie, maar ’n vader vir my kinders sal wees.” (Dagboek Oktober 1976.)

Dat hierdie selfloosheid niks anders as die selfloosheid van Oosterse Boeddhisme in die kleed van Jesus was nie, was vir my ontoeganklik, want die mistiek van die moderne Christelikheid en die mistiek van die Boeddhisme is presies dieselfde. Dit sou ek eers later jare in Levubu vir myself uitsorteer.

Die krag wat hierdie afgodsdiens vir my gehad het, is dat dit soos ’n handskoen binne die disassosiasie van my self gepas het.

Hierdie selfloosheid waarin ek God se liefde is, en nie my eie liefde is nie, het die waan geskep dat ek uit die verwarring van my eie lewenswerklikheid verlos is. ’n Lewenswerklikheid  waar ek haat as liefde ontvang en my eie haat as liefde kan glo. Die werklikheid van ondergeskiktheid en misbruik wat ek as liefde aanvaar en gee. Maar dit het my ook die rasionaal gegee dat my liefde nie goed genoeg is nie. Daarmee het ek ’n rasionaal gehad om myself willoos te onderwerp aan selfgesentreerdheid en geweld as ’n offer vir God. Dit het die rasionaal gegee vir geweld as lyding vir God. Maar dit het my ook die rasionaal gegee om myself te laat geld sonder enige aanspreeklikheid: ek kon die sisteem van ondergeskiktheid en misbruik my eie maak. Dit is die lewenswerklikheid van Romeine 1: 18-32

Dit was in hierdie tyd dat my kamermaat, Ernst Endres, begin het om deel te word van die geloof in die okkulte. Een middag het ek weer gevoel dat ek ’n epileptiese aanval gaan kry. Fred van Staden as sielkunde student het my later vertel wat gebeur het.

Ek het opgestaan, na Ernst toe gegaan en vir hom gesê ek is nie werklik wie hy dink ek is nie. Ek is ’n Egiptiese farao. Toe begin ek met hom as farao praat. Hierna stap ek na die bed en raak weer in die tipiese koma weg. Terwyl ek uit hierdie koma uitkom, het ek gehoor hoe hy besig is om die duiwels in my te bestraf en hoe Fred benoud vir Ernst vra of hy weet wat hy doen. Al wat ek kon uitkry was: “Ernst, los my duiwels uit.”

Ek het nooit in hulle duiwels geglo nie en eintlik ook nooit in my epilepsie nie. Ek het net verby hierdie aanvalle geleef. Hierdie insident sou in 1984 en 1985 in Levubu deur die geestelikes opgediep word en gebruik word om hulle self te oortuig dat ek “bindinge” het. Hierdie “bindinge” sou vertel word as die rede hoekom ek nog nie tot bekering gekom het nie en die ware wedergebore Christene sou wou vervolg.

In Desember 1976 tree Paul du Plessis op as Stranddienskampleier. Die kamp was beplan vir 6-20 Desember by Natalia. Maar dit val deur die mat en ons gaan na Shlaralumbi teen die Kruger Nasionale park met die hulp en invloed van sy pa. Hierdie was toe geen bekerings- of geesvervulde kamp nie. Die voog wat saam gegaan het, was dr. Pauw, ons Griekse dosent.

Die deurlopende tema was om net goeie Christen studente wees en met gesonde studente vermaak ’n voorbeeld te stel vir ander. Dit was ’n doelbewuste poging van elkeen van die studente en ons dosent om uit die druk te kom om mense te bekeer en geestelik op die pad te vat. Ons het geweet dat dit die eintlike doel van hierdie kerkkamp was. Ons wou doelbewus wegkom van wat van ons verwag was. Dr. Pauw het ook hierdie druk gevoel en het ons ondersteun met die vermyding van hierdie doelwit.

In Desember 1976 doen ek weer Bybelstudie uit Johannes en bly my intiem persoonlike verhouding met God in die Johannes evangelie inlees:

“Die doel van Jesus se koms was om weer gemeenskap, dit is kameraadskap tussen God en mens te bewerk … die “In die begin” dui op die begin tussen my en Jesus se verhouding” … Ten opsigte van my “Hoekie” bekering stel ek: “Petrus, jy het My reeds aangeneem, jou afhanklikheid in geloof aan My as Persoon maak dat Ek aan jou die reg gee om kind van God te word, jy is My kind.” … “Joh. 1 :16 Jesus skenk ook aan my een gawe op die ander, my intiem persoonlike verhouding tot God in Jesus my Vader, vergifnis, liefde, gehoorsaamheid, nederigheid. Petrus, onder Moses het die volk in ’n bepaalde verhouding tot Vader gelewe. Hulle het die verhouding tot wette afgeplat. Ek het egter die ware verhouding met God jou Vader hier tot stand gebring. Petrus, ’n nuwe situasie geskep. Want Ek is God, Ek is God se enigste Seun, Ek is intiem naby met God en daarom is Ek die een wat God op hierdie manier bekend gemaak het” …

“My bekering” … Petrus, jy het jou bewustelik in hierdie verhouding begeef, jy was ongelowig, vol van twyfel, wanopvattinge, en misplaasde doelstellings en ideale, maar jy het ingestem, gehoorsaam in die verhouding ingegaan. Ek het jou tot kindskap geroep. Ek het jou in hierdie verhouding ingelei. Petrus, sedertdien het Ek jou uit die verhouding Myself bekend gemaak en het jy algaande geleer wie en wat Ek werklik is, en sal jy leer Petrus, wie en wat Ek is. Jou geloof en twyfel Petrus, dit is in My gefundeer, jy vind die fundering van jou geloof altyd in my Persoon. Jou twyfel Petrus, sal sy vernietiging vind as jy jou geloof in My stel. Want Ek openbaar en maak Myself deur die eeue bekend.

Petrus, jou toewyding en volharding bestaan nie uit pogings om My te behaag of uit pogings om My te beïndruk nie. Jou toewyding en volharding bestaan uit dit dat jy net voordurend in verhouding tot My sal staan. Byv. in gebed, Bybelstudie, geloofsafhanklikheid en gemeenskap met ander gelowiges, steeds die verhouding beleef en van uit die verhouding leef. Dit is nie gefundeer en bekragtig in jou aktiwiteit nie, maar in My persoon.

Johannes 3 … om deel te hê aan die persoonsgesag van Jesus in ’n persoon se lewe is dit nodig dat ’n persoon weergebore moet word. Hy moet ’n persoonsverandering ondergaan. Die persoonsverandering bestaan nie uit menslike aktiwiteit nie, maar dit is die gevolg van God se optrede in die lewe van ’n persoon. God nader ’n mens deur Jesus en ongesiens en sonder sigbare tekens stel Jesus Homself aan die persoon, Jesus konfronteer die persoon, as God en op ’n goddelike wyse soos Jesus dit doen.

Die reaksie van so ’n mens wat Jesus Homself bekend gestel het, sy onderwerping aan die persoonsgesag van Jesus, sy erkenning van Jesus se aanspraak op grond van Sy liefdesverhouding tot hom, hierdie verandering word gelyk gestel aan wedergeboorte, die toetrede tot ’n nuwe lewensruimte. Hierdie toetrede tot ’n verhouding met die Vader is die wese van wedergeboorte. ….”

“Lewende Fontein” … Die ewige lewe bestaan daaruit dat ek in ’n intieme liefdesverhouding tot God leef. Petrus, die mens het ’n behoefte daarna om in ’n intieme verhouding met My te leef, hulle en jy ook het daardie diep verlange om My liefde te ervaar ….

Joh. 6 … Die lewe van die gelowiges wat Christus hulle skenk, berus op ’n besondere geestelike band met Jesus self; op ’n baie intieme gemeenskap met Hom, so intiem dat dit deur die beeld van vlees en bloed voorgestel word. ….die gelowiges het gemeenskap met Christus wat met die intiemste lewensgemeenskap met die Vader staan. Daarom het hulle in Christus ook die intiemste gemeenskap met die Vader … Petrus, jou enigste boodskap wat jy ooit namens My mag spreek is die wat jy van My geleer het, nie die lering en onderrig wat jy uit jou studie en teologie put nie, maar slegs wanneer jy gemeenskap met My gehad het ….”

Aan die begin van 1977 stel ek weer: “ Elke keer het U my tot ’n persoonlike, intieme lewende verhouding met Jesus gelei waar ek myself en nie my werk of lewe of iets gegee het Vader, ja myself in en aan U Heilige Gees oorgegee. ” Die bronne vir hierdie intimiteit gee ek soos volg aan 1.)Watchman Nee 2.) Romeine Bybelstudie, Studie oor die vervulling met die Heilige Gees 3.) Johannes studie. 4.) die Jeug-tot Jeug aksie. 5.) die CSV 6.) Skool verwisselingskamp 7.) Straatwerk (20.01.1977)

In my derde jaar moet ek ’n keuse maak tussen Bybelkunde of Wysbegeerte. Ek wou nie. Ek het spesiale toestemming by die filosofie departement gaan vra om meer vakke te mag vat as wat vir die kursus toelaatbaar was. Hulle laat my toe. Dit het my nog ’n jaar van vrye, konfronterende en kreatiewe denke gegee.

In hierdie jaar het ek filosofies teen Derick van Heerden begin uitsak wat al beter en beter geword het. Derick se vriendskap was vir my hierdie jaar ’n steunpilaar. Ons het saam gefilosofeer in die kafeteria saam met Geoff wat uit die Presbiteriaanse tradisie gekom het. As Presbiteriaan was Geoff sterk teen die Charismatiese geestelikheid gekant. In hierdie vriendskap kon ek my eenkant hou van die admissiebond en die geestelikheid wat hulle in die KJA bedryf het.

In my persoonlike godsdienstige lewe probeer ek ’n persoonlike intieme verhouding, dit is ’n identiteitsverhouding met God, te beleef en uit te leef. Maar ek kon nie die vaardighede van hierdie intimiteit met God my eie maak nie. Hierdie “geestelike vaardighede” waarmee ek met God moes een word, het my elke keer van een identiteitskonflik na die ander laat rondval.

Ek was verstrik in die duisternis dat ek my eie verdraaide opvattings, my eie waardelose waardes en menslike pervershede geglo het as God se eie liefdesgevoelens en innighede vir ander mense en hulle sin as liefde vir my. Omdat ek nie regtig hierdie geestelike mag kon bemeester nie, het ek geglo dat ek God nie regtig liefhet of kan liefhê nie.

Ek het hierdie intimiteit met God en my naaste aanhoudend in Bybelstudie en gebed verwoord en as innigheid probeer uitleef. Hierdie onderdanige en inskiklike intimiteit met alles en almal het my verwar. Ek kon dit nie eien as ’n doelbewuste magstrewe binne ’n brutale magspel nie. My eie magsug moes ek in hierdie geestelikheid uitgeleef het as soeke na innigheid. In die proses het ek al meer grensloos geword in my self tussen mense terwyl ek in hierdie grenslose identiteit ander mense se persone, innighede en liefdes as my eie verhouding met Jesus probeer uitleef het.

Hierdie soeke en verlange na identifikasie met God het my elke keer afhanklik in verhoudings gestel omdat ek myself nie in hierdie identiteit kon bemagtig nie. Ek is die een wat moet gee, nie moet ontvang nie. In verhoudings het ek gedienstig uitgelewer gevoel aan die wil, drif en begeertes van ander, terwyl ek hierdie verdraaide opvattings vir myself as mooi verhoudings geglo.

Daarom het ek dit in die KJA en ander geleenthede instinktief vermy. Uit hierdie afhanklike verhoudings waarin ek myself met God geïdentifiseer het, het ek weg gevlug in selfisolasie.

**17. Die eerste breuk met die moderne Christelikheid en die einde van “persoonlike werk” vir die moderne Christelikheid.**

Met die begin van 1977 het ek nou twee jaar se volle akademiese opleiding gehad. Ek het Grieks en Hebreeus só bemeester dat ek myself in Bybelstudie kon behelp met goeie kommentare. Meer, in Bybelkunde het ek al die eksegetiese uitleg metodes en tradisies geleer.

In filosofie het ek al meer kreatief begin dink en my aangetrokke tot die eksistensialisme gevoel, juis om weg te kom uit die sisteemdenke van die wysbegeerte van die wetsidee, of te wel, “Christelike filosofie”.

Met die begin van 1977 het ek nie meer die persoonlike Bybelstudie metode gebruik in die uitleg van Johannes waarin ek elke vers as God se persoonlike woorde wat op my betrekking het, uitgelê het nie. Tydens die laaste deel van die vakansie in Januarie 1977 doen ek Bybelstudie by ons huis op perseel 62 Mapleton.

Onder mnr. M.A.V. van der Merwe het ek einde 1976 ’n werkstuk gedoen oor die Christologiese en Messiaanse titels in die evangelie Johannes wat my uit die persoonlike intieme identifikasie met die Skrif gerig het. Dit het my gehelp met die eerste breuk in my identifikasie met God:

““My Vader” dit dui op ’n unieke verhouding tussen Jesus en God wat nie deur die mens gedeel word nie. Hierdeur sê Jesus ook dat Hý die Messias is, die Seun van God. … “**Jesus is God. Hy is die Een wat tot hierdie gesag aangestel is.** Jesus staan in ’n besondere verhouding tot die Vader. Die Vader het die Seun lief en het alles in sy hand gegee. Jesus het alles in sy mag. Alles staan onder sy gesag.

Jesus verkondig dit wat direk met betrekking tot God ons Vader staan. Jesus kan dit doen. Hý staan in dié verhouding tot die Vader. Hy ken die Vader persoonlik. Hy kom van die Vader af en daarom getuig Hy en is sy getuienis die ware getuienis.

Die ironie lê daarin dat die mense nie Jesus se getuienis wil aanvaar nie. Wie in Jesus glo as díe Persoon: as God wat juis in díe besondere verhouding tot die Vader staan, wie aan Jesus gehoorsaam is, het die ewige lewe. … Hieruit formuleer ek die boodskap … “Petrus jou verhouding tot jou mede-Christene is die van die vriend van die bruidegom. Petrus, Ek is God, Ek is die Een aan wie die kinders in afhanklikheid leef. Hulle leef in gehoorsaamheid aan My en hulle staan onder My sorg en liefde. Jy is die vriend van die bruidegom, Petrus, jy moet jou verheug oor die feit dat hulle al meer onder my sorg, liefde, my gesag leef en al minder op jou steun. Jy is nie die Christus nie, Petrus, Ek is die Christus. Ek is God. Ek is Here.”

Met hierdie Skrifuitleg en  werklike aanspreek deur die werklike inhoud van die Skrif, kon ek my self nou vir die eerste keer op ’n manier buite hierdie identiteitsverhouding met God stel waarin net Christus staan. Dit is presies net die teenoorgestelde wat ek ’n jaar vroeër gedoen het toe ek myself in ’n direkte vader en seun verhouding met God gestel het.

Ek skryf in gebed teenoor hierdie Skrifwoord: “ Vader, ek bely voor u dat ek die Christus in mense se lewens wil wees. Ek wil hulle onder my liefde, my sorg, my gesag hou.  … Vader dankie dat U my vergeef het, dat U weer met my praat.”

Ek het geweet dat hierdie ’n geloofsdeurbraak is en herhaal die boodskap vir myself soos volg: “ Petrus, jy is nie die Christus nie. Dit gaan nie daarom dat jy mense aan jou sorg, en liefde en gesag hou en bind nie. Ek is die Christus, Petrus, Ek is die Seun van die Vader.  Die Vader het Mý lief en het díe gesag aan Mý toevertrou. Petrus, Ek staan in hierdie besondere verhouding tot my Vader. Ek ken Hom, Petrus, Ek kan getuig wat die lewe behels en Ek weet wat die Vader se wil is. Daarom, Petrus, die wat in my glo, die persoon deel hieraan, ja Hy leef die ewige lewe. Wie egter nie gehoorsaam aan My, aan My afhanklik en onder my sorg lewe nie, hy staan steeds buite die verhouding en is veroordeel, bly veroordeel.” (Jan. 1977)

Uit hierdie onderskeid het ek in een helder oomblik in 1977 terwyl ons as admissante godsdienstig gesels en debat met mekaar voer, dit openlik gestel dat dit nie moontlik is dat God in my kan wees nie. Dit is deur my mede-admissante in Afslaan koshuis as “my filosofie” afgemaak.

Hiermee het ek gebreek uit die identiteit waarin ek my as die seun in die Vader-seun verhouding wou inleef, maar ek bly nog in die identifisering met God deur die inleef van ’n persoonlike verhouding met God. Ek staan nou nie meer met God in ’n direkte vader-seun verhouding nie, ek staan in ’n intieme verhouding met die Seun wat in ’n direkte Vader- Seun verhouding met God leef.

Dit het ek tot en met 1979 elke keer as die kern van my godsdiens ingeleef en voorgeleef. Direk na ek my self uit my identifikasie met God as sy eie seun losgemaak het, stel ek uit Johannes 4:

“ Petrus, die mens het ’n behoefte daarna om in intieme verhouding tot My te leef, hulle en jy het ook daardie diep verlange om my liefde te ervaar.”

Vir die volgende twee en ’n half jaar sou ek keer op keer geloof en identifikasie met God as dieselfde stel deur dit wat ek die intieme liefdesverhouding met God noem. Dit was my bewoording van die inleef van myself in God se Persoon, krag en wil as my eie persoon, krag en wil, maar wat ek verskuil in die danige nederigheid dat ek “niks” is nie. Al verskil is dat ek myself nie meer as die Seun van die Vader in God ingeleef het nie, maar nou het ek hierdie identifikasie as gawe van Jesus Christus gesien wat Hy as God se Seun in my gestalte aan gee. “Petrus, alleen noue omgang met My as die lewende God, geloofsgemeenskap met My werke, gee lewe aan jou. Namate jy in hierdie gemeenskap leef, Petrus, ontplooi en ontwikkel en kom hierdie lewe in jou tot openbaring. Hierdie lewe berus op ’n geestelike band tussen jou en My. Petrus, en daardeur kom jy in gemeenskap met die Vader, want Ek staan in hierdie mees intiemste lewensgemeenskap met die Vader.” (Jan. 1977)

Deel van my gevangenisskap in hierdie identifikasie met God was dat daar geen kritiek, geen onderskeid en geen alternatief in die NG Kerk se prediking van die kansel teenoor hierdie identifikasie met God gestel was nie. Ek het probeer om elke diens in Aucklandpark studente gemeente by te woon, oggend- en aanddiens. Die studente leraars het feitlik deurgaans hierdie identifikasie met God in hulle prediking bevestig, aangemoedig en uitgebou.

Enige vorm van leiding teen hierdie identifikasie met God, het ek dadelik aangevoel, aangeneem en my dan van die identifikasie met God gedistansieer. Op die 12 de Februarie 1977 lei dr. Botha die aandgodsdiens in die dameskoshuis Benjemyn oor die bekering van Paulus op die Damaskus pad.

Dit maak dat ek breek met die ingesteldheid om mense te bekeer met die gespreksboekies van die Jeug-tot-Jeug Aksie. Na hierdie insident het ek nie weer ander probeer bekeer soos ek deur die CSV bekeer was, deur die Jeug-tot-jeug aksie opnuut tot bekering gekom het en by die skoolverlaterskamp by hernuwing weer tot bekering gekom het nie.

“Vader vanaand het iets my diep getref toe ek na dr. Botha se boodskap geluister het. Vader maar hoe geldig dit is en of dit die werklikheid van die evangelie is, weet ek nie, Vader. Vader, ek bid U, lei my met die Heilige Gees in die werklikhede van U evangelie, dat ek nie sal dwaal en in my eie denke en opinies sal verval nie, maar steeds in afhanklikheid deur U Gees in die heerlikheid van ’n verhouding met die lewende God te lei. Vader dat ek nie in my eie bygeloof en godsdiensbelewing sal verval, maar slegs in U liefde sal leef. O, geduldige en gesagvolle Vader, het ek nie miskien soos Paulus in alles die geregtigheid nagejaag maar intussen Christene vermoor nie, Vader? Vader dat ek steeds gestreef het om U heiligheid in alle omstandighede uit te dra, maar daardeur Christene as goddeloses en onverstandiges t.o.v. kennis en belewing van U uitgeskel het? Vader, was dit so? Staan ek net soos Paulus skuldig aan moord op Christene?

Here ek dink nou aan Johan wat al CSV kringleier was, wat ek in my gedagtes as nie-Christen gehou het? Ook vir die ander studente hier in Afslaan. O Here, ek was so dwaas in my ywer, misplaasde ywer vir U. Vader wys my hoe ek moet ophou om die gemeente te vervolg en in liefde met hulle te begin lewe. Here as ek dwaal, as ek aan druk van pessimistiese toestand of god-vreemde mense besig is om toe te gee, Heilige Gees, lei my. Maar as ek U kinders vermoor het deur my voortvarendheid – Here Jesus bid ek dat U my sal lei en wys wat presies U van my in die lewe verwag. Here, U is my God!” (Dagboek 12.12.1977)

Met hierdie breuk het ek nou verder uit my identifikasie met God uitgekom. Ek is nie meer die een wat ander lei om met God in my te identifiseer nie. Meer, ek herken myself in hierdie werk wat ek in die CSV, Jeug-tot-Jeug-aksie, skoolverlaterskamp en straatwerk in Hillbrow gedoen het, as iemand van gelowiges veroordeel en vervolg. Ek het egter geen geloofsverwysing of Skrifinhoud gehad waarin ek vir myself kon erken dat hierdie persoonlike verhouding die drif was om liefde as mag te wil ervaar nie. Ek kon ook nog nie die onderworpenheid wat ek as liefde moes glo, raaksien nie.

Die breuk was egter beslis. Die aard van die breuk was persoonlik. Ek het dit nog nie gesien as ’n breuk met die hele inhoud en bediening van die CSV en die kerk se geestelikheid nie. Dit was vir my nog net ’n breuk met persoonlike misplaasde geloof wat ek persoonlik sou gehad het.

## 18. Die spanning van die lewe in die koninkryk van die moderne Christelikheid en die breuk met die geestelikheid van die moderne Christelikheid.

Hierdie breuk het my gedwing om ’n ander inhoud vir geloof te soek as identifikasie met God. Dit het ek nou in my Bybelstudie met die akademiese vaardighede wat ek aangeleer het, gesoek in die Skrif en uit my Bybelkundelesings by dr. Swanepoel, dosent in Ou Testamentiese wetenskap.

Waar ek met my bekeringsdrif moes breek, het ek nou geestelike inhoud probeer vind in die “koninkryk van God”. In hierdie tyd lees ek as persoonlike studie: “ De

komst van het koninkrijk” van dr. Herman Ridderbos en “Lewende Christendom ’n Teologie van gehoorsaamheid” van prof. JA Heyns. Hiermee betree ek die teologie as die Christelikheid van die wysbegeerte van die wetsidee. Dit was ook vir myself eintlik innerlik teenstrydig, want filosofies het ek myself tuis gevind in die eksistensialisme.

Ek het eers uit my Johannes Bybelstudie probeer om geloof anders te vind as identifikasie met God, sonder dat ek geweet het dat ek met hierdie onderskeid worstel. Ek kon egter nie die verskil op geloof en identifikasie deurbreek nie omdat ek nie kon onderskei tussen Jesus as lewensrolmodel en Jesus as die Vervuller van die beloftes van God nie.

Godsdienstig was daar ook nie ’n verskil tussen die “liefde wat die koninkryk van God realiseer” en die innigheid met die innerlike van God self nie. Om jouself in God se wese in te leef of om jouself te sien as een wat deur jou menslike liefde God se koninkryk gestalte gee, is al twee maar net verskillende maniere van identifikasie met God. My identifikasie met God het ek nou probeer voorleef as die wonder van die koninkryk van God. Ek was nou binne die sintese van identifikasie met God deur die filosofie van die wetsidee. “Die momentele aard van geloof: geloof is nie as algemene geloof in Jesus maar in ’n bepaalde situasie waarin ek ’n aspek van of in my verhouding met Jesus beleef. Geloof is ’n handeling wat ek uitvoer. Geloof is ’n lewenshouding, ’n wyse van of die manier waarop ek my verhouding in Jesus beleef, t.o.v. alle lewensproblematiek. … Vader, dankie dat ek in U kan glo, Vader dat U dit vir my moontlik gemaak het om te kan glo. U het U enigste Seun gegee op aarde, Here in Hom kon ons as mense God leer ken en in elke lewensaspek sien hoe Jesus U wil bevestig het. Here Jesus dankie dat U my daagliks leer om my lewe tot U uit te leef. … Vader ek wil U dank vir die groot wonder wat in my lewe besig is om te ontplooi wat nie my belange soseer sentreer nie – Vader die wonder van die koninkryk van God. ” (16.02.1977)

Saam met hierdie verbintenis tot die “koninkryk van God” vind ek in die voorsienigheid van God in dr. Swanepoel se lesings oor die boek Rut ook ’n ander inhoud vir geloof as identifikasie met God: geloof in die voorsienigheid van God. “Die sosiale opset is die Salomoniese tyd. Die ou stamstelsel verval en maak plek vir gekompliseerde stadslewe… die verskuiwing van ’n landelike na ’n stadsmilieu – binne hierdie nuwe milieu word nie alles meer gesien in die perspektief van God wat aktief handel nie. … God is aanhoudend besig om met die mens te handel en hierdie handeling stuur en werk volgens ’n plan. God kyk verder sorgsaam toe oor die lewens van sy skepsels. God se totale voorsienigheid vir sy kind. Hierdie voorsieningheid van God word nie raakgesien nie maar word teruggetrek binne die sfeer van kasualiteit. Daarom is God se aktiewe handeling in die lewe van die mens verborge betrokkenheid. God se bemoeienis en sorgsame handeling met sy mens word voltrek in die daaglikse en normale gevoelens en hoop wat dit motiveer. God se handeling is menslik. Dit is die besondere aard van God se handeling as vreugde in die mens wat volg uit geloof. Geloof as die sfeer waarin hierdie verborgenheid van God en

sy goddelike handelinge lê, d.i. geen toweragtige of magiese – maar slegs die geloofssfeer.” (18.02.1977)

In die breuk met die dwang om te moet “getuig”, verval ook my die drif om “geestelik” te wil wees deur God se wese in my te wil ervaar. Daarmee verval die onderskei “vleeslik” en “geestelik” in myself en daarmee ook tussen my en my medestudente.

God se voorsienigheid en sy gesag om Here te wees, het nou vir my die “koninkryk van God” geword. Ek het eintlik daarmee een vorm van identifikasie met God net aangepas en omvorm na ’n ander vorm van identifikasie met God: van wesenseenheid met God tot eenheid met God in sy gesag en wil.

Hierdie filosofiese vryheid het egter vir my nou die vryheid gegee om nie meer myself in ’n binne-geestelikheid met God in te keer terwyl ek myself van my medemens afsluit nie. ’n Binne-geestelikheid waaruit ek net uittree wanneer ek ander mense in my eie binnewêreld wil inkeer. Dit het ook gemaak dat ek nie meer minderwaardig in myself hoef te voel oor wie en wat ek is omdat ek nie “geestelik” maar “vleeslik” sou wees nie.

Maar nou moet my “gewone lewe” egter weer God se goddelike bemoeienis met mense vergestalt. Waarvoor ek ook geen geloofsinsig gehad het of kon hê in die blindheid waarmee ek met God geïdentifiseer het nie,  was dat ek nou net een vorm van minderwaardigheid en ondergeskiktheid teenoor God vir ’n ander vorm van minderwaardigheid teenoor en ondergeskiktheid aan God verruil het.

Eers was ek in wat ek as persoon en mens is teenoor die goddelikheid wat ek moes wees, te minderwaardig. Nou gaan ek teenoor die afhanklike ondergeskiktheid aan die wil en gesag van God in elke terrein van my lewe in ’n staat van permanente minderwaardigheid leef, omdat my liefde nie goed genoeg is om God op al die terreine van my lewe te verheerlik nie. Eers moes my persoon die wese van God vergestalt, nou moes my hele lewe God se koninkryk vergestalt. So bly ek ’n uitbeelding van God.

“Here ek wil U loof, Here want ek besef al hoe meer dat U waaragtig God is. Vader, dat U nie maar net ’n dooie geskrif is nie, maar dat U die enigste lewende God is. Vader U lei my hiermee in die wonderwêreld van geloof binne. Vader, ek het altyd die gewone daaglikse as normaal aanvaar, as dit wat maar so moet wees. Vader maar nou glo ek dat U hand in alles is, en Vader, dit gee ’n ander betekenis aan elke aspek van my lewe. Ek dink byv. Aan my gevoel van magteloosheid as Christen, en ook my minderwaardigheidsgevoel, Here dit is iets waarvoor ek U wil dank want nadat U my nou die dag op my bekeringsmentaliteit gewys het, het daar so radikale verandering in my verhouding met myself en my medemens gekom Vader.  Vader ek leef nie meer met die bekeringsmentaliteit en ook nie meer met daardie minderwaardigheidsgevoel nie, veral ten opsigte van koninkryk in hierdie wêreld nie, Vader. O Heilige Gees dankie dat U my in hierdie wonderlike realiteit van U koninkryk lei, Heilige

Gees dankie dat ek kan glo dat u die ware realiteit, die volle werklikheid van ’n verhouding met U, die sorgsame en liefdevolle God is. Here Jesus ek glo dat ek nie net deur my denke, my gevoel en drifte gelei word, maar juis dat hierin U liefdesarbeid gerealiseer word in hierdie alledaagse, Vader. Vader, dankie dat ek ook nie nou meer ’n gevoel van pessimisme oor dinge wat verby is hoef te hê nie. Dankie dat ek ook nie meer ongelukkig hoef te wees nie en dat wanneer ek byvoorbeeld die studente lewe geniet dat ek nie moet dink dat ek my nie meer plig as Christen teenoor medekoshuismaats vervul nie en nie meer myself van alles en almal hoef te onttrek nie. Here Jesus, nou kan ek glo dat elke aspek U liefdesarbeid, U goddelike bemoeienis vergestalt.” (18.02.1977)

In die breuk om ander te moet beker het ek ook begin om uit die sug na egoloosheid van godsvervulling weg te keer. Die ervaring van die Jeug-tot-Jeug Aksie se boekie “Is Christen-wees vir u ’n avontuur?” was nou nie meer deel van my geloof en godsdiens nie. Ook nie meer my verbintenis tot boekie drie om mense te bekeer nie. Dit het beteken dat ek nie meer myself en wat ek is voor God hoef te ontken nie.

Hiermee het ek uit my egosentriese identifikasie met God uitgebreek waarin God alles wat Hy is volgens my lewenservarings en lewensvraagstukke moet wees. Met die geloof in die koninkryk van God kon ek nou myself vind in God se wêreld wat iets ander is as my eie geleefde binne-wêreld. Hiermee kon ek ook vir die eerste keer op ’n manier begin om afgodsdiens raak te sien en te noem vir wat dit is terwyl ek dit probeer onderskei van godsdiens. Ek kon nou begin te onderskei tussen God en afgode. Binne die egolose godsvervulling was dit voorheen nie moontlik gewees nie.

“Liewe Jesus, ek glo dat hierdie week een van die grootste weke in my lewe was Vader. U het my hierdie week in ’n groter heerlikheid gelei van U goddelike evangelie. … Ek aanbid U omdat U God is. Ek aanbid U Vader omdat U Naam, U wese my tot stilstand dwing. Ek wil in die volgende dae my lewe tot U deurgaan en in die lig van wat U vir my gesê het my lewe weer in oënskou neem… Vader U het die week vir my gewys dat dit alles gaan om U in die wêreld te verheerlik. Dat U nie daar is om mý te verlos, om mý lief te hê, Vader of om mý te versorg nie, Vader, Vader, maar dat U evangelie daarop gerig is om U te verheerlik. Om U gesag en heerlikheid bekend te maak in die wêreld en in die lewens van mense. Vader, ek bely dat my lewenswyse U te na gekom het, want ek het van U ’n afgod gemaak. Ek wou hê U moes my van my persoonlike probleme verlos, U moes mý bewaar, mý liefhê. U moes die mense in die koshuis verlos van hulle lewenswyse, U moes hulle help in hulle daaglikse lewe U moes sorg en bewaar van die bose ter wille van hulle self.” (26.02.1977)

Uit die greep van die afgodsdiens kon ek steeds egter nie kom nie, omdat ek nie my intiem persoonlike identifikasie met God as sonde kon herken het nie. Ek het nou met ’n nuwe vorm van identifikasie my in God ingeleef: deur my verhouding met God te leef as “God se gesag deur my gewone lewe”.

Ds. Madder Steyn preek op 27.02.1977 oor die belydenis van Petrus uit Matteus 16 en ek stel vir myself: “Petrus, jy ook het in hierdie week My meer leer ken vir wie Ek is: dat Ek nie ’n bekeringsgod, ’n verlossingsgod, ’n duiweluitdrywer, ’n allemansgod is nie. Nee!

Ek is God, die Almagtige Vader, Skepper. Ek het myself hierdie week so aan jou bekend gemaak: deur die lesings en gesprekke het jy tot hierdie besef gekom: jy moet My nie tot ’n afgod deur jou optrede maak wat in jóú diens moet staan nie. Ek is die lewende God. Hierdie is ’n ommeswaai in My verhouding tot jou. Nou kan Ek op ’n meer intiemer basis my verbond, My evangelie, My verhouding as God tot jou bou.”

“ … Vader ek wil amen sê op U gesprek. Vader hierdie week wat verby is, ek glo dat dit ’n week is waar U soveel aan My gewys het, my Hemelse Vader, dat ek voortaan nooit weer in dieselfde verhouding met U sal kan leef nie. Vader, die feit dat U God is, dat die mens U moet verheerlik in sy lewe en U as God in alles in liefde moet dien. Dit gaan nie om die verlossing van die mens, die liefde wat U vir die mens het, die genade wat U deel nie, maar dat U handeling Godgesentreerd is. Dat U handel om U goddelike heerlikheid te beskerm en U self laat geld as God die Almagtige Vader, dit het ook my hele lewe beïnvloed.

Daarom wil ek U grootmaak. U loof vir dit wat U is, vir dit wat U in my lewe is. Vader in die tydperk voor verlede week het ek U so baie keer eintlik tot ’n afgod probeer maak. Vader, ek het U as die Verlosser van al my persoonlike probleme gesien, my verhouding tot myself: die feit dat ek myself leer ken vir wat ek is en nie wat ek nog altyd gedink het wat ek is nie. … en Vader daar waar dinge nie geloop het soos ek dit wou gehad het nie, daar het vir my nog ’n geestelike krisis ontstaan: is U dan werklik God? Vader en ek het nou tot die besef gekom dat “god” dood is, die godsbeeld wat ek soms vir my gestel het, was nie U nie. Daarom was díe god dood, kon ek nie sy werking, in my lewe, in die koshuis, in die wêreld sien nie, …

Vader … dankie dat U my gewys het dat U nie los van my probleme staan nie, maar dat u handel soos dit U heiligheid pas … Vader hierdie misplaasde beeld van U het soveel implikasies vir myself en U gehad: ek moes my eie persoon verkrag om ’n allemansvriend te word- om U genade aan hulle bekend te stel en dit het baie gevolge vir my persoon gehad, Vader: om ’n soort algemene liefdeshouding in te neem ter wille van liefde, ter wille van die mens se eie voordeel, ter wille van die mens se verlossing omdat jy jammer is. Vader dit is eerder deel van die passivisme en humanisme, asook die anti-god houding as om U heerlikheid uit te dra. … Vader ek wil bid dat ek nou in en met hierdie nuwe perspektief en belewing van my verhouding tot U, U nou nie weer as die afgod van my selfhandhawing, van my identiteit, die afgod van sukses of die afgod van genadeloosheid sal afplat nie.

Vader dat ek U nie weer tot my persoonlike lewe sal verkrag, Vader, maar dat ek U as God, as Here, sal aanbid.” (Dagboek 27.02.1977).

In my geloof het ek ’n sintese gemaak tussen “my intieme verhouding met God” en “afhanklik stel” en “onderwerp aan die gesagsaanspraak van God in al die terreine van my lewe”. My intieme verhouding met God het nou gegaan oor die identiteit van God se gesag en my onderwerping en uitleef en uitdra van sy gesag in die lewe. “ “Maak erns met hierdie aspek, hierdie wat vir jou gesê is, t.o.v. die verhouding wat daar tussen jou en God is. “Hierdie aspek in die liefdesverhouding, die gesagsaanspraak van God in jou lewe. Gee aandag daaraan. Maak erns daarmee. Die erns wat jý maak met jou

liefdesverhouding wat Jesus met jou gesluit het, die koninkryk van God, in dieselfde mate wat jy daaraan aandag gee, sal jy daaruit put en nog meer.” (Hemelvaart 1977)

Met die verval van my bekeringsdrif en innerlike identifikasie met God se wese om God in my persoon vir ander mense te vergestalt, begin ek twyfel of ek nog predikant moet word.

Ek begin ernstig eerder ’n akademiese loopbaan oorweeg en dit in Wysbegeerte. Die aanmoediging en ondersteuning wat ek van mnr. Kirsten, wysbegeerte-dosent kry, maak ook dat ek al meer voel om nie meer predikant te word nie. Ons was besig met lesings oor Neo-Marxisme en die filosofiese gesprek tussen Habermas en Popper. Die druk van Marxisme en die ideologiese oorlog waarin ons was, het my die verantwoordelikheid laat voel dat ek moet help werk aan ’n Christelike alternatief.

Die gevoel dat ek God se gesag moet erken en my self daaraan onderwerp, en die geloof dat God deur my ander mense ook aan sy gesag onderwerp, maak dat ek nie meer duidelik tussen aktivisme, politiek en koninkryk van God kan onderskei nie.

Veral met die druk wat die politiek van 1977 op die studente gemeenskap geplaas het. Die druk was dat ons as Christene die wanverhoudings in die land moes regkry met ons persoonlike verhouding met God wat ons na ander mense moes uitstraal. Op hierdie wyse sou ons die liefde van Jesus uitdra en die Koue oorlog oorleef.

Wat ek nie vir myself bewustelik kon erken of kon raaksien in my akademiese idealisme nie, was dat ek nie meer innerlik gefokus, en eintlik nooit innerlike gefokus was, om predikant te word nie. Ek het met skuldgevoelens my self aan die visioen van ds. Kuyler op Hartenbos onderwerp, maar nooit weer enigsins, behalwe met die eksamenkommissie van 1978, my op hierdie visioen beroep nie.

Met die breuk uit die bekeringdrif en drif dat God as persoon in my lewe gestalte moet kry, het die geestelikheid van die Jeug-tot-Jeug Aksie en die druk dat ek deel van God se plan is, ook in my verval. Daarmee het my motivering om predikant te word eintlik ook verval. Ek het dit deeglik aangevoel en het nie meer geweet of en hoekom ek met my studies moes voortgaan nie.

In die nuwe koninkryksideaal het ek my motivering om verder as predikant te leer teruggevind. Hierdie keer was dit nie iemand anders se visioen nie. Hierdie keer is dit ’n gemotiveerde besluit wat ek neem.

“Here U het my vier jaar gelde opgeroep om vir U koninkryk in te tree, Vader, om U evangelie te verkondig, die mensdom te vertel dat hulle God nou as hemelse Vader in Jesus Christus mag aanbid. … Vader juis die feit dat u my geleer het om U gesag te realiseer in alles, juis dit het my gedryf om my leierstalent te gebruik om as Christen juis erns te maak met die verantwoordelikheid wat U aan ons as u skepsels toevertrou het Vader, om deur ons hande-arbeid, ons vaardigheid die skepping uit te bou en te onderhou. … Vader daarom die

konflik om ’n politieke loopbaan te volg om deur as Christen die politieke krisis te deurstaan deur my verantwoordelikheid en kragte te gee, ek die krisis as Christen sou hanteer, dat ek daardeur die geloofsdimensie kon uitbring in die politiek Vader, want ook dit kan en moet in verantwoording teenoor U geleef word. Vader, veral na gisteraand toe ek die mag, die ontstellende vernietigingsmag van die kernwapens besef het, Vader in die hande van ’n imperialistiese Rusland, wat in alles U verag en probeer onteer en aan die anderkant, Amerika, siek van skuldgevoel en kruppel aan hierdie skuldige gewete wat swak vertoon teenoor hierdie Russiese mag. Vader ook die dreigende onrus hier in ons land wat wortel in die wanverhoudings van menslike verhoudinge, Vader ook die moreel-etiese implikasies van die besluite wat hierdie leiersfigure op politieke gebied moet maak Vader: die toelaat van perdewedrenne, die toelaat van vernietigende lektuur … Vader U het die verantwoordelikheid aan ons gegee om in alles ’n lewenstyl te leef, te ontwerp en uit te bou wat van  wat van verantwoording teenoor U sal getuig, dat dit ook ’n geloofshandeling sal wees waar ons bewustelike liefde aan U en ook aan ons medemens en liefde teenoor onsself sal realiseer… Vader en ek weet nou dat ek nie die verantwoordelikheid ontduik deur myself as leraar, as verkondiger van U Woord te bekwaam nie, want die politieke realiteit is nie die allesoorheersende – maar ook net ’n deelstruktuur… Vader daarom stel ek myself na hierdie keuse weer beskikbaar – om deur ’n geloofslewe en studie in U Woord myself te bekwaam as verkondiger van die evangelie wat Jesus aan ons gebring het. Vader neem U die offer aan. Gebruik my in U gesagsontplooing; U koninkryk.” (Dagboek 24.06.1977)

Met die verval van my “geestelike” lewe begin ek nou deelneem aan die studente lewe wat ek vroeër redelik vermy het. Die eerste naweek gaan ek op ’n landlooptoer na Port Elizabeth en verteenwoordig RAU. Dit is die eerste keer sedert matriek dat ek weer aan georganiseerde sport deelneem. In dieselfde tyd begin ek myself al meer erken en toelaat om my eie persoon te vind buite die identifikasie met God. Dit maak dat ek my eie drifte en persoon moet erken en dit nie meer kan ontken in ’n egoloosheid nie. Dit stel die hele werklikheid van my eie magsug en gedisassosieerdheid vir myself aan die orde.

Ek het egter geen verwysing om dit te hanteer nie en dit skep vir my een verwarring op die ander. Die nuwe “koninkryk” wat ek gevind het, was die koninkryk van die wysbegeerte van die wetsidee wat professor Heyns verchristelik het as die God se ryk. Dit sou baie jare later eers vir my duidelik wees toe ek Christus se genadeheerskappy ontdek het as iets anders as God se wetsheerskappy.

Vir die minderwaardigheid van hierdie geestelike selfloosheid het ek nou in ’n nuwe geestelike minderwaardigheid ingegaan: die ondergeskiktheid aan God deurdat ek nie sy gesag deur liefde wil realiseer nie. “Vader ek wil dit vanaand teenoor U erken veral t.o.v. my ideale in my lewe, want Vader my ideale is gegrond in hierdie grootheidswaan. Vader dit is nie net die besef van waardigheid in verhouding tot myself, my lewenstaak en ideaal en medemens nie, maar hierdie verterende meerderwaardigheid, waarin ek myself net in die sentrale en leiersposisies wil sien. Vader dit deurtrek my hele wese. Vader daarom die ideaal om akademies verder te gaan, want daardeur het dit om

selfbevestiging, selfverwesenliking as magsfiguur gegaan … Vader maar nou besef ek dat dit nie so kan wees binne U kindskap waarin ek nou leef nie. Vader dat in hierdie posisie, status wat ek nou beklee, Christen, dat ek my nie ten volle onder die gesag kan stel met so waan nie. … Vader ek glo nou dat ek nie die liefde tot U kan leef met so ’n selfopvatting nie. … dat ek nie as Christen liefde kan skep en dat dit die uitbouing van U gesag in my lewe skaad … Vader ek glo dat dit die dryfveer was waar ek getwyfel het aan my geroepenheid as predikant. Want in die politiek of akademie het ek vir my groter eer gesien. Vader ek stel myself nou slegs tot U koninkryk tot beskikking, deur diens, deur liefde, deur sorg stel ek myself tot U beskikking Vader.” (30.06.1977)

Alhoewel ek uit die “geesvervulling” gebreek het, het ek egter nog aan my “bekering” by die Hoekie steeds vasgehou: “”Here Jesus ek het my lewe geleef en goed aangegaan. Ek het beplan om so voort te gaan. Maar U het daar by die Hoekie my aangegryp en my as kind aangeneem en sedert dien het my lewe verander…” Dit doen ek terwyl ek nie meer binne hierdie identifikasie my eintlik meer kon vind nie: “Here vandat ek by die huis is, nee, Jesus al van af die eksamen het ek hierdie opstand en weersin gevind om omgang met U te hê want dit was vir my nutteloos volgens my kriteria gemeet… want ek het nie meer, ek wou nie meer in intieme geloofsverbondenheid met U leef nie en ek weg van U geleef …” (Dagboek 12.07.1977)

Die druk wat op ons as admissante geplaas is, is dat ons ook “prakties” moet wees. Hierdie “praktiese Christenwees” was deel van die geestelikheid waarmee die ACSV en die Pinkster geestelikes hulle self teenoor ons laat geld het. Volgens hulle moes ons ook kerklik betrokke gewees het. Dit het altyd beteken om deel van hulle vroomheid te wees. Dit was ’n magshouding.

Daar is groot druk op my geplaas om te wys dat ek moet ook “praktiese ervaring” in die kerk kry en dat net akademie jou nie ’n goeie predikant maak nie. Ek het my self weer beskikbaar gestel vir die skoolverlaterskamp op Achterberg 18-25 Julie 1977.

Die medegeestelike raadgewers was almal produkte van die Jeug-tot-Jeug Aksie: Andre Brits, Sarel van der Merwe, Johan van Niekerk, Albert Hoffman en ook Willie Pieters wat medestudent was. Hulle was voluit besig was om die geestelikheid van die Jeugaksie uit te leef met opgewonde en entoesiastiese opgewektheid. Ek ontmoet hier vir Dawid Venter wat ek aan die einde van die jaar sou vra om die stranddiens na Natalia te lei. Hy tree anders op.

Die Bybelstudie uit Jona is maar weer die bekering en geesvervulling. Ek moet mense wys dat die Here hulle liefhet, wys hulle is sondaars, wys op Jesus die Verlosser, wys hulle moet God aanneem met Joh. 1:12, Openbaring 3:20 en Handelinge 16:31. In dieselfde Bybelstudie word ek gewys dat min mense ander na Jesus lei omdat hulle nog nie die krag van die Gees ontvang het nie.

Ds. Julian Müller, later prof. Müller, lei die lesings vir die skoolverlaters onder die tema “Voor die spieël”. Julian self stel die evangelie inhoud as God wat jou eers

skuldig bevind het en nadat jy voor God se regbank as skuldenaar staan, neem Hy jou plek in om die straf te dra. Hy beskryf weer geloof as ’n verhouding: “ Mens kan sê om te glo, is om in ’n verhouding met die Here Jesus te staan. Of anders gestel om jou vertroue op Jesus Christus te plaas en Hom te aanvaar en aan te neem as jou Verlosser. (vgl. Joh. 1:12)

Ek kon nie meer hierdie seuns op die kamp konfronteer soos wat ek dit sou doen ’n jaar gelede nie. Ek voer nie met een van hulle ’n gesprek om hulle na die Here te lei nie. Ek ervaar die verwarring dat ek nie meer “met die Heilige Gees vervul” is soos wat hulle in die Bybelstudie gewys het nie. Omdat ek nie hierdie druk op die seuns plaas nie, gedra hulle hul net soos seuns en ek los hulle uit. Twee seuns, Willem en George, voel die geestelike druk van die kamp en vra dat hulle terug huis toe gestuur word. Dit skep ’n wesenlike krisis vir die kamporganiseerders en hulle probeer hierdie seuns terughou. Ek besluit om hulle nie te probeer oortuig om te bly nie.

Ek probeer by Julian Müller se lesing oor geloof aansluiting vind en verwoord geloof vir myself as geloof in my verhouding met God en met mekaar. Daarmee bly ek steeds binne die identifikasie met God as ’n persoonlike intieme verhouding. Met hierdie kamp het ek nou geweet dat ek aan die buitekant van hierdie geestelikheid staan, al probeer ek dit weer en weer vir myself terugvind as persoonlike verhoudings en liefde van Jesus vir mekaar.

## 19. Die geloof in God se uitverkiesing volgens sy Woord maak my los van die binding van die “Hoekie-bekering”

Die oggenddiens van Hervormingsondag preek die studente leraar ds. J.F. Swartz in Aucklandpark gemeente uit Romeine 9: 11-13: “Toe haar kinders nog nie gebore was en ook nog niks goeds of kwaads gedoen het nie, toe is al vir haar gesê: “ die oudste sal die jongste dien. Daar staan ook geskrywe: Vir Jakob het Ek liefgehad en vir Esau het ek gehaat. Die besluit van God is gegrond in die uitverkiesing. Dit hang dus nie af van wat ’n mens doen nie, maar van Hom wat jou roep.”

Met hierdie preek verval my hele selfverstaan as ’n ongeredde en ongelowige mens wat by die “Hoekie” deur die CSV tot bekering gekom het. Ek het nog geen ander inhoud om teenoor my identifikasie met God te stel nie. Ek formuleer my aanvaarding van die Here se uitverkiesing as uitverkiesing om my onder sy gesag te stel, ’n intieme verhouding met Hom te hê en my onderdanig voor sy uitverkiesende mag te buig. Nie as uitverkiesing tot geloof in Christus nie, maar innerlik het ek my losgemaak van die “Hoekie” as die ervaring en dag wat my kindskap met God bepaal.

Na hierdie preek het ek baie duidelik en beslis nie meer vasgehou aan “my Hoekie ervaring” nie, maar “aan die Woord”.

In my gebede word dit nou vir my die manier waarop ek afstand kry tussen die identiteit wat ek met God beleef het. Ek wil nie meer God in myself vind nie, maar in sy Woord. Om God in sy Woord te vind bring vir my die afstand tussen my en God waarin ek nie meer my eie innerlike as goddelike aandoeninge beleef nie.

“Petrus, dat jy My kind is, dat jy in Christus Jesus glo en dat jy My gesag in jou lewe in geloof uitleef, is genade, slegs op grond van genade, want Ek het jou só begenadig dat jy my kind is in Jesus Christus en dat jy My in Jesus Christus in alles aanbid, is my genade wat Ek as God aan jou bewys… Here God, Jesus Christus my Hemelse Vader, ek glo en bely dat alles in my lewe U genade werking is Here. Dat ek in U glo, dat ek in geloof U aanbid in en deur my lewe, **dat ek met U gemeenskap het in geloof met U in Jesus Christus deur die Woord:** dit alles Vader is nie die vrug van my geloofsaktiwiteit nie, maar Here my geloof is die buig voor U genade oor my en daarom Here erken en bely ek en getuig ek van U as die een wat besluit het om in Jesus Christus U genade oor my te laat geld. Here, ek erken ook dat ek dat ek dikwels die feit dat ek U gesag in my lewe erken as ’n antwoord op U verlossing sien, Here maar nou glo ek dat ook dit die werking van U genade is, dat ek my in geloof moet buig voor U genade-werking in Jesus Christus om Here te wees in my lewe.”

Hiermee verval alle innerlike motivering wat ek nog kon gehad het om mense tot bekering te lei met die Jeugaksiegeestelikheid. Ek probeer egter nog die inhoud van geloof vind in onderdanigheid aan God terwyl ek terselfdertyd die inhoud van geloof as vertroue in onderdanigheid probeer vind buite hierdie identifikasie met God: “Vader gee dat ek hierdie geloof ook in getuienisse sal uitleef. Dat ek nie mense sal wil bekeer of oortuig om in U te glo nie Here. Want dit gaan daarom dat hulle ook net moet buig. Aanvaar in vertroue. U genade wat U in Jesus Christus bewys om U self aan hulle te openbaar deur U Gees en hulle met U te versoen.” Ek sou eers later jare leer dat hierdie “gedweeheid” is wat Martin Luther geleef het voor hy die geloof in die geregtigheid van Christus gevind het.

Geloof as vertroue, sonder hierdie onderwerping aan gesag en intieme identifikasie met God, bly my ontwyk, al voel en formuleer ek dit vir myself. Die krag om met God te identifiseer bly die verduistering van geloof as vertroue, vertroue sonder enige inlewing van myself in God of enige uitlewing van God deur myself.

Op 7 November woon en en Derick van Heerden die afskeidsfunksie van mnr. Kirsten by wat as professor na Port Elizabeth vertrek. Met die geleentheid gesels ek en Derick oor geloof in Christus en hy stel openlik sy afkeur en probleme met die CSV en die NG Kerk. Hy verwoord en formuleer al die konflikte en weersin wat ek self ervaar.

Na my gesprek met Derick doen ek Bybelstudie uit Markus oor Judas se verraad. Ek probeer weer myself vind in die geloof buite die identifikasie met God vanuit die preek van ds. Swartz oor die uitverkiesing. Ek stel nou vir die eerste keer my ongeloof in die prediking van geestelikes, maar belangriker, ek probeer myself as kind van God vind buite die “Hoekie” bekering.

Omdat ek myself nou nie meer in ’n direkte persoonlike intimiteit met God stel as vader en seun nie, maar gemeenskap soek as gemeenskap met God in sy Woord, kan ek myself nou losmaak en krities stel teenoor my eie ervaringe.

Daarmee stel ek vir die eerste keer my “Hoekie -bekering”, teenoor geloof in Christus. Alhoewel nog net indirek en sonder om dit openlik te kan erken. Nog minder om die gevolge daarvan te kan verreken. Na hierdie geloofsvinding sou ek nooit weer myself op hierdie ervaring beroep of my vanuit hierdie ervaring as kind van God self probeer verstaan nie:

“Here ek was in my geloofslewe ook so baie keer ’n Judas. Here dit was so lank dat ek nooit enige boodskap gekry het in eredienste of deur die prediking van U Woord op skoolverlaterskampe; stranddiensbyeenkomste, of enige ander plek, Here ek kon soms nie verstaan hoe ander waarde put uit wat die predikante verkondig Vader. Here maar uit my daaglikse omgang met U, deur U Woord het ek meer geleer om te glo. Vader nie sommer net glo, want almal glo, maar te glo dat Jesus die Seun van God is en dat in Jesus deur die Woord U Uself bekendstel en my oproep om in geloof met U gemeenskap met U te hê Vader. Vader slegs as U geloof in die hart gee, as U Uself openbaar in U Skrif aan die mens kan hy in U glo, Here Vader dankie dat U my van kinderjare af met U Woord in U Woord gekonfronteer het sodat ek in U kon glo. Heilige Vader, dankie dat U al van my kinderdae af U self aan my openbaar het. Here Jesus ek glo in U. Ek bid U dat ek steeds die openbaring van U Woord sal glo Here en dat ek nie soms my ore in ongeloof sal toedruk nie. Ek bid dit net omdat U Jesus Christus Here is – om geen ander rede nie.” (8.11.1977)

Na hierdie ontknoping sou ek nou God “in sy Woord” aanroep en daarmee myself buite persoonlike identifikasie met God probeer stel. Dit begin ook afstand bring tussen my en mense. Ek hoef nie meer in ’n grensloosheid my persoonlike lewe as God se middel te ervaar waarin Hy deur sy goddelike krag werk nie: “ My nuwe benadering ten opsigte van verhoudings open daagliks ’n nuwe ervaringsveld. Stel myself ook nie meer so bloot deur afhanklik te wees en altyd persoonlike gesprekke te wil hê nie. Stabiliseer in verhoudings. Besef wat dit inhou.” (15.11.1977)

Ek probeer gemeenskap met God nou in hierdie Woordgemeenskap vind buite my persoonlike intimiteit met God, maar ek kan dit nog nie stel sonder en buite die “verhouding met God” nie. Die rede hiervoor is dat ek die bekering van die Hoekie nou probeer herformuleer asof dit geloof en Woordgemeenskap was. Dit was dit nie gewees nie. Dit was persoonlike identifikasie met God. Ek wou dit rasionaliseer vir iets anders as wat dit was toe dit gebeur het. Dit is dit tipe rasionalisering waarmee die hele NG Kerk besig is ten opsigte van hierdie tipe bekerings: “ Here, U was my genadig. Ek was ook verwyderd van U deur my sonde. Maar U het my sonde vergewe aan die kruis en ook in my U Woord en deur U Woord hierdie nuwe verbond waar U deur U Woord in intieme verbondenheid tot my staan en waar ek U mag aanbid en eer Vader. U het my verlos van my nie-aanbidding waar ek U Woord nie geken en gehaat het deur U te ignoreer en nie U nie te aanbid nie, maar alhoewel ek U geïgnoreer het in my lewe – en

gesondig het daarin, Vader het U in en deur U woord my aangeroep om U te aanbid.” (15.11.1977)

Met hierdie rasionalisering van die werklikheid van ’n valse bekering, vermeng ek die hele tyd geloof in Christus en identifikasie met God deur Christus. In hierdie vermenging verloor ek weer elke keer die inhoud van geloof in Christus: “… Vader ek dank U dat U God is, dat U my Here is. Vader dit is hierdie geloofsverbondenheid U, intimiteit met U deur Jesus Christus; Woord wat die ewige lewe is wat U ook aan my gegee het…” (18.12.1997) Vir hierdie sintese tussen geloof in Christus en identifikasie met God gebruik ek deur lopend die woord: “geloofsintimiteit”.

Ds. Swartz se preke het my rigting gegee. Ek het nou die Woord van God teenoor ervaring begin stel, en daarmee nog ’n anker gekry om uit my ervaringsgodsdiens te kom. Dit gaan oor die Woord van God, nie my ervaring van God nie. Met hierdie geloofsonderskeiding alleen kon ek egter nog geensins hiermee uit die identifikasie met God breek nie: “… die ervaring van die mens het sy maatstaf vir die Woord van God geword; die mens luister nie meer na wat God deur Woord tot my sê maar wring God se Woord om te kyk hoe bevorder en hoe pas dit by sy ervaringsveld in. Mense begin dink dat hulle met hulle idees en kennis die Woord van God in ’n magsgreep kan vasvat en dit gebruik…dat hulle metodes het om God se openbaring te hanteer…” (ds. J.F. Swartz Aanddiens 1 Tim. 6: 20-21 20.11.1977)

Deur die loop van 1977 word ek deur die admissiebond gevra om die Stranddiens na Natalia te lei. Dit was die proses waarin die tipe geestelikheid van Jeugaksie en CSV uitgebou en voortgeleef is. Die “bekeerde” admissante moet geestelike leiers word en weer ander lei in hulle eie geestelike bekeringsaksies. Aanvanklik kon ek geen leraar kry om saam te gaan nie, maar later het Dawid Venter, as finalejaar teologiese student van UP ingestem om toervader te wees.

Ek het in myself nie meer kans gesien vir die persoonlike werk wat gewoonlik met stranddienste gedoen was nie. Ek het gebreek met die bekeringsdrif, die geesvervulling en myself ook nou buite die “Hoekie” bekering gestel sonder om dit te verwoord, maar beslis.

Die konfrontasie om nou ’n kamp te lei waarin ek weet wat hulle verwag, maar ek dit nie meer kan doen nie, was uiters hoog. Ek probeer in myself ’n nuwe rigting en doel vir hierdie kamp vind buite die geestelikheid waarin ek myself nie meer kan vind nie: “ Vader dit is ook hoe ek hierdie stranddiens aan U opdra. Vader ons wil nie mense na U bring nie, ons wil nie ’n herlewing begin nie, of ’n moderne kruistog voer nie. Al wat ek U bid is dat U die offer van 26 jongmense sal aanvaar as ’n liefdesverklaring. Here ons wil nie berge of koninkryke versit nie. Al wat ons hiermee wil sê is: Ons het U innig lief! Here gee dat dit die getuienis van elke student sal wees. Here al lyk dit en ervaar ons dit as ’n vermorsing.” (6.11.1977)

Die druk wat die studente op my kon plaas om vir hulle te help om ’n kamp te hou om ander weer na die Here te lei, was vir my wesenlik. Dawid as ’n oud Rautjie en later NG predikant van Zesfontein, het aanvaar om voog te wees vir die kamp. Die Stranddiensvoorbereidingskamp was van 25-27 November op Nuutbegin en die stranddiens op Natalia 27 Desember tot 6 Januarie 1978.

Hy het onder prof. Mias de Klerk van die teologiese fakulteit van UP toe net die boek: “Today’s Gospel: Authentic or Synthetic”, deur Walter Chantry gelees. Hierdie boek is in beginsel eintlik ’n kritiese aanval gewees op die Charismatiese geestelikheid wat vir die Pinkstergeestelikheid se soeke na egte bekerings ’n bedreiging was.

In beginsel was hierdie boek eintlik ’n kritiek van die tipe bekerings wat in die ACSV, Jeug-tot-Jeug Aksie en in die NG Kerk deur alle Pinkstergeestelikes beoefen was. In die plek van hierdie “onegte bekering” het Chantry egter maar net weer ’n egte bekering (volgens die wet) as weg tot redding verkondig het. Chantry het nie ’n alternatief op bekering gestel nie, hy wou weer die “ware bekering” herstel deur die werklik berou, wegvlug van sonde en die doen van God se wil.

Wat ek egter gehoor het, was die kritiek. Al die frases en stellings wat ons vir ons eie bekering gebruik het, het Chantry as vals gestel teenoor die “ware bekering”.

Met hierdie boek as uitgangspunt van Dawid se kant verval die hele druk toe op my dat ek weer in die bekeringsvroomheid en persoonlike werkersmentaliteit van die Jeugkantoor as stranddiensleier moes ingaan.

Dawid was nog binne Chantry se “ware bekering”. Ek het my innerlik van hierdie ervaring gedistansieer. Dit blyk uit die opsomming en brief wat ek as stranddiensleier en Dawid as voog saamgestel het: “Natalia 1977 Voorbereiding vir die Geestelike Werk vir die Stranddiens op Natalia.”

In die brief stel Dawid die volgende: “ Beste maats, net ’n paar gedagtes na aanleiding van ons Bybelstudie (25-27 November) op Nuutbegin. Soos julle almal seker teen die tyd reeds weet, het ons besluit om die boek van Walter Chantry, Todays Gospel, as handleiding vir ons Bybelstudies te gebruik. Die doel was i.p.v. “Sielewinmetodes” aan te leer, ’n Bybelse beeld te kry van wie God is en ook wie die mens is. Sodra u dan die boek lees sal u dadelik merk dat die hele vertrekpunt vir persoonlike werk is nie die mens nie, maar God. Ons het as span besluit dit gaan ook ons uitgangspunt die einde van die jaar wees – die eer van God en dan die behoefte van die mens. Beste maats, ons het dus met die naweek se besprekinge onsself probeer oriënteer om ’n Bybelse beeld van persoonlike werk te konstrueer. Mag ons almal wanneer ons die Bybel en Chantry van daaruit lees ook by die beslisde oortuigings kom ons is slegs instrumente in Sy hand. Instrumente om sy leer te verheerlik, nie “verkoopsmanne” wat ’n halwe evangelie aan die buitewêreld wil afsmeer nie.”

Ek stel net na sy inleiding die volgende in die brief: “Laasjaar op Shlaralumbi het ons Stranddiensgroep onder die leiding van dr. D. A. Pauw en Paul du Plessis besluit dat die geestelike werk van Stranddiensspanne nie is om bekerings te bewerk nie, maar om God se heerlikheid in Christus te verkondig. Dit is langs dieselfde weg wat ons as groep hierdie jaar aktief voorberei vir Natalia onder leiding van Dawid: dat ons die Eer en Heerlikheid van ons God in Jesus Christus verkondig en so die evangelie in sy volle eis stel en nie mense met metodes bekeer nie.”

Hierteenoor het Dawid nog die bekering as weg van redding gestel: “”Dawid: die ware bekering het nog altyd by die jongman ontbreek, vgl. Die vrou by die put, Saggeus, waar Jesus hulle tot bekering oproep. Bekering as ’n toekeer tot God is ’n wesenlike deel van ons verlossing. Bekeer omdat ons God teleurgestel het en nie omdat ons uit die hele wil kom nie, daarom kry ons dat ’n ware bekering teenoor die maklike bekering staan d.i. mensgesentreerde verlossing. Bekering is nie ’n grootheid op sig self nie. Dit is ’n geloofsdaad. Bekering en geloof is soos ’n Siamese tweeling. Verder, omdat daar nie ’n behoorlike eis tot bekering is nie, kry ons ’n halwe evangelie. Volgens die huidige standaarde kan jy nog ’n agterdeur ooplaat. Daarom sou die jongman volgens ons standaarde tien teen een tot “bekering” gekom het, maar bekering is ’n algehele en volle oorgawe.”

Hierdie onderskeid tussen ’n maklike bekering en ’n algehele oorgawe het eintlik die hele redding net nog moeiliker gemaak. Nou moet jy nie maklik bekeer nie. Jy moet algeheel bekeer. Van geloof alleen sonder hierdie tipe algehele bekering en volle oorgawe het ons nie geweet nie. Ons het nie geweet hierdie tipe bekering is deel van ons goeie werke vir God en nie deel van ons redding nie.

Hierdie onderskeid wat Dawid gemaak het, het my nie soseer geraak as die besluit dat ons nie met die gespreksboekies van die Jeug-tot-Jeug Aksie die mense gaan bekeer en voor keuses stel nie. Daarmee het ons eintlik die leiding van prof Mias de Klerk van UP teen die Jeug-tot-Jeug aksie gevolg.

Ek het Derick van Heerden as vriend gevra om saam met my op die stranddiens kamp te gaan en toe het Geoff Allen ook besluit om saam te gaan. Ons as drie vriende vanuit die filosofie klas het in mekaar teenoor die geestelikheid wat van ons verwag is, ondersteuning gevind. Ek het gevoel dat ek in Derick en Allen as vriende ondersteuning sou hê teen die druk wat deur die studente op my geplaas kon word om “geestelik” te wees.

Hiermee kon ons ’n stranddiens aanbied waar ons net gewoon Bybelstudies hou en mense gewoon net in hulle tente en woonstelle besoek sonder dat ons weer mense geestelike moet konfronteer.

## 20. Die ontdekking van die onderskeid tussen God as God volgens sy wil en die God van begeertes volgens die moderne Christelikheid.

Ek het nog nooit ’n ander diens as NG dienste tot en met daardie stadium in my lewe bygewoon nie. Met die onderskeid wat ek aangevoel het dat geloof in die Woord van God iets anders is as om God in jou eie ervarings te probeer vind, wou ek ’n opwekkingsdiens bywoon.

Tydens die vakansie gaan ek en Derick van Heerden na die opwekkingsdiens van Rudi Combrinck in die week van 12 Januarie in die Duncansaal in Johannesburg. Ek en hy word dadelik as vreemdes geïdentifiseer en met die hoogtepunt van die opwekkingsdiens daag Rudi Combrinck Derick van die verhoog af om persoonlik uitgedaag om na vore te gaan. Derick stap onder die dwang van die prediker na vore en Rudi Combrinck bid vir Derick om tot bekering te kom. Heftig ontsteld oor die vernedering gaan ons na die tyd koffiedrink in die Carltongebou. Dit is die eerste keer dat ek “bekering” van buite af gesien het, nie as een van die persone wat opgelei en voorbereid ander wil konfronteer nie, maar as die persoon wat in ’n opwekking gekonfronteer word.

Hierdie gebeurtenis maak dat ek nou in myself ’n onderskeid maak tussen ware en valse aanbidding. Dat die godsdiens waarin ek was deel van hierdie valse aanbidding is, kon ek nog nie naastenby eien nie, maar nou het ek ’n verwysing gekry van waar en vals, meer nog, van ervaringsgodsdiens teenoor die openbaring van God in sy Woord:

“ Vader ek het nie vanaand saam met daardie mense gebid nie. Ek het nie eers my hoof gebuig of my oë gesluit nie. Want Here ek kan nie glo dat hulle besig is om U te heilig en te eer nie, Vader. Here, U het hulle geskreeu gehoor, hulle emosionele opwekking gesien Vader. Here God en hulle doen alles in U Naam. Hulle maak aanspraak dat hulle namens U en gelei deur U, handel en op tree, Vader. Here maar hulle maak van U ’n afgod. Want hulle hardloop almal met hulle noodsituasie na U toe. U moet die vrou keer van selfmoord en haar probleme; U moet die huislike probleme hanteer van die ou tannie; U moet die man se drankprobleme oplos; U moet spanning verlig en mense meer selfrespek en waardigheid gee. Vader en U sal dit moet doen, sonder twyfel, want Rudi het die in U “naam” gebied. Vader ek glo dat U vanaand gelaster is deur daardie mense. Here, dat hulle U tydelik gebruik het. Here, ek glo eerder dat Satan in ’n godsdienstige vertoon sy talente ten toon gestel het, Vader. Here God, ek bid U om wysheid in U Woord en die insig in U geopenbaarde Self in U Skrif. Vader, dat ek nie oor mense sal oordeel vel nie, Here, maar dat ek sal kan onderskei tussen ware en valse aanbidding. Here Jesus U is God!” Vader, waar ek en Derick oor U gesels het, het ek net die wonder van U genade besef. Here, ons het U nie gevra dat U ons in Jesus Christus na U moes bring nie. U het dit so gewil en ons elkeen op sy eie weg na U gelei in Jesus Christus, U Woord, Vader. Heilige God: slegs in U Woord en deur U Woord kan ek U leer aanbid.” (12.02.1978)

Hierdie opwekkingsdiens word vir my nog ’n verwysing van waaruit ek myself meer uit die identifikasie met God kan losmaak. Ek het dit deur die loop van die jaar al reeds vir my mede-admissante gestel dat God God is en God nie in ons kan wees

nie. Ek doen Bybelstudie oor Matteus 5:5 en lê dit nie meer uit dat ek my eie ek, eie wil of eie lewe moet kruisig nie. In die plek van hierdie selfontkenning stel ek sonde nie as my eie wil nie, maar as eie-willigheid. Daarmee begin ek ook breek met die God-in-my ervaring op ’n baie beslisde wyse:

“Here, ek bely, ek erken dat ek nie so seer ’n eie wil het nie Here, maar dat ek eiewillig is in my eie wil. Here, dat ek nie U wil erken in my lewe, Vader, en my eie lewe inrig, beplan konstitueer: uitleef in U gemeenskap nie, Here… Heilige Gees, Jesus Christus my Here, ek glo dat U my gelei het om ook tot hierdie erkenning tot U te kom, Vader, ek wil U wil laat geskied – binne my lewe; binne ons wêreld en daarmee Here eis ons ’n deel van U op waar ek self Here wil wees. Vader, ek stel die grense waarbinne U moet Here wees, nl. My lewe. Vader, ek is self die argitek van my lewe, ek self beplan my lewensinslag Here, en dan vra ek U om Here te wees daarin; in my vriendskappe, my verhouding tot meisies; my ideale, om klavier te speel, te presteer op sport, te presteer in die akademie, my persoonlikheidsontwikkeling Here, my geaardheid, my gesindhede. Here, God, vergeef my in Jesus Christus, my Verlosser, dat ek U Here-wees, U God-wees ín my lewe wou inperk en U nie óór my lewe wou aanvaar as God en Vader nie. Vader, U is nie Here en God ín my lewe of ín die wêreld nie: U is God en Vader óór my lewe en óór die wêreld, Vader ek kan nie grense trek vir U God-wees oor my en net so kan ons nie die wêreld, óns wêreld, stel as die grense waarbinne U moet God-wees nie. Vader, want dan is U nie meer die Soewereine en Almagtige God wat U self in Jesus Christus aan ons bekend maak nie. Dan is U niks anders as ’n afgod nie. ’n God wat moet sorg vir die wel en weë; die goeie en die gelukkige vir onsself nie Vader… Gee dat U koninkryk sal kom; U wil geskied; U Naam geheilig word oor en in my lewe, oor en in die wêreld.” 14.01.1978)

Hierdie herkenning van selfontkenning in ’n geestelikheid met God, maak dat ek vir die eerste keer in myself die verband lê tussen die afgodsdiens wat ek in Rudi Combrinck as herlewingsprediker gesien het en die Bybelstudie- leiding van Bybelkor. Dit is die volgende stap om uit die identifikasie met God te kom – as God nie die God is wat ek in my lewe God laat wees nie, dan is God ook nie die God wat my begeertes moet vervul nie. Ek doen eksegese van Johannes 6 vers 26, 35, vanuit die gedeelte 22-59.

“ Hierdie versadig word staan in die passief. Hulle wórd versadig. Die tema is nie versadiging, ’n mens kan nie nou ’n boodskap uitbou rondom versadiging en sê almal soek versadiging: sin en betekenis in die lewe, en hulle probeer dit vind in seks, dagga, dwelms – ook in gelukkige verhoudings, stabiliteit; maar hulle sal dit nooit daar vind nie – byv. Rudi Combrinck nou die aand al waar jy volkome waardigheid (Rudi); versadiging Bybelkor) en geluk kan vind is – Jesus Christus nie. Daarom moet jy Hom aanneem en dan sal jy geluk ens. vind nie. Dit is misplaas. Want wat gebeur hier? Die mens soek na versadiging, geluk, prestasie, waardigheid ens. En om dit te bereik neem hy Jesus as “Verlosser” aan wat hom uit die onwaardigheid, onvermoë, ongeluk te verlos tot geluk, waardigheid. As dit só sou wees kan Jesus net sowel Baal, Dagon, Astarte, Zeus genoem gewees het, want dan was Jesus nie die Seun van God nie, die Messias nie, maar net nog ’n afgod. Dit gaan om ’n verlange om

die wil van God te doen – en die doen van God se wil deur geloof in Jesus Christus. (Joh.) nie om eie gewin, maar om God se wil te doen in my lewe as deel van Jesus Christus se Here-wees ín my lewe.” (15.01.1977)

Die onderskeid tussen God wat ek net God in my lewe laat wees, en eintlik net my identifikasie met God is, teenoor God in en deur sy Woord, het my ook gehelp om nou te kan begin onderskei tussen God wat Hom in sy Woord openbaar teenoor God in die “getuienisse” of te wel die identifikasievertellings oor God.

Hiermee stel ek myself buite “getuienisse”, dit is die godservarings van mense oor hoe hulle met God in hulle self identifiseer en stel ek my self binne die openbaring van God as God in en deur sy Woord. Ek formuleer dit uit Bybelstudie oor “vrede” in die bergrede.

“Vader ek bid U dat U my daagliks deur U Woord só sal lei dat ek myself tot U self sal gee in die situasies waarin ek U kan verheerlik. Vader, ek bely voor U, ek was al so baie opstandig teen U verkondiging. Here, want die getuienisse van ander was so misplaas gewees Here. Hulle het U net gebruik om hulle lewens te vergemaklik, om hulle probleme op te los, om hulle te vrede te stel, Here, ’n probleemgodsdiens waar U net ingeroep word om te help – Vader soos ’n afgod: Baal, Astarte, Dagon, behandel word. Vader en in my opstand hierteen het ek ook teen U in opstand gekom en nie geglo dat U waarlik die Enigste Vredemaker; Verlosser is… Vader ek het altyd probeer om U te verkondig, maar hoe kon ek Iemand verkondig in wie ek nie geglo het dat Hy is wat ek sê Hy is nie. Here, as ek gesê het U is en wil mense verlos, dan het ek gedink aan so ’n probleemgodsdiens …. Heilige God, hier is ek, neem my Here en verkondig U self. Vader dankie vir U selfonthulling – dat U my gewys het wie en wat U is en Vader, dat ek in U kan glo vir dit wat U is – en daarom ook die vrymoedigheid het om U te verkondig…” (29.01.1977)

Met hierdie selfde onderskeid verwoord ek ook die verskil tussen lyding vir Christus en die lyding van selfminagting binne die identifikasie met God in Bybelstudie oor Matteus 5: 10-12: “In hierdie verse gaan dit nie om die masochistiese neigings van groepe waar hulle graag wil hê dat hulle sleg gemaak moet word, verneder word en seergemaak word deur ander mense nie. Deur hierdie lydings- of martelaarshouding verwesenlik ek myself volgens ’n selfbeeld waar ek die grootmoedige, die eensame, maar die standvastige is, en daardeur bou ek my selfbeeld uit waar ek al die simpatie en aandag ontvang.

Dit is nie wat vervolging vir Christene is nie. Vervolging is ter wille van geregtigheid: doen wat reg is vir God ter wille van Christus se Hereskap. Daarom is dit ’n gawe van God dat ek vervolg word t.w.v. Hom. Want uit my eie kan ek vir godsdienstige oortuigings ly en as loon ’n goeie selfbeeld, reputasie ontvang, maar om t.w.v. Jesus vervolg te word, is ’n gawe van Jesus Christus self, want eers as Hy my lei om aan Hom as my Here en God gehoorsaam te wees in my lewe t.o.v. die verwagtinge wat Hy as Here en God oor my lewe het – kan ek daarvoor vervolg word” (30.01.1977)

Na hierdie onderskeid begin ek myself losmaak van die selfhaat in die tipe getuienis dat God in my leef en dat ek niks vir God is nie.

### 21. Vasgevang in die skoolsheid van die teologiese fakulteit UP en die geestelikheid van die moderne Christelikheid.

Toe ek in 1978 begin met my studie by die teologiese fakulteit UP het ek my self reeds grotendeels gedistansieer van die bekering van die moderne Christelikheid en het ek in baie opsigte my van my identifikasie met God begin distansieer. Die vervreemding van God en die tipiese niksheid van afgodsdiens was dat ek het geen ander alternatief gehad nie. Nie die kerk of fakulteit het openlik ander geloofsinhoud gestel teenoor identifikasie met God nie.

Die NG Kerk het geloof in die evangelie en identifikasie met God voorgehou en teologies geregverdig as twee kante van dieselfde saak. Binne hierdie sintese van geloof en identifikasie met God wat net twee kante van dieselfde saak moet wees, is die geloof in Jesus Christus as Here verlore. In hierdie sintese is geloof net die “naam” waarin alle identifikasie met God geregverdig word. Op hierdie wyse raak die geloof van die NG Kerk volgens sy belydenisskrifte net leë godsdienstige woorde wat met die nuwe betekenis van afgodsdiens gevul word.

Ek registreer op die 1 ste Februarie 1978 by die fakulteit van UP met die volgende opmerking in my dagboek: “Voel aggressief oor die outokratiese beeld wat uit die optrede van die fakulteit administrasie blyk” en registreer weer op die 4 de Februarie by Tukkies vir Wysbegeerte honneurs. Die naweek voor die 14de Februarie gaan ek op die teologiese kamp vir die nuwe studente by Pienaarsrivierdam en die klasse begin op die 15 de Februarie 1978

Ek begin met dieselfde akademiese idealisme wat ek in RAU leer ken het en skryf ter gelyke tyd in vir ’n honneursgraad in filosofie by UP. Ek loop my egter vas in die spanning van die skolastiek van die Universiteit van Pretoria, die geestelike druk van die moderne Christelikheid op die fakulteit, die drif van my klasmaats om predikante te word en prakties opgelei te word om predikante te wees.

Ek moes voor die kuratorium verskyn en vir hulle vertel van my roeping om predikante word. Ek was deeglik bewus dat hulle ’n geestelike ervaring gevra het. Dit was een van die sake wat die NG Kerk en Hervormde Kerk van die begin af onderskei het. Ek het die konfrontasie wat ek met ds. Kuyler se Hartenbosvisioen gehad het aan hulle vertel, met die gevoel dat ek dalk nie voldoen aan hulle verwagting om predikant te mag word nie.

Daar was nie by UP die kreatiwiteit en dinamika van die vrye denke soos ek dit op RAU leer ken het nie. Hier het elkeen sy vak gehad en elkeen was ’n vakmeester. Dit maak my verward omdat ek nie hierin kon inpas nie. Ek staak die honneurs kursus, maar dit is in die fakulteit wat ek verlore raak.

Ek kon nie weer terugval in die skoolsheid nie, maar dit was die sisteem. Elke dosent is vakkundige en doseer sy vak. Jy moet weergee wat hulle jou leer en intussen word die dualisme in die NG Kerk feitlik in elke vak weergegee. Binne hierdie vakgerigtheid is die dualisme van geloof en identifikasie met God akademies as Gereformeerde teologie geleer en geregverdig.

Ek het vroeg twee bewustelike ervarings gehad wat my akademiese idealisme gebreek het. Met een van my take in Dogmatiek behaal ek net in die sestigs. Ek was ek nie tevrede met my punte nie. Ek wou die vak bemeester. Ek het net aangevoel dat dit die vak is waarin ek my self wil uitleef. Ek maak met prof. Heyns ’n afspraak en vra hom hoekom ek net in die sestigs gekry het: wat kort? Hy vat die werkstuk by my, vra my hoeveel ek wil hê. Ek sê ek is nie met iets onder 75% tevrede nie. Hy vat die vraestel, verhoog my punte na 75% en gee dit vir my terug.

Ek het stil die vernedering aanvaar sonder die vaagste benul van wat my nou te doen staan. Ek wou nie meer punte vir die vraestel gehad het nie. Ek wou weet hoe om die vak te bemeester en wat kort. Ek kon nie weer met hom na hierdie insident oor die vak dogmatiek praat nie. Daarmee het ek gevoel dat hierdie vakgebied vir my ontoeganklik is.

Die tweede insident was die dogmatiek toets oor Bavinck boek 1 en Calvyn boek 1 van Sizoo, al bei in Nederlands. Hy kondig dramaties aan dat ons oor ses maande ’n toets oor die werk skryf. Ek begin leer met die vaardigheid en benadering wat ek in RAU geleer het. Ek moet die inhoud bemeester en krities evalueer, maar die omvang van die werk laat dit nie toe nie. Ek lees en werk al twee die boeke deur, maar kan nie greep op die inhoud kry om dit krities te evalueer of om begripsvrae daaruit te beantwoord nie.

’n Dag voor die toets gesels ek met Danie O’Reilly en ander koshuismaats van Taaibos koshuis. Hulle het die bestaande opsomming wat in omgang was gehad. Ek vra hulle hoe hulle uit so kort opsomming van die werk enige vraag sinvol sal kan beantwoord. Hulle antwoord is dat die vraag gaan wees om ’n opsomming van Bavinck en Calvyn te gee. Ek sê dit is totaal verspot. Om ’n opsomming te gee sal meer tyd vat as wat die toets toelaat. Hulle sê dat jy moet net die opskrifte van die hoofstukke gee. Ek is verslae en verstom en glo hulle is besig om hulle aanspreeklikheid te ontduik.

Die toets was op 23 Augustus 1978. Hy kom in die klas in en sê dramaties: “Gee ’n opsomming van Bavinck en Calvyn.” Ek is so oorweldig dat ek vir eers nie kan reageer nie. Toe ek tot verhaal kom, skryf ek net die opskrifte van die hoofstukke neer en druip die vraestel, nadat ek seker die enigste persoon in die klas was wat die boeke heeltemal deurgewerk het om daaroor krities te kan redeneer. My fout was dat ek by elke opskrif net iets oor die opskrif moes gesê het.

Ek loop in dieselfde vakhouding in in praktiese teologie vas met prof. AC Barnard. Hy wil tydens mondelike eksamen hê dat jy die punte van die erediens in sy boek net so weergee soos hy dit puntsgewys opgesom het en hy wil dit in die presiese volgorde hê wat dit in die boek is.

Daarmee was die hele idealisme van RAU in my gebreek, sonder dat ek die vaagste benul gehad het waaroor hierdie verwarring en verlies gegaan het. Ek verloor my ywer om te studeer in die druk om net sake te leer en weer te gee. Die soeke na begrip, insig, meningsvorming, die debat van groepsklasse en saamwerk aan take is alles verby binne hierdie skoolsheid en dualisme van die kerk. Van die begin af taan my akademiese belangstelling tot en met die laaste dag van my studie.

Die werklike teologiese probleem aan die fakulteit in hierdie skoolsheid was die dualisme van die NG Kerk: dat die kerk geloof in Christus en identifikasie met God as ewe geldig en nodig vir die kerk geleer en aanvaar het. In kerkgeskiedenis het prof. Flip van der Watt die identifikasie met God uit die Murray-herlewings as deel van God geregverdig en daarmee hierdie afgodsdiens as deel van die NG Kerk se karakter gesanksioneer. “Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1824-1905”: “Hierdie soort dienste wat in die Ned. Geref. Kerk voorgekom het, het die gevaar ingehou van ’n oorbeklemtoning van die gevoel in die godsdienstige lewe van die enkeling. Trouens in baie gevalle, het dit seker plaasgevind. Nietemin moet in die herlewingsdienste die hand van God gesien word en het dit vir die Ned. Geref. Kerk veels goeds meegebring, soos die innige en vrome toon in die prediking wat kenmerkend is van die Ned. Geref. Kerk …. Die beskuldiging dat die Ned. Geref. Kerk met bidure ’n metodistiese plant opgekweek en inheems probeer maak het, hou nie rekening met die historiese feite nie, …” (bl. 25-26).

Hierdie filosofiese beredeneringe en skolastiese onderskeidings is kenmerkend van die NG Kerk se hele godsdiensfilosofie waarmee hulle identifikasie met God as deel van die geloof in God regverdig.

Dieselfde het met prof. Heyns gebeur. Sy filosofie van die wysbegeerte van die wetsidee, wat hy as die koninkryksvisie voorgehou het, het die spanning geskep dat hy die Gereformeerde leer binne hierdie filosofie verduidelik het aan die een kant, maar aan die anderkant die herlewingsgodsdiens as die yweriges vir God geregverdig en verhef het in die klas.

Prof. Barnard het die Pinkstersektes met elke moontlike geleentheid met melodrama bespotlik en belaglik gemaak, maar was deel van hierdie geestelike dualisme. Sy eie identiteit het hy gevind as een die van die NG Kerk se spesiale evangeliepredikers. My pa was nog as orrelis van Sonhoogte gemeente deel van hierdie prediking van prof. Barnard as leraar van hierdie gemeente. Hy het gereeld met nostalgie vertel hoe hulle luidsprekers om die kerk moes aanbring sodat mense in hulle motors na hierdie spesiale evangelie prediking kon luister. Die kerkgebou binne was oorvol.

Dit het gemaak dat die vakinhoude in ’n feitlikheid verval het waarin die kern van die geloofsake nooit aan die orde kón kom nie. Dosente soos prof Borgwardt sou terloops opmerk dat ons almal maar eintlik Arminiaans is, en dit net daarby laat, waarskynlik weer weens die kerklike druk. Prof Heyns sou weer toe ek en Danie openlik die inhoude van die moderne Christelikheid in die klas as verkeerd en vals aan die orde wou stel, ons met venynige sarkasme en hoogdrawende intellektualiteit belaglik gemaak het terwyl hy enige vraag of opmerking uit die geestelikes van o.a. die Visklub, soos Piet van Rensburg (lang Piet), Piet Erasmus (kort Piet) en Tinus Taute met die grooste waardering innigheid en erns sou hanteer.

Van die begin van my inskakeling in Taaibos en die NG studente gemeente Universiteitsoord distansieer ek my ook van die tipiese Jeug-tot-Jeug Aksie geestelikheid en sluit my daarmee grotendeels af van die studente aksie van Universiteitsoord gemeente, UKJA. Ek het nooit weer na my innerlike distansiëring van die bekeringsywer van die Jeugbeweging in 1977 ’n kerklike kamp bygewoon nie. Op 13 Maart 1978 stel ek hierdie distansiëring in my dagboek soos volg: “ Gesels gisteraand met Marius van Rooyen (senior teologiese student in Taaibos) oor Charismata: die leegheid in hulle belewingsopwekking “Ek het die Here lief”, “Onse Vader” – deur UKJA is net stemmingsliedere”. Die studente saamsing voor die kerk was díe wat uit die bekerings en innigheid van die CSV en die Jeug-tot-Jeug aksie gekom het. Uit die onderskeidings wat ek in 1977 gemaak en gevind het, onttrek ek my in geheel van hierdie studentegroep.

Ek bly in Taaibos koshuis en raak vriende met Danie O’Reilly, ’n student van Kovsies. Vir die eerste ses maande van 1978 sit ek nog in die voorste ry tussen my oud-RAU medestudente, maar hierdie groep is nog volledig deel van die geestelikheid van die Jeugaksie.

Vir die eerste ses maande raak ek en Danie al meer bevriend in die koshuis Taaibos, maar met klasse sit ek nog voor in die klas met die RAU groep. Danie se vriendskap word my godsdienstige, teologiese en sosiale anker vir die tyd waarin ons besig was om in te gaan. Na ek my selfvertroue in die akademie verloor het, skuif ek na agter in die klas en gaan sit by Danie O’Reilly. Daarmee verbreek ek my laaste sosiale band met die geestelikheid van die Jeugaksie.

Die geestelike druk uit die teologiese studentegroep van 1978 was hoog. Hulle was feitlik deurgaans die produk van die Jeug-tot-Jeug Aksie van 1974, en die dosente moes deeglik daarvan kennis neem. Elke vak, elke toets, elke lesing van dosente was uit die studente se geestelikheid beantwoord met wrewel en frustrasie. Die studente het met die eis gekom dat alles moes hulle help om geestelikes te word vir die godsbedryf. Hulle magsposisie was om te verklaar dat hulle nie kan verstaan of kan aanvaar hoekom  hulle studiewerk moet doen wat nie “prakties” is nie. Die studie het hulle nie in hulle passie vir die godsbedryf van die kerk bemagtig nie.

Dit was veral Grieks en Hebreeus wat onder skoot gekom het. Die dosente het ook nie meer die standaard van voorgraadse Grieks en Hebreeus kon handhaaf teen die studente wat hierdie tale as onnodig ervaar het nie. ’n Mens kon jouself ook nie meer in die meeste toetse bewys nie omdat dit mondelinge word. Die klasse van bekeerdes en geestelikes was te groot. Die eise wat ek in Grieks en Hebreeus op RAU geken het, het plek gemaak vir studente wat dosente intimideer dat hulle nie hierdie tale nodig het om predikante te wees nie.

Ek onttrek heeltemal aan die geestelike lewe van UKJA (Universiteitsoord, kerkjeugaksie) en al die ander geestelikhede waarmee baie van die studente besig was.

“Nog ’n vreemder verskynsel is dat vandat ek op Tukkies aangekom het, het ek gebreek met die groepskultusse en die bedevaartskultusse. Ek het nie meer ná die liturgiese kultus by die UKJA groep aangesluit en in die kringe gaan staan, mekaar omhels, fisiese kontak gemaak of die kampkultiese liedjies gesing nie. Ek besef nou eers dat dit ’n aggressiewe daad van verwerping van die gevoelens, die leefwêreld en die Jesus-beeld van díe groeps- en kampkultus was, sowel as die betekenis wat die hierdie kultus se saamsing, bid en getuig vir my het. Dit is hoekom ek byvoorbeeld buite hulle kring gestaan het. Dan het Suzaan van Zuydam my sy verlaat, in die kring gaan staan saam met Johan Haasbroek en Marinda-hulle. Ek het buite hierdie kring gestaan of koshuis toe gegaan. Elke keer was dat ’n daad, ’n aggressiewe daad van verwerping en distansiëring. Dieselfde aggressie het in my geleef wanneer ek moes deel te hê aan die gebedsgroepie bedevaartsuittog poging met die UKJA konserttoere.” (Dagboek 29.01.1982 Silverton)

Saam met Danie O’Reilly onttrek ek ook deur die jaar aan die godsdiensoefeninge van die voorgeskrewe Deo Gloria periodes en ons maak dit ’n instelling om elke keer saam dougnuts in die kafeteria te gaan eet. Ek onttrek myself ook aan die teologiese vereniging Deo Gloria se werksaamhede, wat die plek word vir die kragmetings van studente wat klaar gereed is om predikante te wees.

Dit is in my Bybelstudie dat ek probeer om in die geloof koers te hou, maar sonder akademiese motivering en sonder enige beroepsfokus meer om predikant te word. Om predikant te word, het vir my beteken om mense geestelik te konfronteer en ek kon nie in my gemoed ’n alternatief vir hierdie konfrontasie kry nie, al het ek in Bybelstudie vir my self die hele tyd ’n alternatief probeer formuleer asof ek weer ’n roeping gekry het.

### 22. ’n Vriendskap word die vryruimte van die skoolsheid en geestelikheid, en anker in koersloosheid: Danie O’Reilly.

Sonder dat ek op daardie stadium enige begrip daarvoor gehad het, was dit my en Danie O’ Reilly se vriendskap wat my gehelp en ondersteun het omdat ons saam besig was om ’n nuwe koers in te slaan, met tafel- en portaaldebatte in die koshuis Taaibos.

Met elke middagete in Taaibos koshuis het ek en Danie met mekaar begin debatteer oor die inhoud van die geloof. Hierdie debatte is eet-eet, en sit-sit vanuit die eetsaal tot in die voorportaal van die koshuis gevoer tot diep die namiddag in. Ander teologiese studente Frans Fouché, Hannes Els, Marius van Rooyen, Johan Haasbroek, Dawie Swanepoel en ook studente wat nie teologie studeer het nie, het in hierdie debatte ingesit en deelgeneem so tussen hulle studie en teedrink deur. Dit het baie keer gebeur dat ek en Danie hier gesit en met die inhoud van die geloof geworstel het terwyl party inskakel, kamer toe gaan en later die middag weer in dieselfde debat kom insit, omdat ek en Danie nog daarmee besig was.

In hierdie tafel- en portaaldebatte het ek die kuns van onderskeidende denke van RAU in die teologie en godsdiens opgeneem met Danie wat weer met sy redenaarskuns en die Christelike wysbegeerte van die UOVS sy inhoude gestel het. In hierdie tafel- en portaaldebatte kon ons alles doen waarvoor daar in die geestelikheid en skoolsheid van die teologiese fakulteit nie plek was nie.

Danie O’Reilly was ’n student uit die universiteit van die Vrystaat. Daar is hy in die Christelike wysbegeerte onderlê deur onder andere prof. P de B Kock. Danie was redenaar by uitstek. Sy aanslag was om inleidend ’n saak duidelik te stel en dan logies stap vir stap uit te lê sodat die eerste stelling aan die einde onweerlegbaar is. Hy het die kuns gehad om binne die opposisie se eie verwysingsraamwerk in te klim en van daar af hulle eie standpunt vir hulleself onlogies en absurd te maak. Hierdeur sou hy dan die logiese alternatief, sy standpunt, as enigste verantwoordbare standpunt aan die orde stel.

Ek het weer uit ’n intuïtiewe aanvoeling vir die inhoud die probleem gestel as twee verskillende paradigmas, twee verskillende wêrelde waarvan die spesifieke punt net ’n sleutel is om die te wys op twee verskillende paradigmas. Daarom sou ek gemaklik van ’n spesifieke punt na ’n ander punt beweeg om die geheel van die probleem aan te toon. Dit het ek gewoonlik so gedoen dat ek nie vir ’n spesifieke standpunt kies voor ek nie die geheel aan die orde gestel het nie. Ek wou ’n deurbraak op die geheel maak, nie spesifieke punte nie.

Waar Danie in debatte begin het, het ek geëindig. Hy het my as omslagtig en onduidelik aangevoel. Gereeld het hy my onderbreek of aangeval oor hy nie meer weet watter standpunt ek het of wil stel nie. Hy wou met duidelike uitgangspunte die opposisie se standpunt onhoudbaar maak en logies oortuig. Ek het hom weer aangevoel as iemand wat spesifieke antwoorde wil gee, maar nie geheel van die probleem wil hanteer nie.

Hierdie gespreksdinamika was kosbaar. Hy wil met die oplossing begin en ek wil begin met die konstatering van verskillende paradigmas. Hy wil die opposisie in sy eie onlogiese beredenerings verstrik om die antwoord te moet aanvaar. Ek wil die opposisie ontbloot as ’n teenoorstaande.

Die frustrasie en woede wat ons vir mekaar hierdeur geskep het, het op ŉ heftigheid in debat uitgeloop wat baie keer die portaal en gange van Taaibos met die atmosfeer van veglustigheid en vyandigheid gevul het. Die frustrasie en woede met mekaar was deel van die gespartel om die geloofsinhoude van die evangelie te vind, teenoor ons aanvoeling dat ons nie meer deel van die geestelikheid van die NG Kerk en die teologiese fakulteit was nie.

Ons sou mekaar vererg en woedend los net om ure later weer met mekaar in gesprek te gaan waar ons opgehou het.

Die werklike frustrasie en onmag in hierdie gesprekke was omdat ons nie self die inhoud van die evangelie só geken het dat ons dit as alternatief op die moderne Christelikheid kon stel nie. Ons moes dit deurlopend soek en vind. Die gemeenskaplike fokus was die inhoud van die Woord met die klem op eksegese.

Die moderne Christelikheid het ook Danie se lewenskoers ingrypend bepaal. Daniel Johannes O’Reilly is op 19.07.1955 in Mafikeng gebore. Op Warrenton het hy al die jare skool gegaan. Hy herinner hom dat toe sy ouer broer een keer van ŉ ACSV kamp terug gekom het, het sy broer openlik loop en vertel dat hy nou hemel toe gaan. Danie het dit vir sy ma gaan vertel asof sy broer nou iets verkeerds gedoen het.

Sy eerste konfrontasie met die moderne Christelikheid was in sy standerd nege en matriek jaar met twee ACSV kampe by Pro Regno in Barkley-Wes. Dit is op hierdie eerste kamp in standerd nege waar hy “bekeer” was. Die dominee het hulle met die ou bekende plakkate oor hoe jy eintlik ŉ vark is wat in die modder rol, en ander skrikbeelde oor jou perversheid gekonfronteer as kinders wat op pad hel toe is.

Danie onthou dat dit juis die emosionele wisseling van die dominee was wat die kamp gelei het wat hulle ontwrig het. Danie onthou dat dit veral die emosionele aanslag, van een van die dominees, was wat hulle ontwrig en manipuleer het. Met die een byeenkoms sou hy melodramaties, geweldadig skree, bulder, dreig en met ewe bulderende gebed die kinders voor die oordeel van God stel, net om met die volgende gesprek en onderwerp weer saggies, fluisterend en innig met die kinders te wees. ŉ Regte “good cop”, “bad cop” kruisverhoor.

Hierdie geestelike aanslag het opgebou tot laat in die aande. Dan van tienuur af moes die kinders na die dominees in hul rondawel gaan, vir “persoonlike gesprekke”, om hulle saak met die Here reg te maak.

Die kinders het letterlik in lang rye gesit en wag vir hierdie persoonlike gesprek waar hulle dan graag hulle harte vir die Here gegee het. Die tou was egter baie lank en die dominees kon nie vinnig genoeg die kinders tot bekering kon bring nie. Daarom is die kinders aangesê om twee-twee en drie-drie met mekaar te gesels en sommer dan só hulle lewe en harte vir die Here te gee. Sonder die dominee of enige ander

voog, het Danie met twee ander seuns van Hartswater drie uur die nag toe in een van die busse vir die eerste keer sy hart vir die Here gee. Al wat hy en sy maats geweet het is dat hulle vir God verlore was. Hoekom en hoe hulle nou nie meer verlore is nie het hulle geen begrip van gehad nie. Die hele ervaring het nie tot enige sekerheid gelei nie, maar veeleerder baie meer onsekerheid.

Omdat hy baie vroeg skool toe is, het Danie in sy matriekjaar openbare belydenis van geloof afgelê. In hierdie jaar het hy weer die ACSV kamp bygewoon en het hy weer op dieselfde wyse as met die standerd nege kamp tot bekering gekom. Die gemeente leraar van Warrenton, ds. Carstens, was nie deel van die geestelike bedryf van die ACSV nie. In sy begeleiding om belydenis af te lê het hy vir Danie die eerste keer ’n deur oopgemaak om nie in hierdie geestelikheid bevange te wees nie Dit was die leraar wat vir kinders sou sê dat hulle moet ophou om te bid tot “Liewe Jesus”. Daarmee het hy op sy manier hierdie geestelikheid probeer beveg. Hy het sy teenkanting noodwendig vir daardie tyd nie duidelik oorgebring nie, maar wat hy gedoen het, het by Danie vir ’n lang ruk rustigheid gebring waarmee hy openbare belydenis van geloof kon aflê.

In 1973 het Danie sy nasionale diensplig gedoen in Potchefstroom by 4 Veldregiment en grensdiens by Madimbo naby Pafuri teen die Limpopo rivier. Danie was jonger as sy mededienspligtiges. Hy was maar net sewentien en ’n half jaar oud. Die druk van sy fisiese bou en emosionele ontwikkeling as jong seun teenoor die eise van die opleiding betrokkenheid in ’n opbouende terroriste oorlog, was vir hom uiters moeilik. Danie het self aandstilte gehou en Bybel gelees en toe ingeskakel by ’n Bybelstudiegroep. Hierdie groep was Pinkster – Charismaties. Elkeen wou ’n geestelike geword het om ander te bekeer soos hulle bekeer was. Hulle het openlik van hulle geestelike roeping gepraat deur vertellings oor besondere godservarings. Dit het Danie verwar omdat hy nie sulke godservarings gehad het nie.

Hy moes in die weermag jaar ’n beroepskeuse maak. Hy wou vir ’n predikant gaan leer, maar het gevoel hy kon nie want hy het nie soos die ander geestelikes ’n godservaring gehad nie. Getrou aan wie Danie as persoon is, het hy gebid en besluit om predikant te word met die geloof dat die Here hom in sy raadsplan sal gebruik met die besluit wat hy self geneem het.

Die wyse waarop hy sy beroepskeuse gemaak het, het hom vir sy hele voorgraadse studietyd op Kovsies in konflik gestel en daarom onrustig gemaak tussen sy mede-admissante wat elkeen ’n vertelling oor een of ander besondere godservaring gehad het waarin hulle as predikante geroepe sou wees.

Hierdie was een van die wesenlike verskille wat ook aanleiding tot die afskeiding van die Nederduitse Hervormde Kerk en die Nederduitse Gereformeerde Kerk aanleiding gegee het. Deur ’n godservaring as voorwaarde vir toelating om predikant te word te stel, het die NG Kerk kontrole gehou dat net hulle wat godservarings gehad het en wil bedryf, predikante in die NG Kerk kan word. Danie se medestudente het geweet

hoe werk hierdie voorvereiste en die geestelikheid van hierdie godservarings. Danie het dit nie geweet nie, maar geweet hy wil predikant wees.

Dit het tot voortdurende debat en geskille aanleiding gegee tussen Danie en sy twee kamermaats op Kovsies, Johan Dreyer en Attie Bosman. Hulle sou Danie oor sy roepingloosheid konfronteer en hy sou hulle konfronteer oor die stem wat hulle moes hoor, die velletjie wat hulle soos ’n Gideon moes buite laat lê het of een of ander ster wat moes verskyn het soos met die Here se geboorte. Die ironie is dat hulle met hulle godservaring-geroepenheid nie hulle teologiese studie voltooi het nie, maar Danie met die soberheid om nie so in hierdie geesteswroeginge te spartel nie, het wel sy studies voltooi en ’n leraar geword.

Sy eerste jaar op Kovsies in Huis Olienhout in 1974 was die jaar van die Jeug-tot-Jeug aksie. Ds. Neels Lamprecht, leraar van Germiston – Suid gemeente het juis sy aanstelling as studenteleraar gekry weens sy insette met die opbou tot hierdie Jeugaksie. Onder sy leiding en dié van sy medeleraar, Vicky le Roux, het die Jeug-tot-Jeug-Aksie die geestelikheid van Kovsies in 1974 geword. Danie vertel dat feitlik die hele Huis Olienhout se studente met die drie geestelike godservarings van “bekering”, “godsvervulling” en “getuie-wees” aan die hand van die drie geestelike boekies van die Jeug-tot-Jeug-aksie gekonfronteer was en deel van hierdie geestelikheid geword het.

Hierdie geestelike opwelling het gelei tot ’n maandelikse byeenkoms wat as opvolgaksie vir hierdie aksie in die koshuis sou dien. Prof. Lombaard van Bybelkunde het hierdie groep gelei. Hy was egter nie in hierdie geestelikheid nie en na sy Bybelstudie oor die uitverkiesing is hierdie geestelikheid sodanig ontwapen dat hierdie opvolgaksie daar en dan ’n tydige dood gesterf het.

Nog ’n saak wat Danie vir sy hele studietyd, op Kovsies en Tukkies, in konflik met die moderne Christelikheid gebring het, was die innerlike vryheid wat hy gehad om te dans. Die algemene standpunt dat dans sonde is het net nooit enige sin vir hom gemaak nie.

Tydens sy tweede studiejaar in 1975 kon hy sy hare dra soos hy wou omdat die eerstejaars se klere en hare voorskrifte nie meer getel het nie. So het dit gebeur dat Danie “lang” hare gehad het en gedans het. Die eerste botsing het van die kant van sy Griekse professor af gekom. Met een klas geleentheid het hy al die admissante met lang hare na die dekaan, prof. HJ Strauss laat gaan sodat hy hulle kon raakvat. Danie was “gelukkig” nie in die klas nie, want op die Vrydagaand was hy besig met joolsette vir Huis Olienhout. Sy “lang” hare was gelukkig nooit weer probleem nie.

In sy derde jaar in 1977 is daar in die admissieblad, “Tussen ons” ’n beroep gedoen op admissante wat dans omdat hulle die Here Jesus met hierdie sonde weer sou kruisig. Daarop het Danie sy studenteleraar, Vicky le Roux, gaan sien. Die het hom

tereg daarop gewys dat ander se standpunt hieroor nie noodwendig geldig is nie en as dit nie vir hom sonde is nie, dan kan hy maar dans.

Met sy finale keuring voor die admissiekommissie om tot die fakulteit toegelaat te word, het die voorsitter ds. Dana Minnaar hom gevra wat hy van dans dink. Danie was in daardie jaar redenaarskampioen van die UOVS gewees. In sy naïwiteit hoor hy die vraag as toets oor sy vermoeë tot standpuntinname. Die vraag word immers verskillend beantwoord. Terwyl hy Minnaar se opvolg vrae so goed as moontlik beantwoord word hy skielik onderbreek met die direkte vraag: “Broertjie, wat ek eintlik wil weet is, dans jý?”

Die onskuldige vraag heel in die begin was toe al die tyd ŉ lokval. Toe hy positief antwoord het die gesprek behoorlik vlam gevat, maar hy het voort gegaan om die kommissie met konkrete argumente op die onhoudbaarheid van hulle opvatting te wys. Dit is toe dat ds. Minnaar hulle onderbreek en Danie luidrugtig konfronteer met die vraag: “Broertjie, maar wat doen jy met jou hande, wat doen jy met jou hande?” Sonder om twee keer te dink verklaar hy met dieselfde retoriese passie: “Ek hou haar vas! Ek hou haar vas!” Die dominee se aanvalvraag was om Danie te ontbloot as iemand wat besig is om meisies te betas onder die voorwendsel van dans. Hierdie geestelikes het met dans presies dieselfde gedoen as wat hulle met die manier waarop hulle jou bekeer het gedoen. Hulle het jou as pervers, liefdeloos en sondig voor God aangekla, voor God beskuldig, deur God veroordeel op so manier dat jy jou voor hulle geestelikheid gedienstig moes neerbuig.

Toe die kommissie besef hy gaan nie met hulle saamstem dat dans sonde is nie, net omdat hulle so sê nie is die aanval gewysig. Hulle beskuldig hom toe dat hy die gesag van die kerk uitdaag, dat hy opstandig en weerspannig teen gesag is.

Gedurende hierdie hele debakel het sy studenteleraar, Ds. Vicky le Roux die hele tyd soos die graf geswyg. As verdediging beroep Danie hom op sy gesprek met Le Roux. Le Roux  was egter te lafhartig om by sy eie leiding te bly en stel aan Danie dat hy bedoel het dat as Danie ware selfondersoek sou gaan doen het, hy dan self sou agterkom dat dans sonde is. Sy studenteleraar het nie net gelieg nie, maar hom só uitverkoop aan ŉ valse beskuldiging van die admissiekommissie en só Danie se loopbaan op die spel geplaas.

Gelukkig het die ander studenteleraar Ds. Neels Lamprecht vir Danie in die bresse getree omdat die beskuldiging van opstandigheid teen gesag doodeenvoudig net nie waar was nie. Hy het getuig dat hy juis vir Danie ken as mens iemand wat geen probleem het om gesag te aanvaar nie. Hy het voorgestel dat die saak terugverwys word om deur gesprek tussen Danie en Le Roux opgelos te word waarna Le Roux sou terugrapporteer.

Na hierdie vergadering was een van Danie se vriende, Dirk Botha, self admissant en seun van ŉ predikant in Bloemfontein, diep bekommerd oor hom en vra vir Danie wat

hy gaan doen. Danie het geantwoord: “As hulle argumente beter is as myne dan hou ek op. Indien nie, gaan ek bly dans en as hulle my afkeur verloor hulle ’n goeie predikant.”

Na hierdie vergadering het ds. Vicky le Roux ’n vergadering in Huis Olienhout belê met al die kringleiers, deesdae se wykskerkraad. Hy wou hom self regverdig teenoor Danie en die admissante na sy lafhartigheid in die admissiekommissie. Toe hy sy skok oor Danie se dansery verklaar, het talle kringsleiers bely dat hulle ook dans. Daarop verklaar die leraar toe dat dit anders is vir admissante. In die aanvalle van die studente op Le Roux dat hy daarmee impliseer dat hulle ’n ander klas gelowige is, verval hy net in dieper modder.

Hy probeer sy verklaring regverdig deur te sê dat dit is soos wat hy drank gebruik! Hy gebruik nooit drank voor ander mense nie, maar drink soms in die aande saam met sy vrou by die huis ’n glasie om nie ander mense nie tot ’n val te bring nie. ’n Wyse admissant, Albie Grobbelaar het toe opgestaan en die vertroue uitgespreek dat hy hoop die laaste voorbeeld sal nou nie lei tot ander se val nie, as hulle nou alleen in hulle kamers in die koshuis drink, want dis mos nie voor hulle medestudente nie! Daarmee was sy gesag as leraar voor hierdie studente vernietig.

Toe Danie opdaag vir die gesprek met Le Roux het hy gedog hulle gaan oor dans praat. Le Roux het egter volstaan dat sy opdrag is om met hom te praat oor die aanvaarding van gesag. Al gesprek wat egter plaasgevind het was Le Roux se vraag: “Danie, jy het mos nie ’n probleem met geag nie, nê?” En Danie se antwoord: “Oom moet maar besluit!”

Danie het verklaar hy sal aanhou dans en hy het. Hy is nie toelating tot die fakulteit teologie geweier nie. Aanvaarding van gesag het blykbaar by die deur uitgewaai want dis nooit weer ter berde gebring nie.

Die geestelikes ken nie die geloofsaak van vryheid in middelmatige sake soos Paulus dit in Romeine 14 verduidelik nie. Calvyn het al gestel dat alle bygeloof en goddeloosheid begin in die geestelike mag om die vryheid in middelmatige sake te vernietig. Hulle sal eers almal verbied om te drink om hulle geestelikheid te demonstreer, en dan sal hulle na een of ander geestelike ontwaking, weer geestelik demonstreer dat hulle kan drink. Van gewone menswees sonder geestelike mag is hulle altyd vervreemd.

Danie het hom vasgeloop teen die tipe mag van dominees wat later jare eers ’n naam sou kry toe leraars hulle self benoem het as die kerk se “bemagtigde leiers.”Hy sou weer in sy finale keuring deur die kuratorium om as leraar gelegitimeer te word met hierdie mag gekonfronteer word.

Danie is van geaardheid ’n natuurlike en sterk sosiale leier. Hy het die studentekamp van Tukkies in 1977 bygewoon om deel van die studentelewe van sy nuwe

universiteit te word. Tydens dieselfde naweek was die eerstejaarskamp van die teologiese studente, die tokkelokke. Hy het saam met Pieter Erasmus en Piet van Rensburg in hul Volksie na die kamp gery. Sonder dat hy dit geweet het, was hy nou binne die hart van die Charismatiese beweging. Hulle gesprekke oor die gawes van die Gees, oor kragvolle gebed, spreek in tale ensovoorts was vir hom ’n nuutjie. Dit was nie vir hom ’n geestelike toets nie, maar ’n teologiese debatgeleentheid.

Tydens die kamp het die leraar wat nou sy voog sou wees hom oor die Charismatiese gawes gevra en weer het Danie dit as debatsgeleentheid gesien en op grond van sy nuut verworwe inligting hom positief daaroor uitgespreek. Daar was toe notas daaroor op sy lêer gemaak. Met sy gesprek in sy finalejaar op Tukkies is hy kennis gegee dat hy en ’n paar ander studente vir spesiale onderhoude voor die kuratorium moes verskyn. Een van die studente, Willie Potgieter moes oor dans verskyn. Na sy relletjie by die UOVS het Danie aanvaar dis waarom hy ook voor stok gekry gaan word omdat hy steeds lustig gedans het. Die aand voor die tyd moes hy met sy vriende saam wroeg oor wat gaan gebeur omdat hy nie aan hierdie eis dat ’n leraar nie mag dans, sal toegee nie. Danie het geweet dat dit die einde van sy poging sou wees om leraar te wees indien hulle hom voor ’n ultimatum sou stel. Hy kon immers nie nou met hulle saamstem dat dans sonde is nie, net omdat hulle so sê nie.

Willie Potgieter het voor hom ingegaan en is voor die ultimatum gestel oor dans as sonde vir ’n dominee. Vir legitimering moes hy dit aanvaar. Toe Danie voor hulle verskyn het hulle afgeskop deur hom uit te vra oor sy standpunt teenoor die Charismatiese beweging. Hy was totaal oorbluf, want ek en Danie was toe reeds onder ons klasmaats bekend vir ons openlike verwerping en minagting van hierdie geestelikheid. Danie het dit vir hulle gestel, maar hulle wou dit nie sonder meer aanvaar nie, want vier jaar gelede is daar in sy lêer aangeteken dat hy ’n yweraar vir die Charismatiese beweging was.

Nadat hy met duidelik standpuntinname hulle uiteindelik oortuig het, het hy hulle gekonfronteer oor hoe hulle hom, sou dit waar wees, wat dit nie is nie, vir vier jaar alleen gelos het. Oor dans het hulle niks teen hom aangeteken gehad nie. Blykbaar oor gesagsaanvaarding ook nie.

In September 1978 het ek my akademiese motivering en geestelike meelewing met die kerklike studente beweging feitlik heeltemal verloor. Ek stel my self beskikbaar vir die Huiskomitee en word verkies vir die portefeulje kuns en kultuur. Vir die volgende twee jaar gee ek myself oor aan en leef myself uit in die georganiseerde studente lewe met die skryf en afrigting van eerstejaarskonserte, serenades en blombalkompetisies. Terselfdertyd neem ek ’n besluit om my op sending toe te lê, wat uitloop op my skripsie in sending.

Die eerste kwartaal se akademiese leiding in 1978 was weer deel van die NG Kerk se dualisme. In Ou Testament by prof. Prinsloo doen ons die boek Amos, en ek

maak die akademiese werk my Bybelstudie omdat ek eintlik met my breuk met die selfinlees in die Skrif nie meer Bybelstudie soos voorheen kon doen nie. Die verbondsperspektief wat hy deurgee, is glad nie die inhoud van die beloftes van God nie, maar eerder die lewe binne God se gesag en God se verwagtinge. Dit is veral die verbintenis dat jy deur God geseën word as jy in sy verwagtings leef en veroordeel word as jy nie in sy verwagtings leef, wat my totaal buite die beloftes van die verbond stel.

Ek probeer hierdie gesag en verbondsverwagtinge weer verpersoonlik as ’n intiem persoonlike verhouding, maar doen dit binne die spanning dat ek my self al minder in God wil inleef. “Amos 1 Die volk het in ’n besondere verhouding gestaan: Julle sal vir My ’n volk wees en Ek sal vir julle God wees. God het met hulle ’n verbond gehad. In hierdie verbond het God sekere verwagtings van sy volk, eise of gesagsaansprake oor en in hulle lewens gehad wat die erkenning en bevestiging van God se Here-wees in hulle lewe. Deur hieraan te voldoen, om te leef binne God se verwagtings, se gesagsaanspake, ervaar sy volk ook die seën van God se Hereskap in hulle lewens. 2. Maar juis hierin lê hulle sonde. Hulle was dié wat uit ’n intieme geloofsverbondenheid aan God juis sy gesagsaansprake moes ken, erken en uitleef. 3. Egter, hier kom iets anders op die spel. Hulle laat hulle nes hulle ouers mislei deur drekgode, valse gode. Hierdie verwagting van God, hierdie gesagsaanspraak van God op hulle lewens word misken daarin dat i.p.v. God se verwagtings, gesag te aanvaar, aanvaar hulle gesag van ander dinge; stel hulle hulleself onder die gesag van ander gode en word daar aan hierdie gesagseise onderwerp… Dit is ’n gewillige en berekende oorgawe aan die gesag van ander dinge in plaas van die gesag en verwagtinge van God in hulle lewens. 4. Dit is ’n lewe wat nie meer in intieme geloofsgemeenskap met God geleef word nie, as God as Here en en oor hulle lewens nie en daarom leef hulle nie meer binne God se verwagtings vir hulle. Hulle het hierdie verbondenheid met God prysgegee. 5. Deur hierdie gesag van ander in plaas van God se gesag as Here te aanvaar en daaraan te voldoen, poog die mens om homself te verwesenlik na sy eie wil, sy eie goeddunke, buite God se verwagtings om. Dit is ’n miskenning van God se Here-wees, van sy gesag as Here oor die bestaan van die mens; en daarom is die aanvaarding van die gesag ’n ignoreer van God se Hereskap. 7. God bevestig Sy Hereskap, Sy heiligheid deur Juda se bestaan te ontneem. In hierdie daad toon God sy gesag oor die lewe van Juda. Sy gesag wat misken is oor Juda- bevestig God in Sy oordeel, Sy Hereskap. God is Here. “ (31.03.1978)

Dit word die tema van die Bybelstudie vir die hele 1978 en begin 1979 omdat ek nou persoonlike Bybelstudie laat verval vir die doen van eksegese van klaswerk in my Bybelstudie.

Hierdie  sintese van die verbond as intiem persoonlike verhouding en die wet van God as die eise van hierdie intiem persoonlike verhouding, maak dat ek nou eintlik buite die identifikasie met God aan die eise van die wet van God moet voldoen. Hiermee verloor ek nie net my akademiese motivering nie, maar ook my geloofsmotivering.

Vir die res van 1978 en die eerste deel van 1979 vermy ek al meer ook gebed en Bybelstudie, maar ek ervaar hierdie vermyding as die ignoreer van die verbondsverwagtinge van God omdat ek die “persoonlike verbondenheid met God” probeer vermy. Ek begin om my verlies aan akademiese ywer en my verlies aan gemotiveerdheid in die inlewing in God in, toe te skryf aan my “ignorering van God se verbondsverwagtinge” en my vermyding van intieme geloofsverbondenheid met God.

Hierdie aanhoudende sonde-erkenning en sondebelydenis vir my verlies aan akademiese werklus en godsdienstige toewyding word die tema van 1978 en begin 1979.

Ek het geen begrip daarvoor gehad dat ek nie meer in die identifikasie met God kan leef na die distansiërings en breuke van 1977 nie. Nog minder het ek enige insig gehad dat die verbond iets anders is as, óf die verwagtinge, dit is, eise van God, óf my opvatting van identifikasie as “persoonlike en intieme verbondenheid met God”. In hierdie uitsigloosheid begin ek ook gereeld in depressie verval.

## 23. Twee dosente gee geloofsrigting en geloofsinhoud: proff. Mias de Klerk en Frikkie Botha.

Deel van die innerlike teenstydigheid in die dualisme van geloof en identifikasie in die teologiese fakulteit was die leiding wat proff. Mias de Klerk en Frikkie Botha in die eerste kwartaal van 1978 gegee het.

Die leiding wat hulle teologies gegee het, was in stryd met elke deel van die identifikasie met God wat die predikante van die CSV en die Jeug-tot-Jeug-aksie aan my geleer het en my in gelei het. Hierdie lesings het eintlik die einde van my eie Bybelstudie waarin ek God intiem persoonlik probeer beleef het, beteken.

Dat hierdie professors ’n geloof en bediening geleer het wat in stryd was met die godsdiens wat die predikante en ander dosente my geleer het, kon ek nie herken of verwoord nie.

Self wóú hulle dit nie openlik só stel of verwoord nie. Die kerklike druk op hulle uit die geledere van die studente en kerklike gemeenskap was dat hulle dan “teoreties” en “onprakties” sou wees en ons nie sou help om predikante te word nie. Daarom het hulle dit waarskynlik in akademiese taal sonder konfrontasie met die kerklike werklikheid waarin ons gestaan het, gestel.

Prof. Mias de Klerk het aanhoudend die amps- en verbondskarakter van geloof in Christus gestel met kritiek op die Pinkstergodsdiens in sy lesings oor prediking en diakonaat. Hier volg sy leiding in die lesings wat ek afgeskryf het.

“ Die uitgangspunt vir prediking is die Woord van God volgens ’n bepaalde teks. Prediking gaan oor wat sê die teks as gerigte verklarende toepassende verkondiging. Hierdie vraag moet

binne die predikende situasie verstaan word. Dit gaan oor die Woord van God ín die gemeente en áán die gemeente. Dit gaan nie daarom dat die prediker die gemeente vertel wat God tot hom gespreek het nie, maar wat God tot die geméénte gespreek het. Die metodiek van die gepredikte Woord vra: hoe word die teks vir die gemeente gevind en nie hoe word die gemeente vir die teks gevind nie ….die verdelings van die preek moet die boodskap uit bepaalde oogpunte belig en opbou tot die klimaks: dit is die volle uitspeel en vertroosting van die boodskap uit die verdelings. (nie as die grootse emosionele uitbarsting; die finale aankondiging of die “aha” erlebnis nie, maar as die volle verwoording van die boodskap (kerugma) vanuit die verdeling.” (19.02.1978)

“Persoonlike werk. Daar moet nie ’n spanning geskep word tussen amptelike en besondere groepe nie. Die amp van gelowige moet nie tot die kerk beperk word nie. Alle lewensterreine, alles is gehoorsaamheid, nie net binne persoonlike werk nie. Dit is ’n valse vroomheid dat alle mense ander mense met die evangelie moet konfronteer, ook waar die mond sluit en nooit praat nie word op ’n natuurlike wyse getuig.” 27.02.1978

“Die gemeente is nie gefundeer op die ywer of bekwaamheid of die goeie en aktuele beplanning van die leraar nie. Die grondsteen van die gemeente is die Woord van God, en daarby: die diens van die Woord. … Die bevraagtekening van prediking as kommunikasiemiddel: dit gebeur deur die massale en elektroniese holistiese opset van tegniese kommunikasie media. Die tegniese media stel dat die prediking in onvermoë is om die mense te bereik. Tegniek woord teenoor God se Woord gestel. Dit gaan om ’n dramatiese belewing, ’n “happening.” Die prediking word ook deur ’n moderne kerkleer gedevalueer met ’n teenstelling van charismaties teenoor institusioneel. Dit gaan nie meer om die kerugmatiese van die Woordbediening nie, maar om ’n raadgewende amp. … Die inhoud van die prediking: Die inhoud word bepaal deur die verhouding tot Subjek en Openbaringswoord in die Skrif. Vrome ervaringsinhoude is nie die inhoud van die prediking nie. Hier word die prediker die “religieus beleefde persoonlikheid” wat sy eie belewing daarstel om die religieuse bewussyn van die gemeente te motiveer. 27.02.1978

“Diakoniologie. Ons kan die vakgebied nie verstaan as ons nie by Christus begin nie. Volgens Fil. 2: 4-8 het Christus die gestalte van ’n dienskneg aangeneem. In verbintenis met Jesus Christus se dienswerk word die kerk na vore gebring. Diakonia was ’n vernederend begrip. Christus sê “as julle My wil volg moet julle diensknegte word… Die versoeking wil Jesus altyd van hierdie diensweg af neem. Maar Christus word koning deur te dien. “Aan My is alle mag gegee … Jesus verhef diens en bediening as die grondwoord vir die kerk… Sondag 12: Waarom word Hy gesalfde genoem? Omdat Hy deur God verordineer is en deur die Heilige Gees gesalf is as koning, priester en profeet… Die gemeente se dienswerk is gewortel in die dienswerk van Jesus Christus. Volgens Berkhouwer is die stryd om die amp nie iets abstraks nie, dit gaan om die realiteit en lewe waardeur die ganse kerk beheers word: die bediening van Jesus Christus, die groot ampsdraer… Dit is die realiteit van Jesus se ampsbediening wat die heilsgeskiedenis beheers.” (1.03.1978)

“Eksistensialisme in die prediking: die eksistensiële word verabsoluteer. Dit gaan oor die mens-tot-mens verhouding wat telkens tot belewenis moet word. Daarom word liggaamlike betrokkenheid beklemtoon: dit gaan om die daadkrag van die belewenis. Hierdie belewenis word later net maatskappykritiek. Dit gaan om die “Ek-vir-jou-verhouding”.

Maar nie waar Christus Middelaar is nie, maar waar Jesus die groot voorbeeld van my eie belewing is. … Jesus sit self sy eie bediening voort, dit is ’n Christokrasie: jy moet eers in die amp van gelowige staan voor jy in die amp kan staan. Dit is die primêre vereisde vir die amp. Nie elkeen wat preek is ampsdraer nie. Net hy wat die Woord na die bedoeling van die Gees verklaar is ampsdraer. Dit is maklik om ’n toespraak te maak of om ’n opruiende godsdiens preek te lewer. Maar dit is nie die bedoeling van die Woord nie… die inhoud van die prediking is nie” my ervaring” nie, maar die Woord van God wat ek ervaar het. Die prediking is nie jou lewensverhaal nie. Die prediking van jou lewensverhaal maak dat almal soos die dominee moet wees. Dit is rasionele en moralistiese prediking. Die Skrif het sy eie gesag en mag. (6.03.1978)

“In die sentrum van die kerk se lewe is die bediening van Christus. Hierdie bediening van Christus gee aan die kerklike dienswerk bepaalde karaktertrekke: dit is histories-soteriologies gefundeerd. Dit beteken 1. Dit is geskonde ampsbediening. 2. Borgtogtelike ampsbediening en 3. Hemelse ampsbediening. 1. Daar moet altyd op die heilshistoriese betekenis van Jesus Christus as Verlosser gelet word. ’n Verkeerde geloof in Jesus Christus is ’n verkeerde geloof. Dit geld vir die bediening van die kerk ook.

Die “Jesus people” byvoorbeeld volg Jesus as die groot voorbeeld maar hulle weet nie wat dit beteken dat Jesus die Messias is nie. … Hierdie verkeerde bediening hang saam met die geskonde voorkoms van die mens volgens Sondag 3 van die Heidelbergse Kategismus. Die mens is geskape om dienskneg van God te wees. Die mens as koninkryksmens word t.o.v. sy amptelikheid – sy verantwoordelikheid voor God aangespreek.

Maar hierdie mens is sondig. Die sonde skaad die mens se profetiese, priesterlik en koninklike amp. Die mens is profeties nou ’n beterweter: hy wil sy eie insig hê en God anders ken as langs die weg van gehoorsaamheid. Priesterlik onttrek die sondige mens homself aan gemeenskap met God en bring offers in belang van homself. Koninklik wil die mens nie meer gelowig of gehoorsaam wees nie, maar wil nou soos God wees. Dit is alles ampsversaking. Dit roep om straf. … Christus kom as die groot ampsdraer wat sterf vir hierdie verval in die amp en kom om die ampsrelasie te herstel. Sy koms is borgtogtelike ampsbediening – om amptelik in die plek van die mens te ly. Hy ly as profeet, priester en koning. Christus se ampswerk het nie opgehou nie. Hy sit steeds sy werk as Middelaar voort – ook in sy kerk sit Hy sy bediening voort na sy opvaart.” (8.03.1978)

“ Die voorwerp van die prediking. Kerkbegrip in prediking is belangrik. Die gemeente is die volk van God. Dit is ’n ander adres as naakte heidene. Dit gaan om God se volk, God se kinders, al is daar goddeloosheid in die gemeente soos byvoorbeeld in die gemeente Korinte. Hulle is deur die byeenkoms volk van God. Jy kan nie in die prediking elke dag die kerk as sendingvolk hanteer nie. … Die verskil tussen eksemplaries, simbolies teenoor visionêr, en

eskatelogies: … Die gemeente moet toegerus word. Daar kan nie die hele tyd by bekering gebly word nie. … dit is maklik om mense die eerste maal tot bekering op te roep, maar om oor omgang met God te praat is ’n ander storie. ’n Mens kan nie daaroor praat as dit nie in jou eie lewe gestalte kry nie. ’n Mens moet juis uit die omgang met God mense trek en lei tot Christus. Predikers bly soms net by die bekeringsprediking. Onthou. Jy is ’n leraar van die gemeente en weet nie die dinge nie?”(13.03.1978)

“Kerklike dienswerk. Christus sit sy amp deur die kerk voort op aarde. Die bediening geskied uit die volbragte werk van Christus. Die voortgang van die drievoudige amp is heilshistories. Dit is gerig op sy wederkoms. Dit is teosentries. Dit gaan oor die volheid van die troonwerklikheid in en deur Christus is die Here self aktief. Dit is nie onsself nie. Die Here neem self die inisiatief in die gemeente. Die werklikheid van Christus se amp staan ook ten nouste in verband met die Heilige Gees. … die Heilige Gees het ’n metode. Dit is ten eerste deur die Woord. Ons self kan so geestelik wees dat ons vergeet die Gees is aan die Woord verbind. Daar is geen werking van die Gees los en buite om die Woord nie. (18.03.1978)

“Christus se meedeling van die Gees. Die boodskap is nie allerlei mistiese dinge nie. Petrus verkondig Christus, sy Hereskap – dit is die troonbestyging van Jesus: deur sy Gees word verlossing, versoening in die gemeente meegedeel. Die Heilige Gees word baie van die Vader en die Seun losgemaak en van die getuienis van die Skrif. Dit is steeds die uitgaan van die Gees uit die Vader en Seun. Die Heilige Gees bring die rykdom van Christus. … prof Jac Müller wys in die kerkbode op die doop met die Gees as ’n eenmalige uitstorting. Daar is geen voorwaarde vir die uitstorting nie. Dit is ’n algemene uitstorting. Die Heilige Gees is gegee in sy getuienistaak. Salwing is die salwing vir die bediening. Die charismata is vir die amp. Vervulling met die Gees: dit gaan om die volle heerskappy van God in ons lewens. God het reeds die gawe gegee. Ons moet dit aanvaar. Kan nie die vervulling deur die oplegging van hande bring nie. Dit is God se gawe wat die mens moet aanvaar. Vervulling met die Gees lei tot die Christelike lewe: die gesin, arbeid, huwelik – dit vind nie in ’n ekstatiese hoekie plaas nie.(22.03.1978)

“Diakoniologie. Die vergadering van die HERE. Die basiese inhoude wat ten grondslag lê is koninkryk, verbond en wet. Die erediens en amp gaan altyd oor die Koning: Hy voer gesag uit! … Die Koning bemoei Hom ook met mense en daarom: verbondstigting. Jesus Christus is die verbond… Dit staan nie buite die evangelie nie. Die verbond is die evangelie. Die verbond geld ook vir die sakramente: dit is die verbond wat God in die doop en nagmaal bevestig. Ons moet ’n visie kry op die verbond ten opsigte van die Heilige Gees. Hy is juis die groot verbondsgawe om mense binne die wet van God te bring. Daar is ’n aaneenloping van die verbond van Abraham en die verbond van Christus: die geloofsverbond. Die Sinaïtiese verbond met sy seremonies het verval. Die verbond is monopleuries.” (6.04.1978)

In die derde kwartaal van 1978 begin ek in die verbondsperspektief waarmee prof Mias de Klerk praktiese teologie aanbied, leiding kry, maar ek interpreteer dit weer vanuit die intimiteitsoeke van die identifikasie met God deur Jesus en bly binne die afgodsdiens: prof Mias de Klerk “Weldadigheid en mededeelsaamheid: Dit is alleen die genade

struktuur van God se handel met die mens wat die mens uit ʼn egosentriese lewe ruk: geen ander gronde, alle ander is egosentries en Humanisties. Daarom is die “self oorgee aan” ’n handeling van altruïsme is, want dit soek die ander t.w.v. homself. Slegs die gelowige leef : omdat God … daarom ek; en nie omdat ek … daarom * gemeenskap met gelowiges word gesien veral t.o.v. prediking en sakrament: daar waar hulle in die Naam van Christus bymekaar kom en nie as sosiale en gesellige samesyn nie – soos dit deur die Charismate voorgestaan word” “… God is ons intiem naby in Jesus Christus as Here in ons lewens” Dagboek 29.08.1978

Hiermee het prof. Mias de Klerk die verskil tussen godsdiens en goddeloosheid eintlik aangedui: in godsdiens doen ons omdat God ons red, vergeef, liefhet, … God doen nie omdat ek doen nie…”

Die onderskeid tussen verbondsgemeenskap en sosiale samesyn het hy aan die Pinkster/ Charismatiese beweging gekoppel. Dit het aan my die geloofsruimte gegee om myself van hierdie geestelikheid te kan distansieer asof ek nie deel daarvan is nie. Dit gee my ook die geloofsruimte om na God te vra sonder om dit binne die identifikasie met God te doen. Hy gee my ook ’n verwysing om myself te kan losmaak van die “selfoorgawe”.

Hiermee het hy vir my ’n verwysing oor geloof teenoor identifikasie met God gegee. Ek het egter dit weer binne die intimiteitsoeke in God verwring tot ’n spesiale soort persoonlike verhouding met God. Dit was nou binne die spanning dat ek my nie deel van die Pinkster/ Charismatiese geestelikheid sien nie.

Wat prof Mias de Klerk nie gedoen het nie, was om hierdie innerlik teenstrydige tussen geloof en ongeloof, godsdiens en afgodsdiens openlik as die konflik binne die NG kerk uit te wys nie. Alles wat hy uitgewys het, was deel van die eredienste, prediking en evangelisasie van die NG Kerk. Meer nog, dit was die magtigste rigting in die kerk en het uitgeloop op die vervanging van eredienste met spirituele feeste, van Woord verkondiging tot die intermenslike belewenis asof dit goddelik is wat vandag die inhoud van die meeste NG byeenkomste is.

In dieselfde tyd gee prof. Frikkie Botha vir ons leiding hoe om uit Matteus 26 heilshistories te preek. Hierdie lesing het my Bybelstudie, maar veral my prediking en Skrifuitleg vir die res van my lewe deurslaggewend beïnvloed. Hierdie uitleg van Matteus 26 was die preekinhoud en rigting wat ek in Silverton gemeente in Desember 1981 en die eerste deel van 1982 gevolg het. Dit was ook in die eerste prediking in Sibasa, Venda, in Januarie 1984.

“Hoe preek ’n mens oor hierdie gedeeltes? Mens preek binne verband. Byvoorbeeld in die verduideliking van so iets soos ’n skildery. Jy kan oor ’n perikoop of oor ’n deel van ’n perikoop preek, maar jy mag dit nooit losmaak van die geheel nie. … kolon 6 as teks sal die tema hê “Jesus sê Hy gaan op die Paasfees oorgelewer word om gekruisig te word”. Nou moet ons objektief- heilshistories preek en nie eksemplaries- subjektivisties nie. Byvoorbeeld 14-16 mag jy nie uitlê: Is die gemeente nie ook só nie? Verraai julle nie ook die Here nie?

Die Bybel is nie ’n boek van “so en soos” nie. Dit gaan nie oor wat beteken dit subjektivisties vir die hoorders nie. Ons moet kyk na die heilshistoriese verband.

Ons preek reg as die boodskap wat toe gegeld het, deurgebring word vir vandag. Byvoorbeeld: hier gaan dit oor die Paasgebeure, Jesus wil aandui Hy is die Paaslam wat geslag word, Jesus wil die Paasvryheid beklemtoon. Daarom moet ons let op al die verbindings en samehang met die Paasfees.

Wat hier verder voorkom is die “Seun van die mens” en “oorgelewer” Dit dui op verraai. Maar dit is God wat sy Seun oorlewer. Dit is die passivum divinum. Παραδιδοται (oorgelewer) Ons kry die passivum divinum herhaaldelik by Matteus en dit dui op die koninkryk van die hemel. Ons het hier dus te doen met die raadsplan van God. Hyself gee sy Seun oor.

Jesus het al drie keer sy lyding aangekondig. Elke keer sê Hy iets meer. Dit is eers met die derde keer dat Jesus stel dat Hy ’n kruisdood gaan sterf. Jesus wil nou iets spesifieks met sy kruisdood stel. Hoekom kruisdood? Dit is nie normale dood, of dood deur klippe of verwurging nie. Waarom juis gekruisig word? Dit is wat aan die gemeente verkondig en verduidelik moet word. Dit is objektiewe – heilshistoriese uitleg. Ná hierdie uitleg kan ons dit nou subjektief deurtrek.

Die Jode praat van fees. Jesus praat van die Pasga. Vir hulle is dit sommer maar ’n fees. Hulle is bekommerd oor ’n oproer onder die volk. Jesus praat van die redding van die volk. Hulle is net bekommerd oor ’n oproer. Jesus is bekommerd oor redding. Hulle wil Jesus doodmaak. Jesus sê: “Ek móét gekruisig word.” Dit is op hierdie heel besondere manier doodgemaak word. Die subjektiewe is nou die geloofsoproep: glo in die Here wie dit gedoen het. Dit is die verduideliking hoekom jy is Jesus moet glo.

Dit geld ook vir verse 10-13. Dit moet nie subjektief-eksemplaries uitgelê word nie: “gemeente, gee julle self soos sy haarself gegee het nie”. Ons verkondig nie die daad wat hierdie vrou gedoen het nie. Dit gaan oor die evangelie wat orals verkondig sal word. Dit gaan oor die hele wêreld wat in oproer gaan kom, nie net ’n oproer onder die volk nie. Wat verkondig moet word, is die Here tot wie sy tot geloof gekom het. Sy het die heilswerk van Christus aanvaar. Toe die ander al getwyfel het, het sy Jesus se sterwe aanvaar. Ons verkondig in hierdie gedeelte Jesus se sterwe, en sy wat dit deur geloof aanvaar het.” (31.08.1978)

Met die rigting wat prof Mias de Klerk en Frikkie Botha my gegee het, begin ek in November 1978 om tussen ware en valse geloof te onderskei. Dit maak dat ek myself kan losmaak van alles wat om my as geloofservarings aangebied word en wat ek as openbaring van God moet aanvaar. Ek maak ook die eerste keer vir myself ’n onderskeid tussen bekering en “eiegeregtige selfbekering: “Gesels gister met Van wat aan die Volle Evangelie Kerk behoort. *Eiegeregtige selfbekering * Hulle godsdiens is op hulleself en hulle belewenisse gerig. Iets wat opmerklik is, is dat mense wat hulle hele lewe afsydig teenoor God geleef het, alle geloofsgebeure as openbaring ervaar. Daar word nie tussen ware en valse

geloof onderskei nie. Dit hoef alleen maar ’n geloofservaring wees. Alle geloofsgebeure, waar én vals, word as Christelik en as van die Bybel ervaar.

So word die Bybel met teksaanhalings alleen maar ’n verwysingsbron vir alle geloofsgebeure wat ek wedervaar, of dit waar of vals is, maak eintlik nie regtig saak nie. Dit is heel waarskynlik omdat ons met ’n selfbeeld leef van die mens as redelik-sedelike wese en godsdiens en geloof nie as algemeen menslik aanvaar word nie. Só is alle persone wat godsdiens-gelowig is per definisie Christen gelowige. Dit is egter alles misplaas.” **Dagboek** 24.11.1978

Net voor ek saam met my gesin na Port Edward op vakansie gaan, skryf ek op perseel 62 Mapleton in my dagboek die volgende: “01.12.1978 “Jesaja 1: 2-9 Teenoor hierdie verbondstrou van God staan Israel waarvan God ook dankbaarheid verwag: dankbaarheid wat sigbaar is en gestalte neem in ’n lewe van gehoorsaamheid aan God. Hierdie gedagte staan teenoor baie ander: dankbaarheid as blydskap; dankbaarheid as gevoel; dankbaarheid dieselfde gee as ontvang, maar hier geld alleen dankbaarheid as gehoorsaamheid. … … “ Here, dis daarom, om hierdie gemeenskapsverbreking tussen my en U, dat ek die afgelope paar dae nie meer met kennis van U wil en insig in my daaglikse lewenssituasies leef nie, om só te leef in gehoorsaamheid aan U in elke lewensuiting van my as mens, as U kind Here. Vader hier is ek. Here ek bid U lei my in intieme geloof en liefdesgemeenskap met U dat ek daaruit die regte kennis sal hê van wat U van my verwag … **Dagboek** 2.12.1978

Vanuit die verbondsinhoude wat prof. Mias ons in gerig het, kon ek nou dankbaarheid verbind aan die inhoud van die wet van God, volgens die Heidelbergse Kategismus. Hiermee kon ek dankbaarheid onderskei van die godservarings waarin ek groot geword het en wat om my uitgeleef word. Maar met hierdie onderskeid probeer ek dit weereens inpas in die intimiteitssoeke met God en verwring gehoorsaamheid weer as die gevolge van my identiteit met God.

Hierdie jaar was ’n heen en weer val binne die identifikasie met God en die versugting na en spel met mag in selfgelding in en deur God, met al die identiteitsverwarring wat ek daarin ervaar het. Dit was egter al meer en meer net woorde in gebed en Bybelstudie. Eintlik het ek myself uit hierdie gemeenskap kerklik en teologies onttrek. Dit was nog net in gebed en Bybelstudie waarin ek in hierdie innigheidshouding ingegaan het, maar dit het ek ook al meer en meer vermy.

Die soeke na Skrif- en geloofsinhoud het my en Danie in ons tafel en portaal gesprekke en debatte in 1978 ook van die Pinkstergeestelikheid en daarmee van die geestelikheid van die NG Kerk begin vervreem. Hierdie vervreemding het ingetree sonder dat ons die impak en gevolge daarvan openlik verwoord het of duidelik besef het. Ons het dit egter duidelik aangevoel.

Hierdie afstand en onderskeid van die hoofstroom van geestelikheid in die NG Kerk het ’n baie interessante insident tot gevolg gehad aan die begin van 1979: “Ek distansieer my self van affiliasie met die ASB: hulle wat geen verteenwoordiging van my mening vorm nie, kan nie daarop teer nie. Ervaar die betekenis van my vriendskap met Danie: medemens wees.” (Dagboek 19.02.1079)

Die Afrikaanse Studente Bond was die studente organisasie waarin die Broederbond en Nasionale Party studente by hul magspolitiek op kampusse betrokke gemaak het. Uit hulle geldere is baie studente vir ’n politieke loopbaan of as ondersteuner van hierdie magsinstellings gewerf. Mettertyd het daar het al meer druk op die ASB gekom oor die fondse wat aan hulle toegewys was uit Universiteitsfondse. Hulle mag en invloed was van so aard dat die universiteit toegelaat het dat alle ingeskrewe studente summier as ASB lede gegeld het. Dit was korrupsie. Al die ander studenteverenigings moes lede werf en registreer vir befondsing deur die universiteit.

Onder druk om dit te staak en soos ander verenigings lede te werf, het hulle die toewysing van fondse probeer behou onder die voorwendsel dat studente van die ASB moet disaffilieer, anders word hulle gereken as ASB lede. Dit was die hart van die Ruiterwag en Broederbond se magsgreep op die Afrikaanse studente lewe. Dit was nog steeds korrupsie omdat ander verenigings lede moes laat affilieer, nie disaffilieer nie.

Al was hy ’n aktiewe ASB lid, veral wat die kongresse betref, was Danie met sy natuurlike regsaanvoeling nietemin erg verontwaardig oor hierdie korrupsie. Hy was self lid van ’n studentevereniging wat gesukkel het om te oorleef en nie genoeg fondse kon kry omdat hulle min lede gehad het. Ek en Danie het dadelik op die lyste geteken om te disaffilieer. Ons begin eerstejaarstudente middae na ete in die groetsessies in die koshuis se voorportaal, waarin hulle hul self aan ons moes bekend gestel het, konfronteer oor hoekom hulle ASB lede is. Hulle het hulle lidmaatskap heftig ontken. Ek en Danie het hulle dan daarop gewys dat hulle moes disaffilieer as hulle nie lede wil wees nie. Hiermee loods ons ’n versetaksie teen die ASB se korrupsie om groot geld uit die Universiteit te kry vir hul Afrikanerpolitiek.

Die meerderheid Taaibossers het hierdie korrupsie aangevoel en dadelik met die protes geassosieer. Hulle verontwaardiging oor hierdie korrupsie het tot ’n hele onrus situasie in Taaibos gelei. Binne ’n paar dae was omtrent al die Taaibosmanne gedisaffilieer. Die huisvoorsitter, Piet Oberholzer, kon niks aan die tipiese studenteprotes teen onreg en misbruikte gesag doen nie. Chris Fismer, Studenteraad voorsitter, later jare adjunkminister van justisie, was ingebring om die koshuis toe te spreek, maar dit het die opstand net meer aangevuur. Hulle kon nie hierdie korrupsie verantwoord nie. Hierdie protes het toe na die ander koshuise toe ook versprei.

Hierdie insident was tekenend van waar ek en Danie deur die breuk met die moderne Christelikheid ons vir die res van ons lewe sou bevind, buite die hoofstroom van die NG Kerk se Afrikanerpolitiek. Hierdie magsinstellings was ook die Afrikanermag waarin die moderne Christelikheid binne die drie Afrikaanse kerke geanker was.

Danie het hom in 1980 met sy BD Skripsie weer teen hierdie studente en Afrikanerpolitiek vasgeloop. Met sy belangstelling in kerkgeskiedenis wou hy sy skripsie oor Beyers Naude doen onder prof. Carel Boshoff se begeleiding. Hiervoor moes hy toestemming by die veiligheidspolisie kry omdat dr. Naude toe ingeperk was. Alle gesprekke met Dr. Naude moes op ’n een op een onderhoud plaasgevind

het sodat selfs nie dr. Naude se vrou in hulle onderhoude kon insit nie. Danie moes aan die veiligheidspolisie verslag gee van die gesprekke. Na wenke vanaf die veiligheidspolisie oor mense met wie hy moet gesels, het hy agtergekom hulle wil hom eintlik gebruik om te spioeneer. Hy het ook nie vir dr. Naude se politieke drif kans gesien nie en het toe sy skripsie verander om oor die Christelike Instituut te gaan. Hierin het hy die Afrikaner Broederbond en die NG Kerk tereggewys vir hulle viktimisering van dr. Naude.

In Huis Taaibos koshuis het dit tot heftige debatte om die etenstafel aanleiding gegee. Die huisvader. dr. Andre Breedt was onder die studente bekend vir sy AB en Ruiterwag betrokkenheid. Die Ruiterwaglede in Taaibos het Danie gewaarsku om nie hierdie magtige organisasies aan te vat nie. Dit het menigmaal daartoe gelei dat Danie aan tafel sou opstaan en hulle dan voor almal in die eetsaal luidrugtig te koggel om tog iets aan hom te doen. Ons het egter nooit in die tipiese anti-Broederbond en anti-Afrikaner politiek van die nuwe magsvormings in die kerk en land betrokke geraak nie. Ons was besig om met die geloofsinhoud van die kerk te worstel en het eintlik in beginsel ons daardeur van enige magsvorming, polities of geestelik, losgemaak.

Dis duidelik, Danie en my breuk met die moderne Christelikheid was meteens ook ’n breuk met die moderne Christelikheid se Afrikanerpolitiek in die NG Kerk. Ons sou later jare eers hoor dat prof. Heyns as dekaan nuwe teologiese studente sou uitkies en konfronteer oor wat hulle vir hulle land wou doen en dan by die Ruiterwag en AB sou betrokke gekry het.

Ek persoonlik het my eers in 1985 in hierdie AB politiek vasgeloop, nadat ’n NG leraar my kort na my bevestiging in Levubu gemeente in kennis kom stel het dat ek so bevoorreg sou wees om as lid van die AB verkies te gewees het. Ek het hom dadelik gekonfronteer oor hoe hy en ander medeleraars my in my afwesigheid in sulke kringe kon bespreek het. Ek het dit afgewys. Hy het my gekonfronteer en gestel dat ek dit nie mag weier nie. Toe ek hom op die verspotheid daarvan gewys het, het hy my toe gedreig dat ek dan moet weet dat ek as leraar van die NG Gemeente Levubu geen toekoms in die Soutpansberg gemeenskap of die NG Kerk sou hê nie.

Ek het my nie daaraan gesteur nie omdat die gemeente, met al sy politieke variasies, almal betrokke was by die geloofstryd wat ek toe op daardie stadium op myself geneem het, ook die lidmate wat AB lede was. Ook hierdie lidmate het die belang van die geloof in die Here eerste gestel. Die mag wat hierdie leraar gedemonstreer het, was die NG Kerk se leraars se mentaliteit dat hulle bemagtigde leiers is. Dit was nooit lidmate in Levubu se houding nie.

In hierdie eerste kwartaal van 1979 begin ons by prof. Frikkie Botha met eksegese van die Johannes evangelie. Prof. Botha het berekend, doelbewus en gefokus die eksegese van die Johannes evangelie teenoor die Pinkstergeestelikheid gestel. Hiermee het hy vir my persoonlik die heilshistoriese uitleg van die Skrif oopgesluit teenoor die eksemplariese Skrifinleg in alle ander geestelikhede. Hiermee het hy my lewenslank gevorm in my Skrifuitleg. Ook Danie is aangegryp en gevorm deur prof.

Botha se leiding in Skrifuitleg en sy doelbewuste keuse om die inhoud van die Skrif te stel teenoor die geestelikheid van die Pinksterbeweging.

In sy Skrifuitleg is dit elke keer ’n uitleg van wie Christus as Here en God is teenoor dit wat ek vir myself ’n ruk later as identifikasie met God verwoord. In sy Skrifuitleg kon ek God in sy Woord en openbaring vind, los en as iets anders as my identifikasie met God. Wat prof Frikkie Botha my in Johannes gewys het, is presies die teenoorgestelde as wat ek in drie jaar se Bybelstudie vir myself in Johannes op RAU verwoord het as intimiteite en identiteit met God.

Die lesing wat my en Danie tref is die lesing van 19 Februarie dat Jesus nie die tempel reinig nie, maar as persoon en met sy lyding en sterwe die tempel vervang. Hierin ontdek ons dat Christus die Vader se wil doen en volbring, nie ons nie. Die opheffing van die tempel is die opheffing van die godsdiens waarmee ons besig was: “Here Jesus, U is die Here. Vader en dis U wat ek vanaand aanroep. Here, dit is U wat die wil van die Vader doen en sy werk volbring. Vader, hier in Johannes getuig U van Uself as die Here wat mense bring tot geloof in U om in U God as Vader te aanbid. U self hef die godsdiens van die tempel van Jerusalem en die tempel van Samaria op en U self is die Here wat aanbid word.” Dagboek 19.02.1979.

Hierdie geloofsinhoud is presies die teenoorgestelde as die ervaring dat ons God se tempel is en God sy werk in en deur ons besig is om te volbring. Ek het hierdie kontras ontdek, aangevoel en aanvaar as die werklikheid van God se Woord teenoor my eie wil en mag. Maar ek kon dit nog nie in verband bring met die mags- en initmiteitssoeke in God en die oortuiging dat God se regering oor my nie ’n regering deur die wet is nie.

Prof. Botha verduidelik ook die betekenis van “tekens” in die Johannes evangelie. Dit is tekens waarmee Hy sy mag as God wys: “ Die wonders dui aan dat Jesus mag het oor siekte. Dit alleen is uit God en deurdat Jesus siektes genees getuig hierdie werke dat Hy die Seun is, die Messias wat deur God die Vader gestuur is en dat God die Vader aan Jesus sy mag gegee het om as Middelaar versoening te doen” (20.02.1979)

Hiermee kon ek uit die identifikasie kom dat Jesus net ’n mens is deur wie God genees en dat God nou in Jesus se afwesigheid ook deur ons mense sou genees.

### 24. Die Bybelstudie en gesprekke met Danie O’Reilly oor uitverkiesing en verbond en prof. Botha se lesing oor wedergeboorte bring die breuk met die bekering van die moderne Christelikheid af.

In hierdie selfde tyd begin ek met persoonlike Bybelstudie uit 1 Petrus en ontdek die uitverkiesing vir myself. Ek vind die uitverkiesing en die verbond vir myself as iets anders as die verhouding waarin ek God moet kies en ek met God ’n persoonlike verhouding moet bewerk. Meer, vir die eerste keer vind ek die Drie-Eenheid van God buite my eie innerlike ervaring van God.

“Die Handel van God met sy kinders. Hulle is uitverkore deur die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van God, die Gees tot gehoorsaamheid en besprenkeling deur Jesus Christus. … God het hulle uitverkies om sy eiendom, sy gelowige kinders te wees: in

die verbondsverhouding tot God te leef. Dit is nie uit of volgens hulle self nie, maar volgens God se wil.

Dit beteken dat al word hulle deur mense as God se kinders misken en hulle beperk in die uitleef van hulle kindskap, is hulle kindskap nie afhanklik van die erkenning van mense nie. God self het hulle tot kinders gemaak en daarvolgens leef hulle elke dag as sy kinders, ongeag of die reg hulle toegeken of misken word.

Dit geld vir die mens in sy totaliteit. Elke aspek en verhouding word bepaal deur en volgens sy kindwees. Hierdie word deur die Heilige Gees in elkeen se lewe gewerk. Die heiliging is die deurvoer van God se uitverkiesing in die kind van God se lewe – die kind van God wees word deur die Heilige Gees gewerk. Dit is die deel word en deel kry aan die verbond.

Die werk van God die Heilige Gees is die tot gehoorsaamheid bring aan Jesus Christus as Here en die deel hê aan sy versoeningswerk aan die kruis: die vergifnis en die deel in ’n nuwe verhouding. … Hierdie feit: God het sy kinders verkies en deur die Heilige Gees word hulle daartoe gebring is die inhoud van versoening met God. Die vergifnis deur Jesus Christus en ’n nuwe gehoorsaamheid as kind in sy Here-wees, hou in dat hulle elke dag so kan en moet leef en dat genade en vrede so in hulle lewe gestalte sal kry as vrug van God se Here-wees in hulle lewens: Sy kinders.” (Dagboek 24.02.1979) “ Here, Jesus Christus, ek loof U dat ons kind-wees nie afhang van die erkenning en toestemming van mense om ons nie. Vader, maar dat dit alleen afhang van U uitverkiesing gewerk deur U Gees, in ons tot gehoorsaamheid aan Jesus as Here uit die versoening wat ons as gawe van U ontvang. (Dagboek 25.02.1979)

Ek en Danie maak hierdie gesprek oor uitverkiesing nou deel van ons tafel en portaalgesprekke.

Vir ons was dit nie maar net ’n intellektuele oefening in die logiese teenstrydighede van God se wil en die mens se wil nie. Dit was die ontdekking en erkenning van die vrye mag waarin God sy genade en goedheid aan ons meedeel. Dit was die kern van die ontdekking: God is vrymagtig in sy genade, ons kan God nie dwing of aktiveer met ons keuse en besluite nie. In hierdie portaalgesprekke het ons hierdie inhoude verreken met die leiding wat ons terselfdertyd by prof. Mias de Klerk in sy verbondsgeloof in God en prof. Frikkie Botha se heilshistoriese geloof in God met sy polemiese Bybeluitleg, gekry het. Dit word die tema waarmee ons begin om die verskille nou openlik te stel.

Hiermee het ek my van al die mense wat my bekeer het en my wou lei hoe om met die Heilige Gees vervul te word, en elke keer weer met ’n nuwe geestelikheide te wil wys dat ek nog nie is soos God my wil hê nie, losgemaak. Dit was vir my die bevryding in God se uitverkiesing – my kindskap van God is nie afhanklik van die goedkeuring en erkenning van mense nie. Dit is uit God en deur God. Dit is nie uit myself en deur myself volgens die eise, verwagtinge en afhanklik van die erkenning en bevestiging van mense nie.

Ek en Danie O’Reilly vat hierdie gesprekke oor die uitverkiesing, verbond en die heilshistoriese openbaring van Christus in die boek Johannes verder en stel hierdie inhoude teenoor die Pinkstergeestelikheid van ons klas- en koshuismaats. Dit lei tot heftige verskille tydens die klaswisselings by die fakulteit.

Ek volg prof. Frikkie Botha se leiding in my eerste klaspreek uit Johannes 12: 14-16 en verkondig die onderskeid tussen Jesus wat die verwagtinge van mense vervul en Jesus wat die beloftes van die verbond vervul.

Daarmee vind ek Christus as ’n ander Christus en Here as die Een wat ek my eiendom en Here van my eie lewe gemaak het. Hiermee maak ek die eerste wesenlike onderskeid vir myself tussen die Jesus met wie ek identifiseer teenoor die Christus in wie ek volgens die Skrif moet glo. In die voorbereiding van die klaspreek breek ek die volgende inhoude vir myself oop:

“Hiermee saam gaan Johannes se aanduiding dat die Jode nie die OT verstaan nie, maar juis gaan verander het. Hulle het nie God se heilshandelinge met hulle tot eiendom gemaak nie, maar God self. Dit gaan nie meer oor wat God met hulle doen nie, maar oor hulle besit van God. Die Skrif het volgens die Jode lewe insigself. Hulle het nie meer gesien dat God die Een is wat lewe gee deur die Skrif. Die Gees werk deur die Skrif. Los van die werk van die Heilige Gees, het hulle hulle eie heil uitgewerk.

Hiervolgens sou hulle as godsdienstige volk Jesus tot koning van hulle volk maak. Maar Hy is Koning! Hy moet nie tot koning gemaak word nie. Hy moet as Koning bely word en dít word alleen deur die Gees gewerk. Daarom kon hulle nie Jesus as Messias aanvaar nie. Want hulle het nie die God van die Skrif aanvaar nie. Die verwerping van God was ook die verwerping van Jesus.”

“Inleiding. Ons het as gemeente die week binne gegaan met die verwagting, Jesus, ons Here gaan ons lei en ons gaan Hom volg, waar ons die week gaan beweeg en werk. Hy sal ons lei en só sal ons bereik wat ons vir onsself as gemeente-ideaal gestel het. Só sal ons lewe.

Maar vandag weet ons, ervaar ons, ons teleurstelling. Ons het misluk. Ons het nie geleef soos ons as gemeente wou leef nie. Nou moet ons vir ons self díe saak uitmaak: ons het nie geleef soos ons wou nie, alhoewel ons op Jesus vertrou het nie! Die vertroue was eg, daaraan is daar geen twyfel nie. Al waar die probleem kon lê is dat Jesus as Here ons nie gehelp het om só te leef nie!

U is só teleurgesteld in Christus! Hy het nie aan U verwagtinge hierdie week voldoen nie.

Tog sê díe gedeelte, ons teks vanoggend, vir ons dat Hy die Messias koning is; dat Hy Jerusalem binnegegaan het om sy koningskap op te eis en sy volgelinge deel te maak van sy heerskappy! Hoe moet ons dit verstaan? Ons het prakties díe week ervaar dat Hy nie voldoen aan die verwagtinge wat ons aan Hom as ons Here, ons koning gestel het nie! En tog sê die Skrif Hy is die Messias- Koning en dat Hy sy heerskappy opgeëis het! Hoe moet ons wat ons vertroue in die Here gestel het dat Hy ons sal lei dit verstaan?

As U vanoggend ook teleurgesteld is in Jesus, dan is U nie alleen nie; dan ervaar U ook wat die Jode met die intog van Jesus in Jerusalem al begin ervaar het: dat Jesus nie die koning van Israel is nie.

… Daarom het hulle Jesus as koning aanvaar: die koning wat hulle namens God sal help om weer die sterk volk te wees soos hulle tydens Dawid se bewind was; Hy sal hulle red uit die

magte wat hulle onderdruk en weerhou om ’n magtige nasie te word; Hy sal oor hulle regeer en hulle wys om só te leef dat hulle weer kan wees wat hulle wil wees: Israel!

Maar wat doen Jesus met hierdie koningskap wat hulle Hom gee, hierdie verwagtinge wat hulle in Hom stel? Hy gaan sit op ’n esel en ry só die stad binne. Hiermee wil Jesus sê: Ek is nie die oorwinnaar wat julle wil hê Ek moet wees nie. Ek ry die stad nie op ’n perd binne nie – maar ’n esel! ’n Teken, maar nie ’n teken van triomf nie, maar van vrede. “Ek is nie die triomf-koning van Israel nie! Ek wil dit nie wees nie! Ek aanvaar nie julle aanbod nie.”

Ons het Jesus ook só leer ken: die Here van wonders! Hy kom van God en is die ideale persoon om aan ons verwagtings te voldoen!

… Jesus is die koning volgens die getuienis van die OT en volgens die getuienis van die Heilige Gees… Jesus se optrede is die vervulling van die OT profesie van die Messias. Hy is nie die Een wat gekom het om aan ons verwagtinge te voldoen nie. In die OT leer ons dat die koning kom om vrede te bring tussen God en sy onderdane ….

“Vader, ek bely teenoor U vanaand dat so baie keer ek al teen U gesondig het soos U in Joh. 12: 12-19 aandui; ek was al só teleurgesteld gewees in die Jesus Christus wat ek vir myself voorgestel het: ’n Jesus wat my uit die problematiek van my menswees moes gered het: in my ouerverhouding; my man-wees; my selfontplooiing, my arbeid, my seksualiteit. Ja, orals wou ek U gebruik omdat U so kragtig is en so magtig sou gewees het. Want dit het ek uit U Woord geweet.

Here Jesus, maar ek het die teleurstelling ervaar in die ellende in my menswees, in verhouding en selfwees. Ellende waar ek as persoon verval het, omdat dit die konsekwensie was van my godsdiens en lewe. Waar U nie as Here aanbid is en aanbid word vandag: dat ek U wou Here maak oor my soos ek wil wees; ek wou U ’n kwasi-god maak wat oor die puinhoop van menswees regeer; Vader en steeds wil ek dit so doen uit my sonde elke dag. Here – daarom kan ek nie anders as om U te loof vanaand: want U is nie só Here nie; U heers nie só in my lewe maar heers as opgestane Here deur U Gees: U lei my om te wil en te leef soos U van my verwag in alles: U is die Here.” (Dagboek 27 , 28.02. 1979) Ek preek hierdie preek die 5 de Maart in die gemeente Skuilkrans.

Die Jesus van mý verwagtinge was die Jesus waarmee en soos wat ek myself in en met Hom geïdentifiseer het. In die heilshistoriese uitleg van prof Frikkie Botha deurbreek ek vir myself in die klaspreek die openbaring van die Here as Messias wie anders is as mý persoonlike identifikasie met God.

Hierdie uitleg en ontdekking van Christus as die vervuller van die beloftes van die OT, nie die vervuller van my verwagtinge en begeertes nie, maak dat ek Christus kan vind soos wat Hy Homself in die Skrif openbaar en nie soos wat ek met God identifiseer nie.

Op 2 Maart doen ek weer Bybelstudie uit 1 Petrus 1 vanaf vers 3 tot 12 en ek vorm vir myself hieruit en die lesings van prof. Mias en Frikkie Botha ’n nuwe definisie van wedergeboorte wat nie die identifikasie met God is in my bekering soos wat ek dit in die ACSV geleer is nie: “- die wedergeboorte is moontlik deur die opstanding van Jesus uit die dood. Die wedergeboorte is ’n gawe van God: volkome nuut, nuut as kinders van God.

Dit is ’n erfenis wat nie vergaan nie. Kindskap is ’n weldaad van God en dit is nie verganklik of van mense afhanklik nie. God self bewaar die mens as kind van God. Daarom is geloof altyd moontlik- omdat God altyd vashou. Dit is alles deur die opstanding van Jesus Christus en God die Vader werk die kindwees in ons as gawe.”

Hierdie nuwe kennis van wedergeboorte maak my los van die wedergeboorte” van my “Hoekie- bekering”. In hierdie identifikasie met God was my bekering my wedergeboorte. In hierdie nuwe definisie is wedergeboorte nou ’n gawe wat God deur uitverkiesing gee – en gaan dit oor geloof in die openbaring van wie Christus is, nie oor wie ek God in my hart en lewe laat wees nie.

Net soos met die uitverkiesingsgesprekke wat ek en Danie uit verse 1-2 van 1 Petrus opgeneem het, word hierdie gesprek oor wedergeboorte deel van die tafel- en portaaldebat: “Danie is die die Studente Raad benoem: beleef die sin en agting van ’n vriend, ek sukkel om die week se program vol te hou, die spanning is besig om vir my te veel te word” (Dagboek 2.03.1979).

Hierdie spanning en ongemotiveerdheid gaan o.a. oor die teenstrydighede waarin ek vasgevang is tussen my identifikasie met God en die poging om hierdie identifikasie in my akademiese werk terug te vind, teenoor die geloofsinhoud wat ek mee besig is wat elke deel van hierdie identifikasie ongeldig maak.

Ek deurbreek hierdie spanning in die NG Kerk die eerste keer vir myself en stel dit vir my self dat hierdie teenstrydigheid nie ’n spanning tussen die NG Kerk en sektes is nie. Dit is die spanning binne en eie tot die NG Kerk self: “ Gesels met ds. Julian Müller: ervaringe en standpunte rondom huidige piëtistiese en charismatiese beweginge, veral ten opsigte van leraars in die NG Kerk wat gemeentes só lei”

Uit my Bybelstudie uit 1 Pet 6-9 stel ek weer die inhoude van geloof, wedergeboorte en versoening: “1 Petrus 1: 6-9, hierdie gedeelte sluit aan by 1: 3-5, waar geloof in Christus nie onstaan uit die eie wil, maar deur die wonderbarende werking van God deur die Heilige Gees; die Heilige Gees het my wederbaar en tot geloof in Christus gebring en nou leef ek in alle lewensfasette in gehoorsaamheid en met deel aan die versoeningswerk van Jesus Christus” (Dagboek 3.03.1979) Ek verwoord hierdie ontdekking oor uitverkiesing, wedergeboorte en geloof weer op die 10de Maart: “…”my gehoorsaamheid is gefundeer in God se uitverkiesing, want dit is waarom Hy my uitverkies het: om in ’n versoende verhouding met Hom te leef en Hom te gehoorsaam. My gehoorsaamheid is nie iets wat kom uit mý toewyding; mý vroomheid nie, maar is struktureel gefundeerd in God se uitverkiesing. … God die Vader het self die wedergeboorte in ons gewerk en ons só laat deel kry aan kind-wees-vir-God: saligheid. Daarom is ons geloof en saligheid uit God en nie uit onsself nie … Vader dankie vir díe sekerheid, dat ek nie in die angstigheid hoef te leef om myself te wil handhaaf as Christen; om steeds my kindskap van u vir myself hoef te bewys Vader – Here ek is U kind en leef as U kind omdat U met my handel…”

Ek stel weer die innerlike spanning tussen my geloof in en identifikasie met God en my verlore idealisme in die akademie. Ek probeer geloof in Christus nou weer terugvind in die persoonlike intimiteit as “geloofsgemeenskap”: “akademies nie gemotiveerd nie, leef nie uit geloofsgemeenskap met God as my Here en Vader nie”. (Dagboek 18.03.1979)

Uit die geloof in God se uitverkiesende genade verval die “Hoekie-ervaring” nou heeltemal as die punt waaraan en waarom ek my hele geloofslewe moet verstaan. Ek kan my hele lewe as ’n lewe in God se genade aanvaar en en elke deel van my geloof in God integreer. Die houvas dat ek myself moet ontken en self moet sien as heiden voor my “bekering” het hiermee heeltemal verval: “Vader in die koshuis en op die kampus, ook in die samelewing, Vader, ek loof U – U is Here. Vader van my seun-wees af het U my gelei om ten spyte van alle invloed en teëstand van my medemens, in hulle menings, hulle begeertes, hulle teenstand, ook dit wat ek self volgens my eie begeertes wil wees. Vader U het my gelei het deur U Gees om te leef in totale toewyding aan U as my Here tot getuienis van U Here-wees…” Bybelstudie 1 Petrus 2: 3-10 ( Dagboek 24.03.1979)

Hierdie nuwe geloofsaanvaarding van God se voorsienigheid en sy genade wat groter is as my bekerings het egter ’n nuwe spanning geskep.

In die Jool van Maart 1979 het hierdie spanning nog ’n krisis in my afgebring: die druk om mense persoonlik na die Here te lei. Ek het nie meer my eie bekering gesien as God se begin in my lewe nie. Daarom kon ek ook nie meer dit vir ander die begin van God in hulle lewe maak nie. Hierdie magshouding is die wyse waarop geestelikes hul self  in die wêreld handhaaf: die verkondigingstaak van die Kerk word die persoonlike magsmiddel waarmee geestelikes hulle teenoor die nie-geestelikes laat geld – hulle is God se tussengangers.

Ek het myself intussen van hierdie mag gedistansieer. Ek kon myself nie meer sien en glo as die een deur wie God sy heerskappy oor ander laat geld nie. Dit maak dat ek geen verwysing gehad het om myself nou in die losbandigheid en sedeloosheid van die koshuis te kon handhaaf nie. Want ek het die konfrontasie om mense persoonlik na God te lei, gesien as deel van die godsdiensbelewing wat ek van wil loskom:

“Here, my Vader, my God, ek roep U vanaand aan, Here net alleen omdat U my tot U kind en gelowige gemaak het, Vader, U het my gevorm as persoon in my wil, gevoel, drange en strewes. Here my lewe is in U hande, ek behoort aan U omdat U my vasgegryp het. Vader ek wil vanaand teenoor U bely – ek het my lewe ingerig volgens my eie godsdiensbelewing en ideale, los van U getuienis aangaande Uself, Here.

Vader veral ten opsigte van my medemens om my. Vader, ek wou gehad het dat U die Here sou wees wat na almal gaan en almal U kinders maak, dat as hulle U aanneem dat U hulle sal lei in U Here-wees en dat hulle in alles in gemeenskap met U sal leef. Vader, dit het ek nie geglo vir die mense wat vér van my was, maar vir my naaste, die mense wat Uself oor my lewensweg gebring het: die eerstejaars op die gang, my Bybelstudiegroep, my medekoshuismaats, my medestudente, … Vader, ek wou gehad het dat U Here oor hulle moet wees, deur hulle in en uit gemeenskap met U te lei tot totale toewyding. Here daarom die ywer wat ek my daartoe gegee en bereid was om te gee. …

Heilige God, maar vanaand bid ek U om vergifnis, die teleurstelling Vader wat ek ervaar in die roesemoes van selfbevrediging rondom my, Vader, dat ek nie in U geglo het soos U U self bekend maak in U Woord aan my elke dag deur U Gees. Here, U het dit steeds bekend gemaak, maar my ongeloof , ongeloof van U kind is steeds volhardend gewees: die geloof in

die goeie van die mens; die mens wat sy ellende graag wil aflê deur U aan te neem; die mens wat maar net in die slegte voortleef omdat hy U nie ken nie.

Vader nie mense vaag en ver nie, maar hulle hier om my. En U het ek ontheilig in my ongeloof Vader, my ongeloof in ’n algemene liefdevolle god; ’n god wat gedienstig elke dag vra om deur die mense aangeneem te word; wat altyd by die mens staan en wag om ’n kans te kry en dan eers liefde en genade meedeel waar hy aanvaar word.

Here, ek bely my afgodsdiens voor U waar ek hierdie selfontwerpte god gedien het, die god wat die vergestalting van ons gemeenskap se persoonlik wil is; hy wat vir ons gesterf het en wag op ons sodat hy ons kan genade en liefde bewys as ons hom daarvoor vertrou. Vader, dis die god wat soveel van my toewyding en diens ontvang het. Dis die god wat my besiel en gemotiveer het.

Vader en ek bely vanaand voor U, dis die god wat my teleurgestel het. Vader, daarom die neerslagtigheid; die willoosheid die laaste paar dae. Vader, waar ek nie meer wil bid nie, waar my studie nie meer my erns is nie, waar ek nie meer tot gemeenskap kom nie, Here ek bely dat ek U verag het. Dat ek U geïgnoreer het en agter die god wat my persoonlike wil vir myself en myself in my medemens vergestalt het – aangeloop het. …

Heilige God, Skepper en Onderhouer van die Skepping, Seun van God, my Here, uit my eie gevoel en wil kan ek U nie aanroep nie, maar Here U self het my U kind gemaak, en U self bid vir my by die Vader, Here. Hoor my gebed! U kind in neerslagtigheid. Op grond van U genade wat U self verkies het om aan my te bewys: Here lei my deur U Gees uit die afgodsdiens wat ek vir myself opgebou het, leer my en gee my ’n gemoed om U te leer ken soos U, die God van die Skrifte is. Here dat ek U sal dien, Here, hier is ek! Vader hou my vas! Heilige Gees maak my deel van U waarheid. Lei my in U liefdevolle gemeenskap met my in die genade wat U bewys en nie in die genade wat ek wil hê dat U moet bewys nie.

Vader leer my om U te leer ken waar U volgens U wil U kinders tot diens en totale toewyding lei. Open my oë om te dien en afstand te doen wáár ek wil hê U Uself moet toewy en hoe ek wil hê U Uself moet toewy. Vader, gee dat ek U gemotiveerd en met ywer sal dien soos U is en my verwagtings vir my medemens wat U oor my gegee het sal vorm na U wil – Vader dat ek sal leef in die vreugde van U Hereskap oor die mense om my en nie in die teleurstelling in hulle omdat ek sien hulle leef nie in die handel van ’n god wat ek vir myself daar gestel het nie. …

Vader lei my tot insig in U verkiesing van U kinders soos U kies en soos U lei, om daaruit ook te mag leef en my self te mag gee in U diens. Vader, ek loof U dat ek nie tot pessimisme kan verval, al skree dit hier onder in die koshuis van dronkenskap; al gil hulle in losbandigheid, want in U kinders sien ek ook dat U Here is.

Vader, Here, leer en lei my deur U Gees, U Woord om myself as dienaar te gee, aan en tot hulle wat U verkies het Vader en nie aan hulle wat U haat en vervolg U hier in die koshuis ignoreer nie. Vader dat ek nie almal tot aanvaarding sal wil bring tot U gesag nie, maar dat ek alleen sal getuig deur U te dien in alles en U kinders as leeraar te dien – Vader nie om almal tot my selfgestelde god te bring nie, maar U te verkondig en die wat U uit die menigte tot Uself bring, te dien in die bediening van U Woord.

Heilige God, vorm U self my belangstelling, ywer en my ideale volgens U Woord, Here dat ek sal weet wie die mens is wat U geskape het en U verwerp het, en dat ek U sal ken soos U met hulle handel volgens U wil en nie soos ek wil hê U met hulle moet handel nie. Vader, U is Here en God, lei my om te sien en te glo hoe U handel volgens U wil en dat ek daarvolgens ideale sal stel in my mede-Christene en nie-medeChristene.

Heilige God, U is Here, ek loof U dat U ook uit die Afrikanerdom vir U ’n volk bymekaar gemaak het om U te dien. Here, alleen die wat U wil en die wat Uself tot U bring om U te dien, nie die wat U verwerp en wegstuur nie. Vader, U wag nie geduldig op almal om U aan te neem nie, U bring die wat U gekies het tot U en lei hulle om te leef in U Here-wees.

Heilige God, dankie dat ek daagliks tussen U kinders kan leef, Here, U lei my om van hulle en alleen hulle te verwag om U te dien en lief te hê en U te mag aanbid, Heilige God en dat ek van hulle wat U verwerp het en nie uit hulle sondetoestand ruk nie sal verwag dat hulle nie sal leef in opstand teen U nie; dat ek sal aanvaar dat hulle U sal ignoreer en verag. Here, dat ek nie van hulle sal verwag wat U my wys wat U van U kinders verwag nie. Here, lei my elke dag deur U Woord om elke dag te mag weet wat U van U kinders mag verwag en wat ek moet verwag van hulle wat U verwerp, Vader – ek loof U; U is die Here!

Vader dankie dat U my vanaand uit my wangeloof in ’n mitegod tot geloof in U gebring het in die verwagtings wat ek in my medemens leef, elke dag. Vader, die mense wat na aan my is in die Jool, die koshuis, die Universiteit. Vader, U is God! … Vader, ek loof U dat ek nou hierdie dronke geskreeu hier buite verstaan – Here, dat ek nie daarin teleurgesteld is, Vader maar dat ek U steeds loof, die God wat uit hierdie sonde-skree U kerk vergader om U te dien. Here.

Lei my tot voller diens en toewyding môre aan U, alleen as U my deur U Gees lei Vader kan ek U en nie my selfgemaakte god dien. Vader, ek loof U – U is die Here! Almagtige en Heilige Vader – in hierdie losbandige gejil word U geloof, U het uit hierdie skare waar ons eintlik almal moes gewees het, mense gegryp en onder U gesag gebring uit genade en liefde. Vader, U is God met ons!” (Dagboek 29.03.1979)

In hierdie gebed en die Here se antwoord van hierdie gebed het ek vir myself afgodsdiens onderskei van godsdiens. Afgodsdiens is om my persoonlike wil vir myself en vir ander as die wil van God te vergestalt.

Ek stel God ook nie meer voor as die god van my eie persoonlike verwagtings nie, maar aanvaar en glo God as die God van sý ondernemings en sý beloftes. Ek maak my los en verwerp die posisie van tussenganger tussen God en alle mense – dat God sy gesag deur my oor ander mense moet laat geskied. Ek aanvaar nie meer die mag om ander onder God se gesag te stel nie, maar soek in die bediening van die Woord ’n nuwe roeping by God.

Ek wil nie meer leef uit die goedheid van mense met wie ek myself identifiseer nie, maar wil die gelowiges wat God kies, aanvaar as sy kerk. Ek wil nie meer vashou aan my godsdienservaringe en my ideale nie, maar wil vashou aan die genadige en liefdevolle uitverkiesing van God.

Ek wil nie meer God uitbeeld in my persoonlike lewe en verhoudings nie, maar vra God om my volgens sy genade en liefde te vorm. Omdat ek nie meer myself as tussenganger tussen God en sy kinders wil stel nie, kan ek God nie meer sien, glo en verkondig as die God wat wag op die mense wat Hom wil aanneem nie. Dit is eintlik die mense wat my as tussenganger moet aanvaar nie.

Ek vind ook nie meer my kindskap se grense in die konfrontasie van ander mense in die Naam van God om hulle onder my gesag te stel nie. Ek aanvaar die onderskeid van gelowige en ongelowiges, en daarmee die lewe saam met gelowiges in God se genade en die lewe saam met ongelowiges in die gemeenskap sonder enige drang dat ek hulle aan God se gesag moet onderwerp.

Daarmee maak ek die onderskeid tussen die God wat ek myself mee geïdentifiseer het en myself deur uitgeleef het nie God is nie, maar ’n afgod wat nie die God is wat my genadig is nie.

Daarmee kan ek met afgodsdiens breek sonder om dit te sien as ’n breuk met God en sy genade en liefde in Christus. God se Gees is ook nie meer die Gees van my eie persoon en lewe nie. God se Gees is nou die Gees van sy Woord. In hierdie onderskeiding van alles wat ek nou ken as identifikasie met God teenoor geloof in Christus, stel ek alles wat ek vanaf standerd agt deur die CSV en Jeugaksies gedoen het as ongeloof in God teenoor geloof in God.

In hierdie gebed is die breuk met identifikasie met God tot geloof in Christus beslis.

Ek het hiermee ook nie weer tot die pessimisme van ateïsme kon verval nie, wat die hele tyd dreigend in my was. Ek het duidelik aangevoel en ook geweet dat dit ’n uitkoms uit ateïsme was. Sonder hierdie geloof in Christus, sou ek uit my identifikasie met God verval het en nie in my eie afgodsdiens teleurgesteld gewees het nie. Ek sou soos alle ateïste my teleurstelling in my eie vergoddeliking met dieselfde magshouding gespeel het waarmee ek met God geïdentifiseer het. Ek sou die teleurstelling in my eie goddeloosheid voorgehou het asof dit my teleurstelling in God self is.

Identifikasie met God was van standerd agt af vir my nie net ’n manier om met God om te gaan nie, dit was die mag waarin en waarmee ek persoonlike verhoudings probeer beleef het. Dit is hierdie persoonlike magsoeke wat my daarom eintlik van gemeenskaplikheid geïsoleer het. Met die innerlike breuk van en uit hierdie magsoeke wat ek voorgeleef het as om “ander na Jesus te lei” of as deel van “die liefde van Jesus” te ervaar, begin hierdie isolasie in my ook disintegreer…

Hierdie “Jesus-ervaring” in ander was niks anders as die innigheidspel van interafhanklikheid nie. Ek het verhoudings beleef as of afhanklikheid of oorheersing. “ …ervaar my volwasse wees: nie meer afhanklik in my vriendskappe nie. Kan nou sinvolle vriendskappe deurleef omdat dit nie behoefte relasies is nie: soek nie meer wat ek voorheen in vriende gesoek het nie. … ontsettend negatief t.o.v. enige vorm van sosiale kontak: ontwikkel weersin in betrokkenheid by mense; te veel met mense om my gekonfronteer; … ervaar volwasse wees daarin dat die persoonlike gewoontes van ander mense wat nie vir my voordelig is, hulle stugheid of vyandigheid teenoor my, my nie meer ontstel…” Hierdie

vryheid om nie met vriendelikheid almal te moet laat deel in een of ander “Jesus-gevoel” in of met my nie, maak dat ek weer kan begin om ’n gewone sosiale lewe op te bou. (Dagboek 2 en 3.04.1979)

Met hierdie geloofsinhoud kan ek vir die eerste keer ook die spanning van afgodsdiens en goddeloosheid beskryf, sonder dat ek hierdie teenstelling binne die Bybelse inhoud van afgodsdiens en goddeloosheid kon verwoord. Vir my was dit die spanning tussen piëtisme en ateïsme: “Islamstudie: Die onderskeid geestelik- polities; godsdiens – politiek, is ook in alle godsdienste aanwesig. Hier spesifiek in Islam. Die kerk is nie die geestelike teenoor die politiese nie. In die kerk gaan dit oor die bediening van Christus. Christus is die fundamentele onderskeid tussen Christenwees en ander godsdienstiges. . Die spanning misties en intellektualisties. Indien een van hierdie rigtings in die Christendom ontstaan, kan die een nie reggekry word deur ’n balans te soek nie. Hierdie soeke na ’n balans tussen mistiek en intellektualiteit lê op die lewensfilosofiese - godsdienstige vlak. Indien enige van beide van hierdie twee rigtings voordoen, is dit omdat Jesus Christus nie as Here geken word soos Hy is nie. Hierdie mistiese en intellektuele geestelikheid kan alleen teengegaan word deur die regte kennis en diens aan Jesus Christus te verkondig. Nie deur om met ’n reaksie te kom as teenvoeter vir die ander een nie. Dit geld vir moralisme, dogmatisme, piëtisme, intellektualisme.”

Die geloofinhoud van wie Christus is, het my buite hierdie geestelike dualisme gestel. (Dagboek 5.04.1979)

Die geloofsinhoud wie Jesus Christus is, maak dat ek nog ’n spanning vir myself kan deurbreek: die verbintenis tot die sosiale mag van die gemeenskap. Om met God te identifiseer is net nog ’n vorm van mag in die gemeenskap. Dit druk wat op ons jongmense geplaas was deur die geestelike leiers, was dat ons “in die wêreld moet wees”. Hierdie slagspreuk het ons verbind aan elke vorm van sosiale mag wat gangbaar was. Ons verbintenis tot hierdie sosiale instellings en magte was bedoel om die mag van die geestelikes leiers in die hele gemeenskap te vestig. Die skyn dat ons daardeur uit ’n geïsoleerde geestelikheid sou uitkom, was net dit – skyn!

My breuk met identifikasie met God tot geloof in Christus, het my die vryheid gegee om uit hierdie sosiale magspel en magsmisbruik van geestelike leiers te kom. Dit gee my ook weer die vryheid om kreatief te probeer nadink oor die gemeenskap:

“Kry begrip vir die “in-die-wêreld, nie deel-van-die-wêreld” filosofie wat algemeen gangbaar is onder almal. Hierdie lewensfilosofie word as die algemene Christelike lewenswyse en lewensbenadering voorgehou. Dit beteken dat die koshuis as sosiale orgaan verwag dat ek saam met hulle moet ontspan: dans, drink, ek saam met hulle sosiaal moet verkeer met funksies en saam met hulle moet werk.

Volgens hierdie lewensfilosofie distansieer ek myself van ontspanning, sosiale verkeer en werk as sodanig indien ek dit nie saam met húlle doen nie. Verder word die ruimte van my Christen wees deur húlle daar gestel: ek moet alles saam met húlle doen. Al doen ek dit anders as hulle. My Christelike getuienis lê dan alleen daarin dat ek dit wat ek saam met hulle doen, anders doen.

Indien ek dit nie saam met hulle doen nie, dan beskuldig hulle my volgens hulle lewens filosofie dat ek my van ontspanning, sosiale verkeer ens. as sodanig distansieer. Bloot net omdat ek as Christen dit nie saam met húlle doen nie. Volgens hulle filosofie is ek alleen “in die wêreld” as ek alles saam met hulle doen. … daar word gestel dat die grootste effek t.o.v. om mense te bereik is om saam met hulle te wees en dan nie saam-woon, maar saam in dit wat hulle doen. Effek binne hierdie begripsgebruik dui op invloed of beïnvloeding … ’n Verdere kritiese vraag is of effek saamval met my getuienis? … sodat ek kan stel: om my getuienis uit te leef moet ek tussen mense wees, maar hoef ek of moet ek nie saam met hulle te wees in dit wat hulle doen nie.

Die probleem lê daarin dat in vandag se samelewing ek mense se dade vir hulle sanksioneer, indien ek saam met hulle is as hulle dit doen, al doen ek dit anders. Sodat dit my getuienis kragteloos maak bloot deur dit saam met hulle te doen. Want in die “dit-doen” lê al klaar beginsels en motiewe wat ek aanvaar, al doen ek dit anders.

Hiervolgens word God nie as anders verkondig nie, want hulle ervaar die anders wees binne hulle humanistiese mensbegrip dat elkeen die reg het om te wees soos hy wil. ’n Verdere onderskeiding bestaan daarin dat in hierdie benadering gelowiges wel invloed in die wêreld het, maar geen getuienis nie.” (Dagboek 7.04.1979)

Met hierdie onderskeid tussen invloed en getuienis kon ek my van alle aksies en sosiale bedrywe waarin die studente deur magsgroepe gebruik is, polities en geestelik, distansieer.

Die belangrike onderskeid wat ek hierin ontdek, is dat in hierdie magshouding ek met hulle wat ek glo ek beïnvloed, dieselfde beginsels en waardes deel. Dit was die morele verwarring wat ek elke keer beleef het in “getuienis”. Ek leef my in ander en hulle leefwêreld in en word daardeur eintlik deel van hulle leefwêreld. Dit is die grensloosheid waarin ek myself verloor het en nie kon vind nie. Ek moet myself inleef in ander en ander hulle in my laat inleef. Hierdie inmekaar inleef moet ek glo as “Jesus-in-my”.

In hierdie kultiese gemoed is daar geen beginsels en waardes waarin ek myself kon onderskei van ander nie. Met hierdie breuk het ek my uit hierdie wêreld gestel en begin ek ernstig soek na blyplek buite die koshuis en skakel met Derick van Heerden oor blyplek vir die tweede termyn.

By prof. Mias de Klerk moes ons weer ’n klaspreek voorberei. Die gedeelte waaruit ek hierdie preek moes voorberei was uit 1 Korintiërs 6: 1-11. Terselfdertyd laat hy ons die Heidelbergse kategismus oor die nagmaal en die Nagmaalsformulier lees.

Ek bly nog deurmekaar.

Ek probeer die nagmaal verstaan vanuit ons ontdekkings oor uitverkiesing en wedergeboorte, maar die gemeenskapskarakter van die nagmaal bly nog vir my die gemeenskap van my “verhouding met God”, dit is, my identifikasie met God. Ek het nog nie die toegerekende en ingerekende geregtigheid van Christus as deel van my geloofsinhoud gehad nie. Die geloofsinhoud van geregtigheid in en met Christus het nog volledig ontbreek in my geloofsinhoud: “Christus het Sy uitverkorenes wederbaar en

hulle gevoeg in sy liggaam, Sy gemeente, om as gemeente Hom as Here te aanbid en te dien. In die nagmaal moet dit steeds gaan om die gemeente van Christus wat die nagmaal onderhou. Die gelowiges het ’n geestelike lewe ontvang deur die versoeningswerk van Christus. Die geestelike lewe bestaan daaruit dat hulle nou in alles in gemeenskap leef met God as hulle Here en Vader. … Dit is die wat die nagmaal as teken aandui; dit is die saak waarheen dit wys: ons het deel aan die lewe wat Christus in ons werk deur sy versoening”

Dit is in die uitleg van die Nagmaalsformulier dat ek die eerste keer die inhoud van geregtigheid opneem as deel van my geloofsinhoud. Maar ek doen dit nog binne die boetedoeningskema dat ek eers onder die toorn van God moet gaan staan en dan uit besef van my eie skuld en uit die worsteling van God se minagting, moet glo: “ Nagmaalsformulier: Selfondersoek: 1. Sonde besef: voor God stel met besef van sy toorn oor sonde, verootmoedig; besef dat sondeskuld so groot is dat Christus dit moes dra; 2. Glo dat alles sondes vergewe word t.w.v. Christus, volkome geregtigheid van Christus deel asof ons geregtigheid verdien het 3. Moet weet dat ons in dankbaarheid sal lewe.

Uit hierdie werk oor die nagmaalsformulier skryf ek my klaspreek se formulering en indelings: Ons is geregverdig in Christus en Hom moet ons só dien en nie eiegeregtig wees in ons verhouding met mekaar in die gemeente nie. A Ons is die gemeente van Christus in die wêreld: wys op die verskil tussen onregverdiges-heiliges; wêreld- kerk; broers en ongelowiges. B Eiegeregtig teenoor mekaar in die gemeente. C. Geregverdig in Christus moet ons Hom dien.

Maar in my Bybelstudie uit 1 Petrus 3:14-4:19 bly geregtigheid vir my dat ons die wil van God moet doen: “Geregtigheid: leef volgens die wil. Dit gaan hierom, ek leef nie meer in my geskapenheid: alle fasette van my menswees volgens my eie wil nie, ek rig nie my lewe in volgens my wil nie, los van God nie. Ek leef nou volgens God se verwagting as Here in alles. …” Ek het nog geen kennis of geloof gehad oor die geregtigheid as geregtigheid van Christus wat ons deel en gehoorsaamheid as geloofsgehoorsaamheid nie. (Dagboek 21- 24.04.1979)

Die geloofsinhoude van

- Christus as Here wat die beloftes van God en nie my verwagtinge en begeertes vervul nie,
- dat die god van my verwagtinge ’n afgod is, en God nie die God van my afgodsdiens is nie,
- God openbaar Homself as God soos Hy God is en my ingesteldheid om ’n god in my te wil hê binne in my lewe, gedagtes en gevoelens is niks anders as ’n afgod nie,
- ek kan nie in die verhouding Vader Seun leef waarin Christus Here is nie, ek kan daarom ook nie Christus vir ander mense wees nie,
- dat ek nie meer God se gesag met my wil en lewe vir ander moet vergestalt en vir hulle ’n tussenganger moet wees nie,
- die ontdekking van uitverkiesing teenoor my keuse waarin ek aan mense se verwagtinge moet voldoen in my keuse vir God,
- die nuwe inhoud van wedergeboorte as gawe wat saam met die gawe van geloof gaan teenoor wedergeboorte as “my bekering”,
- die breuk om God te wil uitbeeld in my lewe,

- die breuk uit my eie belewenisse as die openbaring van God en die aanvaarding dat die Heilige Gees die Gees van die Woord is,
- die onttrekking om geestelike konfrontasie as persoonlike handhawing tussen mense te gebruik,
- die onderskeid van mag teenoor getuienis,
- die verbintenis tot geloof in Christus teenoor my ervaring van Christus en
- die herkenning van die valse teenstellings tussen geestelik en intellektueel,
- die onderskeid tussen eksemplariese teenoor heilshistoriese uitleg van die Bybel,
- en Christus daarom nie ’n rolmodel is nie maar die Here wat sy verbondsbeloftes vervul,

maak dat ek uiteindelik die spanning vir myself deurbreek.

## 25. Die innerlike en openlike breuk met die bekering van die moderne Christelikheid.

Ek breek die 28 ste April 1979 inhoudelik vir die eerste keer met die bekering wat ek tydens die ACSV kamp op die “Hoekie” in 1972 gehad het.

“Gesels met voorsitter van M.A. J. Dawie. Hy is ’n Baptis. “Besef dat God heeltemal verdwyn in hierdie tipe verkondiging. In hierdie tipe verkondiging gaan dit om my wil en hoe ek deur goeie keuses in die hemel kom. Die antwoord op die vraag “hoe” of “wat moet ek doen” is heidens. Hierdie vraag impliseer vrye wil. Indien ’n persoon só gekies het om in Christus te glo en glo dat Christus is soos die konsekwensies van vrye wil impliseer, dan is ek ’n ongelowige.

En dit moet ek met ontsag verkondig, nie aanvaar dat al glo hy verkeerd, hy Christen is nie; as hy verwerp dat Christus alleen hom tot geloof bring, en dat ek Hom nie kan kies, is hy ongelowig en verkondig hy ’n valse evangelie. Daarom is die sekularisasie gees die gees van: ek moet in Jesus glo, dán sal Hy my red; ek moet Hom aanvaar, dán is ek sy kind; ek moet op Hom vertrou, dán sal Hy my aanneem.

Dit is Satan se listige heerskappy in die wêreld en in die kerk van vandag.

God kies en handel in Almag en heerlikheid en genade en ek aanvaar dat Hy my tot geloof bring, al wou ek Hom nie aanvaar het nie. Die hele Christendom van die 20 ste eeu leef in die gesekulariseerde gees: die vertroue in die tegniek van geloof om God in my mag uit te lewer, wêreld en kerk.”

In hierdie gesprek breek ek met die gedienstige en gedwee houding dat elkeen die Here op sy eie manier ken en dien:

- Ek vind vir myself die teenstelling bekeerd teenoor gelowig.
- Die bekering as manier om gered te word noem ek die eerste keer ’n valse evangelie en
- kry die eerste keer die verband tussen die Bose en hierdie valse bekering.

- Ek herken hierdie tipe bekering as die boosheid van Satan om ʼn mens weg te hou van die geloof in Jesus Christus.
- Ek kry dit ook reg om hierdie tipe bekering te herken as ongeloof in Jesus Christus.
- Dit vind ek in die besef dat hierdie valsheid die valsheid van die moderne Christelikheid wêreldwyd is.

Hierdie gesprek was deel van my en Danie O’Reilly se debatvoeringe. Ek het geweet ek en Danie het nou saam geloof in God buite die geestelikheid wat ons geken het, gevind, maar ek verwoord dit nog in die intimiteit met God : "“Ervaar die intieme vriendwees van Danie O’Reilly: saam tot geloof gebring in God en in gemeenskap met Hom; ondersteun mekaar in ons diens en geloof in Jesus Christus: dit is die sin van ’n Christen vriend.”

Hierdie duidelike onderskeid tussen ʼn valse bekering wat die plek inneem van geloof in Jesus Christus, help my ook om weer los te kom van die innerlike teenstrydigheid en spanning dat ek geestelik moet wees. Ek onderskei die tipe geestelikheid waarin ʼn mens niks anders as goddelik in jouself moet wees teenoor my menslikheid soos die Here my gemaak het. Die bekeerdes se “vleeslikheid” is nie die sondigheid van die Woord van God nie. Hulle wil jou van jou gewone menslikheid losmaak om hulle in jou in te leef terwyl jy hulle verdringing van jou self as jou goddelikheid moet ervaar. Hierin ontdek ek dat God myself en my lewe as mens vir Hom goed laat wees. Dit is nie ek wat my lewenswyse vir God goed maak deur myself te vergoddelik nie.

Die teenstelling van ʼn valse bekering teenoor die geloof in Jesus Christus maak dat ek dit kan doen waarvan Paulus in Filippense 3 getuig: ek kan my nou self stroop van alles wat verwerplik en waardeloos is en ek kan my self verbind aan wie Christus vir my is. Hiermee begin ʼn innerlike geloofsproses wat sou deurloop tot in 1985.

Ek begin myself losmaak van die hele geestelikheid van bekering en godsvervulling in die innerlike wete dat God sy heil in my werk.

“Besef dat die onderskeiding geestelike en vleeslike Christen wat deur die sektes gemaak word deel is van hul godslasterlike evangelie. Die onderskeid berus op die wil. Die vleeslikes is hulle wat nog nie geesvervuld leef. Om geesvervuld te leef moet jy die Heilige Gees ontvang. Dit doen jy deur te glo dat as jy Hom aanvaar, dan sal Hy dit doen. Die Heilige Gees werk God se genade tot diensbaarheid alleen daar waar ek Hom aanvaar uit myself. Waar ek Hom volgens hulle nie aanvaar nie, kan Hy nie werk nie. Dit is ketters! God werk ook na my bekering, buig die wil wat nog steeds God se werk weerstaan.

Dit is die probleem! Wat moet ek dóén om die ewige lewe te beërf?!Wat moet ek dóén om met die Heilige Gees vervul te word? Wie is vleeslike en wie is geestelike Christen? Hoe lyk díe Christus van díe evangelie? As ek in Christus glo en hierdie tipe Skrifverkondiging verwerp, is ek ’n Christen? Vir wie het Christus gesterf? Hoekom nie kerk-wees, maar Jesus?

Kom in alles net opnuut tot die besef van God, die Skepper en Vader se genadewerking in my lewe: Hy het my tot geloof gebring; Hyself het my sy kind gemaak. Ek wou Hom nie kies nie. Ek wou Hom nie aanvaar nie. Ek het Hom verwerp. Ek wou nie in Hom glo nie, maar Hy het my gebuig om in Hom te glo.

**Besef die kettersheid en listigheid van Satan!**

**My geloof was nie deur die CSV bekeringsrite nie want hulle seremonie vorm ’n inwydingsritueel van ek wat skuldig voel, sonder om my skuld teen God te beleef, ek, as iemand vir wie God graag in diens wil wees; ek wat deur suggestie en groepsdruk tot ’n keuse gelei word; die keuse is om nóú te glo wat aan my voorgehou word, wat nie die evangelie van God is, maar ’n mensgebaseerde evangelie. As ek dit aanvaar dan moet ek nóú daarvolgens gaan lewe. En hulle is die magsvoerders oor my lewe; hulle is die mense wat my sal lei. Maar hierdie verkondiging is nie leiding in die evangelie nie.**

Besef dat God self wel in my geloofsekerheid gewerk het deur die konflik waarin die mense my gelei het, maar my reaksie die hele tyd was omdat God wat van my geboorte in my gewerk het, my nie in die hande van hierdie Satanspriesters oorgegee het nie, maar alleen sy God-wees bevestig het. Satanspriesters wat hulle werk in die Naam van Jesus Christus doen. Of beter gestel onder die skuilnaam: Jesus Christus.

Besef dat ek nie die goeie ook kan kies ná God my tot kind gemaak het nie. Hy help my ook nie om vir die goeie dinge te kies in my lewe nie. Hy werk die goeie in my en daar waar God nie in sy genade werk nie, lê ek nog in sonde.

Ek ervaar as Christen ek kan nie die goeie kies nie. Die Heilige Gees lei my in God se wil: werk die genade om al meer Hom in alles as Here te dien. Besef die heidense lis waarmee hulle onder die skuilnaam “Christen” ’n eenheid wil voorhou. Hulle wil nie oor kerk-wees gesels nie. Want dit is waar die Woord in waarheid bedien word: die ampte toesig hou; die tug oor goddeloses beoefen word. Die sakramente wys: God handel met my! Hulle wil nie hieroor praat of aanspreeklik gehou word nie. Dit is vir hulle dieselfde as om in die hof te kom waar die waarheid die belangrikste is en nie hulle goddelose begeertes en verwerping van God die belangrikste is nie! Dagboek 28.04.1979

Die sekerheid dat God is wie Hy is en met my doen wat Hy met my in sy genadeverbond wil doen, ten spyte van my eie dwalinge, sondige begeertes en geestelike ervarings, bring die finale skeiding tussen my en hierdie goddelose geestelikheid.

- Ek verwerp die tweede godservaring van “vervulling met God se Gees.”
- Ek verwerp die bekeringsritueel van die “Hoekie” waardeur ek ’n wedergebore geestelike moes wees
- Ek verwerp die geestelikes se mag om my in hulle godservarings te lei.
- Ek herken en verwoord finaal wie hulle is: hulle is goddeloos maar leef hulle goddeloosheid uit in die Naam van Christus.
- Ek herken hierdie valsheid as die boosheid van Satan self.

- Ek herken die god van hierdie geestelikheid as 'n afgod en 'n ander God as die Here Jesus Christus.

In hierdie geloofsontdekking van God wat nog altyd God in my lewe was, en my nog altyd in geloof en toewyding gelei het, verwerp ek nie net die aanspraak van die geestelikes op my dat hulle my tot bekering gebring het nie, maar kan ek God se genade en goedheid vir my erken voor hulle nog beslag op my lewe gelê het. Ek was en is deel van God se heilshandelinge terwyl hulle hul mag oor my uitgeoefen het en terwyl ek hierdie mag as my eie mag aanvaar en probeer uitleef het.

Dit was die werklikheid van my lewe wat hulle nie vir my as kind kon organiseer nie. Ek het vandat ek van my self bewus geword het, respek en eer vir God gehad, my vertroue in Hom as God gestel. Ek het nog altyd probeer om die prediking te hoor en as kind te peil, voor ek hierdie mag in my lewe aanvaar en as my eie mag probeer uitleef het.

My ma het die vertelling dat ek nog as voorskoolse kind saam met my oupa Jannie gaan ry het in sy motor. Ek het baie gepraat. Toe ons terugkom het hy vir haar gesê dat ek as kind hom aangegryp het met die godsdienstige vrae en gesels. Hy het sy mening gegee dat ek as kind nog ver paaie gaan loop. Ek was as kleuter aangegryp deur die Woord van God en het op die galery van Sonhoogte gemeente altyd met arms en kop op die muurtjie gelê om alles van die predikers te probeer inneem sonder steuring. Hierdie werklikheid van God se heilshandelinge en gemeenskap met my, het hierdie kultus in my negeer en my in hulle spiritualiteit probeer oormaak.

Die geloofsbreuk was vir my en Danie helder en duidelik.

Die geestelikheid wat ons geken het, het voor ons as valse Evangelie en valse godsdiens gelê: van die bekering tot en met die geesvervulling. Dit het die worsteling geword waarmee ek en Danie vir die res van ons lewe sou besig wees: om God in sy Woord te vind buite die identifikasie van God in mense se eie magte, gesigte, kragte en ervarings.

Ek het spontaan en vrymoedig hierdie ontdekking van God as God buite ons self en buite ons selfgelding, begin deel in gesprekke in Taaibos, maar dit nog gedoen binne die verwysing dat dit die inhoud en geloof van die NG Kerk is teenoor die sektes en net geestelike groeperinge binne die NG Kerk. In my gemoed was dit die inhoud wat die dosente met ons wou deel. Dit is die openbaring wat prof Frikkie Botha ons in die Johannes evangelie gewys het, dit is teen die sektes wat prof. Attie Barnard sy gedramatiseerde spot gefokus het, prof. Heyns se afwys van alles teen die Christelike wysbegeerte, prof Mias de Klerk se helder verbondsgeloof in God en prof Borgwardt se onderskeiding dat ons as studente grotendeels Arminiaans is, volgens hom.

In God se vrymag om my in sy liefde en genade te laat deel, buite my geestelike kragte en magte, het ek iets anders vir myself in God kon vind. Dit is die vryheid om my sondige begeertes en drange te kon erken sonder om buite sy genade en goedheid te verval. Dit kon ek nooit in my intimiteite met God voorheen gedoen het nie. Buite die wete van God se geregtigheid in Christus het ek my sondige begeertes en drange innerlik in my gemoed verdraai asof dit godsdienstige versugtinge en innighede is.

“Gesels met Paul Fick oor die metodistiese gees in die NG Kerk. Lees Jakobus brief in geheel. “Die genade van God in my lewe bestaan daarin dat Hy self die geloof in Jesus Christus as Here Verlosser aan my skenk deur die inwerking van die Heilige Gees. Die geloof wat Hy in my werk is gerig op diens en toewyding aan die Here. Jakobus wys wat hou geloof in Christus in, in my arbeid; my beproewing en in twisgesprek. Elke keer word hier ’n diens uitgewys. Daarom werk die Heilige Gees na bekering steeds geloof in Jesus Christus as Here in my. Dit kom nie uit my goeie self nie. Alleen waar die Heilige Gees die geloof in my werk dat Jesus Christus Here is in my beproewinge, kan ek Hom dien as Here in my beproewinge. Die geloof wat die Heilige Gees in my werk dat Jesus ook die Here is oor en in my beproewinge, maak my nie meteens los van die gewoontes en begeertes van ’n sondige lewe nie. Maar in die diens waarin God my lei, om Hom nou te dien as Here van beproewing, sterf ek die gewoontes en begeertes van my sondige lewe af. Die Christen moet hom nou nie gaan vas staar teen die stryd wat die ou gewoontes nog in sy gemoed en lewe uitlok nie, maar leef in die vreugde van diens aan God” 29.04.1979 **Dagboek**

Met die wyksbybelstudie in die sitkamer van Taaibos die volgende dag deel ek hierdie ontdekking van die vrymag waarmee God my vir Homself kies en behou. Ek het volledig gebreek met die twee fase Christelikheid wat ek in die Jeug-tot-Jeug aksie leer ken het. Ek het ook nie meer net my ontdekking van God in sy vrymag met hierdie groep gedeel nie. Ek het bewustelik begin om die keuse en besluite van die moderne Christelikheid te ontbloot en aan die orde te stel.

In hierdie ontdekking het ek my roeping as predikant gevind en dadelik opgeneem, sonder dat ek dit vir myself of met Danie verwoord het dat dit so is. Dit was nie ons keuse of visie nie. Die ontdekking van God in sy vrymag buite ons magte en besluite, het ons predikers van die evangelie gemaak.

“ “Gesels gister by wyksaksiebyeenkoms” lig die Metodisties- Arminiaanse gees uit deur die vrae:

- (1)Wat moet ek doen om ’n kind van God te word?”
- (2) Wat moet ek doen om met die Heilige Gees vervul te word?”
- (3) Wie is geestelike en vleeslike Christene?
- (4) Vir wie het Jesus Christus almal gesterf?”

“Vader, Skepper van hemel en aarde, ek loof u vanoggend met ontsag, Here. U het my die naweek diep onder die besef van U heiligheid, maar ook die onbegryplikheid van U genade gebring. Vader, U het my tot kind gemaak; ’n lewe en wil wat U gehaat het, dit het U gebreek. U Hereskap het U bevestig deur geloof en geregtigheid in my te gee. Dit wat ek nie wou gehad het nie, Vader.

Almagtige God, dis U, die God wat Homself in die Skrif openbaar tot wie ek vanoggend in volle dankbaarheid kom. Here, U werk die geloof in my om in U te glo as die Here oor my lewe. Vader, alleen daarom leef ek in dankbaarheid tot U. Omdat U die geloof in my in U as Here oor my gee, omdat U my Verlosser ook oor my heerskappy voer. Vader, omdat U die geloof in my hart gee, bid ek vanoggend vir die res van die week. Vader gee U gee self die krag om U te dien as Here. Want die geloof wat in my is, lei my tot U diens, Vader. Maar die geloofstryd in my kan ek nie leef as U nie deur U Gees my naby is om my lewe te leef volgens die geloof wat U in my hart werk: dat U Here oor my lewe is.

Vader U weet hoe U Naam ontheilig word deurdat ’n ander god as U verkondig word in die evangelisasie metodes van vandag. Vader, dis ’n god wat keuses stel aan mense om die goeie te kies en van hulle wat so sondig is dat hulle die goeie nie kan doen of wil nie. Here dat daar van hulle verwag word om die goeie uit hulle vrye wil te kies. Heilige God, gee dat U na waarheid in die wêreld verkondig sal word, soos U is: Heilig en Almagtig, die Vader, Seun en Gees. Here hier is ek die week, bevestig U self só ook in my as dit U behaag. U is die Vader en die Here. Amen.” (Dagboek 30.04.1979)

Die ontdekking van God se vrymag in sy genade maak dat ek duidelik kan breek met die ervaring van die vervulling met die Heilige Gees soos wat ek dit in die geestelikheid van die ACSV en die Jeug-tot-Jeug aksie ervaar het.

Dit maak dat ek ook dadelik met die hele geestelikheid van herlewing breek en herlewing en die vervulling met God se Gees as sonde erken. Hiermee erken ek die intimiteit wat ek met God nog altyd gesoek het, identifikasie met God, as sonde en ongeloof in God.

Dit maak ook dat ek gewoon net my eie sondige magsbegeertes en magsdrange as sonde kan erken en nie as intimiteit met God meer wil ervaar nie.

Gesels met Cor Uys oor goeie verhouding; Ludwig van Graan oor doop met Heilige Gees. “Vader, ek loof U vanoggend vir hierdie wonder: Here dat al sondig ek teen U, U die Een is wat my deur U Gees dring om gemeenskap met U te hê. Vader dat ek vanoggend voor U in gebed nader is alleen uit die genade dat U self en nie ek nie, my dring tot aanbidding. Here ek bely voor U vanoggend my en my medegelowiges se sonde: dat ons U nie dank, loof en uit dankbaarheid vir U leef nie, Vader. Here dankie, dat U my gewys het dat dit is omdat ons besield is met herlewing, Vader, dat dit nie is omdat ons nie genoeg bid vir die uitstorting of vervulling; omdat ons nie onsself oopstel; omdat ons nie genoeg diens lewer nie. Here, maar juis hierin groei ons ongeloof. Vader, dankie dat ek vandag kan besef dat ons nie dankbaar en toegewyd leef omdat ons ongeloof ons weerhou om te besef hoe genadig U is in ons lewens; Here dat U ons regverdig en hierdie geloof alle dank en lof in ons skep, nie uit iets wat ons doen om dit te ontvang nie. Heilige God, verheerlik U self ook in my. My lewe behoort aan U.” (Dagboek 01.05.1979)

Die deurbraak wat ek en Danie saam gemaak het, het ons in ’n heel nuwe situasie geplaas met die lesings, studie en verhouding tot die dosente en medestudente. Ons was nie meer binne die dualisme en sintese van die NG Kerk nie.

Daarom het ons nie meer binne die tipiese “twee kante” van ’n saak gedink nie. Elke lesing waarin daar nou kritiek was teen die moderne Christelikheid het ons

opgeneem, gedebatteer en verreken met die breuk wat in ons afgekom het. Ek het ook begin om hierdie erkenning van God in sy vrye genade in al die ander lesings te verreken.

Uit ’n lesing van prof Carel Boshoff wat hy die tipiese bekeringsvisie in sending gekritiseer het, kon ek vir die eerste keer gemotiveerd nou my self losmaak van die hele geestelikheid van “getuienis” en verkondiging vind as iets anders as om jouself vir God te bemark. Met hierdie opheffing van die identiteit tussen getuienis en invloed het ek meteens ook gebreek uit die koninkryksvisie van prof Heyns waarmee ek twee jaar lank myself probeer vind het. Hierdie identiteit met God waar invloed en getuienis eintlik maar dieselfde is, was een van die samehorighede tussen prof. Heys met sy koninkryksvisie en die “bekeringsvisie” van die Pinkstergeestelikheid. Dit sou my en hom binne drie jaar later in openlike konflik teenoor mekaar stel.

“Gesels met Ludwig van Graan. Besef die ongeloof van die hele Roomse stroom in die moderne wêreld, en sy geloofsklimaat in die Protestantse kerke: die ongeloof dat God alleen kan werk waar die mens Hom toelaat of help. Op grond van hierdie ongeloof moet die mens, Christen, orals in die wêreld besig wees om sy invloed te laat geld. Want waar die Christen sy invloed sou laat geld, daar sou God kan werk. Met hierdie opvatting gaan die Christen hom dan stel in die komitees en die praktiese politiek. Dit is in die praktiese politiek waar ek my invloed die meeste laat geld.

Hierdie ongeloof maak geen onderskeid tussen invloed en getuienis nie.

Inteendeel, invloed gaan só saam met getuienis dat getuienis heeltemal opgaan in invloed. Jy moet nie praat oor God of Hom bely nie, jy moet met jou invloed uitgaan in die wêreld. Die feit dat die getuienis heeltemal verlore gaan, blyk duidelik uit hulle onwilligheid en onvermoë om God as Here te bely in hulle politiekery. Die gevolg is dat hulle baie invloed in die wêreld kry, maar dit is geen getuienis dat God die Here is nie.

Hulle ervaar hulle eie politieke invloed en sosiale mag as God se regering. Dit is, die deurbreek van die koninkryk van God in die wêreld. In hierdie ongeloof gaan dit daarom: Hy is nie God wat self mense laat glo en leef volgens Sy verwagtings nie, ongeag en juis in teendeel met wat die mens wil nie. Die mens moet deur sy invloed dit vir God moontlik maak om te werk.

Die kritiese vraag is: het die Christen wat geen invloed in die politiek en maatskappy het nie ’n getuienis in die wêreld? Verheerlik hy God as Vader enigsins? Dit is juis hierdie ongeloof wat die werk van die Heilige Gees teëgaan. Maar hulle glo dat in hulle werke, wat niks anders as politiekery is nie, hulle juis die Heilige Gees help. Nes die wat glo dat deur hulle geloof die Heilige Gees in staat gestel word om beter te werk.

Hierteenoor staan die absolute heerskappy van God: Sy wil, Sy raad, Sy almag, wat nie van die mense se werk afhanklik is nie. God handel na Sy wil, Sy wysheid, Sy Almag, en dit doen God ter wille van Homself, Sy eer en Heerlikheid. Ek kan nie deur my invloed God beter laat funksioneer nie. Uit Sy welbehae voer Hy oor alles heerskappy.”

(Invloed van lesing van prof. Boshoff) Sending: dit bestaan in die verkondiging en uitleef van die heerlikheid van God in Jesus Christus: nie om mense te bekeer; tot geloof, te bring nie, volgens die

Skrifeise te laat leef nie, om hulle God te leer liefkry nie. Dit alles is alleen die werk van die Almagtige en Genadige God soos, waar en in wie Hy wil, volgens sy ewige raad. Dit staan lynreg teenoor die metodistiese vergeesteliking of humanistiese verpolitisering. God het ons geroep om sy Heerskappy uit te leef en te verkondig, nie om Sy werk in mense lewens oor te neem of te bepaal nie (prof. Boshoff: daarom gaan dit in die sending eerstens oor die verkondiging van Christus daar waar ek mens is in Sy genadeheerskappy oor my lewe en dan vanuit die lewe die gaan na dele waar geen Christen só getuig. Ons kan alleen maar God se heerlikheid verkondig en getuig: nie bewerk of bevorder nie. Dit is geen oortuigings of werwingstegniek nie.)

Liturgiek. Die kern van die liturgiek is: hoe getuig ek, loof ek God vir sy heerlikheid, Sy heerskappy. Die eer van God moet besing en betuig word. Nie die verwerwing van ekstra genade en gawes deur die korrekte handelinge voor God nie.” (Dagboek 04.05.1979)

Hierdie geloofsdeurbraak was die inhoud van my en Danie se gesprekke in die laaste week van April en die eerste week van Mei 1979 met ons mede-teologiese studente in Taaibos: “Gesels met Jannie Botma oor die genade- verlossing van God vanuit sy verkiesing. Hy het dit nie voorheen verstaan nie. Gesels met Piet oor die getuienis van God se genade. “Hy handel in die lewens van die wat Hy uitverkies het.” (Dagboek 06.05.1979)

Danie en ander teologiese studente met dieselfde konflik geworstel en ook ander uitkomste gesoek.

’n Teologiese student van Boekenhout koshuis, Frana Herselman, in 1984 leraar van die NGKA gemeente Nthume in Venda, was in hierdie tyd oortuig dat hy nog nie godvervuld was nie omdat hy nie in tale kon spreek nie. Hy het dit ’n paar keer probeer namaak maar geweet dit is skyn. Dit het hom tot ’n ure lange gebedsworsteling met God op sy knieë in sy koshuiskamer gedwing waarin hy op die ou einde uit desperaatheid God voor ’n ultimatum gestel het: God moet hom dan eerder verlam as hy nie die gawe van talespraak kan kry en so met God se Gees vervul kan word nie. Frana het in ’n totale paniek aanval in gegaan toe hy na hierdie gebed nie in tale kon praat nie en toe hy wou opstaan, nie kon opstaan nie. Hy het sy eie knieë lamgekniel in gebed om godsvervuld te raak.

Danie het gevoel hy kon hom in hierdie verwarring wat hy al meer in weggeraak het nie self behelp nie en het toe met ’n medekoshuisstudent, Frans Fouche na ds. Malan Nel toe gegaan. Hy was toe dosent in praktiese teologie. Hulle het ’n afspraak met hom gemaak en Danie het toe sy worsteling voor hom gelê.

Hy het gestel dat hy nie meer kan bid nie, nie meer die Bybel wou lees nie, niks van die bekerings en oorgawes wat aan hom voorgehou was vir hom werk nie, niks wat in hierdie geestelikheid aan hom voorgehou word maak sin nie en dat dit met alles wat hy as mens is bots.

Malan Nel het aandagtig geluister en na hulle klaar was, aanbeveel dat hulle boekie nommer twee van die Jeug-tot-Jeug-aksie weer deurwerk : “Is u Christenwees vir u

ŉ avontuur?” Hy wou Danie met hierdie boekie wys hoe om godsvervuld te word, want dit sou alles vir hom verander.

Danie het toe vir hom verduidelik dat hy daardie boekie se geestelike reëls en voorwaardes al oor en oor gedoen het en dat dit juis dit is wat nie vir hom werk nie. Hierop het Malan Nel niks meer verder vir hulle te sê gehad nie. Met die uitloop het hy egter hulle aangespreek en gesê: “Jy moet net onthou dat daar baie van die teologiese studente is vir wie Christen wees en om te bid steeds ŉ avontuur is.” Hiermee is Danie vermaan dat daar iets met hom persoonlik fout is omdat hy nie godsvervuld kan raak met boekie nommer twee nie, en dat hy dit, soos met dans, vir homself moet gaan uitmaak.

Ek het hierdie geloofsontdekking en gesprekke waarmee ek en Danie besig was in die week, daarna met die studenteleraar van Universiteitsoord gemeente vir Taaibos, toe ds. Julian Muller, gedeel.

Hy het nie hierdie deurbraak ondersteun nie en sonder dat ek die impak daarvan besef, stel hy die geloofsinhoude weer so dat ek terugval binne die dualisme van God en mens met die dualisme dat geloof is nie aanvaar nie. Sy verwysing was dat naas geloof moet daar nog die aanvaarding van God kom wat dan weer net maar identifikasie met God kan wees: “Besef nou dat aanvaar is nie glo nie: aanvaar beteken om iets toe te eien met die geloof wat ek reeds het. Dit is om God toe te eien met die geloof in Hom wat Hy gegee het. Die mens het geen vrye wil nie, maar tog ’n verantwoordelikheid” (Dagboek 10.05.1979)

Maar dit was net in sy gesprek met my en my erkenning van sy gesag as my studenteleraar dat ek hierdie dualisme weer aanvaar. In my geloof het ek onherroeplik gebreek met die bekering van die moderne Christelikheid. Dieselfde dag waarin ek weer met ’n gedweënheid die dualisme aanvaar in ds. Muller se mening, maak ek die duidelikste verbintenis in my eie gemoed tussen geloof en die verbondsbeloftes. Ek het nou die gawe van geloof uit God se vrye genade en almag verbind aan die verbondsbeloftes van God. Die inhoud gaan nou oor die verbond en uitverkiesing. Dit is nog steeds dit waarmee ek en Danie begin het, maar nou in die verhouding verbond en uitverkiesing “God gee nie met dit wat hy gee deur ’n voorwaarde te stel vir wat Hy gee nie. Dit is genade. God gee omdat Hy wil gee, nie omdat Hy iets van my wil hê nie. Dit beteken egter nie dat God nie iets verwag van dit wat Hy gee nie. Dit is iets anders om te verwag dat dit wat gegee word, gebruik word, as om ’n voorwaarde te stel vir die gee en ontvang van ŉ gawe. God skenk die mens die insig, as sy Here wat Hom deur Sy Gees lei om elke dag Hom te dien, sonder dat daar ’n voorwaarde vir kultiese handelinge voor die tyd is. Die mens moet nie God betwyfel t.o.v. dit wat God sê Hy wil nie, die beloftes wat Hy aan die mens gestel het nie.

Aan die ander kant mag daar ook nie van God verwag word wat Hy nie belowe het nie, sodat die vereisde vir geloof en vertroue ’n sekere kennis veronderstel. Ek moet eers God se beloftes ken voor ek Hom daarvoor kan vertrou. En ek kan Hom nie vertrou vir dit wat ek

nie weet Hy beloof nie. God beloof dat Hy insig en wysheid aan sy kinders sal gee: om te weet hoe Hy wil hê ek Hom as sy kind moet dien in die beproewing op my lewenspad.”

Die ontdekking dat God self as God kies en handel en dat God se handelinge nie identies is met my keuses en besluite nie, het nog ’n innerlike ontknoping afgebring in my eie geloof. Ek kon die Bybelse begrip “begeertes” eien as geloofsaak en nie meer sien as seksdrange soos ek dit in my geestelikheid ervaar het nie. Ek breek met die geestelike idealisme dat ek nie sondige begeertes mag hê nie en die geestelikheid dat my seksdrange sonde is:

“13-18: Wat hier opvallend is: God neem nie die begeerlikhede uit die hart van die mens nie, maar lei hom om nie volgens die begeertes te leef nie, om te leef volgens sy verwagtinge. Daarom word dit nie aan my gestel om nie begeertes te hê. Ek is sondig en bestaan in my begeertes, maar ek moet nie daardeur weggelok word om daarvolgens te leef nie.

Verder word die aard van sonde beskryf. Die sonde bestaan uit die sondige begeerte wat voortkom uit die sondige aard van die mens, ook die van ’n Christen. Die begeerte bestaan nie uit seksuele drange nie. Begeerte dui op die gesindheid om iets te wil doen wat teen die wil van God is; iets waarmee ek myself wil bevredig teen God se wil in; dit kan ook seksueel van aard wees, maar dan nie so dat seksuele drange gelyk te stel is aan begeerte nie… Die mens, die Christen, sal tot met die wederkoms leef met die begeertes in sy gemoed al is dit opsig self sonde teen God.

Die begeertes kom by mens op, maar anders as die sondaar wat verlore is hoef ek nie meer te leef volgens die begeertes nie omdat ek deur God in staat gestel word om Hom te dien as Here, omdat Hy ons wederbaar het – volgens Sy wil; om te wees kinders van God – deur die waarheid van Sy woord; God is goed en gee al en alleen die goeie.” (Dagboek 14.05.1979)

Met die erkenning van my seksualiteit en die onderskeid tussen my sondige begeertes en my natuurlike seksuele behoeftes kon ek nou nader beweeg aan die kern van my identifikasie met God.

Op die 14 de Mei wil ek weer ’n keer die ontdekking van God in sy eie wil en optrede intrek en eien in my “persoonlike verhouding met God”, my intimiteitsoeke met God. Dit hou my binne die teenstrydigheid vasgevang van identifikasie met God teenoor geloof in God: “leef die afgelope paar dae in die aanspreek van God uit Jakobus: in intieme geloofsgemeenskap met God deur Sy Gees se nabyheid in die Woord en my naaste- verhoudinge, my arbeid; my seksualiteit.” **Dagboek** 18.05.1979.

’n Week later maak ek egter in my geloof nog ’n deurbraak tussen identifikasie met God en geloof in God. Ek deel nie in die mistieke eenwording met God in sy persoon, wil en krag nie. Alhoewel ek dit nou kan verwoord, bly my identifikasie met God egter nog steeds die kern van die probleem in my geloofslewe en daardeur ook in my persoonlikheid. Met die wete en poging om weg te breek van misterieuse belewenisse met God moes ek nog die volle werklikheid van die versugting na

intimiteit met God deurbreek. Dit sou egter eers in 1980 volledig kon gebeur: “Besef dat die Heilige Gees se krag en leiding wat Hy my as gelowige meedeel nie iets is wat ek ervaar in een of ander misterieuse deelwording van God nie, maar dat dit sy toerusting is om my in staat te stel om God as Here en Verlosser te dien. Sy “vervulling” kan nooit van diens aan die Here losgemaak word en dan is dit nie besondere dienste, wat nog van ervaringe, maar my totale lewe volgens die wil van God as my Here.” Dagboek 25.05.1979

### 26. Die spanning van die herkenning van identifikasie met God as sonde maar die innerlike verbintenis tot goddelikheid deur ’n intiem persoonlike verhouding met God.

Ek, Danie en van die ander teologiese studente van Taaibos het nou begin om “Billy’s Baked Patato”, ’n restaurant in Arcadia sentrum ons kuierplek te maak, met pizzas as die nuwe ontdekking in ons lewe. Hier is die geloofsgesprekke voortgesit.

Dit is in hierdie tyd dat ek aan Danie in een van hierdie pizza-gesprekke stel dat die verskil gaan oor geloof in God en identifikasie met God. Dit wat ons geleer is om met God te doen, was nie geloof in God nie, dit was identifikasie met God. Ek wou nou uit die mistieke belewenisse van God uitkom en het nou geweet dat dit oor die verskil tussen geloof in God en identifikasie met God gaan. Die verwarring het nie met hierdie onderskeiding opgehou nie, maar ek het nou die onderskeid raakgesien.

Ds. Julian Muller hou sy Pinksterreeks van 27.05.1979 tot 3 .06.1979 in Universiteitsoord kerkgebou. Ek woon die hele reeks by en uit die ou gewoonte van onderwerping aan geestelike innigheid val weer terug in die sintese van God en mens, wat my weer terug laat val in die identifikasie met God: “:”Ek moet my self so tot beskikking van die Heilige Gees stel dat ek onder sy invloed kan kom: invloed is om God se wil in my te werk.” (Dagboek.) Hierdie “invloed van die Gees” en “tot beskikking stel” is weer die onderwerping aan die spiritualiteit van geestelikes asof dit geloof in die heilswerke van God is. Dit was presies die teenoorgestelde geloof as wat ek en Danie saam gevind en met mekaar gedeel en opgebou het: dat God my kies en in sy vrye besluit my en my lewe vir Hom laat goed wees, terwyl ek steeds in my self sondaar is.

Hierdie “tot beskikking stel om onder die invloed van die Heilige Gees te kom”, is net ’n selfgemoduleerde weergawe van om jou deur die goddelikheid van God deur ’n geestelike mentor te laat vervul. Dit het my weer teruggeswaai binne identifikasie met God in.

Die 10 de Junie is ek egter weer in die lesings waar prof Frikkie Botha uit die Johannes evangelie die identifikasie met God as vals uitwys in sy Christusgesentreerde en heilshistoriese Skrifuitleg.

Die proloog van Johannes was selfstudie wat ons by prof. Frikkie moes doen. In die eksegese van die inleiding op die Johannes evangelie vind ek weer wie Christus in sy openbaring is, buite die identifikasie met God.

Ek onderskei in hierdie eksegese die persoon van Christus as Iemand anders as die identifikasiefiguur wat ek al die jare in die geestelikheid van die kerk leer ken het. Dit is die eerste keer dat ek in eksegese dit uitwerk dat Christus self God is en self werklik mens was. Hierdie kennis van Christus wat werklik mens en God is, is deurslaggewend gewees vir die finale wegkeer uit my identifikasie met God.

Die werklikheid dat Jesus mens is vandág bly egter nog in my vaag. Met die onkunde oor sy menswees vandág, en my gemeenskap met hom in sy menswees, bly daar ’n vervreemding tussen my en Christus. Dit is daardie vervreemding wat Calvyn al genoem het die “halwe Christus”. Die Christus waar die gemeenskap met Hom in sy menswees vandag in die nagmaal sou ontbreek. Ek probeer steeds hierdie vervreemding met my “intimiteit met God”, dit is my “verhouding met God in identifikasie” oorkom. Sonder die geloofskennis dat Christus vandag mens is, kon ek nie “gemeenskap” as iets anders as die intimiteit van identifikasie met God vind nie, maar die eksegese in hierdie selfstudie van Joh. 1 het my geloofsbasis geword vir die ontworstelinge en geloof wat hierna volg:

“1." In die begin was die Woord” Jesus was in die begin rééds daar. Dit word verder uitgebring deur die woorde “by God”. Die bedoeling is nie om aan te dui dat Jesus die eerste skepsel was nie, maar dat toe God geskep het, Christus alreeds was, nie as voorskepsel nie, maar van ewig af as God. Dit is die hele bedoeling van die eerste vers: van ewig af self God, by God die Vader voor die skepping. “Woord” moet ons vanuit die proloog verstaan:

a.) die Woord is dit wat by God is; self God is; alles het deur Hom tot stand gekom.

b.)die Woord is dit waarvan getuienis afgelê word en wat mense verlig.

c. ) die Woord het wêreld toe gekom; gee mag om kinders van God te word. Só moet ons die “Woord” vanuit die proloog self verstaan. “God” is God, nie goddelik nie, maar ook nie “die God” nie.

Dit is die evangelie: die gesag van die boodskap teenoor alle ander, Jesus was self God en vanuit vers 18 verstaan: alleen daarom is Hy waarheid.

2. Dit dui op watter status Christus voor menswording gehad het. Hy is self God. Dit is ’n deurlopende tema in die Johannes evangelie. Jesus Christus is God en sal na die Vader teruggaan waar Hy was voordat Hy mens geword het.

3. Christus het alles geskape wat “is”, nie wat geskep is nie, maar wat is.

4. "Lewe” Lewe dui hier op lewe in gemeenskap en gerigtheid tot Jesus Christus: dit is hier eerstens nie die verlossing van sonde nie, maar op die skepping van die mens van toepassing, eers in vers 4 word dit teenoor sonde gestel. Die lewe van die mens as skepsel bestaan en móét bestaan in die gemeenskap met Christus as die Here van die skepping. “Duisternis” staan as wêreld in sy sonde: sy verwydering en opstand teen God. Die sondevervalle mens

kan nie Christus, en die lewe wat Hy meedeel, tot niet maak nie. Die lewe is lig. Hier word lewe in sy verlossende hoedanigheid vir die sonde vervalle wêreld uitgestip.”

Danie 'O Reilly het die leiding geneem vir fondsinsameling vir die Universiteitsoord gemeente deur die gemeente se studente vereniging UKJA. In 1979 betrek hy my om te help met die opstel en afrigting van ’n studente revue na aanleiding van die eerstejaarsrevue wat ek vir Taaibos koshuis geskryf en afgerig het en waarmee ons die kompetisie gewen het . Die toer vir 1979 was “Beitbrug ’n terug. Taaibos verskeidenheidskonsert. Marathon draf Varsity 1979” Ons het nie net konserte gehou van Naboomsruit tot in Vivo en Louis Trichardt nie, maar ook van dorp tot dorp gedraf. Die reklamefokus was ’n opgeleide polisie hond wat ons op die grens aan die Rhodesiese weermag as teken van ondersteuning in hulle terroristeoorlog oorhandig het.

Dit is die eerste keer nadat ek doelbewus my self uit die geestelike bedrywighede van my mede-teologiese studente en medegemeente studente onttrek het, en buite hierdie geestelikhede my met die studente lewe deur die Huiskomitee besig gehou het, dat ek weer gekonfronteer word om met die kerklike lewe betrokke te raak.

Ek was uiters teensinnig en het nie vir hierdie geestelikheid weer kans gesien nie. Net nadat Danie my oortuig het om deel te neem word ek en Danie gekonfronteer met Taaibosstudente wat die toer wil vergeestelik. Dit was die tipe geestelikheid wat ek reeds sedert my innerlike distansiëring van die ACSV aan die einde van my matriekjaar wou vermy het:

“ Probleme met Taaibosmans. Hulle wil die toer vergeestelik. Moet hulle probeer reghelp. Die feit dat die toer nie sending, evangelisasie of heiliging as doel het nie, maar geldinsamel deur ’n konsert, beteken nie dat dit nie-Christelik is nie. Weier om vir hulle Bybelstudie of biduur te lei. Meen dat dit nou ’n onnodigheid en doelmisplaasd is. Besef dat ek lidmate moet help vanuit die Skrif om die perspektief, of miskien uit saambesluit, saambesin, saam die Skrifperspektief kry dat om ’n groepie-gevoel te kry is nie ’n rede vir Bybelstudie nie. (Dagboek 20.06.1979)

Die vryheid om jouself nie met God te identifiseer nie, maak dat ek kan onderskei tussen my eie idealisme en God se wil en raad. Dit maak dat ek ook kan insien dat die verwagtinge en versugtinge waarmee mense gelei word om met God te identifiseer, afgodsdiens is. Ek probeer dit uit die afgodsdiens van die tweede gebod formuleer. Daarmee begin ek ook met die onderskeid oor wat die uitdrukking “beeld van God” beteken en wat dit nie beteken nie:

“Besef uit tweede gebod wie is die God wat ek dien. Dit is die God aan wie ek al my tyd spandeer en moeite voor doen. Veral die valse godsdiens in my lewe t.o.v. denkBEELDE. Dénkbeelde is die afgodsdiens van die moderne mens:

* denk -beeld van eenvoudige lewenswyse
* denk – beeld van lewensvreugde

* denk- beeld van erotiese romanse
* denk- beeld van naaste – liefde
* denk -beeld van God.

Hierdie denkbeelde is net so deurlopend en veeltalig soos die beelde en gode van die ou Oosterse kultusse. Die verskil van die ou tipe beelde en die nuwe tipe beelde lê alleen in verskil tussen die “rede” en “kosmiese sentraliteit” van die antieke mensbeeld.

Om jouself in diens van ’n “ideaal” los van God, teen sy gesag te stel, is beeldediens. Die ideaal van ’n “gelukkige huis”; “’n voorspoedige lewe”; ’n sinvolle vriendskapsverhouding”; ’n sinvolle liefdesverhouding”; “’n geordende Lewe”, dit alles word gedoen vanuit die mens se geloof in die mens se alvermoë om te kan doen wat hy wil.

Hierdie ideale is sondig en die wil in hierdie ideale is sondig. In hierdie ideale glo mense nie meer in die bo- en ander wêreldse, en indien hulle daarin glo is dit nie anderse nie, maar net ’n ander menslike wêreld. Vergelyk dit maar met al hulle ruimtefantasië. In hierdie ideaalbeelde is daar geen geloof dat daar “iets” buiten die mens is nie. Op hierdie rasionalistiese wyse is die hele Weste en Kommunistiese wêreld ateïsties ingerig. My eie lewe is ook op hierdie wyse ingerig.” (Dagboek 29.06.1979)

Onder leiding van prof Frikkie Botha doen ek self eksegese van Johannes 1 verse 10-14: “[10]Hy wás in die wêreld, die wêreld het deur Hom tot stand gekom, en tog het die wêreld Hom nie erken nie. [11]Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie. [12]Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. [13]Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van ’n mens of die besluit van ’n man nie, maar hulle is uit God gebore.[14]Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.”

Hierdie verse is die verse waarmee ek tot bekering gebring was en waarmee ek mense tot bekering gebring het- deur God in ons lewe in te nooi en God deel van ons lewe te maak. Met die heilshistoriese en Christusgesentreerde Skrifuitleg van prof. Botha deurbreek ek die houvas wat hierdie ervaring met God op die teks van die Woord in my gemoed en lewe gehad het:

“Uit God gebore. Vers 10… Hy het na hulle gekom, ερχομενοσ (ergomenos), maar hulle kon nie en het nie uit hulle self Hom as hulle Skepper en Here herken nie of erken. Hulle het Hom ook nie herken in die doel van sy koms nie 1: 6-9: om mense weer in gemeenskap met God te bring nie. Vers 11… die klem lê op die “in staat wees om” dit is ’n causes pendus konstruksie: ’n uitbreiding van “hulle mag” Hierdie sin behoort eintlik na “gegee” te staan, maar Johannes plaas baie keer die nasin voor die hoofsin. “sy eie mense het nie aangeneem nie”, is dan die indirekte objek van “”Hy het gegee” Díe insig is belangrik: hulle kan Hom nie aanneem nie omdat hulle nie die staat geskenk is waaruit dit moontlik is om Hom te aanvaar nie. Dit dui op die totale verwerping van Jesus Christus deur die mense wat Hom in Galilea leer ken het.

<u>Hulle het Hom nie as die ware Lig aanvaar nie</u>. Verse 12, 13.
Saam met die werkwoorde “aanneem” en “geloof” word die werkwoorde “om te gee” en “om gebore te word” gebruik. Die mens aanvaar Jesus Christus as die waaragtige openbaring van God vanuit die

geloof wat hulle in Hom het. Hierdie aanvaarding van Christus as Verlosser wat God bekend maak en gemeenskap herstel, is gegrond in God se werking met die mens. Christus gee aan hulle die status om kinders van God te wees. “te wees” is passief.

Verder het hulle geen aandeel hoegenaamd in die gee van die reg en status: kinders van God nie. Die daad van gee, is alleen uit God op grond van Homself. Daarom word: “gebore uit” gebruik. Die mens het geen deel in die bewerking van sy eie geboorte nie. Dit is iets wat met Hom gebeur. Die kinders word alleen deur God verwek, deur niks wat die mens is en doen nie.”

Ek het van die begin af my verwerping van my “Hoekie-bekering” gevoel en gesien as die vryheid van die mag van geestelikes. Dit is ook die vryheid wat ek in die uitleg van hierdie vers weer vind: “Vader, dankie dat ek in my ongeloof nie uitgelewer is aan die misleiding en manipulering van “geestelike mense” wat mense in ongeloof mislei nie. Vader, dankie dat ek nie in myself of in ander mense moet soek na redes waarom ek U kind is nie, omdat U alleen my gemaak het tot Petrus, wat U ken en dien. Vader, ek loof U, U is God, U werk waar U wil en wie kan U keer.” (Dagboek 8, 9. 07. 1979)

In hierdie eksegese breek ek ook met Jesus as net ’n rolmodel, dit wil sê, met Jesus as simbool van my eie geestelikheid. Johannes 1: 14-18. “Vlees” dui nie op die vorm van die mens, of gestalte nie, maar sou met “vleis” vertaal kan word “die Woord het vleis en bene geword”. Hierdie vertaling gee die krag van die Griekse woord “sarks” weer. Die aoristus dui op die punktuele. “heerlikheid “ hang saam met die “vleis”. Die heerlikheid van Christus bestaan nie náás sy mens-wees of deur of agter mens wees nie, op so ’n wyse dat ons verby sy menswees moet kyk om die God te ken nie, maar ons leer alleen Jesus as God ken ín Sy mens-wees, want Hy is God wat mens is.

Σκηνοω “Woon by” Hierdie werkwoord word gebruik om Jesus Christus se teenwoordigheid by die mens uit te druk. Tot nou toe was God by Israel teenwoordig in die tabernakel. Jesus is self God: “Woord: λογος en deur sy vleeswording is Hy nou God by ons: in Jesus Christus is God teenwoordig by sy kinders.

“Heerlikheid”: “ δοξαν” Dit is die sigbare bevestiging van God. Verskyning van sy werk aan mense. God is altyd teenwoordig en sy teenwoordigheid by mense is ’n teenwoordigheid in heerlikheid. Die heerlikheid lê veral in die manier waarop God aan die mens bekend word. Daarom word dit hier aangedui as “eniggeborene van die Vader” Die heerlikheid van die Woord is dat in Hom is God teenwoordig. Hy is die Woord wat vlees is, wat onder mense woon. Die heerlikheid hang dus ten nouste saam met “God wat teenwoordig is” en daarom – die vleeswording.

Eniggebore” dui op die unieke en enige verhouding tussen die Vader en die Woord. Verder dui “παρα” dat die Seun van die Vader uitgaan, dit dui op ’n verhouding in die wese van God. “ waarheid” die woord beteken in die vorige gedeeltes dat die Woord die ware en betroubare openbaring van God aangaande Homself is en dat dit die ware openbaring is waardeur mense tot die ware God kom. In vers 14 word waarheid gebruik vir die vleesgeworde Woord wat onder ons kom woon… God wat vlees geword het en by mense woon. Dít is die heerlikheid van God. Dit is die waarheid. Die ware openbaring van God.

Dit word ook met “genade” aangedui. Hier beteken “genade” dus: dit is deel van die heerlikheid van die vleesgeworde Woord wat onder mense woon, genade is deel van die vleesgeworde Woord wat in ’n unieke, enige verhouding tot die Vader leef. …

vers 16 πληρωματοσ dui op die volheid of vervulling. Dit wat Jesus Christus vol van is of wat Hy vervul. Na aan leiding van “vol” en die konteks moet ons hier sê: dit waarvan Christus vol is, dit wat Hy in die volheid is: vlees en God teenwoordig by mense. Met volheid kan ons maklik dink aan gawes wat Christus het wat ons graag wil hê en wat Hy só in oorvloed het, dat ons daarvan kan kry. Dit gaan egter nie op nie: die teks dui dat Christus die volle openbaring van God is; God in volle gemeenskap met sy kinders; God ten volle teenwoordig by sy kinders. Hieruit moet ons πληρωμα verstaan: ten volle God, ten volle geopenbaar, ten volle verlos, ten volle gemeenskap.

“Guns”… die guns moet nie gesien word as losstaande geskenk nie maar as die seëninge van en in die volle gemeenskap met God. 17 “die wet van Moses en die genade en waarheid deur Jesus Christus.” Staan hier naas mekaar. Indien ons “pleirouma” as vervulling of volheid sien, dan is die guns en waarheid die vervulling van die wet. Dit wil sê, die volheid van Christus. Ons kan nooit volheid of vervulling gebruik sonder dat ons bedoel of aandui dat dit gaan om die volheid van/ vervulling van Christus. Verstaan ons dit hieruit kan wet en guns en genade nie as teenstellings verstaan word nie. “Gekom deur” God het die wet geskenk aan Israel, dit was ’n gawe van God deur Moses. Die guns en waarheid is die gawe van God deur Jesus Christus. Dit gaan dus hier om die bediening van die gawe deur die Bedienaar. Teenoor die bediening van Moses staan die volheid van Christus: ten volle God; ten volle vleesgeworde en teenwoordige God. God gee dus albei, maar deur verskillende persone: deur Moses, deur Christus. …

Vers 18 stel weer wat beteken die “volheid: πληρωμα van vers 18. Die volheid gaan oor nie een mens wat God al ooit gesien het nie. Daarom is daar nog geen bekendmaking gewees nie; niemand kan nog ooit sê wie en wat God is en wat Hy doen of verwag nie, omdat niemand God gesien het nie. Dit dui op die radikale breuk wat daar tussen God en mens is. Nie een mens het nog, kan en sal ooit iets gesaghebbends oor God, wie Hy is; wat Hy doen en wat Hy verlang , kon en ooit sal vertel nie. Want Hy is heeltemal verwyderd van mense. Die auritus stel selfs die moontlikheid van ’n blik, ’n enkele oogwenk buite die kwessie. “Eniggebore” Blye boodskap; Sy enigste Seun; Self God. Dit is alleen sy Enigste Seun wat Hom kom bekend maak het. Omdat Hyself God is en die naaste aan die Vader is. Die werk van die Seun is hiervolgens volgens Johannes om die Vader bekend te maak …. in die menswees van Christus wat ten volle God is; ten volle Verlosser, is God ten volle ons Here. In Jesus Christus se menswees maak Hy God die Vader in ons lewens as Here bekend. Só is alleen Christus die ware Lig wat elke mens in ware gemeenskap met God bring.

Dus, in die mensgeworde Woord, is God my as Here elke dag naby; word God geëer sy mag uitgebrei; sy heerskappy gehoorsaam; is God ten volle Here; is God ten volle genadig en waaragtig; is God as Vader bekend.” (Dagboek 11.07.1979)

Met hierdie geloof in Christus as die mensgeworde Woord stel ek myself los van God as die mens in en deur wie God Homself aan mense moet bekend stel, sy liefde moet uitleef, mense deur my lewe moet verlos en mense deur my moet bereik. Met hierdie geloof in Christus as God en mens, is ek los van die rol dat ek myself met God moet identifiseer sodat God alles wat Hy deur Christus doen, ook deur my kan doen. Hierdie is die verskil tussen Christus as enigste Middelaar teenoor mense as God se tussengangers tussen God en mense.

Die opheffing van hierdie verskil tussen God en mens asof daar mense is wat God self in hulle visies en missies meedeel, is dit wat die NG Kerk vervolmaak het in hulle

“gemeentebou teologie”. In hierdie teologie gaan dit oor geestelike mense wat bou en ongeestelike mense wat opgebou word. Dit is presies die teenoorgestelde as wat Johannes dit stel, “niemand het God ooit gesien nie”. Niemand kan iets van God meedeel of bekendmaak nie. Alles is net in Christus openbaar.

Prof Frikkie Botha gee my nog ’n nuwe perspektief met sy heilshistoriese Skrifuitleg. Dit gaan oor die doop van Johannes die Doper. Hy wys daarop dat die besondere in Johannes se doop iets anders as die doop van Jode was. Die Jode het rituele wassinge geken as mense uit die heidendom tot die Jodedom bekeer het. Die doop van Jode was egter vir hulle direk gebind aan die belofte van die Gees in Esegiël 36. Hiermee dui Johannes aan dat Christus die Messias is wat hierdie Abrahamsbelofte kom vervul. Daarom doop Johannes met water.(Dagboek 24.07.1979) Dit is die eerste keer dat die doop met die Gees vir my heilshistories aan die belofte van Esegiël 36 gekoppel is. Jare later sou dit my verwysing word vir die onderskeid tussen die Dawids- en Abrahamsbelofte.

Ek volg hierdie leiding in my uitleg van die verandering van water in wyn op die bruilof in Kana: “ Bultman: sy situasie-eksegese dat dit om die godsdienstige ervaring gaan, om iets te stel in die plek van die openbaring van Christus, is nie aanvaarbaar nie. Dit gaan om God se nuwe verbondshandeling. Anders kan die godsdienservaring “om iets in die plek van God te hê en afstand te doen deur in Hom te glo” die beginsel van uitleg word. Skopus: “Die heerlikheid van Jesus is geopenbaar”. God het in Jesus Christus met ’n nuwe verbond gekom. Jesus is die nuwe verbondshandeling van God. God handel nie meer deur Israel as die uitverkorene nie, maar in Jesus. Hy is die draer van God se nuwe verbondshandeling. Geloof: die inhoud van die dissipels se geloof is dat God van Israel ingrypend handel in Jesus. Vgl. Die δοξαν- motief i.v.m. die Vader. Die geloofsinhoud is dat die dissipels glo dat God ingrypend handel: ’n nuwe verbond sluit in Jesus Christus. Hy is nou die verbondsdraer, nie meer Israel nie. God handel nuut. Die aanspreke gaan daarom: glo dat God wat Abraham gekies het en gelei het in Jesus Christus ’n nuwe verbond met die mens sluit. Jy is deel van God se handelinge in die wêreld. Alleen deur Jesus Christus word jy deel van God die Vader se verbond met mense. (dagboek 6.08.1979)

Ek het met Johan Haasbroek en Dawie Swanepoel ook baie aande om gesit en praat oor die geloofsontdekking en my verwerping van die bekeringservaring van die CSV. Dawie Swanepoel was vriende met Piet Ernst wat ’n mediese student was en uit Levubu gekom het. Hulle was vriende vanaf hulle hoërskool jare op Pietersburg. Piet Ernst was toe al deel van die herlewing van die Uyse van Levubu, wat ek nog glad nie geken het nie.

Piet Ernst het ingeskakel by die Hatfield Baptiste en ’n jongman in die koshuis oortuig dat God sy been langer gemaak het waarvoor hy ’n opgeboude skoen moes dra na ’n ongeluk as seun. Ons kon sien dat Herman nie genees is nie. Dit het debatte afgegee. Dawie Swanepoel, later predikant van die NGKA gemeente Nkensani het duiwelsadvokaat gespeel vir Piet Ernst. Ek maak die volgende aantekening in my dagboek: “Dawid Swanepoel gesels met my n.a.v. my standpunt van die valse geloof van Baptiste, A.G.S. en ander charismatiese groepe – sektariese groepe. Stefan Joubert,

Piet Ernst oor die dominee van Levubu.” (Dagboek 8.08.1979) Dit was hierdie gesprekke wat ek in my gemoed gehad het toe ds. Muller van Voortrekkerhoogte my in 1984 na die Venda Weermag oorgeplaas het. Ek het ds. Muller daarop gewys dat ek weet dat die leraar en gemeente van Levubu charismaties is en dat hulle waarskynlik met my probleme sal hê. Ds. Muller het dit afgemaak met opmerkings oor die ooreenkoms wat daar tussen die weermag en die NG Kerk is oor dienspligkapelane.

Ek volg in Junie tot November nog steeds die leiding van prof Frikkie Botha in die uitleg van Johannes 3:

“ 1. Deur die Kana-teken het Jesus gewys dat God in Hom ’n nuwe verbond met Israel oprig.
2. Daarom word Hy as persoon nou die sentrum van aanbidding en vervul die tempeldiens 2: 8-2: 24
3. Johannes 3: 1-21 Gaan nou oor hoe is die Seun van God nou die sentrum van aanbidding.
4. Hierna volg Johannes se getuienis wat weer sê: Jesus is die Messias en deur geloof in Hom word mense gered; Hy is nou die wyse waarop ons God aanbid. Dus binne die konteks wil die gesprek verkondig hoe die Seun van God nou die sentrum van aanbidding in mense se lewens is en nie meer die tempel nie. Die vraag is nou: hoe aanbid ons God in die nuwe verbond waar Christus die tempel vervang het?” (Dagboek 18.08.1979)

Christus vervang as Persoon die tempel, wie Hom aanbid, aanbid God in waarheid; die wondertekens wys Christus is God; dit is nie ’n bediening wat sy dissipels moet voortsit nie; Jesus se genesing op die Sabbat wys Hy is God wat nog altyd besig is om sy Skepping te onderhou.

Met hierdie eksegese-metode het prof. Frikkie my lewenslank verbind om in elke preek Christus die skopus van die prediking te maak. Elke preek moet iets van Christus sê en verkondig. Daarmee het hy my gehelp om nooit enige persoonlike geestelike ervaring of inspirerende idee die inhoud van die prediking te maak nie. Die Skrif openbaar wie Christus is en wie Christus is bepaal die toepassing van die prediking van die Evangelie.

Die 18 de November 1979 het ek begin met my eerste praktiese bediening in die NG Gemeente Alberton-Oos. “Oom Flip en die gemeente wens my sterkte toe en dink aan my in hulle gebede in my voorbereiding vir die volgende weke. Ek besef dat hierdie ondersteuning van medegelowiges ’n behoudende en bindende krag is en dat ek dit so moet ag en waardeer. Ervaar ouers se meelewing in alles. Besef dat die gemeente die vertroosting, die bemoediging en versekering van Christus afwag in my bediening. Moet dít bring soos die Woord dit verkondig en nie die gemeente die voorwerp van my aggressie teen godsdiens- en ongeloofsprobleme in Jesus Christus maak nie; of nog erger, van my eie ongeloof in my Hére nie”.

Hierdie gemeente het ’n bydrae tot my teologiese studie gemaak. My pa was orrelis en ons was lidmate van Alberton-Oos, al het ons binne die gemeente grense eers van Elsburg en toe later van Elspark gemeente geval. Ek is as gemeente seun gereken en het ’n bydrae tot my studies ontvang.

Na hierdie vakansie bied ds. Hough my deeltydse werk in die gemeente aan. Ek kon elke Sondag een diens waarneem en twee aande van die week huisbesoek doen. Dit het die vaste patroon geword vir 1980. Ek het elke week twee keer van Pretoria deur gery na Alberton om huisbesoek te doen. Naweke het ek ook in Alberton gepreek. Dit beteken dat ek vir 1980 ’n deeltydse werk gehad het. Daarom het ek ook vir die eerste keer in my lewe ’n eie inkomste. Hierdie gedeeltelike finansiële onafhanklikheid het my baie gehelp. Die fokus van my Bybelstudie en klaswerk was nou die prediking elke Sondag in Alberton-Oos gemeente.

Die eerste preek was ’n aanddiens op die 9 de Desember 1980. Die preek se inhoud en uitleg wys die spanning waarin ek nog vasgevang is, tussen Christus as Here en my eie magshouding van ’n intiem persoonlike verhouding met God: “ “Johannes 3 Skopus Wie in vertroue op Jesus leef, beleef die Ewige lewe. 1. Die Ewige Lewe is ’n lewe vry van die oordeel van God. 2. Gered van die ellende van sonde. 3. Met liefde in die hart vir God. Dit beleef ek elke dag in alles: as Jesus my Here is in alles: ’n vaste en intieme vertroue in Jesus is die Ewige lewe.” (Dagboek 8.12.1979) In die eksegese van prof. Frikkie het ek vir die die persoon van Christus buite myself gevind, maar ek wou Christus nog verinnerlik met “’n intiem persoonlike verhouding”. Deur hierdie intimiteit wou ek Jesus as Here nog steeds mý Here laat wees. Ek wil nog nie die Ewige Lewe glo nie. Ek wil nog die Ewige Lewe “beleef”. Ek gebruik nog geloof en identifikasie met God as wisselterme, maar dit pas nie meer by die geloof in Christus as Persoon naas, buite en teenoor myself nie.

Ek het vir die hele jaar se prediking in Alberton – Oos gemeente teruggeval op die lesing van die Ou en Nuwe Testamentiese eksegese, en prof. Frikkie Botha en Rieme Prinsloo se lesings as inhoud van die prediking gebruik. Baie min van die geloofsdeurbrake het ek tydens die prediking in die loop van 1980 in Alberton – Oos van die kansel weergegee. Die openbare druk om te preek was vir my moeilik en in hierdie spanning het ek by die lesings van proff. Botha en Prinsloo gehou.

My breuk met die Jeug-tot-Jeug-aksie groep studente tydens my RAU jare was egter finaal. Na ’n besoek aan hulle op die 12 de Desember skryf ek die volgende: “ Kuier gisteraand by Wynand Nel, Ferdinand en Annetjie van Niekerk, Quintus Smit en Willie en Jeanette Pieterse. Beleef weer dieselfde verhoudinge en gesindhede as in Afslaan. Dit maak my morbied.” Dit was die inhoud van hulle “opgewonde geestelikheid” wat my depressief gemaak het.

Hoe diep my breuk met hulle was, wys in die Oujaarsaandpreek wat ek met Alberton-Oos se middernag diens gepreek het: Johannes 13: 31-35. Jesus is nie meer as mens by ons nie, maar as Skepper en God wat regeer as verheerlikte Here oor die wêreld en in my lewe: my toekoms is altyd nóú ’n heerlike toekoms want my verhouding met die Here het ’n heerlike toekoms. Met hierdie geloof in Christus was ek vry van die voorspoedgodsdiens. Na die erediens skryf ek in my dagboek: “ Here, U is Here en U is God. Dankie dat ek as prediker, as jongman in die fleur van my jeugdige

vermoëns, as jongman tussen mense en met mense leef met die oortuiging en die vertroue in U: in alles Here; in alles is die toekoms heerlik want dit sal ’n tyd wees waarin U met my is en waar U my liefhet en my sal lei om U lief te hê.

Of dit deur voorspoed is wat U gee;
Of dit deur konflik en spanning is wat U dit gee;
Of dit deur smart en pyn is wat U dit gee;
Of dit deur dood is wat U dit gee;
Of dit deur mislukking is.

Here in alles is ek seker van ’n heerlike toekoms want dit is ’n toekoms saam met U, die opgestane en verheerlikde Here wat regeer oor die wêreld en in my lewe.”

Op die 15 de Januarie begin ek weer met persoonlike Bybelstudie uit Romeine. Hierdie Bybelstudie wys hoe ek nog verward binne en buite die identifikasie met God rondval – deur die innerlike drif vir ’n persoonlike verhouding met God. “Romeine 1: 1-7 Ek is die een wat die brief ontvang en nie die een wat die brief skryf nie. Indien ek hierdie eksegese beginsel vashou, sal ek nie verstrik raak deur myself met Paulus as skrywer en apostel te wil identifiseer en daaruit myself aangespreek te voel nie.”

Dit aan die een kant, maar met die inhoud van regverdigmaking bly ek in die “lewe” interpretasie. Dit is die tipiese kontekstuele interpretasie van die moderne Christelikheid. Ek maak my innerlike belewing die die konteks vir God se geregtigheid: “ Die evangelie is dat die geregtigheid wat God skenk ’n saak van geloof is en dat hy wat deur die geloof geregtigheid (díe geregtigheid) verkry het = sal lewe. “ Lewe” dui hier weer kwalitatief op die lewe in gemeenskap en toewyding aan die Here.” Wat ek met “lewe” bedoel het, is wat die Bybel met “in Christus” bedoel. Ek wou dat God se geregtigheid in my sou wees, terwyl God se geregtigheid “in Christus” is. (Dagboek 16.01.1980)

Ek het nie die onderskeid tussen wet en evangelie geken nie. Ek het ook nie die onderskeid tussen die ou en nuwe wet geken nie. Nog minder het ek die liefde as wetsonderhouding gesien. Nog minder het ek geweet die “beeld van God” is die bedoeling van die wet.

Wat my bly ontwyk het, was dat ek “in Christus” is, ingesluit in sy menswees in die hemel vandag. Daarom bly my “verhouding met God” die krag waardeur ek alles wat ek in Christus is en wat God my in Christus laat wees, probeer “beleef”. Alles wat Christus laat gebeur in die wisselwerkende gemeenskap “Syne is myne en myne is Syne, wou ek met “my verhouding met God” laat gebeur. Ek probeer die onderskeid wet en evangelie hanteer, maar kan nie deurbreek nie.

“Die bedoeling van die wet is dat mense sal leef in gemeenskap en omgang met die Here en uit liefde en dankbaarheid Hom sal dien, deur volgens sy verwagtinge te leef. Maar die herstelde gemeenskap en omgang, wat die voorveronderstelling ín elke diensbetoning is, is ’n gawe van God, uit genade. Dit is ook nie so dat na God die gawe gegee het, ek vanself die wet kan onderhou nie. Indien ons dit só verstaan, dan weet ons nie wat die gawe van versoening is en inhou vir “vanself” nie. Díe genade van God beteken juis dat ek leef in en uit

gemeenskap met Hom as Here: in elke daad beleef ek die gawe daarin dat ek in afhanklikheid van Sy verwagtinge en in vertroue in sy leiding en versterking. Die gawe verander dus die hele “self”gestruktureerdheid. Na hierdie gawe kan ek nie meer as “vanself” beskou word nie en is elke daad kwalitatief verskillende van mense wat “vanself” optree.” 25.01.1980

Hiermee probeer ek filosofies die geloofsonderskeid vind tussen “in Christus” en in myself, maar ek kan dit nie deurbreek in die teks nie. Die “gawe” het ek as my gemeenskap en verhouding met God gesien, maar dit is nie waar nie. Dit is die wisselwerkende gemeenskap met Christus wat alles skep wat ek deur “my gemeenskap” met God wil laat gebeur.

My breuk met die “bekering” van die Hoekie” het my losgemaak van die magsopset van die moderne Christelikheid. Ek kon my hiermee losmaak van al die predikante en geestelike voogde. Ek kon my ook losmaak van hulle voorgeleefde wêrelde.

Ek het egter nog nie die geloofsinhoud gehad wat my van die leegheid van afgodsdiens kon vrymaak nie. Dit was die uitdaging wat ek vir myself opgeneem het en probeer deurbreek het. Elke stukkie inhoud wat ek kon vind teenoor afgodsdiens het my laat voel dat ek ’n nuwe deurbraak gemaak het. Hieroor het Danie my van die begin af gemoedelik geterg.

Ek probeer uit die dankbaarheid van boetedoening loskom, soek na ’n ander inhoud vir die woord dankbaarheid  en stel die volgende: “die dankbaarheidsbegrip hang saam met die verlossings- of genadebegrip. Want dankbaarheid is altyd dankbaar vir die genade/gawe wat ontvang is. Wat egter opval is die intieme verweefdheid van dank-genade in die evangelie. ’n Verkeerde opvatting is dat God die mens vergifnis gee en dat die mens altyd maar sondig bly en altyd van vergifnis afhanklik is op so ’n manier: ek is en bly sondig maar hou aan genade ontvang, ek leef nou wel voort in die sonde maar ek moet altyd dankbaar voel en dit met gebare (nie werke) wys.

Die onderskeid tussen dankbaarheidsgebeure en werke is deurslaggewend. Die hele opvatting van sondig en sondaar bly is hier die hele probleem. Die mense is so vasgevang, en so was ek ook, dat ek nie besef dat ’n Christen kán God lief hê en op die regte wyse dien nie. Die mens is en bly in alles, sondaar wat God haat, maar nie Christene nie. Die Christen is ’n mens wat God kán liefhê en op die regte wyse dien en gehoorsaam. Die besef open wye deure. Ek kan God liefhê soos Hy van my verwag: in my hele lewe: my beroep; my verhoudinge; etiek; sosiaal; ekonomie; politiek en wetenskap. In dit alles kan ek God liefhê en dien soos Hy van my verwag. Dit is ’n wonderlike geleentheid wat my as Christen en kind van God geskenk is – dit is die genadegawe wat ek in Jesus Christus as my Here besit.”  (25.01.1980)

Hierdie ontdekking het die gedienstige onderwerping aan mag deurbreek. In die afgodsdiens van die moderne Christelikheid is daar geen liefde nie. Vir hulle is ondergeskiktheid en deelname aan God se mag identies met liefde.

Ek het egter nie besef dat ek hier met die “goeie werke” van die Reformasie te doen het nie. Omdat ek nie die wisselwerkende gemeenskap in en met Christus in sy mensheid in die hemel geken het nie, val ek weer terug in die identifikasie met God om hierdie liefde te vind in die “verhouding met God”: “Die vraag is nou: Is dit moontlik dat ek God in my daaglikse lewe kan dien en lief hê? Dit is moontlik weens die strukturele verandering wat Christus Jesus te weeg gebring het toe Hy my Here geword het. Die Here

begrip is hier sentraal. Jesus het Homself Here in my lewe gemaak deur my in ’n hegte en lewende gemeenskap met Hom te plaas. Om dit te kon doen moes Hy my uit my sondestaat ophef en my tot Hom bring. Iets wat Hy doen op grond van sy versoeningsverdienste aan die kruis.

Dit is die genade van sy Here wees: ek as mens leef nou weer in ’n verhouding met God as my Here en ek as sy gehoorsame kind. Dit is hierdie verhouding (genade) wat dit nou vir my moontlik maak om God lief te hê. Liefde sal dan beteken dat ek Hom as Here erken deur my vertroue in Hom te stel om my leiding, krag te gee om te doen wat Hy van my verwag. …indien ek God se vergifnis verstaan as ’n daad waarin Hy my vryspreek van skuld, en Hy niks teen my hou nie, sonder dat Hy Homself Here maak; my betrek in ’n verhouding met Hom waar Hy my Here is en ek sy dienaar is, dan trek dit my hele lewe skeef. Waar geloof dit is dat ek glo ek is vergewe i.p.v. om my Here te ken, te wéét wat Hy verwag en te vertrou om my te lei en te bekragtig in sy diens. Dan is dankbaarheid net ’n belewenis rondom vergifnis en nie gerig om die Here as Here lief te hê nie.

Sondigheid is hier ’n blywende, en dan is al verskil tussen ’n Christen en ’n heiden dat een vergewe is en die ander nie. Ek moet die volgende toets: 1. Dankbaarheid omdat my sonde vergewe is!? 2. Dankbaarheid omdat ek God kan liefhê 3. Dankbaar omdat ek in gemeenskap met God kan leef. Wanneer dankbaarheid tot 1. Verskraal het 2. En 3. Geen funksie meer nie. Elke omdat is ’n sodat van God se kant af.” (25.01.1980)

My breuk met die bekering van die moderne Christelikheid het beteken dat ek nie meer in die permanente gevoel van vernedering en ondergeskiktheid moes leef nie. Daarom deurbreek ek die tipe dankbaarheid wat niks anders is as ’n permanente skuldgevoel vir alles wat God doen. Dankbaarheid gaan oor die genade dat ek én my werke vir God goed is.

Die vryheid dat my liefde vir God ’n gawe is, het my losgemaak van die gedienstige onderworpenheid. Want die “verhouding” waarin ek alles probeer terug vind het, het ek nie meer geleef of beleef nie. Dit was nou nog net rasionalisering en filosofie.

Ek soek na hierdie inhoud in Romeine maar kan nie die inhoud daarvan peil nie en probeer dit elke keer met “krag” en “beheer” vind. Dit is die woorde waarmee ek die regverdigmaking soos in die Skrif geopenbaar, omvorm om identifikasie met God te wees: “Rom. 3: 21-31 Daarom is geregtigheid wat God skenk die vryspraak van my skuld, maar ook die genade om deur die vertroue op Jesus Christus as Here wat leiding en krag gee deur sy Gees reg en billik op te tree teenoor God, myself en my medemens. Daarom dui geregtigheid uit geloof nie net op die skuld waarvan God my vryspreek omdat ek onbillik optree nie, maar ook die genade op reg en billik op te tree teenoor God, myself en my naaste.” (Dagboek 12.02.1980)

“Romeine 5:1 2-21: Die sentrale gedagte in die deel is heerskappy voer wat ten nouste met lewe saamhang. Vir Paulus is die lewe ’n lewe van of beheers word of om self te beheer. Anders gestel: vir hom bestaan die lewe daarin om in beheer van sake te wees. Daarom is die

verdere vraag: wie is in beheer van die mens? God of sonde? Mens se lewe word verder ingerig volgens die Een wat beheer oor jou uitoefen. As God jou beheer word jou lewe volgens sy wil ingerig, nie, dan word jou lewe ingerig volgens die sonde in jou hart en die wil van Satan. Die perikoop wil juis sê: ons kan weer lewe: ons lewe kan volgens God se wil ingerig word, en Hy kan beheer oor ons uitoefen, deur die genade dat ons geregverdig is, deur die verdienste van Christus. Geregverdig leef ons nou weer volgens die Here se wil en oefen Hy weer die beheer uit oor ons lewe.” (Dagboek 29.02.1980)

Ek probeer hierdie geestelikheid van “die krag wat God my gee om reg op te tree” en ek wat “die beheer van my lewe aan die Here gee”, die inhoud van regverdigmaking maak, maar dit verwar my. Die daaglikse werklikheid van my eie sonde en depressie maak dat ek nie hierdie geestelikheid meer kan volhou nie.

### 27. Die breuk met die koninkryksvisie van die moderne Christelikheid en die magsstrewe om God in my sondige aard en sondige drif in te keer.

Op 16 Mei 1980 deurskou en breek ek met hierdie koninkrykvisie wat ek vir drie jaar as geloofsinhoud vir myself probeer toeëien het en die kern van my lewe probeer maak het na ek met die bekeringsvroomheid gebreek het.

“Sy Hereskap het nie beteken dat ek vir Hom ’n goeie daad doen en dan iets terug verwag nie. Nee! Sy koninkryk was vir my die laaste hoop. Ek het gesien dat die ellende juis lê in die feit dat die mens nie God se dienaar wil wees nie. Die gawes wat God as Skepper gee is alles tot diens van my wil, waarin ek God nie as God erken nie. In hierdie ongeloof wou ek God se koninkryk soek, veral omdat ek, soos ek gedink het, verseker was van my kindskap van God. Vanuit hierdie sondebesef ( die mens wil nie God as Here dien en só ware skepsel, weer beeld van God wees nie) wou ek my tot God wend. Die begeerte en ideaal was: “toewyding aan die Here as totale mens in die geheel van wat ek is en doen.” Só, in hierdie tipe toewyding, was ek verseker van God se seën in my lewe.

Egter, juis hierdie ideaal is ’n miskenning van die totale verdienste van Jesus Christus, die Here. Want ek kan my nie totaal aan Hom toewy, met die verwagting dat dit die rede is hoekom ek God se seën in my lewe moet ervaar nie. My eie toewyding is van só ’n halfhartige aard, nog so sondig, dat ek uit dié toewyding niks anders kan verwag as voortgesette ellende nie: die omvorming van wanverhoudings tot ander wanverhoudings nie.

Hierin ervaar ek juis die volle genade van my Here Jesus Christus se regeringskap in my lewe. Hy het my sondeskuld gedra én was vir my gehoorsaam gewees in my plek. Die toewyding wat Hy God gebring het as mens, dit was mý toewyding aan die Here. (Sy) toewyding in my gesagsverhouding, my familieverhouding, my liefdesverhouding, my arbeidsverhouding, my vriendskappe en my Godstoewyding.

Hierdie gehoorsaamheid en toewyding van Jesus Christus, my Here, en die seën en vreugde van God, die vrug van sý toewyding, sý liefde, sý vrede, sý blydskap word my nou toegereken. As in mý toewyding ek God se versorging en bewaring ervaar in die regte

gesagbelewing, en gesagshantering, innige en ondersteunde vriendskap, gesonde familielewe toegewyde arbeid en innige en romantiese liefde, dan is dit die Here se toegerekende seën op Sý gehoorsaamheid wat ek as sy kind ontvang uit die liefdevolle hand van my Here.

Dus, my toewyding kan geen seën en vrug tot gevolg hê nie. Alleen verdere ellende, maar op grond van Jesus Christus se gehoorsaamheid kan ek nou in my dankbare toewyding die volle seën en vrug van ’n Godvrugtige lewe ervaar.”

Hiermee het ek my ook finaal van die koninkryksideaal in die NG Kerk soos prof. Heyns en al die teoloë van die Christelike wysbegeerte dit opgebou en nagestreef het, gedistansieer.

Want hierdie ideaal is niks anders nie as die filosofiese weergawe van die “vervulling met die Heilige Gees”, dit is, die tweede stap in identifikasie met God nie. Tussen die strewe om met God se goddelikheid vervul te wees of die strewe om in alles die koninkryk van God in jou lewe te laat realiseer, is daar geen geloofsverskil nie.

Die wete van my eie innerlike begeertes en my eie onvermoë om hierdie ideale verhoudings te skep en uit te leef, het gehelp dat ek die werklike inhoud van geregtigheid kon vind. Geregtigheid in Christus is nie net dat Hy ons straf dra nie, maar ook in ons plek gehoorsaam is. Sy gehoorsaamheid word my toegereken, nie net sy straf nie.

Daarmee het ek die geloofsinhoud as alternatief op al twee die geestelike stappe van identifikasie met God gevind:

1. Om met God se persoon in jou lewe te identifiseer en dit dan voor te hou asof dit die bekering tot redding is

en

2. Die identifisering met God se krag in jou eie lewe en dit dan te noem die vervulling met God se Gees so asof dit die geloof in die genadeheerskappy van God is en dan al jou innerlike strewes na te jaag asof dit God se koninkryk in jou is.

Hiermee het ek die inhoud gevind van die gemeenskap tussen my en die Here se menswees in die hemel, Syne is myne en myne is Syne, wat iets anders is as sy versoening as God met my.

Met hierdie geloofsinhoud, en vry van die twee stappe van identifikasie met God, kon ek die volgende geloofsdeurbraak maak: ek kom vry van die drif en ideaal om God en sy Woord in my lewe te kontekstualiseer, die drif en ideaal om met God te identifiseer as God ín my en ín my lewe: “Die koninkryk van God. Dit is God se regeringsdomein. Ek as mens kry deur sy genade deel aan die regering van God in my lewe, deurdat ek in Sy regeringsplan, sy regeringsfeer betrek word. Dit beteken dat in alles wat ek

as dienaar is nou moet vra hoe skakel my ideale, my gevoel, my wil en my optrede in by God se regering in hierdie wêreld. Dit is ’n struktuur waarbinne ek my moet vind.

B Tot dusver het ek verward geleef, ek het soms probeer vra: hoe regeer God in mý lewe. So het ek my ideale, gevoel, wil, behoeftes en probleme die terrein gemaak waar God regeer. Sy krag, Sy regering, Sy hulp, Sy bewaring, Sy beskerming moes inpas in my lewe. So het ek my lewe, die tronk van God se Gees probeer maak.

C In aksie het dit beteken: ek beplan en beskik my lewe soos God se wil eis. Sy eise is deel van die wyse waarop ek oor myself beskik en beplan. Binne die aksie is ek die aktiewe skepper waar God sy hulp, krag, bewaring, beskerming gee as ek dit in my lewe nodig het. Wanneer ek wat doen word bepaal deur my behoeftes, my belange en my ideale.

D Nou moet ek vra, “Hoe regeer God in sy koninkryk?”, en “Hoe pas ek in sy koninkryk in?” In aksie gaan dit nou hoe skik ek my belange na God se werkinge.

E Die struktuurverskil kan dus saamgevat word: a.) God regeer in sy koninkryk. teenoor b.) God regeer in my lewe. Die laaste wil “my lewe” stel in die plek van “sy koninkryk”.

F In b.) word ware afhanklikheid, aanbidding en vertroue verwring 1. Afhanklik: om daar afhanklik te wees waar ek God nodig het vir my behoeftes, belange, ideale. 2. Aanbidding: daar waar Hy nodig is. 3. Vertroue: alleen sover Hy in staat is om my belange te dien. In a.) 1. afhanklik: totaal om deel te mag hê, in te skakel in sy koninkryk sodat my belange, behoeftes mag deel hê aan diens in sy koninkryk 2. Aanbidding is totaal. 3. Vertroue is totale vertroue.

G In aksie ervaar ek steeds van my kindwording hierdie spanning en verwarring in my geloofslewe: ek wil en weet God eis totale afhanklikheid en toewyding. Ek probeer dít doen deur God se wil in my lewe te dien. Terwyl ek in die vrug van toewyding leef ervaar ek tog dat ek nie tot totale vertroue, totale afhanklikheid kan kom nie. Dit maak dat ek in my gebedslewe en Woordlewe, die Here net naby vind, soek, en intiem met Hom omgaan, as ek Hom nodig het volgens my belange. Die struktuur b.) maak ’n oppervlakkige verhouding, dit is ’n vlindergodsdiens noodwendig. Dit ervaar ek ook tot nou toe. Hierdie ongeloof is na aanleiding van my sekularisasie-lewe.

Bevry. Bevry. Bevry.” (Dagboek 29.05.1980)

Met hierdie soeke sukkel ek nog, want ek wil nog God se voorsienigheid as sy koninkryk glo. Ek het ook nie begrip vir sy genadeheerskappy nét deur die evangelie sonder die wet nie. Maar die deurbraak is beslis: ek onderskei tussen God se koninkryk as sý eie ryk en my lewe wat nie meer die plek is waar God sy ryk moet vestig nie.

Hiermee het ek die kern van identifikasie met God aangespreek. Na hierdie onderskeid kan ek nie weer my lewe aan God se koninkryk gelykstel nie. Hierdie was ’n beslisde breuk om my self met en in God te identifiseer.

Hiermee is ek eintlik van alle ervaringgodsdiens los. Dit voel ek aan. Ek weet ek leef in ’n nuwe vryheid. Ek maak ook daarmee die volgende erkenning: my “sekularisasie-lewe” is ’n woord wat ek gebruik vir afgodsdiens en goddeloosheid. Woorde wat ek nog nie kon peil nie. Maar dit is die deurbraak: toe ek nie meer my lewe as God se lewe ervaar nie, ontdek ek myself in my eie goddeloosheid.

Terselfdertyd gebeur iets anders: in my identifikasie met God was God altyd vanselfsprekend alles wat ek God in my intimiteit met God laat wees, het. In hierdie breuk met identifikasie met God, dit is, sy Ryk is iets anders as my lewe, ek pas in sy wil en raad in, nie Hy in my wil en lewensplan nie, ontdek ek God as wese téénoor my.

Hierdie onttrekking uit identifikasie met God maak dat die woord “diens” weer vir my betekenis kry: “Ervaar die wonder om in die drie-enige God se teenwoordigheid te leef. Ervaar dat ek my vertroue rig op die God wat ek ken as Vader en Seun aan sy regterhand, en Gees by my. Het in die verlede verward my voor ’n vae Godheid gestel wat ek as Vader, Seun en Gees aangespreek het” (Dagboek 30.05.1980) “Ervaar na gister se eerste aktiewe “stel voor God” dat ek bewus is dat ek namens die Here leef en optree en dat die “voor-die-Here-stel” ontmoetings ’n dienaar se verskyning voor sy Here is om o.a. verantwoording te doen oor my posisie en opdrag in die wêreld.” (Dagboek 10.06.1980)

Met hierdie herkenning kan ek ook in gebede God aanroep, en nie net weer in selfverinnerliking my eie lewe as God se lewe ervaar nie: “Dankie, vir díe genade; dankie dat ek as nietige sondaar voor U mag staan en die wonder van lewende gesprek met U mag deel; Here dankie dat u my bewaar het van die illusie van ander godsdienste, van mense wat dink dat hulle met U gemeenskap het, mense wat belééf hulle is godsdienstig, maar geen ontmoeting met die Heilige, Almagtige Skepper Heer het of ken nie. Here bewaar my van ongeloof, ’n vertroue op valse voortellings en idees wat hierdie wonder, hierdie ontmoeting met U tot bedrog, tot selfverinnerliking tot selfgelding of skynontmoeting sal maak. Vader, Seun en Gees, hou my vas, bewaar my van só ’n bedrog. Heilig my tot hierdie ware ontmoeting met die ware God.” ( Dagboek 18.06.1980)

Met hierdie erkenning verval die identiteit tussen God se koninkryk en mag in my en kan ek die heerskappy van God erken as iets anders as my eie selfbemagtiging of ander mense se selfbemagtiging deur my: “Besef dat ek allereers in die koninkryk van God leef en dán in die wêreld as deel van die koninkryk van my Here. Daarom is die hoofopdrag nié wêreldbetrokkenheid nie. Dit is koninkryk, betrokkenheid in die koninkryk van God en dán betrokke by die wêreld tot sover as wat dit die eer en heerskappy van my Here dien. Hierdie struktuur kan nie weer net dialekties weggepraat word in die opmerkings: “maar die wêreld is juis die koninkryk van God nie.”

Dit is maar weer net ’n subtiele poging tot gelykstelling van koninkryk van God en wêreld. Die betrokkenheid by die wêreld word bepaal deur die feit dat my Here, Skepper, Herskepper en Onderhouer is. Daarom, al die oproepe om betrokke te wees, moet afgeweeg word, hoé en

kán ek enigsins die koninkryk van God daardeur dien, nie net deelname en betrokkenheid net ter wille van die feit dat ander wil hê ek moet deelneem nie.

Distansiëring is in ons tyd ’n voorwaarde vir diens aan die Here. Nie distansiëring van diensterreine as sodanig nie, maar van die mense, groepe en sóórt deelname waarmee ek my as burger van God se ryk nie kan vereenselwig nie.” (Dagboek 16.06.1980)

Met hierdie herkenning kon ek weer my roeping as predikant vind, wat ek in die hele breuk met die bekering van die moderne Christelikheid in my self verloor het. Dit vind ek weer vir myself terwyl ek met Bybelstudie uit 1 Kor. 9 besig is: “ Stel jouself tot diens aan Jesus Christus, deur Sy evangelie. Die evangelie wat oor Jesus Christus handel, aan die wêreld te verkondig.” Dit hou in dat ek myself baie regte en voorregte ontsê, net om beter diensbaar te wees vir die verkondiging van Jesus Christus, dat Hy Here en Verlosser is:

a. Ontsê myself die reg om politieke leier te word, om musiek en kunstalent ’n beroep te maak, om wetenskaplike te word, om te werk aan my finansiële posisie in die samelewing.
b. Waak dat ek nie in die hunkering van sulke ideale leef en my opdrag, verkondiging, lam lê nie, byvoorbeeld: VSR posisie, drama, kuns, skryf, afrig nie, dosent te word en probeer om politieke antwoorde en beleide vir SA se posisie uit te werk nie
c. Moet nie so deel hê en deelneem aan lewenstotaliteit dat my betrokkenheid die kragte van evangelieverkondiging opeis nie.” (Dagboek 17.06.1980)

Hierdie herkenning van identifikasie as sonde maak dat ek ook met hierdie magshouding wat ek nog altyd in identifikasie met God gevind het met my vriende wil breek: “ Ervaar my vriende i.t.v. my behoeftes nie meer funksioneel is nie. Bid God dat juis hierin ons vriendskap diepte sal vind: dat ons mekaar as uit God se hand; medegelowiges; medebroers sal liefhê en uit die liefde mekaar sal ag en respekteer. Nie soos in die verlede myself onttrek as mense nie meer vir my enige waarde het t.o.v. my behoeftes nie” (Dagboek 4.06.1980)

Dit maak ook die deur oop dat ek buite die innigheid van mag kan protesteer: “ moet leer om onreg as lewenservaring te sien, te aanvaar, te verwerk, maar nooit goed te keur, te bevorder, of instemmend te aanvaar nie. Dit is altyd uit protes. … ervaar dat ek onreg, mislukking, ellende en smart deurleef met ’n gesindheid wat God as regerende Here erken wat my oefen, beproef in sy koninkrykshandelinge in my lewe. …” (Dagboek 18 .06.1980)

In hierdie selfde tyd kom die studente in opstand teen die konsert wat ek geskryf en afgerig het saam met Danie vir die UKJA toer: “Toergroep: hulle probleem om die “geesdrywery” op die verhoog uit te beeld.” (Dagboek 16.06.1980)

Danie het aktief by UKJA ingeskakel en was ook diaken op die kerkraad van Universiteitsoord. Tydens ŉ fondsinsamelingsvergadering onder leiding van ds. Gerhard Koen was daar verslag gelewer van ŉ inkomste vir die jaar 1977 van R18.00 vir pannekoekverkope deur die studente. Danie het op die verspotheid

daarvan gewys en voorgestel dat hulle ŉ revuegroep op die voorbeeld van die Alibamatoergeselsskap van Potchefstroom begin. Daarmee het Danie drie revue toere geïnisieer. Hy het my gevra om die tweede se revue te skryf “Tukkies van toe tot nou” as deel van die vyftigjare viering van die universiteit. Ek moes as regisseur saam gaan. Hierdie toer was vir beide my en Danie ŉ waterskeiding met die moderne Christelikheid onder die UKJA studente.

Ek en Danie het saamgevoel oor die aard en karakter van die revue. Dit moes ŉ studenterevue wees wat fondse inbring, nie ŉ geestelike drama met die oog op die bekering van mense nie. Ek het my verset teen die moderne Christelikheid op daardie stadium, deel van die inhoud van die revue gemaak. Ek het in 1982 in my dagboek hierdie aggressie teen die kultus in die inhoud van die revue en die UKJA studente se reaksie daarteen te boek gestel:

“ Daarom het my opstand en aggressie geleef in die aktiewe dooddruk en uitskakel van die moontlikhede van Anton Gilfillan-hulle om die toer in ’n bedevaartskultus te omskep en verder om enige ruimte te gee vir groepskultiese ervarings tydens die toer. Ek het nog nooit die drif of krag van hierdie aggressie in my, my aggressie teen die Jesus-kultusse erken nie en daarom ook nooit herken nie.

Dit was omdat ek nooit die ruimte of moontlikhede in myself of in godsdiens aangevoel het om in opstand teen die Jesus-beelde of godsdienskultusse en die kultusritusse te kom nie. Vir my was Jesus, diens aan God en toewyding, nog altyd sinoniem met die Jesuskultusse se inhoude en die inhoude wat hulle daaraan gegee het. Daarom was opstand teen hierdie Jesus, hierdie kultusritusse en toewydings nie moontlik nie. Nie in myself nie. Want vir myself was dit een en dieselfde ervaring. Daarom het ek nie die opstand en aggressie as opstand en verwerping van Jesus en aanbidding erken nie.

Dit is wat die vir my beteken het om Anton se poging om die toer in ’n bedevaartskultus te verander of om mekaar op te bou in ’n groepskultus, met krag en mag onderdruk het. …. Met die volgende toer het almal wat van die konsert ’n bedevaartstog of groepskultus wou maak, weggebly.

Die konflik het egter nie uitgebly nie. Ek was die aggressor. Ek het nie net meer die kultus poging met mag onderdruk nie. In my revue het ek my spot en satire op die kultusse uitgehaal. Johan Haasbroek het dit dadelik opgemerk. …

“ A Net een pappa maak ons gek, hy’s die outjie van die kerk, hy is holy en ons like hom niks, hy laat ons bewe, moedsbegewe. Die kerk ou. B …hulle word só op sleeptou geneem, hulle is anti-kerk en anti- alles C …Ek is biskop Desmond toeter, ons kyk ’n bietjie na só ’n black power churchie – Liewe kamerade van die grootbaas KGB, ons luister nou met verskuldigde eerbied na die woord, ons teksversie vandag is hoofstuk 5 vers 13 van die manifes van Marx. Daarna doen ons belydenis van ons heilige algemene rewolusie. Sal oom asseblief vir ons die slotsang insit. Oom kry dit op bl. 5 van ons nuwe gewilde oorlogliedjies Uhuru Afrika! Die kollekte by die deure is om vir die diakens nuwe masjiengewere te koop.

… Ek, en ek, is ’n nuwe vreemde predikant onder die studente. Ons dring die kerk binne en daar doen ons ons vernietigingswerk. … kom ons kyk hoe lyk so bekeringsdiens: “mikrofone, mense, pensklaviere en plakkate staan in die kaal perseel by die groot tent waar Pep stores gesloop is” (Isak de Villiers). … We have come from America to bring you some good news, its perhaps not good, but boy, it is new, peace brother, peace sister, peace brother, peace sister, … “’n ou verkreukelde plakkaat lê tussen baksteen en sement alles word hier teen laer pryse uitverkoop ( Izak de Villiers) let’s show this students what spirit is, yes lets show them the jolly spirit … ons het die gees, ja man ja, ons het dit in ons kerke, ja, man, ja, ons het dit in ons voete, koppe hande, ja, man ja.” (29.01.1982 Silverton dagboek)

Danie het die wilskrag en dryfkrag om van iets wat nie regtig kan werk nie ’n sukses te maak. Hierdie dryfkrag het gemaak dat die studente wat hierdie toer ’n lui lekker sosiale gekuier wou maak, met al die opwinding van moontlike verhoudings, teen Danie se doelgerigtheid in opstand gekom het.

Hulle het hulle verset as geestelikheid laat geld. Hulle het teen Danie se bestuur ’n bidgroepie gevorm waarin hulle mekaar se intimiteite geniet het en hulle self teenoor die res van die toergroep weer as die ware bekeerdes en wedergeborenes opgestel het. Teenoor Danie het hulle persoonlik vyandig en venynig geword. Danie het hul bidgroepie gestop en gestel dat as daar gebid moet word, bid almal saam, maar dat dit in elk geval nou te laat is om te begin bid. Hy bid al vir meer as ’n jaar vir hierdie toer.

Hulle was ontsteld oor die inhoud van die revue wat eintlik hul geestelikheid bespotlik gemaak het. Dit het ironie geskep dat ek en Danie as teologiese studente as ongeestelik en onbekeerd gesien is terwyl nie-teologiese studente onder leiding van Anton Gilfillan die toer se geestelike karakter weer wou herstel. Hulle het ook met ’n bekeringsaksie teen die ander lede van die toergroep begin.

Hulle het onder andere probeer om Marietjie Erasmus wat op daardie stadium met Stefan Joubert, latere teologiese professor uitgegaan het, probeer bekeer omdat sy nie ’n dag en datum van haar bekering gehad het nie. Dit het haar in trane by Danie, wat toe ook as toervader opgetree het, laat eindig. Daar en dan het hy teenoor hierdie aksie se geestelikheid die regte inhoude op die tafel geplaas en die bekeringsveldtog gestop. Dit het Danie en hulle vriende vir baie jare gemaak. Soveel so dat hulle na hulle troue by hom in die pastorie in Wonderboompoort ingewoon het. Terwyl Stefan diensplig gedoen het in Dunnottar het hulle saam in Benoni-Oos te Putfontein gewerk waar Danie toe predikant was.

Die diepste vryheid wat ek in hierdie geloofskennis op hierdie stadium gevind het was dat my lewe nie identies is met God se lewe nie. Dit het my die vryheid gegee om nie bevange in hierdie geestelike mag te leef nie. In my my gemoed en persoon het ek hierdie geestelike mag as die innigheid van liefde geglo en beleef. Met hierdie onderskeid kon ek nou alle menslike gevoel, houdinge en gesindhede wat ek voorheen as gegoede innigheid geleef het, erken vir wat dit is.

Hiermee kon ek die diepste geestelike mag in my lewe aan die orde stel: om geweld as liefde te moet glo. Want dit is die kern van alle identifikasie met God. Dit het my binne die spanning geplaas dat ek die disfunksionaliteit van hierdie geweld goed probeer glo het in ontkenning en ontvlugting, aan die eenkant, maar aan die anderkant hierdie disfunksionaliteit as my persoonlike skuld moes aanvaar en internaliseer. Dit is die inhoud van geweld as liefde wat Paulus 2 Korintiërs 11 verse 18-21 stel.

Hierdie skuldervaring was altyd deel van my sug om mag en beheer van my posisie en myself te verkry. In myself kon ek nou al die ontkennings, vermydings, rasionaliseringe en fantasering, dag vir dag begin deurbreek, omdat ek self nie meer my eie geestelike innigheid as my persoonlike mag geglo het nie.

Tot en met hierdie onderskeiding kon ek nie my eie depressie as depressie erken nie, nie my innerlike woede as woede erken nie, kon ek nie my aggressie as aggressie verstaan nie, nie my wil tot mag as magswil herken nie of nog die ergste, my eie disassosiasie as disassosiasie herken nie. Binne die innigheid van ’n persoonlike verhouding met God waarin God in my lewe bevange is, en my lewe as goddelik bemagtig is, het ek al hierdie menslike perversie en disfunksionaliteit as “geestelik mooi innig en geestelik goed geleef”.

Ek het al hierdie duisterhede as geestelike innighede geglo en uitgeleef. Want in hierdie innighede is ek bemagtig gewees in die magstryd waarin ek myself gevoel het: haat wat liefde is, minagting wat innigheid is, ondergeskiktheid wat diensbaarheid is, afwesigheid wat nederigheid is, onttrekking wat gevoelvolheid is, selfontkenning wat aanvaarding is.

Met hierdie onderskeid maak ek vir myself die eerste keer die onderskeid tussen die wil van God en middelmatige sake uit my Bybelstudie uit 1 Korintiërs sonder dat ek weet dat dit is hoe die Reformasie die saak beskryf het. Ons het dit nooit in die teologie op fakulteit behandel nie: “1 Kor. 8: 1-13; 10: 23-35. Geloofskennis maak my as Christen vry. Omdat ek weet wat God se wil is, hoef ek my nie aan reëls, optredes te bind wat mense vir hulleself instel nie. Reëls wat hierdie dinge verbied: mag nie dans nie, mag nie Sondagkoerant lees nie, mag nie kaarte speel nie, mag nie op Sondag swem, oefen of ontspan nie. Dan is daar weer vandag die ander uiterste van mense wat hulle self dinge toelaat en verwag ander mense moet dit ook doen. Jesus Christus het my vrygemaak om volgens sulke reëls my lewe te laat beskik. In Hom weet ek wat God van my verwag, wat die Here se wil is. In sulke menslike gedragskodes wat nie op God se wil gebaseer is nie, is ek vry om nie daardeur gebind te wees nie. Ek moet net nie liefdeloos wees in my kennis van wat God se wil is nie.” (Dagboek 14.07.1980)

Hiermee het ek myself van alle menslike magskodes wat as waardes voorgehou word en as God se wil geglo word, innerlik losgemaak, al het ek op geen manier die impak en uitwerking wat dit vanaf 1982 in Silverton in my lewe sou hê, kon aanvoel

nie. Dit was net nog een geloofsdeurbraak uit die net en sisteem van afgodsdiens en goddeloosheid waarbuite ek myself wou vind.

Op die 5 de Augustus kry ek dit reg om die basiese probleem dat ek mag as innigheid in myself en met ander wou uitleef, te kan deurbreek.

Wat ek voorheen beleef het as liefdevolheid, erken ek in myself as mag en stel ek myself voor die werklikheid van my eie wantroue in mense se liefde. Ek het ’n diep wantroue in mense en my eie liefde, en leef in ’n disassosiasie met myself in mense. Hierdie afwesigheid van myself waarin ek geleef het, het ek as liefdevolheid voorgeleef.

“In dit alles leef ek met ’n basiese wantroue in die goedgesindheid van mense teenoor my. Ek vertrou ek hulle nie. Dit maak dat ek vanuit hierdie wantroue leef: geen persoonlike verkeer, vals, kom hulle te na in selfsug, dwing hulle goeie gesindheid af met tegnieke. Hierdie ervarings in wantroue en die gevolge daarvan het ek in al my verhoudings ingedra. In my jare van vriendskapsoek en lewensmaatsoeke, het die gevolge van hierdie wantroue en alles wat daarmee saam gaan alle verhoudinge beïnvloed. Dit was díe bepalende faktor. Veral in my vertraagde adolessensie soeke na identiteit wat kan vorm of vervaag, en in my jong volwassenheid, die keuse tussen intimiteit en isolasie, om die lewe met ander te deel of selfingekeerd te leef.”

Omdat ek nie meer my eie lewe as God se lewe gesien en beleef het nie, kon ek vir die eerste keer die dualisme van afgodsdiens raaksien en verwoord. Omdat gemeenskap met God nie identifikasie met God is nie, verval die dualisme waarmee hierdie ervaring van identiteit met God as gemeenskap met God voorgeleef word.

Hiermee verwoord ek my hele frustrasie ook wat ek nog altyd in die geestelike studente se onbehaaglikheid in hulle teologiese opleiding gehad het, asook die emosionele druk en afpersing wat hulle in die klasse op die dosente toegepas het in ons opleiding.

Hierdie studente wou in hul geestelikheid bemagtig geword het . Daarom het enige gegronde akademiese opleiding vir hulle die gevoel van ontmagtiging gegee. Dit was die bron van vele teologiese debatte en strydgesprekke tussen my en Danie aan die een kant en die geestelike studente aan die ander kant gewees.

**Die dualisme “prakties – teoreties” bring die gemeenskap met God in gedrang.**
Hierdie woorde is nie geskik vir my geloofsverhouding met die Here Jesus Christus nie. Die onderskeid prakties-teoreties val beide saam met die menslike akte. Teorie en praktyk is deel van my eie waarde- en hanteringsgerigtheid op die wêreld om my. Dus, ek tree op volgens ’n bepaalde teoretiese benadering en ek konkretiseer my teoretiese benadering in optredes, handelinge en dade.

As hierdie woorde gebruik word vir my geloofsverhouding met die Here, misken ek enige optrede van God en die hele ontmoeting met God sowel as die lewe vanuit God se gemeenskap met my. Want as teoreties word beskou: die kategese, Bybelstudie; prediking en huisgodsdiens en as prakties word beskou: om getuienis te lewer, om eties beter te leef, om gemeenskap met God in gebed te hê, dus gemeenskap met God te beoefen.

Volgens hierdie opvatting het ons mense dan die regte teorie, maar die probleem sou dan wees dat ons dit net nie prakties uitleef nie.

Hierdie saak word deur verskillende groepe soos volg beskryf:
1. Mense is gelowig, maar het nog nie die Heilige Gees nie. Die Heilige Gees maak dus die teorie, praktiese godsdiens.
2. Die mense sou heidens wees, daarom leef hulle nie die teorie uit nie
3. Die mense is verstands-Christene, hulle sou dan nie ’n godsdiens van die hart hê nie.

Binne hierdie teenstelling word die oorsake van hierdie “probleem” dan as volg gesien:
1. Geleerd- eenvoudig: die predikante is te geleerd, hulle preek nie eenvoudig nie; hulle is dus nie prakties nie.
2. Onbekeerd – bekeerd: mense dink hulle is Christene, maar hulle is al die tyd nie Christene nie.
3. Geesvervuld – nie-geesvervuld: mense sou dan nog nie die gawe van die Gees hê nie, mense sou dan nog nie deur die Gees gelei word nie.
4. Verstaanbaar – onverstaanbaar: Geloof sou dan iets wees wat nie meer deel van mense se geloofwêreld sou wees nie, omdat hulle anders sou leef en dink, kan hulle dan nie meer die geloof verstaan nie.

Die veronderstelde “oplossing” vir hierdie gemaakte probleem.
1. Eenvoudige preek! Daar moet oor “praktiese” dinge en nie oor “leerstellige” dinge gepreek word nie. Alles word op hierdie wyse vereenvoudig tot ’n bepaalde metodisme van menslike probleme. Dit is sake wat vir hulle in hulle daaglikse lewe van belang is “al is dit nie die koninkryk van God nie”
2. Bekeer! Mense moet ’n geloofsverandering in ’n bepaalde bekering ondergaan.
3. Geesvervuld word! Mense moet dan met die Gees gedoop word, in tale praat, of geestesverrukkings beleef.
4. Verstaanbaar! Hiervolgens sou die oplossing wees dat die boodskap in vandag se terme tot vandag se mens moet spreek. Dit gaan nie vir hulle meer om ’n lewe in die koninkryk nie, maar om sy regering in “my koninkryk”, dit is, in mý lewe.

Die werklike probleem.
Die teorie-praktyk onderskeiding as sodanig is nie óf die probleem omskrywing óf die oplossing nie. Hierdie dualisme is die probleem en mense wat hierdie oplossings aanbied is deel van die probleem.

Die ware probleem is dat die geloofsfeite, die openbaringsinhoude, nie meer mense tot ’n ware ontmoeting met die ware en lewende God bring nie. Hulle geloofsvertroue, hulle geloofskennis is nie kennis wat hulle bring tot ’n lewende gemeenskap, dit is ontmoeting, met God nie.

Hierdie tipe geloofskennis wat hulle oor God het, is nie “teorie” nie. Dit is verkeerde kennis. Juis hierdie verkeerde kennis maak ’n teorie-prakties- onderskeiding moontlik, al is hierdie onderskeid binne die geloof nie geldig nie.

Geloofskennis is alleen waar, as die Heilige Gees my deur hierdie ware kennis tot gemeenskap en ’n lewende gesprek met die Skepper-God bring. Buite hierdie gemeenskap en ontmoeting met die Lewende God, is die kennis waardeloos. Dit is juis met hierdie waardelose kennis wat mense poog om ’n praktiese godsdiens te skep.

’n Ware gemeenskap en ontmoeting met die Lewende God bríng my tot diens en toewyding. Bring my tot optrede, handeling en aksie. Die probleem dat mense nie diens lewer, toewyding bring nie, lê, let wel, nie in ’n teoretiese godsdiens nie, maar in die feit dat die mens nie meer God as Skepper en Here ontmoet en met Hom gemeenskap het nie; Dit is die probleem: die “teoretiese godsdiens” is nie die probleem nie. Dit is net die simptome.

Wat is teoretiese godsdiens volgens hierdie standpunt?

Dit is ’n geloofslewe waar ek die (heils)feite van Jesus Christus, die werking van God in die geskiedenis, Israel en Jesus Christus op so ’n wyse ken dat dit vir my féite is. Dit is nie meer waarhede waardeur en waarin die Heilige Gees my tot ’n gespreksontmoeting met God die Skepper-Here bring nie.

Die probleem lê dus nie in die feit dat ek die ware kennis sou hê, maar dit nog nie prakties sou uitleef nie. Só gesien is die kennis van God en die Skrif informasie wat ek moet ken, verwerk, en toepas, dus volledig humanisties, en nie meer die waarhede waarin en waardeur die Gees my in ’n lewende gespreksgemeenskap met die Skepper bring en hou nie. As ek die Skrifwaarhede só sien, dan het ek hulle wesenlike doel ondermyn, en is my “teoretiese” kennis die gevolge van my verwronge geloof en met hierdie (verwronge) kennis is geen gemeenskap met God moontlik nie, al maak ek hulle prakties.

… Wie dus ’n teoretiese kennis sou hê, het God nog nooit ontmoet en het geen gemeenskap met God nie. So ’n persoon moet nie probeer om sy kennis “geloof” prakties te maak met bekerings, vervullings aktivisme wilsbesluite nie, maar moet tot ’n ware kennis kom. Deur hierdie (heils)waarhede van die Skrif as waarhede van God in die hande van God te laat wees en te vertrou dat die Gees hom sal bring tot ’n troonverskyning voor die lewende God.” (Dagboek 9.08.1980.)

Hierdie dualisme van prakties- teoreties is die meganisme waarmee die moderne Christelikheid afgodsdiens die ware godsdiens maak binne die die Christelike kerke. Ek herken en verwerp hierdie dualisme as ’n manier om God te ken en te dien.

Ek het die dualisme deurbreek.

Hiermee het ek die heilswaarheid van die evangelie onderskei van menslike feite kennis. Daarmee saam het ek die dualisme binne afgodsdiens blootgelê: die kennis en ervaring van hulle bekerings is eintlik afgodsdiens. Hiermee kon ek nou my eie afgodsdiens en goddeloosheid peil en my eie ateïsme waaruit en waarmee ek met God wou identifiseer, begin herken.

Bietjie meer as twee weke later word ek weer uit die geestelike kring van die UKJA toer gekonfronteer met dr. Andries Gouws wat ’n vrou sou bevry het van bose magte wat ander dokters en psigiaters haar nie meer sou kon help nie. In hierdie gesprekke stel ek ’n alternatiewe geloof: “Gaan in geesteskragte nie om Jesus as magiese krag te manipuleer nie, maar om Hom as Here van Hemel en aarde in aanbidding aan te roep en só bevry te word.” Ek kan nie hulle sondemag-geloof aanvaar nie en stel teenoor dit: “In sondemag gaan dit om Jesus Christus as Here te dien en die seën van sy Here-wees in jou daaglikse lewe te ervaar teenoor ’n sondelewe waar jy die toorn van God en die ellende van jou eie sonde beleef in jou ondergang as beeld van God.” 27.08.1980

Hierdie gesprek dwing my om myself weer teenoor identifikasie met God in die geloof in Christus te vind. Ek sluit weer aan by die onderskeiding waarmee ek uit my eie identifikasie met God kon kom en gebruik die dualisme van die moderne Christelikheid waarmee ek ook uit hierdie identifikasie met God my bewustelike kon uitkom.

Vir die eerste keer kan ek nou die teenstelling dat God nie Here op die troon van my hart is, maar Hy is God op sy ewige troon oor die heelal maak. Op hierdie nuwe wyse kon ek die onderskeid tussen identifikasie met God en geloof in God deurbreek – tot binne in die geestelike taal waarmee ek met God geïdentifiseer het.

“Besef al meer en meer dat my Here regeer oor die totale Skepping en oor die hele gestruktureerdheid van menswees. Hy ís die Here. My lewe vorm ’n klein deeltjie van sy koninkryk.

Besef dat Hy my vrygemaak het van ’n bestaanswyse waar alles: gode, mense, kragte en gebeure bestaan in terme van my “lewe”. In hierdie hedendaagse samelewing is “my lewe” die terrein van God se regering, pas Hy in my koninkryk, dit is, my lewe in. In die hedendaagse lewe is Sy heerskappy nóú belangrik maar net in terme van “my lewe”, my arbeid, my verhoudings, my probleme my belewenisse en my gevoelens.

Want wat mense vandag met “praktiese godsdiens” bedoel is dat God Here “in” my lewe is”, sonder dat Hy Here “oor” my lewe word. In ’n godsdiens waar Hy Here ín my lewe is, wil ek God alleen erken en dien in soverre Hy ’n positiewe bydrae ín my lewe kan maak: in my prestasie gerigtheid, in my ouer-en-kind verhouding, in my vriende verhoudinge, in my gevoelswêreld, in my liefdesverhoudinge, in my sosiale verhoudinge, in my godsdiensverhoudinge en in my denke.

Die probleme wat ek die afgelope paar jaar in my dissipelskap beleef het, is gefundeer in hierdie lewensstruktuur, geloofsverwagtings, en Godskennis: “Jesus is die Here in my lewe.” Hy was Here alleen sover as wat Hy in my lewe regeer.

Wat se tipe geloof is geloof in hierdie “lewe”?

Geloofskennis: Sy Here wees, is om in my lewe tot sy eer en heerlikheid te regeer. Sy Hereskap word vooraf deur my bepaal, deurdat ek die terrein aangee waarbinne Hy Here moet wees.

Geloofsvertroue: dit is ’n voorwaardelike vertroue. Ek vertrou Jesus om Here in my lewe te wees in hierdie terrein. Op ander terreine, die wêreldgeheel, heers Hy alleen sover as wat my lewensterrein Hom toelaat. Dit het die afgelope paar jaar gemaak dat ek in hierdie geloofsvertroue nie absoluut afhanklik en totaal toegewyd was aan die Here nie. Dit maak dat ek met ’n valse geloof leef.

Opnuut weer gestel, God se bestaan is nie daarin gefundeer dat Hy ’n positiewe bydrae in my lewe kan en wil maak, as ’n goeie en stabiele lewe nie. Of God se bestaan is nie daarin gefundeer dat Hy ’n positiewe bydrae in die maatskappy en politiek kan maak om dit ’n goeie en stabiele maatskappy te kan maak nie. Anders gestel, God se handeling met my, bestaan nie daarin dat Hy ’n positiewe diens lewer nie.

Daarom is verkondiginge soos: “Hy is op die troon van my hart” misleiding. Hy is nie die Here op die troon van my hart nie, maar op sy ewige troon in die hemel waarvoor ek moet buig. (Dagboek 27.08.1980 Taaibos)

Met hierdie onderskeid tussen geloof in God as Here oor die heelal met sy mag in Homself gesentreer teenoor ’n God wie se mag in myself en my bestaan gesentreer is, kan ek my finaal van die geestelikheid binne die NG Kerk se bedieninge van afgodsdiens vry maak en my eie geloofsidentiteit in Christus terugvind:

“ Deur die Jeug-tot-Jeug aksie, die stranddienskampe en skoolverlaterskampe, is ek groot gemaak in hierdie tipe geloof. Hy is die Here op die “troon” van mý lewe en dan is sy koninkryk uitgespel aan die hand van my lewe. Hierdie tipe geloof maak die kerk ’n gemeenskappie, ’n groepie mense wat byeenkom om self ’n kerk te vorm. Dit gaan nie meer om ek wat deel word van een kerk wat Jesus se liggaam was deur al die eeue heen nie.

Hierdie tipe geloof kweek passiewe Christene. Hier gaan dit nie oor hoe ek deel het aan God se koninkryk nie. God se ryk is nie meer hier belangrik nie. Hier gaan dit oor hoe regeer en tree God in my eie koninkryk op, my lewe. Hierdie tipe geloof verwring ook die Verlossing en Jesus as Verlosser self. Verlossing is nou wanneer Hy Here word van “jou lewe”, en nie meer wanneer ek dienaar van God se koninkryk word nie.” (Dagboek 27.08.1980 Taaibos)

Elke keer wanneer ek myself in God se genade buite afgodsdiens gevind het, het ek my self weer hervind buite die geestelike identiteit wat die moderne geestelikheid aan my gegee het binne die identiteit van God se verbondstrou. Elke keer wanneer jy die geloof in Christus vind soos Paulus dit stel in Filippense 3, vind daar innerlik weer die omhelsing van wie Christus is in die geloof plaas. Hierdie inspanning is deel van die hele Christelike lewe [10] Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding. deur aan Hom gelyk te word in sy dood. [11] in die verwagting dat ek self sal deel hê aan sy opstanding. [12] Ek sê nie dat ek dit alles al het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak, omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het.” Terselfdertyd vind daar ook ’n innerlike disassosiasie plaas van jou eie geestelikhede en spiritualiteit buite Christus wat Paulus in Filippense 3 beskryf as “[7] Maar wat eers vir my ’n bate was, beskou ek nou as waardeloos, want om Christus Jesus my Here te ken, oortref alles in waarde. en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry.”

Met elke deel van die evangelie wat ek teenoor my eie afgodsdiens gevind het, het ek deur hierdie geloofswaardering van myself gegaan.

**“My eie geskiedenis** In standerd 7 is ek konfronteer met die CSV groep, Paul du Plessis, Voeta Krige en Matie van Coller. Hulle konfronteer my met die feit dat ek geloofsekerheid kan hê. Mnr. van der Merwe as godsdiensonderwyser het saamgestem. Na hierdie CSV klas tydens skoolpouse by Afrikaanse Hoërskool Germiston het hulle op my stelling dat sulke sekerhede nie so moontlik is nie, só gereageer dat ek besef het ek was godsdienstig uit, nie deel van hulle groep nie. In standerd agt word ek as groepleier na die “Hoekie” geneem. Vir die eerste keer is ek deel van ’n massabekering waar almal Jesus “in hulle harte ingenooi het”. Na hierdie ervaring is ek stelselmatig al meer in hierdie groep opgeneem, totdat ek CSV voorsitter geword het. In standerd 6 tot standerd 9 is ek voordurend onder die invloed van ds. Neels Lamprecht gewees. Daar is ek beïnvloed met die “op die troon van jou hart” teologie. In standerd 10 bereik dit sy hoogtepunt met die Jeug-tot-Jeug aksie wat hierdie geloof verkondig. In my tweede jaar doen ek straatwerk aan die hand van Campus Crusade se vier stappe waarin hierdie teologie op sy uiterste deurwerking het. Ook op skoolverlaterskampe op Achterberg. In standerd 10 was dit ook op my eie skoolverlaterskamp die tema – my verhoudinge en Jesus se Hereskap ín my lewe. Dit was die enigste sistematiese onderrig in dissipelskap wat ek gehad het, weens die kategese waarvan ek min kon onthou. Al wat ek van my aanneming kan onthou, is dat dit godsdienstig leeg was, dat ek na Bybeltekste en enige

godsdienstroos gesoek het om my eerste nagmaalsgebruik sinvol te maak. Nooit was die kategese vir my die opvoeding in ware dissipelskap van Jesus Christus as verheerlikde Here wat nou besig is om in sy koninkryk en Skepping, en ook oor my regeer nie. Daarom was daar altyd ’n soekende element na wat my geloof moet wees, in my Sondagskool gee in Sonhoogte en later in Alberton Oos gemeente.

Omdat hierdie “Here-van-jou-hart” en “koning-van-jou-lewe” teologie die enigste was wat my verduidelik was in die kringe waarin ek beweeg het, het dit my geloof gevorm en só het my geloofslewe in hierdie verkeerde en verwarde godsdiens verval waarin ek nog steeds vasgevang is.

Dit is uit die Bybelstudie uit Amos in 1978 en gisteraand se gebed tot die Here dat Hy my die genade sal gee om te besef wat sy Hereskap in sy koninkryk inhou dat ek nou deur die Heilige Gees uit hierdie wangeloof gelei word. Ook prof. Frikkie Botha se lesings lewer ’n ontsettende krag. Nog altyd in my Bybelstudie en gemeenskap met die Here het Hy my daarop gewys, en al het ek dit self geformuleer, was en is ek steeds vasgevang in ’n jarelange geloof wat die Here wil inhou en inperk tot “my lewe”.

Nou egter is die bevrydende krag van sy Hereskap só kragtig dat ek my van hierdie wangeloof in sy koninkryk en verwarde geloof en hoop dat Hy alleen “in my lewe heers”, “koning in my hart” en “op die troon van my lewe” is, kan bekeer en tot ’n vertroue dat Hy Koning is sy Ryk sal wees, op sy ewige troon sal heers aan die regterhand van God die Vader, dat Hy oor die Skepping heers en dat ek daarin mag deel hê; dat my lewe deel van sy koninkryk mag wees.” (Dagboek 27.08.1980)

Vir die eerste keer in my lewe kan ek los van die magsgreep om myself in en met God te bemagtig, vertroue in God as iets anders as identifikasie met God vind. Ek het nog nie die geloofsinhoude gehad om te weet dat dit gaan oor die bedoeling van God: om beeld van God te wees nie. Ek het ook nog nie die verskil tussen die bedoeling en verdraaide bedoeling in afgodsdiens geken nie. Maar met die woord “koninkryk van God” het ek die verskil in die bedoeling van godsdiens en afgodsdiens vir myself onderskei:

“ **“Wat beteken hierdie vertroue in my lewe?**

1) Totale afhanklikheid van God: Ek is nou nie meer die een wat bepaal waar Jesus moet Here wees nie, dit is, “in my lewe” nie. Hy bepaal nou waar my lewe deel moet wees van sy totale regering en heerskappy in die wêreld. Biddend moet ek die Here vra hoe Hy my lewe in Sy koninkryk wil deel maak en Hom só dien.
2) Ek moet nie meer vra en bid dat Hy in my arbeid moet Here wees nie, maar dat my arbeid deel van sy regering mag vorm, volgens sy wil in sy koninkryk.
3) Ek moet my nie meer op hierdie wyse toewy nie: om Hom in my arbeid te erken en sy wil te soek nie, maar my toewy om my arbeid deel te maak van sy regering, Sy omvattende Rykshandeling.

4) Nie meer om Hom te dien as Here, in my vriendskap, maar Hom te bid dat ons vriendskap deel mag wees van sy koninkryk tot sy eer.
5) Nie meer Hom as Here dien in my liefdeslewe nie, maar dat ek met my liefdeslewe sy koninkryk mag dien en deel hê daaraan met my liefdeslewe.
6) Nie meer Hom as Here dien, in my ouerverhoudinge nie, maar mét my ouerverhouding Hom dien en deel mag hê aan sy koninkryk in hierdie wêreld.” (Dagboek 27.08.1980)

## 28. Die ontdekking van die geloof aan die kerk van die Here en breuk met die kultus van die moderne Christelikheid as kerk.

In hierdie selfde tyd is prof. Frikkie Botha besig om met ons die gawes van die Gees uit die boek Korintiërs te behandel. Prof. Botha wys ons daarop dat die gawes en ampte nie teenoor mekaar staan nie, maar dat dit juis die gawes vir en van die ampte van die kerk is. In hierdie lesings wys Hy daarop dat die gawe van die Heilige Gees, altyd die gawe aan die gemeente van God is en nooit ’n gawe aan enkeling buite en sonder die gemeente nie.

Dit was sy antwoord op die bediening van die vervulling of doop met die Heilige Gees deur die moderne Christelikheid. In hierdie lesings het hy doelbewus ons afgewys van hierdie tipe ervaring en in die plek daarvan die bediening van die gemeente gestel: die bediening van die heilsmiddele, die Woord, sakrament en tug as die wyse waarop die Heilige Gees werk.

Ek neem hierdie leiding op in my Bybelstudie en vind my daardeur deel van die kerk van die Here. In hierdie geborgenheid kry ek die krag om te kan onderskei tussen die valse bediening van die NG Kerk en die bediening van die Woord en sakrament as nog steeds die bediening van die Heilige Gees.

Dit help my om nie in ’n selfgemaakte kerk op te gaan in die ontdekking van die valsheid van die ongeloof wat die kerk in my bewerk het met hulle valse Woordbediening nie.

Hierdie leiding kon nie op ’n meer kritieke punt in my lewe gekom het nie.

“1 Korintiërs 12: 12, 13 Net soos die liggaam ’n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus. Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk.”

Christus het net een liggaam, die Kerk waarvan hy die Hoof is. Die kerk het verskeie funksies en mense wat verskeie dienswerk verrig in die kerk, maar dit is alles en almal deel van die kerk van Christus. Deur die Een Gees van die Here Jesus het almal deelgekry aan die een

liggaam, en die doop is die teken en waarmerk daarvan. Almal kry op so ’n wyse deel aan die werking van die Gees van die Here: om deel te wees van sy kerk.

Dus op die vraag, “Hoe kom ek onder die beheer en die leiding van die regering van God se Gees, die Here Jesus Christus se Gees?”, is die antwoord: “Deur deel van die kerk te word”. Wie ’n lidmaat van die gemeente van God is, het deel aan die beheer en regering van die Gees. Dit is die gebied waar Hy op ’n besondere wyse sy heerskappy uitoefen. Hier praat God met my deur sy Woord in prediking en Bybelstudie. Hier word met God gepraat in gebed. Hier word sonde uitgewys, word ek tot bekering geroep, tot heiligmaking, hier word ek bemoedig, vertroos en versterk.

Waar dit nie gebeur nie, daar is die gemeente nie meer gemeente van die Here nie, daar is die lamp van die gemeente weggeneem (Openbaring). Dit is die hele probleem vandag. Sommige gemeentes wat nog die naam van kerk het: wat sê hulle is die liggaam van Christus, maar hulle is dit nie meer nie.

* God spreek nie meer in die prediking nie
* God word nie meer geantwoord met gebed en toewyding nie
* Sonde word nie meer bely; lof word nie meer gebring nie; vertroue word nie meer bely nie en daar is geen vertroosting, vermaning bemoediging en versterking nie.

Waar dit nie gebeur nie, daar het die gemeente opgehou om kerk, dit is, liggaam van die Here te wees, waar Hy deur sy Gees regeer en mense deel kry aan die regering en beheer van God se Gees. Egter, gebeur dit dat só ’n gemeente nog offisieel as liggaam van Christus bekend staan en roem mense hulle daarop.” (Dagboek 3.09.1980)

Hierin het ek die onderskeid gevind tussen die Reformatoriese kerke waar die kerk die gemeenskap van gedooptes binne die verbond is teenoor die gemeenskap van verligtes, die wedergeborenes, die godsvervuldes en die vernuwers. Ek kon my nou binne die kerk van die Here waarvan Hy my deel laat wees het, vind, buite die kultus van die moderne Christelikheid met al sy verkillende en innerlik teenstrydige spirituele gemeenskappe. Ek kon begin om die ware kerk en valse kerk soos die Skrif dit openbaar te herken.

Met hierdie geloofsvinding het ek weer my eie verbondsgeskiedenis hervind binne hierdie geloofsinhoude en geloofsonderskeiding:

“ In my lewe is dit ook waar: Ek is as kind gedoop. Daarmee het ek ’n teken ontvang dat ek deel het aan die regering en leiding van die Gees van God van vroeg af. Want in die kerk is ek geleer om God te antwoord in gebed, om na sy Woord en spreke te luister, is ek vermaan en opgeroep tot bekering: sondebelydenis, geloofsgehoorsaamheid en is ek bemoedig en versterk in eredienste.

Dit is waarom die doop ook ’n waarteken is dat God my nie alleen sal laat nie. Die doop is nie ’n teken wat my verseker dat ek my bekeer het nie of dat ek myself verander het nie. Nog minder is dit ’n teken wat sê dat God my bekeer of wederbaar. Nee, die doop is ’n teken wat my verseker dat God laat my deel hê aan die regering en beheersing van die Heilige Gees: deel hê aan sy liggaam. As kind het ek deel gehad aan die liggaam: in huisgodsdiens, eredienste en gemeente werk. Het ek deel gehad aan die regering en beheersing van God se Gees in my lewe.

Die huidige probleem van die doop is nie dat kinders wat deel het aan die werking van die Gees van God, nie tot geloofsoorgawe kom nie, maar dat kinders gedoop word sonder dat hulle deel het aan die regering en beheersing van God se Gees: die Here se Gees. 1. Hulle word nie geleer om God te antwoord nie. 2. God praat nie met hulle in huisgodsdiens, eredienste en ander gemeente dienste nie, want hulle ervaar dit nie. 3. Of as hulle by hierdie geleenthede is, dan is dit wel (sosiale) byeenkomste, maar nie waar die Gees werk in ware prediking en Woord bediening nie.

Die probleem lê nie in die indiwidu, as verbondskind nie, maar in die gemeente wat nie meer liggaam van God is nie. Ek het in gemeentes grootgeword wat nie meer liggaam van God is nie. En dit was die grootste enkele hindernis wat my van die Here weggehou het.

Die beskuldiging van groepe dat die NG kerk en ander gevestigde kerke nie die Gees in hierdie opsig het nie, is korrek, maar hulle “gees” is nog boser as die “gees” in die gemeentes wat nie meer liggaam van God is nie. Dus, tematies, gemeentes wat nie meer deel van die liggaam van God is nie, maar nog lidmate van die NG Kerk as instituut is, of van enige ander kerkgroep is.

Ek is gedoop in ’n kerk, die Alberton- Oos NG gemeente. In eredienste en prediking was daar soms gesprek met God, dit is, ware Woordbediening. Maar dit was baie materialisties en antroposentries: dis ons wat ’n boodskap soek en nie God wat spreek nie. Dus was ek op ’n beperkte wyse deel aan die Here se regering en beheersing. In huisgodsdiens: ons huisgodsdiens was heeltemal net ’n kultusrite, sonder God se spreke, op baie beperkte wyse deel aan God se werking, aan die Gees se werking. Geen vermaning, geen bemoediging, geen vertroosting, geen versterking as medegelowiges nie. In skool, vriendekring en ouers op ’n beperkte wyse. Dus, ’n gemeente/ gemeentes waar God se Gees nie meer regeer en beheers nie, anders as alleen op beperkte en soms verdraaide wyse.

Dít het my geloofslewe verward, onseker en betekenisloos gemaak. Want ek het nie deel aan die werking van die Gees in sy liggaam gehad nie. En dit waaraan ek deel gehad het, was nie sý werking nie, maar die werking van valsheid en Satan. Dit was ongeloof en verkeerde geloof, maar dit is die werking van die Gees genoem gewees.

Ek bid my Here dat ek my geestelike verwarring en ongeloof in Hom sal verstaan uit díé godsdiensverlede van my; dat ek ander Christene wat dieselfde probleem het, sal liefhê en versorg deur die Evangelie. Laat geskied waar dit wel gebeur.

“Die kerk self moet regkom, nie soseer die lidmate alleen nie.” (2.09.1980)

Hiermee het prof. Frikkie Botha my lewenslank rigting en koers gegee. Die werking van die Heilige Gees is deur die bediening van die Woord, sakramente en tug. Die werking van die Gees is nie deur die bekering, die liefde die aanbidding en vroomheid van mense nie. Ek kon die identifikasie van my eie lewe as die heilsmiddele van God deurbreek. Ek en my lewe is nie die heilsmiddel waardeur God werk nie. Die Woord, sakramente en tug is sy heilsmiddele.

Die bedieningsmiddele waardeur God werk is nie die aanbidding van mense nie. Dit is deur die bedieningsmiddele wat die Here self gegee het: die Woord, sakrament en tugbediening. Dit is ook die onderskeid tussen die ware en valse kerk, en die ware werking van die Gees van die Here en die gees van afgodsdiens, wat ek toe kon onderskei as boos en die werking van Satan self.

Wat my nog steeds bly verwar het, is wat die inhoud van die werking van die Gees moet wees.

Ek het nog steeds nie kon onderskei tussen die Voorsienigheid van God waardeur Hy alles volgens sy wil beheers en skik teenoor die genadeheerskappy van Christus waardeur Hy ons in en deur die Evangelie regeer nie. Dit het gemaak dat ek wel los kon kom van die geestelikheid van mense as die beheersing van God, maar dat die heerskappy van God vir my nog steeds ’n geestelike mag was, ’n mag wat nie meer deur die sosiale verbintenisse en persoonlike innighede van mense gewerk het nie, maar nou deur die bedieningsmiddele.

Ek het hierdie verwarring in myself aangevoel en bid tot God

“Here, ek weet nie meer wat U regering oor my lewe behels nie. Gee my die genade Here, Here lei in Matteus, Lukas en Markus om tot ’n ware vertroue in U en U regering te kom. Here, dat ek U nie inperk binne in my lewe as U terrein van regering alleen nie, maar U ook nie seggenskap in my lewensgevoelens en belange ontsê in ’n soeke na ’n grootheid buite en heeltemal los van myself nie. Here, wees U my veral in hierdie tyd genadig.” 6.09.1980

Wat my ook hieruit lewenslank gerig het, is om nooit weer mense se godsdiens en aanbidding as maatstaf te gebruik om hulle Christenskap te beoordeel nie. Nog minder om lidmate se aanbidding, bekering en geloof as rede vir die toestand van die kerk se goddeloosheid en afgodsdiens aan te voer.

Die probleem van die kerk is van hier af aan vir my die probleem van die bediening van die Woord, sakrament en tug.

Prof. Frikkie Botha het my gelei om altyd deel van die NG Kerk te kon bly, want ek kon die probleem van afgodsdiens in die kerk verbind aan die bediening van die kerk, en nie aan die aanbidding, bekering of geloof van lidmate nie. Met hierdie onderskeiding kon ek myself as geroepe om die evangelie aan die NG Kerk te bedien, vind in die gebed wat ek na hierdie Bybelstudie tot die Here bid.

My eie afgodsdiens en goddeloosheid kon ek ook herken en in myself vind as deel van die bediening van afgodsdiens in die kerk, en daarmee het ek vir altyd uit die skuld en onderwerping aan die valse bediening van die kerk ontkom.

Ek het nie weer die antwoord op my eie afgodsdiens en goddeloosheid in my bekering of vroomheid gesoek nie. Dit het ek nou in die Woord en sakrament gesoek. En ek het aan my eie doop vasgehou as die gawe van die Gees. Die doop wat eers later in die NG Kerk as die bekeringsdoop sou bekend word, het ek nou hiermee verwerp.

Die breuk met dit wat ek al meer as identifikasie met God kon noem, bly die vormendste deel van my geloofsontdekking van die inhoud van Christus se Hereskap: “ Beleef die laaste twee weke ’n kwalitatiewe verandering in my verhouding tot die Here: die breek met die “Here- van-my hart” tot die Here van sy skepping” geloof , het dit vir my moontlik gemaak om met ontsag die Heiligheid en Almagtigheid van God te deurleef, in plaas van ’n egoïstiese vereniging van God tot my hart, dit is, my belange.

In my gebede.

1. Staan voor die God wat Skepper en Onderhouer is en nie voor die God wat my wêreld wil opbou nie.

2. Staan voor die God voor wie ek verantwoording moet doen vir die lewe wat Hy my gee en wat aan Hom behoort: sy gawe van man-wees aan my; sy gawe van vriendwees; geliefde wees; arbeider wees; kindwees; familiewees; student wees. Hy is nie meer ’n god wat luister hoe ek met my lewe wat my eie is Hom probeer dien en sy belange in ag wil neem nie.

3. My gebede is nie meer gesprekke met myself oor myself nie, of oor myself met die Here nie, maar oor die Here en sy belange met die Here. Dit maak my belewenis van die erediens ook anders.

4. Omdat ek voor God staan in die erediens, op sy Heilige troon en nie meer “in-my-hart” nie. Daarom is ek vir die eerste keer bewustelike besig om sáám met gelowiges te aanbid. Want

ek ervaar die erediens dat ons almal saam voor God staan. Dit is nie meer ’n byeenkoms waar ek van die “God-in-my” uiting gee nie. Daarom was die erediens vir my nog altyd ’n demonstrasie van my kant: ek wýs ek sing (getuig), ek wýs ek glo (getuig) teenoor en voor die gemeentelede. Nooit het ek dit beleef as verskyn voor God: Jesus Christus aan die regterhand van die Vader nie.

5. Hierdie vertroue- en gevoelsbelewenis het gemaak dat hierdie tipe geloofsgemeenskap met my medegelowiges afgeplat is tot ’n belewing van kameraadskap. Verder, dit het álle gemeenskap ondermyn. Want in die erediens is ek besig om uiting te gee aan “God-in-my”. Dit is nie ’n saam voor die Here staan-belewing nie. Want ek glo nie in die Here voor wie ek staan nie, ek glo alleen in die een wat “in-my-lewe staan”.

My probleem met my verhouding met die Here het dus gelê in mý wanopvatting oor wie Hy is, as Skepper en Onderhouer van Sy Skepping. Omdat ek hierdie verkeerde en sondige opvatting gehad het oor wie die Here is, het dit my vertroue op Hom misplaas en het dit elke deel van my geloofslewe en geloofbelewing deurdring. Hierdie wanopvatting het ek gekry uit die manier waarop ons in die moderne stad lewe: selfonderhoudend, selfgenoegsaam, Humanisties.

6. ’n Wonderlike aspek van hierdie hervormde vertroue op Jesus Christus, is dat dit my oopstel vir my medegelowiges: om in ’n deurleefde saam-en-eenwees met hulle te staan. Dit is alleen moontlik omdat ons saam voor God staan en nie teenoor mekaar staan met die “Here-in-ons-lewe” nie. Beleef dit so die laaste twee eredienste met Johan Haasbroek en Dawie Swanepoel

7. Ervaar binne hierdie vertroue my sonde as verwydering van “voor-die-Here” en vervreemding weg van Hom. Voorheen was sonde net ’n beleef van “Sy belange nie in ag neem nie, dit is, sy saak nie bevorder nie.” Dagboek 15.09.1980 Taaibos

“Die geloofsvertroue op Jesus Christus as my Skepper, die Here oor die lewe wat Hy my geskenk het en die Here aan die regterhand van die Vader, voor wie ek verskyn, wek in my die agting vir die soewereine wil van die Here. Die hele week het die Heilige Gees my díe punt op die hart gedruk: ek moet leef volgens die wil van die Here, oor my lewe, voor wie ek verskyn.

Hierdie erkenning en belewing van God as Here wat lewe gee en voor wie ek verskyn in gemeenskap, bring ook die moontlikheid om hierdie Here se wil as lewensnoodsaaklik te ag en te eerbiedig. Hierdie geloofsvertroue op Jesus dat Hy die Gewer en Regeerder oor my lewe is en die Here is in wie se teenwoordigheid ek leef, maak dit moontlik om sy wil te ag en my aan sy wil te onderwerp.

Voorheen toe ek vertrou het dat die Here “in my lewe” moes regeer en ek my lewe as ’n eiendom los van Hom beskou het, was sy wil nie vir my belangrik nie, maar mý wil het die terrein van sy wil bepaal en sy wil afhanklik van my lewensruimte gemaak. Ook het die feit dat ek nooit voor Hom as Here “verskyn” het voor sy troon aan die regterhand van die Vader nie, maar ek Hom op die troon van mý lewe geplaas het, gemaak dat my hart en wil alles bepalend vir sy wil was en was ’n wete en soek van sy wil nie alleen onnodig nie, maar alleen ’n guns wat ek Hom bewys het.

Deur die Here se genade breek ek al meer deur hierdie wangeloof:
* om te dink my lewe is iets eiendomliks los van sy Skepperhand en dit nie as ’n gawe te sien nie.
* om Hom te ag as Here op die troon van my hart, i.p.v. Here op die troon aan die regterhand van die Vader nóú.
* om die Here se wil te soek en te ag as lewensdoel en nie meer net sy wil as deel van my sakebelange te beskou nie
* om Hom in te roep vir ’n geselsie in my teenwoordigheid, in plaas van om Hom aan te roep om voor Hom in sy mag te verskyn, in Sý teenwoordigheid.” (Dagboek 20.09.1980 Taaibos)

“ 1 Korintiërs 12: 12-31; 12-13. 1. Ek is saam met ander Christene: één gemeenskap, of anders gestel, ’n gemeenskaplike eenheid. Ek het van hierdie liggaam deel geword, die gemeenskap deur die Gees van Christus. 2. Die kenmerkende is dat hierdie gemeenskap liggaam van Christus is. Hy is die Hoof van die gemeente. Almal is aan Hom gebind, almal dien Hom as Here en leef in gemeenskap met Hom as Here en God. 3. Deur Een Gees. Deur die Heilige Gees van Christus word ons deel van die gemeenskap wat Jesus as Here ken en dien, al is ons verskillende volke, rasse, nasionaliteite, of verskillende sosiale groepe of statusse. 4. Doop en Heilige Gees. Wat doen die Heilige Gees in die doop? Die Heilige Gees werk geloofsvertroue in my hart deur die verkondiging van Christus en Hy versterk die geloofsvertroue in my hart deur die doop en die nagmaal. In die doop en deur die doop verseker Hy die gelowige dat Christus die volle saligheid verdien het.

Die Heilige Gees versterk die vertroue van die gelowige dat die Here se genade ook aan hom bewys is. Die Heilige Gees verseker die gelowige van die Gees se werking ín hom. Hierdie onderneming is die belofte Hy sal vir hom God wees: * dat die Gees hom gereinig het * dat die Gees hom kind van God gemaak het * dat die Gees hom wederbaar het * dat die Gees hom ingelyf het * dat die Gees hom ’n nuwe lewe gee.

Die Heilige Gees versterk in my die vertroue wat ek stel op Jesus Christus se versoeningswerk om my te reinig, kindskap te gee, te wederbaar in te lyf en die nuwe lewe mee te deel. Dus, versterk die vertroue in my dat Hy Homself verbind het om vir my God te wees.” (Dagboek 24.09.1980 Taaibos)

In hierdie tyd waarin ek vir die eerste keer werklik die inhoud van die geloofsvertroue in God binne sy verbondsonderneming teenoor Homself vir my kon vind, teenoor die

mag wat ek en God in mekaar sou gevind het, dit is om mekaar se begeertes in en vir mekaar te bevredig, is Piet Ernst as mediese student besig om medestudente in Taaiboskoshuis te bekeer nadat hy self tot bekering gekom het en na die Hatfield Baptiste toe oorgegaan het.

Na Piet Ernst se bekering het hy homself laat herdoop en in die geestelikheid van die moderne Christelikheid as getuie en sendeling in die koshuis gesien.

Dit het die vriendegroep waarin ek in die koshuis was ten diepste geraak. Piet Ernst was persoonlike vriende met Dawid Swanepoel, medeklasmaat van Johan Haasbroek. Piet Ernst en Dawie Swanepoel se verbintenis was uit skooljare. Hulle verbintenis was ook ’n verbintenis met Levubu. Dawid Swanepoel is seun van Louis Swanepoel, wat sendeling en predikant in Tshilidzini gemeente in Venda was. Levubu NG gemeente het hierdie gebied ingesluit en daar was altyd ’n noue verbintenis tussen die sendelinge en Levubu gemeente en gemeenskap. Piet Ernst se ouers was in hierdie selfde tyd deur die Uys predikante egpaar van Levubu bekeer en hulle het hulle self in die Levubu gemeente as die ware bekeerdes teenoor die res van die gemeente opgestel.

Terwyl ek myself nou van die geestelikheid wat ek self deel van was in die optrede van Piet Ernst losgemaak het en verwerp het, was Piet Ernst se pa en ma besig met die uitleef van die geestelikheid in Levubu waarmee ek binne vier jaar in Levubu gekonfronteer sou word.

Ek, Johan Haasbroek, Dawid Swanepoel en Danie ’O Reilly het saam en onderling ’n vriendegroep gevorm. Deur Dawie se verbintenis met Piet Ernst is ons met die geestelikheid van die Hatfield Baptiste daagliks gekonfronteer. Piet Ernst het sy medemediese studente bekeer en deel van ’n Hatfield selgroep in Taaibos gemaak en probeer om jong teologiese en ander studente te bekeer vanuit hierdie selgroep.

Ek het ten volle gebreek met die geestelikheid van die NG Kerk waarin ek ŉ yweraar was van 1972 tot 1977. In Afslaan koshuis by RAU was ek met presies hierdie geestelikheid besig wat Piet Ernst in Taaibos nou mee besig was onder ons studente, maar nou was ek ŉ buitestander wat amper in ŉ spieël gekyk het na wie ek self was.

Die openlikste konfrontasie was oor Piet Ernst se poging om Herman Swanepoel, ’n eerstejaars student te oortuig het dat God hom genees het en dat sy een been langer geword het. Herman het sy een hand in ’n ongeluk as kind verloor en sy een been is verkort het in die ongeluk. Die diepte van hierdie konflik was dat Piet Ernst eintlik presies geglo en gedoen het as wat ek eers geglo het en nou besig was om mee te breek.

In 1979 tot 1981 was die druk van die Hatfield Baptiste se geestelikheid deur Piet Ernst op ons vriendegroep in Taaiboskoshuis direk. Hierdie geestelike groep het die studente direk met hulle identifikasie met God geteiken. Piet Ernst het hom nes sy ouers in Levubu onder die Uyse se invloed, laat herdoop en dit was deel van die konfrontasie wat ek in myself nou moes verantwoord.

Daarom stel ek in my dagboek: “Piet Ernst: besig met bekeringswerk, Martin, Herman en Adriaan is onder sy invloed. Sal die hele situasie deurdink en tot self en situasie begrip moet kom, voor die Here. Moet die naweek tot volle begrip kom van die waarheid van my doop, in gebed en Woord-omgang met Jesus Christus.” 27.09.1980

**29. Die ontdekking van die genadeheerskappy van Christus deur sy heilsgawes bring die breuk af met die hart van my identifikasie met God: die breuk met my intiem persoonlike verhouding met God.**

Ek probeer die 29 ste tot die 30 ste September om die verskil tussen dit wat ek in die vertroue in Christus aan die regterhand van die Vader en die gawe van die Gees ontdek het, teenoor die identifikasie met God as “God-in-my-hart” en “God-in-my-lewe” te vind in die koninkryksopvatting van Heyns. Hierdie poging versand egter weer in niks anders as die wetsheerskappy van God nie Dit word niks anders as filosofiese spekulasie nie.

Dit is eers weer die 30 ste Oktober dat die geloofsinhoud wat ek in prof. Frikkie se lesings oor 1 Korintiërs 12 en my Bybelstudie uit 1 Korintiërs 12 kan bymekaar uitbring. Ek sien dat die regering van Christus nie gekoppel kan word aan die sy heerskappy deur die wet of sy voorsienigheid nie, maar aan die heilsgawes van Christus deur die Heilige Gees.

Met die koppeling van Christus se heerskappy aan sy heilsgawes kan ek die inhoud van Christus se heerskappy as ’n genadeheerskappy van God binne die openbaring verwoord en vind. Dit doen ek sonder die onderskeid tussen wet en evangelie soos Martin Luther dit deurbreek het omdat ek nog nie deel van hierdie geloofskennis oor die onderskeid wet en evangelie was nie.

Ek vind nou vir die heerskappy van Christus as die heilshandelinge van Christus wat iets anders is as die wetsidee in die koninkryksvisie van Heyns en die Christelike wysbegeerte. Ek vind nou die regering van die Here aan die regterhand van die Vader, as die genade-regering en verbind dit direk aan my doop. Met die verbintenis tussen die genadeheerskappy van Christus en die doop as sakrament het ek ’n vaste weg uit die identifikasie met God gevind. Hier eenheid van Christus se heerskappy met die heilshandelinge van die Here het een deur na die ander begin oop maak uit die bevangenheid binne die afgodsdiens.

“1 Kor. 12: 12, 13. Die volgorde is belangrik: a.) Jesus regeer oor ons b.) ons aanvaar sy regering. Die regering: handelswyse van Jesus hier verwys na sy heilshandelinge, dit is, deur sy Gees: Sy roeping, wederbaring, bekering, heiliging en volharding. Christene het dit in gemeen dat hulle deur Christus Jesus se Gees geroep is, bekeer is, geheilig is, volharding gegee is. Christus het dit met verskillende mense uit verskillende nasies, volke, en tale gedoen.

Dit is hoe ons “deur die Gees” en “deur die Gees deurdrenk” moet verstaan, almal (gelowiges) het deel aan hierdie volle heilshandeling van Jesus Christus se Gees: almal is deur Hom geroep, wederbaar, bekeer, geheilig en volhard. Hy met wie die Gees só gehandel het en steeds handel, hy is deel van die liggaam van Christus. Almal wat deel het aan hierdie handeling van Jesus deur sy Gees is deel van die liggaam van Christus.

<u>Deur die doop.</u>

a) Die waterdoop is nie die roepende, wederbarende, bekerende, en heiligende werk van die Gees nie (nie deur die doop nie)
b) Geen emosionele of ander gebeurtenis is die wederbarende bekerende en heiligende werking van die Gees nie, nie deur ervarings of ekstase nie.
c) Die Gees werk roepend, wederbarend, bekerend, heiligend en volhardend deur sy Woord.
d) Die Gees werk roepend, wederbarend, bekerend e.a. deur die Woord en die doop en die nagmaal.

<u>Verse 12, 13 Gemeenskap</u>

Christus regeer oor gelowiges. Hy is heilshandelend besig in die wêreld deur sy Gees wat mense uit verskillende nasies en statusse roep, wederbaar, bekeer, heilig en laat volhard. Almal wat deel het aan die werking van Christus deur sy Gees vorm een gemeenskap. Hulle beleef hulle gemeenskaplikheid daarin dat hulle almal deel is van Christus se heilsregering in die wêreld. Wie deel het aan hierdie genade-regering van Jesus Christus ontvang die doop as teken dat God hom deelgemaak het en laat deel in die genade-optrede van God. Omdat dit aan baie is, is dit ook die deel word van ’n gemeenskap wat onder dieselfde teken leef.”

Met hierdie nuwe geloofsinhoud vind ek weer myself as deel van God se genade, buite my die identifikasie met God in my “Hoekie-bekering”. Ek verdiep my weer in die verwerping van dit wat eers vir my waardevol was en nou verwerplik geword het in Christus.

<u>“ Hoe word ek deel van die heilshandelinge van die Here?</u>

As kind is ek gedoop. Daarmee het ek ’n teken ontvang waarin en waardeur die Gees my die versekering gegee het dat ek deel het aan die heilshandelende regering van Jesus Christus in hierdie wêreld. As kind reeds, in die skoot van my ma, is ek opgeneem in die grootse heils- en troon regering van Jesus Christus aan die regterhand van die Vader. Dit is ’n genadedaad. Want ander kinders word opgeneem in sy troonregering maar is nie van kindsvorming al deel

van sy héílsregering in hierdie wêreld nie. As kind het ek deel gehad aan Jesus Christus se roepende, wederbarende, bekerende, heiligende en volhardende werking deur sy Gees, deur die verhouding van my pa en ma met Jesus Christus as hulle Here.” Dagboek 3.10.1980

Hiermee het ek alle geestelikes se houvas op my lewe in wese deurbreek. Geen geestelike kon nou meer sy invloed op my die beslissende en vormende deel van my lewe maak, asof ek myself in hulle geestelikheid en my ervaring van hulle geestelikhede moes vind nie. Geen geestelike belewenis van die moderne Christelikheid kon nou meer die ervaring word waarop en waarvolgens ek my hele menslike identiteit moet terugvind nie.

Ek kon myself nou in God se genade vind en elke deel van my lewe as kind in God se genade vir myself terugvind. “My bekering” of “godsvervulling” was nie meer ervarings waarvolgens ek myself en my lewe met God moes verstaan of inrig nie.

Hiermee saam vind ek my hele kerklike lewe as kind en jongmens weer terug as deel van die Here se genadeheerskappy. Ek breek met die antikerklike en anti –gemeenskapbeelde van die geestelikheid wat God enige werking in my lewe in die kerk en in die gemeenskap ontsê het. Hulle identifikasie met God en hulle geestelike ervarings is nie meer my geloofsidentiteit nie.

“Waar het ek deel aan hierdie genade-heerskappy van Christus in hierdie wêreld? Waar kry ek deel aan sy heilsregering? Waar leef ek in en onder hierdie leiding van God? Waar word ek deur God gelei? Daar waar ek saam leef met ander en deel aan dit wat ons gemeen het: Christus se genadeheerskappy. Waar ek in hierdie gemeenskaplikheid lééf, daar het ek deel aan sy heilsregering in hierdie wêreld. Hoe word ek deel van hierdie heilsregering? Deur deel te hê aan die gemeente van die Here: in sy gemeenskaplike gebed, belydenis, lofverheffing, troonverskyning, Woord aanhoor- in die erediens. Deur deel te hê aan die gehoorsame diens aan die Here wat Hom gebring word in die wêreld deur sy gemeente.” 5.10.1980

Met hierdie nuwe geloofsinhoud wat ek vind in die genadeheerskappy van Christus, word vertroue in God nou iets anders as die geloof dat God in my lewe ingekom het. Vertroue in God is nou Hom te vertrou dat Hy my as God deur sy verbond laat wees wat Hy my wil laat wees en deur Christus onderneem om vir my te wees. Dit is nie meer geloof dat “god-in-my” is en ek God deur my God laat wees nie.

Met hierdie geloofsinhoud en vertroue in God se heilsregering, kan ek verder wegbreek uit my intimiteit met God as my identifikasie met God.

Sonder dat ek dit kon verwoord, was die kontras wat ek gestel het tussen God-in-my en Christus aan die regterhand van die Vader, die kontras tussen die bedoeling van godsdiens en afgodsdiens. Dit is die inhoudelike verskil tussen geloof in Christus en identifikasie met God deur Christus

Deur die geloofsinhoud te vind in Christus se heilsregering, kon ek nou breek met my identifikasie met God. Hierdie identifikasie wat ek nog altyd as my eie intimiteit met mense beleef het en as intieme persoonlike verhouding met God geglo het. Ek kon ook daarom met die erotiek en sensualiteit as geestelike mag om met God te identifiseer, breek.

Hiermee het ’n vrye identiteitsvorming vir my begin moontlik word, weer sonder dat ek die inpak en omvang enigsins kon verwoord, aanvoel of bereken.

**“Ervaar die laaste twee dae dat my besinning: “Wie is ek teenoor Jesus?”, nuwe ruimtes skep. Dat ek nie Jesus as Here beleef waar ek een of ander soort “intieme-kennis” belewing het nie.**

**Die belewing van sy Here-wees strek oor my totale menswees. Ervaar al meer die verlange om dissipel van hierdie Here te wees, soos Hy van my verwag. Bid dat my huidige selfondersoek my probleme in my dissipelskap sal na vore bring sodat ek myself kan uitleef volgens die omvattende eis van dissipelskap van Jesus Christus die Here. Hierdie motief moet ek ten volle aanvaar en uitleef om hierin met my huidige sondegestruktureerdheid te breek, te breek met valse vertroues in Jesus Christus wat ek in my verhouding met Hom ingebou het as lewende verwagtings.**

**Om met hierdie intimiteitsverlange te breek, maak dat ek besig is om vir my nuwe leefruimtes oop te maak in my mense verhoudinge en veral my betekening van hierdie verhoudinge.” (Dagboek 11.10.1980 Taaibos)**

**“Soek nie meer die waarde van vriendskap in “intimiteit”: die tipe intimiteitsbelewing waar ek ’n persoonlike kennis ervaring as kriterium vir waardevol gehad het nie. Soek nou die waarde van vriendskap om iets in gemeen te hê. Begin met gemeenskapsdenke in plaas van intimiteitsdenke, … hierdie ideaal van “om in gemeen te hê” maak ook dat ek myself seksueel anders kan meeleef.” (Dagboek 13.10.1980 Taaibos)**

Ek wil graag hier die geloofsbiografie onderbreek met ’n toeligting.

Die leser sal dalk sukkel om dit wat die hele tyd vir myself probeer peil en beskryf met begrippe soos “intimiteit”, intimiteitssoek”, intimiteitsverlange of “intiem-persoonlike verhouding” te kan plaas. Dit is omdat die inhoud wat ek daarmee probeer verwoord so moeilike saak is.

Die saak is godsdienstig van aard. Die moderne Christelikheid verkondig die “intiem-persoonlike- verhouding” met God as die verhouding waarin al hulle geestelikhede met God én mense tot vervulling kom. Hulle self stel hierdie tipe verhouding as die

alternatief op alle ander gemeenskap met God en mense wat hulle as nie-werklik, koud, dood, intellektualisties, dogmaties of formalisties verklaar.

Die Bybel egter, beskryf hul tipe verhouding met God en mense as die “vlees” (in Grieks) of die “sondige aard” van die mens, soos in die 1983 Afrikaanse Bybel vertaal. Hierdie versugting, verlange en begeerte tot hierdie tipe geestelike intiem-persoonlike verhouding met God beskryf Paulus in Romeine 1: 18 tot 32.

Die mens begeer en verlang om sy eie sondigheid as goddelikheid te ervaar. Sy hoogmoed teenoor, sy minagting vir, sy eerbiedloosheid vir, sy heerssugtigheid jeens, sy magsug oor en sy disrespek vir God, glo en ervaar die mens as sy intimiteit met God. Dit is wat goddeloses met God doen in die intimiteit van godsbeelde. In elke afgod wat die mens maak, is sy minagting en afkeur in God soos Hy God in en deur Homself is, verdraai asof dit die ware aanbidding van God is. Wat mense as hulle liefde en aanbidding van God ervaar noem Paulus in Romeine 1: 18 en die profete, hulle goddeloosheid. Hulle egter noem dit hulle liefde vir hulle god, ’n afgod. Liefde vir ’n afgod is die perversie om minagting vir en ’n afkeur in God as ware liefde vir God uit te leef. Dit is hierdie perversie wat die “intiem-persoonlike- verhouding” met God en mense genoem word in die moderne Christelikheid.

Wat mense as hulle innigheid en liefde met mense in hierdie godservaring beleef, noem Paulus in Romeine 1: 18 hul ongeregtigheid. Die mens se sondige natuur beteken dat sy passie en innigheid met ander mense is om alles wat die Skrif as ’n ondeug beskryf (Gal. 5:19 – 21), te ervaar en te glo as ’n geestelike intiem persoonlike verhouding met mense. Wat die moderne Christelikheid hulle intiem-persoonlike-verhouding” met mense noem, is die geestelike persversie van die mens om sy eie sedeloosheid as sy liefde vir ander te glo.

Hierdie inhoudelike saak gaan nie oor iets soos die gewone menslike persoonlike behoeftes en verlanges nie, nog minder aan die gewone menslike behoefte aan samesyn, kontak en gemeensaamheid. Wie dit so verstaan kan hierdie saak maklik ter syde stel met een of ander sielkundige, psigiatriese, seksiologiese of sosiologiese insig.

Die moderne Christelikheid is die geestelikheid wat dit wat die Woord van God mense se “vlees” of “sondige natuur” noem, voor hou as die bedoeling van geloof en liefde volgens die Skrif. Daarom is die twee godservarings van “bekering” en “godsvervulling” niks anders nie as die vergeesteliking van die mens se sondige natuur.

Dit was die stryd waarin ek vas gevang was. Die moderne Christelikheid het alles wat my sondige aard is, probeer vergeestelik asof dit my ware menswees is. Waar

ek met hierdie twee godservarings gebreek het, moes ek iets in my self ontdek wat hulle nie maak of skep nie, my eie sondige aard!

Na ek met hierdie intitmiteitservaringe as my eie afgodsbeelde van Jesus gebreek het, het ek voor die werklike probleem van my menswees te staan gekom: my eie sondige aard. In hulle kultus kom jy nooit voor hierdie werklikheid te staan nie. Hulle verduister dit en probeer dit veredel as die bedoeling van jou menswees: om te deel in die lewe, die krag, die naam en wil van God self!

In die evangelie kon ek die vryheid vind om my eie sondigheid te herken. Hierdie vryheid wat ek in die evangelie vind, staan teenoor die vryheid wat my vriend Derick van Heerden as teologiese student van die Hervormde Kerk vir homself in die moderne teologie gevind het.

Dit was ons as vriende op twee verskillende teologiese fakulteite moes deurworstel, op twee verskillende maniere, in 1980 was die kern van die geloofsverskeuring wat in 2011 in beide die NG Kerk en Hervormde Kerk openbaar sigbaar geword het.

Hierdie verskeuring van geloof deur spiritualiteit het in die NG Kerk in sy Algemene Sinode van 2011 die voorsiene nuwe geestelike kerk geword. Die aksie van die “Steeds-Hervormers” teenoor die akkommodering van ongeloof in Christus binne die Hervormde Kerk in 2011, het hierdie geloofsverskeuring waarmee ons reeds in 1980 geworstel het, ook in die Hervormde Kerk openbaar gemaak.

“Taaibos. Gesels gistermiddag met Derick van Heerden. Hy het besluit om nie meer ’n predikant te word nie. Hy verwerp kennis aangaande God. Dit was vir hom ’n bevrydende ervaring om tot hierdie selferkenning van sy lewenswyse te kom: Christus, nie God nie en alleen Christus se lering is uniek.

Hy reageer teen die eskatologie. Glo dat Christus geen ander betekenis het as hier en nou nie. Maak afspraak vir die komende naweek. Wat sy probleem vergroot: konflikte uit wysbegeerte en onvermoë van die fakulteit van die Hervormde Kerk om sy probleme te begryp en ander perspektief te gee. Wat opvallend is, is dat hy die antwoord soek in Moltman, Pannenberg, Harvey Cox: die Anglo-Saksiese moderne teologie…dagboek (14.10.1980 Taaibos UP)

Die vrye identiteitsruimte wat ek vind buite my identifikasie met God gee my ook die vryheid om my eie persoon te kan vind buite die gewaande innigheid met myself en oor myself:

“ Ontdek finaal my eie persoonlikheid se ander aspek: depressief die hele dag, lusteloos en willoos, my aggressie teenoor vriende laat my terneergedruktheid toeneem. Besef dat die patroon van opwinding en terneergedruktheid nie toevallig is nie, maar die konsekwensies is

van die uiteenlopende aspekte van my persoonlikheid en my onvermoë om dit te integreer … die hele dag terneergedruk.” (1.11.1980 Taaibos UP)

My breuk met ’n intieme identiteitsverhouding met God is doelbewus. Ek voel dat ek hiermee myself uit die mag van hierdie geestelikheid uitgebreek het.

Ek het identifikasie met God nou in myself gevind as ’n intimiteitssoeke na God en my medemens. Die vermoë om hierdie geloofsonderskeiding te kon maak, was net deur die geloofsontdekking van die genadeheerskappy van Christus moontlik gewees, al kon ek nog nie die inhoud van sy Persoon en my eenheid met Hom vind en verwoord nie.

**“Besef dat dit juis die wegbreek van my intimiteitsideale in my verhouding met Jesus Christus is, wat die laaste ruk ’n volle deurlewing van Hom as Heilige en en Ewige kan ontplooi. Voorheen het ek deur my begeerte tot ’n intieme verhouding met God die afstand tussen my en die Here wat sy Heiligheid en Heerlikheid eis, verbreek tot ’n lasterlike vrymoedigheid en eiegeregtige sekerheid.” (Dagboek 6.11.1980 Taaibos UP)**

Dawie Swanepoel het my gevra om saam met hom 15- 24 November 1980 op die UKJA sendingtoer na Tshilidzini in Venda saam te gaan. Ons gaan as studentegroep en bly in die woonstelle op die kerkterrein van Tshilidzini. Ons sou ’n kerkie help bou het, maar dit verander en ons maak die hele tyd stene vir die bou van die kerkie.

Dit is die eerste keer dat ek in die gebied kom wat ek vier jaar later weer na toe sou terugkom as dienspligkapelaan. Tussen deur die stene-maak gaan ons swem by die Phipidi watervalle en kyk na die Heilige Woud in Tate Vondo. Dit is hoekom ek ’n goeie idee gehad het waarheen ds. Muller as kommandementskapelaan van Noord Transvaal my wou stuur toe hy in 1983 vir my gesê het hy verplaas my na Vendaland toe.

## 30. Die eerste openbare verkondiging van die verskil tussen identifikasie met God en geloof in Jesus Christus as Here: 1 Korintiërs 15.

Op die 8 ste  November 1980 begin ek aan die eksegese en prediking van 1 Korintiërs 15 werk. Dit word vir my die fokuspunt vir die verskil tussen geloof en valse geloof. Hierdie was die eerste eksegese en preek waarin ek die geloof in Christus en identifikasie met God teenoor mekaar uitgelê en van die kansel die openlik verkondig het. Dit was in Alberton- Oos gemeente op die 7 de Desember 1980.

Ek werk ook nie meer uit die filosofiese perspektief op geloof in Christus wat geloof in een of ander filosofiese ideaal of konstruksie wil “kontekstualiseer” nie. God self is die konteks van sy Woord.

“Die verwagting van Jesus Christus en my opstanding uit die dood is ’n krag in my dagtaak. Dit gee betekenis aan wat ek nóú doen. Die hele soek na die betekenis van Christen-wees vándag in reaksie teen die toekoms wat hulle minagtend noem “pié in sky”, ontledig juis die Christenskap in my daaglikse lewe” (Dagboek 11.11.1980)

“…as julle aan iets anders vashou het julle tevergeefs tot geloof gekom”. “In hierdie gedeelte verkondig Paulus dat die evangelie deur hom suiwer deurgegee is aan die gemeente in Korinte. (15: 1-6) Dit is, Jesus het vir hulle sondes gesterf, Hy het uit die dood opgestaan en is deur die dissipels gesien. Hulle word deur hierdie evangelie gered. Dit is dus die vroeë vaste vorm van ’n geloofsbelydenis.

In hierdie hoofstuk word die ware evangelie vanuit ’n sekere geloofsstandpunt ondermyn: die geloof dat ons as mense nie uit die dood opstaan nie. Paulus dui in die eerste verse aan (1-11) dat so ’n geloof iets anders is as die evangelie van Jesus Christus. Verder, dat wanneer iemand só glo, het hy tevergeefs ’n Christen geword. Iemand wat in hierdie tipe vertroue leef, kan nie ’n Christen bly nie.

**Die invalshoek van ’n onsuiwer evangelie: die werking van ’n onsuiwer evangelie.**
Opvallend in hierdie gedeelte is dat die dwaalleraars in Korinte ’n verskil in standpunt met Paulus het oor die opstanding uit die dode. Hulle het nie verskil oor die Persoon van Jesus Christus, die verlossingswerk, die sonde of Drie-eenheid nie. Net oor hierdie een punt in die eskatologie het hulle verskil: die opstanding uit die dode.

Tog dui Paulus aan dat díe wat hieraan vashou, tevergeefs tot geloof gekom het, dat hulle verlore is en dat hulle arbeid in die diens van die Here tevergeefs is.

In vandag se teologiese klimaat sou dit as te streng en te eng afgewys word. Die dwaling moet eers die tipiese sosiologiese eienskappe van sektes openbaar voor hierdie geloof vandag as tevergeefs afgewys en hierdie tipe kerk as sekte afgewys sal word.

Tog wys Paulus hierdie geloof wat net verskil oor die opstanding uit die dode as ’n reddelose evangelie af. Die kern van sy boodskap lê in “vashou”.

Wat beteken hierdie “vashou”?

Hierdie vashou beteken ’n volhárding in hierdie valse geloofsopvatting. Dit gebeur dan dat elke ander vertroue deur hierdie valse vertroue van inhoud verander word: die eskatologie, Christologie, Heilige Gees en Drie-Eenheid, die verlossing, die skepping. Elke ander geloofsaspek word met hierdie valsheid deurdring. Vanuit hierdie valse geloofsopvatting, oor ’n enkele geloofreël, dit is, geloofswaarheid, word die hele geloofslewe en geloofswaarheid deurdring en vals gemaak. Dit is vanuit ’n enkele perspektief.

So kan ’n geloofswaarheid wat miskien nie as só sentraal beskou word nie, die invalshoek word van waaruit die hele geloofswaarheid, geloofslewe, vertroue vals gemaak word.

Om “vas te hou” dui op ’n lewe waaruit ek vanuit ’n valsheid leef en só alle ander vertroue vanuit hierdie valse vertroue beleef en dit ook só vals maak. Vanuit ’n enkele valse vertroue kan die hele geloofsleer en lewe vals gemaak word, as mens “vashou” aan die valse leer. Byvoorbeeld:

1) die Rooms Katolieke: tradisie as norm, deurdring elke geloofsaspek van die kerklike lewe, op so ’n wyse dat geen leerstuk meer vry van dwaling is nie.
2) **Pinkstergroepe: hulle weerdoop, bekering en vervulling met die gees kan die hele geloofslewe omkeer**
3) so ook die tugteloosheid van die NG Kerk en ander kerke.

Om die valsheid van geloof, my eie ongeloof en ander se ongeloof, te bepaal, moet ek bepaal: 1) watter aspekte word vals gestel 2) Hoekom? 3) Hoe ver het dit die ander geloofsinhoude en geloofsaspekte se waarheid verdring.

In my eie geloofslewe het ek al aan baie valse opvattings geglo, maar deur die genade van God nog nooit so daaraan vasgehou dat dit my vertroue in die Here totaal verwring of verloor het nie. Die belangrikste waarmee ek nou sukkel en wat baie dele van my geloofslewe lamlê is my “liewe Jesus” opvatting. Hierdie “liewe Jesus geloof” hang ten nouste saam met my selfstandigheid (dit is my leef en wêreld -geloof) te saam.” (27.11.1980 Dagboek)

“Moet onderskei tussen die geloof in Jesus Christus wat opgestaan het en die geloof in die opstanding van Jesus Christus. Hierdie onderskeiding hang saam met die probleemanalise waarmee ek die laaste paar dae besig is: die verlore Christus. Die verlore Christus gaan oor die geloof in die gawes en beloftes wat Christus gee, sonder ’n geloof in Hom as God en Here.

In Paulus se betoog ( 1 Kor. 15) gaan dit om ’n lewenstyl en lewensopvatting wat die volle betekenis van geloof in Jesus Christus wat opgestaan het, negeer. In my eie lewe het die opstanding van Jesus Christus en die opstanding van die dode nog geen hoop geword nie. Ek ervaar dit as ’n troosvolle versekering sonder enige verdere konsekwensies. Vir myself was die ewige lewe, dit is opstanding, nog altyd ’n vanselfsprekendheid. Dit is vir my ’n voortgang van myself na die dood, en Christus gee my die versekering dat dit wel so is. Dit wil sê, Christus het my eie tipe geloof in my opstanding en lewe na die dood bevestig.

Ek ervaar die opstanding van die dode as ’n voortsetting van ’n lewe waar ek op Jesus Christus hoop net vir hierdie lewe. Dit hang saam met die hele opvatting van “Jesus is Here in my lewe”, “Jesus persoonlik in te nooi”, “te weet Jesus is in my lewe”, “wil u Hom nou in u lewe innooi”, “maak die deur van my lewe oop”, “ soos Hy beleef het in u lewe inkom”.

Hiermee word my ervaringswêreld met my gevoelens, opinies en ideale tot die koninkryk van God verklaar. Hy regeer nou daaroor en kyk dat alles in my lewe volgens sy wil gaan. Wie Christus in sy lewe het, kan ook verseker weet dat Jesus Christus hom die ewige lewe gee. Dit wil sê, hy kan verseker wees van die opstanding van die dode.

**Probleemstelling**: Dit is nie ons ontkenning wat Jesus Christus wat uit die dood opgestaan het vir ons betekenisloos maak nie, maar ons wyse van erkenning van Christus wat Hom vir ons ontoeganklik en onbereikbaar maak. Die wyse waarop ons in ons eie opstanding glo, verwyder en vervreem ons van die Here Jesus Christus van die Skrifte. Verder, wie van Hom vervreem is, hoop tevergeefs. Dus, die manier waarop ons in Jesus Christus glo, vervreem ons van Hom. Ook in ons tipe opstandingsgeloof.

**Toeligting**

Die wyse waarop ons glo.

**Lewe gesentreerd.**

Dít, my lewe, staan sentraal. Die lewe wat ek beleef en ervaar in sy volheid. Dit gaan oor lewe soos dit alreeds deur die moderne filosofie vooraf gedefinieer is: die deurleefde is die lewe. Daarom staan die mens in sy deurleefdheid sentraal, sy werk, sy seks, sy vriende, sy liggaam, sy ontspanning, sy ouers, sy regering en ekonomie, sy huwelik en gesin. Die ideaal is ’n sinvolle deurleefde lewe in al sy volheid. Dit word gepropageer as “my hele lewe”, “in alles wat ek doen”, en “in alles wat ek dink”.

**Waarde gesentreerd.**

Ten opsigte van mense word waarde gesentreerd geredeneer. Dit gaan om wat iemand in my lewe kan beteken soos wat ek daaraan waarde heg. Daarom het mense vir my alleen waarde, in soverre hulle betekenis het, volgens dit wat ek besluit het waarde het.

Die hele probleem in hierdie tipe benadering is dat dit nie Jesus Christus met Sy koninkrykshandelinge sentraal stel nie, maar Jesus Christus relatief tot my lewe stel wat inhoudelik gevul is met die waardes van die moderne sinkretistiese maatskappy.

My eie persoonlike geloof in Jesus Christus is hierdeur bepaal. Dit maak dat ek nie glo in die Jesus Christus wat opgestaan het nie, maar glo in die opstanding wat Jesus Christus **gee**: anders gestel, die Ewige Lewe wat Jesus Christus gee. Verder, omdat dit vir my hoofsaaklik om my eie lewe gaan, heg ek nie baie waarde op die oomblik aan die opstanding wat Jesus gee nie, maar wel aan die “ware lewe”; die “sinvolle lewe”; die Ewige Lewe , dit is, hiér en nóú”.

**Vervreemding.**

Hierdie geloof vervreem my van Jesus Christus.

Dit is nog die wesenlike wyse waarop ek Jesus op hierdie stadium ervaar. Ek ervaar Hom as iemand wat gee, soos ’n mens donasies en geskenke gee, só gee Hy my die opstanding.

Ervaar daarom ’n dankgebed vir die gawe; ervaar die gawe as ’n voorsorgmaatreël wat nog nie nodig is nie: dit gee my ’n soort versekering en gerustheid t.o.v. die gedagte van die dood. Maar hier lê juis die basis vir die feit dat hierdie gawe nie meer so gewaardeerd is nie.

**Die doodsbeskouing vandag.**
In ons moderne maatskappy is die gedagte aan die dood op die agtergrond geskuif. Ons het mediese tegnieke wat die bedreiging van siekte en dood verdring; ons het hospitale waar siekes uit die gewone gang van die lewe weggeneem word; ons begraafplase is so versier en verwyderd, dat die dooies net soms gesien word; verder is daar nog versekeringe en polisse wat die gevolge van die dood uitskakel.

In die gemoed van die gemeenskap word die dood verswyg en dit is net in trauma dat die dood ons lewens binne dring. In ’n gemeenskap wat sy waarde aan die deurleefdheid van die lewe heg en waar die dood nie as bedreigend ervaar word nie, of selfs nie genoem word nie, het die verkondiging van die opstanding sy waarde vir hierdie tipe mense verloor.

Die grootste angs t.o.v. die dood is dat die mens nie die lewe in sy volheid deurleef het nie, en waar ek wel die lewe só deurleef het, is daar nie meer ’n angs vir die dood nie. Ek het klaar hierdie betekenis wat die lewe vir my moes inhou, daaruit gehaal. Dit is hoe ek nog persoonlik glo en voel, maar dit is oneg in my eie opvattinge oor God en my aandeel in sy Ryk.

Die Piëtisme het opgekom uit ’n wêreld waar die dood as bedreigend ervaar is en die lewe as sinloos en nie die moeite werd nie. Vandaar die verlange na ’n Ewige geluksaligheid (wat Jesus te weer moes gee). Die nuwe verlange dat Jesus die ware lewe hier en nou moet gee, is nie bekering uit die Piëtisme nie, maar die volvoering van hierdie tipe geloof: ’n Godgesentreerde Humanisme of vergoddelikte Humanisme.

Hierdie tipe geloof in Jesus Christus het dus nie van die verskuiwing van Piëtisme na die nuwe geestelikheid verander nie. Dit is net die verlange na geluksaligheid wat verander het.

Die nuwe Jesusverkondiging en die verskriklike herlewings, is die verkondiging en herlewing van ’n ou geloof. Dit is die herlewing van ’n valse geloof binne nuwe wêreldse verlangens wat nog steeds nie uit ’n koninkrykshart uit opkom nie.

Dit is hoekom die troos van ’n opstanding deur Jesus Christus gegee, nie vir my soveel waarde het nie, al is ek nie ondankbaar daarvoor nie (ek sal dit later wel nodig kry), in ’n ander lewenservaring en ’n ander lewensdeurleefdheid.

**Stelling**: In my eie geloof in Jesus Christus, soek ek veral na dit wat Hy vir my kon beteken het. Dit is hoe ek hierdie geloof die laaste agt jaar ervaar het.
* Intimiteit: Jesus is by my; my gespreksgenoot; ken my geheime; is my vertroueling
* Afhanklikheid: gee my krag; help my dit sál met my goed gaan.

* Betekenis: Jesus gee my sin in die lewe; Hy maak die lewe vir my die moeite werd; Hy gee my doel, veral waar ek nie my verantwoordelikheid nakom nie.

Ander mense soek iets anders in Jesus. Dus, die bejammerenswaardigste van alle mense gaan oor ’n funksionele Christologie:
Christus gee identiteit: die derde wêreld;
Christus as “verbreker van bande” Paul van Buuren;
Christus bewerk toewyding en aanbidding tot God, Schleiermacher;
Christus bevry my van skuld, Albert Ritschl;
Christus “laat my myself wees: kies en lewe”;
Bultman; Christus “laat my identiteit kry”.

Besef nou hoe ek Jesus nog altyd ervaar het
* Hy is oorsaak en bron van ware lewe
* Hy is nie God persoonlik nie
* Hy is enig en uniek: by God, die veraf en verwyderde God is Hy God se vertroueling en vriend en ook my eie vertroueling en vriend, en op hierdie wyse vervul Hy sy unieke funksie, maak Hy God aan my bekend – sy wil. Voel daarom dankbaar, beveilig en versorg. Jesus is dus net die instrument waardeur God my sy gawes gee.

T.o.v. die opstanding gee dit die versekering “dit is nie die einde nie” Hierteenoor wys die opstanding van Jesus Christus op sy versoeningswerk as Middelaar en hoe deel ons aan sy versoening. Dit is, hoe deel ons aan die koninkryk van God: om onder die heerskappy te leef van die opgestane Here, vers 28. Met sy opstanding begin die nuwe skepping 1 Kor. 1:17,18. (Dagboek 5.12.1980 Mapleton perseel 62.)

Uit hierdie Skrifuitleg en geloofsdeurworsteling van die inhoud van wie Jesus Christus is, teenoor wie ek Jesus Christus vir myself probeer laat wees, lewer ek die eerste preek waarin ek teen hierdie identifikasie met Jesus openbaar stelling inneem. Dit is met die aanddiens van 7 Desember 1980 in Alberton- Oos gemeente.

“1. Gemeente van die Here Jesus Christus, ons as belydende Christene ervaar baie keer stryd en spanning in ons Christenskap, in ons verhouding met Jesus Christus. Hierdie stryd is baie keer, eintlik die meeste van die tyd, nie om ons geloofslewe tot groot hoogtes uit te bou of om groot geloofstoewyding te bereik nie. Die meeste van die tyd is dit om hierdie geloof net aan die gang te hou: om nét te bid, nét gereeld en met oorgawe kerk toe te gaan, twee keer ’n Sondag; om nét so min of meer nie sleg te wees nie; om nét so op ’n manier betrokke te bly by die werksaamhede van die kerk.

Om net hierdie basies godsdienstige bedrywe aan die gang te hou, is vir baie Christene ’n wroeging en moeitevolle las waartoe hulle gewete hulle verplig. Is dit nie die algemene toestand in ons kerk; in ons gemeente en in u lewe nie?

2. In hierdie inspanning en stryd wat ons teen ons eie onwilligheid voer het ons al baie redes en eie oplossings hoekom ons so stram en onwillig in ons verhouding met die Here is:
a.) Ons eie sondigheid, dit is, ons bely maar ons eie swakheid, ons vertrou vir nuwe krag, maar gaan maar net soos altyd aan.
b.) Ander gee Satan weer die skuld: hy maak ons so swak en onwillig in ons verhouding met die Here, dan vlug ons en versoek verlossing by die Here, maar alles bly maar dan weer net dieselfde.
c.) Ons voel en dink dit is ’n probleem van te veel of te min aandag gee: dan moet ons ons self net meer toewy, net meer aktief raak, meer betrokke leef, maar ook dit neem nie die lamheid weg nie.

3. Gemeente van die Here, maar as ons onsself stel voor God in sy aanspreek in hierdie gelese gedeeltes word ’n ander rede vir hierdie toestand aangegee: ons geloof!

Ons geloof! Juis dit wat ons dink alles tussen ons en God regmaak, is die oorsaak. Dit is nie die hoeveelheid van geloof nie, maar die sóórt geloof wat ons in Jesus het.

Dit is waarop die boodskap van God in hierdie gedeelte ons wys: Hierdie boodskap is in vers 19: omdat ons net op Christus hoop vir hierdie lewe, is ons die bejammerendswaardigste van alles mense.

4. Dit gaan oor twee dele
a. ’n Hoop op Christus net vir hierdie wêreld en
b. bejammerenswaardigheid.

In hoofstuk 15 begin Paulus om nog een van ’n reeks probleme binne die gemeente van Korinte aan te spreek. Vroeër het hy gepraat oor verdeeldheid, onsedelikheid en geesdrywery. Die probleem in hoofstuk 15 is dat daar lidmate in die gemeente was wat die opstanding van mense uit die dood verwerp het. Let op, hulle self is nie teen Christus se opstanding uit die dood nie, dit is wat Paulus aflei, hulle self glo net nie in hulle eie opstanding uit die dode nie.

5. Tog is hulle deel van die gemeente. Uit hierdie brief is dit duidelik dat hulle erkende lidmate van die gemeente was: hulle het dus Jesus Christus as Here bely; hulle het in Hom geglo en  Hom as hulle Verlosser aanvaar. Hulle het dus nie Christus verwerp nie. Tog het Christus vir hulle nie dieselfde betekenis gehad as vir die res van die gemeente nie. Want hulle het nie verwag dat hierdie Jesus vir hulle uit die dood gaan opwek nie.

6. In vers 19 beskryf Paulus die wortel van hierdie probleem, hoekom Christus se doodsoorwinning vir hulle nie waarde het nie: hulle verwag van Jesus alleen maar iets vir hierdie lewe.

Met die uitdrukking “vir hierdie lewe” bedoel Paulus die lewe waarin mense gebore word, die hier en nou, elke dag se lewe- en dit is ook die sondige lewe. Dit staan direk teenoor die

ander lewe wat Paulus ook ken: die lewe in Christus wat hy ontvang het met sy wedergeboorte.

7. Ons sal ons self moet afvra of dit nie die hoop is wat in ons hart leef nie?

Dat ons hoop op Christus om vir ons iets te beteken in ons eie lewe, die lewe van elke dag, die lewe wat ons noem “ die lewe van vandag”, “my lewe vandag”,  sonder dat ons die lewe bedoel wat God ons in Jesus Christus gee.

8. Hoe ervaar ons die tipe hoop wat Paulus hier kritiseer?

Dit ervaar ons waar ons wil hê dat Jesus moet vir ons iets in ons lewens beteken: “die lewe soos ons hom ken en ervaar”. Die lewe soos ek aan hom gewoond is elke dag.

8.1) Mense soek in Jesus ’n vriend en iemand om hulle hart mee uit te gesels. Dit is veral nodig in die eensaamheid wat ons vandag ken; ’n wêreld waar mense nie meer die vreugde van ’n intieme maat of vertroueling meer ken nie. Dan hoop ons Jesus luister: Hy is naby en met Hom kan ek my hartsgeheime deel. Jongmense, is dit nie waar dat dit is wat U in Jesus soek nie? Dit is hoe Hy vir U van waarde is nie? As u moet terugdink aan u ontmoetings met die Here, is dit nie die enigste tye wat u gevoel het nou beteken die Here vir my iets nie, toe U na intimiteit gesoek het nie?

8.2) Mense soek in Jesus ook ’n ondersteuner en ’n raadsman. As ons voor lewenskeuse gestel word, onsself moet ontdek, ons eie kragte moet ontwikkel, met angs vir mislukking, angs vir uitdaging, dan hoop ons Jesus sal daar wees! Is dit nie hoe u Jesus ervaar? Is dit nie wanneer u ’n behoefte aan Hom het nie? Hom opsoek en voel Jesus beteken vir my iets nie?

8.3) Mense soek in hierdie lewe iemand wat hulle gerus sal stel van hulle skuld. Dit is ’n angswekkende ervaring om jou eie slegtheid en onsedelikheid te ontdek. Dit word ’n las waarmee mense nie kan saamleef nie. Dan hoop hulle Jesus kan hulle skuld wegneem. Is dit nie hoe u Jesus ervaar nie? Die een wat jou gerus stel as jy voor jou eie onsedelikheid staan? Dan hoop ons Hy sal my gerusstel! Is dit nie die tye wanneer u gevoel het Jesus beteken vir jou iets in hierdie lewe nie?

8.4) Mense soek krag en ondersteuning. Ons begin ons eie kragteloosheid ontdek: ons eie slegte en vernietigende gewoontes en dan hoop ons op Jesus. Dan voel ons Hy beteken iets vir my in hierdie lewe.

9. Gemeente wanneer ons terugkeer na die gemeente in Korinte en die manier waarop Paulus hulle probleem benader vind ons iets vreemds. Hierdie groepie mense het gevoel daar is geen opstanding uit die dode nie. Ons sou nou verwag het dat Paulus vir hulle sou gesê het dat daar wel ’n opstanding uit die dode is, en dat hulle moet ophou om dit te ontken, en dit reg te begin glo.

10. Dit is egter nie wat Paulus doen nie. Hy gaan en wys hulle watter geloofsimplikasies hulle geloofsopvatting het vir wie en wat Christus is. Ons kan dit ook anders stel. Paulus wys vir hierdie mense dat geen mens hierdie Jesus wat opgestaan het as Here kan bely met die tipe hoop wat hulle het nie. Die Jesus wat gekruisig en opgestaan het, kan niks vir iemand beteken wat met hierdie tipe hoop leef wat hulle het nie. Daarom sê hy in vers 17 dat hulle nog in hulle sonde is as hulle so hoop.

11. Dit is die probleem: die tipe hoop wat hulle op Jesus gehad het, het gemaak dat die Jesus wat die Skrif verkondig, wat Paulus verkondig, vir hulle ’n vreemdeling was. Hulle het nie deel gehad aan wat Hy beteken nie. Die vergewing van hulle sondes (wat hulle in Hom teruggevind het) en hulle hoop op Hom was nutteloos; dit het hulle niks gebaat nie; hulle het niks daaruit geput nie. Die manier waarop hulle op Jesus gehoop het, het gemaak dat Paulus hulle noem: die ellendigste van alle mense.

Hoekom die ellendigste? Hulle het nie deel aan wat Jesus is nie en dit wat hulle dink hulle in Jesus het, is nutteloos.

12. Gemeente, dit is die gevolge vir iemand wat op Jesus hoop, net vir hierdie lewe. Iemand wat in die gewone daaglikse lewe en nie binne die lewe wat God gee, wil hê die Jesus van die Skrifte, die Jesus wat Paulus verkondig het, die Jesus wat van die kansel verkondig word, moet vir hom iets beteken.

Hy is die ellendigste van alle mense. Hierdie “alle” dui ook op die nie-gelowiges. Hoe so?

Want dit is ’n nuttelose hoop!

Hierdie nutteloosheid beteken in ons situasie – selfbedrog: dit wat ons dink ons by Jesus kon kry, kry ons nie by Hom nie, al dink ons ons kry dit by Hom.

Byvoorbeeld: intimiteit: Hy is ’n vriend en geselskap as ek dit nodig het! Jesus is dit nie! As dit nog altyd die hoop was wat u in Jesus gehad het, voel u nie self dat dit nie was wat u wou gehad het nie? Het ander mense, ongelowiges, nie groter geluk met mense wat hulle intieme vriende is nie? Ervaar u u intimiteit wat jy dink jy in Jesus kry, nie eerder as ’n gebrek wat jy het, eerder as ’n wins wat jy verkry het nie? En ondersteuning? Is dit wat u ervaar? Ek kry ondersteuning van Jesus? Of is dit maar net iets wat jy vir jou self indink net omdat u nie op uself wou staatmaak nie?

Gemeente, Jesus is nie maar net ’n gespreksgenoot vir ons wanneer ons lus is vir geselskap nie. Hy is nie maar net vir ons ’n steunpilaar as ons eie krag opraak nie. ’n Gemoedstiller, ondersteuner en raadsman, wanneer ons nie meer in ons eie lewe meer weet, wat nou nie.

As dit is hoe u op Jesus hoop, dan is dit die rede vir u karige geloofslewe. Die Jesus van die Skrifte kan nie so ’n tipe geloof aan die gang hou nie, al bid en probeer u om dit aan die gang te hou nie. Om hierdie tipe geloofslewe aan die gang te hou, is net met eie moeite en eie inspanning.

Hierdie tipe hoop in Jesus is tevergeefs!

Hierdie posisie van hierdie mense is nog in ’n verdere aspek ellendig. Want die Jesus waarop hulle hoop is nie die Jesus van die Skrifte nie. Die Jesus “in hulle lewe” is nie die Jesus wat God en Here is nie.

Die waarde wat Jesus in hulle lewe het, is nie die verlossingswerk wat Jesus aan die kruis gedoen het nie. Hulle ken ’n Jesus wat op ’n ander soort manier by hulle is, dit is, dat Hy by hulle is wanneer hulle geselskap soek; raad soek; krag soek of iets by God wil weet. Maar die Jesus wat opgestaan het, wat die Skrifte verkondig, is ’n vreemdeling in hulle lewe.

Is dit die onbehaaglikheid en ellende wat u met u geestelike lewe het? Om dit net aan die gang te hou? Is dit nie dalk dat u op Jesus hoop vir ’n sondige lewe nie? Omdat die Jesus in u lewe, nie die Jesus van die Skrifte is nie? Omdat die waarde wat Jesus vir u het, nie deel die deel hê aan die Ewige verlossing is nie?

Kersfees. Kom ons gaan die week en maak seker wie is die Jesus op wie ons hoop.”

Ek het nog nie die geloofsinhoud en Skrifinhoud gehad om dit te volledig te kon verwoord nie, maar in hierdie preek het ek vir myself die verskil tussen Christus as Here en God en Jesus as afgod openbaar aan die orde gestel.

Dit was my eerste preek waarin ek die geloofsontdekking wat ek in die loop van 1980 gemaak het openlik aan die orde gestel het. Dit was die preek wat ek in 1981 ook gepreek het in Sasol tuine dal 9.08.1981; Sasolmoedergemeente 16.08.1981; Lambton gemeente 13.09.1981 en waarmee ek in Silverton gemeente in Desember 1981 my werksaamhede in hierdie gemeente mee begin het.

My werklike eerste openbare verkondiging het met hierdie verkondiging begin: die verkondiging van ’n ander Here as die Here wat ons in ons lewens het, die verkondiging van ’n ander Here as die Jesus met wie ons onsself as goddelik identifiseer.

Die wyse waarop ek die Here van die Skrifte hier teenoor die Jesus in ons lewe wat ons vir onsself maak en glo, gestel het, het die wyse geword waarop ek my hele lewe lank gepreek het tot en met vandag toe, dit is, 2016.

Dit was deur die prediking van hierdie evangelie van die kansel wat my eie geloofsinhoude gevorm is en steeds gegroei het. Deur hierdie prediking tydens my studentejare het die patroon gevestig geraak dat uit my eie eksegese en prediking ek myself elke keer nuut en oor kon vind binne God se genadeheerskappy. Die eksegese van die Bybel en prediking van die evangelie was en het altyd my geloofsdenke bepaal. Ek het my eie geloof en lewe elke keer probeer toets aan die inhoud van die Skrif.

Dit was hoe ek die eerste keer in my openbare verkondiging die verskil tussen geloof in Christus en afgodsdiens in hierdie preek van 7 Desember 1980 in Alberton-Oos aan die orde stel. My breuk met my eie “intieme verhouding met God”, was ’n breuk met my identifikasie met God. Dit was ook my poging om my menseverhoudings en tussenmenslike ervarings te vind as iets anders as die magsverhoudings met mense in my identifikasie met God.

Ek het aangevoel dat die onderskeid en alternatief op hierdie “intimiteit” met God (identifikasie met God) binne die Reformasie aan die orde gestel was deur die onderskeid van die amp van Christus en die amp van die gelowiges.

“ Besef die laaste paar dae dat die betekenis van Jesus Christus as Here in my lewe, alleen die betekenis van sy heilswerk kan wees. Toe Calvyn met dieselfde aspek geworstel het, het hy gepraat van die amp van Christus. Daarmee het hy probeer om die eie aard en eie funksie van Christus se werk teenoor sy eie belange uit te wys, los van ’n funksionele betekenis van Christus in die selfstruktuur van mense.

Sodra die koninkryk van God bely word as ’n grootheid buite my, waarin God besig is om sy eie belange as God uit te werk, met sy eie struktuur, sy eie bedoeling en eie werking, dan kry die heilsbetekenis van Jesus Christus waarde binne hierdie struktuur.

Op die huidige oomblik erken mense hulle eie lewe, as die enigste werklikheid en binne hierdie eie lewensstruktuur word die waarde van Jesus afgevra. Die persoonlike lewensstruktuur word die koninkryk van God en Hy word “koning” van hierdie “ryk” gemaak.

Die eintlike probleem met hierdie waardering van Jesus Christus, is dat “my lewe” of “ons lewe” alreeds bepaalde inhoude het. Inhoude wat as riglyn en norm vir die heilswaarde van Jesus Christus geld.

Met hierdie benadering skep ek normatief my eie lewe en leefwêreld, ons eie lewe en leef wêreld. Nadat ek my lewe gevorm en gestruktureer het, normatief, vra ek dat Jesus sy heerskappy binne hierdie struktuur moet kom uitoefen. Vergelyk dit met al die terme in die huidige evangelisasie: “nooi hom in”, “klop aan die deur van jou hart”, “koning op die troon

van jou hart”, “jou hele lewe”, “geheim van ware lewe”. “lewe in volheid”, “oorwinningslewe” en “geesvervulde lewe”.

Hierdie sentraalstelling (van die mens met sy eie selfgenoegsame lewe) is myns insiens uit drie gronde:
a. dat die lewe doel in sigself is met die waarde: “vir my”;
b. dat ek myself eiemagtig besit, “seggenskap, “ek het”.
c. dat ek innerlik bekwaam is om wat ek eiemagtig wil, self te kan bereik – moontlikhede. “Ek kan”

Dus, terwyl ek steeds my eie lewe as doel ag, myself as besit ervaar, en myself bekwaam ag om los van God my eie moontlikhede te kan realiseer, aanvaar ek Hom as Here!

Hierdie tipe aanvaarding van God aanvaarding is die begin van die grootste ellende.

Dit is ’n verhouding waarin ek God iets wil laat wees wat Hy nie is nie en waar ek Hom probeer dien op ’n manier wat Hom as Here nie eer nie. Hierdie verhouding loop uit op ’n godsdiensfrustrasie waar daar ’n onwil tot dissipelskap is en dit put die die gelowige se kragte uit.

Hierdie lewe word dan baie keer aangedui as die lewe van “val en opstaan”; “’n lewe waar Satan heers”; ’n “ nie geesvervulde” of “beheerde lewe nie”. Die “oplossings” vir hierdie (sogenaamde) probleem is om met die Gees van God vervul te word, “deur die Gees van God beheer te word”, om “Hom as Here van jou lewe te aanvaar en te dien”.

Tog heers in al hierdie benaderinge ’n ongenoemde en onbevraagde vertroue in die self-struktuur waaroor God nou moet heers: die mens in sy selfgenoegsaamheid. En dít is juis die kern van die probleem.

Dit bring my tot die gevolgtrekking dat die bekende bekeringstrukture in beide die gevestigde kerke sowel as die sektes en ander groepe, nie die werklike geloofskrisis die hoof bied nie, maar juis voortsit en juis die rede is vir geen ware bekerings nie.

In die predikers, jong studente sowel as in die lidmate, leef die ideaal en model van die 19de eeu se bekeringspredikers. Die lidmate wil gráág só tot bekering kom. Hulle wíl getuig hoe “Jesus koning in hulle harte is” “hulle Hom ervaar” e.a. Maar self ervaar hulle die verlammende effek van hierdie ondeurdagte prediking. Hulle besef nie dat die verskil en lewens- en wêreldopvatting, ’n nuwe tipe bekering noodsaak nie.

Die moderne tyd is gereed vir ’n reformasie wat alle huidige geloofsdenke sal deursny, vanaf die Charismate, Piëtiste, tradisionaliste tot by die radikales. Hierdie huidige godsdiensstruktuur is net soos ’n kanker gewas. Weens die lewensstruktuur is dit juis die groot getalle bekeerlinge en grootse prediking in en deur die kerk, wat die geloofslewe van

die koninkryk verlam en later totaal vernietig word. Die rede hiervoor is dat die kern wat die kerk voed, die chromosome van kanker is.

Hierdie kritiek sny deur alle huidige godsdienservaringe,
a. tradisioneel-gereformeerd,
b. Radikale stroom.
c. Charismatiese stroom
d. Metodistiese stroom en
e. die Piëtisme.

Ek glo dat ek hierin tot die hart van my eie ongeloof en sonde teen God deurgedring het – of is dit nou dat ek tot daar gedring is?” (Dagboek 12.12.1980)

Met hierdie geloofsinhoude uit die Skrif en die geloofsvinding van myself binne hierdie openbaring van die Here, stel ek hierdie inhoude verder met die volgende preek in Alberton-Oos gemeente op die 14 de Desember 1980 wat ’n opvolg op die vorige Sondag se preek was.

“ … Hierdie boodskap het vir die moderne mens nie meer veel betekenis nie. Gemeente, as u vanoggend met hierdie boodskap uitgaan en vir mense gaan vertel: “Jesus heers in Sy Ryk en Sy ryk omsluit alles en almal, en strek oor alle tye”, dink u mense gaan in hulle duisende Christene word? Dink u hulle gaan verskriklik opgewonde word? Of koerante gaan hoofberigte daaroor skryf? Dink u hulle sal juig en sê dat dit die redding en verlossing is waarop ek nog my hele lewe lank gewag het?

Nee, gemeente, vir die moderne mens is so ’n boodskap sonder enige betekenis. Die eerste ding wat iemand u sal vra is: “Hoe raak dit my”? of: “ Maar wat beteken Christus vir my”? Hy sal dit nog verstaan as jy vir hom sê dat Jesus het hom lief, of dat Jesus wil hom gelukkig maak, of dat Jesus vir wil hom die ewige lewe gee, maar nie hierdie boodskap nie!

Die rede hiervoor is dat die moderne mens sy eie koninkryk het. Ons kan dit met die beeld van ’n argitek verduidelik. God se koninkryk sluit ons lewens in en sê hoe ons lewens in sy ryk moet wees, maar ons loop met eie planne los en onafhanklik van God. Dit is wat ons vandag “ons eie lewe” noem. Mense sê hulle wil hulle “eie lewe” hê, los en onafhanklik van God.

Hierdie lewe los van God het drie pilare waarop dit gebou is, dit is opvattings, dinge waaraan hulle glo:
a. hulle glo dis genoeg om net te lewe.
b. hulle glo elkeen het sy eie lewe.
c. hulle glo elkeen kan iets van sy lewe maak.

Dit is die geloof waarmee mense rondom ons elke dag lewe …. Gemeente, hierin het ons by die hart van hierdie Christene se ongelukkige geloofslewe gekom: hulle glo dat Jesus heers in hulle lewens, sonder dat hulle hoef deel te hê aan sý koninkryk. …

Hierdie probleem word aangehelp in die manier waarop baie herlewingsdienste buite die kerk, en soms binne die kerk, gedoen word. Hier word mense geleer dat bekering net is om “Jesus in jou lewe in te nooi”, “ die deur van jou hart oop te maak”, “om Jesus te aanvaar”. En as jy dit doen, dan gee God jou “’ ’n lewe van oorvloed”, “’n lewe van oorwinning”, ’n geesvervulde lewe”, of “die ware lewe”.

Hulle word nooit geleer om te breek met hierdie moderne ongeloof nie: dat die mens binne sy eie doelwitte leef, dat die mens sy eie lewe besit, dat die mens op sy eie krag en talente aangewese is nie.

Hierdie tipe bekerings in en buite ons kerke, waarin mense uit ongeloof Jesus Here van hulle lewe maak, maak dat gelowige lidmate se geloofslewe van begin tot einde net een stryd is. Mense aanvaar Jesus, maar bly glo dat hulle lewe nog ’n doel in sig self het, hulle glo nie dat hulle in die lewe binne God se Ryk diensbaar moet leef nie. Mense glo Jesus moet oor hulle heers maar hulle glo nog steeds hulle lewe is hulle besit en sien dit nie as ’n gawe van God nie. Mense glo Jesus is Almagtig, maar leef nog steeds in die krag van hulle talente asof dit eiemagtige kragte is. Mense glo hulle leef afhanklik van Jesus terwyl hulle nog steeds selfstandig en selfaangewese is. Die gevolge van hierdie geloofslewe is “kragteloosheid.”

Met hierdie preek kon ek die probleem beskryf van die “beeld van God” en die “verdraaide beeld van God”. Om God se beeld te wees beteken Hy skep my volgens sy bedoeling, gee my lewe en lewensruimte in sy skepping, gebruik in in sy voorsienigheid soos Hy wil, roep my tot die diens en geleenthede in sy skepping wat Hy bewerk en stel my in die amp om Hom te dien.

In afgodsdiens is God die mens se beeld: die mens beeld hierdie god in en deur sy lewe uit, en is daarom hierdie god se skepper, die mens gee sy lewe vir hierdie god as hierdie god se bestaansruimte, die mens stel hierdie god aan om sy begeertes te vervul en die mens laat hierdie god sy plan, raad, visies, missies en drome waarmaak.

Ek het nog geen wyse gehad waarop die beeld van God, as die mens se bedoeling met God, wat afgodsdiens is, teenoor God se bedoeling met die mens in die Skrif te kon sien en verwoord nie. Die algemene dwaling dat “beeld van God” beteken dat iets van die mens ’n afbeelding van God in sy goddelikheid is, het die Skrif vir my hierin steeds ontoeganklik gehou.

Ek moes nog die filosofie van RAU gebruik om dit wat die Bybel as afgodsdiens verkondig uit te wys as “moderne ongeloof” met filosofiese verduidelikings. Ten

spyte van hierdie gesukkel, het ek egter in Desember 1980 die verskil tussen geloof en identifikasie met God nou deel van my openbare prediking gemaak.

Die verdere probleem is dat ek nog geen verwysing, begrip of geloof gehad het in die genadeheerskappy van Christus nie. Dit kon ek nie vind nie omdat ek nie die onderskeid wet en evangelie geken het nie en omdat ek nie die eenheid met Christus in sy plaasbekledende mensheid as geloofsinhoud gevind het nie.

Daarom val ek in filosofiese onderskeidings van RAU wat nuttig is, terug, maar wat my nie die evangeliese inhoud laat vind nie. Met hierdie filosofiese onderskeidings maak ek weer die “koninkryk van God”, God se voorsienigheid en gans andersheid teenoor my eie menslikheid. Daarmee vervreem ek my egter weer van die genadeheerskappy van Christus. Dit is die verwarrende: in die preek waarin ek Christus anders vind as my eie lewenservaring, stel ek weer ’n visie wat my van die Christus wat ek buite my ervaringsbeelde soek, vervreem:

“Dit is wat alles deel vorm van God se koninkryk volgens Paulus. Ons het nou gesien wat alles deel van God de koninkryk vorm, maar hoekom word dit God se “koninkryk” genoem?

Dit is om te wys dat dit God se eiendom is; dit behoort aan Hom. Dit is wat dit beteken om Hom as Skepper te bely. Verder, Hy het volle sê daaroor. Dit is Syne en Hy is Baas daaroor.” (Preek 14.12.1980)

**31. Die soeke na Christus as Here en God in die getuienis van Matteus en die vind van eie my persoon buite die kultiese identiteit van die moderne Christelikheid.**

Die kern van die geloofsprobleem is dat ek met my identifikasie met God breek en alles wat identifikasie met God is, probeer uitsny. Hierdie identifikasie met God het ek “intimiteit met God” genoem. Dit is waarmee ek breek, maar ek het nie die geloofsinhoud gehad om die leegheid van die afgodsdiens waarin ek is, te vind, verwoord en te onderskei van geloof nie. Ek het gewoon net nie die geloofsinhoude om aan vas te hou nie. Daarom raak my eie prediking binne hierdie “koninkryksvisie” weer deel van die probleem en nie deel van die oplossing nie. God se koninkryk was nog nie inhoudelik vir my Christus se genadeheerskappy deur die eenheid met sy mensheid is nie, maar net weer God voorsienigheid.

Wat my aan die gang hou, is die oortuiging dat ek weet dat ek nie in die Christus van die Skrifte glo nie, maar Jesus my eie afgod gemaak het met wie ek ’n intimiteit met God gespeel het, wat ek toe as selfbedrog erken het. Ek wou nie in hierdie selfbedrog verder leef nie. Ek wou die openbaring van Christus buite my selfbedrog in die Skrif as openbaring van God vind.

Ek het myself en my eie geestelikheid nie meer vertrou nie.

Ek het my eie lewe gesien as die van ’n moderne ongelowige met alles wat deel van die moderne ongeloof is. Ek wou die inhoud van die openbaring van wie Christus is buite my eie identifikasie met God vind, in en uit die Skrif.

Dit het die motief vir my Bybelstudie en prediking geword. In hierdie soeke begin ek Matteus uitlê volgens die eksegese wat prof. Frikkie Botha my gewys het: heilshistories en nie eksemplaries nie.

Hierdie eksegese van Matteus was vir my ’n soektog na die heilshistoriese Christus. Dit was vir my ’n soektog na die Christus wat ek geweet het ek nie geken het nie. Dit was ’n soektog om God in die openbaring van die Skrif te soek, met die wete dat die god wat ek in my vir myself beleef, is nie die Here van die Skrif nie.

Ek het met hierdie eksegese van Matteus deur die loop van 1981 volgehou en uiteindelik het dit die inhoud van my prediking in Silverton moedergemeente in 1982 geword.

Deur die loop van 1981 preek ek die twee preke waarin ek vir die eerste keer die verskil tussen geloof in God en identifikasie met God op die kansel aan die orde gestel het in Sasolburg gemeente, Sasolburg Tuine, Elsburg, Lambton, Germiston Suid, Westdene en Elspark. Op die 20 ste en 27 ste Desember 1981 preek ek hierdie preke in Silverton moedergemeente nadat ek daar as pastorale hulp vir Desember 1981 – Desember 1982 aangestel is. Hierdie preke was die wyse waarop ek myself en my uitgawes gefinansier het.

Met hierdie breuk van “my lewe” as God se ruimte waarin Hy God moet wees, verval alles binne in myself wat in my kinderjare en veral deur die CSV en Jeug-tot-Jeug-aksie as “geloofsekerheid” aan my geleer is en wat ek só geglo het.

In my huisbesoek in Alberton- Oos word ek vanuit ’n totaal onverwagte hoek met hierdie saak van “geloofsekerheid” gekonfronteer – vanuit die goddeloosheid van ’n ongelowige. Ek wil hom weer vanuit my verlede stel voor die saak van “geloofsekerheid” in sy vertonerige losbandigheid, maar hy stel heel selfversekerd hoe seker hy van sy verhouding met God is. Dit tref en skok my dat hy wel in sy goddeloosheid seker is van sy verhouding met God.

“Ek het die laaste twee dae tot ’n gevoelsdeurbraak in my godsdiens gekom. Gisteraand se ervaring met huisbesoek het die finale sleutel gegee. Die man gaan nie kerk toe nie. Hy stel nie in godsdienstige aktiwiteite belang nie, maar tog is hy absoluut selfversekerd oor sy verhouding met God. Hy glo vas hy is na aan God en dit gaan goed met sy godsdiens. Dit is deel van ’n bepaalde geloofstruktuur. Hy bedrieg nie homself nie, maar binne sy tipe

godsdiens gaan dit goed en is hy versekerd van God, al beoefen hy nie die gemeenskap met die Heiliges nie, al is hy nie diensbaar in die kerk nie, al leef hy nie in gebedsomgang met God nie, al ervaar hy geen ontmoetings met God deur sy Woord nie.

Wat gee hierdie tipe sekerheid?

Voor ek hierdie vraag in my gemoed kan bepaal, is die groot vraag: wat is sekerheid? Watter tipe sekerheid is dit? Omdat ek nog deel vorm van hierdie tipe geloof kan selfanalise ook ’n antwoord gee.

Dit is nie sekerheid oor wie God is nie, maar ’n selfsekerheid. Dit vorm net nog ’n deel van ’n selfgesentreerde lewe, of eerder, ’n lewegesentreerde bestaan. Om deel van jou eie outonome en selfstandige bestaan te wees, is ’n versekerde godsdiens.

Die sekerheid oor my godsdiens beteken dat ek seker is oor my verhouding met Jesus. Ek is verseker ek het ’n verhouding met Christus en dat dit met my goedgaan. Die laaste is dan ook die rede hoekom ek altyd gerus voel oor my verhouding met Jesus Christus – dit gaan goed met my léwe. Omdat ek lewegesentreerd is, is dit ook die rede vir die goeie stand (soos ek dit aanvoel) my verhouding met God.

Hierdie sekerheid uit selfstandigheid maak dat die volgende gebeur: ek kan sonder godsdiens ’n goeie verhouding met God hê. Sonder gebedsomgang; sonder gemeenskap van gelowiges in die eredienste, sonder enige gemeenskap met God deur Woord studie, sonder aktiewe getuienis in die wêreld – voel ek dit gaan goed met my verhouding met die Here.” (Dagboek 18.12.1980)

Hiermee het ek die leegheid van die verhouding met God in afgodsdiens, wat tegelyk godsdienstigheid en goddeloosheid is, beskryf, maar weer binne die taal van die eksistensiële filosofie. Dit was in die filosofie dat ek my eie leefwêreld buite Christus moes beskryf omdat die openbaringsinhoude my ontbreek het.

Hierdie breuk met my intimiteit met God het egter iets in my afgebring wat ek op geen manier kon verwoord of voorsien het nie. Daarmee het ek met my eie self-isolasie gebreek en vind ek my midde in my eie wêreld, ’n wêreld waarin ek nog altyd gedissosieerd geleef het.

Terwyl ek soek na die Persoon van Christus en Hom vind as Iemand anders as my beeld van Hom, vind ek myself as persoon en as mens in en tussen ander mense.

My identifikasie met God, of soos ek dit genoem het, my “intieme verhouding met God”, was vir my meteens ook die intimiteit waarin ek met mense wou leef. Ek wou in mense dieselfde intimiteit beleef as wat ek met God ervaar het in my eie gemoed. Die grensloosheid en mag in hierdie identifikasie van myself in ander, wat geen

werklike tussenmenslike verhouding is nie, was seker die verwarrendste menslike ervaring in my lewe. In hierdie grensloosheid kon ek my eie persoon en identiteit nie in myself vind of onderskei van die persoon en identiteit van mense met wie ek in verhoudings gestaan het nie. Meer nog, die mag en beheer, onderwerping en oorgawe in hierdie “intimiteit”, was in my eie gemoed die liefde wat God en mense van my verwag het.

Verder was my eie identifikasie met God vir myself ’n verdedigingsmeganisme om binne my eie disassosiasie en selfisolasie te kan leef. Binne hierdie identifikasie was alle verhoudings “mooi verhoudings” en alles wat ek in myself is “mooi gesindhede” en “mooi bedoelings”. Amper ’n self- en lewensromantiek wat ek as vroomheid vir myself geglo het.

Met my breuk met identifikasie met God staan ek vir die eerste keer gekonfronteer met die werklikheid van myself en die sosiale verbande waarin ek leef, en kan ek in en vir myself verhoudings erken en myself in verhoudings probeer verbind. Egter, hierin staan ek ook met die werklike inhoud en bedoelings van my en ander se gesindhede gekonfronteer. Iets wat ek eers in die kategese van Levubu as die “verdraaide opvattings” van afgodsdiens in Romeine 1 en Jesaja 44 kon verwoord.

Hierdie innerlike vryheid, spanning en geleentheid om die werklikheid te vind, maak dat ek gedurende die eerste drie maande van 1981 besluit om my self uit te sorteer en ek begin die 7 de April 1981 met terapie by die kampus sielkundige dr. Erasmus.

“Begin vanoggend my vertrouensverhouding met dr. Erasmus. Die aanvanklike kontak is goed. Ervaar dit positief… die doel en waarde van hierdie verhouding is nie ’n selfervaring t.w.v. selfbehaging nie, maar diens. Deur hierdie helende verhouding wil ek tot positiewe arbeid en dienslewering kom as mens vir ander mense. Daarom wil ek na elke gesprek kom tot selfhantering en selfinrigting – tot arbeidsaamheid. Opbouende verhoudings en diep geloofstoewyding aan die Here… uit sy gesprek kom ek agter dat ek altyd my eie gevoel misken het en dat daar vir my geen verband is tussen dit wat ek voel en dit wat ek doen nie. Dit is baie eensydig gestel, maar dit gee iets van my ervaring weer… besef dat my epilepsie sielkundige ervarings of verdedigings was. Dit kommunikeer onttrekking, vlug, vermyding. Dit blyk uit die ervarings waar ek doelbewus ’n aanval wou hê … alles is deel van my optrede om konflik te vermy, ontvlug en onttrek van konflik af.” (7.04.1981 Taaiboskoshuis UP.)

Hierdie terapie word my fokus vir res van 1981. Terwyl ek my finalejaarskripsie in sending doen, steeds klasloop vir my diploma en preek vir inkomste, probeer ek my eie disassosiasie deurbreek. Dr. Erasmus doen moeite met my en verskuif die terapie van sy kantoor op die kampus na sy huis in Waterkloof. Die werklike eerste deurbraak kom eers op die 26 Augustus. Ek breek deur die “niksvoel” in my eie disassosiasie tot die werklikheid van die geweld wat ek nie in myself kon erken nie.

Die diepte van die emosionele geweld van ’n identiteitsverhouding met God kan moeilik verwoord word. In ’n sekere sin is dit om in ’n permanente staat van woede teen jou te moet leef, ’n woede teen die lewe self, en daarom ’n woede teen alles wat gewoon menslike lewe in jou is. In hierdie liefdeloosheid en selfgerigtheid word elke vorm van vertroue in liefde, die liefde wat jy ontvang en die liefde wat jy gee, vernietig. Die manipulering en misbruik vir eie begeertes moet in die plek hiervan as liefde geglo word of net aanvaar word as ’n vorm van oorlewing. Deur die terapie vanaf 7 April 1981 kon ek stuk vir stuk hierdie leef- en gevoelswêreld weer terugvind.

Hierdie terapie het ek getrou volgehou tot en met 1982 terwyl ek in Silverton gewerk het. Met hierdie terapie kry ek dit reg om my eie gevoelswêreld te peil en breek ek deur die manipulasies en dwang waarin ek gedissosieerd en geïsoleerd geleef het, of begin ek ten minste daarmee.

Hierdie terapie het my die selfvertroue gegee in die aanslag op my persoon in 1982 met die eerste openbare konflik tussen die geloof wat ek verkondig en die afgodsdiens wat my uit die kerk probeer verstoot het. Die geestelikes in Silverton, in die weermag en later in Levubu tot, en met die hede, kon nie weer nie met hulle pseudosielkunde en hulle verwronge liefdes ’n houvas op my persoon en identiteit kry nie.

Hierdie “sielkundige politiek” in die NG Kerk is die meganisme waarop geestelikes alle verskille tussen godsdiens en afgodsdiens verdraai om persoonlike geskille te wees met die suggestie dat wie met hulle afgodsdiens verskil, sielkundig wanaangepas is. Hiermee keer hulle dat die Skriftuurlike onderskeid tussen geloof en liefde teenoor geestelike mag openbaar aan die orde kom.

Christus soos wat Hy Here is in die werklikheid van sy skepping elke dag is vir hierdie inniges ’n doodsreuk. Hulle is meesters in die kuns om die innerlike verontwaardiging van, verset teen, die woede oor en die aggressie waarmee hulle innigheid ter syde gestel word as afgodsdiens, en die sekerheid waarmee uit God se liefde en genade gehandel word, te psigologiseer as een of ander wanaanpassing, versteuring of sielkundige onvermoë.

Terselfdertyd psigologiseer hulle hul eie manipulering van mag as liefde met al die sielkundige en sosiale wetenskappe se verstaan as die ware innige liefde wat hulle vir ander mense het.

Met hierdie sielkundige politiek, verdring hulle die werklikheid van die woede oor oorheersing en uitbuiting van goddeloosheid en afgodsdiens as werklike en geldige menslike lewenshoudinge en regverdige hulle hul eie menslike perversies as liefdevolle innighede.

Die terapie van dr. Erasmus het my gehelp om vir die res van my lewe teen hierdie geestelike sielkundige politiek weerbaar te wees.

**32. Die konfrontasie met die werklikheid van my eie godsdienstige goddeloosheid: ateïsme en deïsme as die gronde van my identifikasie met God.**

Ek gaan kuier gedurende die Desember vakansie 1980 by Johan Haasbroek op sy pa se plaas in Nietverdiend. Aan die einde van die vakansie skakel ek weer met Derick van Heerden in Malvern, Witfield: “Bel Derick van Heerden gister. Hy het finaal met Christus gebreek. Dit is vir my ’n groot skok en oefen groot druk op my eie geloof uit” (Dagboek 8.01.1981.) Ek en Derick gesels die 11 de Maart voor die biblioteek van UP: “Gesels gister met Derick van Heerden. Ek verstaan nie meer sy ongeloof nie. Hy wil Paul Tillich, John Hicks en ander funksionele teoloë lees omdat hulle hom aanspreek en hy weier om “ortodoksie” aan te hoor omdat hulle metafisies en Platonies sou wees.

Wat baie opvallend is, is dat waar Derick alle geloof in Jesus Christus afwys, hy na die mistiek van Boeddhisme gryp. Dit is dieselfde patroon wat Vida du Plessis en Horst Meyer by RAU gevolg het. Alle ontmoetingervarings met God word deur hulle afgewys as Deïsme, maar dan soek hulle mistieke ervarings. Egter, ek glo nie dat hulle die Boeddhisme as leer aanhang nie, maar vind net iets misties daarin. Hulle ken nie regtig Boeddhisme vir wat dit is nie.  Die drastiese reaksie van Derick is omdat hy met dit wat hy geloofsobjektiwiteit noem, wil breek om tot ’n openbaringservaring met God te kom” (Dagboek 12.03.1981)

Ek en Derick het nou op twee verskillende paaie gegaan. Hy vind in die identifikasie met God die motivering om deur die rasionaliteit van die eksistensiële filosofie homself van Jesus Christus en God los te maak. Hy gebruik die onderskeid van die platoniese ideë-leer en eksistensie as die gronde en krag van waaruit hy hierdie keuse motiveer en maak. Ek probeer uit my identifikasie met God deurbreek deur Jesus Christus te vind as ’n ander God as die god waarin ek myself probeer inleef en uitleef.

Derick se keuse was vir my ’n persoonlike slag.

Dit het iets van die werklike gevaar om self in ateïsme op te gaan, vir my voorgehou. Ek wou nooit ateïsme as filosofie omhels nie, omdat dit ook net ’n leë filosofie is, en eintlik maar net dieselfde leegheid is as die goddelikheid van identifikasie met God.

Sy keuse konfronteer my egter met my eie goddeloosheid: of om dit trots as my eie ateïsme te omhels en so in my eie goddeloosheid te roem, of om my eie goddeloosheid as my eie sondige natuur deur God se genade te kan vind.

Hiermee begin ek die werklikheid tussen afgodsdiens en goddeloosheid as een en dieselfde saak, twee wisselvorme van die selfstandige en selfgenoegsame mens teenoor God, aan te voel en te verwoord as my eie bevangenheid.

“ ’n Ander ervaring wat ’n verkeerde selfstandigheid ontketen is die van nutteloosheid: “Vir soverre as wat ek selfstandig is, is godsdiens vir my nutteloos” Hierdie houding maak my ongeërg. Ongeërg oor my eie godsdiens. Nalatig en ongeërg oor wat ander daarvan dink. Hierdie ongeërgdheid staan teenoor die skuldervaring. Dit is twee maniere waarop teenoor dieselfde ervaring gereageer word: om geen verlange te hê om jou lewe met God te deel nie…

Dus, ten grondslag van hierdie probleem om geen verlange te hê om dissipelskap in sy volheid te ervaar nie, lê die opvatting dat my lewe niks met God te doen het nie. Hierdie opvatting is die hartsonde wat my hele geloofslewe tot dus verlam het.

Vir hierdie probleem het die tradisionele prediking my die volgende oplossing gebied: bekering! Daar is twee basiese tipe bekerings aan my voorgehou:
a. die sonde afsterf bekering en
b. die Jesus-op-die–troon-van–jou-hart bekering.

Die eerste tipe bekering het vir myself niks beteken nie. Hier is enkele aspekte wat as sonde-dade gekwalifiseer word: owerspel, slegte gedagtes, dronkenskap, vloek, rook, brassery. Dit is algemene sosiale wangedrag. Rondom hierdie tipe sondes is ’n boetedoeningbekerings struktuur opgebou. Omdat ek myself nie deel van hierdie tipe sondes gevoel het nie, het hierdie tipe bekerings my nie aangespreek nie.

Die tweede tipe bekering is die “hartsbekering”. Hier gaan dit om die persoonlike toeëiening van die Here van die heersende godsdiens. Jy moet
“Jesus aanvaar”;
“die deur van jou hart oopmaak”;
“jou lewe aan die Here gee”;
“Jesus koning op die troon van jou hart maak”.

Die probleem met hierdie tipe bekeringsprediking is dat jy gevra word om iets aan te neem, sonder dat die eis gestel word dat jy iets moet aflê, en dan spesifiek jou selfstandigheid teenoor God. Die gevolge is dat jy jouself die gesag toeëien om jou mag en reg aan God te onderwerp, maar dit nog steeds as jou mag en reg teenoor God (los van God se mag en reg) te sien. Die gevolge van hierdie tipe bekerings is ’n vennootskap met God eerder as dissipelskap.” (Dagboek 10.01.1981)

Die vryheid wat ek gevind het in God se genade in Christus, los van my identifikasie met God, maak dat ek ook nie die eksistensie filosofie as uitweg sien, kies of gebruik nie. “Lees vanoggend die “brief over het Humanisme” van Heidegger. Λογιζομαι

(beredenering) of προσκύνησισ (aanbidding). Vanuit Heidegger kan ek my eie denke opnuut formuleer ten opsigte van gemeenskap met God. Die “publiek” dink dat as jy oor God en jouself gedink het, het jy aan God deel gehad. Dit is egter die lugspieëlingervaring van godsdiens. Om oor God en jouself te dink, is nog glad nie gemeenskap met God nie, anders gestel, dit is nog geensins om aan God deel te hê nie. Dit is die bedrog van menslike ervaring: om alle menslike ervaring te vergoddelik, laat dit egter so voorkom. Tog is die Messias- mens verhouding nie die een van Λογιζομαι nie, maar van προσκύνησισ.

Dit is interessant dat dit juis die probleem op fakulteit is, en ook die frustrasie van die studente is. Egter, hulle is deel van die magsdenke waar teologie tot die teorie van die praktyk gemaak word. Hulle wil deel hê aan die goddelike. Om dit te kan bereik bou hulle vir hulle magstegnieke op. Die die hele fakulteitsbedryf word vanuit hierdie ideaal ervaar.

Hierdie magsdenke is ook angsdenke.

Hulle leef in die angs van onvermoë: om nie ander mense te kan laat deel hê aan God en Sy werkinge nie. Hierdie mag soek ’n magsmiddel om hierdie onvermoë te kan oorwin (die departement wat die meeste hiervan ervaar is die praktiese departement) en het nou teologie binne hierdie angs tot magsmiddel gemaak.

Die wyse waarop teologie tot magsmiddel word vir die onvermoë om God te kan meedeel (of om jouself aan God te kan gee?) getuig van die godsdienstige – of geloofsonvermoë van hierdie mense: hulle probeer dit tegnokraties doen, volgens die tegnokrasie van hierdie wêreld waarin hulle leef. Dit is die klakklose en skaamtelose oorname van die metodiek van die wêreldmetodisme.

Ten eerste dink hulle in terme van die onderskeid teorie en praktyk.

Hierdie tegnokratiese onderskeiding word sonder enige verandering oorgeneem uit ’n wêreld wat met ’n ander geloof leef. Die voorveronderstellings van hierdie geloof werk vernietigend in op die ervaring van God uit die ontmoeting met Christus as Here en Seun van God. Die veronderstelling is dat as ek ken, sal ek kan hanteer; dat kennis ’n magsgreep op God is; dat God toegepas kan word. Dit veronderstel in sy wese die outonomie van die mens teenoor en van God. Dit veronderstel nie net ’n geloofskennis wat in homself kragteloos is om God te kan meedeel nie, maar ook ’n ratio wat God kán meedeel. In sy wese veronderstel dit ’n god wat deur mense meegedeel kan word, deur outonome en selfstandige mense (meedeel as ’n magshandeling)

Ten tweede, of ten grondslag, veronderstel dit denke oor God.

Dit gebruik tegnokratiese filosofie onkrities en verval daarmee onkrities in die uitgangspunt, die vertrekpunt: die geloof in en van die tegnokrasie. In hierdie voorveronderstelling open

denke die goddelike of die ervaring van die goddelike. Hiermee word denke as rasionalistiese vakdenke volgens die logiese kategorieë bedoel (Kant).

Dit is vanuit hierdie visie dat die studente die klasse (en dosering van die dosente) ervaar. Wat die tragiek is, is dat hierdie visie vernietigend op die ervaring van God in werk.

Daarom is daar ’n felle reaksie uit die klas teen hierdie benadering, maar dit weereens ’n reaksie vanuit ’n eie geloofstarheid. Dit beteken dat daar nie vanuit ’n geloofsdinamiek gereageer word nie, maar vanuit ’n geloofsonvermoë. ’n Geloofsdinamiek ontplooi sy eie waarhede. ’n Geloofstarheid gebruik waarhede wat hom nie eie is nie, om homself te verdedig en selfs om mee aan te val.

Dit is soos om ’n oorlog met aangekoopte wapens te veg.

Die reaksie is die praktiese groep. Hulle leef in ’n lewensafkeur in enige teoretiese spekulasie en wil net prakties besig wees. So is hulle reaksie téén teorie, net nog ’n vergestalting van hulle eie tegnokratiese mentaliteit.

’n Geloofdinamiek reageer nie, maar proklameer. Nie denke nie, maar aanbidding. En dan ’n sintese: denke as aanbidding (LW nie aanbidding as denke nie) Denke maak jou lewe deurdag. Aanbidding maak dit toewyding. Die volheid hiervan kan ek alleen aan deel kry deur aanbidding… waar hulle van my verwag op hierdie wyse – vernietig hulle die bedoeling van my optrede. Die posisie van iemand as teoloog verander in tirannie as dit die bedoeling van sy optrede word: want dan moet hy God aan mense meedeel. Dit is alles verwagtings uit die funksionele teologie. Want dit is deel van die tegniese denke en tegniese handelinge van hierdie mense. Hulle wil God in hulle eie lewens hê (NB) sic volgens funksionele behoeftes en die predikant is die een wat dit vir mense moet gee.

Egter, in die preek; in saam bid; in saam Bybellees; in saamwees in die huis; siekte; en ander situasies gaan dit nie om iets vir iemand te doen nie, maar om saam mee te leef of saam te deel in geloof en geloofsomgang met God” (Dagboek 13.01.1981)

Hierdie innerlike verwarring en besef dat my persoon en identiteit deur hierdie geestelikheid misvorm en onderdruk was, stel my voor die werklikheid van opstand en verset. Ek wou egter nie die weg van ateïsme as verset gekies het nie. Ek het my in God se genade gevind teenoor die mag van geestelikes. Daarom moet ek ook vir myself ’n weg tot opstand en verset vind, buite die opstands- en versetmodelle wat aan my voorgehou is.

Ek het meteens ook aangevoel en geweet dat hierdie tipe verset en opstand is niks anders as die tipe geestelikheid waaruit ek wou kom nie. Ek moes dit op twee vlakke vind en uitsorteer: binne myself in my eie disassosiasie en binne die onderdrukking en verwringing waarin ek moes leef binne die geestelikheid van die NG Kerk. Die

verset wat ek aangevoel het, was verset teen die afhanklike verhoudings wat hulle as “vrugte van die gees” uitgeleef het. Ek moes inskiklik leef teenoor hulle geestelike meerderwaardigheid en voogskap. Ek het nie die onderskeid tussen geestelike sentimente en geloofsdeugdes geken nie, maar verwoord die mag en werking wat in hierdie geestelike sentimente opgesluit is.

“Godsdiens was ’n afpersingstegniek. Veral na ek tot ’n “diepe toewyding” tot die Here gekom het op die CSV kamp by “die Hoekie” en met die skoolverlaterskamp by Badseloop. Volgens hierdie godsdiens is vriendelikheid, inskiklikheid, selfbeheersing, liefde, geduld en ander, ’n eis wat deur suggestie van my verwag is omdat ek ’n toegewyde kind van God is. Hulle kan egter domineer, manipuleer, afbreek, misken, vernietig en na eie belang skik met die verskoning van “is maar sondig”.

Hierdie dinge was nooit so genoem nie, maar dit was die inhoud van die gebeurlikheid gewees. In my verhouding tot die Here het ek dan om vergifnis gebid vir enige ervaring van opstand as sou dit in sig self sonde wees. Ek het die hele ervaring van onderdrukking nie eers teenoor God genoem nie of Hom as Here betrek by my lewenssituasie nie. Met ander woorde ek het sy Hereskap misken en ek het deur al hierdie krisisse beweeg sonder die vertroue.

<u>Opstand as eis van God aan sy kind, sy dissipel: opstand as koninkrykseis.</u>
Binne die huidige Piëtisme is opstand sonde. Enige ervaring van haat, opstand, dit wil sê, enige ervaring van aggressie is sonde. Want liefde, sagmoedigheid, geduldigheid, verdraagsaamheid e.a. is die vrug van die Gees met die logiese afleiding dat ander gesindhede sonde is.

Dit maak dat die Christene opstand ervaar as vervreemding van God, en daarom iets wat hulle as skuld teenoor die Here moet bely. Ander ervaar dit as iets wat hulle nodig het om hulle self te handhaaf, en omdat hulle voel God blameer hulle daarvoor, word hierdie deel van hulle lewe net nie weer ter sprake gebring voor die Here nie. So is opstand ’n krag wat mense van God vervreem.

In mense soos Jürgen Moltman en andere is opstand egter as deel van godsdiens erken, maar hier vanuit ’n funksionele Christendom waar enige piëteit ’n aangeplaktheid is. Opstand word hier deel van ’n selfstandigheid teenoor God waar Jesus nagevolg word as opstandeling en nie meer as Here aanbid word nie.

Só is enige opstandsbeweging en enige opstandeling uitgelewer aan die volgende godsdienservaringe.
a. Skuld en selfontkenning.
b. Selferkenning en vervreemding van God
c. Selferkenning en misvorming van God (funksioneel)

Die keuse as jy opstandig is, is dus om of jou opstandigheid as sonde te beveg en jou selferkenning te verloën met die gevoel dat dit Christelike selfverloëning is ter wille van Christus en sy Naam. Of om jou regte wat bedreig word teenoor jouself te erken en dit wel so as skuld te erken, maar weens die noodsaaklikheid van selfgelding dit nie as sonde te bely en so voel dat jy van God vervreemd word.

Die ander moontlikheid is gewoon om Jesus as Here te misken en om Hom ’n opstandeling te maak wat jou eie opstand regverdig. Maar dit is ’n Christus voor wie jy ervaar ek kniel nie meer voor Hom nie, ek aanbid Hom nie meer as Here nie, ek vertrou nie meer in sy soewereiniteit nie en so word ek van God vervreem ter wille van ’n Jesus van my opstandigheid.

Binne die huidige godsdiens is opstand ’n vernietigende krag: dit vernietig die vertrouensverhouding van ’n Christen tot sy Here en so vernietig dit uiteindelik sy kerk en koningryk.” (Dagboek 21.01.1981)

Hierdie breuk met die mag en grensloosheid van my “intimiteit met God”, maak dat ek ook die magspel en grenslose geweld wat binne my klas deur my medeteologiese studente gevoer word, kan herken en verwoord. Veral omdat die meeste hulle self nie meer as studente gesien het nie, maar as mense wat nou in hul self predikante is en binne kort as predikante beroep gaan word. Hierteenoor het ek al begin aanvoel dat ek nie meer saam met hulle predikante kan wees soos hulle al reeds in hul gemoed is nie:

“My ervarings in die klas die laaste paar dae maak my baie neerslagtig. Die hele gesindheid wat daar onder ons heers is om mekaar as bedreigend te ervaar met die magstrewe waarmee elkeen besig is. Baie is doelbewus besig om vir hom ’n magsposisie uit te werk… Teenoor hierdie groepsdruk bou elkeen sy eie meganisme op: bombasme; afsydigheid; kilheid; vriendelikheid; saaklikheid; aggressie en jovialiteit. Soms is, of baie keer is hierdie optredes eg, maar baie keer is dit ’n verdediging vir hierdie basiese angs: om minderwaardig te wees in die stryd om mag en gesag in die klas.

Ek self het my deel gevoel van hierdie opset. Veral die laaste tyd waar ek al meer besef ek staan in ’n tydperk van moontlikhede. Wat ek eendag in die kerk gaan wees, hang af van hoe ek nou optree, werk en veral, veral die indrukke en op wie ek indruk maak, altans, dit is die suggestie van hierdie hele opset.

As grondliggende van hierdie probleem lê die minderwaardigheid wat geassosieer word met die werk van ’n dominee in vandag se samelewing. ’n Dominee word aangeval as vals, gemaksugtig, geldgierig en lui. Sy werk is onnodig, frustreer mense, mense en lidmate is afsydig, skinder oor jou, hulle het nie waardering vir jou optrede nie. Verder suggereer hulle dat die kerk kragteloos en uitgedien is – dit is oor die werk van die Here wat hulle dit voel.

Met hierdie aanval is dit maklik om jou waarde te vind in jou gesagsposisie waarin jy aangestel word bo die van die gewone dominee. Daarom kry jy vandag die “bekende” dominees, die Freddie Fourie’s en Malan-Nel’s e.a. Opvallend is dat hulle nie bekend is vanweë hulle evangelie- en Woordbediening nie, maar om een of ander aspek waarmee hulle “naam” gemaak het, bó die die status van ’n dominee.

Binne hierdie druk weet ek dat die Here het my geroep om dienskneg te wees: nie om gesag en mag na te jaag nie; bekend te raak onder die mense of om buitengewoon te wees nie. Jesus Christus is my Here en Hom sal ek dien in Woord en daad. Dít is die waarde wat ek vir God het: om van huis tot huis te loop in die aand en die Here se dissipels te versterk; te vermaan; op te bou; om hulle te lei in die groot ontmoeting met God; om sy Ryk uit te bou in nederige dienswerk en verkondiging teenoor alle mense, volke en rasse; om in groepe aan hulle die Here as Here te verkondig; om saam te bid en hulle in gebedslewe te lei; om hulle tot lof en getuienis te bring. Dít is die posisie wat ek van die Here onder mense ontvang het… Loof die Here: Jesus die Christus.” (Dagboek 24.01.1981 Taaibos koshuis UP)

Die vryheid om nie meer “intieme” verhoudings te soek nie, gee my ook die vryheid om nie meer hierdie onvervulde magsstrewe as “wonderlik” en “mooi verhoudings” te idealiseer nie.

Nou kon ek my eie neerslagtigheid en depressie en isolasie binne in hierdie magteloosheid herken. Ek het geen geloofsinhoud gehad om die onderwerping en oorheersing binne identifikasie met God te kon herken, vind en verwerp nie. Dit was nog in my gemoed verstengel as “vrugte van die Gees” en “oorgee aan die beheer van die Gees”.

“Is baie terneergedruk. Begin dink oor my terneergedruktheid die laaste paar jaar. Dit lyk asof ek terneergedruk voel waar ek my uitgelewer aan my omstandighede voel; wanneer ek bewus word van wat ek moet deurgaan as gevolg van die mense om my se besluite; se magsoptredes en invloed op my eie lewe. Begin myself egter as vry ervaar. Só gesien, hang my terneergedruktheid direk saam met my vryheid of gebondenheid/ onderdrukking.” (Dagboek 8.03.1981.)

Met Bybelstudie vind ek die selfgelding uit vertroue en geloof in God as iets anders as die onderwerping en oorheersing wat ek geweet het nie meer die liefde is wat ek geglo het dit was nie. Daarmee vind ek ook die geloof waarmee ek myself kan handhaaf binne die werklikhede van die lewe wat ek al meer vir myself herken en erken buite die isolasie van my identifikasie met God: “… My nuwe dinamiese optrede en selfgerigheid begin nou ’n geïntegreerde ervaring word. Numeri 14: 6Ook het Josua seun van Nun, en Kaleb seun van Jefunne, manne wat saam die land verken het, hulle klere geskeur, 7en vir die hele vergadering Israeliete gesê: “Die land wat ons gaan verken het, is ’n buitengewoon goeie land. 8As die Here ons goedgesind is, sal Hy ons na hierdie land toe bring en dit aan ons gee, ’n land wat oorloop van melk en heuning. 9Julle moet net nie teen

die Here in opstand kom nie. Moet ook nie vir die mense van die land bang wees nie, want ons sal hulle maklik verslaan. Hulle gode sal hulle nie kan beskerm nie. Die Here is by ons. Moenie vir hulle bang wees nie!”[10]Maar die hele vergadering het gedreig om vir Josua en Kaleb met klippe dood te gooi.

Jesus het my gisteraand deur sy Gees hieroor aangespreek. Meeste van die tyd maak die Here my bewus van die volle omvang van my omstandighede en die inhoud van alle optredes en gevolge daarvan. Maar juis hierdie bewuswording is vir my ’n neerdrukkende ervaring Nog altyd het ek my uitgelewer gevoel aan die magte en invloede wat op my inwerk en het ek die angs, en later die opstand teen hierdie magte en invloede ervaar.

Ek het nie ’n geloof in Jesus Christus gehad wat my dinamies en met durf laat optree het nie. Want ek het net geglo in die oorweldiging van die magte wat op my inwerk. … My geloof in Jesus Christus is grotendeels ’n verwagting dat Hy hierdie omstandighede sal verander sodat ek Hom in hierdie wêreld kan dien. Dit is egter nou duidelik dat die Here my juis deur hierdie omstandighede lei om daardeur tot die seën van sy regering en koninkryk in my lewe te kom.

Alles is in sy hand en as my Here regeer Hy deur dit alles oor my as die Here wat my Herder is. Die Here wil hê dat ek Hom juis in en deur hierdie omstandighede sal eer en dien en só deel kry aan Sy seën in my lewe en in Sy koninkryk. Die feit dat die Here só regeer vra van my ’n Kalebgesindheid.

Hierdie is die fundamentele verandering in my lewe en persoon. My hele kinder- en tienerleeftyd staan in ’n afhanklikheidskonflik. … Teenoor hierdie mag en invloed het ek ’n gesindheid van laat maar gaan aangekweek. … Doelbewus het ek my oorgegee aan ’n gesindheid van selfverkragting. Dit kan egter nie meer nie. As dissipel van die Here moet ek die eise en verantwoordelikhede wat Hy my gee in die posisie waarin Hy my aanstel aanvaar en gehoorsaam. Ek moet nie hierdie eise nakom nadat die Here my omstandighede gerieflik gemaak het nie, ek moet hierdie eise en verantwoordelikhede nakom deur die probleme en magte wat my my selfwees wil ontneem. In hierdie vaste vertroue dat hierdie omstandighede in die Here se hand is, en my juis deur hierdie probleme tot gehoorsaamheid te lei, wil Hy my in die rykdom van sy koninkryk laat deel.

Hierdie is die Kaleb gesindheid!

’n Vaste vertroue in die Almagtige heerskappy van Jesus Christus om my deur die magte en invloede wat my van my verantwoording teenoor Hom wil weerhou, te lei. ’n Liefde wat Hom juis in hierdie omstandighede wat dreig om my te oorweldig, te dien en nie te wag vir ’n beter diensgeleentheid nie. ’n Vaste hoop dat langs hierdie weg ek sal deel hê aan die ryk en diepe betekenis van God se totale koninkryk. Hierdie geloofsvertroue, geloofshoop en liefde, maak ’n dissipel moedig en laat hom met durf optree.

Jarelank het ek God se eer en heiligheid geskend deur my lafhartigheid. Hierdie is ’n lafhartigheid wat wys dat ek geen vertroue in Jesus Christus gehad het om my juis deur hierdie dreigende magte te lei nie, ’n Vrees dat ek oorweldig sal word en daarom hierdie

terneergedruktheid. Ek het geen hoop gehad dat ek langs hierdie weg van gehoorsaamheid aan die volle rykdom en seën van God se koninkryk sal deel in my totale lewe nie. Ek het geen liefde gehad wat my gedring het en my deur alle magte heen God blymoedig laat dien het nie. Ek het God bespotlik gemaak. In hierdie sonde het ek die straf van God in my lewe terdeë ervaar. Hy het my oorgegee aan die vernietigende gevolge van my lafhartigheid en verder my die volle rykdom van sy koninkryk ontsê. Ook het Hy my in hierdie waan dat alles tussen my en die Here reg is, laat ronddwaal… Hierdie sonde het my totale lewe lamgelê.” (Dagboek 9.03.1981. Taaiboskoshuis UP.)

Omdat geloof en liefde nou vir my ets anders as die intimiteit met God is, kon ek hierdie intimiteit met God as my eie vrees ontdek om myself te mag wees. Sonder hierdie innerlike vryheid sou ek nooit die wysheid en krag gehad het om my gevoelslewe te probeer terugvind met sielkundige terapie nie.

Omdat ek Matteus heilshistories en Christosentries uitlê, kry ek dit ook reg om vir myself reeds in 1981 ’n ander betekenis vir die uitdrukking “Bekeer en doop” by Johannes die Doper te vind. Ek het geweet die uitdrukking “bekeer en doop” kan nie na die tipe bekerings verwys wat ek in die CSV en Jeugaksie mee besig was nie:

““**Bekering en doop**

Bekering by Johannes die Doper het ’n nuwe inhoud. Dit is ’n antwoord op die eskatologiese aankondiging van die koninkryk van God. Dit is nie net die berou oor die verlede, verandering van hart en toekeer tot God nie. Dit staan as direkte antwoord op die aankondiging van die tyd van God se omvattende heerskappy. Bekering is hier die deel van die gereedwees en hoop op God se komende heerskappy met die koms van die Messias. Dit is om bekeerd te lewe om gereed te leef vir die koms van die koninkryk van God. Hierteenoor staan mense wat hulle nie bekeer nie nou as mense wat nie gereed is vir die tyd van God se heerskappy nie. Dit is die betekenis van Johannes se aanval op die Fariseërs.

**Doop: dit is die doop van Johannes die Doper**.

Om deel te hê aan die doop, beteken dat jy die teken dra dat jy gereed is vir die koms van die Messias en daarmee die tyd van God se heerskappy. Om deur Johannes die Doper gedoop te wees, het beteken dat jy gereed is vir die nuwe tyd van God se heerskappy. Om deur Christus se dissipels gedoop te wees, het beteken dat jy deel het aan die nuwe tyd van God se heerskappy.” (2.04.1981 Taaiboskoshuis UP)

My breuk met my identifikasie met God, het behalwe vir my en Danie 'O Reilly se vriendskap, van die grootste deel van die teologiese fakulteit geïsoleer.

’n Dosent wat op my en Danie 'O Reilly baie groot indruk gemaak het, was dr. A.J. Smuts wat vir ons praktiese teologie net in ons diplomajaar gegee het. Sy vakgebied was pastoraat. In hierdie tyd waarin ek uit my “identifikasie-verhoudings”, “intimiteits”-verhoudings ontworstel het, het sy menslikheid en sy verbondsgeloof en verbondsperspektief in die pastoraat my ook gehelp om vertroue as die kern van die

verbondsverhouding met God en mense te kan vind. Hy was anders as baie van die dosente nie ’n magsfiguur nie.

“Doen hierdie week hospitaal besoek onder leiding van dr. A.J. Smuts. Hy leer my om na die gevoelens en bedoelinge van mense te luister en vanuit hulle gevoelens wat hulle wêreld is, hulle op God te rig. … Ervaar een groot indruk: die Here leef nie verby nie; die Here luister en gee ag op my gevoelens; dit is vir Hom nie onbelangrik nie; Hy luister nie net nie, maar is God helpend; regerend; begeleidend besig om op my met my gevoelens, my eie sondes en eie nood, ag te gee. Dr. Smuts word vir my ’n verwysingsfiguur wat die wete van God in my lewe versterk en dra. God luister en gee ag op my gevoelens, wie is ek dan om my eie gevoelens en my gevoelswêreld te onderdruk en verby te gaan.

Dr. Smuts wys my in my beraad op ’n groot wonder: “wie uit vertroue in God leef het nie sy verdedigings en wangedrag meer nodig nie. Daarom moet ons nie ons gevoelens verander of verdedigings meganismes afbreek nie, hulp, begeleiding en ondersteuning gee om in volle vertroue op God te leef.” (20.07.1981 Taaibos UP.)

Die onderskeiding tussen magsoeke en vertroue in myself, en die erkenning van liefde as iets anders as die onderwerping van en oorgawe aan grensloosheid, saam met die terapie, maak dat ek myself al meer en meer kan vind. Dit maak dat ek ook die kultiese identiteit waarin ek geleef het, aan my vreemd word.

“Daar is ’n groot stuk van geloofservaringe wat nie my eie is nie. Ek voel myself en het myself eintlik nog nooit as totaal verlore ervaar nie. Ek voel ook nie dat ek ’n groot behoefte aan verlossing het nie. Daarom is die hele prediking van die wonderlike verlossing van God vir my nog nooit van betekenis gewees nie want ek het nie gevoel asof ek hierdie soort groot behoefte gehad het nie. In die kerk is daar dan baie keer uitgewei oor hierdie soort groot behoefte wat ek sou gehad het om verlos te word, maar dit was nooit waar nie. Ek het nooit ’n worstelstryd gehad om verlos te word soos verlossing aan my verkondig is nie, en die wonderlikheid daarvan kon ek persoonlik nog nooit raaksien nie.

Soos verlossing aan my verkondig is, het ek nooit gevoel dat dit waarna ek soek nie. En ek het nog nooit hierdie groot worstelstryd met God, sy geregtigheid en my skuld teenoor Hom gehad nie. Ek het eenvoudig nie deel gevoel en voel my nog steeds nie deel van óf die probleem óf die oplossing daarvoor nie.

My ongeloof en sonde maak dat hierdie soort aanspreke my nie raak nie. Maar wat my ongeloof en sonde is, kon ek nog nie behoorlik ontdek nie.

Dit is hoekom dit vir my onverstaanbaar is dat ek ooit in standerd agt tot bekering kon gekom het. Dan bedoel ek nie onverstaanbaar in die sin van dat dit wonderlik is nie, allermins. Onverstaanbaar omdat ek geen worsteling met God oor iets wesenliks tussen my en Hom gehad het nie. Ek het geen stryd met die verlorenheid of ’n tipe ellende gehad waarvoor ek God nodig gevoel het nie. En tog het ek saam met my maats die Here aangeneem nadat die

oom daarvoor op die verhoog gesê het Jesus het my lief en ek moet Hom persoonlik aanneem.

“Vader, hoe kan ek U aanneem as ek nie as kind van God gevoel het ek is verlore van U nie, en dit nog steeds nie voel nie? My God, hoe kon ek tot bekering gekom het, as ek nog nooit myself as in so ’n tipe ellende en verlorenheid gevoel, het dat ek na U gegryp het nie? My Here, hoe kon ek gebreek het met my sonde, as ek nog nooit my sonde as worsteling met U en voor U gevoel het nie? Here, het ek die afgelope jare met my bekerings, my gebede en my lofprysings U gehele en bespotlik gemaak?” (29.07.1981 Taaiboskoshuis UP.)

## 33. Twee rigtinggewende keuses: om self na Christus in die Skrif te soek en die werksaansoek as pastorale hulp vir die jeug in Silverton moedergemeente.

Met die einde van die jaar 1981 in sig het ek innerlik geweet dat ek nog nie die inhoud van die geloof in Jesus Christus vir myself gevind en verwoord het nie. Ek het die leegheid van my geloof geken. Ek het besef en dit aangevoel dat wat ek soek, ek ook nie werklik in die leerplanne van die fakulteit sal vind nie. Die tipe versugting wat uit die studente gekom het om hul godservarings te bedryf het die karakter van die fakulteit medebepaal. Dosente het hierdie geestelikheid óf vermy óf gesanksioneer. Die geloofsvraag waarin ek na God en Christus gevra kon nie hier aan die orde kom nie.

Dit lei tot ’n besluit wat my hele lewe gerig het en waarin ek lewenslank gebly het:
“Ek, Johan Haasbroek, Dawid Swanepoel en Freek Muller gesels oor die studente opset op die universiteit. Ek voel dat hier sekere basiese gedragskodes is wat maak dat die deursnee student nie toegelaat word om sy terrein te deurvors nie. Die algemene houding onder die teologiese studente teenoor studie is so negatief dat iemand wat werklik student is deur medestudente onder die druk geplaas word om nie te studeer nie. Dit is veral sosiale druk. Jou posisie word sosiaal afgemaak as jy werklik wil studeer. Dit is my ervaring die laaste ses jaar op universiteit gewees. Nog ’n negatiewe faktor is dat jy nie werklik as student ontgin word op die fakulteit deur die maniere waarop hulle toetse aflê, die skoolse belangstelling in teologie waar hulle verwag ons moet leer wat hulle voordra, en die feit dat daar geen funksionele gesprek op akademiese vlak met dosente is nie.

Ek is moeg om onder hierdie druk te leef en daaraan toe te gee. Ek sal nou in myself student en navorser in die geloof en openbaring van God wees.” (Dagboek Taaibos 22.07.1981)

Hiermee het ek besluit om die geloofsinhoude wat ek reeds kon vind, onderskei en vir myself ontgin in die studie van die Woord van God voort te sit. Hiermee het ek probeer breek met die skoolsheid van teologiese fakulteit. Dit sou my egter weer inhaal met die poging om hierdie inisiatief met ’n doktorale studie te probeer verbind.

Ek probeer weer my eie ongeloof en die goddeloosheid in my wat die geestelike ervaringe van standerd agt af help vorm het, na ’n gesprek met Christo Blom as medeklasmaat te verwoord:

“Ek deel in sy geloofservaringe. A. Die godsdienservaringe en gevoelens wat my eie is, is só negatief, sondig, dat ek nooit die vrymoedigheid gehad het om dit teenoor die Here te noem en om daarin sy koningskap, profeetskap en priesterskap aan te roep nie. Dit is gevoelens van selfstandigheid sonder Hom en wye skakerings daarvan. Op etiese gebied is dit so dat ek nie worstel met die probleem van sondeskuld nie, maar met die probleem van sondesmet, want dit is besig om op ’n ongekende wyse, wat omvang en aard aan betref, my te oorweldig. B. Daarom ook die tradisionele onderwerpe van gebed, prediking en geestelike worsteling is nie meer relevant nie, die geloof in God word op ander wyses bedreig en vra daarom ander vorme van geloofsworsteling. Martin Luther se stryd om soek na genade is nie meer relevant of die fokus van die mens se ervaring met God nie. Nicky Cruz se stryd of hy aanvaarbaar vir God is, is nie meer die fokus nie. Billy Graham en andere se stryd om sekerheid te kry oor sondevergifnis en deelname aan die hemel (Kennedy) is nie meer die fokus nie. So ook die Réveil, Charismatiese en herlewingsaksies se aksie is nie meer die relevansie van geloof in God nie. Die fokus is verlê na die mens met sy sondesmet en sy selfstandige bestaan teenoor God en sy deïstiese en personalistiese manier om God wel te betrek. Teenoor hierdie ervaringe moet ’n geloofsvertroue in God gevind en uitgebou word wat hierdie gedrag deurbreek en ware vertroue gestalte gee in die stryd van die mens teen sonde. Dit gaan om die belydenis van God se totale koningskap en ’n vertroue op sy kragtige werkinge deur sy Gees in Sy heerskappy om sondesmet te deurbreek tot die vreugde van die seën van die Here.” (Dagboek Taaibos UP 22.07.1981)

Met hierdie besluit tot selfstudie, die poging om die geloofsprobleem te vind en die soeke om geloofsvertroue in God terug te vind, het ek eintlik my lewenstaak vir myself geformuleer. Al het ek nie enige besef van die omvang daarvan gehad of begrip gehad hoe ek dit moet doen nie. Ek was net gemotiveer uit wat ek reeds in die Woord van God gevind het en hoe ingrypend dit my geraak het.

Na Juliemaand het die druk om my skripsie te voltooi, my werk in Alberton-Oos gemeente, my Sondagprediking oor die Oosrand en Vereniging en met die druk van die terapie by dr. Erasmus, so veeleisend geword, dat ek nie meer my dagboek gehou het nie.

Die druk het die krisis van die oomblik net nog verhoog. Ek het nie openbaringkennis of die geloof gehad om Christus te verkondig nie. Ek het gebreek met die geestelikheid om deur Jesus met God te identifiseer, dit is die godsbedryf van die kerk, terwyl ek voor die werklikheid gestaan het om ’n predikant in hierdie godsbedryf te moet word.

Ek het totaal onvoorbereid vir die bediening gevoel en het deur die loop van 1981 al meer verdere studie as alternatief begin oorweeg. Ek wou nog steeds probeer om deur akademiese studie die wêreld van afgodsdiens waarin ek vasgevang was en

myself al meer uit probeer ontstrengel het, te kon peil en deurbreek om die alternatief te vind.

Danie het aan die einde van 1981 op ’n Vrydag oggend om 8 uur sy skripsie by prof. Boshoff ingegee. Toe hy daar weg stap, het hy besluit hy is klaar met die geestelikheid binne die NG Kerk. Hy het geweet hy kan net nie meer op enige manier binne hierdie sisteem funksioneer nie. Hy het net nie meer belanggestel in hierdie geestelikheid nie. Hy het glad nie kans daarvoor gesien om dit in ’n gemeente te gaan bedryf nie. Op pad van die universiteit na Taaibos koshuis besluit hy om ’n draai by die Hatfield Baptiste Kerk te maak. Hulle was nog naby aan die kampus geleë gewees.

Met sy aankoms het hy gevra vir ’n pastoor, want hy het ’n persoonlike probleem. Net soos in sy gesprek met Malan Nel, het Danie aan die pastoor wat na hom toe gekom het, sy probleem uitgespel: dat hy totaal verlore voel, heeltemal deurmekaar in sy geloof is, nie weet wat die sin van die lewe is, dat godsdiens net nie meer vir hom sin maak nie en in ’n geestelike depressie is.

Die pastoor het na hom gekom en na hy gehoor het Danie is ’n finale jaar teologiese student en wat sy worsteling is, is hy so diep aangegryp gewees daardeur dat hy nog twee ander pastore ingeroep het in die gesprek. Hulle het tot twee uur die middag met hom sit en praat.

Hulle wou eers by hom hoor of hy al tot bekering gekom het. Danie het vir hulle gesê hy het al baie tot bekering gekom en dat dit juis is wat nie vir hom werk nie. Dit is toe dat hulle vir hom vra met watter teks hy tot bekering gekom het. Danie het al wrewelrig begin voel en uit frustrasie die eerste en beste teks voorgehou, naamlik Johannes 1: 12: “Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die mag gegee om kinders van God te word.

Tot Danie se verbasing het hulle toe vir hom gesê dat dit sy probleem is. ’n Mens kan nie met daardie teksvers tot bekering kom nie. Dit het Danie totaal onkant gevang. Veral toe hulle meld dat hy as gereformeerde tog weet dat mens niks kan doen om gered te word nie en God dus ook nie kan aanneem nie.

Gekonfronteer met hulle innerlike dualisme, jy kan nie die Here aanneem as jy verlore is, want jy kan niks doen om gered te word nie, het Danie uit radeloosheid vir hulle gevra, nou met watter teks hy dan tot bekering moet kom.

Hulle antwoord was Openbaring 3: 20 “Kyk, Ek staan by die deur en ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal ek by hom ingaan en saam met hom feesmaal hou, en hy saam met My.”

Die res van die gesprek het toe oor hierdie vers gegaan. Hulle het dit vir hom só gestel en uitgelê: “Die Here staan buite jou lewe. Hy klop en wil in jou lewe inkom. Jy moet die deur van jou lewe vir die Here oopmaak.” Elke keer wanneer hulle dit gestel

het, het hulle hom dan gevra om dit saam met hulle te bid. Wanneer hulle klaar gebid het, het hulle dadelik vir hom gevra: “Waar is die Here nou?” As hy dan antwoord dat hy nie weet nie, is hy gevra: “Hoe voel jy nou?” Hy het elke keer gestel dat hy nog net so depressief voel en dat alles steeds nog geen sin maak nie.

Hulle het hierdie oefening met Danie talle kere herhaal voordat hy verstaan dat hy moes antwoord dat hy moet sê hy voel die Here is nou binne in hom, binne in sy hart omdat nadat hy die Here ingenooi het, die Here mos ingekom het. Behalwe dat Danie dit net nie beleef het nie kon hy hulle redenasies nie begryp omdat dit net nie logies was nie.

Toe hy egter agter die kap van die byl gekom het en hulle logika begryp het, het hy met sy redenaarsvernuf hulle toe met hulle eie dualisme gekonfronteer. Hoe kan hy die Here innooi om gered te word, want volgens hulle kan hy mos nie die Here aanneem om gered te word nie. Aan die hand van prof. Frikkie Botha se lesings oor Openbaring het hy aan hulle probeer verduidelik dat juis Openbaring 3: 20 alles behalwe ’n bekerings- of reddingsteks is, want dis ’n oproep aan die gemeente van Laodisea, oftewel gereddes, behalwe vir die moderne Christelikheid. Vir hulle is die gemeente mos by uitstek die arbeidsveld.

Hy kon egter geen hond haar af maak nie. Hulle het doodeenvoudig gefikseer op wat hulle wil hê hy moet sê: “God is buite; God wil inkom; God vra my om in te kom; Ek moet net my hart en lewe vir God oopmaak en wanneer ek dit doen, dan moet ek glo God is nie meer buite my hart en lewe nie, God is nou binne my hart en lewe”

Hy het besef daar is geen salf aan te smeer nie en hulle bedank vir die tyd wat hulle aan hom afgestaan het. Hulle het by hom bly aandring om te sê wat hy dink en voel oor wat hulle aan hom verduidelik het. Danie wou nie, maar hulle het bly aandring. Daarom het hy toe vir hulle gesê dat hulle dan asseblief net nie moet aanstoot neem nie, veral omdat hy geweldig waardering het vir hulle aandag en geduld met hom. Hy stel toe dat hy steeds nie weet wat reg of verkeerd is nie, dat hy nie weet of hy iets van godsdiens en God verstaan en of die NG Kerk iets van godsdiens en God verstaan nie, maar een ding is egter seker, hulle het geen idee waaroor dit gaan nie.

In hierdie onvergenoegdheid, maar sekerheid oor hoe hulle mistas is Danie toe daar weg.

Danie het hom hier teen die hart van die identifikasie met God vasgeloop. In die NG Kerk word hierdie identifikasie so aangebied dat hulle dit voorhou asof identifikasie maar net geloof is soos die NG Kerk se belydenisse dit bely. Daarom gebruik die Jeug-tot-Jeug-Aksie, die ACSV en die hele herlewingskultus ook Openbaring 3:20 met groot gemak as die geestelike aksie wat mens moet uitvoer om gered te word, terwyl dit tog duidelik ’n oproep aan ’n gemeente oftewel mense wat reeds gered is.

Die Baptiste het egter nie hierdie dualismes en verduideliking nodig nie. Hulle stel openlik dat geloof jou nie red nie. Jy moet God innooi. Jy moet met God in jou identifiseer. Geloof is nie vir hulle geloof in die evangelie nie. Dit is die geloof dat God met jou identifiseer (in jou inkom) wanneer jy God toelaat om met jou te identifiseer (in jou in te kom).

Die geloofsinhoude waarmee ek en Danie geworstel het, het ons van die gekende moderne Christelikheid vervreem, nie net van die NG Kerk nie.

Ek het in die tyd met prof. Heyns ’n afspraak by sy huis gemaak om te kyk of ek weer in die dogmatiek kon inkom. Ek het probeer om iets van die geloofsinhoude wat ek mee gebreek het en waarna ek soek, vir hom te verwoord. Ek het probeer om dit in die begrippe van “koninkryk van God” te verwoord. Ek het aan hom gestel dat die hele inhoud van die kerk se geloof misplaasd is en dat ek na die alternatief soek en dit wil verwoord.

Hy het met sy kenmerkende sarkasme teenoor my verduideliking reageer en my as oor ambisieus ligtelik gespot. In sy gespot het hy my nie gehoor nie. Dit het my diep ontstel. Ek het besef dat ek in die dogmatiek nie deur hom sal kan doen wat ek aanvoel nie. Hy het nie op enige wyse aanduiding gegee het dat hy begrip het vir wat ek probeer stel nie.

Toe ons na die onderhoud uitstap en ek by die kar kom, oorval die desperaatheid my en ek gaan staan met my kop op my arms op my kar se dak en huil. Ek is totaal verleë en verward oor my emosionele reaksie. Die laaste keer wat dit gebeur het, was met die skoolverlaterskamp op Bad-se-loop. Daar het ek op dieselfde wyse gehuil het toe ek weer ’n keuse vir God moes maak met die klipstapeling waarin jy met ’n klip jou keuse vir God moes wys.

Hy is ook eg menslik ontsteld en vra of dit oor geld gaan. Ek het met die ou Morris Minor gery. Ek stel nee, dit gaan nie oor geld nie en ry. Die volgende keer wat ons met mekaar te doen sou kry was met die konflik in 1982 in Silverton toe hy my as ’n antinomis beskryf het en die geestelikes teen my optrede in die gemeente Silverton gesterk het.

Hierna het ek na prof Wethmar toe gegaan en weer probeer verduidelik. Hy het my in sy spesialisteveld ingelei en ek het aanvaar dat ek dit sal moet doen as ek in die dogmatiek wil inkom. Otto Weber se “Grundlagen der Dogmatik se inleiding het my baie gehelp, maar Pannenberg en Moltman was deel van die probleem waaruit ek probeer kom het. Ek het ook vir prof. Borchardt my saak probeer stel. Hy het gestel dat hierdie saak nog nie akademies werklik nagevors is nie, maar het my op die regte pad gesit met die werke van Bengt Sundler en Walter J Hollenweger: “The Pentacostals”. Hy het egter gereken dat die probleem van identifikasie met God iets is wat in die Derde Wêreld, buite die Gereformeerde Kerke, plaasvind. Omdat prof.

Frikkie Botha vir my soveel leiding gegee het, het ek hom ook genader en Nuwe Testament as vak vir my doktorale studie ook gekies.

Terwyl ek egter beplan vir doktorale studie vir 1982 as uitweg uit my bevangenheid, was ek werklik net akademies uitgebrand. Ek het nie meer die krag en wil vir studie gehad nie, maar ek moes ’n weg vind om vir my die geloofsinhoud te vind wat ek geweet het ek nie het nie. Al waaraan ek op daardie stadium as oplossing kon dink, was verdere studie.

Ek het geen insig gehad dat dit deur my Bybelstudie en prediking was waar ek die geloofsinhoude sou kon vind teenoor die identifikasie met God in afgodsdiens nie. Hierdie uitbranding het gewys in die inhandiging van my skripsie in sending. Ek het tot op die laaste minuut nog daarmee geworstel en het amper die skripsie nie betyds ingegee nie.

Terwyl ek vir hierdie doktorale studie beplan het, het Silverton moedergemeente ’n advertensie op die fakulteit se kennisgewingbord geplaas dat hulle ’n proponent as pastorale hulp vir die jongmense vir 1982 soek.

Ek het aansoek gedoen en aan die einde van die jaar vir die eerste keer die dagbestuur van Silverton gemeente ontmoet: dr. Joost Hattingh, dr. Len Scott, dr. Piet Nel en Boet Schoeman, saam met die leraar, ds. Fanie Groenewald. Ek het die pos gekry en daarmee kon ek my studies vir 1982 self finansier.

Hulle het my verwys na Johan en Lettie van Rensburg in van der Merwe rylaan 101 wat losies gegee het en daarmee was die geskiedenis van 1982 vasgelê. Dit was ’n baie klein buitekamer. Die kamer was smal en het net plek vir my stoel gehad voor die ingeboude lessenaar. Die bed was ’n bo-houtdek waarna ek met ’n leer moes opklim. Die kamer het net ’n buite toilet gehad en ek moes in die huis bad en eet.

My pa het gereël dat ek weer weermagsvrystelling kon kry om my studies te kon voltooi.

Vir die Desembervakansie kon ek nog nie by die van Rensburgs ingetrek het nie. Ek het met Dawie Swanepoel saam ’n huis in Rietfontein gedeel wat hy vir mense opgepas het, in Maroelakoshuis per geleentheid oorgebly en ook by my ouers op perseel 62 Mapleton.

My vriend Danie 'O Reilly is beroep as leraar na die gemeente Wonderboompoort toe. Sy pastorie en vriendskap was vir my weer die steunpilaar in die jaar se stryd wat in Silverton moedergemeente rondom die bediening van die evangelie losgebars het.

In Desember 1981 verwoord ek my eie ongeloof in God buite my identifikasie met God waarmee ek stuk vir stuk die vorige jare gebreek het. Ek kry dit reg om te onderskei tussen die Jesusbeeld wat ek in my identifikasie met God vir myself

gevorm het en die persoon van die Here Jesus Christus wat ek nie geken het in my eie mistieke eenheid met God nie. Hiermee beskryf ek die binne-spanning van afgodsdiens waarin ek God alles wat Hy as God is, ontneem het as my eie en van God net ’n leë naam laat oorbly het deur my eie identifikasie met God.

Ek het nie die Bybelse- en openbaringsinhoud gehad oor wat afgodsdiens is nie. Ek verwoord my eie ongeloof en afgodsdiens binne die sielkunde en filosofie met die begrippe van die mens se menslike identiteit as “ek”, “ek-self” en “identiteit” teenoor die kultiese alternatief. Dit is waar die mens sy self, of selfbeeld, as God ervaar en daarom in hierdie selfingekeerdheid van “ek-God” leef, in plaas van die wêreldopenheid van “ek-self”:

**“ Jesus Christus**. Vandag was miskien meer beslissend as ander. Ek kom onder die besef en indruk dat na 25 jaar se godsdiens, Jesus Christus as Persoon vir my nog wesenlik, nie net onbekend nie, maar onnodig vir my godsdiens was.

In 25 jaar se godsdiens, gebede, Bybelstudie en eredienste het ek baie godsdienservaringe gehad, maar min van Jesus as Persoon. Dit geld nie net vir die godsdiens in die huis en die gevormde godsdiens in my daarin en daardeur nie. Dit geld ook vir my “bekerings”, “vervullings” en “toewydings” in die persoonlike en gevoelvolle godsdiens wat ek deur die CSV, die Jeugaksie en Youth for Christ belewe het.

Dit is opvallend!

Dit is veral in my eie prediking op die kansel en my eie eksegese in die Matteus evangelie waar dit my die sterkste opgeval het: deur my eksegese word ek gelei om die getuienis van Matteus aangaande Jesus te verstaan. Ek glo dit in genade, maar ek kan niks van Jesus maak nie. Ek voel gedring dat ek moet aktief probeer om die getuienis “aktueel” en sprekend” te maak. Opvallend is dat nadat die teks vir my situasie sprekend gemaak is, ek dit nie ontmitologiseer het nie, maar Jesus só ontdek het, ek Sy Persoon en die getuienis oor Hom só interpreteer het, dat ek Hom daarin op die agtergrond geskuif het vir “die betekennis”. Hierdie inhoud van Skrifhantering om “betekenis” te wil gee en die Here daarin op die agtergrond te skuif is vir myself nog vaag en nie vatbaar nie.

Jesus as Persoon, was nog nie ’n wesenlike deel van, of eerder, nie die sentrale deel van my godsdiens nie. Dit is miskien eers noudat ek geleer het om by myself teenwoordig te wees dat ek Hom in Sy afwesigheid beleef. Nou dat my godsdiens begin loskom van my soeke na erotiese gevoelvolheid, intimiteit en my strewelose selfaflegging in God.

Dit is hoekom ds. Fanie Groenewald (Silverton gemeente) se preek uit Markus 12 my so opgeval het. Die negatiewe in die preek was vir my die klem op die selfaflegging van die “natuurlike -ek”; die kruisiging en afsterwe van jouself. Ek ervaar daarin nie dat hy aandui dat die sondige self afgelê moet word nie, maar dat die self as sodanig afgelê moet word.

Hierdie godsdiens vereis dat die mens só moet opgaan in die “ek-God” bestaan, dat hy nie meer in ’n “ek-self” verhouding bestaan nie. Ek moet myself kruisig, ek moet my self elimineer en ek moet myself ontken.

Dit kan ironies wees of tiperend. Indien dit ironies is, dan is die preek net een van die geleenthede wat gestimuleer is deur Fanie se eie psigologiese konflik, wat wel waar is. Indien tiperend van hierdie geestelikheid, dan is dit, of eerder, kan dit wees dat ek nie net ’n persoonlike selfontkennende godsdiens gehad het nie, maar dat ek deur ’n selfontkennende godsdiens vasgevang was, wat deur tradisie ’n geldende godsdiensstruktuur is.

’n Godsdiens wat in ywer vir God die mens totaal prysgee, aktief ontken en uitskakel, om net vir God te leef, maar die bittere ironie is dat in hierdie tipe toewyding aan God die mens nie meer daar is om vir God te leef nie. In die ywer om alles vir God te gee, word God juis alles ontneem. Want om vir God te leef, is dit ’n bestaansvoorwaarde dat jy dit uit jou self-erkenning sal doen, anders word die subjek vir toewyding aan die godsdiens ontneem, alhoewel die objek erken word.

In die godsdiensywer waar die mens sy self prysgee ter wille van die verhouding “ek-God”; “ek-Jesus Christus”, gaan dit nie meer om selftoewyding nie, maar self eliminering ter wille van God.

Ek glo dat in hierdie woorde ek die naaste nog beweeg het in dit wat vandag deur die volksmond as tradisie-godsdiens verwerp en aangeval word – vir sy onpersoonlikheid. Gewoonlik word met tradisie-godsdiens bedoel dat die mens of lidmaat homself toewy, nie op grond van persoonlike oorwegings nie, maar op grond van die geldende invloed en heersende gedragskodes in die groep waarin en waarvan hy hom deel voel.

Dit lyk vir my eerder dat die tradisie-godsdiens op ’n ander vlak funksioneer. Tradisie-godsdiens was nog altyd ’n godsdiens waarin die lidmaat homself toegewy het aan die Here op grond van en op die wyse van die heersende gedragskodes. Tradisiegodsdiens het nie beteken dat mense hulle self nie toegewy het aan die Here nie.

Die huidige tradisiegodsdiens het ’n ander karakter. Dit dui op ’n godsdiens waarin die mens geleer is om homself aan die Here toe te wy deur nie meer in die verhouding ek-self, maar alleen in die verhouding “ek-God” te leef, byvoorbeeld:

1. "Ek moet minder word en die Here moet meer word”,
2. “Ek moet die natuurlike mens afsterf.”,
3. “Ek moet myself kruisig”,
4. “Ek moet vol word van die Heilige Gees”,
5. “Ek moet alles vir die Here gee” en
6. “Ek moet wag om met die Gees gevul te word.”

Deur hierdie tipe toewyding aan God het “die hele van die mens”, godsdiens geword. Hiermee word bedoel dat die mens se totale bestaan opgegaan het in die “ek-God” dimensie

en die “ek-self” verhouding is, negeer. Hierdie struktuur het verskeie gestaltes. Die kenmerkende is díe waar die mens homself van sport, toneel en vermaak, waar die klem op self-kultivering lê, onttrek en alleen in die ek-naaste verhouding leef in soverre as wat dit medegodsdienstiges inhou. So ’n mens bestaan alleen in gebede, eredienste, Bybelstudies, en godsdienstige dade soos evangelisasie e.a… ’n Ander gestalte is waar hierdie verskeidenheid van die mens wel erken word, maar vir jouself ontken word (teoreties?)

Dit is vir myself nog onduidelik hoe ’n mens kan handel en optree sonder om te ervaar dat hyself handel, hyself besig is om op te tree. Anders gestel, kan ’n mens tot God bid, vir Hom loof, vir Hom sing, vir Hom Bybelstudie doen, sonder om vir jouself te wees?

Ja, maar dan het hierdie akte ’n selfreduserende kwaliteit; ’n selfontkennende kwaliteit. Ek sing vir die Here; ek bid vir die Here; ek loof die Here; ek sê die geloofsbelydenis vir die Here op. In hierdie handeling is ek alleenlik “ek” in soverre as wat ek ’n lied sing; ’n gebed opsê; ’n belydenis doen. Maar ek is nié myself nie. Ek-self is nie besig om die Here te loof nie; ek –self is nie besig om te bid nie; ek-self is nie besig om my geloof in die Here te bely nie. (a. die twee “ekke”, b. vir kinders, ou-mense en afhanklikes en c. ’n keuse tussen selfgesentreerdheid en self-ontkenning.)

Geestelik het ek nou die kern van ’n groot godsdienstige wêreld vir myself vasgevat: die wese van geloof is nie so seer kultiese handelinge nie, maar om die geestelike dimensie van my lewe te ontplooi, te ontwikkel, nie as ’n humanistiese ideaal nie, maar om die regering van Christus te ervaar. Sy regering, my totale lewe, hang direk daarmee saam dat elke ervaring en elke deel van my lewe ’n vertrouenskwaliteit moet hê.

Hierdie vertroue as lewenskwaliteit in my is sowel misken as misvorm omdat ek nie geleef het uit die openbaring van God, Jesus Christus, nie.

Hoekom ek nog nie bewustelik hiertoe kon kom nie, is omdat godsdiens vir my ’n inherente doel los van my lewe gehad het. Dit is, ’n objektiewe grootheid. Egter, die Hereskap van Christus as Skepper en Here beteken dat elke gevoel, elke idee, opvatting, elke gedagte, elke ideaal, elke strewe en elke wil die vertrouensaard daarvan sal erken en uitleef, in die vertroue op Jesus Christus en die aanbidding en toewyding aan Jesus Christus.

Die hele prakties-teoretiese onderskeiding wat as beskrywingsmodel vir godsdiens gebruik word, het hierdie onderskeid ten grondslag: 1. Godsdiens as ’n objektiewe grootheid waaraan ek moet partisipeer/deel hê. 2. Godsdiens as vertrouensaard van my eie lewe. Die vertrouensaard van my eie lewe lê alleen in die aanvaarding van God se totale heerskappy: Jesus Christus.

Binne hierdie godsdiens sê mens nie gebede op nie; sing mens nie gesange nie; sê jy nie geloofsbelydenisse op nie, maar verwesenlik jy die vertrouensaard van jou eie lewe in gebede, geloofsbelydenis en lofbetuiging.

Die feit dat godsdiens nog nooit hierdie waarde vir myself gehad het nie, is miskien die rede hoekom die wil van God vir my lewe vir myself nog nooit ’n dringende vraag was nie, of ten minste nog nooit ’n lewensvraag was nie.

Die vertrouensaard van my lewe, vind alleen sy reg in die vertroue op Jesus Christus en enige ander vertrouensgerigtheid is ’n misvorming van die geestelike van my lewe. Dit is alleen in die vertroue op die totale heerskappy van God: Jesus Christus, dat die vertrouensaard van my bestaan tot sy volle rykdom en bedoeling kom.

Vir my het geloof nog nie hierdie betekenis gehad nie en waar dit hierdie betekenis sou gehad het, kon ek dit nie peil nie om dit as my geloofslewe te konstitueer nie.

Hierdie aspek is die teendeel van dit wat ek ’n paar maande gelede oor gedink het: dat ek myself selfstandig, los van God en sonder enige vertroue op God ervaar. Ek voel dat ek my eie lewe het, wat ek met my eie mag, en baie belangrik, tot my eie bevrediging leef. Die kwaliteit van hierdie lewenssoeke is “lewens”-bepaald: ek soek net na ryke, sinvolle ervaringe en “om te leef” is vir my ’n doel in sig self; lewe het vir my ’n inherente kwaliteit wat geen soek of vertroue op God het of deel van enige faset daarvan is nie.

Die lewe is om te lewe!

Geen wonder die eksistensiële filosofie het vir my so ’n groot bekoring gehad nie. Ek het eintlik geen vertroue op en in God nie. Alleen maar ’n geloof in Hom.

Dit is hoekom ek nog altyd gevoel het om in God te glo, vir my ’n stuk lewensvreemdheid is en om in Hom te vertrou vir my ’n te verwarde en onduidelike daad is. (Dagboek Mapleton, perseel 62,  8 Desember 1981.)

Met Oujaarsaand 1981 neem ek hierdie beskrywing van my eie geloofskonflik verder. Die formulering van my geloofskonflik in die geloof, vertroue-model, is vir myself ’n wesenlike mylpaal in  my geloofsdeurskouing.

“Die waarheid en geldigheid van my eie opvatting ten opsigte van my eie geloofsituasie is die laaste paar dae bevestig. Ek voel my self as gelowige tuis in my geloofsopvattings en idees oor God, wat ek geleer het, maar dit is nie rigtinggewende geloofsvertroue wat my gevoel, wil en daad rig nie as vertrouenshandeling in Jesus Christus nie. Die skeiding wat ek in my godsdiens as geloofsvertroue ervaar, hang saam met die skeiding tussen kultus en kultuur. Dit is alleen in my kultiese handeling dat ek my geloof lewend voel, maar my kultuur-aktes spreek nie van vertroue nie.

In my medestudente in die KJA op RAU veral, het ek ervaar dat hulle lewens nie vertrouenskwaliteit het nie, maar dat hulle hierdie leemte probeer opvul deurdat hulle die geloof in God probeer bevestig in hulle kultuuraktes met kultiese rituele: ’n gebed voor ons saam muurbal speel; ’n getuienis as ons saam sosiaal gesellig is; ’n godsdienstige liedjie as ons net saam sing. As hierdie kultiese handelinge uitgevoer is, dan het hierdie kultuurhandeling vir hulle die inhoud van ’n “lewende geloof”. Egter, dit is nie wat ek

verstaan as vertrouenskwaliteit nie, maar juis die bevestiging van die gebrek daaraan. Hierdie “lewende geloof” is niks anders as Neo-Rooms Katolisisme nie.

My lewenstaak voel ek as die ontsluiting van hierdie vertrouensaard van my eie lewe, nie as doel nie maar, maar om die openbaring van God as lewenswerklikheid te ontdek. Nie dat ek die openbaring met die geestelike van my eie bestaan wil ophef of wil ingee nie, maar deur hierdie selfontdekking word die openbaring van God: Jesus Christus, my eie.

Dit val vir my saam met wat ek al vroeër vir myself geformuleer het: die moderne probleem met God lê op antropologiese vlak. In alle beskeidenheid word nie meer God of sy openbaring erken nie, maar net die vertrouensaard van die mens. In hierdie “beskeie” opstand word dieselfde gevolge of doelstelling bereik: óf God word geïgnoreer of die vertrouensaard van my eie bestaan word genegeer. Op hierdie wyse word God sy totale aanspraak ontneem.

Vir my was die verwarrende: ek voel God se aansprake en heerskappy as ’n ongeldige werklikheid. Ek probeer dit terugvind in die erkenning van God en sy totale heerskappy, terwyl ek my eie vertrouensaard misken. Die erkenning van God aan die eenkant in die objektiewe sin, maar terselfdertyd miskenning in die subjektiewe sin, het ’n verwarrende godsdiens tot gevolg. Hierdie godsdiens kan hoegenaamd nie met die terme “prakties-onprakties” aangedui word nie. Ook nie met die volgende teenstellings nie:

1.Lewend-dood: eksistensiële analise;
2. Prakties-onprakties: tegniese analise
3. Verstand-gevoel: psigologiese analise.
4. Sondag-week: kultiese analise
5. Werklik- nie werklik: ontologiese analise.”
(Dagboek: perseel 62 Mapleton 31 Desember 1981.)

Die verwarrende was om binne die spanning van afgodsdiens vasgevang te wees: die inhoudlose en leë God waar God net in naam God is, terwyl alles wat God is in my eie identifikasie met God beleef moes word.

Ek kon dit nou reg kry om te sien dat binne die vertroue in God kan daar nie hierdie dualistiese spanning wees waarmee die kerk identifikasie met God geregverdig het nie. Daarmee het ek ook gebreek met die geestelikheid dat ek God moet werklik, prakties, gevoelvol, lewendig en ’n daaglikse werklikheid moes maak.

Die openbaringsinhoude van wat die inhoud van Christus se genadeheerskappy is en hoe ek in vertroue in hierdie genadeheerskappy kan leef, sou jaar vir jaar vir my toeganklik word in die Woord – en sakrament bediening aan die een kant en die gewelddadige reaksie uit die NG Kerk teen wat ek gepreek het, aan die ander kant.

Ek het nou geweet dat hierdie sug na intimiteit met God en om God met my eie gevoelvolheid aan ander mee te deel, is sonde. Ek het ook nou besef dat my intimiteit en my gevoelvolheid met God, ongeloof in Jesus Christus is.

Ek stel my eie ongeloof weer op die 7de Januarie 1982 soos volg: “ Die laaste paar dae na Sondag se preek het ek duidelikheid op ’n deel van my eie godsdiensvertroue gekry. Die aard van my eie ongeloof is supra-histories. Ek stel nie belang in die ware feite van God se handeling in die en as wêreldgebeure nie, in God se handelinge in en as my lewe nie. Dit is vir my nie ’n bepalende faset vir my godsdiens nie. Dit was nog nooit iets wat wesenlike of bepalende waarde gehad het vir my vertroue nie. Die teendeel is waar. Wat bepalend was, en is, is die betekenisvolheid van godsdiens. En in my geval wat die Christelike godsdiens vir my godsdienstige lewe gehad het en nog het.

Of Jesus nou ooit werklik God en mens is, is vir my onbelangrik; of Hy werklik ’n historiese mens was; of Hy werklik as Messias opgetree het in Israel; of Hy nou werklik die beloofde Seun van Dawid was; of die feit dat die kruisiging die wil van God was, is vir my godsdienstige lewe nie van belang nie, en dit was nog nooit van wesenlike belang nie. Sulke feite is vir my godsdienstige behoeftes waardeloos.

Hierdie feite in die kategeseklasse tydens my Sondagskooljare en hierdie tipe feite in prediking en huisgodsdiens – het my nog nooit aangespreek nie. Ek was soekend na ander waardes in godsdiens: intimiteit (dit was vir my die trefwoord, selfs in my eie prediking die eerste jaar in Alberton – Oos), eie gevoelvolheid; dit was vir my die bepalende: in godsdiens vind ek gevoelvolheid en intimiteit.

Maar hier is nog ’n verbysterende feit van my eie godsdiens die laaste 25 jaar. Selfs in my soeke na gevoelheid en intimiteit in godsdiens is hierdie nie ’n poging om God te vind nie. Daar is geen vertroue in God of belang in God in hierdie soek na gevoelvolheid en intimiteit nie. Jesus is vir my en was vir my nie die prediking van God nie. Ek kan nie bepaal wat ek van Hom gedink het nie!

Ek wonder of die antwoord vir mý belewing van Jesus nie lê in die fanatiese klem wat ek vir myself opgelê gevoel het, sowel as wat deur ander op my gelê was, in “persoonlik en lewend” nie.

Wat is die inhoud van hierdie soeke na ’n “persoonlike” en “lewende” Jesus?

Wat verseker is, dit was nie ’n soeke na die bevestiging van Jesus se Persoon of sy Handeling nie. Wat het ek bedoel en verwag in die soek na ’n “persoonlike” Jesus; ’n “lewende” Jesus?

Wat die rigtinge van hierdie selfbesef ook al mag wees, dit is beslis só dat my huidige opvatting en vertroue op die Jesus wat ek ken, nie histories van aard is nie of enige belang het in ’n soeke na die ware handeling van God as ’n historiese vraag nie. Wat my godsdienstige behoefte bevredig het, was nog altyd die kriterium dat Jesus in my lewe moes wees. Wat Jesus vir my beteken vanuit hierdie soeke, was nog vir my altyd die enigste belang wat ek in Hom gehad het.

Egter, my eie preke en die wyse waarop ek my eksegese van Matteus gedoen het, is besig om ingrypend my geloofsbeelde te verander. En dis asof ek al meer voor die Christusvraag te staan kom. (Dagboek perseel 62 Mapleton 7.01.1982)

## 34. Die openbare spanning tussen die verkondiging van Jesus as Here en God en die magsbedryf van Jesus as identifikasiemodel in Silverton moedergemeente 1982.

Na die jaar se Bybelstudie oor Matteus, besluit ek om in my prediking van 1982 in Silverton moedergemeente die boek Matteus sistematies deur te preek, met die Christologiese en heilshistoriese fokus wat proff. Botha en de Klerk my gewys het. Terselfdertyd probeer ek daarmee om my eie ongeloof te verwoord teenoor die inhoud van die openbaring van die Woord van God.

Wat ek innerlike nagestrewe het, het in Silverton gemeente deur die prediking, die jeugwerk en die deelname aan die kerkraad, deel van die bediening van die gemeente en die geskiedenis van die gemeente geword. My eie innerlike worsteling met die Woord van God en ook die openbaringsinhoude wat ek daardeur kon vind, het daardeur ook vir die eerste keer deel van die openbare bediening van die NG Kerk geword.

Die openbare konflik was onvermydelik. Ek het toe nog geglo dat die afgodsdiens net ’n probleem in die NG Kerk was wat aangespreek moet word. Ek het nog nie die insig gehad dat hierdie afgodsdiens die werklike inhoud, bediening en mag van die NG Kerk as sodanig was nie. Voor hierdie werklikheid het ek nou deeglik te staan gekom in Silverton moedergemeente.

Ds. Fanie  Groenewald van Silverton gemeente was in presies net hierdie tyd besig om te preek, te bid en te organiseer vir ’n herlewing soos met die Murray herlewings in die 1860’s in die Kaap. Alles waarin ek nie meer geglo het nie, het ds. Fanie Groenewald en die geestelike groepies in die gemeente in geglo en probeer bedryf as ’n gemeenteherlewing.

Hierdie geestelike groeperings het omtrent die hele NG Kerk verteenwoordig. Die vorige jaar het Piet Erasmus, ’n medeklasmaat van my, as jeughulp in die gemeente Silverton afgelos. Hy was uit en uit ’n produk van die CSV en die Jeug-tot-Jeug Aksie van 1974 gewees. Hy was ook een van die lede van die Visklub op Tukkies. Hulle was deel van die prediking van bekering en geesvervulling en het hul self as jeugwerkers gesien. In 1981 het hy die jeug van Silverton bekeer en vervul deur kampe en jeugwerk.

Pieter Spies het deur hierdie geestelikheid sy eie organisasie binne en met die fondse van Silverton gemeente gevestig: Filadelfia in Christus, of te wel FIC. Hy het homoseksuele “bekeer” van hulle homoseksualiteit met die tipiese bekering en geesvervulling. Hy het sy houvas op die gemeente verkry uit die mannebybelstudie groepie wat hy saam met die vorige leraar vroegoggende gehad het. Hy kon deur hierdie sensitiwiteitsgroep regkry dat die kerkraad van Silverton sy “bediening” om homoseksuele mense te bekeer van hulle homoseksualiteit,  ’n gemeentebediening

te maak. Die kerkraad het sy “bediening” gefinansier en met kantoorfasiliteite voorsien.

Die uitvoerende bestuurder van Transwêreld Radio, dr. Willie van Rensburg, was ouderling op die kerkraad en sy hele geloofswêreld was dié van bekering en geesvervulling. Dit was die kernbesigheid van Trans Wêreld Radio.

In die buurgemeente was May van der Walt, ’n huisvrou, die gesagsfiguur vir die hele bediening van duiweluitdrywing in hierdie omgewing. In Silverton moedergemeente was dit veral die huisvrou, Lettie Grabe, wat een van haar dissipels was.

Dit was binne en tussen hierdie geestelikhede dat ek die evangelie begin preek en bedien het vanuit my verwerping van hierdie tipe bekering en godsvervulling, terwyl ek ’n ander Christus in die Woord probeer vind en verkondig het.

Die stilte en alleenheid in die losieskamer in van der Merwe rylaan 101 in Silverton waarin ek kon werk, los van die groepsdruk van die groot klasse tydens die BD jare, was ’n skeppende ruimte. Hier kon ek myself vind en ’n insig kry in my eie ongeloof, God se verbondsgenade en wie Christus as Persoon is. My krag het hierin ingegaan en het eintlik my studie verdring en oorheers. Dit was my eerste en regte behoefte, nie die verkryging van nog ’n graad of ’n akademiese loopbaan nie. Die evangeliebediening, nie akademiese studie nie, het vir my die geloof in Christus ontsluit.

Ek het in van der Merwe rylaan 101 by Johan en Lettie van Rensburg loseer. Middagetes was ek en Lettie saam aan tafel. Aandetes was ons al drie saam aan tafel wat voor ’n groot venster was, wat van hierdie rand af oor Meyerspark uitgekyk het. Johan was opgeleide joernalis en geskiedkundige by die kultuur – historiese museum in Pretoria. Lettie was onderwyseres by Sunitus skool. Johan was seun van Hans van Rensburg, die leier van die Ossewa brandwag in die jare dertig. Hulle as familie was diep betrokke by die innerlike spanninge van die Afrikanerpolitiek gewees. Johan was filosofies, kultuurhistories – nadenkend en Lettie was skerpsinnig gevoelvol.

Hulle was in hul vroeëre jare as jong egpaar bevange in die Morele Herbewapings beweging uit die Engelse kultuur. Daar het hulle al ’n breuk met die tipiese geestelikheid van die moderne Christelikheid gemaak. Hulle kon nie in die skuld- en oordeelspolitiek uit die Engelse wêreld teen die Afrikaanse gemeenskap hul self as Afrikaners haat nie. Die haat teen Afrikaners wat nie teen Duitsland wou geveg het nie, maar die oorlog as geleentheid gesien het om uit die koloniale mag van Engeland te kom, was deel van hierdie geestelikheid van die MRA. Hulle het die Afrikaanse vryheidstrewe as die nasionaal – sosialisme van Duitsland verguis in hulle bekerings en godsvervullings. Dit was baie dieselfde as wat die vryheidstrewe van die Afrika – gemeenskap deur die geestelikes as Kommunisme verguis was.

Johan en Lettie se breuk met hierdie geestelikheid het ons begripvolle gespreksgenote gemaak. Johan was ouderling op die kerkraad.

Hulle kinders was in Silverton uit verskeie hoeke aan die moderne Christelikheid blootgestel.

Ons het vriende geword. Baie aande het ek en Johan laat nagte op die stoepie wat van hierdie heuwel oor Meyerspark uitkyk saam die geloofsinhoude deurdink en bespreek. Hy het die geleentheid gebruik om die ideologieë van nasionalisme en imperialisme met my te klankbord. Gereeld het ons gevind dat die kultus waaruit ek myself probeer ontworstel en die ideologiese kragte waarbuite hy gesoek het na ’n kultuur – historiese verstaan van die Afrikaanse gemeenskap, dieselfde magte aanspreek.

Johan se poging om die Afrikaanse gemeenskap se eie kultuur – historiese geskiedenis te handhaaf teenoor die Engelse skuldpolitiek teen die Afrikaanse gemeenskap van die na – oorlogse wêreld, het by my baie perspektiewe oopgemaak. Ek was besig om my self vry te maak van die nuwe skuldpolitiek van die geestelikes wat die Afrikaanse gemeenskap met ’n sosiale bekering aan die mag van die moderne Christelikheid wou onderwerp deur die Belharbedryf.

Hulle waardering vir my prediking en die inhoud van die evangelie wat hulle gehoor het was eg en diep. Lettie het dit aangegryp en elke keer haar eie gemaak. Ek het die voorreg gehad om in hulle iets van die Afrikaanse adel te kon deurleef.

Hulle tuiste was vir my ’n veilige hawe in die stryd wat in Silverton sou losbars.

In Januarie en Februarie 1982 kon ek alles wat ek die vorige jare stukkie vir stukkie oopgebreek het, begin integreer. Ek volg in Desember die Matteus evangelie in die Advent en Kersprediking. Op 10 Januarie probeer ek vanuit die eksegese oor Jesus se doop dit saamvat. Ek kry dit reg om die heilshistoriese betekenis van Christus se doop te verwoord, maar bly nog vasgevang binne die koninkryksvisie van God se heerskappy as “totale heerskappy”. Ek kry dit nie reg om die inhoud van die Here se genadeheerskappy teenoor sy wetsheerskappy te verwoord nie. Die onderskeid van wet en evangelie, sowel as die onderskeid tussen die ou en nuwe wet van God was vir my nog onbekend.

### 35. Die verwoording van my eie sondige aard as selfgenoegsame mens binne die moderne Christelikheid.

“ Dit is hoe Christus mense aan die koninkryk van God laat deel kry, hulle volkome oorgegee en toegewyd aan God laat leef. Deur sélf die geregtigheid van God te vervul; deur self die wil van God te doen en daaraan te voldoen.

Die vraag en antwoord wat in hierdie gedeelte veronderstel word, is dat die doop van Jesus deur Johannes die Doper die voldoening is aan God se wil. … In my prediking met

Kersoggend in Silverton het ek aangedui: die Gees het Jesus verwek; Hy is uit God; Jesus is ’n daad, ’n skeppingshandeling van God.

Die geloofsvraag wat hierdie akte van God oproep is ’n keuse: óf die sekerheid Jesus is uit God of die Josefstwyfel, Hy is ’n kind uit ontug gebore!

Die betekenis van hierdie daad is dat God in Jesus ons omvattend bevry van sonde en God weer God met ons laat wees en ons met God laat wees. (Matt. 28)  In die gedeelte 3: 14-17 word beskryf en getuig hoé begin Jesus om sy volk van hulle sonde te verlos en God weer God met ons te laat wees: Hý voldoen aan die wil van God. Hy is nie net die Een wat uit en deur die Heilige Gees verwek is nie, Hy is ook die Een wat optree met en uit die krag van God: Gees. Hy is die Een waarvan die Vader met reg bevestig dat Hy sy Seun is. Sy Seunskap, Hy is uit Egipte geroep, Hy is self God, Hy het al die mag en die posisie om God se heerskappy te bring en as Here te regeer. Hy is ook die kneg van die Here: Hy is die Nasireër, by mense in ’n nederige en onaansienlike posisie. Al hierdie perspektiewe van die eerste hoofstukke spreek mee in hierdie gedeelte.

ek kan in U glo,
 omdat ek voel die Christelike godsdiens is
 die logieste, bes uitgewerkte sisteem
ek kan in U glo,
 omdat ek voel dat ek ’n godsdiens behoort
 te beoefen omdat ek ’n religieuse wese is.
ek kan in U glo,
 omdat ek nie bereid is om die volle konsekwensies
 as predikant en geëerde Christen en leier van
 ander te dra van ’n godlose bestaan.

Here, ek kan nie so in U glo nie,
maar dit is die polsslag van my geloof die laaste paar jaar.

Here,
 maar ek kan ook in U glo
 omdat U God en Here is.

Here, geen offer of idee kan my motiveer om te glo in U nie.

| | |
|---|---|
| duisende mense het al gesterf – | vir hulle god. |
| duisende mense het al vroom geleef – | vir hulle god. |
| duisende mense het al gesterf - | omdat hulle god misken. |
| duisende mense het al vroom geleef – | omdat hulle god misken |
| duisende mense het al in hulle lewe misluk – | vir hulle god. |
| duisende mense het al presteer en hoogtes bereik- | vir hulle god. |
| duisende mense het al misluk - | om god te misken |
| duisende mense het al presteer en hoogtes bereik- | om god te misken |

Here,
 U kon ’n Jood met ’n lydensbegeerte gewees het

’n Jood met ’n doodsverlange
’n Jood met ’n grootse droom en ideaal

’n mens met ’n passie vir ander
’n mens met ’n wilskrag vir ander
’n mens met geloofsmoed vir ander

’n godsdienstige wat ander onder
sy persoonlike mag wou hê
wat ander totaal
wou opeis en monopoliseer vir sy
eiewillige lis.

Here,
in my valsheid is ek beskeie genoeg om U nie
as onwaar te beskuldig nie
beskeie genoeg om U nie te
eer en te heilig as waar nie.

Ek kon so maklik in U glo
en só U misken!
Daarom bid ek U:
gee my die gawe van geloof deur U Gees!

(Dagboek Perseel 62 Mapleton 10.01.1982)

“ Die nadenkende lewenshouding is by name ’n godslose ervaring. Hierdie houding bly ook behoue in die idealisme waar die Rede weer ’n grootheid los van God is. In die nadenke ervaar die idealis homself as ’n individu, los van en onafhanklik van God wat sy rede as ’n prestasie in homself ervaar. Om insigte en begrip bekom, is ’n ervaring waarin hy homself verwesenlik voel en nie deel voel van God se werking en heerskappy nie, die insigte en begrip is vir die idealis nie deel van die skeppingshandeling van die Gees van die Vader nie.

Hierdie grondstruktuur bly ook behoue in die eksistensialisme en die fenomenologie. By die Marxisme en Kapitalisme sowel as in die tegnokrasie word die skeiding tussen die skeppingswerk van die Vader en die ingrypende lewenshouding van die mens gehandhaaf sodat daar waar die mens homself handelend in die wêreld bevind, hy homself nie ervaar of verstaan as deel van die handeling van die Gees van die Vader nie.

Ek leef ook met hierdie geërfde spanning. Waar ek nadenkend is of handelend gerig is op hierdie wêreld, is en voel en my vreemd en geïsoleerd van God: onafhanklik!

Hierdie ervaring is egter opgehef en word deesdae opgehef deurdat ek ervaar dat my insig en begrip die werking van die Gees van God in my is. Deur myself só as deel van die skeppingswerk van God te ervaar, word al meer en meer ’n deurleefde werklikheid in my lewe. … Die geloof wat ek in die kerk geleer het, was vir my ’n lewensvreemde ervaring, ’n Geestelike ervaring wat nie deurgedring het na my selfbelewenis of my wêreldbelewenis nie.

Hierdie is miskien die onderskeid wat deur die Neo-Pinkster en Charismatiese rigtings as die skeiding tussen teorie en praktyk aangegee word.

Dit is vanuit hierdie lewenshouding (onafhanklike selfgenoegsaamheid) dat ek geen behoefte aan God voel nie; waar ek nie in God of sy wet belangstel nie, waar ek God as nie-aktueel, nie-sprekend voel nie, aan die een kant. Aan die ander kant waar ek godsdiensgevoelens voel wat my nie werklik raak nie.” (Dagboek Silverton 20.01.1982)

Hiermee het ek vir myself die probleem geformuleer dat beide die afgodsdiens van die moderne Christelikheid in die NG Kerk en die goddeloosheid in die gemeenskap, dieselfde inhoud en kern het: die selfgenoegsame mens. Die inhoud en krag van die mens se sondige natuur is dat die mens in homself teenoor God selfgenoegsaam is.

Dit is in kern van die boek “Protestants, vry om te protesteer” en dit was eers in 2010 dat ek hierdie selfgenoegsame mens vir myself voldoende kon verwoord teenoor die openbaring van God Drie-enig.

Die kern van die geloof en godsdiensprobleem het ek egter nou hier reeds verwoord – beide afgodsdiens en goddeloosheid is deel van die selfgenoegsaamheid van die mens. Die geestelikheid van die NG Kerk is die godsdiens van die selfgenoegsame mens!

Hiermee kan ek nog verder wegbeweeg van my identifikasie met God. ’n Identifikasiewaar:

- my gevoel die Here se liefde is,
- my idee die Here se plan is,
- my wil die Here die Here se wet is,
- my erotiese drif die Here se innigheid is,
- my fantasieë die Here se droom is,
- my optrede die Here se krag is,
- my visie die Here se roeping is,
- my missie die Here se sending is,
- my mag die Here se koninkryk is,
- my samesyn die Here se intimiteit is,
- my selfbewussyn die Here se teenwoordigheid is,
- my selfkennis die Here se openbaring is,
- my medemenslikheid die Here se kerk is,

en daarom my selfbeeld Jesus is en my eie-ek God in my is.

Ek vind myself nie as God in my nie, maar as mens wat God skep en vorm in gevoel, gedagte, wil en daad. In alles wat ek as mens is, is ek deel van die Voorsienigheid van God. Ek is nie meer God in my nie. Ek is nou die mens wat God my in myself laat wees.

Dit maak my vry om die tussenmenslike houdings van haat en selfsug te kan eien vir wat dit is en nie mooi te leef as iets anders in die Naam van God nie. Hierdie onderskeid tussen die innerlike verdraaide opvattings in my waar alle sonde as die mooi vrugte van God se Gees in my uitgeleef word, en die herkenning van werklike sonde in my, maak my vry nie net van alle kultusse nie, maar ook van die ideologiese aard van filosofie.

Dit maak dat ek nou nog verder kan breek met die magsfiguur wat ek moes en wou wees waarin ek net nooit kind, tiener en jongmens kon gewees het nie. In alle identifikasie met God vervang mag enige vorm van gesag en word elkeen, man, vrou, ouers en kind, tiener en onderwyser, jongmens en volwassene ’n magsfiguur in eie reg.

Ek kon hierdie mag en magsug in myself nou vind en verwoord. Ek verwoord my geloof in God se voorsienigheid en verbondstrou teenoor hierdie magsug in my die 23 ste Januarie as volg:

“Here, my Herder en Bewaarder,<br>
Daar is vanoggend lof en dank en liefde vir U in my hart.<br>
Liefde vir U<br>
omdat U my Here is,<br>
omdat U my van kleinsaf beskerm het en nog altyd my<br>
na die trou en sorg van liefde in my doop behandel<br>
het Here.

Dis alleen deur U genade Here<br>
dat ek nie my rug op U gedraai het en sinies, verbitterd teen<br>
U geword het nie.<br>
toe ek van kleinsaf in ’n valse godsdiens moes grootword<br>
en die ellende van liefdeloosheid en haat in my moes dra<br>
en dit as verwarde liefde-seks moes antwoord en<br>
die verantwoordelikhede van ’n volwasse verhouding<br>
op my moes neem.<br>
Dis net genade dat ek nie soos ’n sondaar in haat teen<br>
U bly leef het nie.

Dis genade alleen<br>
dat ek nie in my eie godsdiens verstrik<br>
gebly het nie, Here.<br>
in my soeke na intimiteit in godsdiens<br>
in my soeke na my eie erotiese drange en seksuele<br>
verlanges as mag – in godsdiens<br>
in my soeke na mag en beheersing in godsdiens.<br>
in my totale ignorering en ontkenning van U<br>
in my godsdiensrituele<br>
Here – dis U alleen wat<br>
ek die dank en die erkenning gee dat<br>
ek so ver kon kom om dit teenoor

myself en teenoor U te kan erken en
te besef, te begryp, en te aanvaar
dat ek só besig is in my godsdiens.
Ek kan nie anders as om U die erkenning vir hierdie selfbesef voor U te gee nie.

Dis U
wat my die insig gegee het
dat ek U skeppingsheerskappy
in myself ontken en in ’n teenskeppingswerk – geestelikheid
probeer opgaan.
Here
    die deurbraak van U Gees in my
    lewe is vir my nog ingrypender as
    selfs my besef en erkenning van my
    valse godsdiensmotiewe
dat ek nie bly vashou het aan ’n vertroue
in my selfstandige en onafhanklike bestaan
van U Skeppingsheerskappy nie
is alleen maar omdat U my
dit nie toegelaat het nie.

As ek vandag
    voel, in my verlede en hede,
    dink, in die voorbereiding van U prediking
    wil, in die vorming en handeling van my wêreld
weet ek, ek is deel
en voel my deel van die Skeppingsheerskappy
wat U deur U Gees uitoefen.

Here,
    U maak my vry.”

## 36. Die ontdekking van die dissipels se ongeloof in Matteus as my eie ongeloof.

Op die 23 ste Januarie 1982 doen ek die eksegese van die nagmaalteks uit Matteus. Ek verbind die bedoeling van die doop van die Here Jesus aan die nagmaalteks. Beide tekste gaan oor die wyse waarop Hy alle geregtigheid vervul. Hierdie eenheid tussen die Here se doop en die betekenis wat Hy aan die nagmaal gee, breek vir die heilshistoriese betekenis van Jesus se werk oop om die werklike betekenis van Petrus en die dissipels se verloëning te kan vind.

“Die gebeurtenisse was so oorweldigend, só vernietigend, dat hulle nie meer volhard het en in vreugde die dood van Jesus as deel van sy taak aanvaar het nie, maar Hom verloën het. Dit is die betekenis van die verloëning van Jesus Christus gewees. Petrus kon nie met vertroue opkom en sê, Jesus is die Messias nie, en dat Hy sal sterwe om hulle sondes te vergewe nie. Vir hom was die dood van Jesus nie ’n troos en versekering van Jesus se volmag as Seun van

die mens nie, maar ’n vernietiging en ’n wanhoop van alles wat hy van Jesus verwag het. … Verder, Jesus gebruik sy volmag en krag as Seun van die mens om ’n toesegging te maak aan sy dissipels: Hy vergewe hulle sondes en Hy doen dit op grond van die dienstaak wat Hy uitvoer. Die manier waarop Hy hierdie toesegging maak is deur die brood en die wyn. Die brood en die wyn is tekens wat Hy in sy volmag gee en Hy gebruik sy volmag om aan sy dissipels in die gebruik van die tekens te verseker dat Hy hulle sondes vergewe het; dat hulle nou deel aan die resultaat van sy werk. Dit is die resultaat van sý gehoorsaamheid: hulle sondes is vergewe; hulle is deel van die heerskappy en koninkryk van die Vader. Só seker as wat julle uit die beker drink, só seker het julle deel aan die vergewing van sondes en só seker het julle deel aan die koninkryk en heerskappy van God die Vader. Dit is my bloed en my liggaam: dit is ’n teken van die dood en die betekenis daarvan: plaasvervangend. Julle hét deel daaraan: aan die feit dat Ek die Seun is; Ek is vir julle die Seun van die mens wat sy eie dood aanvaar het om vir julle deel te maak van God se ryk en heerskappy.” (Dagboek Silverton 23.01.1982)

Ek kon hier die eerste keer die ongeloof van die dissipels beskryf. Hoe klein dit ook al mag lyk, bly dit ’n geweldige groot anker. Dit beteken dat ek my in die ongeloof van die Here se dissipels kan vind. Die dissipels wat Hy uitgekies het, aangestel het as sy getuies en wat Hy apostels van die die evangelie gemaak het.

Die moderne Christelikheid se beeld van wie die dissipels tydens die Here se lewe op aarde was, verduister alles wie Jesus as Here is. Volgens hulle is hulle gelowiges gewees. Hulle het in Hom geglo as die Here wat gekruisig moet word en uit die dood moet opstaan volgens die raadsplan van die Vader. Wat volgens hulle in hulle geloof sou ontbreek het, was die godservaring van die vervulling met die krag. lewe en naam van God.

Hierdie wanbeeld verduister die krag en werking van die evangelie want dit beteken dat iemand wat glo in die Here se lyding en opstanding, is nog nie innerlike vernuwe om aan God gehoorsaam te wees nie. Daarmee vervals hulle die betekenis van die Here se heilswerk self. Deur die dissipels te ontdek as ongelowig in die werk en persoon van wie Jesus Christus is, kon ek nie net my eie ongeloof in hulle in die Woord van God nie, maar ook die geloof in wie die Here regtig is, terugvind. Ek hoef my self nie meer een met die rasionalistiese, humanistiese en eksistensiële mensbeelde se goddeloosheid te voel nie.

Hiermee het ek die eerste deel van die preek wat ek op 14 Maart 1982 sou preek verwoord wat tot sulke heftige en verreikende reaksies sou lei in die gemeente, ring en by prof. Heyns.

**37. Christus se plaasbekledende gehoorsaamheid as genadeheerskappy.**

Ek het ook nou beslis die heerskappy van die Here as plaasbekledend gevind en daarmee verder gebreek met die afgodsdiensbegrip van die “totale heerskappy” van God. Ek het ook die betekenis van die sakrament in die volmag van Christus gevind en nie in die simboliek van geestelikheid nie. Die regering van die Here is om deur die tekens die heil werklik mee te deel. Dit is die betekenis wat “toesegging” vir my nou gekry het, ’n magsdaad waarin Christus werklik die heil meedeel, nie ’n simboliese ritueel nie. Hierdie heilshandeling van Christus in en deur die sakrament sou ek dan later finaal in die dooppreek van 4 Julie deurbreek wat ook tot soveel heftige en verreikende reaksies sou lei.

In die verdere eksegese van die gedeelte die aand na die nagmaalpreek van 24 Januarie 1982 wat ek gehou het, verbind ek die heerskappy van God aan die heilswerk van Christus en met die verbondsbeloftes van Jeremia 31 verse 31 e.a.: Daarmee kry ek die sleutel om die verbond en die vervulling van die verbond deur die Here te kan vind en verwoord.

“Jesus het egter ook ’n beslisde opvatting oor wat sy dood vir sy dissipels beteken. Die deurslaggewende betekenis is die koninkryksposisie en die deelname aan die heerskappy van God wat hulle daardeur verkry.

As Matteus die teologiese betekenis van Jesus se dood aangee as “wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes”, gaan dit veral om die herstel van God se heerskappy. Dit gaan in sy teologiese rede nie soseer om die verwydering van skuldlas nie. Dit ook, maar dit gaan daarom dat Jesus vir sy dissipels die belofte van Jeremia 31:31 e.a. waarmaak: ’n nuwe verbond oprig waar sondes vergewe word, waar God nie meer aan sondes dink nie. Maar, en dit is die belangrike, Hy ons in sy heerskappy herstel het: ons ken Hom en ons is weer in die posisie om Hom te dien met liefdevolle oorgawe. Dit is die klem wat Matteus lê. Wanneer hy sê alle sondes word vergewe: ons koninkrykposisie is voor en by God herstel. Ons kan nou leef as koninkrykskinders: mense wat God ken en liefhet. …” (Dagboek 24.01.1981 Silverton)

Die verband tussen verbonds- en die plaasbekledende werk van die Here het ek nou aanvaar, maar ek sukkel nog omdat ek dit as “koninkryk” probeer verstaan. Hierdie “koninkryk” bly vir my nog op ’n manier die koninkryk van die filosofie van die wetsidee soos dit aan ons voorgehou is as “Christelike wysbegeerte”. Ek het nie die onderskeid van wet en evangelie geken nie. Dit sou eers aan die einde van 1985 vir my ontsluit word. Vir my was die “koninkryk” nog nie die volle vervulling van die verbond deur die regering van die Here aan die regterhand van die Vader nie.

### 38. Die verwoording van die onderskeid tussen Matteus se getuienis oor Christus en die voorhou van magsbeelde van Jesus in die moderne Christelikheid.

Die trefwoord in hierdie eksegese en prediking is “getuienis” gewees. Die getuienis wat ek in Matteus gevind het oor Christus het verskil van die Jesusbeeld wat in die kerk vir my uitgebeeld was. In die getuienis van Matteus het ek die openbaring van

wie Christus is, gevind. In die uitbeelding van Jesus deur die geestelikes het ek net ’n Jesusbeeld gevind. Die tipe Jesus wat mense uitbeeld om te wys hoe bekeerd en godsvervuld hulle is, is nie die openbaring van Christus as die Here in die getuinenis van Matteus nie. Die Jesus wat in jou lewe inkom en die beheer van jou lewe oorneem, is nie te vind in die openbaring van wie Christus is in die getuienis van Matteus nie.

Ek kan in hierdie verskil tussen Matteus se openbaring oor Christus en die vertellings van geestelikes oor hul godservarings, die Jesusbeeld in wie ek geglo het, vir myself vind en verwoord. Die wete van die dissipels se eie ongeloof in Christus, gee my die vrymoedigheid om hierdie breuk aan die orde te stel en te verwoord, sonder om selfgenoegsaam my teenoor God te verhef.

Met hierdie finale verwerping van alles wat eers vir my waardevol was, peil ek dat in hierdie tipe demonstrasies van Jesus in mense se lewens, die openbaring van wie Christus is, nooit tot my deurgedring het nie. Inteendeel, dit het die openbaring van die Skrif oor die Here verduister.

“Dit is die getuienis van Jesus Christus. Dit is hoe Matteus Jesus verkondig. … dit is vir myself ’n getuienis wat kragtig tot my spreek. In my ervaring van die nagmaal gister het ek ’n mooi geloofsvisie op God en myself ervaar van uit hierdie getuienis. Ek het nog min die tipe Jesus gesien en gehoor wat ek self vind in my Skrifbepeinsing. Ek ervaar verder dat in my vorige godsdienstige ervaringe dit nie om hierdie vraag of geloof in hierdie Jesus Christus gegaan het wat ek weer leer ken het in die Matteus evangelie nie.

Miskien kan ek in die Jesus Christus wat ek nou so stap vir stap in die Matteus evangelie ontdek, ’n ware geloof vind in die ware God!

Want in die huidige prediking in ons kerk, in die kinderbybelgodsdiens, in die nuwe entoesiasme en ywer vir God in die Pinkster- en Charismatiese strome, in die organisasie en magspel van die maatskaplik-hervormende teoloë, is en was die Jesus waarvan die Evangelies getuig vir my ’n deur mekaar figuur.

Ek besef nou dat deur al hierdie baie godsdiens heen ek self die gawe en die talente en die posisie het om die Jesus van die getuienisse van Matteus, Markus, Lukas, Johannes en Paulus in húlle getuienisse te vind.

Dit vra van my ’n eksegetiese studie waarin ek alles in my vermoë moet doen om die getuienis van elkeen tot sy eie reg te laat kom.

Dit was nog net op die fakulteit onder proff. Frikkie Botha en Andre du Toit dat ek met die Jesus van die Skrifte, in die beperkte tyd en werksbestek wat ons gehad het, gekonfronteer is. Ek het nog altyd net ’n tipe Jesuskennis gehad uit:

a. die getuienisse van my eie maats,
b. die huisgodsdienssessies,
c. die huislike geloof,
d. die katkisasie geloof,
e. die gepredikte geloof,
f. die fakulteit-universiteitsgeloof,
g. die kamp- en groepie-godsdiens.

**Die getuienisse van my maats**
a. Die getuienisse van my eie maats leef in die CSV op skool en dan spesifiek die Jeug-tot-Jeug Aksie geloof soos ek dit in die seuns vanuit die invloed van ds. Lamprecht van Germiston -Suid gemeente ervaar het. Hierdie getuienisse-geloof kom ook uit die koffiekroeg-geloof van die straatwerk wat ek in Irene gemeente (Hillbrow) gedoen het en die studentekampe en skoolverlaterskampe op Achterberg en Bad-se-loop met di. van Niekerk en Abrie van Wyk.

Die aard van hierdie tipe geloof in Jesus Christus word bepaal deur die aard van die getuienisse wat in hierdie rigtings leef. ’n Getuienis is wanneer een van my maats: “Vertel wat Jesus vir hom gedoen het”. Hy het dan nog altyd net godsdienstig geleef. Hy het boesemsondes gehad. Hy het nog altyd na die Here gesoek en toe kom die Here en praat met hom persoonlik. Toe is die Here vir hom ’n werklikheid. Hy sou nog altyd getwyfel het. Hy was nie seker hy is ’n kind van die Here nie. Toe kom Jesus en hy aanvaar Jesus. Nou is hy werklik seker hy is ’n kind van die Here. Dit is die tipe getuienisse wat in hierdie groepe leef.” (Dagboek Silverton 24.01.1982)

“Die inhoud van hierdie tipe getuienisse sentreer rondom twee temas: die Kennedy vraag: as jy in die hemel kom, hoekom moet God jou toelaat? en “Is jy seker jy is ’n kind van die Here?” Al twee hierdie vrae is toegespits op die persoonlike aanvaarding en die binne nooi van die Here.

Die skemas waarbinne hierdie teologie leef is:
a. God het jou lief. God het ’n plan met jou lewe,
b. Jy is sondig en geskei van God,
c. Jesus is die Verlosser,
d. Jy moet ’n persoonlike geloof in Jesus hê.

Die doel waarop hierdie getuienisse en gesprekke afgestuur het, is die persoonlike aanvaarding van Jesus sodat jy weer ’n plan in jou lewe het, sodat jy weer in die hemel kan kom en sodat jy seker kan wees jy is ’n kind van die Here.

Die probleem in hierdie tipe getuienisse is dat daar ’n totale verstaan van God en Jesus Christus as Persoon veronderstel word: die vraag na die geldigheid en ware aard van Jesus

Christus; sy koninkryksopdrag; die ware aard van God se handelinge in Israel en die Kerk – is alles aspekte wat doodeenvoudig veronderstel word! Die vraag van die plan van jou lewe; die sekerheid van my plek in die hemel; die vraag na my eie sekerheid oor my eie godsdiens – hierdie tipe vrae is die fokus en die doel van die getuienisse oor “God” (ek is nie nie so seker oor hierdie “oor God” gedeelte nie).

Hierdie Jesus wat aan my deurgegee is, lyk dus as volg:
1. Hy is iemand wat my liefhet en my ’n plek in die hemel gee.
2. Hy is iemand wat my ’n doel in die lewe gee.
3. Hy is iemand wat my sekerheid oor my onsekerheid oor my eie godsdiens gee.
4. Hy is iemand vir my “persoonlike” lewe en my “persoonlike behoeftes”. Dit is die ruimte waarin hy optree: my persoonlike wêreld.

Die veronderstellings in hierdie wyse waarop Jesus aan my voorgehou is, is dat ek ’n behoefte aan God se liefde voel, dat ek daarna soek, dat ek na ’n plek in die hemel verlang en soek hoe om by hierdie plek uit te kom, dat ek na God se doel in my lewe soek en dat ek God se plan wil verstaan en deel wil wees van sy plan met my lewe, dat ek iemand is wat onseker voel oor God en dat ek graag wil seker wees van God, dat ek God persoonlik wil dien en dat ek my persoonlike behoeftes en my persoonlike wêreld as deel van God se heerskappy en sy wêreldhandelinge wil sien.

Dit sou die egte teologiese voorveronderstellings wees van hierdie tipe getuienisse. Of hierdie tipe teologiese doelstellings nie alreeds in hulle bedoeling antroposentries, dit is, antropologiese (mensgerigte) doelstellings was nie, is in my gemoed nog nie ’n uitgemaakte saak nie.

In my gemoed en my geloofslewe het hierdie Godgesentreerde motiewe glad nie geleef nie. Ek het nie ’n behoefte aan God se liefde gevoel nie en ek het nog nooit daarna gesoek nie. Ek het nog nooit ’n plek in die hemel gesoek nie en nog nooit gevoel vir die lewe ná die dood nie. Ek nog nooit belang gestel om só iets van God te ontvang nie. Ek het nog nooit na sekerheid in godsdiens gesoek nie. Ek het nog nooit belanggestel of ’n behoefte gehad dat God in my persoonlike wêreld moes deel nie.

Hierdie voorveronderstellings vir hulle getuinenisse is dus nie in my geregverdig gewees nie. Wat hulle in my veronderstel het, was nie daar nie. Ek het ten opsigte van hulle verkondiging van die Godgesentreerde werk van Christus geen behoefte gevoel of enige begrip daarvoor gehad nie.

Die groot ongenoemde veronderstelling van hierdie tipe getuienisse is nie net ten opsigte van die Godgesentreerde aard van die werking van Jesus Christus nie Dit is ook veral ten opsigte van die Persoon van Jesus. Daar word veronderstel dat ek sou geweet het hoe Jesus juis die ware Messias, die ware Middelaar tussen God en mens sou wees; ek sou geweet het wie en wat Jesus as Messias nou eintlik is. Vanuit hierdie veronderstelling was die fokus in hierdie

getuienisse dat Jesus – eintlik Iemand is wat vir my iets doen. Die aard daarvan is nooit gesê nie.

Egter, uit die aard van hierdie “getuienisse” het die beeld dat Jesus iemand is wat vir my iets doen, sy eie inhoud gekry en hierdie inhoud het vir my niks te doen gehad met soek na God se liefde; ’n plek in die Hemel reeds op aarde; ’n lewe ná die dood; sekerheid van God; ’n God wat my deel maak van sý heerskappy nie.

Watter inhoude hierdie opvattings oor Jesus gehad het vanuit my eie gemoed, wat nie aan die veronderstellings van hulle getuienisse voldoen het nie, kan ek los vir ’n eindgevolgtrekking. Dít is dus in breë trekke díe “getuienisse”, dit is geloofsdeurgee van Jesus Christus en hoe ek Hom leer ken het.

**Katkisasie geloof**

**....** Die vormende aard van die katkisasie saam met Piet Ebersohn en Koos de Villiers is feitlik kragteloos gemaak deur die manier waarop ek die Sondagskool onderrig in die gemeente Sonhoogte, in Primroseheuwel ontvang het. Nie een van my onderwysers … het erns met hierdie onderrig gemaak nie. Die enigste vlak wat dit bereik het, was dat ek “my les moes leer”.

Die veronderstelling wat in hierdie aanbieding moes deurkom was dat ek ’n ware soeke het om Jesus te leer ken, in sy aard en bedoeling as Messias; dat ek God wil ken en Hom volgens hierdie kennis wil dien en myself aan Hom wil toewy.

Indien dit die bedoelde veronderstelling was, was dit verkeerd, maar dit was nie eers so bedoel gewees nie. In my geloofslewe was daar van die dominee geen belangstelling nie; nooit het hy met my gepraat of aandag aan my gegee nie ten opsigte van my geloof nie. … Nooit is ons geloof getoets, as geloof in die ware aard en optrede van Jesus nie. Nooit is my bedoelings met die katkisasie bevraagteken nie. Die deurslaggewende aard was dus, ek moes die belydeniskennis leer en goed doen in my toetse en my werk ken. Dit was dus werk wat ek moes doen. Daarin het dieselfde motiewe gespreek as in my arbeid en prestasie op skool. Daar was geen verband tussen God en Jesus en my belydenis, behalwe dat ek my belydenis-werk moes doen nie. My aanneming was dus ’n erkenning soos op skool dat ek my belydeniswerk gedoen het.

Daarom was my aanneming vir my ’n deur mekaar en verwarrende ervaring. Die aannemings-eis wat na my toe gekom het, is dat ek werklik en eg my geloof moes bely het. Ek het egter geen ware kennis of belang gestel om Jesus na sy ware Messiasskap te ken, of om God as God te ken en my aan Hom toe te wei nie. Die klag van valsheid en nie-bedoeld nie, was dus vir my sprekend. Die druk van my ouers se kant was ook dat dit ’n besondere geleentheid, iets spesiaals in my gemoedslewe is, ek het dit egter glad nie só ervaar nie. Ek het dus voor ’n werklike keuse gestaan, ek moet vals wees of eg. Die keuse vir eg of waarlik was vanselfsprekend. Die vraag vir ’n jongmensgemoed hoé ek dit as eg kan beleef was te

oorweldigend met my geen belang in God; geen onderrig in God, maar belydeniswerk opset. Hierdie keuse besef ek nou eers en met die begrip wat ek nou daarvoor gekry het, kan ek nog baie dele ontsluit: Ek het eg en waar my belydenis, die belydenis vir die Here opgesê! Die Here waarin ek nie baie belangstel; wat ek nie ken of belang in het nie! Maar ek het eg die belydenis in my hart opgesê.

Ek het hierdie deel nog nooit só besef nie, maar van toe af het ek eg en waar die belydenis opgesê (al was dit nie vir my die belydenis van Jesus se waarheid nie); ek het eg en waar die Psalms gesing. Ek was toegewyd in die sing daarvan, maar dit was nie gerig op Jesus as iets teenoor Hom nie; iets tussen Hom en my nie, behalwe dat ek eg gesing en waarlik gesing het nie. Ek het eg geluister na die prediking en eg aan die predikant se gepraat aandag gegee. Maar dit het nie beteken dat ek op God en Jesus vertrou het om sprekend en handelend met my te werk nie. Om die belydenis op te sê, is vir my godsdiens; om eg saam met die gemeente te sing is vir my godsdiens en eg te luister en aandag te gee. Dit is my godsdiens, dank sy my kategetiese onderrig.

Ek sal later nog die invloed van die kategese opweeg teenoor die veronderstellings wat eg in my gemoed geleef het teenoor dit wat deur die kerk veronderstel word en hoe dit my godsdienservaring bepaal het en wat my kategese geloof in Jesus beteken het.

Tog het die grondtoon in die katkisasie hierdie ervaring van eg sing, eg luister, eg belydenis op sê struktuur gegee.

a. dit is kerkgesentreerd, die optrede het ek geleer sodat ek aangeneem kan word as lidmaat van die gemeente, sodat ek nagmaal kan gebruik. Ek doen dit nog steeds om deel van die kerk te bly. Die belydenis het ek as deel van die kerk se werk ervaar wat ek moes doen om deel van die kerk te word.

b. Ten opsigte van die eiewaarde, is hierdie ervaring gevorm as die eie-belydenis van die kerk-gemeenskap waaraan ek behoort. Dit is die optrede van “ons kerk”. Deel van hierdie beklemtoning van die eie is die afwysing van die wêreld en ander gelowe. Hulle is verkeerd vir my. Hierdie afwysing het vir my beteken: my psalm sing, preek luister, belydenis opsê is die regte wyse waarop dit gedoen word. Die polemiese-apologetiese aard was nie vir my gerig op die vraag na die ware Jesus nie.

c. Verder moes ek die godsdiens geniet. Christenwees moet vir my ’n vreugde wees. Hierdie tipe druk het gemaak dat ek nie die vreugde van die waarheid gesoek het nie. Ek het nie daarin belang gestel nie. Maar met vreugde moes ek luister, met vreugde moes ek sing, met vreugde moet ek die geloof opsê. So het ek weer die blydskap van die ware vertroue op die ware God verwring tot vreugde oor my godsdienstige handelinge. Dit is toe amper iets soos die Charismatiese selfopgewekte, sosiale blydskap.

d. ’n Verdere visie wat in die kategese self deurgegee was, is dat my lewe en lewensgeluk die doel van die kerkleer is, die kerkleer moet my lei tot ’n gelukkige lewe.

Ek sal dus die vormende perspektiewe weer probeer saamvat: die belydenisse is die kerkleer wat ek moet leer; ek moet hierdie werk doen as ek wil deel word van die kerkgemeenskap en dit bly doen as ek wil deel bly van die kerkgemeenskap; die kerkleer is reg en ander verkeerd; ek moet daarom “ons geloof” beoefen. Verder, dit moet ’n vreugde wees en die doel van die kerkleer is om my gelukkig te maak en dit is my lewe wat die belangrike deel van die godsdiens is. Hierdie perspektiewe het alreeds ’n verkeerde vorming van die ware vertroue op die ware Jesus en ware God. … Net as tussenwerpsel: die huidige verklarings wat verskeie groepe aan die ervaring van die kerk wil gee, gaan nie op indien hierdie die kwaliteit en inhoud van my kerk- en kategesegeloof is nie.

i. Ek is nie vals en skynheilig in my godsdiens nie. Die godsdiens wat ek doen, doen ek in opregtheid en egtheid: ek sing eg; ek luister eg; ek bid eg; ek bely eg. Ek bedoel dit regtig. ek bedoel om te bid, te sing, te bely, te luister. ek doen dit nie maar net as ’n ritueel en ’n “papegaai” nie.
ii. Dit is nie vir my net ’n teoretiese aangeleentheid nie. Dat ek wat ek sou doen, net met my verstand sonder enige gevoel of wilskrag sou doen nie. Ek is as totale mens betrokke in my gebede doen; my gesange sing; my prediking luister; my belydenis opsê. Om my in my godsdiens dus te beskuldig van ’n verstands- of teoretiese godsdiens is dus ’n valse beskuldiging.
iii. My godsdiens is ook nie sinloos of betekenisloos soos baie mense en groepe sou beweer nie. Die saamsing, saambid e.a. is betekenisvol. Dit is versterkend. Gee my weer gevoelens dat ek iewers tuishoort; ek voel intiem en nou saam met mense; ek onderdruk só my eie gevoelswêreld; dit los my skuldgevoelens op – want nou hoef ek nie meer skuldig te voel, daar word vir my vertel ek is iemand met ’n eie waarde; dat mense vir my omgee, dat ek nie hoef sleg te voel oor my gebede nie. Hierdie godsdienservaring is hoegenaamd nie betekenisloos nie.
iv. Nou vir die ironie. Selfs hulle beskuldiging dat ek nie vir die Here of vir God leef nie, is in hierdie sin nie waar nie. Want die gebede wat ek eg opsê; die gesange wat ek eg sê, die Bybellees of Bybelstudie wat ek eg doen; die belydenisse wat ek eg opsê, doen ek vir die Here! Dit is vir Hom dat ek dit doen. Ek doen dit met gevoelens van dankbaarheid sonder eise ek glo dat Hy dit van my verwag.

Een beskuldiging wat waar is, maar nie soos hulle dit bedoel nie: ek stel nie in God en sy dinge belang nie. Jesus kan vir my baie dinge doen, maar ek stel nie belang in sy ware aard en optrede nie. Ek ontken God nie, ek ontken net dat Hy vir my van belang is.

v. Nog ’n valse beskuldiging: My optredes is nie maar net ’n tradisie-godsdiens nie. Ek doen dit nie omdat my pa dit doen of omdat ander dit doen nie (want dit is wat hulle met tradisie-godsdiens bedoel) Ek doen dit omdat ek daarvoor gekies het en omdat dit vir my persoonlik waarde het. Ek doen dit uit my eie: uit eie beweging

en oortuiging. Ek word nie deur die gemeenskap of deur ouers daartoe gedwing nie.

**Die gepredikte geloof**

| | | |
|---|---|---|
| 6-8 jaar oud. | ds. AC Smit | Sonhoogtegemeente |
| 8-16 jaar oud. | di. Human, Joubert | Sonhoogtegemeente |
| 13-18 jaar oud. | ds. Neels Lamprecht | CSV Germiston Suid |
| 17-25 jaar oud | ds. Hough | Alberton –Oos gemeente |
| 18-21 jaar oud | di. van Niekerk, M. Steyn | Studenteleraars RAU |
| 21-25 jaar oud | di. Julian Muller, W. Nicol, Gerhard Koen, Dirk Oostuihuisen en Michiel Botha | Universiteitsoord gemeente Pretoria |

Hierdie dominees het verskeie rigtings verteenwoordig. di. Hough, Joubert, Human, veral die dominees wat ek by Sonhoogte gehoor het, is deel van die kerkleer-kategese geloof gewees.

di. Lamprecht, ds. Willem van Niekerk. Hulle het weer met die volgende raamwerk gepreek: 1. God het jou lief. Jy is belangrik vir God. Hy het ’n doel vir jou 2. Jy kan nie self nie, 3. Aanvaar Jesus. Neem Hom aan. Maak die deur van jou hart oop. Moenie langer uitstel nie, 4. Jy kan die ewige lewe reeds nou hier in beginsel hê; jy kan geloofsekerheid hê; jy kan ware vreugde hê, 5. Jy moet dankbaar wees en Hom lief hê.

Of dit al is wat hulle te sê het en of dit werklik al is wat hulle gepreek het, is nie vir my so seker nie. Dit is egter al wat ek ooit gehoor het.

ds. Oosthuisen. Hy is verteenwoordiger van ’n groot en breë stroom prediking in die kerk. Dit is waar daar met hoogdrawende beeldspraak, vurigheid en driftigheid die geloof gedramatiseer word. Al wat ’n mens van hierdie preke kan onthou, is dat dit mooi is, dat dit vurig is, dat dit driftig is, dat dit roerend en ontstellend is, maar vir iemand wat na inhoud soek, is dit nie rigtinggewend nie.”

di. Julian Müller, Gerhard Koen en Madder Steyn.
In hulle prediking is ek gerig om my geloof in die ware Jesus en die ware God te fundeer. Hulle noukeurige eksegetiese uitleg en die moderne verstaan van die konflikte wat ek met God het.

Wat prediking aan betref het daar ’n vormende krag in my lewe gewerk in proff. Hoffie Hoffmeyer, Julian Müller, Gerhard Koen en Madder Steyn, waarvoor ek diep dankbaar is. Dit het egter vasgeloop teen die raamwerke van geloof wat alreeds in my gemoed geskep is, en waarin ek geleef het, sowel as die valse godsdiens motiewe uit my gesekulariseerde gemoed in: a. die materialisme in ons huis. b. die moderne ateïsme in ons huis, c. die eksistensialisme in ons huis, d. die toekoms opeising en mensgesentreerde politiek wat die mens totaal op-eis en e. die verpersoonliking van godsdiens en die gevolge daarvan uit my konflikte.

Die krag van hierdie prediking kon nie tot sy reg kom nie, maar dit het tog vaste bakens in my gemoed vasgeslaan. Die groot invloed het egter uit die eerste drie strome gekom: a. die ds. Hough tipe wat my katkisasie-geloof bevestig het, b. die ds. Lamprecht tipe wat my getuienis geloof bevestig het en c. die ds. Oosthuisen tipe prediking wat my totaal verveeld en koud gelaat het.

ds. Fanie Groenwald-tipe (Silverton)
Dan is daar ’n ander tipe prediking wat ’n groter krag is as wat ek miskien mag vermoed. Dit is hierdie ds. Groenewald tipe prediking waar die teks net ’n raamwerk is om eie en persoonlike gemoedskonflikte mee weer te gee. Hierdie tipe prediking het my verpersoonliking van godsdiens bevestig. Hierdie tipe prediking is die verpersoonliking van die teks en Skrifgetuienis in die sekulêre sin.

In hierdie sin was die gepredikte geloof in Christus vir my ’n kragtelose ervaring; behalwe vir die Christosentriese, eksegeties-verantwoorde prediking van di. Julian Müller, Gerhard Koen. Mädder Steyn, Hoffie Hoffmeyer e.a. Dit is die tipe geloof wat ek in proff. Frikkie Botha en Andre du Toit ervaar het. Hulle het my gevorm en my gesterk in ’n ware vraag na die getuienis van die Skrif oor Jesus Christus. Net so met proff. Mias de Klerk, Attie Barnard, Heyns en Wethmar. Hulle het vir my die moontlikheid van ’n Messiasgeloof ontsluit. Die ander modelle het net my eie belangeloosheid in God bevestig, my ignorering van God aangehelp. (Dagboek Silverton 26.01.1982)

**““Kamp en groepie godsdiens.”**
Ek is oortuig dat ek hierdie ervaring as ’n bron van geloof in sy eie reg kan noem. Die godsdienservaringe in hierdie groepe het ’n eie indruk van godsdiens en só ’n eie Jesus-beeld. Hierdie groepsgodsdiens het sy oorsprong in die CSV en ek was by die volgende geleenthede betrokke:
a. die CSV kamp by die Hoekie;
b. die CSV groepe in die skool;
c. die skoolverlaterskamp by Bad-se-loop,
d. die Stranddienste; en
e. die skoolverlaterskamp op Achterberg waar ek groepsleier was.

Die krag van hierdie godsdiens leef in die groepsgevoel en die liedjies: die tema of sentrum van hierdie gebeure lê in die gevoelvolheid; die intieme gesprekke waar daar oor jou vertroulike gevoelens, optredes en gedrag gesels word; gevoelvolle belangstelling waar ons vir mekaar moet wys hoe lief ons vir mekaar is. Dit was die tema en die atmosfeer van die CSV groepe waarin ek was. Dit was die atmosfeer van die “bekering” by die Hoekie. Ek het geluister na die gevoelvolle praat (st. 8 15 jaar oud) van die oom; ons het in groepies gesit; moes saam met die groepie my hart vir die Here gee. Dit was wat ek wou doen toe ek later groepleier in die skoolverlaterskampe was. Ons moet intieme en vertoulike gesprekke voer: ons moet die ouens oor hulle intiem persoonlike probleme laat gesels en hulle met hulle

intiem persoonlike probleme help en die gelukkige groepleier wat iemand tog só ver kon kry om oor sy seksuele probleme te gesels!

Van God en Jesus het inhoudelik in hierdie groepe niks tot sy reg gekom nie. Behalwe dat Jesus daar is vir jou intieme en vertroulike probleme en dat Hy jou sal help, jy moet net alles vir Hom vertel: a. Hy is jou persoonlike Here: intiem vertroulik naby jou, b. die Here is nie ver nie, maar sy Gees is intiem-persoonlik met ons, c. die Here wil na jou probleme luister; Hy stel belang in jou probleme, d. Hy wil jou met jou intiem-persoonlike probleme help, e. die Here het jou lief en Hy wil naby en intiem met jou wees en f. ons moet mekaar liefhê soos die Here ons liefhet: intiem-persoonlik-vertroulik.

Die Here is eintlik die reglement, die konstitusie en gedragskode vir hierdie sensitiwiteitsgroep. Elke opvatting of idee of stelling oor Jesus is eintlik niks meer as ’n gedragskode van die groepie nie.

a. Die Here wil na jou probleme luister; Hy stel in jou belang, beteken dat jy moet nie jou probleme vir jouself hou nie. Jy moet jou probleme vir die groepie vertel want hulle wil graag na jou probleme luister b. Die Here is jou persoonlike Here, beteken dat jy persoonlik en vertroulik met die groep moet wees. Sy gees in-ons, beteken dat ons moet, as ons in die Gees wil wees, ons vertroulike, ons persoonlike en intieme gevoelens en ervarings met mekaar deel. Die Here het jou lief en wil naby jou wees, as jy verlos is, is die Here nie meer vér van jou nie, maar het Hy jou lief, beteken ons moet gevoelvolle en intiem-vertroulike nabyheid met mekaar belewe, en ons móét dit doen, want ons het mekaar lief soos die Here ons liefhet. Jy mag nie jouself toe hou, of die atmosfeer breek nie, want jy moet die Here liefhê soos Hy jou liefhet.

Wat ek nog nie bepaal het nie, is die inhoud en invloed van die Halleluja liedjies.

**Huisgodsdiens.**
Dit ken ek as skoolkind. Ons moet eers Bybellees voor ons kan skooltoe ry. Dit het altyd so gewerk dat pappa sy tyd vat en draai… … Ek was dan altyd laat vir die skool. Binne hierdie gevoelswêreld het ons vinnig huisgodsdiens gehou. …” (Dagboek Silverton 27.01.1982)

“Dit is die Jesus-beelde wat in my gemoed gevorm het:
I Getuienis-geloof.
a.Jesus het my lief en gee my ’n plek in die hemel.
b. Jesus gee my ’n doel in die lewe.
c. Jesus gee my sekerheid.
d. Jesus is daar vir my persoonlike lewe.

II. Die gepredikte geloof tipe A
a. God het jou lief; jy is belangrik vir God.
b. Hy het vir jou ’n doel; jy kan nie self nie.

c. Maak jou hart oop vir Jesus, moenie wag nie.
d. Jy kry by Jesus die Ewige lewe en ware geluk.
e. Jy moet vir Jesus wys jy is dankbaar; jy het Hom lief.

III Die Katkisasie geloof.
a. Jesus wil hê ek moet my kerkleer ken en my kerkwerk doen.
b. Jesus wil hê ek moet gebede bid, gesange sing, belydenis doen en Bybellees vir Hom.
c. Jesus wil hê ek moet gelukkig oor die kerkleer voel.

IV Gepredikte geloof tipe B
a. Jesus wil hê ek moet kerk toe kom, dit is my plig.
b. Jesus wil hê ek moet gereed wees vir die ewige lewe.
c. Jesus wil hê ek moet tiendes gee en die kerk nie kritiseer nie.

V Die kamp geloof.
a. Jesus is m persoonlike Here: intiem naby my.
b. Jesus se Gees is nie ver nie. Hy is intiem naby my.
c. Hy stel in my belang, ek moet my probleme vir my maats vertel: my intieme lewe.
d. Hy het my lief en wil hê ek moet my liefde gevoelvol wys: vertroulike ervarings deel.
e. Jesus wil nie hê dat ek hierdie intieme-vertroulikheid met terughoudendheid moet steur nie.

VI Huisgodsdiensgeloof.
a. Jesus wil hê ek móét Bybellees vir Hom.
b. Ek moet my hele gevoel en ervaring ontken.
c. Ek moet dit doen as ek moet Bybellees en bid.
d. Hy is een wat sê ek moet familiekodes nakom.
e. Hy bewaar, beveilig, voed, beskerm ons familie.

Hierdie is die Jesusbeelde wat aan my voorgehou is, vir iemand wat nie in God belangstel of ’n behoefte aan Hom voel nie! In al hierdie baie godsdiens en Jesusbeelde, het ek nog nie a. In God as ’n handelende, werkende Persoon geglo nie b. Ek het nie geglo dat ek belang het by God of dat ek God as noodsaaklik moet beskou nie.

Dit het gemaak dat die Jesusbeelde vir my net godsdienstige gedragskodes is: verskillende gedragskodes in verskillende godsdienstige situasies:

Jesus gee doel: vreugde ens.
1. Die sin- en betekenisgroepe waar die reëls vir ’n betekenisvolle lewe uitgespel word.
Jesus gee nabyheid, is nabyheid ens.
2. die intimiteits-vertroulikheids-gevoelvolheids-soekende groepe wat die reëls en kodes vir gevoelvolheid uitspel.
3. Jesus bewaar familie.
Die familie onderhoudende en samehorige familie soeke en kodes vir ’n gelukkige familie.

Jesus eis dat jy dit vir Hom sal doen.
4. die kerklik-liturgiese groepe wat die liturgie dele saam wil doen en die reëls en kodes vir die saam deelneem aan en saamdoen beheer en kontroleer.”
(Dagboek Silverton 27.01.1982)

“Ek begin nou al meer duidelikheid en begrip vir my eie godsdienservaringe kry. Ek kan dit munt deur te stel dat ek my hele lewe lank deel was van Jesuskultusse. Hierdie Jesuskultusse het elkeen sy eie kultus en eie gedragsreëls gehad.

**Die bedevaardskultusse, bedevaarts Jesus kultusse.**
Hier trek ons met busse en trein na die kultusplek. Die kultusplek is altyd in die natuur, weg van die stad en mense, by mooi heuwels, groen bome en waterkuile. In hierdie Jesuskultus word die doel van lewe, nabyheid, intimiteit en vertroulikheid gesoek. In hierdie Jesuskultusse staan plekke soos Bad-se-loop, Achterberg en die Hoekie sterk in my gemoed. Die waarde van hierdie kultusse lê in die feit dat ek dáár die gevoel gekry het dat ek rigting en betekenis in my lewe kry. Dáár was ons naby, intiem en vertroulik met mekaar. Maar om aan hierdie kultuswaarde deel te kry, moes ek myself oorgee aan die kultusrites, die groepie gesprekke, die aanmekaarvashou en sing, die vir mekaar getuig, die luister en oorgawe ritueel – met die dominees of godsdiensleiers.

**Die groepie- Jesuskultus.**
Die kultus is nie iets in homself nie, maar die kultus wil die gevoelens en die ervarings van die bedevaardskultus brandend en lewend hou, weg van die plek van die Jesusbedevaartskultus. Hierdie kultiese ritus bestaan daarin dat die groepie wat deel gehad het aan die bedevaartskultus, ( in die groepie kom die bedevaartskultus byeen en hou hulle die hierdie ervarings en gevoelens aan die brand) probeer om mense tot hierdieselfde gevoels- en ervaringswêreld oor te bring en van te oortuig.

Die inhoud van hierdie gebedsbyeenkomste.
a.Gebede.
Die gebede se doel is in homself opgesluit. Dit skep ’n vertroulike en samehorige atmosfeer en het die medekultuslid in die oog: hy moet voel ek bid saam met hom, (Ja, Jesus, ek stem saam, Ja, Jesus ek sluit aan by…); hy moet voel ek bid vir hom (Jesus, dankie vir Petrus hier by ons…); hulle moet hulle by die kultusgedrag berus; hulle moet saamstem dat dit die gees is wat werk, as die leier praat; hulle moet hulle self oorgee aan dieselfde ervarings en aan dieselfde gevoelswêreld; hulle moet voel dat ons intiem-gevoelvol bymekaar betrokke is.

b. Bybelstudie.
Hierdie tipe Bybelstudie is die uitleg van enkele tekste en die bespreking van die inhoud van die tekste. Die doel van hierdie Bybelstudie stuur af op ’n bepaalde kultusmoment: wat beteken dit vir my! Dit het weer die tipiese getuienis struktuur. In hierdie saampraat oor wat beteken dit vir my gaan dit nie om geloof in God en die are aard van die Messiaanse werk van Jesus nie. Dit gaan hier om die innerlik-vertroulike en gevoelvolle ervaringe rondom die

Skrifuitleg. Dit is hoekom die laaste vraag in die Bybelstudie altyd is: wat beteken dit vir jou persoonlik?!? Dit is die werkinge van die groepie Jesus kultusse.

**Die Jesus familiekultus.**
Hierdie kultusse sentreer weer om die huisgesin en die ervaringe in die huisgesin. In hierdie ervaringe en gevoelens gaan dit om die gevoelens, hoop, samehorigheid, veiligheid sekuriteit van die familie en die regverdiging en handhawing van die familie- aard en familie-verhoudinge.

**Liturgiese kultusgemeenskappe: Jesus kultusse.**
In die verlede het jy jou Reformatoriese Kerke gekry wat jy kon identifiseer na die manier waarop hulle die God van die Skrifte bely het. Die manier waarop jy God bely en in Hom glo, vir wie en wat Hy is, het jou onderskei van die ander kultiese gemeenskappe. Hierdie kriterium het egter verval. Die kwalifiserende is nie meer wie en wat God is nie. Die kwalifiserende is wat die kultusse jou bied: a.vreugde en blymoedigheid. b.Vrede en gemoedsrus. c.Doel en rigting in die lewe. d.Liefde vir jou naaste e.Die sosiale aksies. f.Nasionale trots en selfstandigheid. g.Vervuldheid. h.Positiewe denke. i.Berusting en selfprysgawe.

In elkeen van hierdie kultusse word ’n antroposentriese waarde as doel, die bereikbare ideaal of as status voorgehou, as jy net die kultiese ritusse deurmaak.

Die een kultusgroep het blymoedigheid en lewensblydskap as ’n rite wat jou lewe in die regte rigting hou en wat jou in die voorspoed en geluk van die wêreld laat deel. In alles moet jy net bly wees; lag en alles blymoedig aanvaar. Wanneer jy dit doen, dan, of as jy hierdie ritus deur jou gebede getuienisse en ander goed aan die gang hou, dan sal alles vir jou goed gaan en jou lewe sinvol wees. (Carathoters)

Die ander kultus groep het gemoedsrus en innerlike vrede met jouself en ander weer as lewensideaal en as gawe wat jy ontvang as jy hierdie tipe gebede beoefen; die liedere met blydskap sing. Dan sal jy nie meer skuldgevoelens en innerlike aanvegtinge hê nie.

Die ander is weer beoefenaars van selfoorgawe en berusting. deur die beoefening van hierdie lewenshouding deur gebede, vas, volharding e.a. sal jy dan die sin en betekenis vind wat jy nog nooit in jou lewe sou gehad het nie.

Ander verkondig weer die lewenskuns van positiewe denke. Deur die rites van positiewe denke stel jy kragte van God in jou lewe vry en verkry jy die toestand van innerlike geluk en ’n suksesvolle lewe (Norman Vincent Peale).

Ander propageer vervuldheid weer as die regte ritus om die krag van God in jou lewe vry te stel en ’n vol en ryk lewe te kan leef. Hierdie tipe vervuldheid verkry jy deur jouself prys te

gee en jou aan God oor te gee. As jy hierdie ritus van vervuldheid beoefen, dan sal jy gelukkig en suksesvol lewe: dan sal jou lewe nie sinloos en betekenisloos wees nie.

Ander verkondig weer liefde as die ritus wat God se krag in jou lewe sal vrystel. Deur gevoelens van liefde teenoor ander te beoefen en deur dade van liefde te verrig, sal jy God se krag in jou lewe ervaar. Dan sal jy die betekenis van die lewe ervaar wat andersins deur selfsug en egoïsme jou lewe kragteloos sou gemaak het.

Ander verkondig weer sosiale geregtigheid en sosiale, politieke optrede as die ritus wat God se krag en genade effektief maak en gestalte gee onder mense. In hierdie sosiaal-politieke daad ervaar hierdie mense dat hulle die god voorgeskrewe ritus vir die doel en betekenis in die lewe uitgevoer het.

Ander stel weer selfstandige nasionale trots as die godgegewe gawe van hulle kultus. As jy die ritusse van gebed, sang en belydenisse uitvoer, sal jy die gawe van nasionale trots en selfstandigheid verkry. Hierdie ritusse stel die krag van God vry waardeur die gawes van God bewerk word.

Hierdie is die gawes en die lewenstyl wat al hierdie kultusse jou bied as jy hulle ritusse uitvoer: Jesus aanvaar; vir Jesus jou gebede opsê; of elke ander besondere geestelike eis wat hulle aan jou stel, nakom.

Dit is nog vir my moeilik om te onderskei, maar my eie gemoed is tussen hierdie strome rondgeslinger. Dit is soos ’n vlooimark waar elke handelaar sy geestelike gawe het as jy maar net aan sy ritusse wil deelneem.

**Die okkulte.**
Dat ons in hierdie huidige godsdienstige bewegings in SA werklik met die opkoms van Jesuskultusse te doen het, blyk uit die beheptheid wat hierdie groepe met Satan en die bose het soos dit neerslag vind in spiritisme en ander bedrywighede. (bevrydingsbediening).

Die vrese, angste en waarde wat in die Jesuskultusse aan die Satansfiguur gegee word, wys duidelik dat hier die eie godsdienstige figuur – Jesus – net ’n kultiese waarde het. Hy is die kultusleier in wie die Satan ’n teenparty in gelyke reg het.

Dit is hierdie teenparty in gelyke reg wat op analoë wyse wys dat Jesuskultusse in die okkulte hulle eweknie en opponent aanvoel. Die praktyk van duiweluitdrywing in hierdie Jesuskultusse is net die kultiese magie wat ’n sterker ritueel is as die van die teen-kultus: die okkulte.

Dit is hoe ek godsdienstig grootgeword het. Dit is die godsdiens waarin ek van een kultus na die ander kultus, elkeen met sy eie ritueel, sy eie belofte van krag en geluk rondgegooi is in my gemoed. In hierdie Jesuskultiese godsdienste wat ek nog van kleinsaf as die ware

Christendom ervaar het, het God vir my totaal verlore geraak en die Jesusbeelde het my van my geloof in God vervreem en daarvan weerhou.

Ek het in hierdie paar dae en vandag die grootste godsdienstige deurbraak ooit in my geloofslewe gemaak. Ek voel in my ’n vryheid in en hoop op God waarvan ek totaal vervreem was.

Ek is vas oortuig dat die sekularisme ’n teengodsdiens geskep het, aan godsdiens en gode ’n eie beeld gegee het en dat hierdie teen-werklikheid aan die Christelike godsdiens ’n bepaalde struktuur en inhoud gee, waar hierdie tipe Skrifgebruik die geloof in God afplat en die belydenisse nie meer in sy volle belydenisaard funksioneer nie. Só ontstaan daar as teenreaksie uit die sekularisme ’n kultiese beweging wat homself in die simbole van die gevestigde Christendom beklee, maar wat nie deel is van die groei en die ontwikkeling van die Reformatoriese geloof in God nie, en ook nie as sodanig verstaan kan word as net nog ’n kerk uit die Reformatoriese ontwikkeling nie.

Die verwarrende in hierdie geskiedenis is dat die huidige kultiese stroom, wat ons as Jesuskultusse kan tipeer, verkeerdelik verstaan word as ’n ontwikkeling uit die Reformatoriese of Rooms Katolieke lyn. Dit is egter totaal verkeerd. In hierdie Jesus kultusse het ons ’n godsdienstige beweging wat deur alle gevestigde en afgebakende kerke en lyne sny, met ’n krag en leefwêreld van sy eie.

Die groter stryd is dat hierdie Jesuskultusse opgeneem word en as Christelike geïnterpreteer word in die gevestigde gemeentes en kerke, en só nie die stryd of oplossing weergee vir hierdie probleme wat die sekularisme vir die ware geloof in God veroorsaak nie, maar hom oorgee aan ’n pseudo- en skyngodsdiens wat pseudokonflikte in plaas van ’n ware geloofstryd skep. Die krag word dan gegee in hierdie pseudo-godsdienstige stryd en -konflik, in plaas daarvan om die ware aard van die probleem wat die sekularisme in die geloof op God te omskryf en ’n ware geloofsantwoord vir hierdie ware geloofsprobleem met God vanuit die Reformatoriese geloof te gee.

Ek dink ek het nou die opset van my doktorale studie omlyn.

1.Die sekularisme en ateïsme en die Godsvraag in die sekularisme.
2. Die teen godsdiens wat die sekularisme skep: die aard en steunpunte.
3. Die ontstaanwêreld, die aard van die belydenisskrifte en die leemtes in die Reformatoriese belydenisse vir die godsprobleem in die sekularisme.
4. Historiese studie van die nywerheids- en wetenskaplike ontwikkeling as die stu-krag van die sekularisme: die kultiese teenreaksie.
5. Die opkoms van die Jesuskultusse in die metodisme, die Pinksterbeweging, die neo-Pinksterisme, die vernuwingsbewegings in die gevestigde strome. Die nasionalistiese godsdiens in Nazi- Duitsland.
6. Die teenpool van die Jesuskultusse, sy intellektuele teenpool vind ons in die opkoms van jou sekularistiese teologië: van hoop, rewolusie e.a.

Miskien ’n tema: Vernuwings, herlewings en veranderings in die gevestigde kerke deur die opkoms van die Jesus kultusse.” (Dagboek Silverton 28.01.1982)

“ As ek in my eie lewe die ware geloof in die ware God wil uitbou, sal die valse Jesusbeelde in my gemoed moet afbreek en verwerp; sal ek met die groepie kultus se gevoels- en ervaringswêreld moet breek; sal ek moet die groeps- en ervaringswêreld van die familiekultus moet breek; sal ek van die liturgiese Jesuskultusse se Jesusbeelde en hulle ervaringswêreld moet wegbreek, met hulle gebede, hulle gesange, hulle liedjies, hulle getuienisse, hulle liefdesbetuiginge en hulle bekerings; hulle ideale en toewydings wat hulle in my gemoed geskep het.

Ek sal moet ophou met my voorbidding vir my groepie-kultus om ons gevoelens van intimiteit en vertroulikheid aan die lewe en aan die brand te hou in my gemoed. … Die ontsettende is dat ek nog altyd in opstand teen hierdie familiekultus geleef het en daarom die gebede vir die familie nie deel van my eie gebedswêreld gemaak het nie. Ek sal die hierdie opstand en weerstand, wat ook nog ’n vorm van deelname is, met die familiekultus moet opsê.

Hierdie is regtig ’n selfontdekking wat ek meer in sy volheid moet gaan ontgin: hoekom het ek nog nooit die gebede van die familiekultus deelgemaak van my eie gebedswêreld nie? Dit verklaar miskien ook hoekom ek nie die gesange van die familiekultus deelgemaak het van die groeps- of bedevaartskultusse gemaak het nie: die sing van vreemde nie-familie of liturgiekultus liedere nie, is ’n aktiewe vorm van aggressie teen en distansiëring van die leefwêreld in die familie- en liturgiese kultusse.

Ek het dus nou hier die spanning, opstand en aggressie in myself ontdek: ek gee myself vir die groeps- en bedevaartskultusse in ’n aktiewe aggressie teen die familie en liturgiese kultusse. Dit is vreemd dat ek nooit in selferkende opstand met hierdie Jesuskultusse gekom het nie.

Nog ’n vreemder verskynsel is dat ek vandat ek op Tukkies gekom het, gebreek het met die groeps- en bedevaartskultusse. Ek het nie meer ná die liturgiese kultus by die UKJA groep aangesluit en in die kringe gaan staan, mekaar omhels, fisiese kontak en die kampkultiese liedjies gesing nie. Ek besef nou eers dat dit ’n aggressiewe daad van verwerping van die gevoel en leefwêreld van die Jesusbeeld van hierdie groeps- en kampkultus was en ook van die betekenis wat hierdie kultusse in hulle saamsing, saambid en saamgetuig vir my het.

Dit is hoekom ek nie in die kring gestaan het as Susaan van Zuydam my sy verlaat het en in die kring gaan staan het nie. of as ek Johan Haasbroek en Marinda met Coenie hulle gestaan en gesels het na die kerk nie. Hulle het almal in die kring gaan staan en ek het buite gestaan of koshuis toe gegaan: elke keer as ’n daad, ’n aggressiewe daad van verwerping en distansiëring.

Dieselfde aggressie het geleef in my weiering om deel te hê aan ’n gebedsgroepie, bedevaartsuittog met die UKJA konserttoere wat ek as regisseur aan deelgeneem het. Anton Gilfillan wou op die eerste toer hê dat ons die toer sal gebruik om vir die Here te getuig. Daarom moes ons die godsdienstige liedjies sing … daarom is die doel van dit toer dat ons eintlik Bybelstudie sal hou en gebedsgroepies op die toer sal hê sodat ons deur hierdie toer geestelik versterk word.

Die verwyt en die beskuldiging wat na my toe gekom het, is dat ek net ’n vleeslike toer gaan aanbied, dat ons as kerk nie sulke beestelike goed kan doen nie, en dat ons die eintlike doel van die toer, om ons geestelik te versterk en getuies vir die Here gaan wees, gaan mis. Hierdie klag en verwyt is die klag van ongeestelikheid.

Ek het nog altyd skuldig gevoel deur hierdie verwyt van ongeestelikheid. Ek het eenkeer, of ’n paar keer aan hierdie skuld en verwyt toegegee: eers met die CSV, toe later weer op RAU met Willie Pieterse en Anton Louw se geestelikheid, maar die krag van hierdie verwyt en beskuldiging het getaan sodat ek met hierdie toer nog die verwyt gevoel het, maar dit het my nie meer aan die manipulerende krag daarvan blootgestel nie.

Daarom het my opstand en aggressie geleef in die aktiewe dooddruk en uitskakel van die moontlikhede van Anton Gilfillan-hulle om die toer in ’n bedevaartskultus te omskep en verder enige ruimte te gee vir groepskultiese ervarings tydens die toer. Ek het nog nooit die drif of die krag van hierdie aggressie in my teen die Jesuskultusse erken nie en daarom ook nooit herken nie. Dit was omdat ek nog nooit die moontlikhede in myself of godsdiens gevoel het om in opstand teen Jesusbeelde of godsdienskultusse en hulle kultusritusse te kon kom nie.

Vir my was Jesus, diens aan God en toewyding aan God nog altyd sinoniem met die Jesuskultusse se inhoude en die inhoude wat hulle daaraan gegee het. Daarom was opstand teen hierdie Jesus en hierdie kultusritusse en toewydings nie moontlik nie, nie in myself nie, want vir myself was dit een ervaring. Daarom het ek nie die opstand en aggressie as opstand en verwerping van Jesus en aanbidding erken nie. Maar dit is wat dit vir my beteken het om Anton se poging om hierdie toer in ’n bedevaarts- en groepskultus te omskep, om mekaar op te bou en hulle gevoel, met krag en mag onderdruk het. (dagboek Silverton 29.01.1982)

Die leegheid van my geloof in die Here is die leegheid wat ’n hele kerklike godsbedryf in my as kind van die Here geskep het. Dit was nie my eie skepping nie.

Ek preek met die aanddiens van 31 Januarie Matteus 4 verse 12 -17 en verwoord weer die verskil in die wyse waarop die Here Messias is en die Messiasverwagting van die Jode. Hiermee ontsluit Christus se ware Messiaswees vir my teenoor die Jesusbeelde wat ek van Hom in my gemoed gehad het.

Hierdie verskil tussen die verkondigde Christus in Matteus en die Joodse valse Messiasverwagting word vir my die wyse waarop ek my eie valse Jesusbeelde kan vind en mee kan breek teenoor en met geloof in Christus Dit word ook die wyse waarop ek die Jesusbeelde in die gemeente aanspreek. Dit sou tot heftige reaksie lei. Reaksie wat ek nie kon verstaan of die verbande kon raaksien toe dit aan die orde gestel is nie: die kultusgroep in die gemeente het elke keer aangevoel dat hulle Jesusbeelde blootgestel word in hierdie vergelyking tussen wie Christus in se verkondiging Matteus is teenoor die Joodse Messiasverwagting.

“Ek preek gisteraand uit hierdie gedeelte: ek sukkel om die verband tussen verse 12-16 met vers 17 in die preek as ’n geïntegreerde eenheid deur te gee. … In hierdie verse het ons ’n moontlike klag en beskuldiging van die Jode teen Jesus se optrede. Die klag lê daarin dat Jesus se optrede na sy doop wys dat hy ’n minderwaardige en oneervolle tipe werk doen. …daarom is Jesus se uitwyk na Galilea na Herodes se magsoptrede vir die Joodse vroomheid ’n totale krisis: nie ’n politieke of volkskrisis nie, maar ’n geloofskrisis. Die Messias wat hulle sou kom bevry van politieke oorheersing en hulle kultusplek en politieke bestel, wat Jerusalem, stad van Dawid, tot die magsentrum van die heelal sou kom maak, Hý vlug na ’n heidense gebied, ’n nie-Joodse gebied.

Die verwagtings wat die Joodse vroomheid van Jesus gekoester het, is: Hy, as gevolmagtigde van God, Hy wat die Gees van God het om die krag en die leiding van God te gee, Hy wat Homself as Messias uitgeroep het in sy doop, Hy wat die volmag en Gees van God moes gebruik het om die mag van Herodes Antipas te verslaan en die Romeine te uit te dryf, voldoen nie aan die verwagtinge van die Jode nie.

Jesus wyk uit na volksvreemde elemente om nie dieselfde lot as Johannes die Doper te deel nie. Hierdie optrede is vir die Joodse gemoed ’n bewys van Jesus se onwaardigheid (om Messias te wees), Hy het beslis nie die volmag van God en die Gees van God nie. … as Jesus die Messias sou gewees het, sou die keuse van werksplek onder die volk Israel, die Jode wat in die suiwer tradisie van die Joodse volk geleef het, gewees het. … die rede daarvoor is dat die keuse van werksplek ook die plek is waar die Messiastyd begin. Dit is die plek waar die koninkryk van God en sy heerskappy opgerig word. Vir die Joodse vroomheid was hulle die gemeenskap waar die koninkryk opgerig wou word … Nou kom Jesus en Hy kies Galilea as werksplek. …”

“In my eie gemoed kon ek nog nooit die onwaardigheid en oneervolle optrede van Jesus aanvoel nie. En ek kan dit beslis nie aanvoel soos die Joodse vroomheid van 2000 jaar gelede dit kon aanvoel nie. Die geweldigheid wat ek in hierdie feitlikheid ervaar is dat ek nie seker voel oor Jesus se waardigheid en bevoegdheid vanuit sy optrede nie. Die optrede van Jesus lyk vir my nie na die optrede van iemand wat deur God volmag ontvang het en die krag en die leiding van God se Gees in sy lewe ontvang het nie. Ek het dus geen sekerheid in Jesus na aanleiding van sy wegvlug en uitwyk uit die Joodse vrome gemeenskap nie. Tog laat dit my nie onseker voel nie. Die enigste rede vir hierdie kontras in myself lê daarin dat ek nie seker

is en voel oor Jesus se bevoegdheid en sy volmag uit sy eie optrede nie. Dit skep eerder in my twyfel, maar terselfdertyd voel ek seker vanuit valse verwagtinge.” (Dagboek Silverton 1.02.1982)

### 39. Die eerste openbare geskil en konfrontasie: duiweluitdrywing en herlewingsprediking.

Danie O’ Reilly word Vrydag die 5 de Februarie 1982 in die gemeente Wonderboompoort bevestig met handoplegging. Hy is die derde- en jeugleraar saam met ds. Sarel J. Norval en dr. Johan Greyvenstein. Hiermee word sy pastorie in Wonderboompoort ’n kuierplek en hawe in die stryd wat in Silverton begin het.

Die eerste openlike geskil in die gemeente Silverton vind op die 7de Februarie 1982 plaas. Een van die geestelike vroue in die gemeente, Lettie Grabe, nooi my uit vir tee. Sy probeer my betrek by hulle “bevrydingsbediening”. Sy is deel van die groepie vroue wat onder die leiding van May van der Walt van die buurgemeente, besig was met die propagering van bindinge deur demone en die beoefening van duiweluitdrywing.

Ek stel vir haar dat ek dit as ongeloof in Jesus Christus sien. Ek stel aan haar dat ek haar oortuigings en optrede by die kerkraad sal aangee. Daarmee het ek haar poging om my op te eis vir hulle groepiegeestelikheid afgeweer en haar optrede openbaar gemaak. Ek ry na die tyd na die voorsitter van die dagbestuur, ds. Joost Hattingh, en deel aan hom hierdie insident mee.

Die volgende Sondagoggend die 14 de Februarie preek ds. Fanie Groenewald uit Handelinge 2 en kondig aan dat hy oor herlewing gaan preek:

“Hy gaan in op die noodsaak van herlewing. Hy sê dat die lidmate dood is, dat lidmate nie toegewyd leef nie. Hy sê dat dit die rede is hoekom daar in Silverton herlewing nodig is. Die weg tot herlewing lê in volhardende gebed. Hy vertel van die herlewingsbewegings wat op hierdie wyse in die Anglo- Amerikaanse wêreld begin het: Los Angeles en Londen. Hy vertel van die gebede vir herlewing wat in die konsistorie deur die bid-uur groepie aan die gang gehou word, met die suggestie dat deur húlle volhardende gebed die herlewingskrag ontlont sal word in die gemeente wat geestelik dood is.

Na hierdie punt gaan Fanie oor tot die oplossing. Elke mens in die gemeente sou ’n sonde in sy lewe hê. Hy wys op ’n plakkaat al die spesifieke sondes wat ’n mens sou hê: ’n vark vir vraatsug; ’n bok vir wellus; ’n pou vir hoogmoed; ’n slang vir afguns e.a. Die suggestie is dat Satan ’n mag en ’n houvas op die gemeente het omdat al hierdie sondes in hulle harte leef. As hierdie sondes afgelê word, sal die gemeente herleef. Die preek eindig hier stomp en stom. Oor geloof in Jesus Christus, eerder nog, oor wie God is, wie Jesus is en wat God doen is daar nooit oor gespreek nie. Saam met die Skriflesing gaan ’n opwekkingsroep vir herlewing.

Die weg na hierdie herlewing is gebed, aanhoudende gebed. Dit moet met moralistiese oortredingsstakings gepaard gaan.” (Dagboek Silverton 1982)

Ek het dit die hele jaar nie goed besef nie, maar ds. Fanie Groenewald, saam met my klasmaat, Pieter Erasmus, wat die vorige jaar die jeughulp was en al die ander geestelikes het beplan vir ’n geestelike herlewing in 1982 vir Silverton gemeente. Pieter Erasmus volg hierdie oggenddiens op met nog ’n herlewingsoproep in die aanddiens van 14 Februarie:

“ Pieter Erasmus uit die Charismatiese stroom, die Visklub op Tukkies, doen die aanddiens uit Romeine 13: 8-14. Sy hele preek sentreer rondom vers 14: “Nee, julle moet lewe soos volgelinge van die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie.”, en veral rondom die woorde “beklee julle”. Hy sê dat hy tematies by Fanie se oggend preek aansluit, dit is by herlewing. Die breë doel van die preek is dus dat die gemeente sal herleef. Hierdie vae en onbelynde doel word weer sonder riglyne só vaag gelaat.” Dagboek 15.01.1982 Silverton 1982)

In presies dieselfde tyd waarin ek in die getuienis van Matteus oor Christus finaal breek met alles wat in hierdie geestelikheid vir my oor Jesus geleer is, kondig die leraar saam met sy geestelike groepie in die gemeente af dat hulle vir ’n herlewing bid, preek en werk.

Hierdeur moes ek my dus met elke preek of optrede van hierdie groep verantwoord teenoor dit wat ek in myself as ongeloof in Christus verwerp het. Ek kon nie meer die ongeloof van hierdie geestelikheid as my eie verlede hanteer nie. Ek moes dit nou as die bediende waarheid vir die gemeente en die jeug met wie ek moes werk, hanteer.

“Die inhoud van hierdie preek het die volgende implikasies: Jesus kom weer. Veral omdat dit nou die laaste dae is. Nie net omdat dit die laaste dae sou wees, soos ons dit in die Gereformeerde geloof verstaan nie, maar hulle kondig aan dat dit nou die laaste tydstip is. Die suggestie is nie dat Jesus enige tyd kan kom nie, maar dat Hy beslis binnekort kom. Daarom moet die mense “sekerheid hê dat hulle hemel toe gaan.” Die wat sekerheid het dat hulle hemel toe gaan, moet hulle met Jesus “beklee”. Dit is, moet goeie dade doen. Al meer moet mense hulle oefen om moreel goed te leef en nie immoreel te leef nie. Hierdie gesindheid sal nuwe herlewings in die gemeente bring.

Weereens geen Skrifuitleg nie! Die teks word glad nie vanuit die gedeelte verse 8-14 uitgelê nie. Ook staan die verkondiging wie Jesus is en wat Jesus doen in die “beklee julle met die Here”, nie net op die agtergrond nie. Dit ontbreek heeltemal. Verder word die verkondiging nie binne die teologie en bedoeling van die brief Romeine verstaan nie, maar word dit binne die praktiese herlewingsveld geplaas waar dit deur ’n nie-skriftuurlike “teologie” uitgelê en gekontekstualiseer word. Ons kry dus weer eens ’n sug na herlewing, godsdiensywer en godsdienstige aktiwiteite sonder enige verkondiging van wie die Jesus van die Skrifte is en wat die Jesus van die Skrifte doen.

Hoe ervaar ek hierdie tipe prediking?

Op die oomblik is hierdie tipe prediking vir my ’n eiesoortige geloofskrisis. Want dit gaan gepaard met die nuwe ontmoetingsgebeure wat ek met God ervaar vanuit die verkondiging van Matteus wie Jesus is en wat Hy doen. Hierdie geloofsfeite bring ’n nuwe dimensie in my godsdiens wat ek nie vroeër gehad het nie: ek begin op God vertrou; God word die rigting van my hoop; God word die een van wie ek my verwagtings koester. Iets vreemds in my godsdiens.

Dit is Fanie en Piet se prediking wat my totaal van God vervreem het: dit is hulle tipe hoop en verwagting wat gemaak het dat die plek waar ek God kon leer ken het, die kansel met die geopen Woord, vir my geslote gebly het. Dit was nie net ’n geslote deur nie. Hulle het ander deure oopgemaak, nie die Woord geopen nie, maar die godsdienstige gemoed van die prediker, dit is, die verwarde godsdienstige gemoed van die prediker.

Dit is al moontlikheid wat Fanie en Pieter die gemeente gebied het, die gemeentelede kon deel geword het van hulle godsdienstige gemoed. Dit is vanuit hierdie struktuur dat die groepsvorming rondom Fanie Groenewald, Pieter Spies en ander Charismatiese persone plaasvind. Hulle deel in dieselfde godsdienstige gemoed as Fanie, daarom deel hulle in sy prediking wat geen Woordverkondiging is nie.

Nou verstaan ek hoekom hulle só behep is met Andrew Murray en ander godsdienstige of kultiese leiers. Dit is die deelgenootskap in een godsdienstige gemoed waar daar geen deelgenootskap met God, die God van die Skrifte is nie.

Tussen hulle eie godsbeeld en ’n ideologie is daar weinig verskil. Miskien kan ons hierin praat van die opkoms van deologieë naas ideologieë uit die gesekulariseerde gees van die mens. Hierdie deologieë en ideologieë het dieselfde struktuur, maar net ander simbole.

Dit is dus die kerninvloed wat hierdie tipe prediking op my gehad het. Ek is die moontlikheid tot God, die God van die Skrifte, ontneem en daarnaas ingelei in die godsdienstige gemoed van die godsdiensleiers, godsdiensfigure in my lewe, ds. Joubert, ds. Lamprecht, ds. Willem van Niekerk, ds. Mike Smuts, Malan Nel van die jeugaksie. Ook in die huis, die godsdienstige gemoed van pappa, van die katkisasie, die Jeugaksie, die Irene koffiekroeg, die CSV, Johan Krige en die ander skoolverlaterskamp kursusse.

Ek kan dit nie meer alles mooi herroep nie, maar ek weet uit die gevoelswêreld van hierdie tipe preke van Fanie en Pieter, watter gemoedswêreld ek elke keer in hierdie predikers betree het. Ek voel skuldig en word skuldig laat voel dat ek nie wil kerk toe kom nie, dat ek my gebede aframmel, dat ek nie bedoel wat ek sê en doen in die godsdiens nie. Dit is hulle hoofklag: ek bedoel dit nie werklik nie; dit is nie my oortuiging en erns nie; my gebede opsê, my kerk toe kom, my dankoffer gee en andere. Dit is ook hoekom ek ’n koue lidmaat sou wees, ’n dooie lidmaat sou wees. Hierdie klag speel op my skuldgevoelens.

Uit hierdie skuldgevoel word my verlange gewek, om ’n vol en ryk godsdiens te hê, om werklik te bedoel wat ek doen, om ywerig en lus te wees daarvoor.

Om dit te doen moet ek my “sondes” los: mag nie vloek nie; mag nie kwaad word nie; mag nie my ouers haat nie; mag nie lui wees nie; mag nie dans nie; mag nie op Sondag swem, naelsknip, koerantlees of by maats gaan speel nie. Die wortel van my probleem is dan omdat ek een van hierdie dinge sou doen wat dan verkeerd sou wees.

Dit was dan vir my die rede hoekom daar geen “groei” in my godsdiens is nie: geen deelname aan die godsdienstige leier se gemoedstoestande nie. Want dit was die ideaal: ek moet so baie soos hy bid; ek moet so lieftallig soos hy wees; ek moet so oorgegee wees soos hy; ek moet so vroom soos hy wees. Dit is die bron van my skuldgevoel, die ideaal-beeld van die godsdienstige figuur. Miskien is dit die onderliggende struktuur van hierdie “so- -soos” tipe prediking – met die ideaalstelling van die eerste gemeente situasie as die model vir vrye foutlose gemeente werkinge in sy eie gemoed.

Vanuit hierdie skuldgevoelens oor godsdienstige nie-bedoelde optredes met die konfrontasie met die ideaal beeld, word ek dan tot morele verbetering opgeroep as ’n wyse om God se werkende krag weer in my lewe vry te stel. Wat die aard van hierdie werkende krag is, word gekwalifiseer met “volheid”, en “vrede” maar veral “vervul” en “vol” is die tref- en kragwoorde in hierdie herlewing. (Dagboek Silverton 15.01.1982 )

Ek kon in die herlewingspreke van ds. Fanie Groenewald en proponent Pieter Erasmus die inhoud van hulle herlewingsbeelde en herlewingsaktivisme toets aan die inhoud van die getuienis oor Jesus Christus in Matteus. Die Christusloosheid, Godloosheid en gelooflloosheid van hierdie beelde kon ek peil terwyl hierdie beelde as die krag van ’n herlewing opgeroep, voorgehou en voorgeleef is vir Silverton gemeente.

Terselfdertyd het ek ook geweet dat my eie goddeloosheid nie die gevolg was van hierdie God en Christuslose beelde nie. Ek kon dit nog nie volgens die Bybelse inhoud van afgodsdiens beskryf nie, maar verwoord die binnewerking van afgodsdiens in my eie lewe, dit is, my eie identifikasie met God. Hiermee kry ek dit reg om my verlange na God as die inhoud van afgodsdiens verder te kan verwoord. My tipe verlange na volheid met God kom vanuit die leegheid van afgodsdiens met die volheid van afgodsdiens as doelwit. Ek wil die leegheid wat ek van God glo, vul met die mag om met God se volheid as God in my beliggaam te word.

Ek het net geweet dat my eie identifikasie met God, is die hart van my eie verwarring.

“ … Materialisme en kapitalisme is vir my ’n selfsprekende veronderstelling. Vanuit hierdie perspektief het ek ’n bepaalde houding en lewensgesindheid: ek wil ’n ryk en betekenisvolle lewe hê; ’n lewe van mooi en vol ervarings, ervarings waar ek interessante en mooi dinge met vriende ervaar; waar ek mooi en betekenisvolle ervaringe met ’n geliefde en later as vrou en kinders sal hê; Vanuit hierdie selferkende kapitalistiese materialisme wil ek ’n lewe van betekenisvolle ervarings opbou, betekenisvol as openheid, nabyheid en intimiteit.

Saam met hierdie “soek” en “lewe”, leef daar die angs om vasgevang te word in anonimiteit, die onpersoonlikheid, die selfingekeerdheid en afgeslotenheid van die moderne stadslewe. Hierdie angs is feitlik die bron van die soeke na persoonlikheid, openheid, gemeenskap en intimiteit.

Hierdie is dus die bakens van “my lewe”. ’n Selfsprekende onafhanklikheid en selfstandige selfversorging in kapitalistiese materialisme, of eerder, in die verbruikersmaatskappy. …Dit is waar my hoop, vertroue en sekerheid op rus: die geordende wetmatigheid van ’n selfversorgende verbruikersmaatskappy … Die toekoms is en lê in die onontginde moontlike van die mens. Dit is ook waar die hoop opgerig is: op die selfmoontlikhede… God moet vir my die waarborg gee vir die eie selfversorgende en outonome verbruikers- en produksie maatskappy… God moet vir my die reg gee, die ruimte op sorglose plesier en genot… God moet as waarborg optree vir my onontginde moontlikhede waar ek deur tegniese, ekonomiese wetenskaplike prestasie en kompetisie myself verwesenlik en my lewensmoontlikhede ontgin. … God moet as waarborg optree vir my angsgedryfde soeke na betekenis …

Ek dink in hierdie ervaringe leef dit wat ek nog altyd vir myself genoem het “Jesus moet Here wees in my lewe”.

Die vreemde van hierdie ideaal dat Jesus Here in my lewe sal wees, is dat ek geen soeke of behoefte aan God gehad het nie. … ek het selfs nie ’n vaste oortuiging van sy Persoon, sy bestaan of gerigtheid op Hom gehad nie. Tog wil ek hê Jesus moet Here in my lewe wees.

Die krag van hierdie ideaal lê in die laaste deel van hierdie ideaal: “ín mý lewe”. Met “mý lewe” bedoel ek my selfversorging, my genot, my soeke na betekenisvolheid in gemeenskaplikheid; my selfverwesenliking in my eie ontwikkeling van my eie lewensmoontlikhede.

Hierdie mensgesentreerde lewenservaringe is die doel, die taak en die inhoud van Jesus se Here-wees vir mý. Wat hierdie inhoud van Jesus se Here-wees is, is nog vir my vaag en onseker. Wat wel seker is, is dat in hierdie ideaal ek by my self- of eie godsdienssoeke gekom het, naas die aangeleerde godsdiensstruktuur wat ek verlede week ontleed het. Dit is die selfopdrag vir die volgende weke: wat soek ek in hierdie godsdiensideaal: “Jesus is Here in my lewe”. (Dagboek Silverton 18.01.1982)

Op die 18 de Februarie begin ek vir die lydingstydspreke met die eksegese van Matteus 26 verse 1 tot 5, wat uitloop op die beslissende lydingstydpreek van 11 Maart. Hierdie preek laat die werklike inhoudelike breekpunt tussen my en die geestelikes van Silverton op ’n dramatiese wyse afkom.

Ek breek in hierdie lydingstyd preke deur enige vorm van eksemplariese uitleg of verstaan van die Matteusteks. Ek verwoord vir myself die heilshistoriese betekenis van Christus as Persoon en sy handelinge as Persoon soos Matteus Christus verkondig.

“Die eerste saak wat die verse beklemtoon is Jesus se vrymagtige besluit om gekruisig te word. Hy word deur die Vader oorgegegee aan die Jode se verwerping en die kruisiging. Om hierdie betekenis van Jesus se besluit te verstaan moet op twee dele gelet word:

a.Wie is die Seun van die mens

b. die oorlewering om gekruisig te word.

Uit hierdie gedeelte kan ons dit formuleer as wie neem die doodbesluit en b. die aard van die dood waaraan Jesus oorgegegee word.

Die belang van die Messiaanse aard (van Jesus en sy werk) is vandag weer aktueel, veral uit die propaganda-dood wat mense hulle self aan oorgee, of eerder, waaraan idealiste en fanatieke revolusionêres hulle self aan oorgee. Die dood van ’n mens is nooit sonder aanspreke en betekenis nie. Daarom moet ’n mens nie die betekenis van die dood van Jesus gaan soek in die feit dat Hy homself aan die dood oorgegee het nie.

Om jouself aan die dood oor te gee, om jou liefde te bewys of te demonstreer, is algemeen menslik. Om jouself aan die dood oor te gee, om jou oortuiging en toewyding aan jou ideale of leerstellings te demonstreer is ook nie die Messiaanse aard van Jesus se doodsbesluit nie. Om jouself aan die dood oor te gee om mense mee af te pers en as laaste manipulasie te gebruik om mense na jou sin en wil te buig is ook (’n gewoon menslike) moontlikheid om jou aan die dood oor te gee.

Die vraag in die berig is dus wat is die eie-aard van Jesus se dood en sy oorgawe en besluit om Homself aan die dood oor te gee.

Om jou eie dood te herinterpreteer is nog ’n gewoon menslike vorm van oorgawe aan die dood. Sou dit so wees, dan is Jesus se dood nie sy eie magsbesluit nie, maar juis die finale bewys dat Hy as Messias vals en oneg was. Die vraag na die eie aard van Jesus se dood is dus bepalend vir die verstaan van die koninkryk van God.” (Dagboek Silverton 18.02.1982)

Die Saterdagaand in my voorbereiding vir die preek uit Matteus 26 verse 1 tot 5 vind ek die heilshistoriese betekenis van Christus in die teks. Meer nog, ek deurbreek die boetedoeningskarakter van my eie bygeloof en vind die geloofsinhoud van Christus se oorvloediger geregtigheid om met die tweede stap van identifikasie met God, vervulling met God, te breek. Ek vind ook die verlore inhoud van Christus se heerskappy wat ek nooit in my ideaal van “God in my lewe” en “gehoorsaam aan God in my hele lewe kon vind nie”.

“Jesus gehoorsaam die ganse wet, dit is, die geregtigheid van God. ( Matt. 3:15) Maar hy gehoorsaam dit op ’n Messiaanse wyse: vir ons. Dit is die offer wat hy aan die Vader bring: gehoorsaamheid aan God se wil. Hierdie daad is die regsgronde op grond waarvan die Christen self oorvloediger geregtigheid kan bewys. (Matt. 5:20). Hierdie geregtigheid is deur Christus aan ons toegesê. Dit is die weg vir die wat God wil dien en Hom wil navolg: geloof in Jesus se Messiaswerk. Hy was op ’n Messiaanse wyse aan God die Vader gehoorsaam.

Hierdie status en toesegging maak dat God die Vader ons dade van dank as dade van oorvloediger geregtigheid kan aanvaar: dade wat God se wil volbring. Hierdie dade is geloofsdade.

Hierdie perspektief het nog nooit in my geloof geleef nie.

Ek het Jesus se Messiaswerk nog net gesien as die skuld wat Hy op Homself neem en die straf van sonde wat Hy op Homself neem. Ek het net geglo dat die Vader my nie meer skuldig hou vir my sondes nie. Hierdie tipe geloof het self geen visie op die feit dat die eis van God nog steeds is om Hom volkome te gehoorsaam nie. Hierdie eensydige “skuld-straf” geloof, het hierdie priesterlike werk van Jesus vir my kragteloos gemaak. Verder het hierdie priesterlike werk van Jesus vir my ook nie deel gevorm van Jesus se regering en heerskappy nie. Verder het ek geen hoop op God gehad nie, alleen maar my selfbepaalde behoeftes wat met God niks te doen gehad het nie. Só is die ware aard van Jesus se werk vir my verlore. (Dagboek 20.02.1981)

## 40. Die ontdekking van oorvloediger geregtigheid as die geregtigheid van Christus en vervulde geregtigheid.

Die Maandag na die oggendpreek neem ek die openbaringsinhoud in Christus wat die raadsplan van die Vader uitvoer sodat ons ingesluit kan wees in sy “oorvloediger geregtigheid” verder op. In hierdie oorvloediger geregtigheid as Sý geregtigheid kan ek myself losmaak van die moralistiese gehoorsaamheid waar ek al beter leef omdat ek met die krag van God vervul sou wees. Die geloof dat my dade vir God reg is deur Christus se oorvloediger geregtigheid maak dat ek hierdie geestelike strewe om self uit die krag van God reg te leef kan los

“Met die prediking uit Matteus 26 verse 1 tot 5 gisteroggend en met die voorbereiding daarvan is daar vir my ’n hele nuwe dimensie van Jesus Christus se heerskappy oopgemaak: dit voel vir my of ek hiermee die hart van my eie problematiek en geloofsworsteling met God vasgevat het.

Ek self het geen wil om God te dien nie, sy wil was nog nooit vir my ’n wesenlike deel van my godsdiens gewees nie. Wat hierdie geloofsonverskilligheid nog groter gemaak het, is die geleefde teologie waarin ek groot gemaak is. Die boodskap wat hierin deurgegee was, is dat dit nie meer belangrik is om God se wil en die eise van sy gebod na te kom nie, dít na te volg en jouself daaraan toe te wy nie.

Die boodskap wat in die prediking en katkisasie aan my deurgegee was, of eerder uit die Heidelbergse Kategismus was dat. a. ek sondig is b. ek niks goeds kan doen vir die Here nie c. niks wat ek vir die Here doen het enige waarde nie d. daarom is ek altyd skuldig in dit wat ek vir die Here probeer doen. e. Daarom moet ek aanvaar dat Hy vir my skuld gesterf het en f. vir Hom wys dat ek dankbaar is dat My my skuld vergewe het.

Hierdie dankbaarheidskode het geen waarde by God anders as dat dit my gesindheid vir God wys nie. My dade en handelinge as gehoorsaamheid is sondig en sleg en wys ek moet elke keer my sonde en skuld bely en Jesus se vergifnis aanvaar.

’n Ander rigting wat my gevorm het, was ds. Neels Lambrecht e.a. wat gesê het “in beginsel” is ons gehoorsaam. Die volmaakte gehoorsaamheid sal ons eers eendag ontvang, nou is ons nog steeds sondig; leef ons ’n lewe van val en opstaan. Dus, ons dade het vir God geen waarde nie; dit is nog steeds sleg en sondig, in beginsel, in belofte is ons dade goed, maar eintlik is dit waardeloos.

Die hoofgeloofstroom wat die grootste indruk op my gemaak het, is dat die wette van die Here ons wys dat ons Hom moet aanneem: dit is so mengsel van Luther en die Piëtisme. Dit was ook my sentrale ervaring in die erediens as ek die wette van die Here hoor, dan besef ek ek sal dit nooit werklik kan doen nie, dan moet ek net Jesus aanvaar en in gemeenskap, dit is, in ’n intieme verhouding met Hom leef.

Nog ’n ander deel van my gemoed is weer opgeëis deur ’n soort van moralisme, ’n verskuilde moralisme in die kerk. Dit is van twee kante af gestimuleer. Die een kant het gesê dat ons sonde doen, maar dat Jesus jou vergewe en omdat jy nie meer skuldig is nie, moet jy die Here dien en gehoorsaam wees. In hierdie rigting het gehoorsaamheid as gawe nooit ter sprake gekom nie. Die ander tipe moralisme leef in die teologie dat Jesus jou lief het; Hy het vir jou sonde gesterf; nou leef jy weer in ’n verhouding met die Here en daarom moet jy ophou om sonde te doen. Hierdie rigting word nou verder gedra en dit is die grootste krag wat die moralisme in my lewe gehad het: die vervulling met die Heilige Gees.

Die geloofskrag agter hierdie slagspreuk is dat jy krag ontvang om ’n lewe van toewyding te ontvang. Jesus het jou lief en Hy is nou met jou in ’n persoonlike verhouding. Dit is die eerste geestelike ervaring: Hy is intiem naby jou; jy kan nou vertroulik en openhartig met Hom gesels; jou voel nou lus vir bid, want dit is ’n intieme gesprek, nie meer die opsê van woord nie; jy wil nou kerk toe gaan want jy voel nou die Here is met jou; dit is nie meer net ’n gewoonte nie; jy wil nou getuig wat die Here vir jou gedoen het, sodat dit ook met ander kan gebeur.

Die krag en dryfveer van hierdie gevoelservaring van persoonlike belangstelling “van die Here”, van intieme nabyheid “met die Here’, taan egter gou. In my eie lewe het die krag van hierdie ervaring op die Hoekie en Bad-se-loop, gou afgeplat. Weereens is ek nie lus om te bid; om kerk toe te gaan, om te getuig; om die Here te loof, alles godsdienstige pligte wat nou ’n moet is, om jou liefde vir die Here as antwoord vir sy liefde te wys.

Die krag om met ywer die godsdienstige pligte te doen, het ek toe gaan soek in die antwoord en deologie, dat ek met die gees vervul moet word. Hierdie hele gedagte, of deologie is daarin opgesluit dat jy nie die Here se liefde kan antwoord uit jou eie nie; jy kan nie in hierdie intieme en persoonlike verhouding bly deur intieme gebede; getuienisse; opgewekte en opgewerkde blydskap, deur persoonlike Bybellees nie, as jy nie met die Gees van die hemel vervul is nie: dit is boekie nommer 2 van die “Jeug-tot-Jeug-aksie”.

Ek dink ek is nou gereed genoeg om hierdie ervaring en hierdie aspek wat ek deurleef het, te deurvors: nie intellektueel, nie, maar uit die geloofswerkinge, die egtheid en die realiteit van die werklike werking van die Gees van God: die Woord in en deur my.

Die krisis wat ek beleef het, vind neerslag in die prediking van ds. Neels Lamprecht by Afrikaanse Hoërskool Germiston, veral met Bad-se-loop se skoolverlaterskamp in 1974 (waar hy die leraar van was). Die stof wat my denke gevorm het, is die Kursus: “Is u Christen-wees vir U ’n avontuur?”. Dit is ook boekie nommer twee van die Jeug-tot-Jeug-Aksie” en die Youth-for-Christ” boekie oor die vervulling met die Heilige Gees; die koffiekroeg in Irene-gemeente; die werk wat ek tydens my jare 1975-1976 op RAU daar gedoen het; die straatwerk en die gesprekke wat ek met Jakkie gehad het; die Jeug-tot-Jeug-Aksie in my matriekjaar in 1974; die druk wat die skoolverlaters kampe waar ek ’n geestelike raadgewer was op my geplaas het; die boek van Watchman Nee oor die oorvloedige Christelike lewe en nog ’n boekie wat oor geesvervulde lewe gehandel het.

Die spits van hierdie tipe geestelik druk wat op my uitgeoefen is, lê in a. die angs om te getuig en ’n “geestelike” gesprek” te voer, b. die angs om altyd die vrug van die Gees te dra, dit is ’n bepaalde goedmoedigheid te handhaaf, c. die angs om gereelde Bybelstudie en gebede te doen d. die angs om gereeld erediens toe te gaan.”(Dagboek Silverton 22.02.1982)

“Waarmee is ek besig?

Ek is die laaste twee jaar, maar veral die laaste vyf maande besig om my te distansieer van die ervarings, houdings en oortuigings waarin ek myself gekonstitueer het. Ek is besig om myself te heroriënteer ten opsigte van houdinge, oortuiginge en beginsels. Die vraag is egter vanuit watter basis en vertrekpunt is ek besig met hierdie assosiasie en disassosiasie.

My vertrekpunt moes vanuit my lewenshouding, die mag en die outonome geldigheid van die kritiese rede of die ondersoekende analitiese rede gewees het: die outonome en selfbepalende wetenskap, die neutrale wetenskap met sy suiwer feite en alleengeldige waarhede. Dit behoort vanuit my opvoeding en omgewing my vertrekpunt te gewees het.

Dit is egter nie my vertrekpunt nie. My vertrekpunt is en bly, en dit is die keuse wat ek maar alleen aktief die laaste twee jaar geneem het, ook in my terapie, die verbond wat God met my gesluit het en die waarmerk van my doop wat hierdie verbondstrou van God bevestig. Dit was my vertrekpunt en geloofshouding in my terapie, maar dit is ook my vertrekpunt in my godsdienstige selfdeurskouing en godsdienstige disassosiasie en herkonstituering.

Die inhoud van hierdie geloofshouding is dat ek eerstens deur God aan Homself met ’n belofte van trou verbind is: “Ek is met jou”. Ek het eers na my preek en Skrifondersoek uit Matteus 28 verse 16 tot 20, ( Aanddiens 22.11.1981, Silverton, eerste preek in Silverton gemeente) besef dat hierdie belofte die helpende, leidende, ondersteunende teenwoordigheid van God, my verbondsgehoorsaamheid, of soos Matteus dit stel, my “oorvloediger geregtigheid” ten doel het. In my godsdienstige verlede was dit “my lewe” wat ek ten doel gestel het van die belofte van God se trou. Na hierdie Skrifspreke van Matteus 28 leef ek

egter nou met die oortuiging dat ek alleen kan steun op die belofte van God se verbondstrou as ek myself die verbondsgehoorsaamheid of “oorvloediger geregtigheid” ten doel het.

Vir my selfdeurskouing, selfverwerping, selfaanvaarding en selfontwerp het dit die volgende implikasie: dit is nie ’n daad waarin ek outonoom en selfstandig my vind en verbind nie; dit is nie ’n daad waarin ek met die mag van die outonome rede of eiemagtige selfgeldende wetenskap myself uitlewer aan “DIE WAARHEID” nie. Dit is, nie die waarheid en insig van die wysbegeerte, eksistensieel, nie of nie die waarheid van die sielkunde en sosiologie nie of nie die waarheid van die teologie of godsdienswysbegeerte nie. Hierdie keuse voel ek aan as ’n dwingende moontlikheid, veral met die ervaring en selfontwerp van die eiegeldigheid van die goddelose mens in sy volle Deïstiese selfontwerp. Dit is en bly feitlik die alleengeldende moontlikheid binne die lewenshouding wat leef in die menswetenskappe en mensvaardighede. Dit is egter nie die inhoud van my daad, dit is, vanuit my geloof in my “oorvloediger geregtigheid” as doel nie. My daad word gedra deur die vertroue dat God as Skepper deur die Heilige Gees my as deel van sy belofte selfinsig gee, my wys hoe ek myself moet ontwerp, myself moet deurskou, myself moet aanvaar en myself moet ontwerp – om oorvloediger in my geregtigheid te wees.

Ek het hierdie daad nog altyd gedoen met die doel dat ek “my eie lewe moet lei.” Hierdie “eie lewe” was egter ’n terrein wat die doen van God se wil as enigste doel totaal negeer en omvorm het. Daarop kan ek later weer ingaan. Egter, wat is belangrik is, is dat Sondag se preek uit Matteus 26 verse 1 tot 5 en die besef van die blywende geldigheid van die doen van God se wil as lewenstaak, totaal bevrydend op my ingewerk het en my losgemaak het van die koestering en verknogtheid aan “my lewe, en “wees Here in en vir my lewe” as lewensdoel. Hierdie is die heersende ideologie van die teologie.

Ek is dus in my selfverstaan, selfontwerp, selfaanvaarding en selfverwerping besig met ’n daad wat leef in die hoop op God se volle werking as Skepper-Here.” (Dagboek Silverton 23.02.1982)

Die geloofsinhoud van “vervulde geregtigheid” in die Here se doop en “oorvloediger geregtigheid” (Matteus 5:20) as die geregtigheid van Christus wat oorvloedig is en gelowiges toegereken is, en nie ’n beter en meer liefdevoller of toegewyde gehoorsaamheid van Christene as die van die Jode nie, maak dat ek met die voorbereiding vir die volgende preek, die aanddiens van 28.02.1982, ook ’n alternatiewe openbaringsinhoud vind vir die inhoud en praktyk van dit wat in die NG Kerk as “getuienis” geglo en bedryf word.

In die salwing van Christus deur Maria vind ek die alternatief op die “getuienis” wat die NG Kerk in geglo en bedien het. Matteus 26: 3-6.

**“Die getuie-vir-die-Here-wees” ervaring**

“Die begeerte en verlange wat ek as strewe geleef het om ’n getuie vir die Here te wees, was ’n bepaalde moment van die godsdiens wat in my gemoed gevorm is deur die Hoekie-, Bad-se-loop- en Stranddienskampe, sowel as die Jeug-tot-Jeug-Aksie beweging.

Dit is rondom die heilsfeit in Matteus 26 dat Jesus se dood die wil van die Vader is en wat Jesus gehoorsaam aanvaar, dat die rolverdeling (van almal) plaasvind. Die Joodse Raad wil Jesus dood hê, nie om só God se wil te vind nie, maar om Jesus só uit die weg te ruim; Judas weier om te aanvaar dat hierdie die weg van die Messias kan wees en kom in opstand teen Jesus; sy dissipels openbaar weer ’n ander onbegrip teenoor Jesus se doodsaankondiginge. Dit is asof dit hulle verbygaan. Hulle leef nog in ’n misplaasde godsdiensywer, dit is, Joodse barmhartigheidsdiens (geld vir die armes).

Jesus gaan gekruisig word, maar hulle reaksie is nie om Hom te ondersteun vir sy weg wat Hy as Messias moet gaan nie; om Hom voor te berei vir sy dood nie. Hulle het nie begrip vir wat Jesus se Messiasskap van Hom eis nie of van hulle eis nie. Daarom kry ons in hierdie krisisuur van Jesus hulle onvanpasde godsdiensywer. In plaas daarvan om Jesus vir sy dood voor te berei en dit te aanvaar as die weg waarlangs hulle volle geregtigheid toegesê gaan word, (Matt. 3:15; Matt. 5:20 e.a. ) demonstreer hulle ’n ywer vir barmhartigheid aan die armes, dit is, ’n liefdesywer wat getuig van onbegrip van die heilsweg en heilsbetekenis van Jesus.

**’n Daad van koninkryksgeloof.**

Die daad van die vrou aan Jesus, is ’n daad van egte geloof, eg nie as eg in oorgawe, eg in liefde, eg in eerbied nie. Dit is eg na inhoud. Sy het ’n koninkryksgeloof. Haar daad is ’n getuienis dat sy aanvaar dat Jesus se dood sy Messiaanse taak is. Sy demonstreer haar aanvaarding dat die Seun van die mens oorgelewer word om gekruisig te word.

Dít maak haar uniek. Sy is die eerste dissipel wat Jesus se dood aanvaar as sy taak om aan haar oorvloediger geregtigheid toe te sê. Dit is hoekom sý onthou sal word in die verkondiging van die evangelie oor die ganse aarde. Nie haar agting, nie haar liefde nie, maar haar geloof dat Jesus die Seun van die mens is wat oorgelewer word om gekruisig te word.

Wat haar nog soveel meer uitsonderlik maak, is die kontras van haar geloof in Jesus teenoor die Joodse Raad, die leiers van haar volk wat die Messias wil doodmaak; die dissipels wat die armes wil help en Judas wat nie kan aanvaar dat Jesus Homself laat doodmaak kan God se Seun wees nie. Haar goeie daad is dat sy gewys het, uitdrukking gegee het aan haar geloof dat haar Meester, die Seun van die mens is wat oorgelewer gaan word om vir haar gekruisig te word.

Is dit die inhoud en uitdrukking van my eie godsdiens? Is dit nie juis die onbehaaglikheid wat met my eie tipe geloof gepaard gaan nie?

Dit is hierdie eis wat na my kant toe kom: om te aanvaar dat Jesus die Seun van die mens is, wat deur die raadsplan van die Vader beskik is om oorgelewer te word om gekruisig te word.

Dit was in die godsdiensywer van die dissipels dat hulle nie in staat was om die geloofseis van die oomblik te beantwoord nie: om Jesus te ondersteun en vir sy dood voor te berei. Dit was ’n godsdiens wat nie met Jesus as die Messias gereken het nie.

Hierdie eis dat ek Jesus moet aanvaar as die Seun van die mens wat deur die raadsplan van die Vader beskik is, wat hierdie raad van die Vader gehoorsaam is, maak dat Jesus die sentrum van my geloof in God word. Dit rig my geloof en hoop op hierdie Jesus wat hier in Matteus 26 ly, hierdie Jesus wat Homself oorgee om deur die Joodse volk doodgemaak te word, omdat Hy Homself so as die Messias verkondig. Hierdie eis maak dat Jesus van die Skrifte, die Jesus wat ly en sterf, die Persoon word in wie my geloof gevestig is, op wie ek angsvallig hoop. Hierdie eis maak my betrokke by Jesus wat ly; Jesus wat die dood aanvaar; Jesus wat aan die kruis genael word; Jesus wat sterwe.

Hierdie was die grootste leemte in die dissipels se misplaasde ywer, ’n ywer wat nie wou aanvaar dat Jesus se dood die raad van die Vader is, en dat Jesus se aanvaarding van die dood, die gehoorsaamheid is wat van die Messias geëis word nie. Hulle was uit voeling. Hulle was onbetrokke en onaangeraak deur hierdie Jesus wat ly. Hulle kon Hom nie vir die dood wat Hy moes sterf ondersteun nie of aan Hom die koningshulde bring om Hom as koning te salf nie.

Ons as twintigste eeu se Christene ervaar ook dat ons vreemd staan, onbetrokke is by, onaangeraak is deur hierdie Jesus wat hier besig is om dood te gaan, om Homself dood te maak, en ek deel hierdie onbetrokkenheid omdat ekself nie glo dat Jesus hier besig is om die raadsplan van die Vader te gehoorsaam nie. Dit is iets waarin ek nie belangstel nie. Waarin ek geen belang in voel nie.

Wat vir my belangrik is, is nie of Jesus die Vader se raadsplan uitvoer nie of dat Jesus se lyding die opdrag is wat die ware Messias uitvoer nie. Vir my is dit net belangrik dat Jesus vir my sondes sterf; dat Jesus vir my die ewige lewe gee; dat Jesus vir my ’n lewe van oorvloed gee; vir my die hemel gee.

Vanuit my funksionele en antroposentriese denke is dit net Jesus se gawes en nie sy Persoon en werke wat vir my belangrik is nie! Ek aanvaar Jesus nie vir wie Hy is nie, want ek het geen belangstelling in wie Hy is nie. Ek aanvaar Hom nie as Messias nie, maar net as (nog) iemand wat vir my dáár is. (beskikbaar is)

Ek is oortuig dat dit die kern van my ervaring van Jesus se verwydering van my: “sy onpersoonlikheid” Dit is juis hierdie ongeloofsdaad wat die rede is vir my soeke na ’n “persoonlike en ’n “lewende” Here. ’n Mens sal moet vra of dit nie ook die dryfkrag agter die soeke na die “gawes van die Gees” is nie.

Ons eie godsdiensywer lê vandag in hierdie gekwalifiseerde aanvaarding van Jesus: nie as Messias wat die raad van die Vader gehoorsaam nie. Daarin het ons geen belang nie, maar as

God wat vir ons baie gawes en baie wonderlike gawes wil gee; God wat tot ons beskikking wil wees.

Dit is dalk die diepste rede hoekom Jesus op so ’n afstand vir my bly, al bid ek met toewyding, al lees ek Bybel met toewyding, al gaan ek kerk toe met toewyding. Solank as wat ek Jesus só gekwalifiseerd aanvaar, só lank sal sy lyding en dood my koud laat. Dit is ’n koudheid wat nie met gebedsywer, met barmhartigheidsywer, volle erns, toewydingsywer en met meegevoelswyer oorbrug sal of kan word nie.

Hierdie gekwalifiseerde aanvaarding van Jesus slaan ’n kloof tussen die Jesus van die Skrifte en my ervaring en beelde van Jesus wat nie oorbrug kan word nie. Anders gestel, Jesus is vir ons net iemand wat aan ons die gawes van God kom uitdeel. Jesus as Messias is nie vir ons belangrik nie. Hierdie skeiding in ons geloofshouding is die diepste rede vir ons soek na ’n “persoonlike” en “lewende” Jesus. (Dagboek Silverton 23.02.1982)

Ek het Sondagaand die 28 ste Februarie hierdie preek oor Maria se salwing gepreek. ds. Fanie Groenewald het die oggenddiens van 28 Februarie waargeneem en sy herlewingsprediking voorgesit. Dit het my heftig ontstel. Hy preek wat ek nie glo nie. Hy preek so dat Christus juis in hierdie preek vir die lidmate verlore raak. Die kontras in ons prediking het nou as twee alternatiewe teenpole teenoor mekaar uitgestaan. Ek verkondig Jesus Christus wat die raadsplan van die Vader volbring, Jesus Christus wie ons geregtigheid vervul en toereken, Jesus Christus wie sy oorvloediger geregtigheid ek net in die geloof kan aanvaar. Fanie hou ’n Jesusbeeld voor waarin Hy net ’n rolmodel en prototipe is van hoe ons self kan wees wanneer ons met die krag van God se goddelikheid vervul word. In hierdie laaste naweek van Februarie 1982 het dit die twee teenpole op die kansel in Silverton gemeente geword.

Al die opvolgende gebeure vanaf Maart maand in Silverton moedergemeente het gegaan oor die openbare verskil van wie Christus is.

Ek was so ontsteld na hierdie Pinksterpreek wat uit en uit die moderne Christelikheid as doelwit vir die gemeente gestel het, dat ek dadelik met die dagbestuur ’n afspraak wou maak om hierdie saak aan die orde te stel.

Ek en oom Johan van Rensburg, by wie ek loseer het, het intussen gespreksgenote geword en het al ’n paar aande saam gekuier oor ideologie en geloof, veral vanuit sy verbintenis aan die Ossewa Brandwag en die Oxfordbeweging in Suid Afrika. Sy raad was dat ek nie moet aanval nie. Die persoon wat verdedig het die simpatie van die gemeenskap. Hierdie wysheid het my diep getref en het by my feitlik ’n lewenshouding geword.

Ek reageer my ontsteltenis af in my verwoording van sy herlewingspreek die Maandag die 24 ste Februarie in my dagboek.

“Gister was in my gemoed ’n krisisdag, of eerder, ’n dag van ontknoping. Ek gaan na die oggend erediens van ds. Fanie Groenewald as prediker. Hy lees uit Hebreërs hoofstuk 11 oor die geloofshelde van die OT. Toe begin hy preek. Hy sê dat hy by die vorige keer se herlewingspreek gaan aansluit. Hy begin (met die tema) “samewerking met God”. Hy gaan uit van die gedagte dat ons alleen die volle werking van God kan realiseer as ons 100% ons kant bring. God doen 100% van sy kant, maar dan moet ons 100% ons kant bring, as ons God se wil wil realiseer.

Wat ons moet doen is om te glo, maar geloof beteken ons moet glo dat God sy volle samewerking sal gee. Deur die daad van (hierdie tipe) geloof sal ons die volle werking van God in ons gemoed vrystel. Die krag en oproep wat op die gemoed van die gemeente uitgaan is dat hulle moet glo dat God herlewing sal gee, dat God nuwe lewe gaan gee.

Vanuit hierdie probleem diagnoseer hy die probleem: die probleem is die gemeente se “verstandsgodsdiens”. Ons het ’n “verstandsgodsdiens”. Daarom is die gemeente dood. Die antwoord volgens hierdie diagnose lê dan in ’n nuwe godsdiens van die hart. Wat gaan gebeur as die gemeente ophou soek na ’n verstandsgodsdiens en begin soek na ’n godsdiens van die hart is dat die gemeente sal herlewe.

Die tekens van herlewing is die tekens van 1 Korintiërs – die gemeente sal ervaar dat wondergenesings begin. Hy lê swaar klem op die feit dat een van die eerste en amper noodsaaklikste voorwaardes vir herlewing is dat die gemeente in tale sal praat. Hy stel dat daar ook mense sal wees wat wonderbaarlike kennis sal ontvang en dinge wat in die toekoms is, sal sien gebeur. Daar sal ook mense wees wat sulke wondermag sal ontvang dat hulle iemand net so in die oë sal kyk en dan sal hulle dadelik weet wat sy probleem is en hulle sal dadelik vir hom kan sê wat hom makeer.

Dit is dus in Fanie se gemoed die tekens van ’n ware gemeente. Dít is die betekenis van die gawes van die Gees in sy gemoed. Hierdie tekens kom nie voor in Silverton gemeente nie omdat die gemeente dood is in die “verstandsgodsdiens”.

Ek ervaar hierdie prediking intens pynlik. Ek voel om te huil, om met drif en geweld in opstand te kom. Ek ervaar ook iets anders, wat my eie ervaring nie net ’n selfervaring maak nie, ek is onder die oë en hoop van die gemeente. Almal se oë voel op my. “Almal” is nie in die situasie waar nie, maar tog probeer baie mense in my ’n steun en verwysingspunt vind teen die aanslag wat van die kansel af op hulle gemoed gemaak word. Dít maak my eie pyn nie net persoonlike pyn nie, maar ’n simboliese pyn. dr. Len Scott, van die dagbestuur, en oom Dawie Malan kom na die preek na my toe en vra: “ Wat moet ons doen?”. … “ Ek kan waaragtig nie die laaste gesang sing met die bedoeling wat Fanie in sy prediking daaraan

gegee het nie: “ Gesang 123 My Verlosser aan die kruis, die Geneser, eens so kragtig, nou onmagtig, waar is tog sy almag tans, waar sy wonderlike glans.”

Wat heilshistories en Christologies bedoel is, word totaal verantropologiseer en gesosiologiseer.

Dit was die hel wat ek van my jeug af in die kerk ervaar het. Dit is die verwarring waarmee ek tans nog worstel. Dit is hoekom ek nog nooit by God en Christus kon uitkom nie. Die kansels was die plek vanwaar ek verlam, verwar en verkrag was. Watter ironie! Ek word in my eie eredienste verkrag. Daar waar my hoop op God is om my in die waarheid te lei. Dit is die volle inhoud van die geweld wat teen my gepleeg word. Ek kom na die erediens. Ek hoop op God. Ek hoop op die spreke van God deur sy Gees en sy Woord. Ek glo dat ek in waarheid van God se gemeenskap gelei word. En waaragtig- in hierdie kinderlike hoop is ek verlei deur my eie godsdiensleiers. Ek begin nou verstaan dat hulle oproep en pleit vir liefde en verdraagsaamheid ’n oproep tot prostitusie is. Nou verstaan ek my eie aggressie teen Fanie en teen godsdiens as sodanig.

Wat egter meer van belang is, is die insig wat ek verkry het.

I Die invalshoek van hierdie gemoedgodsdiens is sielkunde.

II Die gemoed van die kultusleier as konstitusie van die kultus.

III Die nuwe tekens, of kenmerke van die ware kerk.

Ek kan hierdie drie insigte integreer met die insigte wat ek verkry het uit my selfanalise en die analise van Dawie Pypers se kultiese gemoed.

IV Die middelaarsposisie van Christus: Gewer!

V Die verlossingsleer: “Jesus is vir my gekruisig”, “ek is saam met Christus gekruisig”, plaasbekledend word selfvervangend:  “Ek leef nie meer nie”

VI Die klem op Jesus as lewend en persoonlik: twee nuwe eienskappe van God: persoonlik en lewend.

VII Die nuwe sondeleer: “die mens kan nie self nie”, in plaas van die mens kan God nie gehoorsaam nie. Hier het ons die hart van die skeiding tussen natuur en genade.

VIII Die klem val nou op geloofsekerheid en nie meer op Jesus-sekerheid nie…” (Dagboek Silverton 1.03.1982)

ds. Fanie Groenewald nader my dieselfde Sondag en vra my of die kommissie wat die ondersoek na mev. Lettie Grabe se oortuigings oor duiweluitdrywing al begin het.

Met hierdie vraag maak hy asof ek die sameroeper moet wees en die aanspreeklikheid as predikant moet dra. Hierdie was nie sommer die terloopse vraag

van ’n belangstellende nie. Dit was die begin van ’n strategiese houding wat hy in alles deurgevoer het en wat uiteindelik ook tot sy skorsing bygedra het: hy maak asof ek die verantwoordelike persoon is, wat die aanspreeklikheid vir hierdie kommissie moes dra. Hy wil die leier van ’n herlewing wees terwyl hy geen aanspreeklikheid vir wat deur hierdie waansin losgelaat word wil dra nie.

Hierdie passivisme was sy manier om die gemeente lam te lê om juis die Pinkstergeestelikheid as ware godsdiens binne die gemeente, wat volgens belydenis Gereformeerd gekonstitueer is, staan te maak. Ek het onmiddellik hierdie strategiese houding aangevoel en van toe af hom nie weer vertrou in enige saak nie: “Fanie maak gisteraand hierdie opmerking teenoor my: “Is die tugkommissie al aangestel?” In Fanie vind ek die duidelikste voorbeeld van die persoonlikheid wat ek noem die kultiese gemoedsfiguur. Ek moet steeds bedag wees op Fanie se houding. Sy patetiese voorkoms wil hy voorhou as bewys van sy swakheid. Ek ervaar dit egter as verdediging en magsmiddel. Hy maak wat hy wil. Verkondig waaghalsig, of uit voeling, sy ketterye en ná die tyd skep hy ’n patetiese voorkoms om jammerte te wek en die mense te manipuleer om hom nie oor sy uitsprake aan te val nie.” (Dagboek Silverton 1.03.1982)

Die geloofsinsig dat Fanie homself as “kultiese gemoedsfiguur” voorhou en my daarmee eintlik van die Christus van die Skrifte vervreem, maak dat ek die tweede geestelike ervaring van “vervulling met die gees” duideliker kan plaas plaas: dit gaan oor die verskil tussen Middelaar en bemiddelaars.

Ek het nog nie die geloofsinhoud gehad om te sien en te weet dat hierdie bemiddelaars die draers van afgodsdiens is. Hulle lewensdoel is juis om God te bemiddel in sy afwesigheid. Daarom maak hulle Hom en hou hulle Hom afwesig. Hierdie doelbewuste weg leef van God deur jou eie goddelikheid as God vir ander voor te leef, noem ek toe “die kultiese gemoed”:

“Jesus (in vandag se godsdiens) is nie meer die Middelaar tussen God en Vader en die mens nie. Omdat Hý nie meer self die Middelaar is nie, word in hulle gemoed die Heilige Gees nou die Middelaar tussen Jesus en die mens. Jesus as God met ons, is (nou) alleen deur die ervaring van die vervulling van die Heilige Gees en nie meer deur die alomteenwoordigheid van Jesus Christus self nie. Hierdie kultiese gemoed stel nie belang in die Middelaar tussen hom as mens en God nie, maar alleen tussen die Bemiddeling tussen die middels wat Jesus in reserwe het en die toeëiening van hierdie middels. In hierdie kultiese gemoed waarvan ek vyf-en-twintig jaar lank deel was, is daar geen soeke na God nie ten spyte van al die godsdiensvorme.

Dit sou verkeerd wees om hierdie ervaring van die vervulling met die Heilige Gees as ’n tweede ervaring op ’n historiese lyn te sien, dit is, dat nadat ek Jesus aangeneem het, ek deur die Gees vervul word as ’n tweede heilshistoriese tydservaring. Die kultiese gemoed beleef

nie hierdie heilshistoriese verbande nie en het nie begrip of verstaan nie sy eie “Godsgemeenskap” in terme van enige tyd nie.

Die veronderstelling van die kultiese gemoed is die mens. Die sekularisme is tog die patroon vir hierdie kultiese gemoed. Daarom is die ervaring van die Heilige Gees nie ’n tweede ervaring van God, naas die aanneming van Christus nie. Dit is ’n nadere, ’n meer eksistensiële ervaring van God. Nader tot die ervaring van die mens wat die middelpunt van waarheid, geldigheid en werklikheid is. Vanuit hierdie kultiese gemoed is daar geen begrip van God as heilshandelend in en as geskiedenis nie.

Miskien lê hierin nog ’n verdere kwalifiserende aspek. Vir die kultiese gemoed is God alleen handelend ín die geskiedenis en nie ás geskiedenis nie. God kan alleen handel binne die konstitusie van menswees. Sy handeling kan nie konstitueerend wees vír menswees as sodanig nie.

Nou besef ek die die grondliggende gemoedskonstruksie wat my weerhou het daarvan om die Evangelies te verstaan: ek het myself ervaar as die middelpunt vir God se handelinge en dan veral my eie ervaringe as die middelpunt van God se handelinge. Dit is die plek waar God Homself moet kom aanmeld vir die geldigheid, die waarheid en die werklikheid van sy eie bestaan as God. Hy moet vir mý naby wees; Hy moet vir mý lief wees; Hy moet vir my “in mý hart, in mý lewe, in mý gevoel en in mý denke wees”.

Nou verstaan ek my eie onbehaaglikheid met die belydenisskrifte en die amptelike kerkleer waar dit om die persoon en die werk van Christus in historiese, Christosentriese en teosentriese perspektiewe gaan. Nou verstaan ek hoekom en naas die verkondiging van “Jesus is die Christus in die Skrifte” wou weet, “maar wat beteken dit vir mý”.

Hierdie vraag is nie ’n vraag wat vra na die historiese, teosentriese en Christosentriese betekenis van die Evangelie nie. In hierdie vraag “wat beteken dit vir mý”, lê daar nie ’n neutrale of Gereformeerd gelowige houding nie. In hierdie vraag “wat beteken dit vir my”, word die mens direk as konstitusie vir die geldigheid, die waarheid en die werklikheid van die openbaring van God gestel.

In die Bybelstudie het hierdie krisis vir my geleef. Ek doen Bybelstudie met die voorafgestelde eis en lewenshouding dat dit vir my betekenis moet hê. Dit is dus die hermeneutiese raamwerk wat ek gebruik het in my eie Bybellees en Bybelstudie: dit moet vir my iets beteken.

Die vraag “wat beteken dit vir my” in die moderne gemoed en daarmee saam in die kultiese gemoed, kan nie soos die Gereformeerdes dit wil, verstaan word nie. Hierdie vraag lê nie binne die verlossingsleer, die heilsorde of die heilsgawes nie. Hierdie vraag lê binne die lokus van die openbaring. Hierdie vraag is die vraag na die doel en betekenis van die openbaring.

Hierdie vraag sluit die bedoeling van die openbaring van God as “verheerliking van God”, “kennis van God”, “gemeenskap tussen God en mens” totaal uit. Want in hierdie kultiese gemoed leef daar geen belangstelling in God nie; leef daar ’n doelbewuste ignorering van God. In hierdie vraag: “ wat beteken dit vir my”, word die hele doel van die openbaring verantropologiseer in die kultiese gemoed op só ’n wyse dat die uitdrukkings “verheerliking van God”, “kennis van God en “gemeenskap met God”, nie meer as openbaringsinhoud nie, maar alleen as simbool vir “’n heerlike lewe”, “ ’n wonderlike lewe”, en “intieme gemeenskap” in die eksistensiële betekenis van die woorde verstaan word. In die vraag “wat beteken dit vir my?”, word die subjek (Persoon) van die openbaring, God, vervang deur die ervaring van die mens as openbarings-subjek. Daarom is daar geen geldige openbaring nie. Al lees ek en hoor ek die getuienis dat Jesus en hoe Jesus heilshistories die Messias is het dit geen betekenis vir my nie, nie voordat ek hierdie “feite” deur my ervaring as openbaring gekonstitueer het nie. “Ervaring” is nie in my iets neutraals nie, maar as die inhoudsbepalende konstitusie van hoe ek God in my God laat wees.

Daarom kan ek by die vorige lys van 1 Maart byvoeg:

IX Die mens as doel en subjek van die openbaring van God: “wat beteken dit vir my”.
X Die toekomsmoontlikhede van die mens as eskatologie: “in Christus het ons ’n heerlike toekoms”
XI Die uitverkiesing: “die mens moet Jesus kies”.

XI Die mens as die uitverkiesende persoon.

In die kultiese gemoed is die uitverkiesing van God ’n krisis, net so ook die verbond, saam met die tekens van die verbond, die doop en nagmaal. In die kultiese gemoed is daar geen belang in God as Vrymagtige, Soewereine Wese waar die vrymag, goedheid en soewereiniteit sy wese uitmaak nie. Hierdie eienskappe is alleen maar kwalifiserend as waarborg van die kwaliteit van die “gawes” wat in die funksionele gemoed opgeëis word. In die plek daarvan (God as Vrymagtige en Soewereine Wese) leef die individualisme, en dan as antroposentriese individualisme, in die godsdiens. Die spits en krag van hierdie lewenshouding lê in die leefreëls: “Jy moet Jesus self aanneem; Jy moet Jesus aanvaar”. Hiermee word nie die daad van geloof in Jesus Christus bedoel nie. …

In hierdie oproepe, “aanvaar en neem Jesus aan” in soverre as wat dit bedoel dat “jy Jesus moet kies”, word die mens gesien as vry. Hierdie vryheid se krag lê nie soseer in vryheid as sodanig nie, maar hierdie vryheid se krag lê in die afsny van verbondenheid. (Isolasie) In hierdie tipe keuse van vryheid, bely die kultiese gemoed sy geloof in sy onafhanklikheid van en onverbondenheid aan God.

Die aksent op vryheid waarmee die kultiese gemoed Jesus kies, is nie ’n aksent uit die tradisionele sondeleer nie, maar die spesifieke bedoeling van hierdie vryheid kom uit die Godsleer en die antropologie. Met hierdie tipe oproep bely die kultiese gemoed sy geloof dat

die mens onafhanklik van en onverbonde aan God is. En dit is die spesifieke krag agter die verwerping van die uitverkiesing en die verbondsleer. Hier is dit weereens die sekularisme met sy leer van onafhanklikheid en onverbondenheid met God wat die konstitusie is van hierdie kultiese gemoed.

Hiermee wil ek nou finaal die stelreëls vir my denke en analise begrond
I Die sekularisme is die konstitusie vir die Jesuskultusse en die kultiese gemoed.
II In die kultiese gemoed leef daar geen belang in God en word die hele Godsvraag en kultus verantropologiseer.
III Hierdie kultiese gemoed leef binne in die Gereformeerde Kerk en binne in die Gereformeerde leer en gebruik díe net as simbole waarin hy sy eie antroposentriese inhoude ingiet.
IV Die pogings in die gevestigde kerke om die opkoms van hierdie kultiese gemoed vanuit die tradisionele raamwerk van die Reformatoriese stryd met Rome en die Wederdopers te verstaan, is ’n mistasting van die krisis en die inhoud waarmee hierdie kultus leef.
V Die verskeidenheid van herlewings wat opkom vanuit hierdie kultiese gemoed is nie ’n vernuwing van of reformering van ’n ongeloof in die kerk nie, maar sinkretisering van die Gereformeerde geloof in God met die deïsme en ateïsme in die sekulêre gemeenskap.
VI Om die Reformasie se antwoorde, se belydenisse, as antwoord te gee op die Godsvraag soos dit in die kultiese gemoed gestel word, is ’n ontsegging van die geloof en mistasting van die Godsvraag. Die Reformatoriese belydenisse is geformuleer vanuit die verlossingsleer. Die krisis van die kultiese gemoed lê in die antropologie.
VII Die Godsvraag in die moderne gemoed leef in hierdie lewenshouding: “ek stel nie in God belang nie (deïsme), en “ek stuur my nie aan en ignoreer God (ateïsme).
VIII Dit is vanuit hierdie lewenshouding dat die vraag weer gestel moet word, wat bely moet word. “ ( Silverton dagboek 2.03.1982)

Ek het dus na my prediking van 28 Februarie 1982 oor Maria Magdalena se salwing van die Here finaal gebreek

- met die identifikasie met Jesus, die eerste identifikasie met sy persoon, deur my heeltemal te distansieer van die geestelikheid om Jesus aan te neem, Jesus in te nooi, Jesus te aanvaar deur Jesus te kies.

- Ek het ook gebreek met die tweede vorm van identifikasie om jouself met God se krag deur “vervulling met die Gees” te identifiseer.

- Ek het ook in die getuienis van Maria Magdalena volledig met “getuienis” as die voorleef van Jesus gebreek.

Hierdie is die drie godservarings van die moderne Christelikheid waarmee ek gebreek het:

- Jy moet as verlore sondaar tot bekering kom om gered te word.
- Jy moet met God se Gees vervul word om die oorwinnings lewe te kan leef.
- Jy moet dadelik getuig deur van jou twee godservarings te begin praat.

Dit was nie net ’n breuk met afgodsdiens nie. Dit was juis ’n breuk uit geloof in Christus. Ek het al meer die geloofsinhoude in Jesus Christus as alternatief op identifikasie met God gevind. Die wyse waarop ek toe identifikasie met God verwoord het, was “kultiese gemoed”. In die verwoording van hierdie kultiese gemoed het ek in wese die werking van afgodsdiens verwoord.

**41. ds. RB Murray as herlewingsprediker vir Pinkster 1982.**

Die geïdealiseerde herlewing van ds. Fanie Groenewald en al die geestelikes in die gemeente word afgekondig as iets wat deur die optrede van ds. R.B. Murray gaan gebeur. Ds. Fanie Groenewald kondig eensydig af op die 28 ste Februarie dat hy ds. RB Murray gevra het om die Pinksterdienste te lei met die versoek dat dit spesifiek oor herlewing moet gaan. Dit was nie ’n kerkraadsbesluit gewees nie. Ds. RB Murray was toe predikant in sinodale diens met die opdrag Ampsbediening en Evangelisasie in Noord Transvaal. Hy was dus eintlik aangestel as herlewingsprediker, nes dr. Willie Marais, wat ds. Murray in hierdie pos sou opvolg. Hy was uit en uit ’n bekeringsprediker wat die twee stappe van identifikasie met God as bekering tot God verkondig het.

Dit blyk duidelik uit sy werk: “Kort skolingskursus vir die amp van gelowige: gaan dan heen.” “Vra vir hom om Jesus nou as sy Verlosser aan te neem: Vriend, die Bybel sê altyd: VANDAG, NOU – en nooit môre nie. As hy dan sê hy wil Jesus aanneem; ek wil gered word, wat moet ek dan doen? Moenie veronderstel hy weet wat om te doen nie. Sê dit vir hom baie duidelik sodat hy die regte dinge kan doen. Dit wat die Here Jesus van hom verwag. Lei en help hom soos volg: vriend, ek is so bly dat jy gewillig is om jou aan die Heiland oor te gee. Doen nou die volgende nadat ek dit vir jou verduidelik het. Ons twee gaan saam bid op ons knieë, dan bid jy eerste en ek daarna. Wat en hoe moet jy bid? Dit is belangrik om dit te weet en ek gaan dit vir jou sê. Jy moet die volgende vier dinge bid. a.) Here, ek is ’n verlore sondaar. b.) ek het berou oor my sondes en lê dit aan U voete af c.) ek gee myself geheel en al aan U oor d) ek neem U aan as my persoonlike Verlosser en Here. Indien hy een van hierdie 4 elemente van die gebed uitgelaat het, laat hom dit ook bid. Dan is hy klaar… daarna verduidelik u aan hom dat dit absoluut noodsaaklik is dat hy so gou as moontlik van hierdie groot gebeure aan iemand sal vertel. Wie getuig, versterk sy eie geloof, wie dit nie doen nie, twyfel later aan sy eie bekering.(bl. 54) op bladsy 57 stel hy: “ek wil hier met die persoonlike verlof van die wêreldbekende predikant, Dr. Bill Bright, aan u sy samevatting gee van “die 4 geestelike wette.” 1 ste wet: God het u lief en het ’n wonderlike plan met u lewe. 2 de wet: Die mens is ’n sondaar en dus van God geskei en ken dus nie God se liefde en plan met sy lewe nie. 3 de wet: Jesus Christus is God se enigste oplossing vir die sondaar.

Deur Jesus kan U God se plan en liefde vir u lewe ken en ervaar. 4 de wet: Neem Jesus dus aan as Verlosser en Here van u lewe en u deel in God se liefde en wonderlike plan met u.”

Op bladsye 31 tot 34 verduidelik hy dan weer hoe om met die Gees vervul te word: “… om met die Heilige Gees vervul te word beteken dat ek die Heilige Gees moet vra om die volle beheer van my lewe oor te neem… Hoe doen die Heilige Gees dit? Hy beveel vir my om die oumens, die self, die eie ek, die ou natuur, die ou-mens, die vlees te onttroon sodat hy vir Jesus op die troon van my lewe kan plaas. Dus: nié meer ék wat my eie lewe regeer en beheer nie, maar Jesus wat op die troon van my lewe is en ek aan sy voete. Só word Jesus nie net my Verlosser nie, maar ook Here van my lewe, eienaar, Besitter, Regeerder van my lewe… Luister nou mooi. Hierdie vervulling met die Heilige Gees, hierdie oorname van die Heilige Gees in my lewe, geskied gewoonlik op een van drie maniere: 1) God ruk my tot stilstand en neem oor op ’n gewelddadige wyse. 2) Dit kom na veel en lange ure en dae se gebedsworsteling êrens in afsondering. Hy raak my in stilte aan en blydskap vul my hart. 3) Dit gebeur geleidelik omdat ek in die geloof dag vir dag uitstap sodat dit in my groei en toeneem net soos ’n dam wat gelydelik vol loop en vol bly – altoos oorloop… onthou die 3 G’s – die 3 voorwaardes om ’n Geesvervulde getuie vir God te wees. 1) Geloofsekerheid 2) Genadeversekering 3) Geesvervulling self. Die “Hulpmiddels” aan die einde van die boek bl. 61 wys dat hierdie geestelikheid eintlik die hart van die NG Kerk is: 1. Ek weet my Verlosser leef dr. AP Treurnicht. 2. Die Heilige Gees in die gelowige. ds. GD du Toit 3. Julle is die lote ds. WS Conradie. 4. Die volgende boeke van dr. Andrew Murray 5. Die krag van gebed. 6. Terug na Pinkster 7. Gebedslewe en die binnekamer 8. Algehele oorgawe. 9. Nederigheid 10. Sakboekie vir persoonlike werkers RA Torrey 11. Kom na my en lewe Prof HDA du Toit 12. Groepsbybelstudie Bremer en Ackerman 13. Die Weelde van Gods heil prof. JCG Kotze 14. Pinksterrewolusie Prof. JCG Kotze”

Die beplande herlewing met Pinkster 1982 in Silverton gemeente sou dus maar net weer die afdwing van identifikasie met God wees soos dit sedert die Murray herlewings in 1862 in die Kaap gedoen is. Presies dit waarmee ek finaal gebreek het en waarvoor ek in Jesus Christus besig was om die die alternatief te ontdek uit die Matteus evangelie.

### 42. Die ontdekking en verkondiging van die heilshistoriese betekenis van Petrus se verloëning as eerste openbare botsing met die moderne Christelikheid.

Ek begin weer die eksegese opneem van Matteus 26 vir die preek van 14 Maart oor die dissipels se versaking en Petrus se verloëning van die Here. Hierdie eksegese sou tot die openlike konfrontasie lei wat opgebou het rondom my prediking vanaf Desember 1981:

“Die dissipels het nog nie aanvaar dat sy dood die opdrag van die Vader is nie. Dit is die ironie en hartseer van hulle veroordeling van Maria: terwyl sy probeer om die Here te ondersteun in sy voorbereiding om Homself aan die dood uit te lewer, beywer hulle hul vir

die barmhartigheidsdienste van armes. Wanneer Jesus worstel om sy dood as sy eie taak te aanvaar, dan slaap hulle. Hulle het geen meelewing met Hom in hierdie worsteling, Jesus se krisis met sy dood nie. Wanneer Jesus in hegtenis geneem word, dan aanvaar hulle dit nie as deel van sy taak soos Hy dit vir Homself aanvaar het nie. Hulle probeer dit verhoed. Wanneer Jesus hulle dit verbied, vlug hulle weg. Dit is die ironie van die dissipels. Hulle kon nie aanvaar dat Jesus se dood sy opdrag was nie.

Dit is hoe ons die wegvlug van die dissipels en ook Petrus se verloëning moet verstaan! Hierdie spanning was alreeds in hoofstuk 16 aanwesig. In hoofstuk 16 bely Petrus dat hulle as dissipelkring Jesus as Messias aanvaar. Nie as Johannes die doper wat uit die dood uit opgestaan het soos sommige Jode geglo het nie; nie as Elia nie; nie as die Voorloper van die Messias wat nog moes kom nie; ook nie as Jeremia of ’n groot Joodse profeet nie. Die dissipels het tot die geloof gekom dat Jesus die Christus, die Seun van die lewende God is.

Dit is aan hierdie dissipelkring wat Jesus was Christus aanvaar het, dat Jesus probeer verduidelik dat Hy “moet ly onder die Joodse Raad en dat Hy doodgemaak en op die derde dag opgewek moet word”. Jesus probeer aan hulle verduidelik dat dit sy taak en opdrag as Christus is en dat Hy sy volmag en krag van die Gees wat hulle in sy wondergenesings aanskou het, gaan gebruik om sy taak uit te voer. Dit wat ook die krisis van Jesus se versoeking was: nie om sy eie nood te verlig nie; om sy eie mag te demonstreer nie; nie om politieke volmag oor mense te verkry nie, maar om die Vader te gehoorsaam.

Dit is die onbegrip wat leef in die dissipelharte wat Jesus as die Messias wil bely, Hom wil dien as hulle Here: mag God dit verhoed dat die Een wat ek as die Christus bely, sterwe, mag God dit verhoed dat die Joodse Raad Hom as verleier en valse Christus vernietig. Hierdie is ’n geloofsywer vir Christus wat nie sy taak en opdrag en ook nie sy gehoorsaamheid aan die Vader wil aanvaar of wil verstaan nie.

Dit is binne hierdie perspektief dat ons hoofstuk 26 verse 56 moet verstaan: toe het al sy dissipels Hom in die steek gelaat en weggevlug. Dit is ook dieselfde perspektief wat ons op hoofstuk 26 verse 69-75 moet hê: agter en in Petrus se verloëning van Jesus lê nie vrees vir die Joodse raad as hoofklem nie. Dit is ook nie ongeloof in dié sin dat Petrus nie gewillig was om te glo dát Jesus die Messias was nie. Dit lê in die konflik wat reeds in hoofstuk 16 vers 22 by Petrus teenwoordig was.

Die aktiewe (handelende) party in die wegvlug van die dissipels van Jesus en Petrus se verloëning is Jesus self. Hulle wou by Hom staan. Hulle wou Hom met hulle lewens verdedig. Hulle opregte ywer en bereidwilligheid om vir Christus te sterwe kan ons nie betwyfel nie. Jesus verbied hulle egter om op hierdie wyse Hom te probeer verdedig en Hy gee Homself aan die Joodse Raad oor.

Dít is die rede vir die dissipels se vlug en Petrus se verloëning: Hom wat hulle met hulle lewe wóú verdedig het, het Homself aan die Joodse Raad oorgelewer. Hy het hulle verbied om Hom te verdedig teen hulle wat Hom wil doodmaak.

Matteus berig die verloëning van Petrus direk na die besluit van die Joodse raad: Jesus laster God met sy aansprake om die Christus te wees en Hy moet sterwe. Petrus kon nog die Jesus wat hy geken het met sy lewe verdedig. Maar hierdie Jesus wat Homself wil dood sien en wat Homself aan die dood wíl oorgee, wat die dissipels verhoed om dit en Hom hierin te probeer keer, daarmee kan Petrus homself nie mee vereenselwig nie. Nie in hoofstuk 16 nie en ook nie in hoofstuk 26 nie.

Die bitterlik huil van Petrus moet binne hierdie perspektiewe verstaan word – as gebrokenheid, nie as berou nie.”

Hierdie stelling het ek weer heilshistories vanuit Hoofstuk 26 verse 1- 6 gemotiveer: dat die Vader Jesus self as Herder slaan en sy skape verstrooi. Die Vader weerhou enige geloof en ondersteuning in en aan Jesus deur sy dissipels, sodat Hy Godverlate – en verlate van die geloof, begrip, berou en toewyding van sy dissipels sterf.

Dit was die preek van die aanddiens van 14 Maart 1982.

Net na die afsluiting in die konsistorie deur ds. Fanie Groenewald wat ook teenwoordig was, begin ds. Willie van Rensburg van Trans Wêreld Radio my heftig aan te val net oor die uitdrukking: “ Gemeente, en dit is hoekom Petrus gaan huil. Nie omdat hy berou het nie, uit hierdie gedeelte kan ons dit nie sê nie. Die huil van Petrus is die huil van ’n gebroke man.” (metertelling 110-117)

Hy stel dat Petrus hier tot bekering gekom het en sy huil was die huil van ’n berouvolle sondaar. Hy val my ook woedend aan omdat ek sê dat mense wat na Jesus vra, nie na God soek nie. Dit doen hy omdat ek mense se verwagtinge in Jesus vergelyk het met Petrus en die dissipels se soeke na ’n Christus vir hulle eie versugtinge en dit afwys as nie ’n soeke na God nie. Hy stel dat ek nie vir die gemeente mag gesê het wat ek gesê het nie. Hy beskuldig my dat ek die gemeente verwar met onverskillige opmerkings.

Ek probeer my stellings motiveer, maar hy val elke keer net heftig in die rede met meer beskuldigings en praat my dood. ds. Fanie het weer net passief hierdie aanval toegelaat en niks gesê nie. Toe stel dr. Willie van Rensburg dat ek die band van die preek tot sy beskikking moet stel want hy gaan die saak verder neem en dat ek maar die verantwoording sal moet dra vir wat ek gesê het. Bedoelende dat hy nie wil gesprek voer nie, maar dat hy dit as leerstellige saak by die ring gaan aanvoer.

Toe ons uit die konsistorie kom, gaan ek na hom toe, keer hom by die kerksaal voor en sê ons moet hierdie saak uitpraat. Hy is eers net weer dreigend, maar toe kry ek dit reg om hom te dwing om oor die teks en eksegese te praat. Toe hy voor die werklikheid van die eksegese staan, stel hy: "Dit mag miskien so wees, maar 'n mens kan dit nie vir die mense so sê nie."

Dit was seker een van die bevrydendste oomblikke in my lewe.

Hy wil nie hê dat ek die bekeringsvroomheid van mense voor die werklike inhoud van die openbaring van Christus moet stel nie. Die vertroue wat ek in hierdie geleentheid in die krag van die eksegese en die verkondiging van Christus as die bedoeling van die Bybel gekry het, het my deur die hele jaar gedra en het net sterker en sterker geword.

dr. Willie van Rensburg reageer so heftig dat ek die Maandag aand in die pastorie voor 'n "klein kommissie", hy, ds. Fanie Groenewald en twee geestelikes, moet verskyn. Dit is sonder die medewete van die dagbestuur gewees. Ek stel in my dagboek op die 17 de Maart 1982:

"Hierdie argumente word Maandagaand weer teen my gebruik. Veral met die klem dat 'n mens nie iets anders mag sê as wat die gemeente aan gewoond is nie, dat ek nie 'n ander uitleg mag gee as wat die dominees in die kerk mee besig is nie. Hy beklemtoon dit nog verder dat as ek dan so ver sou wou gaan om te sê wat ek gesê het, maar dit is verkeerd, dan moet ek aandui dat dit my eie siening is en wys dat dit nie is wat die "kerk" sê nie. Hy bevestig hierdie tipe argumentering nog verder deur my ongeldig te verklaar met die tipiese argument: ons moet nie teoreties wees nie, ons moet prakties wees. Die suggestie hierin is dat die een wat prakties is, is hy en dus is hy geldig. Ek is die een wat teoreties is en daarom is ek die een wat ongeldig is.

Dit is regtig nie eers die moeite werd om myself "reg" te wil bewys nie, trouens, ek beskou dit glad nie so dat ek my regtens in 'n posisie vind om myself te moet verdedig nie. Wat wel van belang is, is die vraag waarin voel hy so bedreig? Wat wil hy as die ware geldende sien? Wat wil hy as ongeldig en as van minder belang beskou?

Hy wil die kerktradisie van eksemplariese prediking regverdig; teologiese-eksegetiese prediking wil hy relativeer tot 'n eie beskouing, maar sý prediking is algemeen geldig; hy wil 'n antroposentriese en gemoedssimbool vorming rondom die persoon van Petrus bevorder, en beskou my uitspraak dat die persoon en ervaringe, en daarmee saam die bekering van Petrus as nie ter sake vir die bedoeling van die Evangelie nie, as 'n kettery. Dit is interessant dat hy my dadelike aanval en beskuldig dat ek God en sy genade verwerp. Hy wil dus my geloof van die gemeente weghou, want my tipe geloof in God is nie die gangbare in die kerk nie. Daarom die opmerking: "Jy moet sê dit is wat jy dink, dit is nie die kerk se beskouing nie."

Hierdie gesprek met dr. van Rensburg is dus ’n aggressie aanval op my, juis van uit die kultiese gemoed. Dit is vir my ’n duidelike bewys dat ’n teologies-eksegetiese prediking wat die raad van God in Christus in die teks, verkondig, is ’n bedreiging vir die kultiese gemoedsinkleding van die teks. As ek nog net die raad van God in Christus verkondig het, en wel ruimte gemaak het vir ’n gemoedsinkleding van die teks, was ek aanvaarbaar. Maar, deurdat ek hierdie gemoedsinkleding van die teks radikaal afgewys het, het ek hulle enige ruimte ontneem en deeglik op die verdediging geplaas.

Dit is die rede hoekom dr. van Rensburg my aangeval het. Ek het hom deeglik op die verdediging geplaas. My Skrifgebruik en geloof laat geen ruimte vir sy Skrifgebruik en geloof nie. Daarom is ons gesprek duidelik ’n twisgesprek… Ek moet onthou dat die kultiese gemoed a-histories is en hulle só evalueer. Die kultiese gemoed kan hom ewe gemaklik voel met Calvyn, Luther Andrew Murray, Nickey Cruz, Billy Grame en die pous van Rome. Hierdie eenheidsgevoel is nie as gevolg van hulle eenheid in waarheid nie, maar is eenheid in simbole.

Vanuit hierdie a-historiese gemoed en a-dogmatiese houding is Andrew Murray vir die kultiese gemoed nie naastenby wat dit vir die heilshistoriese en geloofdenke van ’n Gereformeerde hart is nie. Daarom is hulle nie besig met leringe van byvoorbeeld Andrew Murray nie, maar hulle is besig met simboolvorming in die leringe van Andrew Murray.” (Dagboek Silverton 17.03.1982)

### 43. Die tweede openbare botsing: die onderneming om die kinders as verbondskinders te respekteer en nie aan die bekeringservarings van die moderne Christelikheid bloot te stel nie.

Presies net in hierdie tyd was ek besig om ’n kamp vir die SKJA te reël vir die naweek van 26-28 Maart by Roodeplaatdam.

Tot my verbasing was die jongmense glad nie opgewonde vir die kampgedagte nie. Toe ek hulle hieroor uitvra, vertel hulle my dat hulle terughoudendheid gaan oor die kamp die vorige jaar met Pieter Erasmus. Hy het dit as ’n tipiese Pinksterbekeringskamp gereël. Volgens sy verslag het die SKJA bestuur vir 1980-1981 net uit meisies bestaan.

Sy eie onbegrip vir die jongmense se weerstand teen hierdie geestelikheid wys duidelik in hierdie verslag: “In die boesem van die gemeente is ’n oulike klompie toegewyde jongmense wat geen geheim van hulle geloof in Jesus maak nie. Dit is tog jammer dat die senior standerds baie swak verteenwoordig is. Veral by die seuns is ’n totale gebrek aan belangstelling ten spyte van ’n jaarprogram wat oor ’n wyse reeks onderwerpe gehandel het… ’n baie geslaagde kamp is gedurende die jaar onderneem. Op minstens twee terreine is groot winste gemaak: op finansiële gebied… op geestelike gebied – 14 nuwe beslissings vir

Jesus en toewyding by almal.” Hierdie kinders is toe ook gedwing om getuies van hulle bekering in die erediens te wees. (Kerkraad notule Silverton gemeente 1983)

Na ek van hulle weerstand teen die geestelikheid van die vorige jare verneem het, stel ek toe vir hulle ’n skriftelike uitnodiging na die kamp op en stel “… Die kinders is verbondskinders en so sal hulle geag word. Hulle sal nie aan bekeringservarings of enige ander geestelike aggressie blootgestel word nie. Die inhoud van die vier Bybelstudiegeleenthede sal onder toesig van die kerkraad wees…”

35 Kinders het hierdie kamp bygewoon terwyl die ledetal van die SKJA op daardie stadium net 8 was.

Die reaksie op hierdie berig aan die ouers was vinnig en heftig. May van der Walt, die groot duiwelbesweerster van Silverton- Kruin gemeente het my telefonies geskakel en heftig op my afgegaan. Ouderling Francois Jordaan het my gekonfronteer met die beskuldiging dat ek sê verbondskinders hoef nie tot bekering te kom nie, al het hy toe hy my aangeval het nog nie die brief self gelees nie.

Die tweede dag na die berig uit is, het ds. Fanie Groenewald my ingelig dat ek voor ’n “klein kommissie” moet verskyn. Dit sou di. Groenewald, van Rensburg, en ouderling Francois Jordaan wees. Dit is as ’n broederlike gesprek voorgehou. Ek het versoek dat lede van die dagbestuur ook teenwoordig moet wees, maar ds. Groenewald het dit afgewys.

Toe ek by die pastorie opdaag is ek gekonfronteer dat ek sou gesê het “Verbondskinders hoef nie tot bekering te kom nie.” Ek het probeer verduidelik hoe ek die verbonds-eis tot bekering sien, maar hulle het dit afgewys as net my mening. Ek is ook toe sommer gekonfronteer oor die Charismatiese gawes. Hier het ek die eerste keer gehoor dat in die vroeë oggend Bybelstudie in die pastorie, Pieter Spies en ds. Fanie Groenewald in tale gepraat het.

Hierdie groep het na hierdie gesprek die gerugte in die gemeente versprei dat ek sou sê dat verbondskinders kan leef soos hulle wil. (Skrywe aan ring: insake veroordeling van die Gereformeerde belydenis en doopsleer as dwaling en die maak van stemming teen my vanuit gesigspunte wat vreemd is aan die Gereformeerde waarheid 7.07.1982)

Die tema van die kamp was “Ek, ’n verbondskind?” Ek lei die kinders om hulle verbondstatus voor God te aanvaar as belofte en nie as ’n verhouding wat eers deur ’n bekering begin nie. “… Sien julle nou maats, ons wat verbondskinders is, is gelowiges van ons geboorte af; ons is Christene van af ons geboorte deur God wat maak dat sy belofte ook vir jou werk! ’n Verbondskind is nie ’n heiden wat eers ’n Christen na sy bekering word nie. Hy het status voor God. … Moet ’n verbondskind tot bekering kom? Ja beslis, elke dag. … As ’n Christen homself nie ’n Christen maak deur bekeringe, wat is dan die doel van

bekering? Hoekom moet verbondskinders tot bekering kom? … Ja, deur bekerings groei ons tot volwasse Christene; deur geloof word ons Christene wat vrug dra.… watter geloofshouding vra dit van ’n verbondskind? Hy weet hy is ryk! God het aan hom Homself gegee. God is God met hom. Hy is wedergebore; gered; vergewe en het die Ewige lewe. Dis deur Sy beloftes vir hom ’n werklikheid Dit is sy status.

Verdedig homself! Daar is baie mense wat graag wil hê ’n verbondskind moet dink hy is arm. Hulle sal hom wys dat hy nog nie baie vrug dra nie. En dan wil hulle hê hy moet dink hy is nog nie wedergebore, of gered, of het nog nie die Ewige lewe of die Heilige Gees nie. ’n Verbondskind weet wat God aan hom gegee het, hy verdedig sy status teen sulke gevare.

Moenie ruil nie! Hy weet dat hy van Godself deur sy belofte uit genade die ware wedergeboorte gegee is, gered is, vergewe is, die Ewige lewe het, en deel is van die Heilige Gees. Hy verruil dit nie vir valse en goedkoop goed wat uit mense se lewens kom nie. daar is baie godsdienssmouse vandag!

Groei in status! Groei in die genade van God en uit die genade deur geloof en egte bekerings! Dis die vreugde waarin hy moet leef! Hierdie status lê ook ’n dure verantwoordelikheid op hom. Die Here werk deur sy Gees in hom sy gawes om God te aanbid, hoeveel te meer moet hy nie leef volgens sy status nie.”

### 44. Die ontdekking van die verband tussen die heilswerk van Christus en die heilsgawes van Christus.

Op die kamp self maak ek vir myself ’n deurbraak wat ek nie voor die tyd gevind het of werklik in gedeel het nie. Ek is onder die druk om vir die kinders op ’n bevatlike wyse verbond en bekering te verduidelik. Ek maak toe ’n transparant met ’n blomplant bo die grond en sy wortels onder die grond. Met hierdie beeld verduidelik ek vir die kinders die verskil van wat die Here **VIR** ons doen en wat die Here **IN** ons doen, die beskrywing “plaasbekledend” by VIR en herskeppend by IN.

Hiermee lê ek vir myself die eerste keer die verband tussen: “**Vir**, plaasbekledend, gebore, gely, gesterwe, opgestaan en regeer in die twaalf artikels en **In**, herskeppend, wedergebore, geloof, regverdig, bekeer, heilig en volhard”.

Vir myself is dit die eerste keer dat ek die eenheid tussen dit wat ek as “heilsorde” geleer het en die plaasbekledende werk as die heilsdade van Christus gevind het. Vir die kinders wys ek grafies dat ons nie Jesus kan verinnerlik nie. Ons mag nie soos Jesus vir my sonde ly, soos Jesus myself kruisig nie, soos Jesus self uit die dood opstaan nie en ook nie maak asof Jesus soos Hy in die hemel is, in my kan wees nie. Ek wys ook op die gevaar dat alles wat die Here doen by my kan verby gaan indien ek nie glo nie.

Na die kamp gee ek hierdie Bybelstudie skriftelik uit aan die kinders en sorg dat ds. Fanie Groenewald ook afskrifte hiervan kry. Hiermee verval die openbare aanvalle op my tydelik. Ek glo nie hulle was gereed vir wat hulle op skrif ontvang het. Die oorweldigende goeie reaksie van die kinders om die kamp by te woon en die wyse waarop hulle die kamp ook geniet het, het die kritiek vir ’n rukkie stil gehad.

Dit is op hierdie kamp dat Bertus Kinnear as standerd sewe seun saam gegaan het en ek vir die eerste keer hom leer ken het. Hierdie kennismaking sou op ’n lewenslange vriendskap uitloop.

Om uit identifikasie met God en die magsdenke, magsgevoelens en selfbemagtende geestelikheid met die naam, krag en wil van God te kom, is nie maar net ’n morele keuse of morele insig nie.

In identifikasie met God vind daar ’n wesenlike en diep sinkretisme plaas waarin die mens elke deel van homself as goddelik ervaar. Die krag van hierdie sinkretisme is die ophef van die onderskeid tussen God en mens. Elke deel van hierdie identifikasie met God moet ontknoop en ontworstel word met die geloofsinhoude van die Evangelie.

### 45. Die ontdekking van die verskil tussen die heilsraad van God en “die plan van God met jou lewe” in die moderne Christelikheid.

Na hierdie kamp maak ek nog so ’n ontknoping in my geloof, uit die geloofsinhoude wat ek in Matteus gevind het: Jesus wat die raad van God die Vader vervul, is die verskil tussen God se raad en “God se plan met my lewe”. Waar ek dit al voorheen kon stel, kan ek dit nou volledig binne die Skrif vind.

“Dit is opvallend dat ons nie meer van “die raad van God” praat nie, maar van “die plan” van God en dan meer spesifiek, die plan van God met “my lewe”. Hierdie alternatiewe woorde is nie maar net ’n spel van woorde nie, in elk geval, nie in my lewe nie. Ek self het nog nooit deel gevoel van of belangstelling gehad in die raad van God nie. Dit is hierdie spanning wat gemaak het dat ek die hele heilsgeskiedenis vertaal het tot die geskiedenis van my eie lewe.

Dít is die konsekwente deurwerking: vir my self bestaan die raad van God alleen as plan van God, en dan nog boonop as plan van mý lewe. Die heilsgeskiedenis as God se werking en handelinge in die geskiedenis word hierin vertaal tot mý eie lewensgeskiedenis as God se werkinge en handelinge.

Hierdie vertaling vind plaas uit die vooropgestelde weiering om in God as soewereine, selfstandige wese belang te stel vir Homself weens die sentraalstelling van my eie persoon en behoeftes as die voorwaardes en terrein van God se aktualiteit. Dit is vanuit hierdie tipe lewenshouding dat ek nog nooit die optrede van Jesus Christus óf verstaan het óf aktueel

gevoel het nie. Dít was vir my koue, dooie feite. Kopkennis en nie kennis wat my as persoon geraak het nie. Vanuit hierdie houding gaan dit nie meer oor die raad van God nie, maar God se plan met my lewe, my seksualiteit, my arbeid, my vriendinne, my ouers, en my leiers, my vrese, angste, geluk en plesier.”

Na hierdie kamp by Roodeplaatdam kon ek twee sake nou in verband met mekaar bring: God se raad en die verbondshandelinge van God. Hierdie kamp het my die geleentheid gegee om die eis tot bekering in afgodsdiens te kan sien vanuit die posisie van persone wie dit verkondig, nie meer uit die posisie van ’n persoon wat hierdie verkondiging net moet aanhoor as die waarheid van God se Woord nie.

Ek wou en het die kinders teen hierdie tipe bekering en alles wat daarmee gepaard gaan, beskerm. Meer nog, ek het vir hulle die alternatief verkondig: bekering uit dankbaarheid en nie bekering om gered te word nie. Hiermee het ek hulle teen dit dit wat ek “geestelike aggressie” genoem het, beskerm.

Die konfrontasie uit die kring van die geestelikes oor ek nie in bekering sou glo nie, het my nou voor die selfverstaan van hierdie geestelikheid gestel: hulle is die bekeerdes en jy wie in Jesus Christus as Here glo, is volgens hulle nie bekeerd nie. Ek het nou teenoor die oortuiging gestaan wat ek self mee eers geleef het.

Ek kon hierdie geestelike selfverstaan van hierdie afgodsdiens vanuit God se verbondstrou nou fundamenteel deurgrond en daarmee breek. In God se verbond is ek baie meer en baie anders as die mens wat ek in afgodsdiens sou wees. Hiermee kon ek myself vind in die meerwaarde van God se verbondstrou en wie Hy my in sy verbondstrou laat wees, meer as die verwronge en ligsinnige mens wat ek in die beelde van afgodsdiens moes wees.

Daarom het ek die kinders op die kamp ook met hierdie geloof in wie God vir hulle is en God hulle laat wees, erken en aanvaar. Dit is ’n geloofsaanvaarding van mekaar binne God se verbondsgenade en nie ’n aanvaarding binne die verskeurende oordele van die afgodsdiens van die moderne Christelikheid nie.

“Ek dink en besin die laaste paar dae baie oor die aard van God se raad en verbondshandelinge met my. Vanuit hierdie perspektief het ek nou ’n finale hou-vas op die konflik waarin hierdie bekeringservaringsmodel my gedompel het.

Hierdie bekeringservaringsmodel het soos volg in my gemoed gefunksioneer. Volgens hierdie mense was ek voorheen ’n Christen wat nie geloofsekerheid en ’n oorvloediger lewe gehad het nie. Ek het maar nét kerk toe gegaan; maar nét my gebede opgesê; maar nét my Bybel gelees. In hierdie tipe formuleringe het hulle my eie godsdiens volgens hulle modelle as die van ’n dooie en koue Christen gekategoriseer. Dit is deur Stefan Krige, Johan Krige, ds. Lamprecht en later Johan en Wochie. Deur hulle is ek ingetrek in ’n groep godsdienstige

yweraars wat my gemanipuleer en gebreinspoel het met hulle opvattinge: die Jeug-tot Jeug-Aksie, Anton Louw op RAU wat my deel van sy aksies wou maak, Willie Pieterse met sy bekeringservarings en se Jeugaksie godsdiens het my in hierdie godsdienskonflik waarin ek gedompel is, gehou.

Volgens hierdie bekeringsdruk móét jy erken dat jy voorheen ’n dooie en koue kerkchristen was, dat jy voorheen nie werklike ’n wáre Christen was nie omdat jy nog net met jou kop en nie met jou hart geglo het nie. Deur hierdie groepsdruk het ek aanvaar dat dit maar seker ook my godsdiens probleem was.

Hierdie groepsdruk het uit sogenaamde “getuienisse” ontstaan. Hierdie getuienisse onthou ek nog goed: Janette staan op en getuig hoe koud haar godsdiens was, hoe sy net ’n gewoonte godsdiens gehad het en nie ’n ware lewende godsdiens nie, eers na sy hierdie bekerings ervaring gehad het, het sy ’n ware lewende godsdiens gehad.

Onder hierdie godsdienstige druk deur sogenaamde getuienisse, wat inhoudelik niks anders as sensitiwiteitsgroepe is nie, het ek ook aanvaar dat my sonde is dat ek ’n gewoonte godsdiens het en nie ’n lewende godsdiens nie (Deksels, dit is die kern van hierdie sondebegrip). Nie opstand teen God nie, nie belangeloosheid in God nie – maar gewoontegodsdiens. Hierdie is ’n direkte aanval op die instelling en tradisie van die Gereformeerde Kerk. Ek het myself dus in my eie gemoed ook skuldig gemaak aan die sonde van ’n sogenaamde gewoonte godsdiens. Deur al hierdie emosionele druk, en ook my afhanklikheid van hierdie groepe, het ek dit ook as my eie sonde aanvaar.

Hierdie formulering is oneindig belangrik. Sonde is om ’n koue-, verstands- en gewoonte-godsdiens te hê, … let wel, die funksie van God in hierdie formulering is totaal iets anders as waar die sonde bestaan in: ek stel nie in God belang nie” (ateïsme). Met hierdie formulering en probleemstelling gebeur drie dinge: a.) die hele geloofsvraagstuk word eksistensieel verantropologiseer b.) die geloofsvraag oor God word nie beantwoord nie, maar verplaas en vervang met ’n emosionele leefwêreld c.) Die gevolge is dat die ware sondeprobleem, dat mense nie in God belangstel nie, nou die dryfkrag word vir hierdie tipe godsdiens.

As sonde sou wees om ’n gewoontegodsdiens te hê, is die antwoord of die ware aard van Christenskap geleë in ’n lewende persoonlike godsdiens, waar die inhoud van “lewendheid” gedra word deur meelewendheid en persoontoewyding.

Binne hierdie probleemformulering en antwoordstelling word die Gereformeerde belydenisse maar net simbole wat nie meer na hulle inhoudelike betekenisse, of gebruik of verstaan word nie. Die inhoudelike word gevul deur hierdie nuwe probleem en antwoord se teologiese inhoude. Dit geld vir die volgende uitdrukking: 1) ons kan onsself nie red nie. 2.) Ek moet myself afsterf. 3.) Ek moet die Here aanneem. 4.) Ek moet ’n lewe van oorwinning leef. 5.) Ek moet met die Heilige gees vervul word. 6.) Ek mag nie ’n lewe van val en opstaan leef nie.

Die klem in hierdie inhoude val nie meer op die inhoud van bekering nie, maar na die beleefdheid daarvan. Baie belangrik, die beleefdheid is nie meer net ’n eis van bekering nie, maar dit is die nuwe inhoud van bekering: om meelewend jouself te gee. Vanuit hierdie standpunt vind daar met elke herlewing in die kerk ’n ontkerstening plaas in die gemeente. Hierdie feit is waarneembaar in die opkoms van hierdie kultiese beweging, wat ons goedskiks kan tipeer as die godsdiens van sekularisme.

Hierdie verstaan gee my insig in die dryfkrag en die dwang-ywer wat ek myself in hierdie godsdiens opgelê het. Dit is waaragtig niks anders nie as bekerings- en godsdiensheiligheid wat na sy aard werksheiligheid is. Dit was dan die dwang in my straatwerk by die Irene koffiekroeg; dit was dit dwang in my Hendrik Heever se Bybelstudievroomheid in my eerste jaar op RAU; dit was die dwang in my stranddiens en skoolverlaterskamp godsdiens.
Dit is hierdie model waarbinne ek myself móés en wou verstaan: voorheen was ek ’n kerk-Christen; voorheen was ek ’n gewoonte-Christen. Toe aanvaar ek die Here, nou is ek ’n ware lewende Christen.

Ek wil myself graag eerder binne die Gereformeerde belydenis verstaan: ek was ’n Christen wat van God alle gawes uit sy genade ontvang het: wedergeboorte, redding en die Ewige lewe en die Heilige Gees, maar uit my sondige hart het ek nie en nog steeds stel ek nie in God belang nie. Ek het voorheen probeer om my belangeloosheid in God nie as my sonde te bely nie, maar om ander godsdienservaringe met eie belange op te bou waarin my belangeloosheid in God self, die stimulus as sodanig vir ’n eiewaardige godsdiens is waarin my belangeloosheid in God my godsdiens is.” (Dagboek Silverton 8.04.1982)

Met hierdie beskrywing het ek weer die spanning van goddeloosheid en afgodsdiens in myself verwoord. Inhoude wat ek eers in die boek “Protestants: vry om te protesteer” finaal vir myself kon verwoord het. Ek kon myself in my eie afgodsdiens vind en my eie goddeloosheid as die dryfkrag van my afgodsdiens vind.

Dit kon ek alleen verwoord omdat ek myself binne God en sy verbondsgenade kon vind.

Met hierdie ontdekking van my eie afgodsdiens en my goddeloosheid (wat ek as belangeloosheid in God of ateïsme verwoord het) kon ek ’n werklike deurbraak maak op die psigologisering van sonde binne afgodsdiens. Met hierdie meganisme word elke mens aangegryp om sy gewone menswees en menslikheid as sy sonde teen God te beleef en goddelikheid as antwoord te soek op sy gewoon menslikheid. Vir my was dit ook hulle verwronge seksbeelde wat my bevange gehou het in hierdie psigologisering van sonde.

“Sonde binne hierdie tipe ideologiese en godsdienstradisie problematiek soos ek dit in die bemoeienis van die CSV, die Jeug-tot-Jeug Aksie en kerklike jeugbemoeienisse ervaar het,

het my deur die psigologisering van sonde in die ellende van hulle tipe godsdiens verbind. Die aanslag wat teen my gemaak is in hierdie “Jy moet Jesus aanneem-teologie” om ’n “ware lewende” Christen te word, is dat hulle my oortuig het dat dit sonde sou gewees dat ek nie “uit my eie krag” die “wet van God” kan doen nie. In hierdie aanslag word daar nie tussen natuur en genade onderskei nie. Dit blyk duidelik uit hulle naïewe houding teen rook, drank, seks, films, partytjies en musiek. Maar veral in die aanslag wat gemaak word in die “getuienisse” van die “bekeerdes”: voorheen het ek net gedrink en wild gevry, en nou doen ek dit nie meer nie (RAU proponente). Tog het hulle probeer om ’n beeld op te bou dat seks iets moois is, maar vir jongmense mag hierdie erkenning hoe mooi seks is nie beteken dat hulle die drange as drange mag geniet of hierdie drange kultiveer nie, eintlik het hulle seks sterk afgewys.

Dit maak dat hulle my tot ’n psigologiese stryd gedoem het, en die stryd teen jou eie psigologiese aard was die enigste “skuldgevoelens” wat hulle “word vervul met die Heilige Gees” teologie in my gewek het. Met hierdie skuldgevoel oor my eie psigologiese aard wat hulle binne in my wou hê, wou hulle my manipuleer en beheer. Dit was die tipe stryd waarmee hulle my gemanipuleer het nadat ek “Jesus aangeneem “ het. Nou moes ek in die stryd leef om met die “Heilige Gees vervul te wees”. In hierdie konflik het hulle Romeine 7 hulle verwysingspunt gemaak vir hulle teologie van “jy mag nie self probeer nie, jy moet net op die Here vertrou”.

Hierdie stelling is ’n verdoeming waarmee hulle jou uitlewer aan hul beheer en manipulering. Hierdie stelling wat ’n heilshistoriese bedoeling het, word nou ’n kulturele aanslag: ek mag my nie op selfwerksaamheid beroep nie; ek moet op die groepshouding en groepsdinamika steun, maar veral, ek moet my onderwerp aan die godsdienstige leier se willekeur en sý werksaamheid. Geen wonder hierdie varke beklemtoon gedurig “dis nie ons wat dit doen nie, dis die Here”, wat ’n godslasterlike stelling in hulle monde is. (Dagboek Silverton 8.04.1982)

## 46. Die ontdekking van die gemeente as die ware kerk van die Here uit Matteus 13 en die derde openbare botsing met die moderne Christelikheid.

Die 18de April 1982 het ek met ’n nuwe preekreeks uit Matteus begin oor die gelykenisse in hoofstuk 13. Ek soek en vind ook die heilshistoriese betekenis van hierdie gedeelte en die openbaring van wie Christus in hierdie gelykenisse is.

Dit is koninkryk gelykenisse. Dit openbaar die karakter van die regering van Christus as Messias en Here. In my eksegese van hierdie gelykenisse vind ek Christus as die aangeklaagde. Dit is nie die gelowiges wat in hierdie gelykenisse die aangeklaagdes is nie. Die persoon en saak onder verdenking wat Christus aanspreek in hierdie gelykenisse is Homself en sy regering as Here, nie mense met hulle sonde nie.

Die klagte teen Jesus as Messias is: “Hoe kan sy kerk lyk soos die kerk lyk as Hy werklik die Christus en Here is?” en “Hoe kan mense reageer op sy heilswerke soos hulle reageer, as Hy werklik die volmag het om Here en God te wees?”

Met hierdie fokus openbaar die gelykenisse hoe Christus regeer en hoe sy kerk lyk tot en met sy wederkoms. Hierdie gelykenisse is nie ’n aanklag teen sy kerk oor hoe hulle kerk is nie.

Vir die gelykenis van die Saaier beteken dit dat die bedoeling van die openbaring nie is om mense tot selfondersoek te bring om te besluit watter soort grond is jy, hoe jy jou moet bekeer om nie op die klippe te wees of tussen die dorings te wees nie. Dit is ook nie ’n aanklag oor hoeveel vrug jy dra nie. Dit is die bevestiging dat Christus self so deur sy Woord regeer dat mense nie sy Woord aanvaar of verkeerd aanvaar en tog bly sy heerskappy die heerskappy van die Christus. Dit plaas nie sy heerskappy en kerk onder verdenking nie.

Hierdeur word die gelykenis ’n vertroosting vir gelowiges oor hoe die kerk lyk en hoe mense op die Woord van God sal reageer waar Christus self regeer. Geestelikes kan nie die kerk anders en beter maak as wat Christus sy kerk maak nie. Geestelikes kan nie ’n ander regering van God instel waarin God beter God in sy kerk is, die kerk meer suiwer is en mense meer gehoorsaam is, as wat Christus self mense deur sy heilswerk deel van sy ware kerk en gehoorsaam laat wees nie. Met hierdie eksegese word die gelykenisse vertroosting vir die kerk oor die kerk en heerskappy van Christus. Die gelykenisse is nie meer aanklagte en oordele oor die aard van die kerk voor die Here se wederkoms nie.

Hierdie preek oor die Saaier het proponent Pieter Erasmus woedend gemaak en heftig laat reageer. Maandag die 19 de April het ouderling Kemp my geskakel en ingelig dat proponent Erasmus ’n klagte oor my prediking by hom kom lê het. Hy het my versoek of ek nie met Pieter self wil gesels nie. Ek het met hom geskakel en hom die Woensdag gaan besoek.

Die feit dat ek die gelykenis van die Saaier se vertroostende karakter oor die heerskappy van Christus, die aard van sy kerk en die reaksie van die gemeenskap op die Woord van God gepreek het, het die geestelikes se krag om hierdie teks as aanklag en veroordeling teen die kerk, wat nie net uit “wedergebore Christene” bestaan nie, en wat nie die gemeenskap almal tot bekering wil laat kom nie, vernietig.

Pieter Erasmus het dit instinktief aangevoel. Dit was die drif van sy woede. Hy het nou weer die konflik oor die jeugkamp en ds. Willie van Rensburg se reaksie op my uitleg van Petrus se berou opgeneem.

Hy beskuldig my dat ek so preek dat “verbondskinders nie hoef te antwoord nie”. In ons bespreking stel ek dat God se verbondstoesegging ’n werkende geldigheid het. Hy ontken dit en maak God se verbond net leë beloftes wat eers geldig kan word na iemand tot bekering gekom het.

Hy stel dat ’n “groot deel” van die gemeente oor my by “hulle” kla. Vir hom is dit die bewys dat hulle tog nie sonder rede kla nie. Dit beteken vir hom dat ek dwaal. Hiermee verwys hy na al die geestelikes, mev. Engelbrecht, die Jordaan's, Pieter Spies, die Vosloo’s en ds. Willie van Rensburg. Op grond van hierdie gerug wil hy dit onder die aandag van die kerkraad bring dat ek onsuiwer preek. Hy regverdig sy oortuiging en woede oor my eensydige, verdraaide en verkeerde lering met hierdie gerugte en voel homself daarin bemagtig om hierdie dwalinge onder die aandag van die kerkraad te bring.

Ek wys hom daarop dat hy dan ’n klagte moet lê, maar hy weier om hierdie weg te volg. Die volgende week besoek ek en ouderling Kemp hom. Toe ons hom wys wat die kerklike weg is om klagtes te hanteer, verander hy sy voorneme.

Hierdie was die eerste keer dat ek blootgestel was aan die geestelikes se misbruik van kerklike tug: om verdag te maak en te veroordeel sonder om amptelike klaers te wees.

Ek skakel met prof. AC Barnard by die teologiese fakulteit wat toe aktuarius was en vra raad. Ek lig ook dr. Hattingh, voorsitter van die dagbestuur sowel as dr. PK Mentz, voorsitter van die ringskommissie in oor die gerugte wat Pieter Erasmus versprei sonder die bereidheid om my amptelik aan te kla. “die beskuldiging en suggestie wat Pieter teen my gelê het, plaas my en my soek na Skrifgetroue prediking totaal onder verdenking. Dit alles ongevraagd. Die feit dat hy nie bereid is om ’n spesifieke klagte aanhangig te maak nie of sy opmerkings terug te trek nie, maak dat al gevolge en resultaat van sy optrede verdagmakery is. Hulle wil net hê dat ek bewus moet wees van hulle beskuldiging dat ek eensydig is, verkeerd is in my verbondsbeskouing en dat ek gemeente lede in groepe opdeel en doelbewus uitsonder in my prediking.” (Dagboek Silverton 21.04.1982) “

Na hierdie insident het hierdie geestelikes die gerugte in die gemeente versprei dat ek “ nie werklik vir Jesus ken nie” en “dat ek nie Jesus preek nie”. Die ironie is dat dit juis my prediking van Christus uit die gelykenis van die Saaier was wat hierdie oordeel van die geestelikes oor my, my kennis van Jesus en my redding laat uitspreek het.

### 47. Die verwoording van die dualisme God – mens, as die meganisme van die moderne Christelikheid om God en mens identies te laat wees. (sinkretisme).

Die volgende Sondag het Danie 'O Reilly, wat intussen leraar by Wonderboompoort gemeente geword het, in die gemeente gepreek. Kobus Vosloo vra na die preek ’n bespreking aan oor wedergeboorte. Die geestelikes het hierdie geleentheid omskep om weer ’n aanval te loods. Hulle stel dat bekering en wedergeboorte dieselfde is en verwerp die standpunt dat wedergeboorte die bekering vooraf gaan.

In hierdie polemiek het een saak nou helder en duidelik in my gemoed gevorm. In hierdie geestelikheid, wat my eie afgodsdiens was, word die werklikheid van God se handelinge ontken. Net hierdie geestelikheid word as die krag en mag beleef wat God se verbondshandelinge ’n werklikheid maak. God self het buite hulle kragdadigheid geen werklike optrede en dade as God nie.

Hierdie identiteit tussen God se handeling en die mens se bekering en oorgawe, was die sinkretisme waarin ek self eers geleef het: God en ek is identies. God raak eers geldig wanneer ek Hom in my ’n werklikheid maak. Voor ek nie bekeer, bly God in sy eie handelinge vir my ’n onwerklikheid.

Met die week se polemiek met Pieter Erasmus sluit ek by die werk van die SKJA kamp aan en deurbreek in my gemoed helder en duidelik die dualisme waarmee hulle God en mens identies maak, en God se vrymagtige handelinge ontken en ongeldig maak in die lewe van mense:

“Daar is dus weer ’n patroon:
1. Die verbond is net ’n belofte wat nie geldigheidskarakter het voordat ek dit nie aanvaar het nie.
2. Die bekeringservaring staan bo-kant die vloeiende stroom van kritiek teen die belydenisse.
3. Die praktiese ervaringe moet die teoretiese belydenisse dikteer.
4. Eksemplariese prediking word met vuur verdedig.

Dit bring net ’n sekere waarheid sterker in my gemoed: die verbondshandelinge van God het ’n geldigheidskarakter voor daar nog sprake is van my verbondsaanvaarding. Hierdie geldigheidskarakter beteken nie dat ek nie meer ’n verbondsverantwoordelikheid het nie. Die werklike en praktiese werking van God is werksaam in my lewe. Dit is wat ek ervaar. Dit is wat maak dat ek die verbondseise nou kan uitvoer. Dit staan direk teenoor die uitspraak dat die verbond net ’n belofte is, wat nie in werking sou tree nie voordat ek dit nie eers sou aanvaar nie.

Geen mens kan na God soek as Hy nie die gawe van geloof van God self ontvang het nie.

Hier is dus ’n nuwe probleem vanuit die moderne mens se gemoed. Die moderne mens dink vanuit die onderskeiding: teoreties en prakties. Die werklikheid is verdeel as teorie en

praktyk. Die probleem wat nou egter ontstaan is dat die moderne mens ook binne die geloofsituasie gaan dink binne die onderskeidinge “teorie” en “praktyk”.

Vanuit hierdie onderskeidinge word die ou probleem van God se wil en die mens se wil weer aan die orde gestel. Nou word dit egter nie gedoen vanuit die vraag na die vrye wil van die mens nie. Dus as vraag wat op die wil van die gesentreer is nie. Die probleem word só aan die orde gestel dat alles wat teoreties is, is gelyk gestel word aan God se genade; God se verbondshandelinge; God se uitverkiesing; God se voorsienigheid en God se raadsplan. Die heilsorde van God se handelinge word tot ’n teorie gereduseer en die mens se verantwoordelikheid is nou die praktyk.

Só word God in geperk tot die ruimte van die mens se ken-toeretiese aanleg. Hierdie inperking van God, wat ’n selfgeskepte beperking is, word nou opgelos deurdat die mens alles wat “teoreties” is, nou “prakties” maak.

Die proses wat baie gelowiges as “bekeringservarings” beleef is niks anders as ’n verantropologisering van die “teoreties verklaarde” Godshandelinge nie. Die werklikheidskwaliteit, of werklikheidstoesegging, word nou deur hierdie verantropologisering bepaal. Wat nie antropologies gekwalifiseer is nie, is teorie, en daarmee saam “nie-werklik” nie. Dit is vanuit hierdie moderne denke dat daar gepraat word van “ware-Christene” en Christene wat nie “werklike” Christene is nie.

’n Ander interessante verskynsel is die opmerkings “dat ’n mens in God kan glo, sonder om werklik ’n Christen te wees” omdat “jy die verlossing nog nie persoonlik aanvaar het nie”. Dit interessante hier is dat die werklike probleem in die moderne mens se lewe is nie die vraag na redding nie, maar die vraag na God!

Egter, hierdie formule soos hier vooraf gestel wys die godsvraag af deur die soteriologie voorop te stel. Daarmee word die moontlikheid om by die kern van die ongeloof uit te kom, dat die mens gewoon net belangeloos in God as God is, afgemaak. Weereens veroorsaak dit dieselfde simptoom: dit is die mens se probléém met God wat hulle krag is in ’n geloof wat nie ’n antwoord gee nie. Op hierdie wyse word ongeloof in God die krag wat die godsdiens in ’n fanatieke toewyding en ywer omskep.

God

__________________________/__________________________

fisies <--------------------------> geestelik

dood <--------------------------> lewend

onpersoonlik <--------------------------> persoonlik

teorie <--------------------------> praktyk

______________________V______________________

Onwerklik Mens Werklik

Dit is die voorlopige raamwerk: verantropologisering is ’n probleem wat dwarsdeur hierdie eienskappe sny. Hierdie tipe geloof maak dat al hierdie eienskappe gekenmerk word as die verantropologisering van die God en mens. So word hierdie geloof in God gereduseer tot ’n bepaalde “werklikheidstipe”. Hulle tipe godsdiens is die “geestelike”, die “lewende”, die “persoonlike” en die “praktiese”. Hierdie eienskappe word nou die bepalende maatstaf vir wat werklik godsdiens is.

Hierdie bepaalde eise stel elke keer die teologie op ’n bepaalde wyse aan die orde:
1. “geestelik”: die vraag na natuur en genade.
2. “prakties”: die vraag na die verhouding tussen God en die mens se verantwoordelikheid.
3. “persoonlik”: tradisie en openbaring.
4. “Lewend”: die vraag na die kerk.

Die feit is duidelik! In hierdie tipe geloof is hier geen belangstelling in die Christologie of in die vraag na God nie. Verder, die soteriologie is nie meer ’n vraag na die verhouding tussen God en mens nie. Dit word nou aktueel binne die mens se vraag na die “werklike” en die “onwerklike”.

Binne hierdie verantropologisering van God self, sit die setel van die ironie: ’n ateïstiese godsdiens. Dit is die tipe menslike gedrag waarin al die eienskappe van godsdiens kenbaar en merkbaar is, maar daar geen God teenwoordig is nie. Hierdie is godsdiens wat ideologie is en waar God net as beeld of simbool oorgebly het: die deologie. Dit is die inhoud van hierdie sosiale en kultiese aksies.” (Dagboek Silverton 20.04.1982)

Hiermee het ek die kern van afgodsdiens beskryf en wat uiteindelik tot die bewoording: “godsdienstige goddeloosheid” in die boek “Protestants” gelei het in 2010/2011. Ek moes afgodsdiens hier nog uit teologiese en filosofiese woorde probeer beskryf omdat ek die Bybelse inhoud van afgodsdiens, en die krag en werking van hierdie afgodsdiens teenoor God, nie binne die inhoude van die openbaring van die Bybel kon beskryf nie.

Op die 23 ste April stel ek identifikasie met God in my en die geloofsvertroue wat ek in Christus in die gelykenisse gevind het, weer as twee sake teenoormekaar:

“Ek begin al meer die status van die gemeente van God raaksien. In my gemoed was die gemeente tot dusver nog nooit so ’n eenheid met Christus as die gevolmagtigde van die Vader nie, en was die werkinge in die gemeente nog nooit vir my só duidelik die werking van die gevolmagtigde Christus wat heersend teenwoordig is nie. Ek het die kerk en gemeente nog nooit vanuit hierdie perspektief gesien nie.

Vir my het die kerk nog altyd net as ’n geloofsgemeenskap gefunksioneer. Die geloof van die lidmaat was vir my die grondslag van die gemeente. Dit was die gronde vir my eie onvergenoegdheid en kritiek op die gemeentes van God gewees. Al wat ek met hierdie vooropgestelde houding in gemeentes kon ontdek, was gelowiges, nie Christus wat as gevolmagtigde van die Vader, heersend teenwoordig is nie. Dit is veral die inhoude wat in Matteus 13: 44- 46 aan die orde kom.

Nou eers besef ek die verpersoonlikde en geïndividualiseerde wyse waarop ek, met ’n antropologiserende geloofshouding na die werking van God en sy Gees gesoek het. Nou besef ek my eie weerloosheid teenoor, maar ook my gedeeltelike meeleef, met die soeke na die werking van die Gees, in myself, met hierdie houding dat die Gees nie werk in die dooie, koue, en gewoonte gemeente van die NG Kerk nie.

Hierdie vooropgestelde houding in my het my totaal weerloos gestel aan ’n houding waar:

- my eie verlange na intimiteit, die liefde van die Gees was;
- my soeke na selfvervulling die direkte leiding van die Heilige Gees was;
- my eie erotiese drange en fantasieë die getuienis-atmosfeer was waarin die Heilige Gees sou werk en ander mense van “Sy” liefde oortuig het.

In hierdie kennis van Christus uit Matteus groei daar in my ’n vertroue op God wat besig is om my te bevry van my hele godsdienstige verlede. In hierdie kennis van Christus merk ek dat ek ’n vertroue in God vind. Hierdie is die genadige werking van die Heilige Gees en Vader en Christus. Hierin ervaar ek wat die bekerings en herlewings van die CSV, Jeug-tot-Jeug-Aksie en Youth-for-Christ prediking in die kerk en die Charismatiese beweging nie in my kon oprig nie: vertroue in God! Vertroue in God om God te wees!

Hierin is ek ook bevry van die verhoudingsteologie waarin ek God moet vertrou, om God vir mý te wees. Hierdie vertroue in God dat Hy God is, nie God sal wees nie, bevry van alle ideologiese sowel as kultiese angs, druk, fanatiek, onrealisme en fantasie.” (Dagboek Silverton 23.04.1982)

Hierdie selfde aand gaan kuier ek vir Johan Haasbroek by sy woonstel in Pretoria. Hy stel aan my dat hy met die drie geestelike stappe van die kultus gebreek het: bekering, vervulling en getuie-wees. Net soos met Danie O’ Reilly, was Johan in hierdie konflik vir my deurentyd ’n gesprek – en geloofsgenoot gewees.

Ek het identifikasie met God en vertroue in God om self God te wees duidelik as twee alternatiewe sake herken en nou as die sinkretisme van God en mens in my gesien en daarmee gebreek. Vir my was die identifisering van die krag en werking van afgodsdiens nie sommer net ’n akademiese interessantheid nie. Dit was ook die inhoud en krag van ons familiekultus. My pa het volledig opgegaan in hierdie identifikasie met God en sy eie persoon uitgeleef volgens hierdie identifikasie: sy

gevoel is God se gevoelvolheid, sy verstaan is God se begrip, sy wil is God se wil. Dit was meteens ook sy magsposisie in die gesin. Dit is hierdie identifikasie wat hy in sy eie bekering onder prof. J.C.G. Kotze in Germiston moedergemeente as tiener gevind het en dit was die krag agter sy “kampongbediening”.

Hiermee het hy die spanning van godsdienstige goddeloosheid die konstitusie van die gesin gemaak, deur huisgodsdiens, en volgens die bediening van die NG Kerk eintlik as God se bemiddelaar vir die gesin opgetree – waar, wanneer en soos hy wou. Met sy identifikasie met God was sy goddeloosheid verhewe bo enige aanspreeklikheid en was ons as gesin niks anders as ’n uitdrukking van homself nie.

Hierdie magsuitoefening is nie die eie skepping van my pa gewees weens een of ander persoonlike gebrek of weens een of ander persoonlike motief nie. Dit is hoe die Pinksterkultus van ’n ouer ’n kultusfiguur vir sy huisgesin maak. Ouerlike gesag word opgeneem as mag teenoor die huisgesin wat hierdie mag as God se liefde moet internaliseer.

Die moderne Christelikheid maak van elke identiteit ’n “bediening” :gesinbediening, vriendskapbediening, huweliksbediening, arbeidersbediening, e.a. Hierdeur maak hulle mense magsfigure in intermenslike verhoudings wat hulle “getuies” noem. Hierdie geestelike magsfigure is ’n middel om hulle goddelikheid te laat geld deur die gewone menslike gemeenskapsinstellings en die gewone lewenservarings.

My breuk met hierdie afgodsdiens het gemaak dat ek my self kon vind as God se handewerk met die meerwaarde wat ek as mens het, teenoor die beelde wat ek in hierdie afgodsdiens vir die geestelikes moes wees. Dit was die krag om uit my disassosiasie te breek en myself as werklik te vind. Die stryd tussen werklik en onwerklik was vir my ’n stryd om myself te wees buite die persoon en wil van almal wat God in my lewe wou wees.

**48. Die ontdekking van die sakrament van die doop as teken van die doop met die Heilige Gees.**

Die 14 de Mei het ek ’n Bybelstudie vir die tieners in die SKJA aangebied wat ek skriftelik uitgewerk het. Die inhoud van die Bybelstudie was die doop met die Heilige Gees. Met hierdie Bybelstudie wou ek die oordeel oor hulle dat hulle glo maar nog nie met die Gees gedoop is nie, vernietig. Hierdie Bybelstudie het my weer die Skrifinhoud hieroor laat ontdek.

In die Bybelstudie stel ek die verhouding tussen die doop van Johannes die Doper en die doop deur Christus aan die orde.

“ …Die doop van Johannes met water het mense gereed gemaak vir die koms van die koninkryk van God. Jesus doen egter self die goddelike werk. Met sy koms begin die koninkryk van God: die vredestyd van die Messias. Deur sy werk in die harte van mense deur die Heilige Gees word mense deel van die koninkryk waarop so lank gewag was. Dus: doop met die Gees,

a. veronderstel die werk wat Jesus as die Christus kom doen het, dit is, ly; sterwe en opstaan.
b. wys op die Messiasryk en Messias tydperk wat sy koms begin,
c. dui op die werk van Christus in die harte van mense waardeur hulle deel van die Ryk van God word.

Die waterdoop van Johannes het mense gereed gemaak vir die koms van die Messias. Die doop met die Gees deur Christus dui op daardie werk van Christus waardeur mense in Hom glo en Hom as koning van Sy ryk dien.

V Deur watter gawes van die Heilige Gees word die mens deelgemaak van die heerskappy van God?
Rom. 8:30 Hy roep mense deur sy Gees; Joh. 1:30, 3:15 Hy werk wedergeboorte; Ef. 2:8, Fil. 1:29. Hy gee geloof as gawe; 1 Kor. 1:40 Hy gee regverdiging as gawe. 1 Pet. 2:9 Hy gee heiligheid as gawe. Rom. 8:31 Hy gee volharding as gawe.

Om met die Gees gedoop te wees, beteken dat Jesus die Ryk van God in ons gee en ons so laat deel wees van die heerskappy van God.

VI Samevattend.

1. Die doop met die Gees veronderstel dat Jesus die Ryk van God opgerig het deur sy geboorte, lyding, sterwe, opstanding en hemelvaart.

2. Dui daarop dat Jesus deur hierdie algemene gawes van die Gees ons deel van die koninkryk van God maak.

VII Wat sê dit vir ons!

1. Verbondskinders het al die gawes van die Gees ontvang, dit het ons al voorheen gesien.
2. Dit beteken dat verbondskinders deur die verbondsbelofte van God deel is van sy koninkryk.
3. Nou die groot waarheid: verbondskinders (ons) is dus met die Gees gedoop.
4. Ons waterdoop is ’n teken dat ons met die Heilige Gees gedoop is. Lees hiervoor Matt. 3: 1-12; en Matt. 28:1 6-20 saam!

VIII Afwykende gevare rondom die doop met die Gees.

1. Die wesenlikste gevaar is dat sommige mense die doop met die Heilige Gees nie verstaan as die teenpool van die waterdoop in die Naam van Christus nie (ons waterdoop het niks met die doop van Johannes te doen nie. Dus nie meer so dat


OT Doop van Johannes Christus se koms Doop van Christus



Maar so:

God

Hoog Doop met die Heilige Gees.



Laag Waterdoop in Naam van Christus


mens

2. Hierdie mense gebruik dan die doop met die Gees wat op die volle heilswerk van Christus dui, waaraan alle Christene deel het, om ’n valse onderskeid tussen twee soorte Christene te maak, waar die wat met die Gees gedoop is nader aan God leef as ander.

3. Nog ’n gevaar in hierdie rigting is dat die doop met die Heilige Gees nie meer dui op die volle heilswerk van Jesus deur sy gees nie (roeping, wedergeboorte, geloof, regverdigmaking, bekering en volharding) in alle Christene nie. Dit word nou ’n nuwe geestelike ervaring wat sommige Christene ná ’n bekering wil ervaar.


Nie meer so dat: Jesus doop met die Gees.

roep, wederbaar, geloof, regverdig, bekeer, heilig, volharding



maar

bekeer, wedergeboorte, geloof, doop met die Gees.



4. Hierdie mense wil verder beweer dat die waterdoop van verbondskinders nie meer ’n teken is dat hulle met die Gees van Jesus gedoop is nie, dus deel is van die koninkryk van God nie. ’n Ander gevaar is dat mense na buitengewone gawes soek in ’n ervaring van die doop met die Gees en die algemene gawes nie meer as die vreugdevolle werking wat Jesus met die doop van die Heilige Gees gee nie.

5. Van hierdie valse soeke na hoër geestelikheid in die doop met die Gees moet die verbondskind heeltemal weghou.
1. Ons het alreeds al die algemene gawes van die Gees ontvang.
2. Die algemene gawes wat Christus ons deur sy Gees skenk – is die Doop met sy Gees.
3. Ons waterdoop is ’n teken van hierdie doop met die Gees waaraan ons deel het Heid. Kat. Sondag 26 vrae 69-74. Ons mag nie die werking van God in ons ontken nie, maar met vreugde Sy werk in ons lewe ontdek: Het jy al God se genadewerking in jou ontdek?”

(SKJA Bybelstudiestuk Silverton 14.05.1982)

Met die oggenddiens van 16 Mei preek ek die gelykenisse van Matteus 13: 44-46. Na die erediens het ds. Fanie Groenewald my geskakel en gesê dat daar klagtes teen my prediking van die gelykenisse uit Matteus was. Dit was ouderling Kobus Vosloo. Hulle wil na die aanddiens waarin ek die laaste gelykenis sal preek met my na die diens gesels.

Met die aanddiens het Kobus Vosloo aangedring dat die bespreking in die kerk moet wees, maar ek het versoek dat dit in die konsistorie, onder voorsitterskap van die leraar en toesig van twee ouderlinge moet wees. ds. Fanie het geweier en gestel dat ek dit self moet hanteer.

Ouderling Vosloo het my gekonfronteer oor hoekom ek die twyfelvrae wat in die Joodse gemeenskap, dit is onder die Fariseërs en andere teenoor Christus gestel het, in die prediking aan die orde stel. Ek het geantwoord dat Matteus in sy Joodse leserskring verstaan moet word, waarop hy opgespring het, geskree het, dat ek God se Woord minag en dat daar geen gronde is waarop hulle verder met my kon gesels nie en daarna die konsistorie verlaat het. Mev. Lettie Grabe het my weer beskuldig van verdraaide en gevaarlike voorstellinge wat ek die kinders sou inprent met my prediking en sou beweer ek stel dat “die mens hoef niks te doen nie, alles is reg.”

My pogings om die Skrifinhoude van Matteus te verduidelik is deur hierdie groep mense summier verwerp. Die doel van hierdie byeenkoms was nie gesprek nie. In elk geval nie oor die inhoud van die gelykenisse nie, maar om my uit te lewer aan die geestelike geweld en verwerping van hierdie geestelikes. Daarom het die leraar niks gedoen nie en my net aan hierdie geweld uitgelewer.

Wat wel deeglik gewys het, is dat die heilshistoriese prediking van die gelykenisse en veral die uitwys van die karakter van Christus se heerskappy as die inhoud van die gelykenisse, hulle verstaan van die kerk as ’n koue en dooie gemeenskap wat onder God se oordeel is, omdat hulle nie die suiwer en volmaakte kerk van wedergeborenes en geesvervulde is nie, omvergewerp het. In my prediking van die gelykenisse het lidmate nie meer veroordeel gestaan omdat die Here se kerk nie die suiwer gemeenskap van net wedergeborenes voor sy koms is nie.

Hiermee het ek hulle mag om die kerk te veroordeel vernietig. Meer, met die twyfelvrae oor Christus uit die Joodse gemeenskap het ek hulle met hul bekeringsvroomheid in die posisie van die Joodse gemeenskap teenoor die gelowige gemeenskap gestel. Dit was die bron van hulle woede. Hulle was besig om hul selfgeregverdigde oordeel en morele houvas op die gemeente te verloor.

### 49. Die verwoording van goddeloosheid as die inhoud van die geestelikheid van die moderne Christelikheid in myself.

Die Donderdag voor die beplande Pinksterdienste van ds. RB Murray sou begin het, probeer ek die inhoud “ateïstiese godsdiens” weer opneem en my eie innerlike hiermee verwoord teenoor die openbaringsinhoude oor wie Christus werklik volgens die Skrif is.

Met hierdie filosofiese verwoording probeer ek dit wat ek as godsdienstige goddeloosheid gevind het verder verwoord. Dit is die afgodsdiens waarin Jesus net die leë naam is waardeur ek my met God een leef.

Ek beskryf weer hierdie leegheid van God en die magswil in my met God as ateïsme. Dit was na my gesprekke met prof. Wethmar waarin ek probeer het om hierdie geloofskonflik en die inhoude daarvan te probeer verwoord as ’n doktorale studie.

Ek het na hierdie gesprek aangevoel dat ek nie in my akademiese studie hierdie geloofsaak sal kan vind en verwoord nie. Die voorgeskrewe studie in Moltman en Pannenberg het my belangstelling verloor omdat ek daarin juis die identifikasie met God aangevoel het. Ek het soos met prof. Heyns gevoel dat hierdie dogmatiese wêreld vir my geslote bly.

“Die ontdekking wat ek vir myself gemaak het, is dat ateïsme nie my probleem met die ongelowige wêreld of die kerklike vyandige vorme soos Kommunisme is nie. Ateïsme is ’n binne-kerklike probleem.

Ateïsme is mý eie gerigtheid teenoor God. Ateïsme as ’n binne-kerklike probleem lê daarin dat die ateïsme in die lidmate as probleem ontken word, verder, dat die hele kerklike bediening op die soteriologie van die die veronderstelling uitgaan dat die mens na God soek. Dit is binne hierdie aksie wat die hart van die geloofsworsteling van die kerk en gelowige lidmaat lê.

Dit is ook in hierdie worsteling dat die frustrasie en noodpogings van die leraars lê. Die soek na antwoorde soos: “”vervulling met die Gees”, “herlewing”, “diens van bevryding”, die gawes van die Gees”, “spreek in tale”, die verwerping van die verbond en kinderdoop leef nie meer binne die verbande en die inhoude wat tydens die Reformasie aan hierdie begrippe geheg is nie. Daarvoor is die verskuiwing ná die Reformasie in die verstaans- en leef wêrelde te omvattend en te radikaal gewees. Hierdie verwerping leef uit die probleem van die “doodsheid” van die kerk en die nuwe antwoord wat as die “lewende godsdiens” getipeer word.

Ek maak al meer hierdie ontdekking in myself: die feit dat “ek nie in God belangstel nie”, het nou vir my die inhoud verwoord wat ek nog nie kon vind nie, maar nog die hele tyd wou verwoord in my skrywery. Die geldigheid van die erkenning dat ek nie in God as God, dit is, in God ter wille van God, belang stel nie, is nou vir my duidelik. Wat die aard en omvang van hierdie gerigtheid teenoor God is, is egter nog vir my onduidelik.

Een dimensie daarvan wat nou stadig besig in om in my oop te gaan, is dat hierdie akte van belangeloosheid in God is nie maar net versuim nie. Hierdie tipe opvatting van hierdie tipe gerigtheid in my, is die mening van die Humanisme in my. Volgens hierdie Humanisme is geloof in God ’n belangstelling van sommiges, vir hulle wat daaraan ’n behoefte sou hê, maar die gewone mens sou het nie só ’n dringende “behoefte” daaraan nie.

In hierdie humanistiese mensbeeld sit daar nie maar net ’n “neutrale” erkenning van die huidige stand van menswees nie. Hierdie mensbeeld is berekende aggressie teen God: die mens mág nie in God belangstel nie. Belangeloosheid in God is nie maar net ’n neutrale houding teenoor God nie. Dit is gewilde, gestruktureerde en aggressief gehandhaafde ateïsme. Dit ontdek ek al meer in myself: ek het nog altyd my belangeloosheid in God gesien as ’n probleem waaraan ek uitgelewer sou wees. ’n Probleem waarvan God my sou moes bevry het. Egter, my belangeloosheid teenoor God is my gewilde houding teenoor God.” (Dagboek Silverton 20.05.1982)

Hiermee kon ek my eie belangeloosheid in God nie meer as “my probleem” sien waarvan God my moet verlos. Ek wil eintlik my eie sondige aard my geestelike verhouding met God maak. Dit is die hart van goddeloosheid en die hart van afgodsdiens. Afgodsdiens is die innerlike woede van ’n goddelose mens om God onbelangrik te verklaar en Hom daarna voor die eis te stel om Homself in mý goddelose lewe belangrik te maak, volgens my goddelose lewenshouding, lewenswaardes en lewensvisie.

Ek kon nou breek met ateïsme as verklaring teenoor God en dit nou as sonde in my teenoor God bely. Hiermee het ek die binne kant van afgodsdiens verwoord: selfgewilde goddeloosheid om selfgenoegsaam te wees. Die verandering van ateïsme as bevrydende selfverklaring tot die sondebelydenis van ateïsme was vir my deurslaggewend.

Hiermee kon ek nou ook die innerlike spanning en samewerking tussen goddeloosheid en die afgodsdiens van die geestelikheid waarin ek grootgeword en myself mee uitgeleef het, vind en verwoord.

“In my gebede het hierdie stuk onegtheid geleef die laaste paar maande waarin ek al meer my eie ateïstiese houding teenoor God in myself erken het. Ek het my belangeloosheid in God erken, maar dit as ’n probleem waaraan ek uitgelewer sou wees en waarvan God my móés bevry, gesien. In hierdie houding dat God my van my belangeloosheid in Hom moet “red”, “verlos”, “bevry”, het ek nie ateïsme as my sonde gesien nie, maar as ’n probleem waarmee God my moet help: dit is hierdie selfgerigtheid wat ek in myself ontken het en wat gebede en omgang met God geforseerde inspanning gemaak het.

Ek weier om my belangeloosheid as ’n selfingenome en aggressiewe gewilde houding teenoor God in myself te erken, ’n ingesteldheid waarvan ek my moet distansieer. Met hierdie selfingenome en aggressief ingenome houding van belangeloosheid in God, bid ek nou, vra ek Hom om die belangeloosheid in my weg te neem. Daarmee ontken ek my verantwoording voor God om Hom te erken, te vertrou en te dien.

Met hierdie houding is ek weer blootgestel aan die “Godsbewerkers” van ons dag wat elkeen ’n boekie met ’n paar reëls en wenke het hoe om God te laat werk, prakties in jou lewe en in jou ateïsme! En die eerste in hierdie koor is dr. Andrew Murray en al sy klein-profete. Die doop en vervulling met die Heilige Gees, wat nie eers in die heilsorde ter sprake is nie, sou net die regte ervaring wees om God te laat werk!

Die blootstelling lê daarin dat ek my verantwoording om God te erken en te vertrou ontken in my ateïstiese houding teenoor God, maar terselfdertyd van Hom verwag dat Hý my van mý probleem moet losmaak: omdat God nie werk soos ek Hom met my gebede en verwagtings wil laat werk nie, kan ander se metodes God só vir my laat werk, Andrew Murray en soortgelykes se geesvervulde lewe, óf die Jeug-tot-Jeug-aksie se boekies óf die Baptiste, Pentekostaliste, of Charismatiese besondere gawes en wonders, wat God vir my op hierdie wyse gaan laat plaasvind.

In my ateïsme is ek gedoem tot die metodiek van Godsbewerkers! Gedoem tot die heerskappy van hulle geestelike ervaringe! In my ateïsme is ek gedoem tot myself!
In my gewilde ateïsme is ek gedoem om God nie meer in Jesus Christus te aanbid nie, maar om God te probeer vind in die liefde wat ek vir mense voel of die liefde wat ek van mense

ontvang; om God te vind in innerlike lewensgeluk of berusting; om God te vind in ’n innerlike vrymaak en losmaak van pyn en smart; om God te vind in erotiese gewaarwordinge, intimiteite en aanraking. Vir elke genoemde moontlikheid is daar vandag ’n gestruktureerde kultus wat die soeke na god-binne-in-die mens uit ’n ateïstiese houding vorm en bevorder as "lewensgestalt”. Dit doen elkeen met die aanspraak dat hý God prakties bewerk het.

God self het my uit hierdie selfverdoeming bevry in my prediking en studie van die gelykenisse van Matteus. God is ook nie te vind in die regte orde en beheer nie, dit wat ek die laaste jare gedoen het: om God teenwoordig te maak en te vind in die regte orde en optrede.

God is te vind – in Jesus Christus.
God as God, en nie God as my verlange
of as my selfverlenging nie.

Dít is die wonder wat ek deel van is die laaste ruk: in my Skrifstudie uit Matteus 1-4; 26-28 en 13 het ek Christus leer ken as God met ons, en dan val die volle klem op Gód!

Gisteraand in die erediens en afgelope week sien ek die Onsienlike! Die heersende teenwoordige God, Jesus, Vader en Gees. In hierdie geloofskennis van Jesus Christus uit die Evangelie het die Gees van God werklik gewerk, om in God self te kan vertrou, en nie idees nie. Om God self te dien, is in Jesus Christus vir my nou ’n moontlikheid, los van die kultiese gemoed van die kerk.

Die kennis van wie Christus is
het my bevry van my soeke na
God in liefde, innerlike vreugde of
in mag en beheer.

Dit is die kosbare ontdekking
wat in Christus gemaak moet
word – nie wat ek nóú moet kan bekom nie
maar dat God met ons is.

In hierdie kennis is ek bevry: sien ek die Onsienlike!” (Dagboek Silverton 22.05.1982)

Ek het in Christus  wat werklik en self God met ons is, die vryheid gevind om ateïsme nie te sien en te omhels as uitkoms of as “bevryding” van afgodsdiens nie. Ek het gesien dat goddeloosheid, wat ek toe ateïsme genoem het, presies dieselfde saak, meer nog, die werkende krag is om met God te identifiseer. Daarmee was die arrogantheid en waan om jouself vry van “godsdiens” te verklaar in ateïsme, as ’n selfgemaakte uitkoms uit die waan en vernietiging van afgodsdiens, vir my in myself ontbloot gewees.

## 50. Die Pinksterdienste van ds. RB Murray om herlewing te bring in Silverton moedergemeente en as openbare aanval op my prediking.

In hierdie week begin ds. Fanie Groenewald en ds. RB Murray met hulle herlewings prediking. Hulle prediking is presies die geestelikheid waaruit ek wil wegbreek om die geloof in Jesus Christus te vind. Dit is ook ’n direkte en persoonlike aanval op my prediking in die weke vooraf.

Murray doen ’n aanval op die gemeente en dreig hulle met ’n Kommunistiese oorname. Hy val mense aan oor Sondagsheiliging omdat hulle koerante op Sondae lees. Hy veroordeel die regering oor die sensuurraad wat immoreel sou wees. Hou voor dat Frankryk 1 predikant vir elke 5000 mense sou hê, maar 1 heks vir elke 200 mense sou hê.

In sy prediking van 25 Mei doen hy ’n direkte aanval op my met giftige venyn teen die verbond wat mense laat dink hulle hoef niks te doen nie, ’n aanval op die fakulteit oor die Joodse aard van hulle Skrifuitleg en koue intellektualisme (my Matteus prediking). Hy stel die kerk voor as bedreig deur die Ooste as gevolg van karate en Oosterse gebruike. Hy veroordeel die mense as in sonde verval weens drink, rook en vloek.

Na hierdie veroordelende preke roep hy die gemeente tot bekering en vervulling met die Heilige gees op, die twee stappe van identifikasie met God. Hy verklaar dit sal net deur volhardende gebed gebeur.

“Hy preek verlossing as die vurige verlange wat mense moet voel en kleur dit in as die “Lewe van oorvloed”. Dit verbind hy aan sekerheid oor jou eie geloof. Alles het niks met die teks te doen nie. Op die ou einde dreig hy die mense met die gewone “jy gaan net nou sterf en wat dan?” storie. Hy laat die mense saggies ’n Hallelujaliedjie sing terwyl hy vra dat mense wat hulle hart aan die Here wil gee en ook mense wat twyfel oor hulle geloof na vore moet kom … Gisteraand werk hy weer met die ideologiese model van “ek moet myself kruisig”, “ “ek moet myself van my eie lewensbeheer ontsê” en die “Gees my laat volmaak”.

Die volmaak van die Heilige Gees word voorgehou as 1. dramaties, oorweldigend, skielik. 2. gelydelik of 3. as ’n stille groei. Dit is alles sielkundige en emosionele beskrywings vir ’n ervaring wat met geloof in God niks te doen het nie.

Dit is interessant dat dit juis vanuit die ervaring van “ek moet my eie-ek kruisig”, en “ek moet met God se Gees (dit is sy mistiese ideologie en sy vrome gemoed) gevul word”, dat die konsep van “elke deel van jou lewe” uitgebou word. Elke deel van jou lewe moet dus ’n vervullingservaring word.

Van hierdie godsdiens, wat RB Murray tereg as ’n ervaringsgodsdiens beskryf, het ek myself volkome van losgemaak. Jesus Christus as Here het weinig te doen met hierdie godsdiens en geloof in Christus as Here en God word in hierdie godsdiens net ’n leë simbool wat geen inhoud van die Skrif meer in het nie. … Ek glo nie meer dat die Gees van God egte en grondige veranderinge in sy uitverkorenes se lewens werk deur hierdie tegnieke nie. Dit is nie die Here wat hiervoor geloof moet word nie… Dit is net RB Murray wat hiermee geluk gewens moet word. RB Murray se geldigheid lê in sy gevalle van bekering en vervulling wat hy as getuienisse gebruik. My geldigheid lê in die Skrifgetroue prediking en Skrif-inhoudelike (geopenbaarde) geloof in Jesus Christus: God met ons” (Dagboek Silverton 29.05.1982)

Daar het een insident tussen my en ds. Murray afgespeel. Met die boeke uitstalling het ds. RB Murray probeer om die boekie van ds. MM Smit van Witbank: “Vrylating van Gevangenes” te propageer wat handel oor duiweluitdrywing. Weens die klagte van die ring teen mev. May van der Walt en die kerkraad se ondersoek na mev. Lettie Grabe, het ek hom versoek om hierdie boek te verwyder. Hy het geweier en my feitlik beveel om hom na die Pinkster in sy kantoor te kom sien sodat hy my kan wys dat duiweluitdrywing deel van die kerk is.

Vir myself is hierdie Pinksterprediking ’n geleentheid om weer die inhoud en mag van hierdie geestelikheid te sien, maar nou met die vryheid dat ek nie meer deur geweld in hul skrikbeelde, hul veroordelings, morele verwyte en ontsegging van God se genade aan my in geforseer kan word nie.

“Binne hierdie herlewingsideologie het ek geen ruimte meer om in God te glo soos ek oortuig geraak het God te vind is nie. Binne hulle verstands-gevoelsgodsdiensmodel is ek gedoem om ’n koue en dooie intellektualis te wees. My Skrifeksegese en wetenskaplike metodes is volgens hulle nie in die hand van die Gees van God nie, maar my eie menslike, Godsvreemde kopkennis wat niks met God te doen het nie. Dit dryf my om reaksionêr te wees en juis uit protes sy moralistiese wette te breek om hom daarmee bespotlik te maak.

2. Die ruimte wat hierdie herlewings-ideologie wél skep is vir my ’n valse en verwarrende wêreld waarin ek nie meer kan leef nie. God word in hierdie herlewingsprediker in ’n bo-kulturele en bo-natuurlike wêreld vasgevang. Geloof word vir gevoel verruil vir ’n tipe kennis in God, wat volgens hulle nie soseer verwys na vakwetenskaplike kennis nie, maar verwys na die openbaringskennis van God wat hulle dan as koue en dooie intellektualisme verwerp.

Hierdie gevoelswêreld, wat vir hulle godsdiens is, is vir my identies met my erotiese fantasieë, ontkenning van pyn, persoonsvernietiging, ontkenning van my psigologiese waanbeelde, ongeldig verklaring van persoonkonflik in my disassosiasie, die gebruik van godsdiensmeganismes om my eie kultuuropdrag en verantwoordelikheid ten opsigte van myself te misken, die ontkenning van my geslagtelikheid, die voorhou van idilliese liefdesbeelde en ’n romantiek van gesag, wat alle aggressie in selfgelding as sonde uitmaak.

Dit verdoem my tot afhanklikheid, om selfgelding as manipulering te glo en dwing my om myself in my gefantaseerde magsbeelde terug te trek.

Die God van hierdie leefwêreld is ’n haatlike afgod wat ek met alles in my verguis, ook die gebede en die getuienisse wat ek “in die Naam” van Christus” vir hierdie afgod gedoen het. As hierdie godsbeeld God is, is God dood en leef ek in die toekoms sonder enige belang in hierdie god en in god as sodanig.

Dit is ’n ware vrees in my, die vrees dat hierdie die god van die Christendom is. Hierdie god wat ek met gevoels-idealisme, erotiese fantasieë en magsfantasieë in my self opgeroep het en nou van my verwag word om dit weer te doen!

Daarom is my optrede geloofsdade! Nie angsvalligheid nie! Ek vertrou dat die geopenbaarde kennis van Christus, die betroubare feite oor God is, die kennis wat ek deur geloof in die werking van God in die histories en wetenskaplik verantwoordbare eksegese die Skrif mee ontgin.

Tog leef hierdie ongelowige twyfel, ongeloof in die betroubaarheid van die feite uit my Skrifstudie oor God, dat God dalk maar net is soos ek Hom in my gemoed beleef het in hierdie tipe godsdiens van ds. RB Murray soos ek dit ook in die CSV, Jeug-tot-Jeug-Aksie en ander vroomheidsgroepe beleef het.” (Dagboek Silverton 25.05.1982)

Die konfrontasie om my en die gemeente in hierdie herlewingsprediking deur ds. RB Murray weer aan hierdie afgodsdiens te onderwerp, maak dat ek myself innerlike finaal teenoor hierdie afgodsdiens vind en stel in die geloofinhoude wat ek al meer besig was om in die Matteus Evangelie te vind:

“1. Ek glo nie meer in Bybellees en boodskappies na Bybellees as godsspreuke nie.
2. Ek verwerp die idee van “self” of “eie-ek” afsterwe en vervul word deur God as mistiese panteïsme.
3. Ek verwerp hierdie bekerings wat as “persoonlike ontmoetings” of “aanvaarding van die Here” beskryf word.”
4. Ek verwerp die sonde-idee wat gewoonte vormende gedragspatrone as “bande” of “bindinge” tipeer en daarmee saam verwerp ek die verlossings of reddings-idees wat verlossing sien as die losruk of wegruk van en uit gewoonte vormende gedragspatrone.
5. Daarmee saam verwerp ek die verlange en strewes wat na lewensvervulling in God soek: vreugde, geluk, vrede, sinvolheid en betekenisvolheid. Hierdie “lewensoorvloed” teologie is godslasterlik.”
6. Daarmee saam verwerp ek enige vorm van strewe of soek na god-in-myself. God bestaan as soewereine wese. Hierdie god-in-my ideologie is ’n nuwe vorm van mistieke opgaan in panteïsme.
7. Daarmee saam verwerp ek geheel en al die opvattinge dat die mense soekend na die Here is en dat ek Hom aan hierdie soekendes moet meedeel, as die ontkenning van die ateïsme

in my en mense en die leer van die totale gevallenheid van mense.

8. Ek verwerp die houding om die verlossing en die redding van die Here, die troos, die vrede, die bevryding of enige ander priesterlike funksie van Christus as evangelie-inhoud te verkondig: Christus self is die evangelie en nie sy priesterlike funksionaliteit vir ’n antroposentriese mensdom nie.
9. Ek verwerp enige vorm van aggressie teen die ampte van die kerk en die gelowiges wat vanuit die gebrokenheid en die voorlopigheid van die gemeente van God óf sy heersende teenwoordigheid in die kerk óf sy volmags- en heersende posisie in en oor die gelowiges misken, bespotlik maak of verdag maak.
10. Ek verwerp enige vorm van aggressie of enige oplossings-idee wat kennis van en vertroue in Christus as God met ons, reduseer tot intellektualisme óf as ’n onderafdeling van die verhouding met God stel. Wie nie sy vertrekpunt het in hierdie geloof en die ontbreking van hierdie geloof nie, mág nie óf diagnoseer óf uitkoms moontlikhede finaliseer nie.
11. Ek verwerp enige vorm van strewe, soek of versugting na die werking van die Heilige Gees, buite om sy werking in die verkondigde Woord, die bediende sakrament en die toegepasde tug.
12. Ek verwerp enige vorm van redding, heil of van God wat die herstel van die mens in sy skeppingsposisie misken of ontken: die mens word gered om weer te dink, te voel en te strewe as skepsel van God en nie om in geloofsisolasie van sy skeppingsbepaaldhede te leef nie.”

Hierdie verwerpinge is vir myself nie net stellings nie, maar leefreëls waarin ek soekend is na God self in Christus met ons. Hierdie keuse en houding waartoe ek nou verbind is, is in die wete dat ek God in hierdie strewes en hoop wat ek hier verwerp misken het. God word in hierdie teologie en godsdiens wat ek hier verwerp – belaglik gemaak.” (Dagboek Silverton 29.05.1982)

## 51. Die prediking van die wonders van die Here in Matteus 14-16: die ontdekking dat Christus self vandag ware mens en God met ons is as alternatief die op goddelikheid van geestelikes in die moderne Christelikheid.

In hierdie tyd was ek besig vir om voor te berei vir die nuwe preeksreeks uit Matteus 14 tot 16 waarin die wonderwerke van die Here verkondig word. In hierdie wonderwerke word Christus wat mens soos ons is, as God openbaar. Hierdie openbaringsinhoud het uit die Skrif vir my nou teenoor die verkondiging van alle geestelikheid se inhoud wat as “in die Naam van Jesus” voorgehou word, te staan gekom.

Weereens het ek nie die geloofsinhoud uit die profete gehad om hierdie “leë naam van God” as die wese van afgodsdiens te kon verwoord nie, maar ek verwoord die leegheid van Christus in hierdie geestelikheid tog inhoudelik en kry in die openbaringsinhoude van Matteus weer die alternatief op hierdie “leë Christus”.

Die krag van hierdie ontdekking lê nes met die ontdekking van die teenstelling geloof en identifikasie met God, om die “leë Christus” van geestelikheid te ontdek teenoor die inhoud en Persoon van Christus soos in die Skrif geopenbaar.

Daarom het dit wat ek in Matteus oor Christus gesoek en verwoord het so in velle kontras met die Pinksterdienste van ds. RB Murray gestaan. In hierdie kontras word die sinkretisme dat God en ek in Christus een identiteit het en Jesus net die leë naam is waarmee ek met myself met God identifiseer, deurbreek vir geloof in Christus.

“ Die laaste drie aande besef ek dat na die “vervullingshoogtepunt” van RB Murray het hy niks meer oor om vir die gemeente te sê nie. Behalwe om hulle geestelik te aktiveer. Geestelike aktivisme is die term wat die beskywendste is vir hierdie tipe geloofslewe wat gepropageer word. Na so ervaring van vervulling móét, met die klem op die móét jou godsdiens vir jou lewend wees.

Met “lewend” word weer hierdie deurleefde ervaringsbepaalde godsdiens bedoel: as jy só vervuld bid, sal jy suksesvol bid; as jy só kerk toe gaan, sal die erediens vir jou ’n belewenis wees; as jy só getuig, sal dit vir jou ware ervarings wees; Hierdie tipe preek herhaal vanoggend en vanaand met die laaste van die Pinksterdienste.

“Geestelike aktivisme” was waarin ek jarelang vasgevang was deur die godsdienspatrone van die kerk. Dit is ’n geestelike aktivisme wat nie leef in die geloofsvolheid dat Jesus God met ons is nie. Dit is ’n geestelike aktivisme van geestelike reëls om die ateïstiese houding voor te hou as lewensvolheid. My jarelange geestelike aktivisme kom uit my basiese ateïstiese houding.

Ek het hierdie ook in Murray se prediking gemerk. Die naaste wat hy aan die verkondiging van Jesus Christus as evangelie gekom het, is om alles “in sy naam” te laat gebeur. Naas die feit dat jy jouself afsterf, moet jy soos Jesus word. Dit beteken Jesus is niks meer as net ’n etiese ideaal nie.

Ek weet nog nie watter betekenis Jesus in hierdie tipe geloof inneem nie, behalwe dat Hy alles wat jy wil hê God jou moet gee en moet laat gebeur, vir jou gee en laat gebeur. Maar ek weet wel dat van Jesus Christus in hierdie “in die naam van Jesus” niks tereg kom nie.

Juis in my geloofservaringe in hierdie tipe godsdiens was ek altyd deel van die Christuslose Christus in en vir my geloof en teologie.

Met hierdie insig in die geestelike godsdienstige aktivisme as lewenswyse vanuit hierdie gepropageerde “vervullings” of “persoonlike ontmoetinge” as ervaringsgodsdiens, het ek nou finaal my van hierdie tipe godsdiens vrygemaak.

Mag God my genadig wees!

Ek ken Christus al meer as die mens wat 2000 jaar gelede in Palestina geleef het en al minder as ’n geestelike krag in my, as ’n etiese ideale persoon in wie ek moet opgaan, as ’n persoon in wie se naam ek toegang tot “God” het, of as vervuller van my lewensideale en persoonsleemtes. Hoe meer ek Christus in sy historiese en ontologiese aard leer ken, hoe groter word die Persoon Jesus Christus vir my. Hierdie mens is God met ons! Hierdie man is God met ons!

Dit is die afgryslike! As dit ’n leuen en valse aanspraak sou wees! Die mán sê Hy is die Skepper van hemel en aarde en Hy gaan die skepping in sy doel herstel. Dit is die grootsheid en die wonder. Hierdie man is God met ons! Hy is die Skepper en Hy het weer sy skepping kom herstel.

Dit is die geloofsaard wat nou vir my oopgegaan het ná en ín hierdie prysgee van my vorige geloofaard, dit is, ’n verpersoonlikde ervaarde godsdiens. Nou verstaan ek die aansprake van die evangelie en die ontsaglike krisis wat die dissipels moes deurgaan vir wie Jahweh, die Skepper Here was en God Een was! .....

Die ironie en kragteloosheid van die verpersoonlikde geloof is dat dit wil “in die Naam van die Vader” weer intimiteit en persoonlike vertroulikheid in die openbaring van Christus Jesus inlees. In hierdie intimiteite met God kan hulle nie, maar meer as dit, wil hulle nie die Godsopenbaring sien nie. Ook nie die verandering wat hierdie openbaring bring vir hulle godsbeelde nie.

In die Naam van die Vader, doen Jesus aanspraak om self Jahweh te wees, en om só dan met reg te sê: “Ek is met julle”, met hierdie spesifieke betekenis: só is Jahweh nou met ons as Vader, Seun en Gees. Daarom is hierdie aankondiging die hoogtepunt van die Matteus evangelie – in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.” (30.05.1982 Dagboek Silverton)

Met hierdie breuk van en uit die leë Naam van God tot die inhoud van die openbaring van God, in en deur Christus, kon ek:

Eerstens die leegheid van die goddelikheid en die onmenslikheid in my verwoord wat ek geglo het “god-in-my” is, al is dit nog in filosofiese taal.

Tweedens kon ek nou God in sy openbaring deur die Skrif as meer en as Iemand anders as my eie identifikasie met ’n godsbeeld vind. Die vanselfsprekendheid van goddelikheid het daarmee vir my verval. Ek staan voor die werklikheid van geloof in God wat God is, anders as die godsbeeld van my vanselfsprekende magsdrif.

Ek begin met die woord “geestelike aktivisme” soek na die onderskeid tussen die bediening van die evangelie en die godsbedryf van die moderne Christelikheid. In hierdie geloof is ek ’n dienaar van die Here. Al wat ek doen is om die evangelie te verkondig. Ek het niks te doen met die wonders wat die Here doen soos en waar Hy wil nie, ook nie met die heil wat Hy self bewerk en meedeel soos en waar Hy wil nie. In hierdie diens bedryf of bemiddel ek nooit iets van God self nie, nie sy wonders nie en nie enige deel van sy Persoon of Handelinge nie. Dit is en bly net ’n verkondiging van die evangelie, ’n aankondiging van die openbaring van Jesus Christus as die Here. Christus as Here doen as God alles wat Hy vir sy kinders en kerk doen, buite, sonder en onafhanklik van wie ek as persoon is en wat ek as persoon doen.

“Geestelike aktivisme” is die godsbedryf van die moderne Christelikheid. Hulle verkondig nie Christus nie. Hulle bemiddel en bedryf sy goddelikheid in mense. In hulle identifikasie met hierdie godsbeeld is hulle God se wil, God se krag, God se lewe, God se droom en plan, deel hulle dit aan ander mense mee en bewerk hulle dit met hulle visioene, godsbeelde en innighede.

In hierdie godsbedryf is die persoon van die geestelike die wyse waarop God in mense aangedryf word en die optrede van die geestelike die wyse waarop God Homself binne mense is. Deur die identifikasie van die moderne Christelikheid word jy in jou persoon en optrede deel van hulle godsbedryf die oomblik wanneer jy met God begin identifiseer. Hulle is in hulle persoon en optrede die bouers, bestuurders en bemiddelaars van hierdie godsbedryf en mense is in hulle persoon en optrede die werkers en massa in wie hierdie god aangedryf moet word.

Die breuk met hierdie godsbedryf deur net die Woord van die Here te bedien, het ook ’n diep sielkundige effek op my: deur uit my eie goddelikheid te breek, kon ek uit my eie selfingekeerdheid breek. Elke keer wanneer ek uit my identifikasie met God weggebreek het, het dit direk implikasies vir my eie menslike identiteit gehad. Hou weer. Dit bly meteens deel van my ontworsteling uit my eie goddelikheid. ’n Goddelikheid wat ek nodig gehad het om myself in die geweld, en in my disassosiasie en isolasie in hierdie geweld, te handhaaf. ’n Goddelikheid wat my selfgewaande lewe die gevoel van werklikheid gegee het.

“Ek het die laaste twee weke baie stabiliteit as persoon gevind: ek raak al meer los van my wêreld van ontkenning en my gefantaseerde wêreld. Ek erken myself al meer teenoor myself. Ek vind my self nou los van my eksistensiële lewensgerigtheid. Ek begin al meer deel word en oop word vir die kultuur-historiese, ontologiese en tydruimtelike dimensies van die werklikheid. Dit bring my geloof in God ook in hierdie dimensies. Dimensies wat vir my voorheen niks met God te doen gehad het nie omdat Hy net in my eksistensieël-gekonstitueerde belewenisse en ervaringsgerigtheid bestaan het: God as belewing.

Ek verstaan nou na soveel jare eers die wêreld van die dogmatiek en Godsleer. Die geloofseise is nou vir my ook soveel meer gewaagd, en die twyfel in Jesus, in sy historiese ontologiese en tydruimtelike aard, is ’n aanvoelbare twyfel. Naas hierdie tasbare twyfel in die gesag en aansprake van Jesus in sy historiese, ontologiese en tydruimtelike dimensies staan die, vir my, moontlikhede nou om Jesus in sy historiese en ontologiese betekenis te leer ken en te aanvaar. … Die oorgang van die Godsnaam Jahweh na Vader, Seun en Gees is die onverstaanbaarste gebeure van die hele optrede van Jesus in Palestina.

My vorige godsdiens waar ek “God in my” probeer vind het, lyk nou net soveel makliker, en soveel meer aanvaarbaarder as om God te vind in ’n Jood wat 2000 jaar gelede in Palestina opgetree het. ’n Ervaringsgodsdiens of ’n belewenisgodsdiens vra nie na hierdie tipe geloofskeuses vir Christus waarvoor ek nou te staan kom nie. Hierdie tipe godsdiens vlug in die veiligheid en teenwoordigheid van ervaringe en belewenisse in godsdiens, wat tasbaar is. Hierdie Jesus is totaal anders as die Jesus voor wie ek nou te staan kom. Ervaringe en belewenisse verseker nie die gesagsaanspraak van Jesus nie. Ek besef nou eers hoe blootgestel ek is aan die betroubaarheid van die Skrif in die noukeurige berig van wie en wat Jesus is en wat Hy gedoen het!

Die ironie is dat juis in hierdie ervaring van die egte leefwêreld tussen my en mense om my, word die verlange en angs in my soveel intenser. Dit is wat my so verward maak. Roep die egtheid van my lewe nou die seer en verlange van ’n verlore wêreld agter my só sterk na vore?

Nog ’n verwarrende konflik is na my gesprekke met RB Murray. Ek verwerp sy opvattinge en geloofstipe totaal, maar hierdie verwerping is nog ’n daad van onsekerheid óf eerder van hoop in my sekerheid. Ek kry weer in die nag hallusinasies. Ek moet met mag en krag die suggestie wat Murray gemaak het dat hierdie angs as gevolg van demoniese bindinge sou wees, verwerp. Ek het al baie keer in die verlede hierdie hallusinasie gekry as ek so verlam geraak het in die nag. Ek voel nou al redelik vry van sy tipe aanslag, en al meer totaal gedistansieerd van sy “persoonlike ontmoetings en ervarings van Jesus” teologie. Vry van die godsdiens wat al my toewyding as kind en jong student verteer het! Ek moes spanning opgebou het die laaste paar dae, ek sal moet probeer plaas wat dit was” (Dagboek Silverton 31.05.1982)

Die spanning waarin ek toe vasgevang was, maar nie kon peil nie, was dat ek vir die eerste keer in my lewe in die openbaar voorgehou is as ’n onbekeerde en ongelowige deur die NG Kerk se geestelikes. Voorheen was ek ook een van die “bekeerdes” wat met God se Gees vervul was. Nou was ek volgens die NG Kerk se eie bediening ’n onbekeerde wat nie God se Gees het nie.

Dit sou elke keer herhaal waar ek Christus verkondig het teenoor die belewenisse van die moderne Christelikheid. My innerlike afskeiding van die moderne Christelikheid in die NG Kerk het nou ’n openbare saak geword en met my gewone

verdedigingsmeganismes het ek hierdie openbare spanning geïnternaliseer. Ek het nie die aard van die openbare geloofs- en kultiese magstryd waarin ek in die openbare lewe gestaan het, na behore gesien of kon peil nie.

### 52. Die verwoording van wedergeboorte as daad van Christus om Hom te kan vertrou en liefhê as alternatief op wedergeboorte in die moderne Christelikheid as die oomblik waarin mens een met God in sy goddelikheid word.

Die 4 de Junie lei ek die SKJA in ’n Bybelstudie oor wedergeboorte:

“I. Noem al die soorte geestelike gawes wat nodig is om ’n geestelike verhouding met God te hê?

II. Ons geestelike lewe met God is ryk en bestaan uit baie dele wat in ’n sekere sin ’n groei en ontplooiing van ons geestelike lewe met God is: roeping, wedergeboorte, geloof regverdigmaking, bekering, heiligmaking en voltooiing.

1. Maats, pasop vir geestelike eensydigheid. Ons verhouding met God moet in sy volheid beleef word. Moenie vashaak op een ding nie.
2. Pasop vir geestelike andersheid, geestelike ervaringe wat nie deel vorm van hierdie genoemde nie. Sulke ervaringe wat opgedis word, moenie deel wees van julle geestelike lewe met God nie.

III Kan ’n sondaar a. God kies, b. God dien, c. God aanneem d. redding aanvaar? Rom. 3: 10-12; 1 Joh. 1:8; Joh. 3:6; Gen. 8:21; en Gen. 6:5. Hier het ons ’n lekker kopkrap maats, maar daar was ’n vangplek. ’n Sondaar in sy sonde kan nie een van bo-genoemde moontlike hede doen nie. Lees weer Heidelbergse Kategismus vraag 5 en 8: Dit sê: a. Die mens haat God b. Die mens kan nie een ding doen wat goed is nie.

IV Joh. 3: 1-8; 1 Pet. 3-5; Tit. 3: 4-7; Jak. 1:18; 1 Kor. 12:3.
A.Wie werk/ bewerk die wedergeboorte? a. God alleen, b. die mens en God c. die mens alleen. Die antwoord hier was a. Die woord wedergeboorte wil wys dat dit God alleen is wat hierdie mens verander sonder die mens se medewerking.
B. Hoe word wedergeboorte in mense gewerk?
a. deur geloof, b. deur bekering c. deur vervulling d. deur heiligmaking. Weer ’n vangplek! Wedergeboorte is nie deur a, b, c of d nie, maar alleen deur die barmhartige en soewereine genade van God, sonder enige medewerking of samewerking van die mens.
C. Gebeur daar iets konkreets met die wedergeboorte?
Deut. 30:6, Rom. 2:29; Efe. 2:5 en Efe. 4:24. JA. Dit is ’n werklike en totale lewensverandering wat God deur sy genade alleen gewerk.
D. Feite en insig.
1. Wanneer vind wedergeboorte plaas? Niemand weet of kan sê wanneer is hy wedergebore nie, maar hy kan weet dat hy wedergebore is. 2. Is alle gelowiges wedergebore kinders van

God? Ja. Beslis. ’n Mens kan nie in Jesus glo as God jou nie deur sy genade wederbaar nie. 3. Kan iemand vir sy eie wedergeboorte bid? Nee. Sondaars haat God en wil nie wederbaar word nie. Christene is reeds wederbaar. 4. Is wedergeboorte deel van die belofte aan verbondskinders? Ja. Hulle word alle genade gawes toegesê, ook wedergeboorte.

V Watter geloofshouding vra die genadewerk van God ons as verbondskinders?
1. Egte en diepe dankbaarheid. Ons geloof in die Here wys ons het sy genadewerking aanvaar: deur sy genade sonder ons wil of medewerking het Hy ons totaal verander – gee jou dankbaarheid gestalte – dien die Here wat jou só begenadig het. 2. Leef in vrede. God se werk kan nie vernietig word nie: sy genadewerk in jou. Jy sal soms sien jou geloof is maar swak, jou bekerings half en oneg, jou toewyding gebrekkig. Al sukkel jy baie, God se wederbarende werk is nie afhanklik van jou verantwoordelikheid nie en onvernietigbaar deur jou sonde nie, as jy sukkel, stry met sekerheid oor God se onvernietigbare werk in jou! 3. Ontdek die wonder van God se genade in jou. Baie wedergeborenes het nog nooit verstaan of gesien dat sy geloof en bekerings net deur die verandering van God in wedergeboorte moontlik was nie. God het jou lief gehad toe jy Hom nog gehaat het.

Hoe klink dit vir genade!” (Bybelstudiestuk Wedergeboorte SKJA Silverton 1982)

Ek het hierdie Bybelstudiestuk skriftelik vir die kinders uitgegee en dit het onmiddellik reaksie uit die geestelike kring van die gemeente uitgelok. “ Kobus Vosloo vra ds. Fanie Groenewald om oor wedergeboorte te preek na aanleiding van my Bybelstudiestuk oor wedergeboorte; hy maak die stelling dat almal moet ’n persoonlike ontmoeting met God hê waarvan elkeen moet kan vertel; na aanleiding van hierdie stuk stel hy dat ek geleerd is, maar nie bekeerd nie; Tannie Gouws wat in RB Murray se dienste ’n “bekering” gehad het, word as ’n voorbeeld teen my gebruik dat ek ongeldig is. Ek is glad nie meer deel van hulle godsdiens nie. Hulle verteenwoordig ’n wêreld wat ek uit my lewe wil uitkry. Elke verbintenis met hierdie ervaringe wil ek totaal verbreek.” (Dagboek Silverton 10.06.1982) .

Die Pinksterdienste van RB Murray, die herlewingsversugting van ds. Groenewald, Pieter Erasmus en die geestelikes, het die verskille tussen my en hulle openlik in die gemeente aan die orde gestel. Hulle veroordeel die gemeente omdat die gemeente nie net uit ware wedergeborenes bestaan volgens hulle geestelikheid nie. My prediking van die gelykenisse van Matteus 13 was in direkte teenstelling hiermee. Ek verkondig en vertroos die gemeente dat die samestelling van die gemeente uit gelowiges en nie-gelowiges ’n kenmerk van die ware kerk van Christus is. Dit is ’n kenmerk van hoe Christus die kerk self regeer tot sy wederkoms. Hierdie geloof aan die kerk van die Here was in openlike en direkte kontras met die verwyte, veroordelings en aanvalle in Pinkstertyd op die gemeente dat hierdie karakter van die gemeente wys dat hulle moet herleef.

Mev. Calitz begin na Pinkster die gerug dat ek nog nie vir Jesus ken nie, dat ek nie Jesus preek nie, dat ek goed preek, goeie Bybeluitleg doen, dat ek goeie

geloofsreëls voorhou, maar dat ek koud is, dood is en Jesus nog nie persoonlik ken nie. Hiermee begin die geestelikes in die gemeente vir my bid dat ek Jesus sal ontmoet.

Die skriba, wat die stuk oor wedergeboorte moes tik, val my openlik aan en stel dat sy nie met my verduideliking van wedergeboorte saamstem nie. Sy konfronteer my om te moet erken dat ek Jesus persoonlik ken. Ek antwoord haar dat ek deur die genade van God in sy verbondsweldade deel vandat ek ’n kind is en Hom só liefhet en dien sedert ek my verstand het. Sy weier om te aanvaar dat ek ’n wedergebore kind van God is en stel dat net mense met “emosionele bekerings” soos met die afgelope Pinkster kan getuig dat hulle ware Christene is. Sy versprei die gerug dat ek ’n onbekeerde mens is.

Pieter Spies wat homself voorhou as homoseksueel wat tot bekering gekom het en daarom nie meer homoseksueel is nie, begin met suggesties teenoor die SKJA kinders, dat ek homoseksueel is omdat ek nie soos die ander proponente getroud is nie. (Dagboek 26.06.1982 Silverton)

Hierdie openbare verdagmakery was hulle manier van teenstand teen die inhoud van die prediking van die evangelie. Dit is ook vanuit hulle gemoed heel verstaanbaar. In hulle gemoed was hulle nog altyd die morele en sedelike leiers en voorbeelde vir ander mense. Ander mense was altyd die immoreles en goddeloses.

Hierdie geestelikes was nog nooit in die posisie dat hulle vanaf ’n NG Kerk kansel as godloos en ongelowig uitgewys was nie. Dit was in effek die posisie waarin my prediking van die evangelie hulle geplaas het. Hulle optrede was binne die tradisie en inhoud van die NG Kerk heel verstaanbaar. Dat hulle hul eie geestelikheid as sonde kon ontdek, was binne die bediening van die NG Kerk gewoon net onmoontlik.

### 53. Die ontdekking van die eenheid met Christus: ons eenheid met sy heilswerk en deelwees van sy heilsweldade as alternatief op die eenheid met God in sy goddelikheid in die moderne Christelikheid.

In myself was die werklik geloofsvraag aan die orde gestel in my eksegese en prediking van Matteus 14-16: “Wie is Jesus Christus”? Ek kon hierdie vraag vir myself aan die Skrif stel omdat ek gebreek het met geloofsekerheid as die sekerheid dat God in my is. Met hierdie vraag kom iets totaal anders vir my aan die orde: die verhouding tussen die heilsweldade van die Here en die heilsorde.

Dit gee my die vryheid van die intellektualisme en teologiese logika van die dogmatiek oor hierdie sake en bind my aan die openbaring van Christus in die Skrif. Die verbintenis tussen die heilswerke van Christus en die heilsweldade van die

Heilige Gees gee my die geloofsinhoude om die verskil tussen geloof en afgodsdiens nou werklik binne die openbaring van die Skrif te vind en aan die orde te stel. Daarmee het ek eintlik die verhouding tussen die Dawidsbeloftes (heilswerke) en die Abrahamsbelofte (heilsweldade) ontsluit. Dit is die openbaringsinhoud wat totaal anders is as die geestelikhede waarmee ek God se goddelikheid vir myself wou ontsluit het.

In kern was hierdie die begin van die openbaringsinhoud wat ek al meer gevind het en wat die hele geloofsinhoud vir my ontsluit het. Met hierdie openbaringsinhoud kon ek die dokument van 1989 vir die gemeente Levubu kon opstel wat die hele inhoud en samehang van die werke van Christus en die heilsgawes van Christus opgesom het. Dit was ook hierdie “eerste gespreksdokument” wat tot die inhoud van die finalejaarskategese aanleiding gegee het met die uitleg van ons verbintenis met Christus as “Syne is myne en myne is Syne”, as die wyse waarop ons deel in sy heilsweldade deur sy heilswerke.

“Ek het die week wat verby is begin om ’n studie van die heilsorde te maak. Die insigte daaruit is totaal verrykend. Die heilsorde moet in samehang gesien word met die heilswerk wat Christus gedoen het in sy geboorte, lyding, veroordeling, sterwe en opstanding. Die werking en resultaat van sy lyding, veroordeling, opstanding en verheerliking in ons is – wedergeboorte, geloof, regverdigmaking, bekering, heiligmaking en volharding.

Wie die resultaat van Christus se arbeid, in die verhouding van God die Vader tot Christus gaan soek, vind dit in sy lyding. Die resultaat van Christus se werk in die mensdom is die wederbarende, geloofskeppende, regverdigende, bekeringswerkende, heiligende en volhardende werking van die Gees van God uit die Vader en Seun in die mensdom.

Hierdie geloofsinsig is ’n totaal ander visie wat ek nou op God en sy werk kry. Vir myself en my ervaringsgodsdiens van vroeër het ek nie die heilswerk van Christus vir die Vader of die heilswerk in my só gesien nie. Ek sal hierdie verandering nog moet nagaan, en die inhoude wat die ervaringsgodsdiens aan die geboorte, lyding, sterwe en opstanding van Christus gegee het en die inhoud wat dit aan die wederbarende en andere heilswerk van Christus in ons gee.

Wat nog verder belangrik is, is die verhouding wat die ervaringsgodsdiens aan die werk van Christus en die Gees gee. Hulle stel dat as die werk wat Christus as mens voor God kom verrig met sy menswees op aarde en die werk wat die Gees na Christus se werk op aarde voortsit.

Die verhouding natuur-genade en die verhouding tussen die drie-enige God word direk hierdeur aan die orde gestel. In my ervaringsgodsdiens was hierdie inhoud van natuurwerking en verlossingswerking, asook die persoonsverhouding in die Drie-eenheid wel saaklik aan die orde gestel, maar in die ervaringsgodsdiens het al hierdie sake ander inhoude, inhoude wat ek beleef het, maar wat nie noukeurig verwoord is nie.

Ek sal op hierdie dimensies moet ingaan. Christus se heilswerk as historiese en ontologiese gebeure het vir my geen sin gehad nie. Ek het dit nie verstaan nie. Dit was ook nie vir my belangrik nie. Ek was net betrokke by die Christus “in my”; “op die troon van my hart”; “in die binneste van my hart”. Hierdeur is en was Christus Here in my lewe, en dit was al waarin ek sin gehad het – om Hom in my te beleef en te ervaar.

Hierdie belewing van Christus in my en in my lewe, het nie die inhoude van wedergeboorte, roeping, geloof, regverdigmaking, bekering heiligmaking en volharding gehad nie. Hierdie is ’n nuwe lewe wat stadig besig is om in my oop te gaan. Dit het voorheen die inhoud gehad wat vandag deur die Andrew Murray profete gepropageer word as “God-in-ons”. Ek het dit ook só beleef. Die soeke na Christus in my en ek wat met Christus gekruisig is, is nie ’n soeke na die werking van die Heilige Gees in my nie. Dit is ’n soeke na God as sodanig: God is vir my – ín my vreugde, God is vir my ín my vrede; God is vir my – ín my lotsaanvaarding; God is vir my ín my lofprysing; God is vir my – ín my liefde gevoel en God is vir my – ín my seksdrange.

Dit is nie so dat dit vir my so was dat die Ewige, Almagtige, Alwyse God by my teenwoordig was as God nie. Hierdie eienskappe van God is nie belangrik in ’n ervaringsgodsdiens nie. God word teenwoordig as God ín my, deur mý ervaringe: liefde, blydskap, vrede, erbarming en seksdrange.

Hierdie ervaringe word uitgebou as “persoonlike ontmoetings met Jesus”, “aanvaarding van die Here”, “vervulling met die Gees van die Here”. Binne hierdie teologiese bakens vind ek God nie meer in Christus, in sy heilshistoriese werk in die geskiedenis voor God nie, dit is in sy geboorte, lyding, sterwe, dood en opstanding nie, en ook nie meer in die heilswerk van die Heilige Gees, dit is in roeping, wedergeboorte, geloof, regverdigmaking, bekering, heiligmaking en volharding nie, maar ek vind God ín my.

Daarmee saam, in hierdie tipe godsdiens en voor hierdie tipe godsdiens het ek nooit in God as soewereine Wese met ’n eie aard en optrede belang gestel nie. Ek was in die hart van ’n eksistensiële ateïsme. Hierdie ateïsme was ’n vormende en, uiters belangrik, ’n inhoudelike element van my ervaringsgodsdiens. Ek was sonder ’n geloof in God as soewereine, onafhanklike Wese, soekend na ’n god in mý! Ek sal nog lank oor hierdie “ontmoetinge met god” of “die god in my” moet besin om hierdie inhoud vas te vat.

Dit is vanuit hierdie vertrekpunt dat ek besig is om na die werkinge van God deur die Gees, op grond van die heilswerk van Christus in my te soek.

Dit is die veranderingsoomblik en dimensie waarin ek die laaste paar dae gedeel het. ’n Totale verwondering oor die werk van God in my – wedergeboorte. In die geloofsvraag na Jesus in sy heilshistoriese optrede is hierdie werking van God die enigste houvasplek wat ek het – dat Jesus nie net ’n aanmatigende Joodse Rabbi was nie.

Dit is ’n ander geloofshouding waarin ek deesdae myself soekend vind. Die preek verlede Sondag het vir my baie duidelik die insig gegee dat Jesus wat mens is, aanspraak gemaak het, nie op besondere vermoëns nie, selfs nie eers op goddelikheid nie. Hy maak aanspraak op die posisie wat net Jahweh in Israel se volkslewe ingeneem het: deur Homself die Seun van God te noem en Jahweh Sy eie Vader, maak Hy aanspraak om in ’n posisie in die Godheid self, dit is Jahweh te doen. God is nie meer as Jahweh bekend nie, maar nou as Vader, Seun en Gees. Hierdie posisie-aanspraak, is ook ’n posisie-aanspraak op die ganse mensdom: Jesus is nou God met hulle.

Dit is vir my ’n verskriklike en verbysterende aanspraak, vanuit my eie ateïstiese houding waaruit ek leef, dat Jesus, ’n Jood, aanspraak maak dat Hy deel van die Godheid, Jahweh, is, nie as besondere mens by Jahweh, maar Godself.

In my geloof is dit die diepste gronde van my vertroue in Christus: ’n vertroue dat Hy, God met my is; dat ek God in Hom vind, en nie in myself nie. Die spanning is dat ek Jesus al meer in sy kultuur-historiese optrede verstaan.

Nie vir een van hierdie dimensies was ek gevoelig in die ervaringsgodsdiens van die CSV en die Jeug-tot-Jeug-Aksie nie. … Ek leef die laaste paar weke in die twyfel, is die Jood uit Galilea wie Hy sê Hy is? Kan Hy sulke andersins godslasterlike beweringe en veral sulke aansprake maak? Sy aanspraak om Seun van God te wees, is nie net ’n posisie wat Hy vir Homself opeis nie, dit is ’n posisie wat Christus oor en in die mensdom opeis.

Hy wil van my die totale vertroue wat ek in God het! Hy wil van my die totale aanbidding hê wat God toekom! Hy wil hê ek moet voor Hom kniel en Hom aanbid! Die seun van die timmerman uit Nasaret?

In my vroeëre ervaringsgodsdiens was dit so maklik om in Jesus te glo, vir alles wat hy vir my wil doen! So maklik om gebede in sy Naam te bid en so maklik om woorde van lof en dank aan Hom toe te swaai. Dit is vir my ’n duidelike bewys dat my soeke na betekenis, liefde, intimiteit en geestelike oorvloed, ateïsties was. In hierdie soek na ’n lewende en betekenisvolle godsdiens “in Jesus”, is daar geen belangstelling in God as God nie. Daarom is die oorgawe so maklik. Dit is nie totale oorgawe aan die Seun van die timmerman nie, maar oorgawe aan ’n ervaringswêreld, ’n lewe van avontuur, in die beleefde godsdiens.

Here, wees my genadig!

Vergeef my my gebede
Vergeef my my getuienisse
Vergeef my my geloof
Vergeef my my “bekering”
Vergeef my my vervulling met “U” Gees.

Here, wees my genadig!
(Dagboek Silverton 10.06.1982)

Met die preek uit Matteus 14: 22-33 vind ek dieselfde openbarings-eis oor Christus. Wedergeboorte gaan vir my nie meer oor die vergoddeliking van myself in en deur Christus nie. Dit is die betekenis van wedergeboorte wat binne al die groeperinge van die moderne Christelikheid leef. Wedergeboorte gaan nie oor hoe ek met God in myself deur Jesus as rolmodel van goddelikheid identifiseer nie. Wedergeboorte gaan oor die verandering van identifikasie met God tot geloof in Christus as Here.

“Ek preek Sondag oor Matt. 14: 22-33 oor Jesus wat op die see van Nasaret loop. Ek preek die berig as ’n gebeure waarin Christus sentraal staan en die optrede van Petrus alleen verwysende na die volmag van Christus. Die optrede van Jesus is vir die dissipels ’n krisis wat duidelik in Petrus na vore kom. In en deur Jesus wat op die water loop word hulle met Christus gekonfronteer: Jesus is die seun van die timmerman uit Nasaret, en hierdie optrede dui op die volmag wat God alleen het, die God van Israel. Die uitroep, “dit is ’n spook”, dui op die onversoenbaarheid van die dissipels se verwagtinge oor die Christus en Jesus se optrede as Christus.

Petrus se versoek is ’n Christus-twyfel: as u die Seun van God is?

Matteus berig nou in die Petrus-tradisie twee verdere fasette van Christus: Hy het die beskikkings- en heersersmag om Petrus ook op die water te laat loop en Hy het die heersersmag om ’n bevreesde en lewensbeangste mens te red deur die heersersvolmag wat Hy oor die natuur het. Hierdie Christusopenbaring is die skopus en sentrum van hierdie berig. Dit mag nie deur eksemplariese metodiek deur ’n sentraalstelling van die geloof en optrede van Petrus vervang word nie Dit verduister die bedoeling van Christus se optrede.

Die optrede van die dissipels moet teen die agtergrond van hulle aanbidding van Jahweh verstaan word. Hulle προσκυνουσιν, aanbid en bely Hom as die Seun van God. Hier in sy volle ontologiese betekenis. Hier vind ’n posisie toesegging aan Jesus plaas deur die dissipels wat tweërlei van aard is. Jesus word ’n posisie in die Godheid self toegesê, en dit in sy volle ontologiese inhoud. Met hierdie toesegging in die belydenis vind daar ook ’n toesegging in die lewens van die dissipels aan Christus plaas. Hy is die Seun van God en só die een wat deur hulle die aanbidding ontvang wat alleen God van mens mag ontvang.

Die kerugma-eis lê in hierdie toesegging. …Die eis in hierdie Christus openbaring is a. Om Christus as Seun van God te bely, dit is, om Christus in sy posisie as déél van die Godheid te erken en daarmee ’n toewydingshouding teenoor Hom in te neem, aan Hom wat ’n Israeliet is, wat die seun van Josef, ’n man wat ons ken as Jood en skrynwerker in Nasaret 2000 jaar gelede, die toewyding te gee wat alleen die Skepper en Onderhouer van die heelal gegee kan

word. In hierdie eis wat gegrond is in die openbaring van Christus as Persoon wat die heersersreg en heersersmag oor die skepping het, lê die appèl van hierdie berig.

Hierdie appèl, saam met die prediking van verlede Sondag oor Jesus wat die Onderhouersmag het, Hy is die versorgende en bewarende God met ons, het my werklik vir die eerste keer gekonfronteer met die eis wat die Joodse timmermansseun op my lewe wil maak: Hy wil van my eis wat alleen die Ewige en almagtige Skepper van die heelal van my kan eis en van my mag eis.

Voor hierdie eis het ek ’n ondeurbreekbare skroom. Ek wil nie hierdie mag en posisie aan ’n Joodse timmermansseun uit ’n leefwêreld van 2000 jaar gelede gee nie. Dit is die kern van my houding teenoor Hom.

In die godsdiens en vroomheid wat ek in myself opgebou het sedert my hoërskool loopbaan was daar nie ruimte vir hierdie geloofsvraag, geloofskrisis, maar, en dit is die belangrike, ook nie ruimte vir hierdie geloofsantwoord nie. Daarom het, toe ek die laaste maande met hierdie godsdiensvorm en inhoud waarmee ek besig was, gebreek het, my hele persoonlike godsdiens doodgeloop.

Wat vir my nog vreemd is, is dat ek so maklik die aansprake en magseise van die godsdiens in my lewe kon toegelaat het. Jesus was vir my geensins ’n probleem nie, dit was baie maklik en baie gewillig het ek die Here aangeneem en Jesus as my persoonlike Saligmaker aanvaar.

Wat was die rede vir hierdie maklike aanname en aanvaarding van Jesus as Here?

Wat ook al die rede was, dit was nie uit geloof nie. Dit was nie omdat ek aan Hom die mag en posisie toegesê het wat Hy nóú van my eis nie. Daarom ook, die maklike en lang gebede was nie ’n erkenning van die posisie wat Jesus nou van my eis nie; die ure se Bybellees was nie ’n erkenning van die tipe mag en gesag wat ek nou al meer van bewus raak van wat deur Christus opgeëis word nie. Ek stuit al weer op die ontsaglike ironie, dit was juis, in die daad waar ek Jesus as Here aanvaar het, Hom persoonlik binne genooi het, dat ek myself weerhou en beskerm het teen die eis wat nou van Christus na my toe kom.

In hierdie eis wat nou na my toe kom, ontdek ek myself as werklik ongelowig en dit nie só onwerklik en vaag soos die vorige beskuldigings uit my vorige ervaringsgodsdiens nie. In elke appèl van prediking uit Matteus tot dusver het ek op die skroom en traagheid in myself gestuit wat nogal ontnugterende, maar realiteitsdeurdringende ervaringe was.

Hierdie houding kom sterk tot die lidmate deur. Dit is hoekom ek Francois Jordaan se vraag aan my baie beter verstaan as wat hy dit bedoel in sy eie verwarring: “Hoekom twyfel ek meer ná jou prediking as wat ek vóór jou prediking getwyfel het” Hoekom is Jesus nou vir my ’n probleem?”

Die ontmaskering van my eie “persoonlike godsdiens” wat nou oopgaan is my bevrydend. Dit bevry my uit die sekerhede wat ek voorheen verkeerdelik as geloofsekerhede beleef het en dit bevry my tot ware geloofsmoontlikhede in Jesus Christus, as die Persoon wat ek Sondag vir Sondag uit die Skrif leer ken. ’n Persoon wat vir my al meer onaanvaarbaar word in sy eise, maar ’n Persoon wat al meer aanbiddingswaardig is – want só is God met ons!”
(Dagboek Silverton 23.06.1982)

### 54. Die beslissende openbare botsing: Eddie Dorey as spreker oor karate en die geestelikes se besluit om die kinders te “bevry” van my dwalinge.

In hierdie tyd kom ek agter hoe diep die “bevrydingsbediening”, dit is die duiweluitdrywingspraktyk, se bygeloof onder die SKJA kinders posgevat het. Die groot duiwelbesweerder van Silverton, May van der Walt, se seun was vriende met SKJA lede. Hierdie stories het veral gegaan oor die houvas wat die duiwel oor jou kry deur karate.

In hulle propaganda sou ene Eddie Dorey, die hoofsatanis en hoofkarate-dan in Suid Afrika gewees het. Omdat die van “Dorey” so onbekend is, ry ek na Pieter Dorey wat ook ’n medeteologiese student in Taaiboskoshuis was en vra hom of die Eddie Dorey familie van hom is. Hy sê dat dit sy oom is en dat hy ’n NG lidmaat van Meyerspark, Silverton gemeente se buurgemeente is.

Ek maak ’n afspraak met Eddie Dorey. Vertel hom die gerugte dat hy ’n Satanis sou wees, waarvan hy weet, en vra of hy die SKJA sal kom toespreek om hulle reg in te lig oor sy geloof en oor karate as sport. Hy stem dadelik in.

Die 16de Junie probeer ds. Fanie Groenewald dit dadelik keer toe hy hoor van die spreker en byeenkoms. Hy probeer my oortuig dat karate “bindinge” op Christene lê, dit is, dat hulle onder die mag van duiwels kom. Dit word ’n heftige konfrontasie waarin ek hom stel dat hy oop kaarte met die gemeente oor sy beskouinge moet speel. Ek lê die saak aan die kerkraadsvergadering van Maandag 21 Junie 1982 voor.

Pieter Spies probeer Eddie Dorey op die vergadering uitmaak as Boeddhis en onbekwaam as Christenspreker. Ek korrigeer hom op beide. ds. Groenewald probeer beswaar maak teen die spreker, maar dr. Piet Nel, wie se seuns self karate neem, konfronteer hom om openlik te sê of karate sonde is. Hy deins terug. Die kerkraad keur toe die spreker goed:

Kerkraadsnotule Silverton moedergemeente notule van kerkraadsvergadering 21 Junie 1982
“11.4.2.2. SKJA a. Bespreking oor karate en die Christenjongmens. Goedkeuring word gegee dat mnr. Eddie Dorey as spreker by hierdie geleentheid kan optree.”

Van af Dinsdag die 22ste tot Vrydag die 25 ste Junie bel al die geestelikes my en probeer die optrede van Eddie Dorey verhinder. Die Vrydag oggend bel die ringskriba, Blikkies Blignaut, my en sê dat mev. Lettie Grabe en ds. MM Smit, die hoof van Reformata Reformans, die byeenkoms van die SKJA gaan bywoon. Ds. Groenewald dring aan dat die gesprek op band geneem word.

Die besluit van die kerkraad Maandag die 21 ste oor Eddie Dorey het nog ’n onmiddellike reaksie gehad. Onder leiding van Pieter Spies en in samewerking met ds. Groenewald reël die geestelikes saam met die Hatfield Baptiste ’n alternatiewe byeenkoms vir die SKJA lede net voor die gewone Vrydag middag byeenkomste. Dit was ’n doelbewuste poging om die jongmense van my bediening te vervreem. Donderdag die 24 ste Junie konfronteer ek die ds. Fanie hieroor:

“ Die volgende breekpunt was my gesprek met Fanie.

1. Ek deel hom mee van die beplande Hatfield byeenkoms vir die gemeente kinders. Hy sê dit raak hom nie want hulle is ook Christene. Ek probeer hom wys dat dit proselitering van die kerk deur ’n aktivistiese groep is. Hy sê hy sien dit nie in hierdie lig nie.
2. Ek konfronteer hom oor sy lojaliteit teenoor die NG Kerk. Hy sê hy het geen lojaliteit vir die NG Kerk om lidmate teen die Hatfield Baptiste te waarsku of om hierdie proselitering te hanteer nie.
3. Hy weier om verantwoordelikheid te aanvaar en sê ek moet maar alleen aangaan, ten spyte daarvan dat ek hom waarsku dat ek die ring sal laat inkom.
4. Hy erken dat hy ook ingetrek was deur die Hatfield “evangelisasie” groep wat Elsa du Plessis gereël het. Hy weier om wedergeboorte te aanvaar as die daad van God en ontken die heilsdade van die verbond by kinders. Hy bly stil toe hy weer die formulier lees en sien wat in die formulier staan.
5. Ek konfronteer hom met die ring en sê hy moet sy lojaliteit vir sy kerk begin wys. Ek sê vir hom dat ek hom nie meer kan vertrou in ons onderhandelings en besprekings nie.” (Dagboek Silverton 26.06.1982)

Ek het magteloos gevoel in die wete dat Fanie self besig was om die kinders nou uit te lewer aan hierdie byeenkoms in die gemeente omdat hy kwaad was oor die kerkraadsbesluit oor Eddie Dorey. Hulle het besluit om die kinders deur die Hatfield Baptiste teen my te probeer beskerm.

Ek gaan die Vrydag die 25 ste toe self na die huis van Pieter Spies en woon die byeenkoms by. Dit werk totaal ontwrigtend op die kinders in. Hulle LO onderwyser, mnr. Meyer, neem die leiding saam met ’n onderwyseres van Silverton Hoërskool. Meyer is een van die Springbokgimnas, Francois Stander, se bekeerlinge en dissipels en die byeenkoms vorm deel van die Hatfield Baptiste se huis-tot-huis evangelisasie. Na die byeenkoms konfronteer ek mnr. Meyer oor die proselitering van die kinders.

Ek het hierdie byeenkoms volledig berig aan die ouderlingraad in Oktober op versoek van die dagbestuur: “ 3. Direk hierna begin mnr. Meyer om die kinders te oriënteer deur oor sy ervaringe gedurende die week te praat waarvoor hy “die Here wil loof”. Hierdie tipe “Here loof” is ’n direkte en sterk Hatfield Baptiste tradisie. 4. Na hierdie oriëntasie deur voorbeeld, begin beide mnr. Meyer en juf. Gericke om die kinders onder die druk en spanning te plaas om hulle aan soortgelyke “belewenisse” en “ervaringe” te kompromitteer. (sensitiwiteitsbegeleiding) 5. Hierdie oriëntering van die kinders word toe verder deur mnr. Meyer gelei deur oor die belewing van sy bekering te gesels. Die inhoud weerspieël duidelik die kritiek waarin hy die kinders teen die Gereformeerde Kerke begelei. i. Hy was eers ’n gewone kerkchristen wat soos al die ander Christene net uit gewoonte en tradisie kerk toe gegaan het ii. maar toe het hy die ware godsdiens gevind en nou “beleef” hy Jesus werklik. ( die implikasie en suggestie – in die Hatfield Baptiste tradisie.) 6. Na hierdie gevoelsbelewenisstruktuering word die kinders weer onder druk en spanning geplaas om oor soortgelyke gevoels- of belewenis-insidente te praat en hulle tot die voorbeeld van mnr. Meyer te kompromitteer. 7. Daarna gaan mnr. Meyer oor om uit Joh. 4 die kinders te aktiveer dat hulle “soos Jesus” (dus eksemplaries) op die speelgrond die kinders moet bekeer; die kinders word voorgehou dat dit hulle godsdienstige plig is om ander kinders tot die groep te bring. Teologies word die kinders só georiënteer volgens die revolusionêre godsdienstipe propaganda model van die Anabaptiste. 9. Veral die kulturele aanslag op die kinders, wat almal Afrikaners uit Afrikaanstalige gemeente uit die Geformeerde Kerke (op een na ) is, is duidelik. Die Afrikaanse woorde vir die godsdiensbelewing word nou deur die Amerikaans-Engelse woord soos i. fellowship, ii. joy, iii sharing en iv repent, totaal verdring. Dit is ook duidelik uit die liedjies wat hierna in Engels gesing is. (by hierdie geleentheid is net in Engels gesing.)” Verslag aan ouderlingeraad Oktober 1982)

Van hierdie byeenkoms af gaan ons na die SKJA vir die praatjie van Eddie Dorey. Voor die saal van die gemeente staan daar toe ’n hele groep volwassenes wat aandring om die geleentheid by te woon en opnames van die geleentheid te maak. Ek gee toe met die voorbehoud dat hulle heelagter in die saal moet sit en op geen manier die aandag van die kinders mag aftrek nie.

Hy is toe ’n uitstekende spreker. Hy vra ’n seun, Thomas Spies, om na vore te kom. Hy sê vir die kinders dat mense beweer dat hy demone aanroep as hy karate bewegings maak. Hy vra die seun om sy hand op sy maagspiere te hou terwyl hy ’n karate hou slaan. Toe sê hy vir die kinders dit is die sametrekking van sy maagspiere wat maak dat hy sulke steungeluide maak en nie demone nie. Hy slaan ’n allemintige hou na die seun en stop millimeters voor sy neus. Hy sê vir die kinders dit is nie die duiwel wat hom hierdie krag gee nie, maar hy kan dit doen omdat hy hierdie hou honderde kere per dag oefen. Hy vertel dat hy ’n NG lidmaat is, in die Here glo en die stories oor sy Boeddhisme is ’n leuen.

Ek stel na die tyd in my dagboek: “Eddie Dorey is ’n uitstekende spreker en die bespreking is genoeg om enige bygelowige angs en vrees oor karate, en ook die propaganda wat teen karate gemaak word, die nek in te slaan. Vir die kultiese vroomheid van Fanie en die groepie rondom hom is hierdie bespreking ’n verbrokkeling van hulle ideologie. Hulle probeer om vanuit die gemeente, met karate as front, ’n aksie vir hulle “bevrydingsgeloof” te loods. Binne in hulle eie sekuriteitsmure het ek deur hulle nommer een vyand, Eddie Dorey, die openbare mening teen hulle geswaai. Hierdie kultiese groepie sal nou of verbrokkel of openlik begin organiseer en aanval, maar onder hierdie mantel van “bevryding” is daar vir hulle nie meer beweegruimte nie.” (Dagboek 26.06.1982)

Sondag die 27 Junie het ek dr. Joost Hattingh van die week se gebeure ingelig en daarmee begin die kerkraad se hantering van hierdie saak in oorleg met die ringskommissie van Silverton.

Die ontdekking van Christus wat die bedoeling van die wet herstel in sy plaasbekledende werk as alternatief op die wettiese godsdienstige reëls van die moderne Christelikheid.

Op die 28 ste Junie skryf ek in my dagboek: “ Bertus Kinnear en ek is besig om ’n mooi vertrouensverhouding op te bou, hy identifiseer sterk met my.” Bertus het as standerd 7 jongmens begin om middae by my huurkamer op te daag en te gesels oor geloofsake tussen hom en sy vriende.”

Op die 27 Junie preek ek uit Matteus 15. Die uitleg van die konfrontasie oor “om met ongewasde hande te eet” tussen Jesus en die Fariseërs gee my die eerste keer die geloofsonderskeid tussen die wet van Christus en die wettiese godsdienstige reëls van afgodsdiens.

“Ek preek gister uit Matteus 15. Dit is vir my ’n bevrydende visie op Christus in sy Seunskap van die Vader. In hierdie gedeelte kom Jesus teenoor die amptelike Joodse godsdiens te staan, dit is voor die afgevaardigdes uit Jerusalem.

In hierdie gebeure kom twee sake na vore: as die Jode die wet gebruik, dan word dit ’n kragtelose wet. Word dit menslike voorskrifte wat voor God ’n tevergeefse kwaliteit het. Aan die ander kant ontbloot Jesus die mens in sy sonde deur die wet: die Fariseërs staan voor God skielik as sondaars met ’n lippediens en die wet ontbloot hulle as mense wie se harte van God ver verwyderd is.

Binne die Joodse verwagting sou die Messias die wet kom onderhou het. Maar hier gebeur egter iets vreemds. Jesus hanteer die wet en die wet word weer kragtig. Dit word weer herstel. Dit word weer die wil van God vir die volk. Dit is waarin die krag van die wet lê. Dit is God se geopenbaarde wil en daardeur voer Hy heerskappy oor sy volk.

In die konfrontasie tussen Jesus en die Joodse raad, staan die dissipels voor hierdie waarheid – as die Joodse raad die wet hanteer, is dit kragteloos, ’n menslike voorskrif wat tevergeefs is binne die heerskappy van God, maar in Christus is die wet herstel. Is dit weer die heerskappy van God in die harte van sy volk.

Wie is die Seun van die timmerman wat die bedoeling van die wet van God herstel? Wie is die Seun van die timmerman dat Hy die wet van God weer kragtig laat wees? In hierdie vraag lê ook die bedoeling van die teks.

Voorheen sou ek die teks eksemplaries wou verstaan het. Eksemplariese prediking is na sy aard alreeds ’n groepsverdelende preek: ek is soos die Bybel sou impliseer alreeds Bybels en die ander wat nie soos ek is nie, is onbybels. Hierdie tipe verstaan funksioneer sterk in my vroeëre uitleg van die Bybel. Die Fariseërs en Sadduseërs is hiervolgens die amptelike godsdiens van vandag, dit is die ampte van die dominee, ouderling en diaken wat teen Jesus is; hulle is die mense wat krities teen Jesus is en die ware geloof beveg; húlle wettiese godsdiens maak God se wet kragteloos.

Volgens hierdie uitleg sien ons volgens eksemplariese uitleg uit hierdie Skrifgedeelte dat dit net die innerlike godsdiens wat belangrik is; ek moet Jesus persoonlik beleef; die koue wettiese godsdiens van die kerk moet met ’n innerlike lewende godsdiens vervang word.

Deur eksemplariese prediking word die persoon wat die Skrif hanteer die een wat die antwoord gee. Sy innerlike en persoonlike godsdiens is nou die antwoord en nie meer die Woord van die God nie. Dit blyk gewoonlik uit die Skrifgedeelte wat so iemand hanteer. Wanneer hy klaar die Skrifgedeelte tot eksemplariese model gemaak het, is verdere Skrifverstaan en werklike kerugma onmoontlik. Die teks gaan nie meer die antwoord gee nie, maar die innerlike godsdiens van die persoon wat die teks hanteer.

Hierdie is dus ’n duidelike opkoms van die Roomse Skrifbeskouing binne in die Gereformeerde Piëtistiese stroom. Vanuit die eksemplariese prediking word daar ’n ervaringsgodsdiens opgebou wat nie meer ore het vir die Woord van God nie. Dit is die enigste wyse hoe ek tot en met hierdie jaar se prediking uit Matteus getuienisse gedoen het, Sondagskool gegee het, gevoel en gedink het.

My eksegese uit Matteus 15 wys nou egter dat Jesus nie die grootste Fariseërs was nie, Jesus is nie ’n profeet soos die Ou Testamentiese profete wat weer die wet uit sy kultiese manipulasies kom bevry het nie. (Dit is opvallend dat die kommentare hier vasgeval het, volgens hulle is die groot bevryding in die geskiedenis uit die kasuïstiek. Dit is histories tog nie waar nie. Die kasuïstiek het eers met die na-ballingskap gemeenskap opgekom, en die kritiese teks kom uit Jesaja as kritiek op afgodsdiens) Die posisie wat Jesus in hierdie konfrontasie opeis is sy Seunskap.

Dit blyk duidelik uit sy aanspreek vorm, “my Vader in die Hemel”. Jesus is nie hier besig om Jahweh, die God van die Ou Testament aan te spreek nie. As dit waar sou wees, is Christus net die gewone man uit Nasaret. Wanneer Hy praat van die Vader, openbaar Hy Homself as deel van die Godheid. Dit word ondersteun in Matteus 16 waar Jesus veronderstel dat die kennis wat die dissipels moes kry uit die feit dat Hy die brood vermeerder het, hulle sou help om die gevaar en sy verwysing na die leer van die Fariseërs en Sadduseërs te sou verstaan het.

In die vermeerdering van die brood wys Jesus dat in Hom is God barmhartig en versorgend in die wêreld teenwoordig: Hy is God met ons. In hierdie twisgesprek met Jesus is dieselfde saak aan die orde: Hý laat die wet van God weer kragtig word; die wet word weer in sy bedoeling herstel om die mens se sonde teenoor God te ontbloot as Christus die wet hanteer. Hy is God die Seun, met ons, daarom laat Hy weer die wet funksioneer as God se wil in die lewe van sy volk.

Dit is die heilsgebeure in hierdie konfrontasie. Maar dit is ook die historiese van hierdie gebeure: die man uit Nasaret is God die Seun wat die wil van God herstel.

Die heilsaankondiging vir vandag is dat Christus die posisie van die Wetgewer inneem, in die Godheid maar ook in die mensdom. Hy is Seun van God. In hierdie posisie, hierdie toesegging aan Christus, lê die herstel van die wet van God in sy Godgegewe aard.

Die kragteloosheid van die wet lê dus nie in ’n morele of sedelike onbevoegdheid of gebrek by die mens nie, maar in die posisie wat Christus in die mensdom inneem. In hierdie stelling lê daar ’n totale bevryding uit die sekularisme se ateïstiese godsdienswyding en óók uit die godsdienstige moralisme van al die kultiese storms. Vir myself is dit ’n totale bevryding.

Maar dit is nie net bevryding nie. Dit is ’n houvas wat God in Christus op my het. Ek kan die diepte hiervan nog nie in myself deurvors nie.” (Dagboek 28.06.1982 Silverton)

## 55. Die duidelike onderskeid tussen Christus se plaasbekledende werk en amp teenoor die selfvervangende werk van tussengangers in die moderne Christelikheid.

Die volgende dag neem ek weer die inhoud van die heilswerk van Christus en die heilsweldade van die Heilige Gees in ons op en formuleer ek die effek van my eie ateïsme op my geloof in Christus as volg:

“Ek is die laaste paar dae deel van die problematiek wat ek vir myself rondom die vraag na ware geloof uitgewerk het. In die eksistensiële en materialistiese ateïsme waarin ek my deel voel, leef daar ’n houding waar op ’n a-historiese en funksionele wyse na Christus gevra word, in en na ervaring.

In hierdie vooropgesette houding word Christus net betekenisvol in dit wat Hy vir mý doen. Vanuit hierdie houding was daar vir myself geen onderskeid tussen die plaasvervangende werk van Christus (gebore, gely, gekruisig, gesterf, opgestaan en opgevaar) en die herskeppende werk van Christus deur die Heilige Gees nie (roepinging, wedergeboorte, geloof, regverdigmaking, bekering, heiligmaking en volharding)” (Dagboek Silverton 29.06.1982)

Die saak waaroor dit gaan was dat ek besef het dat beide die plaasbekledende werk van Christus en die herskeppende werk van die Heilige Gees in en deur die heilswerke van Christus, deur die geestelikheid van die Pinksterisme met alternatiewe inhoude vervang word.

Ek wou hierdie verskil onder woorde bring. Want die mag van die moderne Christelikheid is juis net dit: om die heilswerke van Christus sowel as die herskeppende heilsgawes van die Heilige Gees te vervang met nuwe innerlike inhoude wat niks met Christus en die Heilige Gees te doen het nie. Dit terwyl Christus en die Gees nog net in Naam behou word.

Die werklikheid was dat hoe meer ek Christus as Here en God ontdek het as iemand anders as God-in-my, hoe meer het sy heilswerke en die Gees se heilsweldade vir my toeganklik geraak.

“Ek is nou heeltemal deel van die problematiek van my eie funksionele benadering en houding teenoor Jesus Christus as die Here. Hierdie funksionele geloofshouding is iets wat in my eie lewe verskillende vorme aangeneem het, terwyl die basiese inhoud presies dieselfde gebly het. Die basiese kenmerk van hierdie benadering is dat daar geen onderskeid is tussen die plaasvervangende werk wat Christus gedoen het en die herskeppende werk wat Christus deur Sy Gees doen nie. Hierdie versmelting van alles wat Christus doen lê in die antroposentriese houding wat ek teenoor God het: Wat doen God vir mý?

Wat belangrik is! Hierdie is nie ’n neutrale inhoudlose vraag na die aard van die werk en Persoon van Christus nie. Hierdie is ’n eisende houding vanuit ’n eksistensiële en materialistiese ateïsme: ek stel nie in God as God belang nie, tog wil ek hê dat God “vir-my” moet wees. Eg in die eksistensiële denk- en leefwêreld is my eie mensheid en my eie ervaring van die lewe, die ruimte waar God God moet word, en dan nie met verwysing na sy heerskappy nie. In hierdie houding het God geen geldigheid as net en behalwe as God “vir-my” nie. God as God word nie deur my ontken of beveg nie. Ek stel doodeenvoudig net nie só in Hom belang nie.

Die kerk leef tans uit hierdie verlamming. Uit die Metodisme en Piëtisme van die vorige eeu is daar ’n denk- en leefwêreld opgebou wat nog die inhoude van geloof in God as anker of voorveronderstelling het. Dieselfde denk en leefwêreld het egter nou sy historiese verbande met die Gereformeerde geloof só laat verval dat die denk en leef wêreld van die Metodisme

en Piëtisme gevul word met die inhoude van die moderne ateïsme. Hierdie ateïsme vloei in die kerk in as ’n ervaringsgodsdiens deur die begrippe en ervaringsmodelle van die Metodisme en Piëtisme van die vorige eeu.

Ek self is deel van hierdie ateïsme met ’n ervaringsgodsdiens wat die begrippe en ervaringe van die Metodisme en Piëtisme as verwysingspunte gehad het. Maar die inhoude van my daaglikse geleefde lewe is ’n eksistensieel – materialistiese geloofshouding. Wat ek persoonlik beleef is deel van die groot historiese prosesse, strominge en struktuurgevormde houdinge van “God-is-in-my”.

Binne hierdie funksionele vraag na Christus, “wat beteken Hy vir my?” (Dit is nie ’n teosentriese vraag nie, maar reeds eksistensieel en materialisties belaai, maar tog pro-godsdiens) word die werk van Christus net gesien as “vir-my”.

Met hierdie godsdienstige houding het ek deur ’n paar geestelikhede beweeg:

Die eerste was dat ek my beroep het daarop dat Jesus vir my gesterf het, dat Hy vir my gely het, dat Hy my sondes vergewe. Dit is die opvallende. Ek het belang gehad en vir my self belange gevoel in Christus se plaasvervangende werk – “vir my”. Maar hierdie belange was vanuit ’n ateïstiese houding. Ek het nie werklik in God se toorn oor my as iemand wat in Hom belanggestel het, sin gehad nie. Ek het nie werklik iemand gesoek om die plaasvervangende werk soos en na die inhoud wat Christus dit gedoen het nie; ek het nie gevoel of enigsins omgegee God wéér na Christus se versoening as moontlikheid kon vind nie. Maar binne hierdie ongeloofshouding het ek tog belang gevoel daarin dat Christus vir my gesterf het.

Die belang wat ek in Christus gehad het, was uit my soeke na selfvervulling uit ’n eksistensiële en materialistiese geloofshouding. Net soos die ganse kosmos vir my afgestem was om tot my beskikking te wees, net so het God in Christus op my afgestem geraak en tot my beskikking gekom: vir en in my selfbeskikkingreg as ’n selfstandige mens in ’n tegnokratiese denk- en leefhouding.

Dit is dus die basiese inhoud wat vir my geleef het in die aanbieding van die plaasbekledende werk van Christus: ook God, die basiese gemis in my eie lewe, is nou tot my beskikking in Christus. God is vír my daar; Hy is vir mý barmhartig; Hy is vir mý genadig; Hy sorg vir mý. Opvallend! Getuienis in hierdie geestelikheid is juis om te vertel wat God vir my gedoen het, dit is, getuienis in hierdie kultiese godsdienste is juis om te vertel hoe het God tot my beskikking gekom en hoe het God op my en my ervarings afgestem geraak.

Dit is baie belangrik! In die Piëtisme en Charismatiese beweging word die werk van Christus getipeer as die werk wat Christus – vir mý gedoen het. Die opvallende! Nie as die plaasbekledende werk na sy teosentriese aard soos ons God in die Gereformeerde belydenisse

eer nie. Dit het juis sekulêre betekenis en inhoud. Dit figureer in sulke uitsprake soos: “ in Christus het God bý ons gekom, maar in die Gees is Hy ín ons.”

Die plaasvervangende werk van Christus is vir beide die sekularisme en kultus die beskikbaarwording van God in Christus. Die afgestemdheid van God op die mens om só: God- in-ons, God te word. Nie een van hierdie twee geloofshoudinge het ’n belang in God óf geloof in die plaasbekledende werk van Christus na sy teosentriese aard nie.

Ek het myself in my kinder- en skooljare in hierdie sekulêre houding tuisgevoel: in Christus is my skuld vergewe, het Hy vir my gesterf en andere, wat beteken Christus het God tot my beskikking gemaak. In hierdie geloofshouding leef daar ’n betrokkenheid by godsdiens net waar dit my pas en waar ek daarvoor lus het, en soos ek daarvoor lus is. Van ’n totale oorgawe en toegewydheid aan God is daar geen sprake nie. God is tot mý beskikking, in Christus wat my vergewe, en nie andersom nie.

Die kultus doen juis op die vorm van godsdiens sy aanslag! In hierdie stelling word die totale inhoud van die kultiese gemoed saamgevat: dit is geen ywer vir God nie, maar net die kultiese weergawe van dieselfde ongeloof as in die sekularisme. By die kultiese weergawe van hierdie ongeloof word God nou net nie meer God-vir-my nie, maar God-in-my.

**Deur hierdie verinnerliking word die plaasvervangende werk van Christus, die selfvervangende werk van God.**

Dit word gedoen uit en in reaksie op die godsdiensloosheid van die sekulêre belang in die werk wat Christus vir ons doen. Dit is juis die opvallende! In hierdie verinnerliking van God word die hele heilsorde van die werk van die Heilige Gees in die mens ontken. Die werk wat God in ons doen is die herskeppende werk deur die Heilige Gees: wedergeboorte, regverdigmaking, bekering, heiligmaking en volharding.

Egter, in hierdie kultiese soek na “God-in-ons”, in reaksie op die godsdiensloosheid van die sekulêre houding van “God-vir-ons”, word die herskeppende werk van God ontken en word ’n selfvervangende godsdiens in die plek daarvan gestel. Die feit dat die kultiese soeke na God “in-ons” nie die herskeppende gawes van God soek nie, maar selfontkennend optree, wys hulle reaksie op die sekulêre gemoed uit – God is in ons deurdat ek soos Christus ly; deurdat ek myself kruisig soos Christus Homself laat kruisig het.” (Dagboek Silverton 31.06.1982)

## 56. Die konfrontasie met die getuies van die Hatfield Baptiste oor hulle aanspraak op die kinders van die gemeente.

Ek die volgende Vrydag die 2de Julie, na my eerste bywoning van die Hatfield geleide Bybelstudie vir die jongmense van die NG Gemeente Silverton op die 25 ste Junie, weer by Pieter Spies se huis opdaag om weer hierdie byeenkoms van die

Hatfield Baptiste vir die gemeente kinders by te woon. Pieter Spies stel egter vir my dat hierdie byeenkoms na ’n ander huis verskuif het. Daar was net een rede daarvoor. Dit was om my te weerhou om hierdie byeenkoms te kan bywoon. In die verslag aan die ouderling vergadering van Oktober stel ek dit in verslag as volg:

“2 Julie 1982

1. Toe ek die byeenkoms van die jeuggroep op hierdie betrokke Vrydag wou bywoon, moes ek van die lidmaat in wie se huis die byeenkoms gereël was verneem dat die groep nie meer daar plaasvind nie en
2. dat ek moes kennis neem op sy en mnr. Meyer se saambesluit oor die saak die groep na ’n ander lokaal verskuif om nog steeds voort te gaan.
3. Ek het geweier om hierdie mededeling te aanvaar dat die groep voortgaan en die lokaal verskuiwing sou impliseer dat die kerk geen jurisdiksie meer in hierdie byeenkoms sou hê nie en mnr. Meyer amptelik versoek
    i. die leraars en lidmate wie se kinders betrokke is, geken sal word
    ii. dat die ouers wie se kinders betrokke is, formeel in kennis gestel word oor die feit van die byeenkoms, die aard en inhoud van die byeenkomste en die feit dat die leiding onder die Hatfield Baptiste plaasvind.
4. Mnr. Meyer het die versoek beslis en ferm van die hand gewys en wou geen openheid oor die voorstelle aanvaar nie.
5. Op dieselfde dag ontvang ek inligting dat:
    i. ’n NG lidmaat uit die gemeente Meyerspark deur mnr. Meyer na die Hatfield Baptiste geneem is en die jong kind weer laat doop het
    ii. Mnr. Meyer die kinders na die Hatfield Baptiste se “fellowships” uitnooi en vervoer na hierdie byeenkomste beskikbaar stel.”

Ek dring op ’n gesprek aan met mnr. Meyer en gaan Saterdag die 3 de Julie na sy woonstel in Sunnyside. In die ouderlingeraadsverslag van Oktober berig ek oor hierdie besoek as volg:

“3 Julie 1982 (12h00) Op die dag vind ’n gesprek by mnr. Meyer se huis op my aandrang plaas.

1. Met my aankoms word ek meegedeel dat mnr. Francois Stander en nog twee lede van die Hatfield Baptiste Kerk aan ons gesprek sál deelneem indien ek met mnr. Meyer wil gesels.
2. Ek wys daarop dat ek in my amptelike hoedanigheid as proponent met mnr. Meyer in sy hoedanigheid as onderwyser aan die Hoërskool Silverton wil gesels en nie aan ’n formele gesprek met hulle as Hatfield Baptiste wil deelneem nie.
3. My versoek is van die hand gewys en hulle het my eenstemmig meegedeel dat hulle in die organisering van die byeenkoms van die kinders in ons gemeente as Hatfield Baptiste betrokke is en nie in ’n ander hoedanigheid of status nie.
4. Ek word vanuit hierdie hoedanigheid meegedeel
    “i. Ons het geen monopolie op die kinders nie
    ii. Hulle het net soveel reg op die kinders as die NG Kerk.

iii. Hulle dring aan om met die kerkraad in gesprek te gaan om oor die kinders te onderhandel.
iv. Die kinders waarna hier verwys word, is nie die Hatfield Baptiste nie, maar ons eie NG lidmate – ironies genoeg.

Dit is opvallend en glad nie toevallig nie, nadat die jeugbyeenkoms van mnr. Meyer na die AGS verskuif het, die kinders uit die drie susterskerke opgehou het om die byeenkomste by te woon en nie meer deelgeneem het aan die propagandaveldtog op die skoolgrond deur die kinders uit die groep nie.”

## 57. Die ontbloting van die moderne Christelikheid se geestelikheid as vals in die verkondiging van die betekenis van die doop en hulle aanval op die bediening van die Evangelie.

Al hierdie gebeure het opgebou na die preek wat ek die 4de Julie met die doop gehou het. ds. Fanie Groenewald het gevra of ek die preek sal waarneem terwyl hy die doop sou bedien.

In my voorbereiding vir hierdie preek het die heilsinhoud van die doop beslissend in my gemoed gevorm: die onderskeid wat die moderne Christelikheid maak tussen die belofte van God as iets onwerkliks teenoor die moderne Christelikheid se bekerings as die werklikheid, maak God se belofte leeg en inhoudloos.

Omdat die skeiding tussen die heilswerk van Christus en die heilsweldade van die Gees vir my verval het in my verwerping van die alternatiewe selfvervanging van die kultus op die plaasbekledende werk van Christus, kon ek vir die eerste keer in my lewe die doop verkondig as deel van die heilswerk van Christus en nie as ’n simbool van die geestelikheid van die verinnerliking van God nie.

“Dooppreek Sondag 4 Julie 1982
Teks Genesis 17: 1-5; Heidelbergse Kategismus vrae 70 en 74.

Inleiding: Gemeente van die Here, Jesus Christus, ons hoor vandag gereeld, “Die doop is nie belangrik nie, net solank jy Jesus ken; ons moet nie oor die doop stry nie, net solank jy Jesus aanvaar is dit genoeg”.

Dit word vandag baie gesê. Dit is ’n houding wat die doop as minder belangrik vir ’n ware en vaste vertroue op God maak. Doop is vir hierdie tipe houding sommer net dooie leerstellings en iets waaroor mense kan dink en redeneer, maar dit is nie deel van en nie belangrik vir geloof nie.

Dit is nie waar nie.

Die doop is juis die teken wat deel is van ons geloofskarakter as die volk van God. Die doop is nie feite waaroor ons lekker kan gesels sonder dat dit enige iets met ons lewe te doen het nie. Dit is ’n vaste deel van ons geloofskarakter. Dit is die wyse waarop ons dag tot dag op God hoop en op God vertrou. As ons oor die doop ’n eiesinnige houding het, tas ons die identiteit en karakter van ons hoop op God aan.

Skopus: Die Heilige Gees bevestig en verseël deur die doop: God heers in genade oor ons en ons kinders.

Pars I Die doop is ’n teken van wat God doen. (Heid. Kat. vraag 70)
Broers en susters, dit is vandag deel van die moderne mens se opstand teen God in sy soewereiniteit dat Hy nie meer God en God se heerskappy soek en sentraal stel nie, maar sy eie belange. En ons moet ons nie met hierdie ongeloofshouding misgis nie. Dit is nie net godsdienslose mense se houding teenoor God nie, ’n houding búíte die godsdiens nie. Dit is ook ’n houding ín die godsdiens: dat godsdiens die mens en sy eie belang sentraal stel en nie meer God en sy heerskappy nie.

Hierdie opstand teen ’n godgesentreerde godsdiens en die ywer vir ’n mensgesentreerde godsdiens blyk duidelik uit die waarde wat aan die doop toegeken word. In ’n mensgesentreerde godsdiens word die doop van sy Godgegewe inhoude beroof en met mensgesentreerde belange gevul.

Vir ’n mensgesentreerde godsdiens is die doop nie meer sakrament nie, teken wat op die handelinge van God dui nie, maar blote simbool: teken van die mens en sy aktiwiteite.

Een manier waarop die doop van sy duiding van God se heerskappy beroof en met mensgesentreerde inhoude gevul word, is die lewenshouding van kinderwyding.

Hierdie mens voel hy wil sy kind aan die Here wy. Hy kom om sy kinders aan die Here op te dra. Die doop is vir hierdie ouers ’n teken dat hulle hulle kinders aan die Here opdra. Die doop wys vir die kinders dat hulle aan die Here deur hulle ouers opgedra is. Só word die doop teken van die mens se vrome godsdienshouding.

Gemeente, dis nie waar nie!

Die doop is ’n teken van wat God gedoen het. Liewe verbondsouers, die doop is nie ’n teken dat u vanoggend hier in die kerk na vore gaan kom en u kinders aan die Here opdra nie. Liewe kinders, die doop is nie ’n teken van wat die ouers vanoggend hier met die babas gaan doen nie. Ons mag nie aan die doop hierdie mensgesentreerde inhoud gee nie.

’n Ander wyse waarop die doop van sy inhoud geroof word, waar dit nie meer ’n seël van die heerskappy van God is nie, maar net ’n simbool is van die mens se eiesinnige vroomheid, is dat die doop teken van my godsdienstoewyding is.

Hierdie houding word ná ’n geestelike ervaring ingeneem. Na ’n bekering, na ’n daad van geloof en vertroue op God, na ’n daad van toewyding en heiliging aan God voel die mense dat nóú is die doop ’n simbool van sý daad.

Dan word gesê die doop het vroeër geen waarde gehad nie; geen betekenis gehad nie en nou wil hy ’n ware doop wat op sy eie toewyding dui ondervind. Die doop is nou teken van die mens en sy geestelike aktiwiteite.

Vir hierdie mense mag kinders nie gedoop word nie. Want hulle is nog geestelik onaktief, of die doop dui op wat hulle eendag sal kry as hulle geestelik aktief raak.

Dit is nie waar nie gemeente!

Dit is waar! Ons moet die Here aanneem, ons moet egte bekerings tot die Here hê; ons moet op die Here vertrou, ons moet heilig lewe, maar die doop is nie teken van ons geestelike dade nie. Dit is nog ’n mensgesentreerde inhoud wat die doop beroof van sy bevestiging van God se heerskappy en wat Hy gedoen het: ons sondes is vergewe en is ons is die Heilige Gees in al sy weldade deelagtig.

Gemeente, nog so ’n houding is waar die doop ’n simbool word van die die kerk (instituut) doen: hy maak die kinders geestelik groot, in die kerk word die kinders Christelik geleer, maar dit is ook nie waar nie. Die doop is nie ’n teken van die mens nie, maar van God se heerskappy.

Hierdie mensgesentreerde houdinge oor die doop vervlak die doop tot ’n simbool. Dit kan nie.  Die doop is nie ’n simbool nie, maar ’n sakrament.

Dit beseël en bevestig God se heerskappy in ons: dat Jesus Here is en dat Hy uit genade sy heilsweldade aan my geskenk het. Dit beseël en bekragtig dat wat God in my lewe gedoen het en nie wat ek gedoen het nie. Hy het werklik my sondes vergewe. Hy het my deur sy Gees vernuwe: ek is al die heilsweldade in Hóm deelagtig.

Ons staan vanoggend by die kinderdoop, en ook in die doop van klein kinders is die doop die teken van wat God in hulle gedoen het.

Pars II Wat het God gedoen? God het hulle sondes vergewe en hulle werklik geheilig (Heid. Kat. vraag 74)

Gemeente, ons gaan nou die heilige doop bedien aan jong kinders, aan babas. Ons het gesien dat dit ’n teken is van wat God in hulle gedoen het. Wat is dit wat God aan hierdie jong verbondskinders gedoen het?

Vir sommige, ook hier in ons eie kerk, mag dit wees en beteken dat God vir hierdie jong babas beskik het om in ’n Christelike huis gebore te word. Hy het dit vir hulle beskik dat hulle, anders as heidene se kinders, ’n kans sal kry om van Hom te leer. ’n Kans sodat as hulle eendag wil, hulle Hom kan aanvaar. hulle is só gelukkig om nie heidene te wees met heidense gewoontes en tradisies wat hulle verstrik nie.

Ander wil weer sien dat God ’n belofte aan hierdie kinders maak. Hierdie belofte is dan dat God eendag in die toekoms, as hulle groot is, vir hulle die Ewige lewe sal gee. Nou het hulle dit nog nie werklik nie, eers as hulle Hom aanvaar en kies. Intussen, terwyl hulle sondes nog nie werklik vergewe is nie, terwyl hulle nog nie aan die heilsweldade van Christus deel het nie, is God se genade vir hulle nie ’n werklikheid nie. Dit is bloot ’n belofte vir die toekoms.

Gemeente, dit is nie waar nie!

Hierdie houdinge is weer die houdinge wat in opstand is teen God se werklike genadetoesegginge en ingryping in die lewe van hierdie babas. Die doop bevestig nie net die omstandighede wat God vir kinders skep nie. Dit dui op wat Hy in hulle doen. Die doop dui nie net op wat God eendag, miskien, vir die kinders gaan doen nie. Dit beseël en bevestig wat Hy reeds vir hulle gedoen het.

Wat het God in hierdie kinders gedoen?

Miskien sal ons dit beter begryp, gemeente, as ons eers vra wat het God vir die volwassenes gedoen? Waarvan is die doop vir volwassenes ’n teken?

Die doop is vir hulle ’n teken: Jesus Christus is hulle Here! Hulle is deel van die koninkryk van God! Hulle sondes is werklik vergewe, nie net in belofte nie. Hulle deel in al die heilsgawes van die Gees: die roeping, wedergeboorte, regverdigmaking, geloof, bekering, heiligmaking en volharding. Deur die doop beseël en verseker die Heilige Gees – God was en is my só genadig!

En die kinders? Wat het God in die kinders gedoen? Het die doop ’n ander betekenis vir kinders? Wys die doop op ander gawes vir kinders as vir volwassenes?

Nee, die doop het vir kinders dieselfde versekering. Dit beseël en bevestig aan hulle dieselfde saak i. God het hulle sondes vergewe, werklik! ii. God het die Gees met al die heilsweldade aan hulle toegesê, werklik! iii. Die heilweldade is vir hulle ook ’n werklikheid – hulle het die wedergeboorte, regverdigmaking, geloof, bekering, heiligmaking en volharding as ’n werklike heilstoesegging van God!

Dit gaan nie eers in die toekoms vir hulle ’n werklikheid word nie. Dit is nie ’n toekoms belofte nie. Dit is belofte dat dit reeds vir húlle, nóú, ’n volle werklikheid is!

Liewe verbondsouers, dit is wat vanoggend met die doop deur die Heilige Gees aan u kind beseël en bekragtig word – God het hulle in sy barmhartigheid begenadig.

U mag nie die heil van God op ’n individualistiese wyse net vir uself opeis en maak asof u kinders nie deel is van God se heerskappy oor u nie. God eis nie net u op nie. God eis ook u kinders op! U mag u kinders nie van God se werklike genade ontsê nie!

Gemeente, kom ons kyk na God se genade. Die heilige doop sal nou bedien word. Amen”

In hierdie preek het al die geloofsverskille van die afgelope ses maande byeengekom, maar veral na die optrede van Eddie Dorey met al die intensiteit van die week se gebeure en die doelbewuste poging van Pieter Spies en al die geestelikes om vir die kinders ’n alternatiewe groep naas die SKJA te skep.

Ek berig die gebeure in die konsistorie na die preek aan die ring as volg in my versoek dat die ring my teen ds. van Rensburg en die geestelikes moet beskerm:

“ Na afloop van die preek in die konsistorie het ds. Willie van Rensburg in die konsistorie, ’n plaalike ouderling en dominee in diens van Trans Wêreld Radio vir ’n spreekbeurt gevra. Die volgende is wat in volgorde gebesig is:

3.1 Hy het my gevra of die preek op band geneem is. Ek het hom ingelig dat ek nie ’n bandopname gemaak het nie, waarop hy gesê het “Dit is jammer in ’n saak soos hierdie”.

3.2 Daarna het hy my voor die kerkraad beskuldig dat ek met my prediking die gemeente verwar het. Ek het eers verstaan hy bedoel dat die prediking te onduidelik en hoogdrawend was, maar dit het toe geblyk dat ek hulle met verkeerde verdraaide leersellings verwar het.

3.3 Daarna is op ’n baie krasse en dwingende wyse die beskuldiging gemaak dat ek sou gesê het of sou geïmpliseer het dat verbondskinders hemel toe gaan sonder dat hulle ’n verbondsverantwoordelikheid het. Met hierdie beskuldiging het hy die kerkraad opgeroep dat só ’n verkeerde tipe prediking nie toegelaat mag word nie.

3.4 Met hierdie opmerking het die kerkraad deurmekaar begin praat, ds. Groenewald het homself heeltemal onttrek en geen leiding is uit die voorsitterstoel geneem nie. Toe die hoofouderling gepoog het om ’n orde-reëling daar te stel, deur die betrokke broers (wat sou kla) na die kerkraad te verwys, is hy oorheers deur ds. van Rensburg wat (dadelik) ’n amptelike bespreking geëis het.

3.5 Die laaste vraag wat ds. van Rensburg van my geëis het, is óf ek gesê het die kinders het die heilsweldade werklik. Toe ek dit heelhartig bevestig het, het hy gesê: “Die saak moet dan verder opgeneem word”.

4. Tydens die gebeure van 3.4 het broer Pieter Spies, ouderling en orrelis van buite ingekom en gesê:

    4.1 Hy wil saam met broer van Rensburg ernstig beswaar maak teen wat vanoggend gesê is.

4.2 Verder het hy gesê dat ek in die preek sou erken dat daar in ons kerk ander amptelike en erkende standpunte oor hierdie saak is (blykbaar verwysende na my opmerking “sommige mense”, sommige ook hier in die kerk” wat, ironies genoeg, na dwalinge verwys het).
4.3 Ek het geen reg om my eie standpunt so eensydig te stel nie. (Ek het hier die broer nie mooi verstaan nie, maar die indruk is by die kerkraad geskep dat ek nie die kerklike leer, maar ’n eensydige en dus verdraaide opvatting van my eie verkondig).

5. Broer Kobus Vosloo het hom voor die kerkraad met hierdie klagtes van broer van Rensburg vereenselwig en ’n bespreking in die aanddiens gevra.

6. Vanuit hierdie verwarring waarin ds. Groenewald geen leiding geneem het nie, is na vele opmerkings die “saak” na die dagbestuur verwys.

Agbare broeders, na ’n preek wat die suiwerheid van die Geformeerde doop en die erns daarvan aan die gemeente wou verduidelik, is ek blatant voor die hele kerkraad beskuldig: 3.2 Ek verwar die gemeente met verdraaide en eensydig-verkeerde eie meninge. 3.3 Ek leer dat verbondskinders die saligheid beërwe sonder enige verbondsverantwoordelikheid as hulle tot hulle verstand kom. 4.2 Ek sou sê daar is ander standpunte in ons kerk oor die doop en dit met ’n eie eensydige mening teen staan.

Hierdie beskuldigings het juis die doel van my prediking om die gemeente in die suiwere Gereformeerde leer op te voed nou as dwaling verdag gemaak.” (Skrywe aan ring van Silverton 7.07.1982)

Hierdie saaklike skrywe aan die ring het min van die woede, driftigheid en heftigheid waarmee hierdie ouderlinge my in die konsistorie mee aangeval het, weergegee. Hulle was deur die hele twee weke se opbou vanaf die kerkraad se goedkeuring van Eddie Dorey se optrede opgewerk tot hierdie breekpunt toe. Hulle aanvoeling dat hulle met hierdie preek uitgewys is as teen die geloof van die NG Kerk was korrek, maar vir my het dit om die inhoudelike deurbraak gegaan dat ek die inhoud en betekenis van die doop teenoor die kultus waarin ek vroeër was vir myself in die preek kon verwoord.

## 58. Die botsing van geloof in Christus en die identifikasie met God in Christus word ’n kerkregtelike saak.

Ek maak die 4de ’n afspraak met prof. Attie Barnard wat op daardie stadium die aktuarius van die sinode van Noord Transvaal was. Hy is presies op hoogte met die situasie in Silverton moedergemeente en gee my die kerkordelike advies om my op die ring te beroep. Hy help my ook met die formulering van die beroep op die ring. Ek werk dag en nag en dien die 7de Julie, ’n dag voor ek saam met Johan

Haasbroek op vakansie na die Suid Kaap gaan om Dawie en Ellie Swanepoel se troue in George by te woon, by die ringsskriba in:

“Insake veroordeling van die Geformeerde belydenis en Geformeerde doopleer as dwaling en die maak van stemming teen my vanuit gesigspunte wat vreemd is aan die Gereformeerde waarheid.

Agbare broers, met groot huiwering rig ek hierdie saak aan u, maar ek sien geen ander uitweg nie. Die kern van die probleem is dat ek na ’n dooppreek oor die Heidelbergse Kategismus vrae 70 en 74 waarin ek die Gereformeerde doopsleer verkondig het teenoor allerlei eensydighede, in die konsistorie aangeval is en veroordeel is as sou dit ’n vreemde leer wees.

Dit is die laaste in ’n reeks van insidente waarby ’n paar persone betrokke is en waar telkens die Gereformeerde waarheid, soos ek dit probeer stel het, voorgehou is as ’n dwaling en waar stemming in die gemeente gemaak word om hierdie boodskap in diskrediet te bring ..... In die betrokke beskuldiginge vra ek die ring om te bemiddel en uitspraak te gee.

Indien u daartoe sou besluit wil ek tog my prediking en lering aan u ter insae lê.

Persoonlik is ek van mening dat in die gemeente Silverton vanuit bepaalde geloofshoudinge stemming en verdagmakery gesaai word teen sekere kerklike belydenisse. Indien ek u met onnodige feite belaai, vra ek u geduld. Dit is die eerste keer dat ek uit dwang so ’n voorlegging maak…

Agbare broeders, ek sal nie meer in die gemeente Silverton met vryheid en vrymoedigheid die suiwer geloofsidentiteit en karakter van die Gereformeerde geloof deur die suiwer Gereformeerde leer kan uitbou, as hierdie verdagmakery nie nou ontbloot word nie. Hiermee beroep ek my op die ring om as skikker op te tree en onderwerp ek my lering met vrymoedigheid en nederigheid aan u ervare toesig en opsig. Sodat God alles in almal kan wees. proponent PJ Kriel”

Na hierdie brief ingedien is, gaan ek saam met Johan Haasbroek op vakansie na die Suid Kaap. Dit gee my die tyd om met ’n vriend en geloofsgenoot die inhoud en gebeure van die afgelope ses maande saam te deurdink en daaroor te besin. Ons gaan af vir die troue van ons koshuisvriend Dawie Swanepoel met Ellie Broos in die ou moedergemeente kerk van George. Voor en na die troue kuier ons saam op al die besondere natuurplekke van die Suid Kaap.

Die ringskommissie van Silverton het gereël dat hulle my op die 3 Augustus ontmoet. Die verdagmakery teen my prediking en persoon deur die Pinkstergesindes in die gemeente het deur die vakansie in felheid toegeneem, soveel so dat ds. Willie van Rensburg sy woede teen my by prof. Heyns gaan uitstort het. Ek verwoord vir myself die doel van hierdie verdagmakery as volg:

“Ek besef terdee dat hierdie organisatoriese aanslag nie net ’n poging is om my geloofsinvloed op die gemeenskap te neutraliseer nie. Dit is terselfdertyd ’n aanslag om my te dwing om vir myself ’n ander geloof en geloofshouding teenoor God in te neem. In ds. Willie van Rensburg se angs (hy was al by prof. Heyns oor my “kettery”) staan ek openlik in die polemiek en apologetiek met eksemplariese Skrifhantering en moralistiese, vergeestelikde bekeringsgodsdiens propaganda.

In ds. van Rensburg se optrede is die hele ideologiese godsdiens waaraan ek nog my hele lewe verkneg was, ingebed. Pieter Spies is weer deel van die seksueel, ideologiese godsdiens, in sy ywer vir homoseksuele berading en sy organisasie “Filadelfia in Christus”. Ek voel nou dat ek nie maar ’n eie privaat geloofshouding kan opbou, sonder om dit ook op strukturele vlak op te bou nie. In hierdie opsig is die ringsaak vir my belangrik.

Het ek ruimte in die NG Kerk met die geloofsidentiteit wat ek nou besig is om vir myself en so vir die NG Kerk op te bou?” (Dagboek Silverton 27.07.1982)

Die ontmoeting met die ringskommissie het goed verloop. Dit het my eintlik heeltemal verras. Hulle erken die ontvanklikheid van my skrywe. Hulle vra na my erns om met die saak voort te gaan. Dan gebeur die verrassing, hulle vra of ek bereid sal wees om in alles wat ek berig het as getuie op te tree. Ek voel dadelik aan dat die fokus van die ringskommissie nie my beweerde dwalinge sou wees nie, maar die dwalinge in Silverton gemeente. Dit is dieselfde ringkommissie wat die leiding geneem het om mev. May van der Walt in Silverton Kruin gemeente onder sensuur te laat plaas vir haar duiweluitdrywing praktyke. (Dagboek Potchefstroom 6.08.1982)

Ek het die naweek van 6 Augustus vir my vriend Ferdinand van Niekerk wat eerste jaar dienspligkapelaan op Potchefstroom was en sy vrou Annetjie gaan kuier. Hierdie naweek deurbreek ek die binne kant van afgodsdiens wat ek vir die boek Protestants finaal verwoord het nog verder en duideliker: afgodsdiens en goddeloosheid is nie twee verskillende sake nie. Dit is die binne-spanning van een en dieselfde saak. Hiermee vind ek die geloof in Jesus Christus as die uitkoms uit beide die goddeloosheid wat ek as ateïsme bewoord en afgodsdiens wat ek nog as piëtisme bewoord.

“Die Neo-Piëtisme eis alle vroomheid op. Hulle het die reg, die mag en beheer oor vroomheid en dit is die fokuspunt juis van hulle anti-vroomheid. Hierdie anti-vroomheid is ’n faset van my lewe wat ek nou moet vasvat. Want ook dit kan my verteer en die volle rykdom van die koninkryk van God my ontneem. Die ateïsme dwing my, of eerder, my eie ateïsme dwing my tussen die keuse vir piëtistiese vroomheid, wat self niks anders as ateïsties is nie, dit is ’n anti-vroomheid wat ook ateïsties is en ateïsme.

Hierdie valse keuse kan alleen in my deurbreek word waar geloof in Christus as God met ons, my eie ateïsme verdring. Ek moet nie dat ’n ateïsties-godsdienstige verlede my in hierdie valse keuse vashou nie. Want my eie verlede en hede val saam met hierdie keuse eers vir ’n ateïstiese piëtisme en vandag leef ek in ’n ateïstiese anti-vroomheid.” (Dagboek Potchefstroom 6.08.1982)

Oor die regstryd oor die geloofsinhoude wat ek bedien en die geloofsinhoud van die geestelikes in Silverton wat nou ’n openlike kerkregstryd geword het, vind ek myself soos volg: “ “Ek begin ’n nuwe orde in my verhouding tot God beleef vanuit my studie oor die heilsorde. Daar kom nuwe inhoude en betekenisse op wat my godsdiensbelewenisse in die jeugaksies totaal deurbreek.

Gelowig staan ek dus totaal gedistansieerd van die eiesinnige gees van Silverton. Hierin lê my sekuriteit en krag. Ek weet dat ek die God van die Skrif reg en met krag verkondig. Daarom is hulle geloofsaksie teen my sonder krag: hulle god is krom (Jes. 46) Die enigste houvas wat hierdie godsdiensgroep op my dus kan uitoefen is psigologies. Hierin sal ek myself versigtig moet hanteer veral van weë my emosionele kwesbaarheid en konflikte.” (Dagboek Silverton 7 Augustus 1982)

Die dagbestuur het vir die eerste keer na die skoolvakansie op 11 Augustus vergader. Hulle was ingelig oor my beroep op die ring. Hulle sou op hierdie vergadering die optrede van ds. Willie van Rensburg in die konsistorie op die 4 de Julie hanteer het.

Toe hulle egter ds. Groenewald se weergawe hoor van sy en ds. van Rensburg se besoek aan prof. Heyns, besluit hulle om hierdie optrede namens die kerkraad ook aan die ring vir hantering deur te gee. Die persoonlike aard van die gesprek het oor my persoon gegaan, maar is nooit weer berig en ek het nooit van die inhoud daarvan kennis geneem nie.

Die teologiese deel hiervan was Willie van Rensburg se weergawe dat ek sou sê dat verbondskinders hoef nie tot bekering te kom nie. Dit was sy weergawe van my preek oor Petrus se berou, my verkondiging van Christus as die bedoeling van die Skrif en nie die mens se geestelike aandoeninge nie, maar veral dan my prediking oor die heilskarakter van die doop.

Dat bekering totaal iets anders is as sy en daarmee die hele Pinksterweergawe van bekering, is daar binne in sy gemoed net nie eers enige sprake van gewees nie. As jy nie soos hulle deur bekering volgens die wet wedergebore is nie, glo hulle dat jy nie in bekering glo nie.

Die werklike verkondigingsinhoud, dat jy nie deur so ’n bekering gered kan word nie, verswyg hulle met die volle wete van wat gesê word. Die bedoeling van hierdie tipe

polemiese gesprek in die Pinksterafgodsdiens is om jou as ’n vyand van God voor te stel, nie om in ’n oop gesprek oor die inhoud van die Skrif debat te voer nie.

Heyns het hierdie verwysings aanvaar en dit bestempel as antinomisme. Hierdie beeld van antinomisme het hy in die klasse waarmee hy toe op die fakulteit besig aan die orde gestel met suggesties oor wat ek in Silverton mee besig was. Johan Haasbroek wat nog in sy klasse gesit het, het my daaroor ingelig en dit was in 1984-1986 die beeld wat prof Heyns van my versprei het met die konflik in Levubu.

“1982.08.16
Die skriba
Ring van Silverton
Tiptol straat 893 Silverton uitbreiding 0184

Onbroederlike optrede.
Tydens ’n vergadering van die Dagbestuur van ons kerkraad op 11 Augustus 1982 het ons verneem van die optrede van ds. Willie van Rensburg (ouderling in ons gemeente) teenoor ons pastorale hulp (prop. Kriel) wat in baie opsigte as onbroederlike gedrag teenoor ’n kollega beskou kan word.

Op 4 Julie 1982 het ds. Willie van Rensburg, na ons erediens, in die konsistorie skerp verskil van prop. Kriel ten opsigte van die prediking van prop. Kriel. Ds. van Rensburg het die standpunt gehuldig dat prop Kriel se woordverkondiging ten opsigte van die doop vir hom onaanvaarbaar en ’n onsuiwer leer is.

Die optrede van ds. van Rensburg het beslisde spanning en verdeeldheid in die kerkraad tot gevolg. Lede van die Dagbestuur het met die geleentheid onderneem dat die verskille wat bestaan tussen die twee partye ten opsigte van die doop ondersoek sal word.

Volgens ons leraar, ds. Groenewald, het hy en ds. van Rensburg daarna samesprekings gehad en besluit om gesamentlik, in die afwesigheid van prop Kriel, na prof. Johan Heyns te gaan en hulle teologiese standpunt by hom te gaan verifieer.

Volgens ds. Groenewald het die gesprek baie persoonlik ontwikkel en na wat verneem word, het ds. van Rensburg in die bespreking prop. Kriel in ’n swak lig gestel. ds. Groenewald het aan die dagbestuur te kenne gegee dat hy persoonlik jammer is dat die gesprek, wat hy aanvanklik as suiwer teologies beskou het, in hierdie rigting ontwikkel het.

Nadat die dagbestuur die gebeure indringend bespreek het, is besluit dat die saak per brief onder die aandag van die Ring gebring moet word. Ons oordeel dat die geskil van so ’n aard en omvang is en die optrede van ds. van Rensburg van so ’n aard is, dat ons kerkraad dit nie kan hanteer nie en eerder by die Ring tuishoort vir ondersoek en optrede.

Geteken dr. Joost Hattingh, dr. Boet Schoeman, dr. Piet Nel, dr. Len Scott, ds. Groenewald en diaken Beckman"

Hiermee het die kerkraad nou ook die inhoud van wat ek bedien en die klagtes en optredes van die geestelikes teen my verkondiging na die ring verwys. Maar dit was vir die dagbestuur eintlik net 'n manier om die Pinksterbedrywighede van die geestelikes waarteen hulleself was, 'n ringsaangeleentheid te maak. Hulle was innerlik gemotiveerd om teen die leraar en sy oorgawe aan die Hatfield Baptiste op te tree.

In hierdie opsig was die optrede van Eddie Dorey die deurslaggewende faktor. Die kerkraad het teen die geestelikes se opvattings gekies dat hy die kinders mag toespreek. Die geestelikes het reageer deur die gemeente se kinders uit te lewer aan die Hatfield Baptiste. Hierop het die kerkraad weer gereageer om hulle kinders te beskerm teen hierdie uitlewering. Die dagbestuur het die konflik rondom my en my prediking as geleentheid gebruik om die leraar aan te kla. Hierdie aanklag sou tot die losmaking van die band tussen die leraar en gemeente lei op 9 November 1982, drie maande later.

### 59. Die ringsjeugkamp stel kinders aan die geestelikheid van die moderne Christelikheid bloot.

Ek het die vertroue van ds. Blikkies Blignaut, die ringskriba, deur die loop van die jaar gewen met die werk wat ek met die SKJA gedoen het en ons gesprekke oor die Pinksterbeweging. Hy vra of ek nie leiding sal neem met die ringsjeugkamp wat deur die ring van Silverton vir die hele ringsjeug aangebied word nie. Hierdie kamp het plaasgevind op die 4 de en 5 de September by die kampterrein by Pienaarsrivierdam.

Die ring reël ene dr. Rautenbach, 'n mediese dokter, om as kampleier op te tree. En daar stap ek met die ringskamp presies net weer in dieselfde probleem in as wat in die gemeente Silverton besig is om af te speel. Hy kom uit die Pinksterbygeloof van die NG Kerk en wil presies net met die kinders doen wat ek nie met hulle wil doen nie: hy wil hulle bekeer, godsvervuld maak en getuies maak.

Die botsing tussen ons is tekenend van wat met my in die NG Kerk sou gebeur – die kinders se onbegrip vir die evangelie word gebruik om die evangelie as te intellektueel vir kinders verdag te maak teenoor die magsgreep van afgodsdiens, wat voorgehou word as iets wat vir die kinders maklik verstaanbaar is en wat vir kinders bedoel is.

"Die onbegrip van die jongmense se godsdiens blyk duidelik uit die vraelys in die Bybelstudie: "ons moet getuig, ons moet vrug dra, ons moet God se woord uitdra, ons moet

Jesus aanvaar”, alles deel van die wettisisme waarin die vraag na God nie aan die orde gestel word nie. Dit is niks anders as geestelike aktivisme wat uit die Bybel geregverdig word nie. Hierdie geestelike aktivisme is vir hulle “god”.

As ek nou teen hierdie geestelikheid oor God self praat, dan is daar ’n onbegrip. ’n Onbegrip wat dr. Rautenbach my op wys as te “intellektueel”, te “hoog” vir die kinders. As ek oor God self praat in Jesus Christus, dan is ek “te hoog” vir die kinders, maar die steriele clichés is die ware evangelie waartoe die kinders bekeer moet word. Hierdie geestelike opwekking word deur hulle van my verwag. Wanneer ek dan nou oor God in Christus praat, dan is ek te hoog, en nie “prakties” nie.

Dit is die spanning tussen my en dr. Rautenbach. Hy was Saterdag na my Bybelstudie ’n geestelike fliek oor ’n tipiese Amerikaanse bekeringservaring en vroeg Sondagoggend laat hy weet hý sal met die kinders wat sukkel met “geloofsekerheid” gesels. Dit, terwyl ek met die res wat vrae oor die Bybelstudie het, gesels.

Hy probeer my praat oor God-in-Christus ter syde stel as onbelangrik vir die werklike persoonlike probleem van die kinders waarby hy sal uitkom: die “geloofsekerheid” van die kinders. Die spanning is duidelik. Vir hom word die kinders nie werklik bereik met my praat oor God soos hy hulle sal bereik met sy konfrontasie oor “geloofsekerheid” nie.

Die tipe gepraat wat hy wil voer is die gepraat wat my tot 8 jaar van ideologiese en ideokultiese verknegting gedoem het.

Daarin lê die onbevangenheid waarmee ek praat en die angs van sy selfgelding. Vir my is dit genoeg om God-in-Christus te verkondig. Vir hom is die kamp sinloos as hy nie kinders kan konfronteer oor “geloofsekerheid” nie en hulle ook in die hel van sy eie blindheid dompel nie. Hierdie onbevangenheid is ’n kosbare gawe. Die laaste vraag som die kamp op. ’n Klein dogtertjie vra met erns, “As Jesus nie in my hart is nie, waar is Hy dan?”

## 60. Kinders wil die inhoud van die evangelie hoor en wil uit die bekering van die moderne Christelikheid wegkeer: die gesprek tussen my en Bertus Kinnear.

Met hierdie spanning en konfrontasie net agter die rug gebeur daar toe vir my iets wat my hele bediening ’n bepaalde gefokus gegee het. Bertus Kinnear het sedert die Bybelstudie oor die heilsorde by die SKJA my al meer gereeld middae na skool kom besoek. Hy word die tiener wat my hulp en leiding vrae oor die geestelikheid waarin hy vasgevang is en geloofsinhoude soek, presies dit waaruit ek weggekeer het en presies dit wat ek soek. Vir die eerste keer kon ek die geloofsinhoude oor Christus en God aan ’n jongmens bedien wat self uit die mag van afgodsdiens wil kom.

Ek het dit nie toe besef nie, maar die gesprekke tussen my en Bertus het die basis gelê vir die inhoud en wyse waarop ek die geloofsinhoude aan die jongmense in Levubu met kategese oorgedra het.

Hierdie keer kom hy op die Sondagmiddag na die ringskamp waar ek afgemaak is as te hoog en te intellektueel vir jongmense, en voor ek die aanddiens moet hou die Sondagmiddag van die 5 de September, by my aan en wil gesels.

“Bertus Kinnear besoek my gister om twee-uur. Hy is en standerd 7. Sy gesels is na aanleiding van wat ek op die kamp en na die tyd by die SKJA oor die verbond geleer het. Ons gesels lank. Wicus, seun van May van der Walt en Johan Engelbrecht, seun van die skriba en ook een van die geestelikes, is sy vriende. Hy is dus midde in die konflik van die okkulte-ideologie en die bekeringsvroomheid wat besig is om in die gemeente op te bou. Met sy gesprek dink ek eers hy is verward rondom kennisvraagstukke, maar dit lê dieper: ervaringsgodsdiens.” (dagboek 6.09.1982)

Ek gee Bertus geleentheid om sy hele verhaal met die Pinksterbygeloof te vertel en ons lê dit saam op papier uit sodat hy die lyne en fokus kan raak sien. Ek skep vir hom geleentheid om  eers sy eie geestelike ervarings en oortuigings te laat verwoord en die drie ervarings van die Pinkstergeestelikheid: bekering, godsvervulling en “getuienis” self te kan herken. Daarna stel ek die waarheid van God se genade in Christus teenoor hierdie valsheid. Hierdie metode van leer deur die kontras van geloof en identifikasie met God breek vir hom die waarheid oop. Hierdie manier van leer het ook deel van die kategese van Levubu geword later jare.

“Bertus is vriende met twee seuns wie se ma’s deel van die duiweluitdrywing en bekeringsgeestelikheid is. Hulle seungesprekke gaan oor dans wat sonde is, karate wat sonde is, goëlery, die oproep van geeste en die fliek “Ruby”. In 1981 na die kamp wat Pieter Erasmus gelei het hy met twee seuns Bertus by die huis kom oplaai vir die SKJA. Dit was onder die voorwendsel van die lekker saam kuier van die nuwe koffiekroeg wat hulle in die kerksaal van Silverton moedergemeente begin het. Een van die seuns het Bertus toe na die spesiale bidkamertjie “daar-bo”, dit is die projektor kamer opgeneem en begin konfronteer of “Is jy al bekeerd”? en “Het jy al Jesus as jou Saligmaker aangeneem?” Die seun konfronteer hom toe “Wil jou nou bid?”. Toe Bertus nie wou nie, is die seun uit die bidkamer en toe kom vra Pieter Erasmus wat hulle al uitgerig het. Toe hy hoor Bertus het “nog nie tot bekering” gekom nie, het hy alleen met Bertus begin praat. Pieter vertel hom God het hom lief, God wil hom as kind hê, Jesus het vir hom aan die kruis gesterf en dat Bertus Hom nou moet aanneem. Bertus stel hy het gevoel hoe die druk al nouer trek en dat hy binnekort tot bekering moet kom, en toe skielik onthou Bertus niks meer nie. Al wat hy kon onthou, is toe hy weer in die Volksie op pad huis toe was. Hulle het nie geweet van sy angs nie. Net voor hulle ry sê Pieter Erasmus maar hulle het nog nie gebid nie. Pieter bid dat Bertus Jesus moet aanneem en in gebed erken hy sy sondes en nietigheid, dit terwyl een van sy skoolmaats wat op die kamp bekeer is, ook hardop saam bid. Toe Pieter Erasmus Bertus by sy huis aflaai gee hy hom ’n

pamflet oor bekering met sy telefoonnommer op en sê Bertus moet hom bel as hy deur die nag nie kan slaap nie. Die volgende SKJA geleentheid keer Pieter Erasmus Bertus weer eenkant toe en vra hom of hy bekeerd is. Bertus sê ja en “toe begin hy iets oor die Heilige Gees praat, ek het nie geweet wat om te sê nie, maar ons moes toe weer gaan bid het”. Eendag in die groep het Pieter toe gevra kinders wat tot bekering gekom het, moet getuig, “Ek het gevoel ek moes praat oor dat ek bekeerd is en hoe lekker my lewe nou is, met vrede en rustigheid. Ek het geweet ek moet hierdie dinge sê, maar ek het geweet dit is nie so nie. Ek het toe stilgebly maar gevoel die ander verwag ek moet praat en toe het baie seker gedink ek is nie bekeerd nie” Hierna het Pieter Erasmus Bertus en sy maats Arcadia sentrum toe gevat waar hulle as kinders met mense moet praat oor hoe hulle bekeerd geraak het.” (Gespreksuitleg 5.09.1982)

In my dagboek verwoord ek hierdie gesprek soos volg: “Pieter Erasmus het hom verlede jaar met die koffiekroeg in die kerksaal probeer bekeer in sy Volksie. Daarna moes hy straatwerk saam met Johan in Arcadia gaan doen, “dis so wonderlik, ons moet skyn.” Ds. Groenewald het hom ook met ’n bekering gekonfronteer. Die spanning in Bertus se gemoed is hoog. Hy sukkel oor die bekeringsgeweld wat Pieter Erasmus hom ingedwing het. Hy vra my hulp afwagtend oor hoe hy moet optree of wat moet sy houding oor hierdie ervaring wees. Ek stel reguit: “ Bertus, hy het geen reg gehad om jou só geweld aan te doen nie” Op hierdie stelling begin Bertus lag en huil. Dit is ’n mooi oomblik, en vir my onverwags. Ek het nie geweet die geestelike geweld van Pieter het Bertus so diep seergemaak nie. Het ek Bertus bevry van die geweld, angs en spanning van ’n godsdiens-spanning en ’n ongeldige godsdiens, tot die moontlikheid van Godself? Sy spanning lê verwoord in die opmerking wat hy maak: “Ek het nie gedink ons sal by dit uitkom nie. Ek het nie gedink ek sal ooit daaroor kan praat nie” Dit is dus waaroor Bertus die hele tyd wou praat. Dit lê diep en seer in sy seunsgemoed dat hy nie daaroor kon praat nie. Bertus se lag-huil is miskien vir my die teken dat God my deur die hel van hierdie ervaringsgodsdienste gelei het, en my my eie deïsme laat ontdek het, om sy kerk te bevry uit die ban, tot vrede met God self. Is dit die nie hoop wat die hele tyd in myself lê nie? Bertus het baie weggeskram om oor hierdie ervaringe te praat. Hierdie wegsteek is ’n seer-angs waarin ’n groot deel van die hele kerk lê. Op emosionele en verhoudingsvlak is Bertus se gesprek en ons pastorale verhouding vir my ’n nuwe en mooi wêreld. Dit staan direk teenoor die wêreld van die innerlike god wat ek vroeër in “getuienis” beleef het. My “geestelike begeleiding” in my verlede lê soos ’n klag van myself teen my self wees. Die soeke na mag in intimiteit en die sug om hierdie mag in die intimiteit van ’n ander op te eis met die verwysings van “Jesus het jou lief en wil persoonlik in jou hart sit”, of “Die Heilige Gees wil jou vervul en jou ’n lewe van oorvloed gee”, alles woorde om self te deel in die persoon en lewe van ’n anders mens, slawe van die innerlike god – Jesus.” (Dagboek Silverton 6.09.1982)

Hierdie gesprek het die basis geword vir weeklikse kuiers en ’n lewenslange vriendskap. Dit is die eerste jongmens wat ek help om uit die mag van die Pinksterbygeloof te kan breek. Die vorige vyf jaar was ek net besig om self uit hierdie mag te probeer ontkom. Nou het ek ’n jongmens gehelp om uit hierdie mag te

ontkom. Dit was vir my ’n deurbraak wat my tot die bediening van die evangelie geïnspireer het en my weer ’n diep roepingsbewustheid gegee het. Waarmee ek worstel, is ook die jongmense se worsteling!

Ek probeer hierdie oomblik wat ek met Bertus in die uitlê van die evangelie as alternatief op die bygeloof gedeel het, waarin Pieter Erasmus en ds. Fanie Groenewald hom probeer verstrik het, vir myself die volgende dag te verwoord. Dit gaan oor die verskil tussen die bediening van Christus teenoor die magsgreep wat ek in die afgodsdiens met my eie persoonlikheid oor mense moes laat geld om hulle “tot bekering” te bring in die CSV, die Jeug-tot-Jeug-Aksie en al die stranddiens en skoolverlaters kampe.

“ Die gesprek en begeleiding met Bertus is ’n ander wêreld. Ek is vry van die sug om “Jesus in hom in te kry” of met ’n “intimiteit” en “vertroulike persoonlikheid” te maak dat hy “Jesus innooi” en “Jesus persoonlik aanvaar”. Ek glo nie meer in hierdie Jesus nie. Ek wil nie hierdie Jesus in Bertus of enige ander mens hê nie.

Daarmee is ek ook vry van my eie angs en skyn. Vry van angs, want ’n “geestelike gesprek” was vir my angs. Angs omdat ek gevrees het ek kan nie mense met wie ek gesels het ook intrek, annekseer en opeis vir die intimiteit dat hulle ook Jesus moet aanvaar nie. Hierdie angs is angs vir die vreemdheid, isolasie en ongeldigheid van myself as ek hom nie in hierdie intimiteits- en persoonlike verhouding intrek nie. Die angs was ook omdat ek elke keer as ek iemand tot hierdie intimiteit en persoonlike kultus ingelyf het, ek myself weer verbind en verdoem het tot hierdie innige sfeer wat my met soveel “heerlike geweld” intiem by Jesus hou.”

“Ek is ook vry van die skyn. Die skyn van die ervaringsgodsdiens waar “Jesus so wonderlik naby is” en waar ek altyd vir ander moes wys en demonstreer “hoeveel beteken Jesus vir my.” Hierdie selfdemonstrasie moes ek handhaaf en só ’n ervaringsgodsdiens, wat my self verkneg en my selfwees verkrag, as die wonderlike nuwe lewe van oorvloed aan ander voorhou. Die lewe van oorvloed was vir my ’n verwarde wêreld wat ek alleen kon herlei tot en sien as my eie selfgemaakte geïdealiseerde persoonlike en intieme ruimte. Ek moes hierdie skyn as werklikheid voorhou en ek het dit gedoen en so die werklikheid van God vir myself toegeëien en myself tot die angs van hierdie selfgemaakte wêreld verdoem. Hierdie skyn is weg. Ek hoef nie meer aan Bertus my “geloofsekerheid” te demonstreer nie of my “wonderlike vrede en geluk en lewe van oorvloed” as die antwoord op sy vrae, vrae waarna ek nie luister nie, met aggressie op hom af te dwing nie.

Vir die eerste keer kan ek iemand uit die skyn en angs van hierdie tipe godsdiens bevry en aan hom meegevoel betoon vir hierdie selfverknegtende geweld wat deur godsdiens-propagandiste aan hom gedoen is. Ek leef nou in ’n intermenslike wêreld, ’n wêreld wat God as God erken en die innerlike en tussenmenslike gode minag. Ek is eg, ook in my eie geloof,

as ek met Bertus praat, nie oor godsdienservaringe, godsdienstige metodiek of ritusse nie, maar oor God self en die moontlikheid van geloof in God self.

’n Ander dimensie wat in hierdie gesprek vir my gevestig word, is die kwaliteit van krag en hulp wat ek in my kameraadskap met Bertus deel. Bertus voel hom afhanklik van my strukturering, begeleiding, my opbou en verdediging. Ek kry duidelikheid oor hierdie vertroue en gemeenskap wat nie die intimiteit van my vorige godsdienstige ervaringe is nie. In hierdie vertroue en gemeenskap ontdek ek ook die afstand van respek en agting wat nie met ’n fanatieke selfgelding ’n selfgemaaktheid op en in almal homself wil laat geld nie.

Here, dankie vir hierdie genade. Dankie dat U Gees my as mens herstel. Dankie dat U ’n moontlikheid in my geloofsoeke geword het, dankie vir die vryheid van kultiese en deologiese (sic) angs en skyn.” (Dagboek Silverton 6.09.1982)

## 61. Ek en Danie O’Reilly ontdek saam die moderne Christelikheid as die mag wat die Afrikaanse gemeenskap aan die nuwe magsbedeling wil onderwerp en gedienstig maak terwyl ons in die vrye identiteitsvorming binne die verbond tuis word.

Danie ‘O Reilly se pastorie in Wonderboompoort was vir my dwarsdeur die jaar ’n heenkome vir elke insident en elke nuwe geloofsinhoud wat ek gevind het. Saam het ons dit getoets, gedebatteer en die gevolge daarvan probeer peil en verwoord.

1982 was in die midde van die stigting van die UDF, al die binne-kerklike politiek van die WBGK in Ottawa wat apartheid tot sonde verklaar het en die NG Sendingkerk wat ook in 1982 hulle status confessiones teen apartheid aanvaar. Ek en Danie het diepgaande gesprekke oor sosiale geregtigheid gevoer. Ek met die aanvoeling dat dit maar net weer ’n ander variasie van geestelikes se identifikasie met God is en Danie met sy werklike aanvoeling vir onreg en geregtigheid.

“My gesprek met Danie ’O Reilly bly my steeds by. Ons het oor sosiale geregtigheid en strukturele verandering begin gesels, wat een saak is. Waarmee ek my hoegenaamd nie kon versoen nie was die eksemplariese rol wat die kerk vir die politiek wil inneem. Die eredienste en bidure moet nou volgens die geestelikes hierdie demonstratiewe element teenoor die wêreld hê. Ons moet aan die wêreld demonstreer hoe die wêreld moet lyk, en dan nie meer in en deur ons geloofsvertroue in God nie, maar in en deur ons sosiale ordes en sosiale verkeer. Die artikel van dr. Willem Nicol wys duidelik uit dat die kerk hierdie sosio-politiese voorbeeld moet wees. Dit moet die vir wêreld, maar veral vir die Afrikaner, wys hoe hy sy sosio-ekonomiese en politieke strukture moet inrig. As dit so ingerig sou wees, dan het die “koninkryk van God” gekom, of eerder, dan het die “koninkryk” gestalte gekry.

Die ironie is dat voor hierdie dominees en teoloë nog hierdie ideale sosiale verbande van hulle in die kerk gaan staanmaak, gaan die politieke en ekonomiese leiers ’n politieke

omwenteling in SA kataliseer wat ongekend is binne enige demokrasie, want hier gaan die demokrasie die strukturele veranderinge inbring wat die neo-Marxisme nie kon staanmaak nie. Die kerk in hierdie situasie bly steeds “agter die staat”. Dit is hoe dit kultuur – histories behoort te wees, maar die voorstanders van sosiale geregtigheid sien dit as die kerk gebrek.

Die krag agter hierdie optrede is die opvatting dat net die kerk die ware liefde kan oprig en dat sonder die kerk sal strukturele veranderinge nie bewerk kan word nie. Dit is ’n totale misgissing is oor die taak en plek van die kerk “in die wêreld”.

Ek wonder of die “god-in-my-hart” nie die kern is van hierdie “god-in-die-wêreld” van die politieke teologie nie. As dit so is, dan ek ek reeds die “god-in-die-wêreld” as ’n skyngod verwerp. Die probleem is, as dit die god is wat die kerk nou in die toekoms gaan aanbid, is daar dan nog hoegenaamd in die Christendom ’n ander God om te dien? …

’n Verdere onduidelikheid en verwardheid is die beskuldiging van ’n “persoonlike vroomheid”. Ek wil geloof in God nie sien as sosiale geregtigheid nie, en dit sou volgens hulle dan die implisiete afleiding tot gevolg hê dat ek ’n persoonlike geloof voorstaan wat nie die erns met die strukturele aard van die mensheid neem nie.

Hierdie is die ou beskuldiging van die Neo-Marxisme teen die Christelike geloof in God. Ek ontdek in hierdie beskuldiging die blatante ateïstiese vertrekpunt: geloof in God as belydenis word deur hulle gereduseer tot die persoonlike sfeer en sosiale aktivisme tot die strukturele sfeer. Dit is soos hulle die geloof wíl hê. As my geloof in God hoegenaamd dan ’n strukturele dimensie moet kry, dan sal hulle met hulle sosiale aktivisme vir my struktuur gee aan my geloof in God.

Die vraag is egter: Het geloof in God as geloof nie ’n eie struktuur dimensie wat hoegenaamd nie afhanklik is van sosiale aktivisme nie?”

Om God te bely en te eer, is nie maar net ’n persoonlike handeling wat alleen deur sosiale aksies “prakties” gemaak kan word nie. Die belydenis van “God-met-ons” het ’n struktuur wat los staan en dwarsdeur deur al die sosiale en politieke strukture sny.

Die tragiese ironie is juis dat die selfaanvaarding dat die belydenis van God as God en die eer aan God as God, as sou dit net ’n “persoonlike geloof wees” die toegee is aan die druk van die ateïsme wat die inhoude van die struktuur van geloof in God wil op-eis of elimineer.

In die belydenis my ongeloof in God en die soeke na ’n belydenis van God as God, is ek met ’n eie en eiesoortige anderste struktuur besig wat deur alle ander dimensies sny. Indien die eie- gestruktureerdheid van ongeloof teenoor die belydenis van God nie geag word nie, is die kerke niks meer anders as die geestelike sy van ’n selfstandige (dit is selfgenoegsame) gemeenskap teenoor God nie: net die geestelike belewenis van die bestaande menslike.

Dan is die geestelike nie meer die hoop en vertroue van die mens op God nie, maar die goddelike selfbelewenis van die mens. Dan het ons juis in ons ywer vir God, die ateïsme as vertrekpunt aanvaar. … Ek mag nie weer deur ’n godsdiensideologie gekaap word, wat nie met God self worstel nie deur hulle sogenaamde “praktiese” vrae wat “aktueel” sou wees teenoor die onpraktiese en onaktuele vrae oor God te stel nie.

Ek is vas oortuig dat die sosiale geregtigheid die ateïsme in die kerk finaal uit die swye van die eeue vir die Afrikaner gaan lig. Die krisis gaan wees dat die kerk nie die antwoorde sal kan gee nie, omdat die kerk al sy hele vroomheid met die ateïsme gesinkretiseer het. Die vraag na God self word net met “keuses”, “bekerings” en vinnige antwoorde as ongeldig afgewys.
(Dagboek Silverton 7.09.1982)

Hiermee het ek iets probeer verwoord wat vir dertig jaar lank deel van my bediening van die evangelie gebly het: teenoor een of ander ideologie is die evangelie altyd iets wat as ontydig, nie aktueel, nie op die oomblik van toepassing, nie nou so ernstig, nie deel van die “groot-prentjie” of as nie nóú so belangrik nie, voorgehou word teenoor die dringendheid van ou en nuwe magsbedelings en magsvisies.

Ek het nog steeds gesukkel om die geloofsaak wat ek aangevoel het te kon verwoord en deel van my doktorale studies te maak. Ek het nog net te min geloofsinhoud gehad om die probleem van afgodsdiens as godsdienstige goddeloosheid te verwoord, of te kon herken dat dit presies net die afgodsdiens is wat die profete aan die orde gestel het teenoor die geloof in God se verbondstrou.

Nog minder kon ek identifikasie met Jesus verwoord as deel van hierdie afgodsdiens teenoor die geloof in Christus wat die verbondsbeloftes vervul. Ek het nie die onderskeid wet en evangelie geken nie; ek het nie die onderskeid tussen beeld van God as “lyk soos God” teenoor “behoort aan God” geken nie; ek het nie geweet dat regverdiging nie net oor vergifnis van sonde gaan nie, maar ook die lewe wat God reg laat wees wat ek vir Hom leef nie; ek het nie geweet dat die wet die krag van sonde is nie; ek het nie geweet dat die wet van God die mag van die Bose is nie; ek het nie geweet dat daar twee soorte Tien Gebooie in die Woord van God is nie; ek het nog nie geweet van ons eenheid met die mensheid van Christus in die hemel nie en die onderskeid tussen ons eenheid met Christus in sy mensheid en ons versoening met God nie; ek het nie die onderskeid tussen die werk van die Heilige Gees om ons in Christus in te sluit teenoor om die kerk met bedieningsmiddele toe te rus, geken nie; ook nie die verskil tussen Christus as Middelaar van die verbond en geestelikes as tussengangers tussen God en mens nie.

Vir al hierdie afwesige geloofsinhoude moes ek op filosofie en teologiese bespiegeling terugval.

Maar ek het aangevoel dat daar nie ’n inhoudelike verskil tussen die god van die Pinksterkultus en die god van die ateïsme is nie. Ek wou graag hierdie innerlike eenheid binne hierdie saak, wat as twee verskillende sake voorgehou word, aandui teenoor die alternatief van die inhoud van geloof in God op beide hierdie twee oënskynlik verskillende geloofsake.

Ek probeer hierdie saak aan prof. Wethmar verwoord in ’n brief:

“Van der Merwe Rylaan 101, Silverton, tel. 86-5601 Geagte prof Wethmar.
Ek neem hiermee vrymoedigheid om op hierdie formele wyse die gesprek rondom my doktorale studie met u voort te sit. Dit is vir my moeilik om in enkele gesprekke by die problematiek waarmee ek my besig hou uit te kom, en só uit te lig dat ek my belangstelling in die dogmatiek in die bestaande vakterme of (teologiese) strome van besinning kan formuleer. Weens die kommunikasie gebrek neem ek die vrymoedigheid om by hierdie geleenthede die skrywe as gesprekmedium op te neem.

Die problematiek waarmee ek my besig hou leef in die teologie van ons kerk. Die teologiese denke van die kerk word bepaal deur motiewe soos a. om Jesus as persoonlike Saligmaker te aanvaar b. ons enigste troos in lewe en sterwe c. om op Jesus te vertrou vir redding d. ’n persoonlike ontmoeting met die Here e. meer bid, meer glo, meer wag en andere.

Hierdie motiewe is deur die laaste agt jaar opgeëis deur die evangelisasie gesprek (wat ek nog nie inhoudelik kan onderskei van enige godsdiens-propaganda nie) Hierdie evangelisasie gesprek het die bestaande motiewe vas gestruktureer in die tema: “geloofsekerheid”. Ek is redelik seker dat die kerklike gesprek, veral in die gesprek leraar- lidmaat, heeltemal afgestem geraak het op die gesprek oor “geloofsekerheid”.

Die inhoudelike elemente van hierdie sogenaamde geloofsekerheid stem myns insiens ooreen met die ou bekerings- en herlewingsvroomheid van Andrew Murray.

Die pastorale- en kanselgesprek is feitlik in sy geheel, waar ek hom leer ken en dag vir dag ontmoet, afgestem op “geloofsekerheid”. In al hierdie gestaltes: kategese oor hoe ons Jesus as persoonlike Saligmaker kan leer ken; herlewingspropaganda oor die Heilige Gees; evangelisasiepropaganda op die Jeug-aksie model van a. Geloofsekerheid b. Vervul c. Getuig, bly die basiese veronderstelling in die kerk dieselfde: redding en verlossing word as evangelie verkondig. Dit maak nie saak watter Skrifgedeelte of belydenis hanteer word nie. Dit verval en dwing altyd in die geykte “Jesus-red” teologie.

Die hele kerklike denk- en leefwêreld gaan van een groot veronderstelling uit: die soekende mens, wat dan ’n ware en egte soek na God sou wees. Die “blydskap” van die blye Evangelie en die “wonderlike” van die Goeie Tyding is dat dit die antwoord sou wees vir die mens wat na redding, geloofsekerheid, en vandag al meer, die koninkryk van God sou soek.

Die ongesegde en verswygde krisis is dat almal weet Jesus red en is die Saligmaker, almal het al die belydenisse, bekerings of herlewings bewandel wat die kerk as antwoord voorhou – en nog steeds nie God in hierdie godsdiensantwoorde ontdek nie. Dit is juis met hierdie antropologiese beeld van die kerk, dat die mens in God sou belangstel en dat sy “gereddes” nou waarlik “God” ken, dat die kerk ongeldig bly.

Hiermee is ek meteens by my teologiese problematiek: die kerk verkondig ’n Jesus wat red en ’n Jesus wat verlos en dwing my al meer om te konformeer in hierdie tipe “Jesus-" - prediking, maar die mense (en die prediking!) stel nie meer belang in God nie en glo nie meer in God self nie.

Die spanning lê daarin dat binne die kerklike vroomheid is daar geen ruimte om gesprek oor God en ongeloof in God te voer nie, behalwe as boetedoening wat deur ’n reeds gekende en geykte bekerings of “geloofsversekering” gevolg móét word. Met hierdie boetedoening word die probleem met God agter die skans van vroomheid verskans: die ongeloof word deur die kerk besweer. Die persoon wat die gesprek oor God en ongeloof in God sou wou durf open word dadelik met “bekerings” of een of ander vroomheid tot swygsaamheid gedreig.

Uit die kerkgeskiedenis is ek oortuig dat die Afrikaner die laaste honderd jaar en selfs meer, deur hierdie priester-tipe predikant tot swye gedwing is. Deur vroomheid word die lidmate gedwing om te verval in die kultiese van godsdiens en tot ongeloof. In hierdie tipe priesterdwang tot swye, is dit swye oor ongeloof en God self.

Hierdie stilte wat nou weer deur die propaganda van die “wonderlike geloofsekerheid” bevestig word, lê die hele kerk lam. Selfs die predikante wat die stilte afdwing is van die probleem bewus in hulle beangste pogings om ’n verband tussen kultus en lewe te vind. Terwyl ongeloof en belangeloosheid in God self, wat juis die kultus van die lewe isoleer, nie genoem mag word nie. In elk geval, nie sonder om weer tot vroomheid gedoem te word nie.

Hoe diep hierdie ongeloof sny blyk uit die fakulteit self. In die vier jaar wat ek op fakulteit was, is ek gedwing om die sisteme van Calvyn en Bavinck (en etlike ander sisteembouers) te leer ken en klakkeloos te reproduseer. In hierdie kritieklose sisteembouery is die vraag na God of verswyg of as gevaar buite die kerk aangedui. Terwyl ek vas oortuig is dat dit die probleem is wat voor die dosente sit! Ek het gevoel hierdie sisteemdwang smoor die moontlikheid van egte besinning oor God en ongeloof vandag en reproduseer die kerklike dogmatiek van 400 jaar gelede klakkeloos as antwoord vir ’n kerk wat die vraag na God nie meer wil vra nie.

Uit hierdie enkele riglyne waaroor ek al lank en in baie meer geskakeerdheid as in hierdie opsommende poging besin, is ek oortuig dat daar ’n bepaalde werkende verhouding tussen die moderne vroomheid en die ateïsme/deïsme in die kerk is. Dit is binne hierdie veld wat ek my graag wil toespits.

Ek sou graag van u leiding wou ontvang of hierdie tipe besinning hom tot dogmatiese studie leen en of dit die moeite werd is om hierdie gesprek op te volg.

Ek is vas oortuig dat juis deur die gesprek oor sosiale geregtigheid wat nou in die kerk oopgemaak is, die Afrikaner homself los van die vroomheid waardeur hy nog altyd gemanipuleer is, gaan voel, en in hierdie vryheid gaan vra of die God van die kerk nog hoegenaamd nodig is en óf God nog ’n moontlikheid is. Vir so skielike oopgaan van die swye oor God en die ateïsme/ deïsme in die Afrikaner, glo ek van harte, is die kerk hoegenaamd nie voorberei nie.

Met sy geykte en God-niksseggende “Jesus-red” of “geloofsekerheid” of selfgerigte sosiale geregtigheidsdenke is die kerk uitgesluit en uitgelewer aan die ateïstiese kragte van die maatskappy in die toekomstige gesprek oor God.

Ek sou dit op prys stel indien u dit moontlik sou vind om hierdie gesprek per geleentheid te kan opneem, veral gesien vanuit die moontlikheid van ’n onderwerp óf terrein vir doktorale studie. Met agting. Petrus Kriel”

Iets wat ek nie beplan, aangevoel of vooruit gesien het nie, was die ontwaking van myself as persoon uit die mag van afgodsdiens. In die afgodsdiens van die moderne Christelikheid moes ek leer om “niks te wees”, “my eie-ek te kruisig”, “nie self iets probeer wees nie”, “om nie self in beheer van my eie lewe te wees nie”, en terwyl ek myself in hierdie hierdie selfontkennende en selfvernietigende geestelikhede en psigologiese mag moet afbreek tot niksseggendheid, moes ek glo dat “God” in die vernietiging en afwesigheid van my eie persoon sou opstaan en deur my sou leef.

Ek het geen begrip daarvoor gehad dat ek hierdeur eintlik net myself vir myself afwesig gemaak het sodat ander gewelds- en magsfigure hul persoon en drifte in en deur my kon uitleef nie.

Binne my kultiese en persoonlike disassosiasie en isolasie was ek vir myself ontoeganklik en het ek die geweld en mag waarin ander geestelikes en persone hulle oor, in en deur my laat geld het as “intimiteit met God” beleef.

Met my verwerping van identifikasie met God en met my vertroue in God as God, kon die tussenmenslike wêreld van vertroue in mense sonder magservaringe in en deur mekaar vir my oopgaan, meer, kon ek myself as persoon begin vind.

Hierdie was iets anders en meer as net sielkundige insig, psigologiese krag of persoonsontwikkeling. Hierdie was die vind van vertroue in God as God en daarom ook vertroue in myself as mens en vertroue in mense as mense. Dit was die deurbreek van die mag van identifikasie met God op my eie persoon en die wil om my eie persoon as goddelik in ander te voel terwyl ek weer ander hierdie ervaring in

my moet laat beleef. Ek hoef nie meer my selfbeeld as ’n godsbeeld in my te ervaar nie, met al die mensvernietigende gevolge van hierdie identifikasie met God nie.

“Ek is nou finaal besig om afstand te doen van die innerlike wêreld van 25 jaar en van die godsdiens wat ek daarmee opgebou het. Hierdie afgelope naweek het iets mooi in my selfbeeld en selfbelewing gebeur: ek voel myself bekwaam, waardig en volwasse. Dit is vir my vereers ’n baie vreemde gebeure en manier van wees. Dit is ’n breuk met die gevoel en beeld dat ek kruiperig, afhanklik en eintlik niks is nie. Eintlik is dit die eerste selfbewuste belewing dat ek “ís”.

Voorheen was ek nie eers vir myself dáár nie. Ek het nooit ’n minderwaardige beeld van myself gehad nie omdat ek nie enigsins ’n beeld van myself gehad het nie. Ek het nie in terme van myself bestaan en ek was nie vir myself “dáár” gewees nie. Dit is hoekom dit só vreemd en ryk was toe die gevoel in verskillende geleenthede opgekom het “ek is”.

Met hierdie innerlike bevryding gaan my toekoms en al die nuwe moontlikhede wat hiermee opgesluit is ten opsigte van myself nou finaal vir my oop. Ek is in myself los van die wêreld waar ek in myself vir 25 jaar geen bestaansreg of bestaansmoontlikheid as persoon gehad het nie.

Hierdie vryheid gaan saam met die wyse waarop ek myself in die gemeente laat geld. Ek is in beheer van myself en my werk. Die uitwerk en opbou van ’n geloofshouding wat die innerlike Jesus as ’n wanbeeld van Christus en niks anders as ’n afgodspatroon uitgewys het nie, en my doelmatige opbou en aanvalle van en teen die wanbeelde in die gemeente in die bevrydingsdienste, die charismatiese dienste, en die herlewingsideologie wat op verskillende konflikte met verskeie van hierdie godsdiens-beoefenaars uitgeloop het, het my myself, op intermenslike en strukturele vlak laat geld en my van die innerlike geïsoleerde wêreld van die godsdienstige en leefwêreld waarin ek myself geïsoleerd gevind het – deurbreek.

Dit is wat ek gister baie sterk en deurslaggewend met loofsgesprekke deurleef het. Ek soek nie meer na persoonlike innigheid en intimiteit in my godsdiens gesprekke nie. Ek beleef hierdie gesprekke glad nie meer as “getuienis” nie. Ek voel ook nie meer die nodigheid en behoefte dat ek deur hierdie gesprekke hulle in my eie persoonlike leef wêreld moet intrek of die behoefte en wil om hulle binne hierdie geïsoleerdheid van gemaakte innighede en intimiteite te wil beheer en manipuleer nie.

Dit hang saam met ’n ander wêreld wat ook binne in my nou deurslaggewend oopgegaan het, die wêreld van vertroue, lojaliteit, en ondersteuning, maar veral van medewerking aan ’n gemeenskaplike saak.

Hierdie wêreld was nog vir myself altyd iets onbereikbaars, in myself sowel as deur die strukture om my. … Hierdie medewerking en lojaliteit is ook deel van my en die dagbestuur se verhouding: hulle weet en vertrou my vir my afwys van ds. Groenewald, ds. Willie van

Rensburg en die geestelikes se magspoging en in my doelmatige teenkanting en opbou van ’n saak om hulle te ontmasker is hulle as dagbestuur self geborge (teologies) teen die oorname van die gemeente deur die charismatiese beweging. Dit is hierdie mede-afhanklikheid wat wedersydse ondersteuning en ’n tussenmenslike werklikheid geword het. Hulle optrede as dagbestuur is deels uit ’n lojaliteit om my te ondersteun en te beskerm. Die feit van mense wat bewustelik afhanklik en waarderend teenoor my teosentriese werk staan, het in my ’n finale breuk met my innigheidssoeke in ’n selfgeïsoleerde innerlikheid af gebring.

Ek is nou vry om die volheid van tussenmenslikheid te beleef!

Dit is genade van my Skepper- Here. Dit is die karakter wat my gesprekke nou met Bertus, Piet-Louis, Petrus le Roux, die bidure en die eredienste kry. Hierdie selfbelewenis is nie meer die van initmiteitssoeke en isolasie nie, maar meelewing, mee-werking, afhanklikheid, vertroue, hulp en ondersteuning. Ek beleef dat ek Bertus help om ’n vertrouens- en geloofsverhouding met God op te bou, en dit is iets anders as ’n uitbou van my eie geestelike belewenisse en my eie innerlike wêreld in en deur ander mense. Dit is die uitbou van die mens se gesprek oor die Here: Christus Jesus aan die regterhand van die Vader.” (Dagboek Silverton 16.09.1982)

“Bertus Kinnear: Bertus se geloofskennis en groei uit sy vorige konflik met Pieter Erasmus wat hom “bekeer” het, is vir my ongekend. Ek is nou vas oortuig dat die propaganda dat die evangelie “eenvoudig” moet wees en die beskuldiging dat enige lering oor die kerk; oor God, oor Christus en die wederkoms vir die mense te swaar en te moeilik sou wees, die doelbewuste skep van ’n leke-massa deur die “evangeliese mense” is. Hierdie aspek van ’n ware geloof in Jesus Christus ontbreek, nie as moeilike dele van die dogmatiek nie, maar as vertrouensfasette in Jesus Christus self, die Here van sy kerk op aarde.

Die deurbraak lê daarin dat Bertus as standerd sewe seun vir my vra: “Hoe ver strek die verbond?”; “Hoe kon Christus aan die kruis sterf as Hy God was?” Deur die “evangeliese” of kultiese ideologieë sou dit te teoreties wees en nie ter sake vir hulle intieme verhouding met God nie. Só word die ateïsme juis deur hierdie evangeliese kultusse geakkommodeer en gesinkretiseer.

Emosioneel is Bertus vir my ’n nuwe dimensie van my geloofslewe. Toe hy na my gekom het om oor die heilsorde te gesels het ek self nog in hierdie geloofsoorgang gestaan. Ek het hom ingelig oor die kultiese en persoonlike dwang van die bekering wat hy onder Pieter Erasmus moes deurmaak; ek het hom gelei om hierdie tipe bekering heeltemal te verwerp; om hom van hulle getuienis propaganda te onttrek en nie aan sulke getuienisse deel te neem nie; om die bindinge teologie van die bevrydingsbedieninge te verwerp; ek kon hom opbou om homself as verbondskind te sien; om net op God se verbondsgenade te vertrou; om sy eie doop as teken van God se genade aan Hom op te eis; om op God se wederbarende, regverdigende en heiligende genade te vertrou, en nou begin ons oor Christus se persoon en werke gesels en oor kennis van vertroue van Christus.

Hierdie geloofsgesprek is vir my self totaal anders as die vorige tipe gesprekke in die kultus waar ek persoonlike intimiteit moes skep en hierdie intimiteit tussen ons moes voorleef en self beleef as die intimiteit met God wat ons met mekaar moet deel. Hierdie tipe gesprek is een van medeverantwoordelikheid om saam op God te hoop. Die tussenmenslikheid wat ek met Bertus deel is totaal iets anders as die persoonlike belewenisse wat ek in die “evangelisasie” gesprekke ervaar het. Hierdie ondersteuning, hulp, begeleiding en agting vir die persoon met wie ek in gesprek is, is iets wat ek nou eers werklik in die geloofsgesprek oor wie Christus is en wat Christus doen vind.

Dit is iets wat ek in die vorige magsgevoelens en magsfantasieë van persoonlike innigheid as die wyse waarop ons God in mekaar moet vind nie geken het nie. In hierdie tipe gesprek het iets anders ook met my gebeur – dit deurbreek die isolasie waarin ek selfbevange is.”
(Dagboek Silverton 5.10.1982)

Die magtigste wapen wat geestelikes gebruik om mag oor mense en gemeenskappe te kry is isolasie. Hulle bekering is niks anders as isolasie nie. Dit het ek probeer verwoord in die begrip “sirkels van onmag”. Hulle keer jou nie tot God nie. Hulle keer jou in jouself in en in hierdie selfingekeerdheid moet jy hulle innigheid as die intimiteit met God self beleef.

Hierdie geestelike isolasie was deur ons huisgodsdiens en my pa se Pinkstergeestelikheid wat hy weer by sy ouers se Pinkstergeestelikheid gekry het, deel van die gesinslewe. Hierdie geestelike isolasie was die bekering waarin ek ingelei was en dit was ook die mag wat ek met en deur my eie “geestelike werk” met ander mense moes uitoefen, om hulle in my en die mense in wie se geestelikheid ek self bevange is, te isoleer. Deur hulle tipe geestelike bekering te verwerp, het ek uit hierdie isolasie kon breek en myself deel van myself, die gemeenskap en wêreld kon begin ervaar.

“Hierdie isolasie word die laaste twee maande in my deurbreek”
a. Kultuur-histories. In my vorige selfbelewing was die kultuur en historiese dimensies van ons menswees vir my ’n wêreld wat alleen bestaan het in terme van my (geestelike) verlangens en belewenisse. Nou egter is hierdie dimensies van menswees vir my duidelik sienbaar. Ek sien en verstaan die kultuur en historiese prosesse. Ek sien my as deel en gevormd deur hierdie kultuurgedrag en historiese besluite, menings en houdings van die Afrikaner-kultuur, die Suid Afrikaner kultuur en die wêreldkultuur.

b. Menswees.
In hierdie vorige geestelike isolasie, wat godsdienstig, emosioneel en ook eksistensieel (ek moet beleef), hedonisties (ek moet gelukkig wees), en kapitalisties bepaald was, kon ek nie die mens in sy menswees sien, verstaan en hanteer nie. Daar was ’n goddelike noodwendigheid of goddelike universaliteit wat my nie die mens as mens kon laat sien nie.

Ek kon nie die mens in sy biologies-chemiese bestaan in my mensbeeld integreer nie. Ek kon nie die kultuurverantwoordelikheid en selfkreatiwiteit van die mens raaksien nie. Ek kon nie in hierdie goddelikheid die mens se sterflikheid en eindigheid in my mensbeeld integreer nie.

c. Die natuurwetenskap.
Die identifisering en integrering van die natuurwetenskaplike wêreldbeeld van die moderne samelewing was nooit deel van my geloof in Christus gewees nie. In my geestelikheid was ek hiervan totaal geïsoleerd. Dit was nie ’n manier waarop ek self die kosmos gesien het nie. Nou is ek sensitief en bevatlik vir hierdie prosesse wat daagliks om my afspeel. Van fotosintese tot die ontploffings van planete en die beweging van planete en sonnestelsels.

God.
Hierdie isolasie het ook ten opsigte van God bestaan. Ek was nie net van myself, die wêreld, mens en tyd geïsoleer nie, maar ook van God. Hierdie isolasie kan ek nou seker as diësies tipeer, maar nou dat ek hierdie isolasie deurbreek het, nou is ek verward met panteïstiese en ander tipe godsbeelde.

Nou word die eis en appèl van Christus om God vir my te wees, die angs, maar ook die evangelie.

Die deurbreek uit hierdie isolasie is ook duidelik uit die feit dat ek nie meer absolute antwoorde en sekerhede in myself het nie. Hierteenoor is die sekerhede wat hierdie tipe isolasie waarin ek geestelik opgebou was, juis ’n absolute sekerheid wat maklik antwoorde gee, en tog nooit antwoorde gee nie.

Om hierdie isolasie waarin ek my self nooit deel van die gestruktureerde wêreld gevind het nie, as isolasie te kon vind en herken, is vir my nog totaal vreemd. Ek sal nou die omvang en werking van hierdie isolasie moet deurvors.

Hierdie isolasie was die leef in ’n wêreld wat nie bestaan nie. Dit was ook die weiering om die wêreld waarin ek geleef het in my self te integreer. Dit was deur en deur ’n ideologiese bestaan. Hoe en waar is nog nie vir my duidelik nie. Dat dit wel beide met godsdiens en emosionele stryd te doen het, is beslis.

Op RAU het ek amper hierdie isolasie deurbreek in en deur die Wysbegeerte, maar die kultiese druk van die Jeugaksies en die godsdienspropaganda van ds. soos ds. Willem van Niekerk het gemaak dat ek in die middel van my 3 de studie jaar weer in die kultiese druk toegegee het en is ek weer in die angs van hierdie isolasie oorgegee.

Ek sal hierdie tipe isolasie finaal moet deurbreek deur al die struktuurdimensies van die wêreld wat ek is en waarin ek myself bevind te integreer. Dit was hierdie isolasie wat my in my akademies intellektueel afgestomp het en my as mens onmagtig en passief gemaak het. Die gemeenskapstrukture wat ek nou integreer, deurbreek hierdie passiewe houding ten

opsigte van nadenke, ruimtebesetting en selfhandhawing. Ek is nou finaal bevry: ’n nuwe lewenshouding het sy basis in my gevind.” (Dagboek Silverton 5.10.1982)

### 62. Die verwoording van die kontras tussen die Evangeliese bekering as bekering tot God en die moderne Christelikheid se bekering as inkeer in jou eie goddelikheid in.

Die kerkraad het versoek dat ek die bidure Sondagaande na kerk in die konsistorie sal aanbied. Ek besluit om die saak van bekering waaroor die Pinkstergesindes my so aanhoudend besig was om my oor aan te val, vir die eerste keer aan te spreek. Ek doen dit in twee Bybelstudiestukke: die 15 de September oor “Bekering is ’n toekeer na God self” en die 22 ste September oor “sirkels van onmag: bekering is ’n wegkeer van sonde en sonde is ongeloof in God”.

Vir hierdie aanbiedinge doen ek die voorbereiding uit “Het Schatboek der verklaringen over de Heidelbergse Catechismus” deur dr. Zacharius Ursinus.

Met hierdie Bybelstudies het ek besluit om die Pinkstergeloof in die kern van hulle eie oortuiging aan te val, hulle bekering en op die Christelike alternatief te wys.

Ek kry dit vir die eerste reg om in die saak van bekering soos dit deur Ursinus beskryf en toegelig word in die Heid. Kat. vir myself te vind. Ek verwoord dat hulle bekering waarop hulle hul beroep, en wat ek as my bekering geglo het, nie volgens die Woord van God as ’n bekering beskryf kan word nie. Daarmee stel ek ’n nuwe fokus op die inhoud van bekering.

Ek doen voorbereiding ook uit Leonhard Goppelt se “Theologie des Neuen Testaments” waarin ek vir die eerste keer ’n teoloog lees wat die begrip “bekering” in die drie Sinoptiese evangelies beskryf as ’n toekeer tot God deur geloof in Jesus Christus.

In sy verduideliking dat geloof in Christus in sig self die eskatologiese “bekering” van die Messiaanse tyd is, en saam met die Heid. Kat. se beskrywing van geloof as die grondslag van die bekering uit sonde tot die wet, het ek nou die Skrif- en geloofsinhoud inhoud gehad om die bekering van die moderne Christelikheid te ontdaan van die inhoud en aanspraak wat hulle aan hulle bekeringservarings gee.

Prof. Frikkie Botha het aan die einde van ons teologiese studies ons aanbeveel om in te teken op so veel as moontlike tydskrifte van godsdienstige instellings. Ek het dit gedoen en het al die Pinksterkerke se tydskrifte ontvang. Hieruit kon ek hulle eie oortuigings en inhoude vind en toets.

“Bekering. Silverton biduur 15 September 1982

1. Bekering is ’n toekeer na God self. a. Klaaglied 5:21; b. Deut. 30: 2,10 c. Jesaja 9:12; 31:6; 55:7. 2. Bekering veronderstel dus ’n kennis van God soos Hy Homself openbaar en ’n vaste vertroue op hierdie God. Ek keer my tot ’n God wat ek ken en vertrou.

Piëtistiese vroomheid en bekering:
a. Saligheidsdenke. In hierdie vroomheid word daar geskei tussen die Hemel en die Hel as bestemming van die siel van die mens ná sy dood. In hierdie vroomheidstipe word die vromes deur die voorgangers gedreig met die pyn en lyding die Hel en in verwondering gebring oor hoe wonderlik die vrede en vreugde van die Hemel vir die siel is. Dit sien ons duidelik uit “De Brede en de smalle weg”. Die toegangspoort vir die siel tot die hemel eendag na die dood is ’n bekering op aarde. Dit is ’n spesifieke bekeringstipe. Busskampf: innerlike wroeging oor hoe verlore die mens se siel is wat hom dryf om Jesus in sy hart aan te neem waarop ’n innerlike vrede en sekerheid volg oor die eie ewige saligheid.

b. Geloofsekerheidsdenke. Hierdie is ’n moderne weergawe van die ou “siele-saligheid”. In plaas van die “siel” staan die “lewe” van die mens, hier en nou op aarde, in die sentrum van die geestelike lewe. Die mens soek nie meer na sekerheid oor sy siel na die dood nie, maar sekerheid oor sy eie geestelike lewe, hier en nou. Hier word nou onderskei tussen “’n lewe waarin God nie is nie” en ’n lewe “waarin God is.” Die voorgangers van hierdie vroomheidstipe dreig mense oor hoe sinloos die lewe is waarin God nie is nie en oor die vreeslike uiteinde van so ’n tipe lewe (hel). Aan die anderkant word “getuig” oor hoe wonderlik is die lewe “waarin God is” en die tipe sekerheid. Die oorgang van ’n lewe sonder God en ’n lewe met God daarin, is ’n bekering. Bekering is ’n innerlike stryd van onsekerheid oor “God in my lewe” wat my dryf om “Jesus op die troon van my hart te kry”, “om Jesus in my lewe in te nooi” en “Jesus in my lewe te aanvaar”.

c. Moralistiese vroomheid en bekering.
Hierdie vroomheidstipe gaan terug op sowel die ou Metodisme as die ou Puriteinse lewenshoudinge. Die moralis onderskei tussen ’n goeie en slegte lewe; ordentlik en bandeloos; vroom en onheilig. Die slegte lewe is sedeloosheid soos: drink, vloek, dans, rook, egbreuk en dobbel. Vandag is dit popmusiek, dwelms, kleredrag en haarstyle. Die goeie en ordentlike lewe is om ingetoë, nederig, behulpsaam, vriendelik en liefdevol te wees en jou af te sonder in gebede, kerkgang en Bybellees. Hierdie vroomheid is geneig om die “vrug van die Gees” tot nuwe geestelike wettisisme te maak.

Bekering by hierdie vroomheid is veral die keuse om nie langer met my slegte lewe aan te gaan nie, maar om nou “vir Jesus” te lewe. Hierdie tipe bekering val saam met die besef en gewetenstryd dat ek ’n slegte lewe lei en dryf my om ’n ander moreel-goeie lewensstyl te volg: nou gaan ek leef soos Jesus wil hê ek moet leef en nie meer soos ek wil nie.

d. Metodistiese vroomheid en bekering.
Die Metodis onderskei veral tussen godsdienstige en godsdienslose mense. Die godsdienslose mens is iemand wat nie bid nie, nie Bybellees nie, nie huisgodsdiens hou nie en nie kerklike

eredienste en ander kerklike byeenkomste bywoon nie. Die godsdienstige mens is die een wat al hierdie kultiese elemente onderhou.

Bekering word hier veral gekenmerk in sinne soos: “I’ve found true religion; I’ve found the true meaning of religion en andere. Bekering is om die sinloosheid van ’n godsdienslose lewe te beleef en om “Jesus te aanvaar” waarna jy ontdek dat godsdiens\kultiese, die ware betekenis aan jou lewe gee. Dit is veral hierdie vaste 3 punt, 4 punt en tot 14 punt planne of 3 of meer geestelike boekies voorgeskryf word, wat die “trappe” tot ware godsdiens is.

e. Belewenis- of ervaringsvroomheid, en bekering.
Die belewenis- of ervaringsbekeringe is ’n interkerklike beweging maar het al ’n georganiseerde karakter in kerke soos die Hatfield Baptiste, Rhema-kerk en in baie herlewings- en opwekkings-vroomheidsgroepe gekry. Die interkerklike karakter van hierdie vroomheidstipe lê nie in geloof in God nie, maar die interkerklike belewenis van die moderne stad.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Universiteit, kollege, | Teorie | <--------------------> | praktyk | organisasies, fabrieke |
| Maatskappye, besighede | onpersoonlik | <--------------------> | persoonlik, | familie en eie lewe |
| Geskiedenis, gebruike | Tradisie | <--------------------> | belewenis | eie-belewenis |
| moderne kuns, kultuur | wêrelds | <--------------------> | geestelik | eie gemoedswêreld |
| | onwerklik | <--------------------> | werklik | |

Binne hierdie nuwe innerlike selfbelewing van die mens kry bekering nou ook ’n nuwe betekenis en word daar ’n nuwe interkerklike onderskeid tussen mense gemaak
’n Mens bekeer nou van
a.teoretiese Christenwees tot praktiese Christenwees,
b.onpersoonlike dooie geloof tot persoonlike geloof,
c. gewoonte godsdiens tot ware godsdiens d. wêreldse Christen tot geestelike Christen. Dit is, van nie-werklike Christen tot werklike Christen wat dan dieselfde is as gewone kerklike Christene tot interkerklike Christene.”

Hierna wys ek dat die kern van hierdie tipe bekerings gaan oor die nuwe innerlike God. God se ware posisie word gesien as God-in-ons, God-in-ons lewe, in my hart en op die troon van my lewe en hart.

Om God in hierdie posisie te kry moet die mens God in sy lewe innooi en dit is die nuwe betekenis van “aanvaar”: Hiermee saam moet die mens dan sy “self” en “eie-ek” kruisig om God toe te laat om God binne in die mens te wees.

Ek wys dat dit ’n innerlike geestelike mistiek is wat ’n wanbeeld van die Skepper is. God is Here in Christus. Daarom is die werklike onderskeid tussen die kerk en hierdie nuwe geestelikheid die verskil tussen God-in-my soos hulle God beleef of God in Christus soos God Homself in Christus openbaar.

Ek wys dat dit die werklike verskil is tussen die bekering wat die kerk verkondig en die bekering in die Pinksterbeweging: Die kerk verkondig bekering as die toekeer tot God in Christus, maar die Pinkster beweging verkondig bekering as ’n toekeer tot God-in-my en volgens die Skrif is hierdie toekeer tot God-in-my geen bekering nie.

Hiermee ontwrig ek die geestelikes in die ervaring en begrip wat hulle hulle self in bemagtig voel – “bekering”. Ek wys dat hulle geestelike ervaring wat hulle voorhou as die Christelike bekering,  is volgens die Skrif geen bekering nie.

Met hierdie beskrywing van hulle tipe geestelike bekering as ’n selfingekeerdheid wat nie bekering is nie, dit is, ’n toekeer tot God is nie,  kon ek die volgende Bybelstudie aan bied: Bekering in die Pinksterbeweging as “sirkels van onmag”. Hiermee wys ek dat die Pinkterbeweging gewone menslikheid wil afsterf, dit is gewone menslikheid wat nie sonde is nie. Hierteenoor stel ek die wegkeer van sonde in die Skrif as die wegkeer uit ongeloof in God.

“Bekering. Silverton biduur. Sirkels van onmag.  22 September 1982.

1. Belofte. Die belofte van die godsdiens-propaganda is ’n nuwe, lewende, hegte, kragtige, “intiem” verhouding met God. Om hierdie doel te bereik moet die mens die tipe bekering deurgaan wat elke vroomheidsgroep vir homself voorskryf. ’n Vaste element van hierdie tipe bekerings is dit wat jy nie meer mag doen nie, dit wat jy volgens hulle eise moet afsterf. Alhoewel almal dit sonde noem, is sonde nie vir almal dieselfde ding nie.
2. Wat moet afgesterf word om die belofte te bereik?
   a. Onheilige emosies. (Innerhealing” metodiek van die AGS en Neo- Pinkster beweging.) 1.Onheilige emosies. Vir hierdie tipe geloof is die sondelyste van Gal.5:1-21 en 1 Kor. 6 “onheilige” en negatiewe “emosies. Hierdie onheilige emosies wat spanning skep en siektes in ons veroorsaak, is volgens hulle dit wat die Bybel die werke van die vlees noem in Gal.5. (Pinksterboodskapper Julie 1982) Hierdie onheilige emosies hou jou weg van die koninkryk van God: vyandskap, haat, naywer, woede en afguns. 2. Hoe sterf ek hierdie onheilige emosies af? Volgens hierdie wangeloof word hierdie onheilige emosies afgesterf deur die ervaring van selfontsluiting. Hierdie proses begin deur die onheilige emosies van jou verlede op te diep (psigoterapeuties) Nadat jy hierdie emosies opgediep het, moet jy dit hardop bely, (’n Stil belydenis voor God het geen krag vir hierdie “onheilige emosies” nie.) Onheilige emosies mag nie onderdruk word nie, dan boet jy met siekte! Na die hardop bely volg genesing van siektes en moet jy positief aan Jesus begin dink. (Pinksterboodskapper Junie, Julie Augustus 1982)

   Hier kry ons dus ’n sirkel van onmag.

→ onheilige emosie onderdruk →

dink positief (werk nie, begin weer) ← hardop bely ← ontdek en erken

b. Sondige gewoontes.

(Metodisme van Wesley en neo-Metodisme van Réveil- en herlewingsbewegings.

1. Sondige gewoonte. In hierdie wangeloof word enige gewoonte vormende gedrag i.hetsy fisiese afhanklikheid: drank, rook, koffie, kos of ii. kompulsiewe gedrag soos angs, aggressie of obsessies as sonde gesien. Hierdie gewoonte as sulks word as sonde gesien. Die fisiese afhanklikheid (verslawing) en die kompulsie word as die mag van sonde, die mag van Satan e.a. gesien. Hierdie sondige gewoonte sou jou weghou van ware Christenwees. 11. Hoe sterf jy hierdie sondige gewoonte af? Na ’n “bekering” (vgl. moralisme of metodisme) moet die mens nou soos Jesus lewe. Maar die mens is swak en kan dit nie deur sy eie krag doen nie. Hy kan alleen deur die krag van God in sy lewe hierdie gewoonte afsterf. Daar is nou verskillende wyses waarop hierdie “krag van God” in die mens vrygestel kan word. a.die krag van gebed (Andrew Murray), b.die krag van positiewe denke (Norman Vincent Peale), c. die krag van lofprysing (M. Caratothers) d. die krag van geloof (Charismatiese beweging). Hierdie optrede: gebed, positief dink, God prys, glo is nou metodes om die “krag van God” vry te stel. As jy nie uit jou “sondegewoonte” kom nie, is dit omdat jy nog nie genoeg gebid, geprys, geglo of positief gedink het nie.

Sirkel van onmag

kompulsiewe gewoonte = sonde → moet nie op eie krag vertrou nie → kry “God” of “Gees” se krag deur gebed, prys, e.a. → nie genoeg nie → kompulsiewe gewoonte = sonde

c. Die “eie”-ek.

(Die geestelike mistiek/ passivisme van die Charismatiese beweging)

i. Hierdie wangeloof het al gelei tot die vrywillige selfmoord van 800 mense in die VSA (Jim Jones). In hierdie wangeloof is die sonde die reg op myself, my eie opinie, my eie wil, en my eie begeertes. Volgens hierdie wangeloof is die nie “dinge” wat prysgegee moet word nie, maar jouself, die “eie-ek”. (Uit: ’n Lewe van oorwinning deur Frieda van der Walt) ii Hoe sterf ek die “eie-ek” af? Omdat my “ek”, dit is die sentrum van my bestaan, persoonlikheid is, moet ek my persoonlikheid afsterf en moet dit met God “volgemaak” word. Die teksvers wat hier gebruik word, is: Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my”. Jy moet gewillig wees om aan jouself te sterf, as “ek” te sterf, dan het jy nie meer ’n wil of ’n lus nie, Dan is die ek dood en is God in jou.

Sirkel van onmag

die eie-ek:persoonlikheid

“geestelike asemhaling” afsterf van my “ek”

volgemaak met God “Gees” vervul.

3. Die onmag (’n Illusie en manipulering deur skyn-vromes.)
   Die onmag van hierdie geestelike prosesse (a.b.c.) en vele ander, is al gaan jy 10 keer deur hierdie proses, bereik jy nooit die doel van bekering volgens die Skrif nie, dit is, gemeenskap met God nie. Baie keer probeer Christene vir jare met al hulle geestelike inspanning deur hierdie geestelike metodes ’n verhouding met God opbou. Maar met hierdie ontnugtering. Hierdie geestelike prosesse is ’n wangeloof wat niks met die Christelike bekering te doen het nie. Daarom moet u hierdie “geestelikheid” staak want dit het niks met geloof in God te maak nie en rig niks op tussen God en die mens nie.
4. Bekering is ’n wegkeer van sonde. i. Opregte bekering oor sonde is ’n wegvlug van sonde, is opstand teen sonde en die afsterf van sonde. 1 Kon. 8:35; Esegiël 18:21; 33:12 en Hand 8:22. ii Sonde is ongeloof in God. Ongeloof is nie maar net ’n verkeerde gesindheid teenoor God nie. Ongeloof is ook nie emosies, gewoontes of my persoonlikheid nie. Ongeloof is ’n verkeerde kennis van God en ’n verkeerder vertroue in God. Die “verkeerde” van sonde, is ongeloof Ongeloof in woorde, dade, en gesindheid. Dit hierdie ongeloof wat ek teenoor God moet afsterf, dit is nie iets wat God moet afsterf nie. “Ongeloof is om sonder vertroue en toewyding aan God te leef”.

Hiermee het ek die onmag van hierdie tipe geestelike oefening uitgewys om mense enigsins tot God te laat keer. Hierdie innerlike geestelike oefening is nie die bekering tot God nie. Bekering tot God kan net uit geloof en tot geloof in Jesus Christus wees.

Die deurbreek op die begrip “bekering” het saamgegaan met twee preke wat ek uit Matteus gemaak het en tydens die oggend en aanddiens van 19 September gelewer het. Hierin het ek die sleutelmag van die kerk ontdek as die geloofsbelydenis van die kerk as geloofsgemeenskap en kon ek dit onderskei van die persoonlike mag van geestelikes.

Met die deurbreek van die begrip “bekering” soos dit in afgodsdiens in die gemeenskap en kerk bedryf word, en die inhoud van die Messiaanse bekering as ’n toekeer tot God in Christus, deurbreek ek ook die houvas wat afgodsdiens en goddeloosheid taalkundig op my gehad het, in die hoor en verstaan van die inhoud van die Skrif. Die inhoud van die openbaring van God in en deur Christus en nie geestelike ervarings of filosofie nie, het my vryheid gegee. Hiermee kon ek nou ook begin om uit die bi-polêre spanning van goddeloosheid en godsdienstige goddeloosheid, dit is, afgodsdiens, te kom.

“Ek sal die lyn van ontwikkeling waarin ek besig is om myself in op te bou, vanaf Sondag se twee preke en die samehang van hierdie geloofsinhoud met my huidige denke en geloofsworsteling oor “bekering” moet oordink.

’n Insig wat vanoggend vir my oopgegaan het, is die dwang en opeising wat ek die moderne vroomheid nog toelaat in my eie werksaamheid. My worsteling die laaste drie jaar, beleef ek nog altyd as ’n intellektuele worsteling wat niks met die innerlike belewinge van vroomheid te doen het nie. Binne hierdie skeiding gee ek nog steeds aan “Bybellees”, “persoonlike “gebedslewe” en “getuie-wees vir God”, die volmag en alleen gesanksioneerde proses om ’n geloofsverhouding met God in hierdie wêreld op te bou. Daarom voel ek nog altyd omdat ek nie meer besig is met “Bybellees”, “persoonlike gebedslewe” en “getuie-weesvir God nie”, is ek hoegenaamd nie besig met ’n geloofsdaad in die nadenke, disassosiasies en nuwe uitbou van nuwe ruimtes nie, maar moet ek voel dat met hierdie dade is ek as ateïs net besig om God stelselmatig te verloën en te ontken, en is ek met ’n nuwe eie lewensontwerp besig wat nie geloof in God is nie.

Die anneksasie en monopolie van die moderne vroomheid op God blyk uit die woorde wat ek my self genoodsaak voel om te moet gebruik: “nadenke”, “disassosiasie”, en die “uitbou van nuwe ruimtes”. Die direkte openbaring en leiding van God, bekering en die “nuwe lewe”, is die monopolie wat die nuwe vroomheid op God het. Daarom sou my Bybelnavorsing nie” soek na God” wees nie, maar ironies genoeg, in my prediking hierdie jaar het ek meer van Christus as God met ons verkondig en meer oor God gepraat as wat ek die afgelope 25 jaar van my lewe van al die forums van vroomheid gehoor het. Ek het hierdie jaar werklik dimensies oor God vir myself ontsluit in my “wetenskaplike navorsing”, terwyl God voorheen net vir my ’n innerlike geestelikheid was. Maar tog maak die vroomheidskultus asof hulle die alleenreg het op “’n intieme omgang”, gemeenskap en ware lewende verhouding met God.

Daar het vir my oor die afgelope drie weke nuwe horisonne, nuwe ruimtes oopgegaan, wat vir my nog vreemd is. Dit is ruimtes waarin ek nie meer ideologies is nie, maar ’n gelowige is in God as Persoon, in God as Skepper, Onderhouer, Voorsienige en Here in en oor die ganse kosmos. God nie as innerlike belewing nie, nie as net deel van ’n innerlike geestelike geloofswêreld nie, maar God wat God is as ’n “buite-my” werklikheid, hier heersende God!

God was vir my nog altyd net ’n innerlike geestelike subjektiwiteit. Daarom was die Twaalf Artikels vir my ’n niksseggende dokument. Nóú is dit die hart van my geloof in God, God wat totaal iets anders as my eie subjektiewe geestelikheid is. Met die oopgaan van hierdie ruimte het die strukturele- en wêreldverbande vir my nou ook oopgegaan. Daar het vir my ’n eenheid tussen my belydenis van God en die wêreld, nie my innerlike leefwêreld nie, maar die wêreld in al sy tyd-ruimtelike dimensies en fasette oopgegaan: geskiedenis en wetenskap. God en kosmos is vir my nóú werklike ruimtes.

Maar vir die moderne vroomheid het net hulle seggenskap op “die nuwe lewe”, “die wonderlike vrede met God”, die wedergebore lewe”, en is hierdie ruimtes wat nou vir my oopgegaan het vir hulle nie die “koninkryk van God” nie. Volgens hulle is God en my belydenis van God maar net “intellektuele en wysgerige boekekennis” wat nie die ware lewe in God kan gee nie.

Is dit nie dalk moontlik dat my twyfel en angs, die bou is aan dit wat God behaag en dit wat Sy Naam verheerlik, en is dit wat die moderne vroomheid in soveel oortuiging en sekerheid doen, met die verbanning wat hulle my oplê in hulle ruimtes, nie ’n Godniksseggende selfwerksaamheid nie?

Here is ek U nar of U begenadigde?

Is dit moontlik dat ek die koninkryk van God nou werklik ontdek het en werklik in besit geneem het? Of is dit net die vryheid van nog ’n nuwe innerlikheid?” (Dagboek 21.09.1982 Silverton)

Hiermee kon ek uit die moderne vroomheid se innerlike greep met dit wat hulle voorhou as sou dit die Christelike bekering wees, breek.

Die ontdekking dat hulle geestelike bekering niks anders is as innerlike selfomwentelinge nie en dat hierdie selfomwenteling onmagtig is om mense tot God te keer, was die gevolg van die ontdekking dat geloof in Christus die ware bekering tot God is.

Dit is uit en met die openbarings- en geloofsinhoud van wie God in Christus is, wat ek kon breek met en uit die innerlike geestelike wêreld van afgodsdiens. Hierdie innerlike geesteswêreld wat ek as “die intieme verhouding met God” geken en geglo het. Ek kon nou deur die geloofsverbondenheid met Christus as Here aan die regterhand van die Vader hierdie “intimiteit” herken as niks anders nie as die dwang om die mag en oorheersing deur geestelikes as God se liefde te moet glo en te moet ervaar nie.

Ek maak hierdie breuk deur my hele geestelike verlede volgens hierdie nuwe Skrif en geloofsinhoude weer te herverwoord. Die nuwe waartoe my breuk met hierdie intimiteit met God in en deur geestelikes, uit my geloofsverbondenheid aan Christus, my bring, is om hierdie geestelike ervaringe in historiese en strukturele perspektief te kan plaas.

Hierdie innerlike geestesaandoeninge is nie vir my meer “god” se onverstaanbare, ewige en onsigbare liefde, werkinge en krag nie. Dit word vir my deur die openbaringsinhoud en geloofsinhoud in Christus net wat dit in werklikheid is: die

magsopbou van ’n godlose vroomheid binne in die Kerk van die Here waarin Christus nie te vinde is nie.

Hiermee begin ek vir myself die kerkgeskiedenis ontsluit en kry ek insig in die historiese opbou en ontwikkeling van hierdie geestelikheid. Hierdie historiese aanvoeling sou uitloop op die verslag teen Doelgerigte Gemeente bou in Levubu en is ook die onderbou vir die begrip en historiese verantwoording van die begrip “moderne Christelikheid”.

“Met gister se lesing oor bekering het ek gister ’n groot stuk van my verlede ongedaan gemaak. Ek dink dat “sirkels van onmag” is die regte tipe beskrywing van hierdie tipe geestes wêreld. Die stryd met hierdie tipe innerlike geesteswêreld het begin met die tipe bekering wat ek en andere by “die Hoekie” onder die manipulering van die CSV moes deurgaan. Die CSV is die langs-kerklike geestelikheid wat uit die Andrew Murray vroomheid ontstaan het. Dit is interessant dat Johan Haasbroek hierdie selfde soort bekering in Zeerust moes deurgaan deur die optrede van ds. RB Murray wat Pinkster hier in Silverton gelei het, en nou, ironies genoeg, die sinodale predikant vir evangelisasie is. Hy vertel my hoe histeries ds. RB Murray die koshuiskinders gehad het met sy oordeelsprediking en hoe hulle almal binne hierdie histerie tot “bekering” sou gekom het.

Van standerd sewe tot in my vroeë universiteitsjare is ek in die geestelike worsteling gewees op soek na “die intieme verhouding met God.” Hierdie soeke na die intieme gemeenskap met Jesus is in my gewek na die Hoekie, deur die Lamprecht-kring. Die Lamprecht-kring het in die skool se godsdiensperiodes druk op my uit geoefen omdat ek nog nie “geloofsekerheid” sou gehad het nie.

Na ’n godsdiensperiode waarin ek en mnr. van der Merwe saamgestem het dat ’n mens nie met totale sekerheid oor God self kan leef nie, wat insiggewend, by my op daardie stadium ’n vraag na God self was, was hierdie Lamprecht-kring heftig, maar tog leedvermakerig ontsteld, oor ek nie geloofsekerheid gehad het nie.

Die groepsdruk het my onder gekry en in standerd sewe was ek deel van die geloofsekerheidskring van ds. Lamprecht (van Germiston-Suid gemeente, die gemeente waar my oupa leierouderling en katkisasiemeester vir jare was). Hy het hierdie tipe godsdiens by Afrikaanse Hoërskool Germiston staan gemaak deur die CSV op die skoolterrein en die KJA van Germiston-Suid gemeente. Ek het in hierdie aksie toe opgegaan deur ’n Bybelstudieleier in die CSV te word. Ek het op my beurt weer soveel as moontlik seuns deur hierdie CSV groepie tot “geloofsekerheid te lei, wat prakties beteken het dat ek net die godsdiensbelewenisse van die vroomheidsgroepie rondom ds. Lamprecht voorgesit het.

Die vroomheidswêreld van ds. Lamprecht is nie net deur sy bemoeienis deur die CSV voortgesit nie, maar is verder gestimuleer deur die opbou van die Jeug-tot-Jeug-Aksie met manne soos Malan Nel, Mike Smuts en andere. Hierdie “beweging” of vroomheidsgroepie

het sy leef wêreld verder uitgebou in skoolverlaters kampe van die Sinode van Suid Transvaal. Hierdie beweging het die werksaamhede en struktuur van die KJV’s in die kerk oorgeneem en dit tot die KJA’s omvorm. Die jeugleierskursusse van Suid Transvaal sinode was ’n verdere uitbou van hierdie geloofsekerheids-propaganda deur hierdie vroomheidskultus.” (dagboek Silverton 23.09.1982)

## 63. Die erkenning en ontnugtering dat die moderne Christelikheid die werklike en gewilde geestelikheid van die NG Kerk is.

Die herkenning van die inhoudloosheid van die moderne Christelikheid het gemaak dat ek die regte krag van hierdie geestelikheid kon herken: die tussen-menslikheid en interaksie van sosiale groepe.

Ek kry dit ook reg om die drie geestelike stappe waarmee die moderne Christelikheid geloof in God en liefde vir God inhoudloos maak en mense mee binne in afgodsdiens verstrik, finaal te herken en verwoord: bekering, godsvervulling en getuienis.

Ek gaan voer ’n gesprek met ds. Julian Müller wat nog studente-leraar van Universiteitsoord gemeente is en besef dat hierdie ’n bediening is wat binne die NG Kerk met mag staangemaak word en in stand gehou word. Dit is nie maar net ’n innerlike verstriktheid in myself met my eie ongeloof en eie verwarring soos ek dit gesien en ervaar het nie.

Meer, ek loop in die ontsteltenis vas dat hierdie valsheid deur die leraars van die NG Kerk verdra word sonder om dit as valsheid te wíl uitwys. Vir die eerste keer sien ek dat dit nie ’n valse bediening in die NG Kerk is nie, maar dat dit die eintlike bediening van die NG Kerk is.

“Hierdie geloofsekerheidspropaganda en die uitbou van hierdie vroomheidskultus, wat volgens hulle ’n getuienisaksie sou wees, leef dus in my net deur die sosiale groepe. (Uitbou, of te wel, “getuienis”, is in werklikheid alleen nog maar die inbring van ander en die sensasie om ander te manipuleer. Want hierdie geloofsaksie is na die ervaring van die vervulling met die Heilige Gees totaal steriel). a. Die CSV op skool, b. die skoolverlaterskamp op Bad-se-loop, c. Die skoolverlaterskampe op Achterberg, (ds. van Niekerk) d. Die geestelike sosiale groepsvorming van admissante in Afslaan koshuis op RAU, en andere, f. En toe nou werklik weer Malan Nel, nou as dosent op die fakulteit en die feit dat elke tokkelok op die fakulteit teologie aan die Universiteit van Pretoria nou toegerus word om hierdie propaganda aksie in elke gemeente in die NG Kerk voort te sit.

Deur hierdie sosiale groepe en strukturering van die vrome gemoed van geestelikes soos Eddie de Hart, Mike Smuts, Neels Lamprecht en Malan Nel, in en deur hierdie sosiale

groepe, is daar in my ’n geesteswêreld opgebou wat vir my tot dus ver net een ding ingehou het – HEL OP AARDE.

Hierdie innerlike geestesstryd waartoe ek gebring is deur die verwarring dat ek eintlik net ’n vroomheidskultus moet betree, sonder enige geloof in Christus, se magsgreep op my is nog verder versterk deur die totale verwarring wat hulle inhoudlose kultus binne in my skep deur hulle ontwrigting in my as my “stryd teen die Bose” voor te hou.

Omdat ek hierdie verwarring nie kon herken as die gevolge van die geestelikheid van hierdie sosiale groepe nie, kon ek daarom nie eers daaraan dink dat dit vir my ’n moontlikheid is om van al die kultiese gemors en vroomheidsbelewinge van hierdie innigheidsbeweging soos beliggaam in die Jeug-tot Jeug- Aksie, vry te kan wees nie.

Hierdie geestelike groep het ’n absolute seggenskap oor die gesprek met en oor God in die kerk gekry. Wie nie hierdie “sjibbolet” van die groep sê nie (oom Johan van Rensburg), is nie deel van die kerk nie en word aktief uit die kerk uitgehou deur hierdie groep wat ’n absolute magsgreep het op die vroomheid en geesteswêreld van die kerk.

Hulle bou hulle mag aktief op en handhaaf hierdie magsgreep deur die posisies waarin hulle binne in die kerk aangestel word. Maar hulle verstewig hulle magsgreep veral deur die beeldbou van hulle as geestelikes in die pers en openbare media en deur die persoonlike aanhang en navolg wat vroomheidsbewerkers rondom hierdie geestelikes opbou. Dit is dieselfde beeldbouery wat nou rondom Murray Janson, Nico Smit en andere gedoen word in die opbou van die sosiale geregtigheidsgesprek.

’n Ontstellende faset van hierdie magsgroep is die feit dat die hele NG Kerk en sy leraars hiermee saamgaan. Orals word die gesprek rondom God gestileer op die patroon van die Jeug-tot-Jeug -Aksie. Hierdie geestelikheid word nou deur ander aksies verder uitgebou, maar die inhoud daarvan bly wesenlik dieselfde : Geloofsekerheid, Vervulling, Getuienis.

Hierdie gesprek is weens die feit dat dit inhoudelik as die kerk se ware inhoud in alle strukture staangemaak word, die alternatief op die Kerk se geloofsinhoud: Sonde, verlossing en dankbaarheid.

Op hierdie wyse word daar binne die belydenis van die kerk ’n sosiale groep in die strukture van die kerk opgebou wat niks met die geloofsinhoude van die kerk te doen het nie. Die ateïsme word deur hierdie vroomheidskultus van Eddie de Hart, Mike Smuts, Malan Nel en Neels Lamprecht binne in die kerk ingeteel.

Die ironie is dat die hele kerk blind agter hierdie sensasie en die status van “’n man vir die jeug” aanloop, om nie agter te sou bly in die gesprek met die jeug oor God nie.

’n Verdere faset is dat hierdie tipe geestelike propaganda het net van belydende Christene “bekeerde” Christene gemaak, en op hierdie wyse die Afrikaner midde in die krisis van die moderne sekularisme gebring.

Die krag agter hierdie oorgang van ’n belydende Christen na ’n “bekeerde Christen” lê in die sekularisasie en die akkulturasie wat die Afrikaner sedert die twee Boere-oorloë belewe het. Hierdie tipe “getuienis” Christene, het die ateïsme as dryfkrag vir hulle eie en gestruktureerde godsdienspropaganda.

Van God en sy koninkryk kom binne in hierdie vroomheidskultus niks tereg nie.

Die opbou van hierdie geestelikheid in die Jeug-tot-jeug-aksie tot binne in die gevestigde kerklike gemeenskap: na vanoggend het ek besef dat die kerk deur hierdie gesprek oor God wat deur hierdie aksie groep beheer word , onbewus in hierdie ateïstiese vroomheid ingelei word.

Ek gaan maak dadelik daarna ’n afspraak met ds. Julian Müller en in ons gesprek ontdek ek tot my skok dat my analises geldiger is as wat ek gedink het:

a. die medeopsteller van die drie boekies oor geloofsekerheid, vervulling en getuienis, was ds. Jan Bouwer en hy is reeds uit die NG Kerk oor na die AGS,

b. die Jeugaksie is binne die struktuur van die NG Kerk staangemaak deur ’n visioen wat Mike Smuts sr. oor Suid Afrika gesien het,

c. hierdie visioen het ongelukkige wortels: dit was beleid dat die Jeugleiers van die Sinode gesubsidieer is om na Amerika te gaan, onder andere Mike Smuts en Eddie de Hart. Na die kontak wat in Amerika opgebou is (Kennedy, Evangelism Explosion) is hulle met hierdie aksie uit Amerika terug na Suid Afrika,

d. die stof van die gespreksboekies oor geloofsekerheid, vervulling en getuienis is nie behoorlik teologies gekeur of diepsinnig getoets nie.

Prof. Mias de Klerk het probeer om die doop en ander Gereformeerde aksente in hierdie boekies in te bou, maar dit is nie opgeneem nie.

e. Campus Crusade het intussen al sy boekies in Afrikaans begin versprei (vanaf plus minus 1967) Baie van hulle stof word net so in die Jeugaksie gereflekteer.

f. Dit is opvallend dat ds. Julian Müller noem dat daar ’n golf en stroom ten gunste van die Jeugaksie was op so ’n wyse dat jy verkeerd was as jy nie met die stroom saam gegaan het nie.

g. Nog opvallend is dat ds. Julian Müller noem dat ds. van Niekerk, Hannetjie Kasselman op Goudstad en Willie Pieterse op RAU deel van die vroomheidsgroep was wat amper ’n monopolie op Goudstad en RAU se studentebediening gehad het.

Ek self het hierdie vroomheidsgroep geken in persone soos Willie Pieterse, Johan en Stefan Krige, en andere. Naas hierdie vroomheidsgroep was daar Hendrik Heever se fanatieke houding met die admissante wat hy om hom geskaar het en Ernst Endres en Naas le Roux wat met die okkulte en “bevryding” onder die invloed van ds. le Roux van Melville besig was. Die straatwerk in die Irene koffiekroeg was ook op hierdie model bedryf.

Dit is vanuit hierdie wortels dat die jeug en deur die jeug die kerk nou met hierdie gesprek oor “geloofsekerheid” as evangelie gekonfronteer word. My medestudente is feitlik almal in die blindheid van hierdie ideologie.

Dit is hierdie kultus wat met berekende felheid my as akademikus besweer het en geïsoleer het met kragmanne soos ds. Willem van Niekerk as studenteleraar. Ek kon teen hierdie druk net uithou tot aan die einde van my tweedejaar op RAU. Toe het hulle my finaal gebreek. Derick van Heerden en Jeff Allen was die enigste ligpunt. Ons kon ure en dae werklik los van hierdie kulties-ideologiese druk filosofeer en wysbegeerte beoefen. Die aggressie van die Jeugaksiegroepe teen die akademie is ’n ideologiese engheid en ’n magsbedreigheid. Dit is erg duidelik hier in Silverton in sowel die angs en aggressie van di. Groenewald en Willie van Rensburg.

Ek deel hierdie vreugde vandag met oom Johan van Rensburg by wie ek hier loseer. Hy ken hierdie ideologiese magspel uit sy eie lewe in die MRA en die politieke spel van die predikante in die Hertzog tot Verwoerdfase met die druk uit en op die Ossewabrandwag.” (Dagboek Silverton 23.09.1982)

## 64. Die distansiëring van die moderne Christelikheid se magsopbou deur ’n “sosiale bekering” om die Afrikaanse gemeenskap te onderwerp aan selfontkenning ter wille van ’n nuwe nasie-kerk.

In hierdie week ontvang ek die uitnodiging van die vereniging Reformata Reformans deur die sekretaris Schalk Meintjies om hulle jaarlikse konferensie die naweek van 19-21 November op RAU Eiland in die Vaalrivier by te woon met die tema: “Die werk van die Heilige Gees teenoor pseudomagte.”

Ek was verstom dat die mense wat my as duiwelsbesete verdag gemaak het met die optrede van Eddie Dorey my as spreker uitnooi na hulle jaarlikse konferensie. Ek het vir lank geglo dat dit ’n fout van die sekretaris was, maar dit was nie. Dit was hulle manier om my in ’n konfrontasie in te lei. Dit het ek goed aangevoel en na prof. Frikkie Botha gegaan om sy raad te vra. Hy het my aangemoedig om die geleentheid

by te woon en om my insette te gee. Na sy aanmoediging laat weet ek toe Reformata Refomans dat ek vir hulle as spreker sal optree.

Op die 29 ste September kom kuier Dawid Swanepoel wat eerste jaar op die teologiese fakulteit is by my in Silverton. Sy pa was sendeling en hoog op in die broederbond. Op die kampus was daar ’n aktiewe werking en beïnvloeding van die predikante uit die broederkring om studente polities aktief te maak teen die regering en die Nasionale Party wat hulle as “sosiale geregtigheid” voorgehou het. Uit ons gesprek moes ek my weer verantwoord oor hierdie eis van “sosiale geregtigheid” soos wat die broederkring dit voorgehou het.

My breuk met die moderne vroomheid se bekering was meteens ook ’n breuk met hierdie geestelikheid waarmee hulle politiek as “sosiale geregtigheid” bedryf het. Deur my breuk met hierdie tipe bekering van die moderne vroomheid kon ek deur al die ideologiese en kultiese taal heen sien dat hulle net nog ’n variasie op hierdie valse bekering is.

Hulle wil nie net mense persoonlik aan hierdie valse bekering onderwerp nie. Hulle wil in en deur hulle “sosiale geregtigheid” die gemeenskap as geheel bekeer tot hulle geestelikheid. Hulle gebruik net die politieke arena as regverdiging vir hulle sosiale bekering van die Afrikaner, wat hulle almal in elk geval lankal een-een bekeer het.

Daarom voel ek in die selgroepe en propaganda van hierdie geestelikes weer instinktief aan dat hulle net die sosiale vleuel is van presies dieselfde mag wat die geestelikes wil hê deur mense persoonlik tot bekering te bring. Hulle wil die hele Afrikaanse gemeenskap tot ’n gemeenskapsbekering bring en op hierdie wyse ’n nuwe geestelike orde bring waarin hulle die geestelikes van die nuwe land, gemeenskap en sosiale orde sal wees.

Ek probeer die geestelike inhoude en inhoudelike verbande vir myself peil vanuit die geloof in Christus as alternatief op hulle bekering wat eintlik maar net niks anders is as identifikasie met God nie. Al verskil is dat dit nou ’n sosiale en nie persoonlike identifikasie is nie.

Wat vir my ook duidelik was is dat hulle ook met ’n tipiese teenstellings soos “intellek” vs. gevoel”, “tradisie” vs. “eksistensie” werk soos wat hierdie tipe geestelikheid dit met alle gemeenskapsake doen. Die yweraars vir “sosiale geregtigheid” ontwerp net hulle eie dualismes soos “vertikaal” en “horisontaal”, “persoonlik” en “sosiaal” om presies dieselfde geestelike mag op te bou as wat hulle oor mense persoonlik het.

“ Dawid Swanepoel kuier gister hier by my. Ek kry al meer perspektief oor die verbande en inhoud van “sosiale geregtigheid”. Faure Louw was predikant by Tshilidzini in Vendaland.

Hy het op Tukkies studeer en is deel van die Louw, Murray, Hoffmeyer sending uit die 1860’s van die PSV deur Andrew Murray. (Hierdie sending visie het weer ontwaak en deur die Tomlinson verslag is daar ’n hele nuwe sendingbeweging op hierdie voorbeeld herleef.) Hy en dr. Willem Nicol is vertrouelinge en kom gereeld volgens berig in Pretoria bymekaar. Hy is uit Vendaland uitgesit en die SA regering word verwyt dat hulle dit stilswyend aanvaar het en stilswyend is oor die Lutherse sendelinge wat in die tronk gesit is.

Hulle is besig met die nuwe sosiale-teologie wat in reaksie is teen beperking van die geestelikheid tot persoonlike bekerings. Hiermee wil hulle nou die nuwe gemeenskap opbou. Die rede vir sy uitsetting sou wees dat hy die opposisie van die Venda Nasionale Party in die tronk besoek het, hy wou ook ’n begrafnis vir ’n terroris reël (dit val saam met die Neil Agget propaganda) om waarskynlik propaganda teen die staat te maak.

SACLA. Willem Saayman. Hy was die krag agter die interkerklike byeenkoms op die patroon van PACLA. O’ Brein Geldenhuys op die ekumeniese komitee van die kerk wou hierdie organisasie amptelik staanmaak in die NG Kerk. ds. Willem Nicol van Universiteitsoord gemeente nooi al die huisvoorsitters uit en probeer hulle as “Christen-leiers” (wat in sig self alreeds ’n totale misgissing is) oortuig om hulle invloed te gebruik om SACLA te ondersteun.

Broederkring. Die broederkring kan alleen verstaan word binne die aggressie teen die broederbond en hierdie aggressie loop terug tot en met Cottesloe. Die aggressie van die Sunday Times teen die broederbond en die debat wat dit weer laat opvlam het oor die broederbond en Cottesloe het aan die stigting van die broederkring momentum gegee. Dit sluit Piet Meiring (Turfloop), Dawid Bosch (Sending Unisa), Eddie Bruwer (Sendingsekretaris en oud Nkensani sendeling onder die Shangaans, Adrio König (Unisa) en O’ Brain Geldenhuys, in. Die broederkring is ’n magsgroep wat veral sy wortels het in die ou NG Kerk sendinge met die tipiese Murray-piëteit.

Nie een van die lede van die Ope-brief behoort aan Afrikaanse Kultuurverenigings nie, Nico Smit het selfs demonstratief daaruit bedank. Hierdie groep gaan terug op en het familie bande met die Ou Kaapse Kerk met die Skotse leraars (Puriteins) wat agter die Réveil uit Nederland en die Metodiste-prediking vanuit die Engelse lojaliste aangegaan het. Dit was juis hierdie tipe vroomheid wat deur die PSV die sendinginisiatiewe gehanteer het en negatief was teen die vestiging van die Voortrekkers in nuwe state. Die stigting van die Hervormde Kerk was juis uit vrees vir die Britse Bande van die NG Kerk en die gelykstellingsbeleid van die LMS.

... Vertikale vs. horisonstale. Die feit dat die woord “versoening” in plaas van liefde of broederliefde, maar veral “geloof” gebruik word, is deel van die ongelukkigheid. Die Anglo-Amerikaanse wêreld werk met hierdie begrip en dit het ’n gesekulariseerde betekenis. … die beskuldiging dat die kerk nog altyd net die “vertikale” dimensie sou beklemtoon het, is ’n misgissing met die kerkgeskiedenis en die diepte van die geloof van die kerk.

Dit wat hulle as “vertikaal” sou wou uitwys is die Puriteinse herlewing, Metodistiese bekering, Piëtistiese boetedoening, die vernuwing van Réveil of die belewenisse/ ervaring en die Jeug-tot-Jeug Aksie se “geloofsekerheid”: vroomheidsbeweginge, wat nie eers die geloof van die Reformasie teenoor die sekularisme kon staanmaak nie, maar was eiesinnige godsdienstige en vroomheidsgedrag.

Vanuit hierdie vroomheidsbeweginge en stemminge moet daar nou volgens hulle ’n “horisontale” dimensie beklemtoon word. Met hierdie tipe propaganda is die kerk nou handeviervoet in die tradisionele konflik van piëtisme- ateïsme, “evangelicals” en “eucemenicals”, sonder dat die werklike geloofskarakter van die kerk van Christus op aarde binne hierdie spanninge van vroomheid-antivroomheid, wat albei ateïsties is, aan die orde kom.

Hierdie spanning van vroomheid-antivroomheid is deel van die gemeenskap sedert die opkoms van die Aufklarüng in Europa met die industrialisasie en verstedeliking as voedingsbronne. Hierdie spanning van vroomheid en anti-vroomheid is sonder enige geloof in Christus as God met ons.

Die propaganda van hierdie sosiale geregtigheid het niks meer reggekry as om net die spanninge van die moderne humanisme met die gepaargaande konflik van hierdie humanisme in die kerk staande te maak nie. Ons lidmate is meteens deel van ’n ongeloofsvraagstuk waaraan hy nog nie deel gehad het nie.” (Dagboek Silverton 29.09.1982)

Danie O’ Reilly het ’n uitnodiging gekry om ’n byeenkoms van die opstellers van die “Ope Brief” op die 1 November by te woon. Dit gee my weer die geleentheid om die die geestelikheid van hierdie moderne vroomheid te kan peil as dieselfde as die geestelikheid waarmee ek gebreek het.

Ons vryheid van hulle persoonlike bekering het ons ook vryheid van hulle sosiale bekering gegee.

Nes hierdie geestelikheid my eie persoon in beslag geneem het en vir my ’n alternatiewe persoon wou skep, net so wou hulle nou die sosiale identiteit van die Afrikaanse gemeenskap in beslag neem vir hulle nuwe gevisualiseerde geestelike mag.

Hulle het my die tipe persoon laat wees waardeur hulle hul begeertes deur my kon uitleef deurdat ek hulle begeertes as God se gees in my aanvaar het en as God se krag in my beleef het. Net so wou hulle van die begin af weer ’n nuwe tipe Afrikaanse gemeenskap vir ’n nuwe sosiale bestel in Suid Afrika hê, waardeur hierdie gemeenskap as gemeenskap hulle begeertes uitleef asof dit God se gees en krag in hulle lewe is.

Ek het hierdie identiteit in mag dadelik herken en my daarvan afgekeer.

Hierdie was die begin van die opbou van die geestelike mag binne die NG Kerk om die Afrikaanse gemeenskap te “bekeer” van apartheid. Hierdie was die begin van die geestelikheid wat van die Belharbelydenis hulle vlagskip sou maak om die Afrikaner van sy “volksgodsdiens” te bekeer tot die nuwe geestelikheid van ’n nuwe Suid Afrikaanse gemeenskap.

Die nuutheid in hierdie geestelikes was hulle verskuiwing van een gemeenskapvorm na ’n ander gemeenskapvorm as ’n nuwe magsbasis vir hulle geestelikheid.

Wat nie nuut was nie was die “bekering” en “geestelikheid”. Hierdie “sosiale geregtigheid” was inhoudelik presies niks anders as die geestelikheid van die moderne Christelikheid nie.

Ek en Danie kon hiermee ons handhaaf in hulle morele aanval op ons gewete as sou ons rassistiese Afrikaanses wees teenoor die nuwe kultiese identiteit wat hulle besig was om vir die nuwe Suid Afrikaanse gemeenskap te vorm. Dit kon ons doen sonder om die sosiale onregte in die gemeenskap na alle kante toe te ontken.

“Ek en Danie O’ Reilly woon gisteraand ’n sensitiwiteitsgroep van die opstellers van die “ope brief” by. Hierdie groep funksioneer soos enige ander sensitiwiteitsgroep. Hulle moes die prosedure vooraf gereël gewees het.

1. Twee spotgedigte wat in die sielkunde departement van Unisa opgestel is, word voorgelees.
   a. Die eerste is op die Afrikaanse wysie “Afrikaners is plesierig” Dit spot met die belaglike volksgodsdiens van die naïewe Afrikaner wat rassisme deur sy godsdiens probeer bevorder.

   b. Die tweede gedig spot met die sinode wat in sitting is en Jesus wat buite is. Wanneer Jesus vra om in te kom, word Hy na die tydelike regskommissie verwys.

   c. Die hekel lag is blind vir die stemmings- en houdingskeppende funksie van hierdie gedigte. Die inleier se gerusstelling oor die krasheid breek die weerstand teen die inhoud van die gedigte af.

2. Hierna word die “swartlys” van die Patriot gelees en die stemmings en houdingsvorming van hierdie selfidentifisering blyk uit die gemaakte verbasing oor wie “by ons” is en die gegrapte simpatisering met wie op die lys verskyn. Piet Muller van Beeld, wat later bykom, probeer die vergadering onder die indruk bring van hoe daar teen hulle saamgespan word. Sy optrede om die linkses deur die regses te aktiveer is tipies van die kommunistiese selleiding. Sy skielike simpatie met die “Christene” is totaal onder verdenking, nie vir Kommunisme

nie, maar vir sy aktivisme wat eie sake bevoordeel en geen belang by en met die Christendom het vir hulle God nie.

3. Nico Smit van Mamelodi. Hy sê hy het 1500 handtekeninge uit Switserland ontvang wat die 123 ondersteun. Die eerste minister sou dan ook so ’n lys ontvang het. Daar is weer groot gespot en gelag met die regering en die Nasionale Party.

4. Piet Meiring. Hy stel Willem Nicol aan die woord om oor die sinode te berig. Die atmosfeer wat geskep word, is díe van tereg staan. Die sinode se gesag is nie vir hierdie groep ter sake nie, maar hulle verhef hulle self om die sinode se gesag aan hulleself te toets. Hierdie sogenaamde berig oor die sinode is net ’n aksie om verder te polariseer. Die sinode word ingedeel in verlig en verkramp, en hulle wat nie ideologies tot hierdie twee groepe behoort nie, word ideologies as die middel massa, die willose skape ingedeel. Dit is nie anonieme berig nie, maar mense word op die naam genoem en hulle wat nie saamstem word as ideoloë afgewys. Die sensitiwiteitsbetekenis van hierdie indeling is dat deur die laakbare politiekery van die vêr-regses, die mense wat tot die Nicol aksie behoort hulle bestaan en optrede nie net selfgeregverdig voel nie, maar hulle sien hulle self as die enigste en laaste hoop vir dit wat hulle voorhou as ’n ideologies verstarde kerk. Hulle sien hulle self teenoor hierdie verwronge kerkbeeld as die verlossers omdat hulle met die krag van die evangelie sou werk en nie die ander nie.

Die tweede deel van die berig gaan oor die betekenis van die sinode vir die Suid Afrikaanse gemeenskap opset. Dit word voorgehou dat die sinode die regse politieke radikale hulle morele steun ontneem het. Hierdie tipe houding in die groep weerspieël feit dat die Charismatiese beweging en die ateïsme/deïsme dieselfde geestelike inhoud het: hulle werk met die verwysing :wat beteken God vir Suid-Afrika, hier en nou? (eksistensialisme)

Hierna volg ’n bespreking oor die positiewe en negatiewe betekenis van die sinodebesluit, dit is weer vir die maatskaplike posisie en politieke houdinge in Suid Afrika, dit is vir “rassisme”.

1. Willem Nicol: die NG Kerk is die moeder en bakermat vir die apartheidsideologie.
2. A. Lückhoff: Beyers Naude stuur ’n boodskap dat die 123 nie moet ophou nie, maar dat hulle nou openlik moet begin organiseer.
3. O’ Brain Geldenhuys sê ons moet nie dink die kerk gaan verander nie. Die NG Kerk is ’n massiewe logge liggaam.
4. Louis Heyns: die Heilige Gees gaan die NG Kerk breek, ons moet net die Heilige Gees vol. (Charismatiese beweging, Lynnwoodrif).
5. Die persoon langs ds. Symington sê dat ons moet nie dink dat die sinode die kerk is nie, “ons is die kerk”, die sinode is net ’n klomp ou mans.” (Jeugaktivisme en Charismatiese kritiek op die amp en kerk)

5. Hierna neem Piet Meiring weer oor en praat oor die onsensitiewe houding van die NG Kerk. Hy vertel hoe die moderatuur in die Burgerspark Hotel eet, terwyl hulle (ironies ook

almal ryk kapitaliste, maar dit sien hy self nie in nie), saam met die kleurlinge in ’n ou klein plekkie moes gaan eet. Sy houding grens aan Marxistiese maatskappy kritiek.

1. Hierna gee die hele groep hulle misnoeë te kenne oor die gebrek aan ’n skuldbesef by die NG Kerk se sinode te kenne.
2. Die NG Kerk se getalle word teenoor die getalle van die res van die Christene in die wêreld afgespeel.
3. ds. Willem Nicol sê die sinode het nie bygebly met die nuwe kritiese denke onder die Afrikaner nie (Degenaar, Esterhuyse, e.a. as politieke denkers)
4. Nico Smit stel voor dat “ons 123” moet nou ’n skuldbelydenis opstel vir Ottawa en die NGSK en skuld bely as voorbeeld vir die res van die NG lidmate.

6. Dit bring die groep tot aksie-orientering.
a. Willem Nicol stel voor dat die hele organisering van die 123-gesprek nou onder die vleuels van die ACB van Potchefstroom geplaas word.
b. Nico Smit staan dit heeltemal teen en sê die groep moet nou self die aksie van die 123-brief verder in ’n nuwe selfstandige organisasie organiseer.
c. Daar word voorgestel dat al die aksieselle in die land opgevang word en in ’n nuwe para-kerklike beweging georganiseer word. Willem Nicol sê na die tyd vir my dat dit net ’n buite-kerklike aksie front is om na binne die NG Kerk se gemeentes te kan beweeg.
d. Die vrou wat aangestel is om die Bybelstudie uit te werk, vra dat ons ’n aksie begin om ’n konsep vir ’n nuwe geloofsbelydenis op te stel.

Piet Meiring sien dat die voorafbeplande inisiatief van Willem Nicol nie slaag nie, en stel die aksie beplanning uit na die volgende vergadering op 29 November by ds. Louis Heyns se huis. ’n Deel van Willem Nicol se voordrag is oor die “positiewe verandering” van proff. Willie Jonker, Johan Heyns en ook dr. Pierre Rossouw, wat nou aan hulle kant sou wees en nie meer so toegeeflik teenoor die anderkant sou wees nie. Nico Smit sê die SACLA inisiatief word nou Sondag in die Andrew Murray gemeente om 3 uur in die kerksaal hervat. Willem Nicol berig dat die anti-broederbond houding kry momentum.

Analise.
1. Almal is deel van die “nuwe kritiese denke” van die “Nuwe Afrikaner” (Unisa, Degenaar en Esterhuyse). Hulle hoort tot ’n nuwe Afrikaner-ideologie.
2. Almal is uit die Afrikaanse ryk-kapitalistiese welvaartsgemeenskap van Pretoria.
3. Hulle wil hulle self graag sien as “evangelies”, “profeties”, en “vir die waarheid”.
4. Hulle is verenig in bepaalde houdinge: 1.anti-broederbond, 2.anti-NG Kerk. 3. anti-Afrikaner en 4. interkerklik.
5. Die ideologiese en propaganda verbande is onmiskenbaar. a.die nasionale pers se aksie vir ’n nuwe sosiale politieke bestel in SA. (Piet Muller en Holzapfel); b. die assosiasie met en ondersteuning deur Beyers Naude, c. die ideologiese tipering van hulle opponente: verkramptes, verslaaf aan die apartheidsideologie, d. die anti-weermag houding: hulle maak die optrede van die kapelane verdag en sien hulle self as teikens van die veiligheidspolisie. 6. Die Charismatiese-propaganda inhoude is onmiskenbaar. a.Die Heilige Gees gaan die NG

Kerk breek en ons moet net die Heilige Gees volg. (Louis Heyns) b.Die sinode is nie die kerk nie, ons is die kerk. (amp vs. aktivistiese selle) c. Die “gebrek aan bekeringservaring” en “gebrek aan skuldgevoelens” ( Meiring, Antonissen, Nicol) d.Ons is verby die fase van die NG Kerk, ons is nou interkerklik. (W. Nicol)
7. Sosiale geregtigheid propaganda. Hierdie inhoude is teenwoordig, nie net in die sosio-politieke konteks nie, dit is anti-Afrikaner, anti-weermag, anti-broederbond, pro-profeties, pro-evangelies”, die sentimente dat die kerk moet betekenis hê vir die politiek, die kerk moet voorloop dit is, eksemplaries, maar ook in die anti-christelike-nasionale Afrikaner.”
(Dagboek Silverton 2 .11.1982)

Die volgende keer wat ek my weer vasgekop het in hierdie geestelike innerlike woede teen die Afrikaanse gemeenskap, en die versugting om die Afrikaanse gemeenskap aan ’n nuwe geestelike bekering tot ’n nuwe gemeenskapvorming te onderwerp, was met die “Confessional Fellowship” in Vendaland.

## 65. Die integrering van my geloof en persoonsvryheid teenoor die disassosiasie van God en myself in die moderne Christelikheid.

My breuk met die geestelike inkeer van God in myself in, en die vind en herkenning van bekering as ’n toekeer tot God deur geloof in Christus as Here, breek my uit die isolasie waarin alle menslike ervaringe en gebeurtenisse as “goddelik” gemoedsaandoeninge deurleef word.

Daarom kon ek nou geestelikheid verstaan as die mag, houding en menings van geestelikes en nie as die krag, mag of werking van God nie. Ek kon nou hierdie verskil tussen geloof in God en liefde vir God teenoor identifikasie met God om goddelike ervarings te kry, ook histories begin verantwoord. Afgodsdiens en godsdiens is werklike gebeure en nie net my innerlike gemoedsaandoeninge nie.

Hierdie wegkeer uit bekering as ’n selfinkeer in geestelike selfomwentelings en die vind van die toekeer tot God deur geloof in Christus as ’n alternatief op hierdie selfinkeer, maak dat ek die hele saak van die “persoonlike verhouding met God” kan vind en plaas as die sintese van God en mens. Dit is niks anders as sinkretisme nie. Dit is die waan om God en mens binne die selfingekeerdheid van God binne in die mens in een te laat wees. Hiermee verwoord ek identifikasie met God nou vanuit die openbarings- en geloofsinhoud van die Skrif en hoef ek nie in die filosofie of sielkunde woorde te vind om hierdie verskil tussen geloof en afgodsdiens te probeer verwoord nie.

Hiermee kry ek dit ook reg om die goddeloosheid in my self, wat ek as filosofies as “ateïsme” verwoord het, te kan herken en myself binne die geloofsinhoud van die Skrif te vind. Die onderskeid tussen ateïsme as intellektuele en selfgenoegsame vryheid teenoor God soos dit in die Humanisme gevier word, teenoor werklike

goddeloosheid soos dit in die Woord van God openbaar word, ontmagtig die goddeloosheid in my. Ek kon herken die versoeking om my self in my eie goddeloosheid te vind en op te bou as sonde, en is vry van die versoeking om myself só met intellektuele roem en selfgenoegsaamheid as ateïs te verklaar. Ek kry in die Skrifinhoude se openbaring van wat goddeloosheid is die vryheid om my eie goddeloosheid te verwoord. Daarmee vind ek in die Woord die vryheid van ’n gelowige om nie met sy eie goddeloosheid te identifiseer nie. Die skynvryheid van goddeloosheid het sy glans verloor toe ek die geestelikheid van die NG Kerk as afgodsdiens herken het. Ek het deeglik raakgesien dat ateïsme, presies dieselfde goddeloosheid as piëtisme is.

Die onderskeid tussen geloof in God en liefde vir God volgens sy wet, maak dat ek my self as goddeloos kan erken en herken en terselfdertyd God vir sy heilswerk in my as goddelose mens kan glo.

’n Verdere vryheid wat ek vind is die vryheid van die mag van die “Bybelkunde”. Hierdie vakgebied maak asof hulle in die kontekstuele, taalkundige en kultuurhistoriese verstaan van die Bybelteks, die “ware bekentenis” van die Bybel vind, maar eintlik is hulle besig om die vraag na en openbaring van God in die teks te vermy met selfopgestelde moontlikhede om met God te identifiseer.

Hulle bly in al hulle taalkundige, rasionalistiese en filosofiese uitlegte, teologies eksemplaries. Hulle vind altyd net ’n ander identifikasie model met God in hulle intellektualiteit. Die rede vir hulle verstriktheid binne hierdie eie identifikasie-wyses met God is omdat hulle nie die openbaring van God in hulle uitleg van die tekste aan die orde stel nie. Met al hulle wetenskaplikheid bly hulle net met God identifiseer. Hiermee is ek nie meer aan hierdie tipe Bybelkommentare uitgelewer gewees nie.

“In ons tyd bring die begrip “persoon” sy eie kwota van probleme mee, omdat dit verstaan word in die sin van “selfbewussyn” en “individualiteit”. Ten opsigte van die Triniteit kan dit alleen lei tot ’n tri-teïstiese misvatting” (Die Lewende God, JJF du Rand, bl.76.)

In hierdie omskrywing is nie net die problematiek van my godsworsteling die laaste jare vasgevat nie, maar ook die verwonder van geloofsbevryding van my preke die laaste jaar, (Veral in die preke van Matteus 13 tot 16). Ek is tot die geloofsmoontlikheid geruk toe ek die laaste twee maande die moontlikheid deursien het dat God – is! (Exodus 3) Dit het die prediking en verstaan van Matteus 13-16 vir my in totaal ander perspektief geplaas.

In my vorige geloofssfeer was ek seker van my “redding,  my “deelname aan die Ewige Lewe”, my “persoonlike verhouding met die Here”, maar God self was vir my totaal irrelevant.

Hierdie spanning is vir my deurbreek toe ek (in die lees en prediking van Matteus ) ontdek het dat daar ’n moontlikheid i dat God – is! Hierdie kennis het my feitelik uit die kerker van my subjektiwiteit geruk, tot binne die deurleefdheid van die wêreld, mens, tyd en dood wat soos nuwe golwe oor my gespoel het!

Hierdie bevryding uit die isolasie van die subjektiewe is nie ’n toevallige insig of ’n momentele visie nie. Dit is die resultaat van die geloofsarbeid wat ek deur die jaar hier in die gemeente Silverton verrig het.

In dit wat ek geleer en verkondig het, het ek doelbewus gewerk om my uit die subjektiewe godsdiens van die Jeugaksies uit te kry en tot ’n ware geloofskennis en geloofsvertroue in Jesus as God met ons te kom.

Ten opsigte van Christus was daar die volgende bakens: 1. Die Kersprediking uit Matt. 1-4; 2. Die lydingsprediking uit Matt. 26-28. 3. Die eskatologiese prediking uit Matt. 13 4. Die prediking oor God en Christus uit Matt. 14-16. 5. Nou die etiese eis in Matt.5.

Ten opsigte van die Heilige Gees het ek 1. Die verbond as vertrekpunt geneem, 2. Die heilsorde en die algemene gawes van die Gees 3. Die klem op die sakrament van die doop en die verbondsgawes. Hierdie Skrifstudie het ek gedoen, teen die vroomheids-ateïsme/deïsme wat ek in myself gevind het.

Die Kersprediking het die tema dat Jesus in die volmag van die Vader optree na vore gebring. Dit het die heilshistoriese verbande van Israel en die koninkryk van God na vore gebring. Die beslissende was die Triniteit waar Jesus se historiese optrede in die raad van die Vader gegrond is en die raad van die Vader volvoer, met die prediking wat uitgeloop het op die heilsaankondiging: Jesus is God met ons! Hiermee was die struktuur van die geloof vir my die eerste keer gegrond as geloof, en die hele predikingreeks uit Matteus het net verder hierdie openbaringsinhoud bevestig.

Die prediking van die gelykenisse uit Matteus 13 het my die eerste keer die nagmaal, die erediens en veral die kerk as die nuwe eskatologiese volk van God wat nou reeds as Here regeer, laat sien. Só is die sosiale kerkorde en die anti-instituut en anti-amphouding wat ek deur die vroomheid van die CSV en Jeugaksie gehad het, finaal in my deurbreek, deur Christus as heersend, teenwoordig en versoenend in die kerkgebeure te sien.

Só is ek bevry van die sosiale kerk binne die kerk, die individualistiese kerk binne die institusionele kerk van die Here op aarde. Só is ook die werklike ontbrekende dimensie oopgelê, nie die kultus, die amp of die formele is die ontbrekende nie, maar vertroue in Christus as God met ons, is die ontbrekende.

Die preek wat my die deurslaggewendste bevry het, is die gelykenis oor die pêrel en die skat: Gód is die gawe wat ek ontvang as Christus heers as Seun van God.

’n Verdere baken was die prediking uit Matt. 14-16. Vanuit die heilshistoriese en trinitariese-eskatologiese inhoude van Matt. 1-4 en Matt. 26-28, het ek in myself ’n geloofsvolwassenheid ook teenoor die kommentare gevind, dit is Grundman, Histories-Krities, godsdienshistories met die klem dat dit net ’n boodskap sou wees, Hendriksen, W, handhaaf die historieselyn en maak dan “evangeliese oproep”, nes Gerhard Maier en Ridderbos, eskatologiese klem en dan belydeniskarakter.

Ek kies uit my heilshistoriese, trinitariese en eskatologiese uitgangspunte uit Matt. 1-4 en 26-28, om die inhoud nuut te arbei. Die kommentare werk met ’n onderskeid God- Christus en kies net vir sake wat hulle noem, die kneg, Messias of Moses tradisies.

Maar die “Jahweh”- tradisies word nie eers as ’n tradisie erken of gesien nie. So word Christus wat self Jahweh is, se openbaringsinhoud vervaag en net eensydig gestel uit sake wat as “tradisies” benoem word.

Ek kies in my prediking dus eintlik vir ’n nuwe “Jahweh-tradisie”. Só bou Matteus 14-16 dus op die belydenis Jesus is Seun van God – self Immanuel, bedoelende Jesus is die Seun van God die Vader en Hy is nie ’n godsdienshistoriese figuur soos die kommentare dit eintlik ongesê veronderstel of stel nie.

Die geïntegreerde boodskap, kerugma van Matt. 14-16 is dat die man uit Nasaret wie se ouers ons ken, is self God met ons, Seun van die Vader. Hierdie verkondiging bring vir die eerste keer die konflik vir my van God wie *is!* Nie net God wat *ís* nie, maar Chrístus wat God *ís*, en nie net ’n Christus wat een of ander godsbewussyn of belydenisfiguur is nie.

Hierdie vraag, God- Christus, loop uit op die vraag en antwoord van die gesag van die kerk: as eskatologiese volk van Christus wat nóú as Here, heersend, teenwoordig God met ons is!

Hierdie geloofsvertroue in Christus as Seun van die Vader wat heilshistories en eskatelogies begin regeer het, staan teenoor die God van my verlede. Die God van my verlede het twee beelde: die huisaltaar en die jeugaltaar. By albei was daar geen geloofsvorming en geloofslering oor wie Christus is en wat sy posisie ten opsigte van God self is nie. Dit (Christus) was net ’n voorveronderstelling en omdat Christus net ’n voorveronderstelling is, het hierdie voorveronderstelling nuwe inhoud vanuit my eie leefwyse gekry, ateïsties, deïsties, kapitalisties, natuurwetenskaplik, eksistensieel en nasionalisties was die inhoude waarmee ek hierdie voorveronderstelling, Christus, gevul het.

Ook die 1860 piëteit! Deur die jeugaksies was ek deel van die subjektivisme wat ook nuwe inhoude aan die groot veronderstelling in my gegee het: God-in-my; Jesus-in-my-lewe; en Jesus-in-my-hart. Binne die inhoude wat ek aan lewe en hart gegee het, was daar geen sprake van Jesus as “Syne” nie. Ook nie van God as ’n Persoon wat ís nie. Daarom is God gereduseer tot die persoonlike en lewende God (in my). In hierdie reduksie was God niks

anders nie as net my innerlike subjektiwiteit. Daarom was die God van die geloofsbelydenisse as Triniteit vir my ’n ontoeganklikheid wat alleen binne my “persoonlike” en “lewende” voorwaardes en inhoudelikhede bestaan het. Ek is nog nie seker wat binne hierdie vorm as inhoud gegeld het nie.

Jesus as Verlosser, Jesus wat liefhet, Jesus wat sondes vergewe het my nie met God as bestaande Persoon versoen nie, maar God net tot ’n innerlike belewenis gereduseer. Hierdie innerlike belewenisse, wat as gemeenskap met God sou (moes) funksioneer, het nie God as Synde (Persoon) nodig nie. Dit stel nie in God as synde (as God) belang nie.

Dit is juis die ironie, dat versoening in die sentrum van die nuwe godsdiensinisiatiewe op propaganda vlak is. Volgens hulle moet die vertikale nou horisontale dimensies kry. Maar, vir my, binne die “evangeliese versoening”, waar God as Synde of as “substansie van die ontologie, (dit is, God as God) net eenvoudig nie ter sake is nie, en ek God net tot my eie bewussyn en eie eksistensie (ervaring) gereduseer het, beteken dit dat hierdie “vertikale” dimensie wat nou “horisontale” struktuur moet kry, die versoening van my eksistensie (ervaring) met die eksistensie van my naaste is. Die versoening van my selfbewussyn met dié van my naaste.

Die implikasies hiervan is vernietigend. Hierdie vernietiging sal egter die propaganda waarde van “selfkruisiging” en “God se belange” kry, teenoor selfhandhawing en eie belang.

Nou dat ek God in terme van synswyses, bestaanswyses, moet begin ken en vertrou, kom die ateïstiese twyfel en verset in my op! Nou word ek die ongelowige wat ek is!

Naas hierdie opstuwing van die ateïstiese verset in my, kom daar die nuwe moontlikheid dat God wél as synde en bestaande geken en vertrou kan word. Dit is hierdie moontlikheid wat my die laaste twee of meer maande met verwondering gelaat het, en nóú al meer die besluite dat ek dit as grondslag van geloof in God kán aanvaar: ek wíl nou só God vertrou en ek wíl God nou al meer só ken.

Hierdie geloofsgroei, om God as synde/ bestaande te ken en te vertrou, is nie maar net ’n innerlike gewaarwording nie, ook nie net ’n nuwe en persoonlike belewing nie. Hierdie kennis en vertroue het my vorige godsdiens vernietig en skep nuwe dimensies vir ’n nuwe godsdiens in myself. My vorige persoonlike en intieme gebedslewe is nou ongeldig, my Bybelstudie as “persoonlike Bybelstudie, “wat sê God vir my” is beëindig, my “getuie-wees” is ongeldig en nie meer ter sake nie en my “sosiale intieme” geloofsgemeenskap met medegelowiges is beëindig.

Hierdie geloofsgedrag uit my Jeug-godsdiens het nie sommer net spontaan doodgeloop nie. Dit was die vernietiging van ’n godde-diens, gods-beelde, gode-wyding deur die Godsleer (openbaring) uit Matt. 1-4; 26-28, met die Christologie, eskatologie, Godsleer van die Triniteit wat dit beëindig het.

Hierdie beëindiging het my nie met vreugde in ’n nuwe godsdiens laat opgaan nie. Ek leef met ’n ateïstiese verset en twyfel in God en Christus, wat ek nou uit die Skrif verkondig. Naas hierdie opbou van ’n Godskennis het ek die heilswerking van God in die algemene gawes van God, in die verbondshandelinge van God, asook vanuit die versekering van die sakrament gevind. Ook hierdie kennis van God se heilswerking in my het my godsdiens vernietig en ’n nuwe vertroue in my op God opgebou.

i)Verbond. Die SKJA kamp aan die begin van hierdie jaar met die Jeug was beslissend ten opsigte van my verbondsgeloof. Verlede jaar in Taaibos Koshuis het ek nog die gawes van die verbond gesien as die Christelike boodskap en die omgewing waarin die kind groot word. Met hierdie kamp kom ek tot die kennis dat die belofte van die verbond is die toesegging van die vergewing van sonde, die wedergeboorte en die Heilige Gees.

Die krisis met die verbond was nog altyd die argument van “in beginsel”. Wat God doen, tel net in beginsel. In beginsel is ek met God versoen, maar dit is eers ’n werklikheid as ek dit aanvaar. Die verbondshandelinge van God het dus geen werklikheidskarakter voor ek dit nie aanvaar het nie. Dit is dus sinergisme soos met die Rooms Katolieke Kerk. Die verbondshandelinge van God met my, vra geloof. Geloof in God dat Hy my die heilsvolheid toegesê het en hierdie toesegging eis geloofsvertroue in dit wat God my toegesê het.

Hierdie vertroue in die toesegging van God deurbreek die sekerheid van my “aanvaarding van Jesus” op die Hoekie, met die Jeugaksie en die skoolverlaterskamp met sy sakrament van klipstapeling!

Hierdie “aanvaarding van Jesus” in jou lewe, is nie die geloof, bekering of heiligmaking nie. Hierdie tipe aanvaarding van Jesus as jou persoonlike Here in jou lewe, is die subjektivering van God: Jesus. Wat hierdie proses en inhoud van die subjektivering van Jesus in jou is, is nog vir my onduidelik. Dit lyk asof dit die belewenis/ervaring is: eksistensiële self deurlewing.

Hierdie vertroue in die verbondsmatige heerskappy van die Drie-enige God, deurbreek hierdie belewenis en ervaring van Jesus tot ’n vertroue wat nie vergelykbaar is met hierdie “belewing” nie.

Juis hierdie vertroue bring ook die ateïstiese weerstand in my op. Is hierdie vertroue nie redeloos en sinloos nie? Met hierdie vertroue het ek ’n breuk gemaak wat die belewenisse/ervarings van my Jeuggodsdiens beëindig het en ’n vertoue op God as God self as alternatief in my ateïstiese twyfel gestel het.

ii) Doop met die Heilige Gees. SKJA Bybelstudie 14 Mei 1982.
In die besinning oor die huidige propaganda van die doop met die Heilige Gees het ek ontdek dat dit op ervaringsvlak geen verskil het met die Jeug-tot-Jeug Aksie se metodiek en

belewenis en uitbouing van hulle verkondiging van die “vervulling met die Heilige Gees” nie. Met hierdie insig het ek die “vervulling met die Heilige Gees” heroorweeg ten opsigte van die verbondstoesegging, die vergifnis van sonde, die Ewige Lewe én die Heilige Gees. Hier begin toe vir die eerste keer die teken van die doop wat ek het, vir myself die volgende betekenis kry: God het my Sy Gees toegesê vir Sy leiding, bewaring, voorbidding Sy heilsbemiddeling en versoening. Die doop wat ek deelagtig is, is die teken/ bevestiging van dit wat God gedoen het.

Die volgende baken was die wedergeboorte. Die klem van wedergeboorte is dat is dat dit nie die oorgang van een tipe godsdiens na ’n ander tipe godsdiens is soos dit voorgehou word nie. Ook nie die oorgang van een tipe geloof na ’n ander tipe geloof nie. Maar dit is die oorgang van haat en onbetrokkenheid by God (goddeloosheid) tot gerigheid op God. En dit is alleen God wat dit doen, sonder die medewerking of voorbereiding van die mens met sy verantwoordelikheid.

Met hierdie twee bakens in my gemoed het ek my gedistansieer van my vroeëre soeke om met die Gees vervul te word. Hierdie vervulling van hierdie geestelikheid gaan saam met die belofte van ’n lewe in oorvloed. Hierdie lewe van oorvloed, is innerlike geestelike wettisisme en hierdie wettisisme word voorgehou uit Gal. 5:22 -. Skrifgedeelte wat oor die liefdesgesindhede in terme van goeie medemenslikheid handel. Hierdie innerlike geestelikheid wat nou as lewensvolheid voorgehou word, is die stryd om ’n innemende, gelukkige en liefdevolle persoon in die betekenis van gesindheid of emosies te wees.

Dis mos lewe volgens hulle! Liefde, nie kritiese ingesteldheid nie; selfbeheersing, nie onrein gedagtes nie; lankmoedigheid, nie twis nie; vrede, nie kommer nie; blydskap, nie moedeloosheid nie.

Die stryd tussen geloof in God en ateïsme word nou tot ’n stryd van innerlike emosies en gesindhede gemaak. Naas hierdie innerlike selfwroeging word die kultiese ook ingebring. ’n Kragtige gebedslewe teenoor ’n kraglose gebedslewe; om ander na die Here te lei teenoor, om nie deur Jesus gebruik te wil word om ander na die Here te lei nie; maak erns met diepgaande Bybelstudie teenoor, om nie erns met diepgaande Bybelstudie te maak nie; verlang na gemeenskap met ander gelowiges teenoor, om nie te verlang nie.

Hierdie innerlike stryd tussen twee kultiese gesindhede, het niks met die verhouding van geloof in God en kultus iets te doen nie. Alhoewel hierdie geestelikheid stel dat die Heilige Gees reeds in die Christen sou woon, word dit glad nie met die effektiewe bewerking van die algemene gawes van die Heilige Gees in verband gebring nie, dit is, waar die Heilige Gees in die gelowige deur wedergeboorte, geloof, regverdigmaking, bekering, heiligmaking regeer. Op hierdie wyse word binne hierdie geestelikheid die Heilige Gees van die heilswerking van die Gees in die algemene gawes los gemaak en word die Heilige Gees nou verbind tot a. innerlike gesindheidskonflik, b. innerlike stryd om kulties aktief te wees, c. etiese-

moralistiese stryd, d. oorgawe om willoos deel van die godsdienspropaganda stryd te wees (getuie-wees).

Na hierdie ontkoppeling van die algemene gawes van die Gees word daar nou doelbewus aangesluit by die eksistensiële – hedonistiese inhoude van die moderne ateïstiese/deïstiese samelewing: oorvloedige “LEWE”.

Hierdie begrip “lewe” word kapitalisties-ekonomies uitgebuit vir die godsdiensdienspropaganda, en nooit in eskatologiese perspektief gebring nie.

Hier vind dus ’n doelbewuste sintese van God en mens plaas: die mens se eksistensiële selfbelewing word nou die krag van die nuwe godsdiens. “Ervaar”, “beleef”, is die werkwoorde van die selfstandige naamwoord: “LEWE”. Wat ek het, is my selfbelewing. Hierdie sintese vind plaas, deurdat die inhoudelik van God se heerskappy, die algemene gawes van die Heilige Gees geïgnoreer en só uitgeskakel word, en terselfdertyd met nuwe inhoude gelaai word. a. innerlike gesindhede, b. kultiese dissipline, c. deelname aan godsdienspropaganda, d. sosiale gemeenskap met gelykgesindes.

Hierdie sintese lê daarin dat die werking van God vervang word met die mens se hedonistiese-eksistensialistiese lewenshouding en lewensinhoude sodat hierdie mens se eie eksistensie die krag en effekmaking van die beloofde sake in a-e word.

Maar die feit van die saak is, die mens kan net sy eie eksistensie die effektiewe krag maak om a. innerlike gesindhede op te bou, b. kulties te dissiplineer, c. eties self te verwesenlik, d. deel te hê aan godsdiens propaganda en e. sosiale-intermenslike gemeenskap te beleef.

In hierdie sintese word die selfbelewing en selfervaring van die mens nou die krag en inhoud van sy godsvertroue en sy Godsbeeld. Om jouself só te deurleef (een met God se krag) is nou die vervulling met die Gees van God! En om jouself só te ervaar is nou die leiding van die Gees van God. (Jeug-tot-Jeug-Aksie kursus; Handleiding AJK)

JJF du Rand se stelling na aanleiding van Brunner en Barth dat die inhoudelike verstáán van “persoon” as selfbewussyn” en individualiteit tot die opbreek van God tot ’n tri-titeit lei is nie heeltemal korrek nie. Met Heidegger is die rasionalisme van Kant, Feuerbach en Hegel opgehef. Nie meer die selfbewussyn (verstaan) van die mens nie, maar die selfervaring van die mens is die inhoudelike vir die bestaan van God as Persoon. Daarmee is die problematiek van die ateïstiese/deïstiese geloof in God uit die Universiteite na die politieke, sosiale en maatskaplike terreine van die massa-mens verplaas. “Lewe”, nie “Persoon” is die ruimte van die Godsbeeld!

God is my genadig om nie met híérdie “Heilige Gees” vervul te wees nie! God is my genadig om vervulling te verwerp en Hom in sy verbondstoesegging as Here te ontdek, in vertroue. Here, ek loof U. (Dagboek Silverton 5.10.2012)

“Ek gesels gister met dr. Len Scott. ds. Fanie Groenewald het op die ringsondersoek my prediking verdag probeer maak as sou ek altyd in reaksie teen dit wat hy sou gesê het gepreek het. dr. Scott het dit gekorrigeer deur te wys dat ek reeds in Maartmaand aan die kerkraad my preke vooruit bekend gestel het volgens die teksindeling van die evangelie van Matteus en dus nie in reaksie teen ds. Groenewald kon preek nie.” 7.10 .1982

## 66. Die kerkraad van Silverton gemeente tree teen die moderne Christelikheid op om hulle kinders te beskerm.

Die proselitering van Silverton gemeente se eie jongmense deur eie ouderlinge in samewerking met skoolonderwysers na die geestelikheid van die Hatfield Baptiste, het die gemeente en kerkraad diep ontstel.

Dit het ’n vertrouensbreuk tussen die gemeente en kerkraad aan die een kant en die leraar en die geestelike groep in die gemeente afgebring. Hulle wou hulle eie kinders beskerm. Die dagbestuur van die ouderlingeraad versoek my toe op die 10 de Oktober om ’n verslag vir die kerkraad op te stel. Hierdie verslag het deel van die klagte by die ring deur die dagbestuur geword.

“Opdrag: Sondag 10 Oktober 1982 is ek deur die ouderlingedagbestuur amptelik versoek om ’n verslag aan die ouderlinge vergadering voor te lê oor die proseliteringsaksie van die Hatfield Baptiste kerk in ons gemeente onder die jeug van ons kerk.

Dit is die verslag soos in hoofstuk 57 weergegee. Die tweede deel van die verslag lui soos volg.

C. DIE BEVORDERING VAN HATFIELD BAPTISTE PROPAGANDA TEEN ONS JEUG.

1.Die NG Kerk het hier in die optrede van ons eie betrokke lidmaat uit ons gemeente aan die Hatfield Baptiste ’n front gegee wat vir die kinders aanvaar was omdat dit as NG Kerk byeenkoms aangebied was.
2. Die kinders se bywoning uit die drie susterskerke het steeds toegeneem solank as wat die byeenkoms onder die nie-direkte beskerming van die NG Kerk gestaan het.
3.Toe die byeenkoms na die AGS verskuif is, het al die kinders uit die susterskerke die byeenkoms gelos en het die groep doodgeloop.

D. DIE OPTREDE VAN DIE NG JEUG.

1.Dit is nie toevallig dat juis ons getroue en goeie kerkjeug hier betrek was nie. Al die leierspotensiaal van die SKJA was betrek. Dit is ook opvallend die kinders uit die stabiele en finansieel welaf huise wat betrek is.
3.Die kinders wat betrek is, is positief en godsdienstig ondernemende jongmense wat aanvanklik geen beskuldigings van gebreke in ons eie kerk gehad het nie. Dit is juis op

hierdie ondernemendheid dat gepoog is om hierdie kinders te proseliteer.

4. Die kinders is doelbewus mislei deur die uitbuiting van hulle vertroue in die verhouding onderwyser en kind.

i.’ ’n Neutrale godsdiens is voorgehou terwyl hulle in die Hatfield tradisie ingelei is.

ii. ’n NG Front is vir hierdie optrede verskaf.

iii. die kinders is suksesvol georiënteer en geaktiveer om vir die Hatfield selgroep op die skoolterrein propaganda te doen.

5. Die kinders is verwar. Hulle is oortuig dat alles wat hulle gehoor en beleef het, deel is van wat die NG Kerk vir hulle geleer het. Maar in feite is hulle ingelei in Gereformeerde onversoenbare oortuigings en atmosfeer, wat, sou dit nog nie na behore ondervang wees, tot disintegrasie van die kinders se geloofsraamwerk sal lei deur hierdie onhoudbare spanning om twee onversoenbare tradisies te probeer versoen.
Mag God hulle bewaar.”

Na hierdie verslag aan die kerkraad neem die kerkraad op 18 Oktober 1982 die volgende besluite:

“1.1 Kort termyn optrede

1.1.1 dat die leraar en die wyksouderlinge in gesprek tree met die ouers van die betrokke kinders (dit sal ook aan die ring gerapporteer word as deel van ons optrede).

1.1.2 dat ’n brief aan die ringsgemeentes en susterskerke gestuur word waarin die ervaring wat ons gehad het met ’n biduurgroep wat heenwys na die Hatfield Baptiste, onder hulle aandag gebring word. (die formulering van so ’n brief word aan die leraar en sekretaris van hierdie vergadering oorgelaat.) Die brief sal opgevolg word met gesprek deur die leraar en gekoöpteerde ouderlinge indien enige van die ander gemeentes verdere inligting verlang.

1.1.3 dat ’n brief aan die plaaslike hoërskoolhoof geskryf word waarin hy bedank word vir sy optrede in verband met die aktiwiteite van die Hatfield Baptiste.

1.2 Langtermynoptrede.

1.2.1 ’n Brief aan die raad van die Universiteit van Pretoria gestuur word waarin ons as gemeente ons kommer uitspreek oor die betrokkenheid van een van hulle L.O. dosente by ’n bid-uur groep waarby jeugdige lidmate van ons kerk betrek word. Uit sy optrede en selferkenning is dit duidelik dat hy van die Hatfield Baptiste Kerk is en dat hy twee van sy oud-studente (tans LO onderwysers van die plaaslike Hoërskool) bystaan en inspireer. Omdat ons van mening is dat studente tydens hulle opleiding as onderwysers onder sy invloed kom en hulle daarna in hulle onderwys professie skuldig kan maak aan proselitering, versoek ons as kerkraad dat hierdie aangeleentheid ondersoek moet word.

1.2.2 die hoof en onderhoof van die kategeseskool ’n deel sal bywerk vir die betrokke leergange met die doel om die Gereformeerde standpunt in verband met die Charismatiese bewegings beklemtoon en daarna aan ’n teologiese professor voorgelê sal word vir evaluering.

1.3 Enige persoon wat bewus is van lidmate wat Charismatiese nerings toon, die name aan die plaaslike leraar bekend sal maak en dat hy saam met die ouderling van daardie wyk so ’n geval sal opvolg en dat die leraar by ’n volgende kerkraadsvergadering sal rapporteer oor hoeveel gevalle nog opgevolg is.

1.4 100 Eksemplare van die publikasie “ Riglyne ten opsigte van die Charismatiese beweging en die Charismatiese gawes”, aangeskaf sal word sodat elke ouderling en diaken een kan koop en hulle self sal vergewis van die onderwerp.

1.5 Die kerkraad se dagbestuur gevra word om een Sondag aand te bepaal wanneer ’n teoloog gevra sal word om die gemeente in verband met hierdie onderwerp te kom toespreek.

1.6 Die kerkraad ’n kommissie benoem om met een van die ouderlinge in gesprek te tree in verband met sy teologiese denke” (Kerkraad agenda en notule Silverton moedergemeente 18.10.1982”

Met hierdie besluite het die kerkraad sy status herstel om sy eie lidmate met sy eie geloofsinhoud te mag bedien. Die kerkraad het ook openlik standpunt ingeneem teen die tipe godsdiens in die gemeente wat die kerkraad se mandaat gekaap het en in hulle eie privaat byeenkomste en vergaderinge namens die kerkraad uitgeoefen het.

Die blootstelling van die gemeente se kinders aan die ongeloof van die moderne Christelikheid deur lidmate van die NG gemeente, en in die naam van die NG gemeente, is ook ontbloot en die kerkraad het weer sy plek in die kring van Gereformeerde Afrikaanse gemeentes en kerke opgeneem.

Die kerkraad het ook die gemeenskapsinstellings as kerkraad aangespreek om nie hierdie instellings middels in geestelike proselitering te maak nie. Hiermee het die kerkraad dus die magsgreep van hierdie bygeloof op die gemeente organisatories verwerp en beëindig.

Die volgende geloofsdeurbraak in my eie geloof was weer deur die prediking van die Matteus evangelie. Ek preek in Oktober 1982 die Bergrede van die Here. Met die aanddiens van 4 Oktober preek ek uit Matt. 5:17, die oggenddiens van 10 Oktober uit Matteus 5: 21-26, die oggenddiens van 17 Oktober uit Matteus 5: 27-32 en die aanddiens van 24 Oktober uit Matteus 5 vers 42.

## 67. Die ontdekking van nuwe wet binne die Abrahams- en Dawidsbeloftes en die breuk met die geestelike reëls, die Jesusbeeld en die innigheid van die moderne Christelikheid as sou dit liefde wees.

’n Boek wat my baie leiding en rigting gee is Leonard Goppelt se “Theologie des Neuen Testaments.” Met hierdie eksegese en prediking vind ek die bedoeling van die nuwe wet vanuit die Abrahamsbeloftes in Esegiël 36:24- en Jeremia 31:31-.

Hierdie verbintenis tussen verbond en hierdie twee Skrifgedeeltes is vir my nou permanent in my gemoed vasgelê. Dit sou die basis wees vir my latere ontwikkeling van die twee dele van die verbond, die Dawidbelofte en Abrahamsbelofte, die onderskeid tussen die nuwe en die ou wet en die uitleg van die evangelie as die vervulling van die Dawids- en Abrahamsbelofte.

Die geloofsdeurbraak is dat Christus met die uitdrukking “vervulling van die wet” inhoudelik verwys na hierdie verbondsbeloftes in Esegiël en Jeremia. Christus vervul die werklike betekenis van die wet deur die verbondsbeloftes oor die wet en die nuwe tipe gehoorsaamheid aan God te verwesenlik.

Hiermee vind ek die betekenis van die nuwe gehoorsaamheid aan die wet van God as geloofsgehoorsaamheid, al het hierdie woord van Paulus my nog ontbreek. Met hierdie nuwe geloofsbetekenis van die wet van God, is ek nou ook uit die wettisisme en moralismes van die geestelikheid wat ek in 2011 as “moderne Christelikheid” bewoord het.

Daarmee verval die morele aanslag op my gewete deur hierdie tipe moralisme heeltemal. Dit maak dat ek my nie in die ateïsme/deïsme inkeer om van hierdie geestelikheid se wettisisme te moet probeer ontsnap nie.

Met hierdie geloof in Christus wat die vervulling van die wet bewerk deur sy lyding en opstanding, kry ek dit weer reg om die bi-polêre karakter van piëtisme en ateïsme/deïsme te beskryf. Ek vind weer dat dit een en dieselfde saak is, nie verskillende sake nie. Ek kry dit ook reg om die drie fase geestelikheid van die moderne Christelikheid so te verwoord, wat ek nog “aktivisme” noem, om dit nou van geloof in God én liefde vir God te onderskei.

Met hierdie deurbraak is ek ook uit die tipiese “dissipelskap” en “dissipelskap-kursusse” van hierdie tipe geestelikheid waarin elke etiese eis as ’n nuwe stap of nuwe ervaring in geestelikheid gesien word.

Omdat die moderne Christelikheid my nog baie van die geloofsinhoude van Luther en die Reformasie vervreemd het, was baie van die moderne Christelikheid se inhoude in my gemoed nog identies met die inhoud van Luther en die Reformasie. Ek het nog nie die Lutherwerke van Ebeling in my besit gehad nie. Daarom voel ek dat ek my ook vry vind van gebreke wat ek in die Reformasie probeer raaksien. Hierdie was net onkunde van my kant af oor die inhoud van Luther se geloof en sy

Reformatoriese onderskeid tussen wet en evangelie waarvan ek nog nie iets geweet het nie.

“My bestudering van Matteus 5 aan die hand van die grondstrukture wat Goppelt, “Theologie des Neuen Testaments” my uitgewys het, en my afwys van Ridderbos se antropologiese fundering van die wet se betekenis in die dankbaarheid van die mens, Hendriksen se poging om dit in kontras met die Fariseërs te verstaan as ’n nuwe sedelikheid naas die eskatologiese heil en Grundmann se poging om Jesus ’n leraar of rabbi te maak met sy redaksie-vormkritiese uitleg, het my ’n nuwe heilshistoriese en eskatologies-christologiese verstaan van die wet gegee.

Ek is oortuig dat ek hier by een van die grondige gebreke van die Reformasie, Ortodoksie en Neo-Protestantisme is: ’n heilshistoriese verstaan van die wet van God! Die heilshistoriese verstaan van Matteus 5-7 het verreikende implikasies.

1.Die wet en die profete.
Die heilshistoriese verstaan beteken dat hierdie formule dui op al die wette van die Ou Testament: die sosiale wette, die regswette en, baie belangrik, óók die sedewette. Dit blyk duidelik uit die voorbeelde wat Jesus self uit die Ou Testament aanhaal.

2.Moenie dink dat ek gekom het om ongeldig te maak nie.
Met hierdie stelling bring Jesus die wet binne die eskatelogie, “Hy het gekom”, (sy lyding en sterwe) en “totdat alles gebeur het” dui weer op sy wederkoms. Binne hierdie eskatologiese raam word gesê – die wetlike deel van God se wil (algemene openbaring van sy wil) soos dit in die sosiale, maatskaplike, reg en sedeordes van die kultuurpatrone van die mens uiteenval, het ’n geldigheidskarakter en dit sal hierdie geldigheidskarakter behou tot sy wederkoms. Daarom kry die dissipels ook die opdrag om selfs die kleinste eis van die wet soos dit in die algemene openbaring van God se wil uiteenval, te gehoorsaam en moet hulle mense leer om dit te gehoorsaam.

Hierdie is dus die enigste moontlike ruimte vir dit wat vandag as sosiale geregtigheid gepropageer word. Dit is hierdie geregtigheid waartoe die Fariseërs en Sadduseërs hulle self afgesonder het.

3.Ek het nie gekom om ongeldig te maak nie, maar om te vervul.
Jesus stel sy koms as die manier om die wet en profete te vervul. Met vervulling word nie bedoel die voltooiing van die wet, deur die regte verstaan te leer of die dieper betekenis van die wet na vore te bring nie. Dan is Jesus tereg niks meer as ’n rabbi en profeet soos Bultman dit wil nie. Ook word nie bedoel dat Jesus die wet vervul deur sy plaasvervangende onderhouding van die wet soos Ridderbos dit wil nie. Ridderbos wil só die wet binne die vergifnis en die versoening laat opgaan.

Die wet se vervulling kan egter alleen verstaan word as die vervulling van die heilsbeloftes van Jer. 31 en Eseg. 36 en andere.

Hierdie heilsbeloftes het ’n dubbele karakter a. Ek sal hulle sondes vergewe en aan hulle oortredinge nie meer dink nie. b. Ek sal my wet in hulle binneste gee en maak dat hulle my gebooie onderhou en doen.

As Jesus die wet vervul, dan dui dit op die heilswerking van a. sowel as b. Opvallend is dat Matteus dus in die bergrede uitsluitlik die klem laat val op b. en nie in die bergrede self soseer a. behandel nie.

4.Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is, … maar Ek sê vir julle.
Hierdie teenstelling is die eskatologiese teenstelling van voor die koms en met die koms van Christus. Opvallend is dat Ridderbos, Hendriksen en Gründman hierdie teenstelling net wil lees as die teenstelling Jesus en die Fariseërs en nie as die teenstelling Jesus – God in sy openbaring in die Ou en Nuwe Testament nie. Laasgenoemde is die heilshistoriese bedoeling van Christus met die nuwe wet.

5.As julle geregtigheid nie oorvloediger is as die van die Fariseërs en Sadduseërs nie…wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemel volmaak is.

Hierdie opdrag tot oorvloediger geregtigheid en volmaaktheid soos die Vader in die hemel, kan alleen binne die koms van Christus (eskatelogie) en die heilshistoriese raamwerk van die Bergrede verstaan word. Binne hierdie verse beteken dit dat die dissipels hulle nie meer moet rig volgens God se wil soos dit in die algemene openbaring van sy wil uiteenval nie, maar dat die dissipels moet leef na die besondere openbaring van sy wil in Christus, die Seun van die Vader in die Hemel. Dit is die eis van volmaak wees.

Binne die Bergrede is oorvloediger geregtigheid nie om volgens die nuwe sedewet wat Jesus teenoor die sedewet van die Ou Testament sou leer, te moet leef nie. Op hierdie wyse sou Jesus dan ’n super-sede en super-morele wet kom instel het. Dit is nie so nie. Die eis van oorvloediger geregtigheid is vertroue in die vervullingswerk van Christus, nie ’n nuwe super-sedelikheid nie.

Die besondere openbaring van God se wil in die Ou Testament staan teenoor die besondere openbaring van die Vader se wil in sy Seun. Christus is die vervulling van die verbondsopenbaring van God in die OT. Die besondere openbaring van God se wil staan ook nie teenoor die algemene openbaring van God se wil nie.

Dit is binne hierdie openbaring oor die wet van God, wat in Christus die wet van die Vader en die Seun geword het, dat ek myself opnuut sal moet heroriënteer. Want in die heilshistoriese verstaan van die wet asook die dimensie van die wet binne die koms van Christus (eskatelogie) verval die noodsaak van moralisme of vergeesteliking, ook die

antropologiese gronde vir die wet soos dit deur Luther en die Reformasie as reël van dankbaarheid geformuleer is.

6.Geloof en oorvloediger geregtigheid.
Die onderhouding van die Vader se wil is nie meer ’n morele en sedeplig nie. Die onderhouding van God se wil as God se wil is meer as net sedelike en morele selfdissipline. Die moralisme word verbind met die gewete van die mens, dit is, na my “bekering” lei Jesus my nou deur my gewete tussen goed en kwaad te laat kies. Jesus sou my nou na my “bekering” deur my gewete lei.

Op hierdie wyse word Jesus verhef tot die absolute sedelike selfbewussyn wat alle menslike sedelike bewussyn/ moraliteit lei en beheers. Hierdie morele “Jesusbeeld” is sterk in die puriteinse en metodistiese opwekkingsbewegings binne in die NG Kerk. Die krag wat my hier tot gehoorsaamheid aan God moet bring is morele en sedelike dwang. Dit kan uiterlike en innerlike dwang wees.

’n Ander huidige poging tot ’n nuwe moraliteit is om te praat van die nuwe gees. Na ’n bekering sou die mens nou ’n nuwe gees hê en hierdie gees sal jou lei om volgens die nuwe geestelike wette te leef. Gewoonlik word hierdie Pauliniese uitbreidinge op die wet as die nuwe geestelike wet voorgehou wat op die ou end niks anders as op innerlike gesindhede sou dui nie. Hierdie innerlike gesindhede sou nou alternatiewe wette wees op die wet van God. Binne hierdie innerlike geestelikheid bly God se wil egter kragteloos.

’n Ander weg wat in die leerstellige deel van die kerk nagevolg word, is dat die wet nou ’n reël van dankbaarheid is. Binne die huidige geestelike opvatting van hoe dit ’n reël van dankbaarheid is, is die wet dan, anders as in die Bergrede, dieselfde in die Ou en Nuwe Testament: dit gee die sedebeginsels, en uit hierdie beginsels mag ’n magdom reëls vir elke situasie afgelei word. Die krag wat maak dat die mens hierdie dankbaarheidsreëls en eise navolg is jou verlossing uit genade. In hierdie geestelikheid word dit dan ’n metodistiese vroomheidsoefening om elke keer te dink hoe genadig God jou was en dan sal die innerlike dankbaarheid hiervoor jou dan tot gehoorsaamheid bring.

Al drie hierdie moontlikhede beroof die mens van die heilsvolheid van Jesus se vervulling van die wet in die verbondsbeloftes van Jeremia 31 en Esegiël 36, en andere verbondstekste. Die gebrek in die drie genoemde houdinge is juis dat ons hier met drie mensgesentreerde sisteme te doen het wat buite die eskatologiese – heilshistoriese vervulling van die wet val.

’n Gewetensproses, ’n geesteproses of selfs ’n religieuse dankproses maak God se wil nie vir die mens tot ’n nuwe lewenshouding nie.

Hierdie drie moontlikhede van gehoorsaamheid aan God het elkeen ’n eie implisiete geloofskarakter waarin juis die gebrek in hierdie mensgesentreerde geestelikhede uitgewys word: hierdie moontlikhede is gegrond en vorm ’n stuk wangeloof in die mens. Hierdie

wangeloof lei herhaaldelik tot die probleem van ’n drie-godheid. (Drie stappe of drie fases van geestelikheid)

Waar die gewete die krag is om die mens in God se wil te lei, is geloof maar net om onder die besef van God se heiligheid, sy Oneindigheid, sy volmaaktheid en sy liefde te kom. Geloof is dan om die wese van God só te bedink dat die mens onder die indruk en besef kom van wie God is, dan sal my gewete my lei om so God te wees.

Geloof in die tweede model is om te glo Jesus het al jou sondes vergewe en jou die Ewige Lewe gegee. Na hierdie tipe geloof wat sinoniem word met “Jesus aanvaar”, “Jesus aanneem”, moet jy nou uit dankbaarheid die Here dien, wat hierdie dank as die innerlike grondreël en selfstandige subjektiwiteit van die mens sien wat nou na sy redding God kan en wil dien.

Geloof by die derde model sentreer weer rondom die Persoon van die Heilige Gees. Geloof hier beteken dat die mens nie meer hier sy gewete, wat hulle dan as die “ou natuur” verwerp, volg nie. Die mens moet homself afsterf, hy moet niks wees, hy moet van die troon van sy hart afklim en as hy hierdie selfontkenning met homself doen, dan moet hy deur die gees volgemaak word, oorgeneem word en dan sal alles wat hy doen deur die Heilige Gees en nie meer deur homself wees nie.

Hierdie drie modelle het dieselfde grondtrekke. Die mens (antropologie) word sonder Christus se koms (eskatelogie) en die heilshistoriese dimensies van Christus se heerskappy tot die fundering van God se heil.

Hierdie drie geloofshoudinge gaan terug op dit wat miskien ’n geloofsdeïsme genoem kan word. Deïsme word tradisioneel gesien as ’n houding teenoor enige vorm van vroomheid waar God nog net gesien word as die Skepper teenoor ’n selfstandige skepping.

Egter, wanneer hierdie deïs met hierdie geestelikheid gekonfronteer word, is dit juis hy wat Jesus kies en aanneem volgens hierdie geestelikheid. Vanuit sy deïstiese geloof in God sien hy sy eie geloof as die wyse waarop hy homself met God versoen, en vanuit hierdie selfstandigheid teenoor God wat hy nog steeds behou al het hy nou “Jesus aangeneem” of “vir God gekies”, leef hy nog steeds net uit die selfstandigheid van sy eie gewete, sy eie nuwe gees of sy eie nuwe dank.

Waar die deïs onder die leiding van Piëtisme of die moderne aktivistiese vroomheid tot bekering kom, word geloof in God gereduseer tot drie geestelike stappe wat drie verskillende fases van hierdie geestelikheid is. a. die besef van God, b. geloof in redding en vergewing en c. die vervulling met God se Gees. (Dit is, tot ’n drie-godheid.)

Die bekering uit Deïsme tot die moderne aktivistiese vroomheid is niks anders as sinkretisme nie. In hierdie bekering is daar ’n totale gebrek aan vertroue in God wat híér heersend

teenwoordig is, ten spyte van hierdie geestelike besef van God, geloof in redding deur Jesus en hulle vervulling met die Gees. Die kenmerkende waar hierdie lewenshouding van deïsme met piëtisme tot sintese kom, of eerder, die sintese van piëtisme met deïsme, is ’n aktivistiese geestelikheid.

Hiermee is die gebeure van die nuwe Jeug- “AKSIES”, vir my vanuit sy bestaan en ontwikkeling in perspektief geplaas. Maar daarmee is ook die basiese gebrek aangedui: geen vertroue in die Seun van God wat hier heersend teenwoordig is aan die regterhand van die Vader nie. Die hart van hierdie tipe aktivistiese godsdiensywer wat uit die sintese van vroomheid en deïsme kom, is nie ’n ywer uit dit wat is nie, maar dit wat ontbreek: God se genade en God se heerskappy.

Die aktivisme se bron is nie dit wat is nie, maar dit wat ontbreek. Daarom kan Moltman sy “teologie van hoop” munt, wat ironies eintlik ’n teologie van angs is, angs vir dit en uit dit wat ontbreek, God! Solank as wat die bekeerde deïs in angs gehou kan word, solank bly hy ’n willose slaaf van enige vorm van godsdiens-aktivisme. Maar ook omgekeerd, solank as wat hierdie tipe mens in die kerk is, word die kerk self gereduseer tot ’n godsdiens-aktivistiese gemeenskap of sommer net ’n aksie komitee.

Dat hierdie analise korrek is, blyk vir my nie net uit my eie godsdiensaktivisme nie, maar uit die ontstaan, die funksionering en invloed van die Hatfield- Baptiste se aktivistese sel onder die SKJA jongmense hier in Silverton moedergemeente.” (Dagboek Silverton 25.10.1982)

Ek preek my afskeidspreek met my diensbeëindiging as pastorale hulp vir die jeug in Silverton moedergemeente met die oggenddiens op 31 Oktober 1982. Ek deurdring hierdie verinnerliking van God as afgod in my en breek opnuut met Jesus as ’n godsbeeld in my op die 3 de November.

“ **God en dood**.
Die hele geloofsvertroue waarin en waaraan ek aan Christus as die heersend, teenwoordige Here aan die regterhand van die Vader al meer verbonde raak, wat vir my ’n verwonderingsgebeure is, het nou deurgedring tot ’n deel van my menswees wat ek nog altyd in die deïsties – godsdienstige tradisies van die evangeliese groepe beleef het.

In hierdie groeiende geloofsvertroue aan die heersend teenwoordige Christus het ek al meer en meer begin insien dat ek vasgevang is in ’n idealistiese selfbeeld van my as mens. Hierdie selfbeeld lê nie op ’n sielkundige vlak nie, daar het ek beswaarlik ’n selfbeeld, maar dit lê op ’n lewens- en wêreldverstaan, dit is, ’n filosofiese selfverstaan. Dit gaan oor die antropologiese beeld van wie ek as mens is.

In my antropologiese selfverstaan, wat nog besig is om verdring en afgebreek te word deur my geloofsvertroue in Christus wat as Seun van die Vader hier heersend teenwoordig is, kon ek nog nooit tot my eie eindigheid en sterflikheid deurdring nie.

Hierdie skans was die idealistiese, of eerder, eksistensialistiese selfbeeld waarmee ek van kleinsaf geleef het. Die sieleprediking, prediking van Jesus aanneem, die prediking van verlossing en die godsdiensbegeleiding van die Jeug-tot-Jeug aksie het hierdie selfbeeld en selfbelewing by my versterk en aangevul. Dit het gebeur deur die versekering dat ek nou seker kan wees nadat ek Jesus aangeneem het, ek hemel toe gaan. Ek moes seker wees dat ek hemel toe gaan, maar die klem in hierdie evangeliese groepe was dat ek nou reeds deel van die hemel is omdat ek Jesus aangeneem het.

Direk na hierdie versekeringe is ek gelei om te weet dat die inhoud van die hemel is om by God te wees. Hierdie inhoud het vir my kwalitatief beteken dat ek God oral waar ek is beleef en dat ek na die dood God nog steeds sal beleef.

Deur hierdie geloofskeuses, vir Jesus, let wel, en deur hierdie godsdiensbegeleiding het ek dus aan die Skrifinhoude ’n eie kwalitatiewe inhoud gegee: my selfbelewing! Hierdie selfbelewing is in my opgebou deur die maatskappybelange en strukture. Ek met my selfbelewing is die middelpunt waar alles aangemeld moet word en alles wat mag wees, is in diens van my selfbelewing. My keuse om Jesus aan te neem het ook hierby ingeval.

My sekerheid dat ek hemel toe gaan, was net ’n selfbevestiging van hierdie idealistiese selfbelewing. Dit is ’n selfbelewing waarin ek myself nooit as eindig of sterflik beleef het nie, of as eindig en sterklik kón beleef nie. Die sekerheid dat ek nóú hemel toe gaan omdat ek Jesus nóú aangeneem het, is in hierdie selfstruktuur begrond: omdat ek myself beleef het in my eie godsdienstige ervarings, sál ek steeds myself bly beleef. Dat ek skielik eendag net ophou bestaan; my liggaam net weer tot anorganiese elemente onbind waaruit ek organies bestaan, is en bly vir my eie idealistiese selfbelewing ’n onbereikbaarheid.

Hierdie idealistiese selfverstaan het niks met geloofsvertroue in God te doen nie.

’n Verdere element waar daar werklik ’n sintese tussen my en God plaasgevind het, is die ervarings van “Jesus in my; Jesus in my hart; en die Heilige Gees wat my vervul het.” Hierdie was nie geloofsvertroue in God nie, maar ’n geloof in my belewing van God: ek beleef God in my. Hierdie belewing hier was weereens die idealistiese selfbelewing met al die moderne Humanistiese mensbeelde. Hierdie Humanistiese selfbeeld was die ruimte en inhoud van dit wat ek geglo het as die belewing van “God- in-my”.

Dit was die werklikheid van hierdie sintese tussen myself en God. Orals waar ek beleef ek is “intiem” met mense en waar ek persoonlik met mede-Christene omgaan, daar beleef ek hierdie sintese, die diep gemeenskap van God-in-my en nie meer ek-my-self nie. In hierdie tussenmenslikheid moet ek myself kruisig, myself afsterf op só 'n wyse dat ek ervaar dit is nie meer ek wat praat nie, dit is God wat deur my praat; dit is nie meer ek wat iets doen nie, dit is God wat dit deur my doen.

Daarom is ek so selfversekerd in alles wat ek is en doen, want ek is myself in die oortuiging dat dit oorgawe en toewyding aan die “god-in-my” is. Die gronde, die ruimte vir hierdie “god-in-my” was niks anders nie as my eie eksistensie of selfbelewing nie. In hierdie sintese van God en ek, het my selfbelewing die geborgenheid gekry as ’n godsbelewing. Waar ek myself beleef, beleef ek nie meer myself nie, maar beleef ek God-in-my; Jesus-in-my en die Gees wat my vervul.

Op hierdie wyse, deur die sintese tussen God en my, is die idealistiese en utopistiese eksistensie juis deur hierdie godservaring in my opgebou en onderhou. Vanuit hierdie sintese: die God-ekself belewing kon ek seker wees dat ek na die dood nog steeds myself sal beleef want ek is “god-in-my”, of te wel in die evangeliese taal, “Ek kan seker wees van die Hemel”.

Hierdie eksistensialistiese sekerheid is ondermyn toe ek tot die geloofsinsig en geloofsbreuk gekom het dat daar geen ruimte is vir iets soos “God-in-my”; “Jesus-in-my-hart”; of die “vervulling” met die Heilige Gees soos dit aan my voorgehou was nie.

Toe ek met die loop van laas jaar (1981) maar veral in hierdie jaar aktief die geloof in “god-in-my” verwerp het, was ek bevry van die misties-pantiëstiese kleed van my eie eksistensiële selfbelewing.

Dit was vir my die begin van ’n nuwe selfverstaan waar die historiese en kulturele dimensies van my eie menswees vir myself oopgegaan het in sy tydruimtelike, biologiese en materiële dimensies. Vir die eerste keer het ek die wêreld, ook van uit die moderne wetenskap en tegnologie, as die wêreld kon ontdek. Maar meer as dit! God het vir my ook as Iemand anders as my eie misties-eksistensiële selfbelewinge oopgegaan.

Hierdie oopgaan het ook iets ongekends in my ontsluit – twyfel. Twyfel oor God. Hierdie twyfel aan Christus as “God-met-ons”, is omdat God nou eers vir my oopgegaan het as die Wese wat die wêreld wat ek nou eers kan vind as wêreld, geskep het en onderhou.

Christus self word vir my as Persoon nou ’n totale krisis. ’n Geloofskrisis van werklike twyfel juis bínne die moontlikheid van wie Hy werklik as Persoon is buite my eie eksistensiële godservarings.

Hierdie twyfel is nie die teendeel van die sekerheid wat ek eers oor Christus geken het nie. Hierdie vorige sekerheid, “geloofsekerheid” was niks anders nie as ’n selfgeborgenheid in my selfbelewing nie. Ek was seker van myself in my eenwording met God of die godheid. Hierdie eenheid met God in myself was die werklike geborgenheid wat ek gevoel het in my keuse en aksies “vir Christus”.

Binne hierdie sekerheid wat ek in my sintese met God oor Christus gehad het, kon Christus nie gewees het wat Hy nou kan wees nie. Nou dat ek bevry is van my selfervaring as die

moontlikhede om “god-in-my” te wees en hierdie ervaring as die enigste ruimte waarin Christus mag bestaan binne in my selfbelewing.

Wat Christus nóú buite my sintese met God kan wees roep ’n totale geloofstwyfel in my op, ’n geloofstwyfel oor die Persoon van Christus self.

Maar om net weer terug te kom na die eksistensiële sekerheid wat in my ondermyn is deur my verwerping van “god-in-my”. Die geborgenheid wat godsdiens vir my eksistensiële selfbelewing gehad het, dit is deur my sogenaamde “keuse vir Christus”, het verval toe ek die geloof in “god-in-my” verwerp het. Ek is bevry van die misties-panteïstiese kleed. Al wat hierna vir my oorgebly het, is die begronding van en vind van myself in my selfbelewing. Hierdeur staan die eindigheid, die beperktheid en die sterflikheid van my selfwees al meer as werklikheid voor my en dit as angs. ’n Angs oor die totale vernietigingskarakter van die dood. Hierdie angs is iets anders as die twyfel oor Christus as God-met-ons”.

Dit is ’n werklike angs oor die sinloosheidskarakter van die lewe, ’n angs voor die feitlikheid van die dood. En die sentrum, die hart van my lewe, is gegrond in my eie eksistensiële singewing aan die lewe!

In hierdie ware en egte konflik oor die totale vernietigings- en beeïndigingskarakter van die dood staan ek nou in ’n eksistensiële angs. Want die hart van my bestaan is gegrond in eksistensiële singewing. Belewing is die singewing van my lewe, maar in verhouding tot die finaliteit van die dood is hierdie singewing sinloos! Dit is die angs waarin ek my ook tans bevind nadat die geloof in hierdie “god-in-my” verwerp het. Die geborgenheid wat hierdie tipe godservaring aan my gegee het in hierdie selfbelewing is vernietig. Ek staan nou voor die naaktheid van my eie selfwees en dit in angs.

Dit is vanuit hierdie angs dat die sintese tussen die selfbelewing in die moderne Westerse maatskappy en die ou Piëtistiese beeld van hemel en hel, en die Ewige Lewe as die lewe na die dood nie net ’n moontlikheid is nie, maar noodwendig is.

Hierdie piëtistiese beelde was die moontlikheid vir die ontstaan van die eksistensialistiese lewenshoudinge na en met Kierkegaard, Husserl en Heidegger. Maar as sodanig bly die omgekeerde ook nog steeds geldig. Eksistensiële lewenshoudinge moet met die Christelike beelde van Ewige lewe, lewe na die dood, god-in-my, God se betekenis hier en hou, tot sintese kom om aan die moderne mens geborgenheid te bied vir al die gebreke in die selfbelewing van die Westerse mens en as sodanig enige eksistensialistiese maatskappy en elke lid in so ’n maatskappy.

Hierdie is die ontstaans- en bestaansruimte van die neo-Pentokostalisme, die Charismatiese beweging en al die herlewingsgodsdienste van 1600- 1800. In hierdie sinkretisme lê ook die ongekende sukses van hierdie aktivistiese godsdienste. Die selfgenoegsame mens in sy eie

selfbelewing is in hierdie sinkretisme van Westerse eksistensialisme en godsdiens deur die herlewings, of te wel, belewingsgodsdienste geborge in hierdie lewe en ook die lewe hierna.

Die aktivistiese godsdienstigheid vind sy begronding in hierdie sinkretistiese selfbelewing van ek as god-in-my. Hierdie god-in-my ervaring is die moderne mens se geborgenheid en sekerheid en dit is die bron van die moderne mens se geweld en anargie. Sy selfgelding is in die geloof dat dit nie selfgelding is nie, maar die gelding van “god-in-my”. Die geweld en anargie van hierdie aktivisme lê nie net in polities anargistiese groepe nie, maar ook in die geweld en anargie van evangelisasie vir die Here; die anargisme van bekerings en wedergeboorte. Die opbreek van “Evangeliclas” en “Eucemanicals” is nie toevallig nie. Dit is dieselfde God in twee gestaltes.

Hierdie angs kan en mag nie die krag word vir die sintese tussen eksistensialisme en die “god-in-my” asof dit geloof in God is nie.

Die geloofsvertroue in Christus wat hier heersend teenwoordig, Seun van die Vader met ons is, gee ’n totaal ander karakter aan beide die selfbelewing en die dood. Ware geloof is ’n toevertroue aan Christus van wie ek seker is dat Hy die Here is, nie net hier nie, maar ook deur in en na die dood. Hierdie toevertroue in Christus as Here soek nie ’n geborgenheid van selfbelewing nie, maar wil Christus vertrou om God te wees. God wat my bewaar en ook anderkant die dood steeds Here is en ook na die dood as Here my bewaar en in sy diens begelei.

Die angs oor die selfbelewing se sinloosheidskarakter kan nie ’n mens tot hierdie toevertroue in Jesus as God bring nie. Die angs oor die sinloosheidskarakter van die dood oor my lewe hier en nou, het geen krag tot vertroue in Christus as God heersend teenwoordig, die kant en aan die ander kant van die dood nie. Daarom is toevertroue aan die Here in die sekerheid dat Hy alle mag op hemel en op aarde het (Matt. 28) ’n daad van vertroue uit die genade van God self. Geloof in Christus is nie ’n daad van angs in die mens se soeke na die geborgenheid van sy eksistensie nie.

Teenoor die verwerping van die “god-in-my” ervaring staan die toevertroue aan Christus in die sekerheid dat hy alle mag in die hemel en op aarde het. Hierdie tipe sekerheid oor Christus  is die teendeel van die twyfel oor wie Christus kan wees as Hy nie hierdie “god-in-my” is nie. Dit is iets anders as die eksistensiële twyfel oor ’n ongeborge bestaan.

Dit wat Christus is, as Hy nie “god-in-my” is nie, is ’n verskriklike moontlikheid: Gód met ons, Immanuel. Die verskriklikheid lê in die eis dat ek Hom, die man uit Nasaret, moet vertrou as God en myself aan moet toevertrou soos ’n mens hom alleen aan God kan toevertrou.

Dit is hierdie tipe verskrikking wat die twyfel oor Christus as ’n angs voor God na vore roep. Maar dit is juis in hierdie verskrikking dat ek vrede met God vind in die Seun van die Vader wat hier en nou, en ook later, heersend as God teenwoordig is.

Antropologie – vaarwel!” (Silverton 3.11.1982)

My verwerping van identifikasie met God het my ook vrygemaak van die geloof dat geestelike mag die ware Christelike liefde sou wees.

Ek het nie die verbond net ontdek as God se besondere verhouding tot my nie, maar die verbond ook as die inhoud van die liefde van Christene vir mekaar gevind. Ek glo nie net in God se verbondsliefde vir my nie, maar ook aan die verbondsliefde van sy kerk vir mekaar as lidmate van die kerk.

Wie in Christus glo, glo aan sy kerk en wie aan sy kerk glo, het hulle lief. Wie aan sy kinders se genade en heiligheid glo, het hulle lief as begenadigdes en heiliges. Dit is totaal ’n ander tipe liefde as die magsgevoel tussen mense wat saam God in hulle beleef en ander wat nie in hierdie magservaring deel nie veroordeel, minag en net sal aanvaar as hulle hul self aan hierdie mag onderwerp.

Hiermee kon ek die geloofsaanvaarding van die lidmate vir wie ek die evangelie deur die jaar gepreek het, verwoord. Ek kon nou onderskei tussen die geweld van mag en die inhoud van liefde.

Hiermee het ek die geloofsaak ontsluit wat ek later jare in die kategese in Levubu sou verwoord as die verdraaide waardes van die verdraaide bedoeling van afgodsdiens. Dit wat Paulus in Romeine 1 verkondig as verdraaide opvattings uit die verdraaide beeld van God uit Jesaja 44.

Dit was ook die geloofsonderskeiding waarmee ek in Silverton deur die jaar geleef het. Ek het nooit die geestelikes se liefde en broederlikheid vir my geglo nie, maar dit deurskou vir wat dit is: geestelike haat en geweld wat hulle vir hulle self as innige liefdes glo en vertroetel.

“**Verbond en liefde**.
In die verbondshandelinge van God met sy volk is daar ’n struktuur van agting en respek ingebou wat meer is as my houdinge en gesindhede teenoor medegelowiges.

God het sy verbondskinders se sonde vergewe en hulle voor Hom geregverdig. Hy het hulle deelgenote van sy Ryk gemaak en is vandag self heersend teenwoordig om hulle in sy genade te laat groei deur die Heilige Gees.

As God met sy verbondskinders só werk, dan moet hulle só geag, gerespekteer en behandel word. Ek mag nie houdinge, gesindhede en gedrag openbaar wat die genade wat hulle by God het, geweld aandoen nie. Maar meer, ek moet met die erkenning van God se genade in hulle, hulle ag.

Dit is gestruktureerde liefde vir my as medebegenadigde.

Vandat ek die “god-in-my” verwerp het, was ek ook genoodsaak om my al meer, en eintlik finaal van hierdie tipe liefde vir “saam-gelowiges” te distansieer omdat dit nie liefde is nie. Hierdie tipe liefde is geweld uit godsdiensaktivisme. Al meer was die verbond die struktuur wat my my medebegenadigde laat ag het vir wat God vir hom gedoen en gegun het.

In my vertroue vir God se verbondsmatige heerskappy, het ek al meer volgens die vertroue in God my naaste gerespekteer en só ’n medebegenadigde lojaliteit en agting in my verhouding met lidmate in Silverton opgebou. Hierdie geloof aan en verbintenis tot God as medebegenadigdes maak dat ek mense werklik kan steun en bemoedig. Ondersteuning en bemoediging wat hulle gerespekteerd laat wees deur my agting vir God se heerskappy. Dit is iets anders as net tussen menslike gevoelens en wil.

Hierdie tipe liefde uit geloofsvertroue in God se heerskappy oor ander is ongekend in die geweld van die tipe liefde vir mense wat ek beleef het in die ervaring dat ons saam Jesus beleef. Hierdie magservaring van “Jesus-saam-beleef” was my lewensstyl vroeër. Hierdie geweld as liefde is ook die ideologiese aanslag op al die Christene in al die moderne godsdiensaktivisme.

Dit is hierdie gestrukturele geweld wat ’n jong seun Lourens laat huil omdat die onderwyser waarna hy opkyk hom voorhou as verlore, Thomas se rug krom maak van spanning oor vernedering wat hy as liefde moet aanvaar; wat Bertus, Emerenti, Johan en Gavin vernederd laat toegee het aan die geweld en manipulasie van ervaringsgodsdienste.

In hierdie agting, respek en behandeling van gelowiges as verbondskinders volgens die genade wat God aan hulle toesê, die genadekarakter van God se heerskappy oor hulle en hulle status wat hulle voor God het, het daar vir my in hierdie jaar ’n nuwe bedieningspatroon oopgegaan.

Met gisteraand se gesprek met ’n matriekseun wat die beeld sou hê dat hy godloos en onverskillig sou wees, is hierdie bedieningspatroon vasgelê. My erkenning van God se genade vir sy verbondskinders sedert die begin van my jeugwerk hier in Silverton, en wat deur die loop van die jaar se geestelike begeleiding van hierdie kinders al meer struktuur gekry het in my bediening aan hulle, het hierdie nuwe bedieningspatroon vasgelê.

Ek sal nooit weer God se kinders kan behandel soos wat ek hulle voorheen behandel het nie. Wie is ek om God se begenadigdes geestelike geweld aan te doen?” (Silverton 5.11.1982)

## 68. Die ring van Silverton kies die middeweg tussen geloof en identifikasie met God in die regsuitoefening.

In hierdie week vind die ringsondersoek plaas na die probleme in Silverton gemeente en die optrede van die leraar, ds. Groenewald. Hierdie ringsondersoek was na aanleiding van die inisiatief van die dagbestuur oor my verslag oor die proselitering van die jongmense van die gemeente deur die Hatfield Baptiste aan die ouderlinge vergadering van Oktober, die brief wat ek aan die ring geskryf het oor die onbroederlike optrede van ds. van Rensburg, die verdagmakery deur die Pinkstergesindes teen my prediking en Bybelstudies met die kinders en die brief wat die dagbestuur opgestel het na aanleiding van die verslag van ds. Groenewald oor sy en ds. van Rensburg se besoek aan prof. Heyns.

Die klagstuk wat deur die dagbestuur opgestel en aan die ring voorgelê was, het al hierdie gebeure as klag opgesom:

**“Probleme in die Ned. Geref. Kerk Silverton.**
**1.Prediking.**
**1.1 Eensydige en verskraalde aanbieding van die Woord van God.**
1.1.1 Oormatige beklemtoning van die mens se sondigheid.
1.1.2 Oorbeklemtoning van die aandeel van die mens in sy saligheid.
1.1.3 Die liefde en genade van God word in die Woordbediening verwaarloos.
1.1.4 Die volle Raad van God word nie gepreek nie.
1.1.5 Talle volwasse lidmate beleef die boodskappe ontwrigtend en steurend.
1.1.6 Sekere kinders word verwar en ontwikkel ’n skewe godsbegrip wat afwyk van die Bybelse uitbeelding van die volle Raad van God.
1.1.7 Sommige lidmate beleef die eensydige oorbeklemtoning van die Godsbegrip as eensydig.

**2.Bywoning van eredienste.**
2.1 Sommige lidmate vind die teologiese denke van die leraar vreemd aan die Ned. Geref. Kerk gevolglik hieruit is voortvloeiend die volgende:
5.1.1 In Maart 1982 was 25% van die kerkraadsposte vakant.
5.1.2 Die gemiddelde bywoning van die oggenddienste was in die afgelope verslagjaar ’n kommervolle 26%
5.1.3 Lidmate gaan vir pastorale hulp en bywoning van eredienste na buurgemeentes.
5.1.4 Sommige lidmate oorweeg dit om die kerk te verlaat.
5.1.5 Van die lidmate het onaangename ervaringe met die leraar opgedoen.
5.1.6 Sommige lidmate het sterk afwysende gevoelens oor die prediking van die leraar.
5.1.7 Daar is diegene wat sy teologiese denke moeilik vind.

**3.Bidure.**

**3.1** Die beoefening van sekere Charismatiese elemente soos byvoorbeeld die spreek in tale en genesing met handoplegging en die leraar se simpatie daarmee wek kommer en is die volgende hieruit voortvloeiend.

3.1.1 Die gemeente bidure onder leiding van die leraar het sterk liturgiese elemente van die Hatfield Baptiste vertoon.

3.1.2 ’n biduurgroep wat gereeld deur die leraar bygewoon word, het al individueel of in kombinasie van lede in afvaardiging na gevalle gegaan of persone na hulle opgeroep om vir hulle gedrag verantwoording te doen. Hierdie tugoptredes is in geen geval by die Kerkraad of die ouderlinge se dagbestuur aangemeld of oor verslag gedoen nie.

3.1.2.1 Hierdie optree ondermyn die gesag van die Kerkraad en Kerkreg.

3.1.2.2 Hierdie optrede openbaar ’n geestelike meerderwaardigheidsgevoel

3.1.2.3 Voortdurende kritiek op die preke en jeugwerk van die pastorale hulp, prop. P. Kriel sonder om ’n amptelike klag teen hom te lê, bevorder verdagmakery en tweespalt in die gemeente.

3.1.2.4 Die optrede van die leraar en sy betrokkenheid by hierdie groep bring hom onderverdenking by sommige lidmate en kerkraadslede.

3.2 ’n Biduur groep wat uit vroue bestaan het, waarskynlik geïnspireer deur mev. May van der Walt (lidmaat van Silverton Kruin) gebruik kassette en lesings wat nóg deur die Kerkraad nóg deur die Kerk goedgekeur is.

3.3 ’n Adolessente groep het tot onlangs in die huis van ouderling PG van Z Spies vergader waarby lede van die Hatfield Baptiste gereeld teenwoordig was. Die groep vergader nou in ’n huis buite die gebied van die jurisdiksie van die kerkraad.

3.3.1 Die leraar is bekend met die aktiwiteite van hierdie groep.

3.3.2 Hy was van oordeel dat hulle met rus gelaat moet word.

3.3.3. Hy het geoordeel dat daar nie teen hulle opgetree moet word nie.

4.Huisbesoek.

4.4. Daar is sowel teologies as professioneel, ernstige bedenkinge daaroor dat die leraar persone en lidmate vir hulp verwys na mev. van der Walt, ’n lidmaat van Silverton Kruin wat tans onder tug is. ds. Groenewald het hierdie optrede teenoor die Dagbestuur bevestig op 11 Augustus 1982.”

Ek is die 8 ste November as getuie ingeroep om oor die gebeure wat ek aan die kerkraad berig het, te getuig. Dieselfde aand moes ek weer voor die ringskommissie verskyn saam met ds. Willie van Rensburg. Hulle het sy optrede teen my prediking en lering by die SKJA ondervang as sou dit ’n kerklike geskil gewees het.

Ek het weer my oortuiging oor die verbond soos op die SKJA kamp, my bewoording van die kennisgewing aan die ouers en die doop soos gestel in die doopspreek van 4 Julie herhaal.

Die ringskommissie het nie op die teologiese inhoude van die saak ingegaan nie, maar oor die onbroederlike wyse waarop die geskil deur ds. van Rensburg aangevoer was. Die teologiese verskille tussen ons is nie aangespreek nie. Dit is weg gepraat en só gerelativeer dat hulle die goeie gesindhede wat hulle gesoek het teenoor mekaar vooropgestel het.

Die werklike geloofsverskil en botsing tussen ons was fundamenteel. Hy het dit geweet. Ek het dit geweet. Die gemeente het dit geweet. Die kerkraad het dit geweet. Die ringskommissie lede het dit ook geweet.

Maar die ringskommissie het besluit om net die gesindheid waarin ds. van Rensburg hierdie geloofsverskil aan die orde gestel het, aan te spreek. Die inhoudelike saak soos wat dit gestel is, is doelbewus vermy.

Hulle was vasbeslote om die probleme rondom ds. Groenewald aan te spreek op so ’n wyse dat hulle die band tussen hom en die gemeente sou losmaak. Hulle wou nie hierdie doelwit in die ring beswaar met die werklik geloofsbotsing wat tussen my en ds. van Rensburg afgespeel het nie, want dan moes hulle dit direk aan ds. Groenewald verbind.

Hulle wou ook nie die inhoudelike geloofsverskille soos wat dit in my prediking en lering en die van ds. Groenewald duidelik openbaar was, aan die orde stel nie.

Hierdie vermyding van die ring het tereg ’n gevoel van diep verontregting by lidmate soos Pieter Spies, Kobus Vosloo en ander veroorsaak. Hulle het ook die diepte en omvang van die verskil tussen wat hulle in geglo het en wat ek verkondig het geken. Hulle wou hierdie teenoorstaande geloofinhoude waarin hulle skielik tussen my en hulle herlewingspredikers vasgevang was, aan die orde stel.

Die ringskommissie het dit doelbewus vermy.

ds. van Rensburg het ook in die amptelike ondersoek nie meer die verskille wat hy so heftig oor was, en wat hy as leerstellinge saak wou aanvoer, soos met sy ontmoeting met prof Heyns, amptelike aanvoer nie.

Ek was nou binne in die “middeweg” van die NG Kerk.

Die middeweg van goeie gesindhede en liefdevolheid binne die eenheid van die onversoenbare: geloof en ongeloof, godsdiens en goddeloosheid, geloof in Christus en identifikasie met God.

Hierdie middeweg binne die NG Kerk in hulle eie bi-polêre geestelike verwarring wat ek finaal kon verwoord in die boek: **“Protestants: Vry om te protesteer.”**

Die ringskommissie het as volg oor hierdie saak aan die Dagbestuur berig:
“U skrywe broederlike optrede van 1982.08.16

> Die ringskommissie het die betrokke broers, ds. W. van Rensburg en prop. Kriel, beide toe nog ouderlinge van u kerkraad op 8 November ontmoet. … 2. Aangesien die ringskommissie die skrywe as geskil gesien het tussen kerkraadslede het die rings-kommissie tog die aangeleentheid in ontvangs geneem. … 6. Die ringskommissie doen ook net verslag dat hierdie aangeleentheid in ’n goeie gees bespreek is en dat na die uitleg van hulle onderskeie standpunte, die broers saamgestem het dat hulle in beginsel nie van mekaar verskil nie. Die ringskommissie oordeel ook dat daar nie by een van die partye ’n dwaalleer te bespeur is nie” (Ringskommissie skrywe van ring van Silverton, 12.11.1982)

Op die 9 de November het die ringskommissie ’n buitengewone kerkraadsvergadering van die gemeente Silverton bygewoon. Hulle het hul besluit om die band tussen die leraar en gemeente los te maak aan die kerkraad oorgedra. Die eerste beroepsvergadering vir ’n volgende leraar is vasgestel vir 15 November 1982.

Ek sal nooit hierdie kerkraadsvergadering vergeet nie.

Dit was die eerste keer wat ek die werking en diepte van die “middeweg” kerkregtelik in die NG Kerk gesien het. My prediking en lering het die dagbestuur van Silverton gemeente die inhoud, rigting en motivering gegee om teen die aanslag van die Pinkstergodsdiens van hul eie kansel teen hulle, deur hulle eie leraar, op te staan en standpunt in te neem.

In hierdie optrede was dr. Joost Hattingh, Len Scott, Boet Schoeman, Piet van Staden en die ander die mees te ouderlinge en diakens beslis.

Die ringsleraars het hierdie aksie gebruik om die band tussen ds. Groenewald en die gemeente los te maak. Hulle was gefrustreerd oor die uitkomste van die herlewing in Silverton. Maar in die kerkraadsvergadering na hulle die band losgemaak het, het hulle sterk standpunt ingeneem teen die dagbestuur. Dit is dieselfde dagbestuur wat hulle gehelp het in die optrede teen ds. Groenewald.

Hulle wou weer ’n “normale” NG gemeente gehad het: nie té charismaties nie en nie té Gereformeerd nie. Hulle wou die hele gemeente behou het. Ook hulle wat inhoudelik nie geglo het in dit wat die NG Kerk bely nie.

Hierdie “versoening” is die middeweg van die NG Kerk. Die konflik van die botsing tussen geloof in Christus teenoor identifikasie met God word elke keer so hanteer

dat dit net houdinge en gesindhede sou wees wat as “oorreaksies” en “eensydighede” aangespreek word. Dit word nie as geloof teenoor ongeloof, liefde teenoor mag en godsdiens teenoor afgodsdiens aangespreek nie.

Die onversoenbare van geloof in Christus as Here en identifikasie met God wat niks anders as ongeloof in Christus en goddeloosheid is nie, word elke keer in een bestuur, een gemeente, een bediening en een gemeenskap binne die NG Kerk versoen.

Ek het in Silverton die regte rede hiervoor in die gemeente en bediening kon sien: die NG Kerk is in sy wese presies dieselfde as al die ander Pinkstergroeperinge. Hulle bedien ook die twee fase geestelikheid en die Woord en geloof is nog net leë inhoudlose simbole waardeur hulle met God identifiseer net soos hulle wil.

Ek sal nooit die woede, verontwaardiging en vernedering van die dagbestuurlede vergeet toe hulle, nadat hulle al die stres gevat het om die gemeente van die valse bediening van die Pinksterbeweging los te maak, in hulle eie vergadering aangespreek is as té eensydig. Dít net om die “middeweg” weer die geestelike inhoud van die NG Gemeente Silverton te maak.

Hier het ek ’n les geleer oor die NG Kerk se magsbedryf om geloof en ongeloof as twee kante van een saak te regverdig, wat ek vir die res van my lewe onthou en verreken het.

### 69. Die ontdekking van goddeloosheid as die ware inhoud van die moderne Christelikheid se innighede wat hulle Christelike liefde noem.

In hierdie openlike verrekening van die verdraaide opvattings as lewenshoudings binne die moderne Christelikheid (Rom.1) het ek duidelik die verskil tussen hulle verdraaide opvattings en die liefde in mense vir God en mense, binne God se genade verbond kon herken.

Daarom was hierdie konflik vir my ook ’n werklikheidsoomblik om die inhoud van hulle geestelike liefde, dit is die tipe liefdeswaan waarin ek self mee geleef het, te kon herken en te kon verwerp.

“Ek is los van die isolasie wat die seer en pyn van hierdie tipe verhoudinge altyd vir my ingehou het. Ek het by myself aangekom. Ek het by my verhoudinge aangekom. Ek kan myself toelaat om deel te wees van die inhoude van die verhoudinge wat ek is.

Verlede week en Maandag se ringsitting tussen my en ds. Willie van Rensburg was ook asof ek by myself uitgekom het: haat, angs vir vervolging, benadeling en geweld het nou vir my ’n gesig gekry.

Ek beleef gewoonlik angs vir geweld, benadeling, haat en minagting nie as iets tussen my en mense nie. Dit is nie vir my inhoude van verhoudinge nie. Hierdie haat en geweld van mense teen my beleef ek as ’n geïsoleerde, naamlose en voorwerplose angs in myself.

Tydens ds. Willie van Rensburg se tirade het ek die geleentheid om geweld, haat, minagting en benadeling van my persoon in sy persoon en houding teenoor my gevind. En soos die vergadering en Willie se tirade gevorder het, het die angs my verlaat. Ek het sonder angs teenoor sy houding van minagting, geweld en haat gestaan.

Deur die loop van hierdie jaar het ek die ideologiese geweld en aggressie van Kobus Vosloo, Pieter Spies en Willie van Rensburg as innerlike angs beleef sonder dat ek hierdie geweld en aggressie binne die verhoudinge waarin ek staan kon vind. Die gevolge van hierdie disassosiasie was altyd ’n innerlike, naamlose en gesiglose angs.

Hierdie skeiding van die gestruktureerde geweld, aggressie en minagting en die persone wat my só hanteer is die veronderstelling waarin ek leef. Dit is die veronderstelling van die liefde wat ons vir mekaar het wat nie daar is nie.

Hierdie veronderstelling van ’n liefde wat nie is nie en die angs in hierdie verlore liefde, is in die godsdiensbeeld wat die Charismate en Piëtiste van Silverton van my het en hulle aanslag teen my as mens ’n gegewe!

Kobus Vosloo beskuldig my in my geloof en as mens as vals, maak my die hele tyd verdag en probeer sy charismatiese houding as die ruimte waarin ek my verkondiging van God se genade op my afdwing deur in die kerkraad sy mening en houding teen my te probeer opbou. Dit doen hy met berekende aggressie.

Terselfdertyd pleit hy vir “die liefde van Jesus” en “broederlike liefde” en vertel hy my hoe hy elke keer huil as hy vir my in sy binnekamer bid. Al hierdie geweld wat hy pleeg is “in liefde” en “in broederlikheid” met die tipiese charismatiese innigheid.

Willie van Rensburg probeer met bombasme en hoogdrawendheid my dwing om van my heilshistoriese eksegese af te sien en voor sy metodisties-eksemplariese uitleg te buig, ook om my verbondsverhouding vir sy metodistiese bekeringshouding te verruil. Hy lieg openlik oor stellings wat ek nog nooit gemaak het nie en versprei die storie dat ek oor ’n koppie tee sou gesê het “niemand hoef tot bekering te kom nie”.

Op die ringsondersoek probeer hy my indwing om sy ruimtes en houdinge as die enigste ruimtes te aanvaar waarin ek móét funksioneer terwyl hy op hierdie wyse met minagting optree vir my geloof en verkondiging, maar dan pleit hy vir “broederlike liefde” en die “liefdevolle gesindheid” waarin hy alles sou gedoen het. Weereens die tipe sintese van liefde en geweld van die metodistiese bekeringsgeweldadigheid.

Pieter Spies van “Filadelfia in Christus” tree ook met hierdie ideologiese geweld op deur skindery en verdagmakery. Hy probeer deur kwasi-sielkunde ’n persoonlike houvas op my kry net soos hy op ds. Groenewald ’n houvas gekry het. ’n Houvas wat tot die disintegrasie van die gemeente Silverton gelei het. Hy wil dat ons “’n speletjie moet speel wat hy in Amerika gekry het wat sal maak dat ons kan “oopmaak”. “Liefde” in hierdie tipe geestelikheid word onder die beeld van kwasi-sielkunde en kwasi-wetenskaplikheid niks anders as die geweld om ander se innerlike gevoelens en ervaringe jou eie besit te maak nie.

“Broederlikheid” is nou om “ons diepste probleme met mekaar te bespreek en deel van mekaar te word”. Terwyl hy wil hê ons moet hierdie tipe “broederlikheid” met mekaar deel, word die heilshistoriese verkondiging en die verheerliking van God as Jesus-God-met-ons met geweld verdag gemaak en afgewys as ’n passiewe dooie godsdiens. Hierdie geweld teenoor geloof in Christus en die verbondsgemeenskap met Christus, moet ek aanvaar as die “liefde wat ons in Jesus het”.

My verhoudinge tot doktore Joost Hattingh, Len Scott, Boet Schoeman, Piet Nel en oom Johan en tannie Lettie van Rensburg is totaal anders. Hier word geloof in Christus as gestruktureerde verhoudinge met die inhoude van agting, lojaliteit en medewerking deurleef. Hierdie tipe verhoudinge staan egter onder die vervloeking en verdoeming van die metodistiese magshoudinge as ’n dooie, lewelose en pasifistiese godsdiens wat moet buig voor hulle anneksasie van God en sy genade.

Hierdie gestruktureerde geweld, minagting en aanvallendheid op menslike verhoudinge wat voorgehou en geglo word as “liefde”, is nie my eie selfgeprojekteerde sielkundige probleem soos hulle dit graag wil sien nie. Hierdie skreiende teenstelling van haat as liefde ís die selfgegewe inhoud van verhoudings tussen mense deur die vroomheidshoudinge van die Metodisme, Piëtisme en Charismatiese beweging. Hierdie verhouding van haat as liefde word deur kerke, frontorganisasies, aktiviste en leraars op kansels struktuur gegee in die kerk.

Die Afrikaanse gemeenskap het vanaf Andrew Murray en kie. grootgeword in hierdie geestelike ruimte waar die inhoude van geweld as liefde geglo word. Hierdie “geestelike geweld van die metodisme – piëtisme, is ook die godsdiens waarin ek self groot geword het.

Dit is hoekom mense met “persoonlike probleme” hulle so maklik tuis voel in die taal en ruimtes van hierdie geestelikheid. Die struktuur van hierdie geestelikheid leen homself daartoe. In hierdie geestelikheid is “die liefde van die Here” glad nie meer dieselfde as die liefde van God wat gelowiges vind in die geloofvertroue in God volgens dieselfde belydenisskrifte nie. “Liefde” is deur hierdie vroomheidshouding en die geweld van haat as liefde geannekseer. Op hierdie wyse is en word die kerk juis deur hierdie “liefde in Jesus” en “broederlikheid” tot ’n sosiale geestelike beweging gereduseer wat niks te doen het met die heilshistoriese en eskatologiese gemeenskap: die kerk van die Here nie.

Ek is nou bevry van hierdie magspel! Geweld is nie liefde nie! Minagting is nie broederlikheid nie!

Hierdie tipe liefde wat ons vir mekaar “in Jesus moet hê”, is net ’n sosiale en psigologiese magsgreep op die geloof in God volgens die evangelie van Jesus Christus. Ek is seker dat ek hierdie hele sosiale godsdiens, histories en gestruktureerd sal terugvind in verkondigingstradisies soos “God het jou lief en het ’n plan met jou lewe” en “God is liefde”. Hierdie godsbeelde se inhoud is hierdie tipe liefde van haat as liefde. Hierdie tipe liefde word die model waarvolgens mense hulle moet rig om “lief te hê”. Ons liefdespostulaat, dit is, haat as liefde, ís vir ons ons God!

Hierdie liefde-geweld struktuur in die bekeringsgodsdienste is gestruktureerd in die kerke wat geld aan terroriste organisasies gee, die gesag van die staat, die polisie en weermag ondermyn.

Tot dus ver is daar gedink dat hierdie kerke deur die Neo-Marxisme oorgeneem is. Dit is nie waar nie! Hierdie houding, geweld in liefde en liefdesgeweld, is die selfstruktuur van die moderne ateïstiese, metodistiese bekeringsvroomheid!” (Silverton 16.11.1982)

Hierdie herkenning van die liefde in die moderne Christelikheid as geweld en haat teenoor God en mense, maak dat ek weer die “verlange na God” en “intieme verhoudings met mense” kan probeer peil. Omdat ek nog nie die profete se verkondiging van afgodsdiens as “nietigheid”, “niksheid” in diepte kon peil nie en ook nie Augustinus en Calvyn se verwoording van die dinamika van afgodsdiens geken het nie, probeer ek hierdie niksheid of leegheid weer eksistensieel verwoord. Ek het aangevoel dat dit juis hierdie leegheid is wat die werkende krag is vir my eie en ander se goddeloosheid en afgodsdiens, wat ek nog verwoord as ateïsme en piëtisme.

Die afwesigheid van God in hierdie geestelikhede is nie die probleem vir hulle vroomheid nie. Dit is die oplossing, ontstaansrede en beweegrede vir hulle vroomheid. Dit bemagtig hulle in hulle goddeloosheid en afgodsdiens. God se afwesigheid gaan oor ’n magshouding wat Hom deur geestelikheid sy Godheid ontneem. Dit is ek wat Hom die afwesige God maak sodat ek Hom as God vir my eie begeertes prakties, werklik en gevoelvol kan maak.

Ek kry dit reg om die diepte van my eie goddeloosheid en afgodsdiens te verwoord omdat ek die valsheid van my eie verdraaide opvattings, om in haat en geweld as liefde te glo, kon deurbreek het.

“In die geloofslewe waarin ek was, en deels nog is, is daar iets wat die “groot leemte” genoem kan word. Hierdie “groot leemte” is die rede vir ’n ewige soeke. Na ek “Jesus

aangeneem het” of “my bekering gehad het”, was ek in hierdie lugleegte, hierdie eksistensiële leegte.

... Die vraag na wie Jesus is en wat Hy gedoen het, of binne die nuwe tipe vraaghouding: wie is Hy vir mý en wat het Hy vir mý gedoen, is ’n terugvra na ’n Jesus wat 2000 gelede opgetree het. Dit is hierdie Jesus wat ek “aangeneem” het.

Hierdie aanneem is ’n daad waarin ek met ’n terugskouing in die verlede die historiese gebeure op myself reduseer. Hierdie verlede is die verlede “vir my”. Maar al wat die verlede in die hede kan wees, deur hierdie reduksie op mý kan wees, is die betekenisvolheid, die sinvolheid vir mý. Die verlede kan nie vir die hede as ’n teenoorstaande werklikheid opgeroep word nie. Wat belangrik is, is dat hierdie eksistensiële terugvraging na die verlede is my eie eksistensie. My eksistensie is die plek van singewing en betekenistoekenning aan dit wat ek opneem in hierdie seleksie van die verlede as “vir my”.

Hierdie tipe “aanneem van Jesus” wat ek gedoen het, is ’n daad waarmee ek reeds vaste betekenistoebedelings gemaak het binne die vaste ruimte van “vir my”. Jesus is “vir my” die mens wat 2000 jaar gelde gesterf het in tyd aan ’n kruis. Teenoor hierdie gebeure in die verlede maak ek “vir my” die plek en ruimte waarin ek die verlede- Jesus vir myself as betekenisvol verklaar: Hy het vir mý gesterf.

Met hierdie houding is en word dit nou my eie eksistensie wat die ruimte en betekenisveld word waar die “verlede- Jesus” (historiese Jesus) nóú betekenis aan mý lewe gee. Dit is die werklike inhoudelike gebeure wat plaasgevind het toe ek Jesus “aangeneem” het as my persóónlike Saligmaker.

Deel van hierdie vraaghouding wat Jesus “aanneem” in my, is die ateïsme. Alreeds in die vraag na wat Jesus in die verlede vir my aan die kruis gedoen het, ontken ek dat dit ’n vraag behoort te wees teenoor Jesus wat as Here híér teenwoordig is met die volmag van die Vader self.

Hierdie tipe vraaghouding, om die Jesus van die verlede ín my lewe betekenisvol te maak, is nie ’n individuele snaaksigheid van myself of ander enkelinge nie. Dit is die inhoud van die hele Piëtistiese-Deïstiese Bybel en Skrifstudie sedert die Aufklärung. God word nie meer as God gesoek, geken of gedien nie. Hulle wil God nie so ken of dien nie, en juis in hierdie ongeloof wil mense terselfdertyd Jesus graag as hulle “persoonlike” Saligmaker aanvaar.

In hierdie innerlike teenstrydigheid word Jesus die inhoudlose “paradoks” van Bultman. Maar meer as dit! Hierdie inhoudlose paradoks (“Jesus”) is die ruimte van én vir die Christendom van vandag. Op hierdie wyse word God in die bekerings van die Jeug-tot-Jeug- Aksie, die Charismatiese beweging en al die neo-Piëtistiese dade van die neo-Pentekostalisme gestruktureer: God-vir-ons.

Daarom staan die mens na hy “Jesus aangeneem het” leeg en inhoudloos. Dit is juis hierdie inhoudloosheid en die paradoks van hierdie inhoudloosheid wat jou aan die mag van enige vroomheidsbeweging uitlewer.

Die bekeerde soek na die inhoud van dit wat aan hom beloof is met sy bekering. Hy soek soek God in homself as mens. Dit is die werklike innerlike spanning.

As God as moontlikheid, los van hierdie inhoudlose paradoks verkondig word, kom die moderne mens in opstand en in verset. ’n Jesus wat die moderne mens nie met sy “aannames” en “aanvaardings” kan wurg om “vir mý” betekenis te hê nie word verklaar as ’n onpraktiese, onwerklike, intellektuele of teoretiese Jesus.

Ook in hierdie eiemagtige verklaring is hierdie innerlike teenstrydigheid werksaam: Jesus as die Seun van die Vader, wat met die volmag van die Vader híér teenwoordig as God regeer staan as ’n onwerklike, onpraktiese, teoretiese Jesus teenoor die Jesus wat vir mý in die verlede aan die kruis gesterf het.

Dit is belangrik om te sien dat vandag word die “onwerklike”, “teoretiese” aard van Jesus as die eintlike probleem voor gehou wat ons moet erken volgens die moderne mens. Hierdie gewaande erkenning misken egter die verklaringskarakter in hierdie verwagte erkenning. Want die karakter van Jesus as sou Hy teoreties, onprakties en onwerklike wees, is toedigsels van die van die moderne mens uit sy eie selfingenome genoegsame houding teenoor God.

Hierdie vooringenome houding teenoor God en die eiemagtige verklaring van Jesus as teoreties, onprakties en onwerklik, is weer eens nie ’n individuele snaaksigheid van sommiges nie. Dit is die rasionalistiese ongeloof in beide die Deïsme en die vroomheid van die 17 en 18de eeu, soos duidelik blyk uit Schleiermacher.

Ook hierin blyk die moderne mens se opstand teen God. Om hierdie verklarings van Jesus as onprakties, te intellektueel of onwerklik uit te wys, as toedigsels van ’n selfingenome opstand teen die heerskappy van Christus aan die regterhand van God die Vader wat nou hier heersend met volmag God is, roep in hierdie mense ’n helse verset op.

Hulle soek in hulle ongeloof na ’n “praktiese” Jesus wat hulle van hulle gewaande probleem van ’n teoretiese Jesus sou verlos. Met hierdie vooringenome houding teenoor Jesus as iemand wat volgens hulle skema van teorie en praktyk in hulle lewe en vir hulle moet inpas, misken die moderne mens God as God en ontken die moderne mens sy eie ongeloof dat hy nie in God as God belangstel of in God as God glo nie. Met hierdie vooringenome houding hou die moderne mens in sy ongeloof homself voor as ’n mens wat soekend na God is sonder om openlik te verklaar wat hy bedoel as hy sê dat hy soekend na God is.

Ek was nog gedeeltelik onder die indruk dat ek deïsties grootgeword het, maar dit is nie waar nie. Ek is ateïs in elke daad en gedagte. My eie “geloof” of godsdiens was ’n inhoudlose paradoks.

Dit blyk al duideliker oor my twyfel nou dat ek Jesus Christus leer ken en ontdek as die Seun van die Vader, God heersend met ons – in hierdie wêreld wat ek tegnokraties verstaan; in die heelal wat ek natuurwetenskaplik deurvors het, om voor ’n totaal ander kosmos te staan as die mens van 100 of selfs 30 jaar gelede.

Daarom verstaan ek ook nou my eie stryd die afgelope jare met hierdie selfinsig: ek is ateïs in alles wat ek dink en doen. Met hierdie selferkenning voor God en teenoor God as God: ek glo nie in God nie en en wil nie volgens God se wil leef nie, het ek die inhoud van my eie geloofsworsteling ontdek, maar ook die ruimte gevind waarin ek hierdie erkenning teenoor God as God kan maak. Dit is binne die volle openbaring van Christus as God.” (Silverton 18.11.1982)

### 70. Ek tree as spreker op tydens Reformata Reformans se jaarlikse konferensie en spreek hulle bygeloof en goddeloosheid openlik ter vergadering aan.

Die jaarlikse konferensie van Reformata Reformans, die vereniging wat hulle toegelê het op die bevordering van die praktyk van duiweluitdrywing binne die NG Kerk, vind met die naweek van 19 – 21 November op die RAU eiland in die Vaalrivier plaas.

My optrede as spreker was binne ’n hoogsgelaaide atmosfeer. Ek het tydens die Pinkster in Silverton gekeer dat MM Smit se boekie “Vrylating van gevangenes” verkoop word; ek het een van sy dissipels by die kerkraad vir haar optredes aangekla; ek het Eddie Dorey as spreker by die SKJA laat optree en geweier dat daar vir MM Smit ’n bandopname van die byeenkoms gemaak word en deur my optrede het die dagbestuur genoeg inhoud en oortuiging gehad om ds. Groenewald as een van hulle dissipel los te maak van Silverton gemeente. Die ring van Silverton wat my grotendeels ondersteun het, het vir een van hulle hoofduiweluitdrywers May van der Walt onder sensuur geplaas.

Hulle het dit as ’n lokval gesien waar hulle my op die isolasie van RAU eiland kon konfronteer en waarskynlik in hulle gemoed kon wen of neutraliseer vir hulle duiweluitdrywingpraktyke in die NG Kerk, of sommer net geestelike wraak kon neem.

Ek het dit as geleentheid gesien om in hulle eie konferensie die geloofsinhoud van die evangelie aan die orde te stel met die wete dat dit hulle geloofsbasis sal ontbloot.

Ek hou ’n voordrag wat wys dat in die Johannes evangelie word die Heilige Gees uitgestort op die Sondagaand van die Here se opstanding en dat die volmag aan die

kerk die bediening van die Evangelie, die sakramente en die tug is, nie magspreuke met goddelike krag nie.

Dit stel ek teenoor hulle onderskeid van Christus en Gees as sou Christus verlos en die Gees krag gee. Ek wys dat binne die uitstorting van die Heilige Gees in die Johannes evangelie mag daar geen onderskeid tussen geloof in Christus en vervulling met die Heilige gees wees nie. Ek wys dat sou die verlossing van Jesus Christus geskei word van die werking van die Gees en die Gees dan ’n tweede fase van verlossing sou bewerk, wat inhoudelik iets anders is as die vergifnis in en deur Jesus Christus, dan word Christus se vergifnis geminimaliseer. Hierdie minimalisering van die geloof in Jesus Christus se volle vergifnis is ongeloof. Dit weerlê die grondslag van alles waarmee hulle besig is.

Ek word geïgnoreer en die res van die naweek behoort van Reverend P. Pike uit Amerika. Alles wat die res van die naweek gestel word in hulle bevrydingsbediening is presies wat ek vir hulle in die Bybelstudie as onbybels uitgewys het.

Hulle maak veral vir prof Frikkie Botha verdag as sou hy onkundig wees en dat hulle ervarings met die duiwels en duiweluitdrywing sy onkunde ontbloot. Hulle stel dat hy ook ’n binding het van ’n demoon en dat dit hom blind maak. Hy sou glo nie weet wat die woord binding beteken nie want hy ken nie geestelike agteruitgang nie.

Hierdie aanval was direk op my ook geloods. Hulle is aggressief teen die NG Kerk se vergaderinge wat hulle praktyke nie wil aanvaar as deel van die kerklike bediening nie. Die NG Kerk sou agter wees by al die gawes van die kerke in Amerika. Die teoloë in die NG Kerk sou bang wees vir hierdie bediening omdat hulle nie vir hierdie werk opgewasse sou voel nie.

Die hele byeenkoms se vertrekpunt is dat omdat die NG leraars en lidmate nie werklik wedergebore is nie, stel hulle nie belang in die gawes van die Gees nie. Dit is ook die inhoud van die Amerikaanse spreker, reverend Pike: die kerk het nog nie die volle vervulling met die krag van die Heilige Gees ontvang nie. Hulle is gered maar nog nie met die Gees gesalf nie.

Saterdag probeer dominees MM Smit en du Plessis saam met ene S. Meintjies my tydens ete vasdruk in ’n gesprek. In hulle gemoed was dit die lokval waarin ek moes verstrik raak die naweek. Ek stel aan hulle dat ek glo dat hulle die valse weergawe is van die Heilige Gees.

Toe hulle my met groepsdruk wil oorweldig staan ek op en gaan stap alleen op die eiland. Hulle is woedend omdat ek nie myself aan hulle geestelike aggressie uitlewer nie. Hierdie vryheid om myself net nie uit te lewer aan hulle innige magsaandoeninge nie, is ’n vryheid wat ek hier vir die eerste keer opgeneem het en dit deel van my

saamleef en hantering van hierdie geestelike magspel gemaak het. Om net uit en weg te loop uit hulle innige bevangenheid en hulle nie die reg te gee om my binne hulle selfbevangenheid op te eis nie.

Ek gaan stap laat rond op die eiland en kyk hoe die son sak met die silhoeëtte van die wilgerbome vol van al die witreiers teen die rooi horison. Ek het ’n geweldige gevoel van rus in my omdat ek in die midde van hierdie geestelikes hulle mag kon peil, aanspreek en in niks deur hulle bedreig gevoel het nie. Nie my epilepsie, nie my innerlike emosies, nie my eie geloof kon hulle meer uitbuit om my inskiklik te maak teenoor hulle afgodsdiens nie. Hulle is vasgevang in hulle eie geestelikheid wat totaal vreemd is aan die inhoud van die lewe in die teenwoordigheid van die heersende Christus vandag. Hulle leef in hulle eie ongeloof en goddeloosheid en is nie deel van die Christelike geloof nie.

So is ons toe uit mekaar. Ek met ’n innerlike geloofsrus oor Christus en sy genade, vry van hulle magspel met Satan. ’n Magspel wat in 2011 deur die Algemene Sinode van die NG Kerk amptelik as ’n “bediening” van en binne die NG Kerk goedgekeur het.

Ek probeer weer om die krag van Christus as teenwoordige Here aan die regterhand van die Vader en vertroue in Christus verwoord teenoor die spanning van dit wat ek later kon verwoord as afgodsdiens: godsdienstige goddeloosheid. Dit is die bi-polêre karakter van goddeloosheid binne in myself en die krag van Christus om hierdie goddeloosheid binne in my te verbreek om tot ’n vertroue in God as God te kan kom.

Hiermee het ek reeds innerlik en openlik in die bediening in 1984 met die bi-polêre inhoud van afgodsdiens in my gebreek wat in die Algemene Sinode van die NG Kerk in 2011 in die besluite oor Belhar, die Satan, ongetroud saambly en die bekeringsdoop die gekonstitueerde ongeloof van die NG kerk geword het.

“Die ateïsme in my is besig om te verval en te verbrokkel deur die dat ek al meer en meer losraak van die ideële beelde. Dit alles gebeur deur die geloof wat stadig in my oopgaan: Jesus is God met ons. Hyself is hier heersend teenwoordig as God wat onderhou, versorg, bewaar, versoen en met Hom verenig. Dit is die geloof in Jesus Christus wat my bevry van hierdie ateïstiese en ideële mens- en wêreldbeelde waarin ek groot geword het.

Hierdie geloofsvertroue steun op die inhoude van die Matteus evangelie wat ek hierdie jaar moeisaam stuk vir stuk moes oopkap deur en uit die Piëtistiese, dogmatistiese en rasionalistiese beeld wat al die kommentare aan my wou opdis. Hierdie is ’n pad waarin ek in die Skrif God self wou ontdek, en hierdie genade is aan my gegee.

In hierdie geloofsvertroue in die getuienis van die Matteus evangelie ontdek ek iets wat ek nog nie voorheen geken het. Christus is God, die Skepper en Onderhouer van die ganse kosmos en Hy is so self hier teenwoordig.

Hierdie sien van die Onsienlike is die rus wat ek so baie jare angsvol gesoek het. Ek kan nou in vrede sterf. Ek het my Here gesien!

Dit is wat nog altyd onbreek het. Die sekerheid oor God self en oor God se heerskappy. Ironies, oor my verlossing was ek seker oor die God wat my begenadig het, maar die God wat my begenadig het, het ek nooit vertrou om self heersend teenwoordig te wees of nog erger om hoegenaamd iewers as God te wees nie.

Ek het met ’n innerlike volkome ontsegging van God geleef terwyl ek terselfdertyd die historiese Jesus as my Saligmaker aanvaar het. Hierdie “godsdiens” (dit is geestelikheid 2012) het my aan tot aktivisme en sosiale godsbeelde gevoer. Ek moes hierdie god in elke deel van my lewe dien; alle terreine van my lewe aan hom toewy. Maar hierdie “hele lewe” en hierdie “in my lewe ” was ’n angs oor die een wat ek nooit gevind het nie – God Self.

Die enigste manier waarop ek hierdie kloof tussen hierdie “god-in-my” en my lewe kon oorbrug was om “god-in-my-lewe” op elke terrein van “mý lewe” te dien. Wanneer hierdie geestelike aktivisme ontbreek het, dan was God die Groot Afwesige. Dan was ek in hierdie groot leemte van die “god-in-my” wat geen verband het met die lewensverbande waarin ek my self bevind nie.

Hierdie laaste sin ontsluit vir my die hart van die probleem. Hierdie tipe “Jesus-in-my-hart” het geen verband gehad met die lewensinhoude in die lewensverbande waarin ek was nie. As ek nie aktivisties hierdie lewensverbande “vergodsdiens” het nie, dit is vergeestelik het nie, of dit net verinnerlik het in die binne ruimtes van my persoonlike kultus nie, was daar geen verband tussen my “geestelikheid’ en my lewe nie.

Hierdie “Jesus-in-my-hart” was vir my die Jesus aan die kruis van 2000 jaar gelede. Hierdie innerlike “Jesus” het geen verband gehad met die Here wat nou hier aan die regterhand van die Vader, God met ons is nie.

Hierdie geloofsaktivisme wat die ganse samelewing wil intrek in die kultiese is weereens nie ’n individuele snaaksigheid nie. Dit is die hart van die moderne godsdiens soos dit gestruktureerd was en nog steeds is in

1. die CSV, 2.
2. Die Jeug-tot-Jeug-Aksie,
3. Youth-for-Christ,
4. Campus Crusade,
5. die nuwe Gemeentebou aksie van NG leraars,
6. die Rhema veldtogte, en

7. 7. die Hatfield Baptiste veldtog. Hierdie aksies het onder andere wortels in die MRA (Mike Smuts, O’ Brian Geldenhuys)

Hierdie strukturering van die geloof in ’n “god-in-ons” en in “god-in-ons-hele-lewe” is net die verkerkliking van die ateïsme. Hierdie godservaring vervreem ons van God as God hier heersend teenwoordig.

Teenoor hierdie god staan ek nie net vry nie, maar afwysend, ook teenoor die diens van al die aksies vir hierdie god. Ek het God as heersend teenwoordig ontdek in die volmag van Christus. Hý is Immanuel.

Hierdie Godskennis, God is met ons in die volmagsheerskappy van Christus aan die regterhand van die Vader, word my ontsê. My geloof in God wat hier as God regeer, word my nie gegun nie, maar struktureel ontneem.

Die huidige godsdiensaktivisme (spiritualiteit 2012) verklaar Christus as Seun van die Vader wat as God so as heersend teenwoordig is, as ’n koue, dooie, rasionele, teoretiese onpraktiese en onwerklike God en verklaar die historiese Jesus, wat geestelike in hulle harte is, as die enigste bestaansmoontlik vir God self en laat hierdie verklaring met venyn en geweld teen God geld.

Die vertroue in God wat hier en nou God is, word my terselfdertyd ontsê deur die wysgerige veldtogte teen dit wat hulle verwoord as “die metafisika”.

Die vertroue in God wat my al meer God as God laat sien, en die verbrokkeling van my eie ateïsme wat God net op ’n ideologiese wyse en met ideologiese motiewe wou gelykstel as sou dit die ontologie en metafisika van die Griekse Platonisme wees, maak dat ek God nie meer as belewenis of as veruiterliking van my subjektiewe ervaring wil sien nie.

Met hierdie karikatuur van God in die moderne mens word die God in wie ek al meer my vertroue stel, omdat ek Hom leer ken deur Christus as die Vader van die Seun wat nou aan sy regterhand deur die Heilige Gees hier regeer, belaglik gemaak en aangeval as ’n argaïese godsbeeld en lewensmodel wat nie meer in die tegnokratiese bestel sou inpas nie.

In hierdie opsig deel die Charismatiese geloof in God en die moderne ateïsme, soos sedert die 17 de eeu nou weer dieselfde voorveronderstellings. Ek was eers deel van hierdie hierdie strukture. Maar na hierdie jaar se omgaan met die Matteus evangelie is beide vir my ’n ongeloof- struktuur waarvan ek nie meer deel is nie.

Teenoor hierdie twee wêrelde van ongeloof in godsdiens en ongeloof in ateïsme groei al meer in my die vertroue in die God wat Hom deur die evangelie Matteus aan my bekend gemaak het.

Veral gisteraand het hierdie nuwe geloofruimtes ’n nuwe gerigtheid tot God vir my oopgegaan met hierdie groeiende vertrouensgemeenskap en die steeds verbystering en verwondering dat God God is. God wat die heelal regeer. God wat God is, breek hierdie vraag in my oop: Hoe kan ek hierdie God nie liefhê nie? Hoe kan ek God nie eer en dien nie? Hoe is dit dat God deur my geïgnoreer kan word; Hoe is dat dat ek teenoor God sonder toewyding kan staan?

Hierdie gemeenskap in die kennis van Christus en die al meer groeiende vertroue op Christus dat Hy hier God heersend teenwoordig is, breek in my die onwilligheid om God te dien en te eer. Dit skep in my die besef dat my sonde is dat ek nie hierdie God, wat ek voorheen net wou ken as “god-in-my”, nie wou of wil dien nie.

Daarmee het ek weereens die “oomblik” deurbreek

In die verlede was die krisis in hierdie oomblik dat ek nie die krag sou hê om God te moet dien nie. Die krag en konsep van kragteloosheid is dit wat in hierdie geestelikheid verwoord word as die “lewe van val en opstaan” wat teenoor die “lewe van oorwinning” gestel word.

Met hierdie valse teenstelling stel hierdie aktivistiese geestelikheid ’n valse probleem waarvoor hulle hulle geestelikheid as antwoord gee. Die lewe van val en opstaan is vir hulle ’n kragtelose gebedslewe, geen of ontroue kerkgang, geen lewende Bybelstudie nie, moralistiese slegte of verkeerde gewoontes en om geen getuie vir God te wees nie.

Die werklike geloofsgrondslag van hierdie geestelikheid is dat jy na jou bekeringsgebed ’n mens sou wees wat God graag wil dien, maar terwyl jy die wil sou wou hê om God te dien, kan jy dit nog steeds nie doen nie. Hierdie spanning is die rede wat hulle dan aanvoer dat jy met krag toegerus moet word. Hierdie tipe krag ontvang jy dan as jy met die Heilige Gees vervul of met die Heilige Gees gedoop sou word.

Volgens hierdie geestelikheid is die geloofstryd dus:
1.Ek wil God dien.
2. Ek is lief vir God. Maar ek het nie krag nie.
3. Ek moet Hom net bid vir krag en as ek dan hierdie kragbron ontvang het, dan begin ek met ’n lewe van oorwinning waar ek nie meer ’n lewe van val en opstaan beleef nie.

Dit is vanuit hierdie formule dat die Hatfield Baptiste nou al leer dat ons sonder sondes kan wees in hierdie wêreld.

’n Ander variasie van hierdie geloofstrydmodel wat presies dieselfde uitgangspunte het, is dié van Dawie Pypers:
1.Ek is ’n kind van God.
2. Ek wil God dien en ek het Hom lief.
3. Tog beleef ek al meer ’n koue gebedslewe, swak kerkgang geen Bybelstudie nie. Ek kan

dit nie doen nie, al wil ek dit doen.
4. Daarom is dit ’n demoon of ’n binding van Satan.
5. Ek word daarvan bevry deur die magsuitspraak van ’n mens wat die gawe sou hê om hierdie magsuitspraak te kan doen.

Hierdie hele opvatting oor wat mense se geloofstryd sou wees, is ’n ongeloof in Christus. In hierdie lewe van oorwinning teenoor die lewe van val en opstaan, word God nie geken nie as God nie. Is daar geen diens aan die lewende God nie. Hierdie diens word ook nie deur hierdie valse geloofstryd en valse antwoord op hierdie sogenaamde geloofstryd bewerk nie.” (Silverton 25.11.1982.)

### 71. ’n Herderlike brief aan die kerkraad van Silverton: die werklike inhoud en karakter van wat met die gemeente en bediening in Silverton in 1982 gebeur het.

Die besluite van die ring kon my, die dagbestuur en die kerkraad van mekaar vervreem het.

Die ring se keuse vir die “middeweg” tussen geloof en identifikasie met God was deel van die begin van die ontwikkeling in die NG Kerk wat uitgeloop het op die sogenaamde “diversiteit van spiritualiteite” en “diversiteitsbestuur” in die NG Kerk. Dit is die NG Kerk se amptelike standpunt waarin die verskille tussen geloof en ongeloof, godsdiens en goddeloosheid, vertroue in God en identifikasie met God ontken word, en aan mekaar gelyk gestel word sodat die moderne Christelikheid steeds as die geleefde geestelikheid van die NG Kerk bedryf kan word, ongeag die innerlike teenstrydighede met die geloof soos bely in die NG Kerk se belydenisskrifte.

Ek, die dagbestuur en die kerkraad aan die een kant, en die geestelikes in die gemeente aan die ander kant, het geweet dat hierdie gelykstelling ’n leuen was. Die aanval van die ringskommissie op die dagbestuur om die “middeweg” weer die amptelike posisie van die kerkraad en gemeente te maak, kon hulle vervreem van die geloofsinhoude en geloofsmotivering waarmee ons opgetree het.

Die leuen van die ringskommissie, dat ek en ds. van Rensburg die verskille teologies uitgepraat het en mekaar gevind het, kon ons ook van mekaar vervreem het. Dit het nooit gebeur nie. Hulle eensydige besluit om die botsing te interpreteer as onbroederlike gesindhede om daarmee die werklike inhoudelike botsing te negeer, kon my uitbeeld as iemand wat nie ter vergadering net so beslis standpunt teen hierdie geestelikhede kan inneem soos wat ek dit in die prediking gedoen het nie.

Ek het daarom met dr. Joost Hattingh as leierouderling gesprek gaan voer in sy huis om weereens die werklike geloofsinhoude en -botsings wat in Silverton gebeur het met mekaar te bevestig. Hierdie was ’n diepgaande gesprek waarin ons die werklike geloof van die kerk met mekaar kon deel teenoor die valsheid van die geestelikhede van dit wat ek later die moderne Christelikheid genoem het.

Uit gesprek met dr. Joost Hattingh as leierouderling en voorsitter van die dagbestuur aan die einde van die jaar se gebeure stel ek op sy versoek vir hom en die ouderlinge van Silverton gemeente uit hierdie gesprek ’n verslag saam om geloofsperspektief te gee oor jaar se gebeure in Silverton gemeente.

In hierdie verslag gee ek ook aan hulle my aanvoeling weer dat die herdoop van lidmate net maar die einde is van ’n aftakelingsproses in hulle geloof in die Here wat binne die NG Kerk as bediening aan die lidmate bedryf word, deur die NG Kerk self.

Ek verwoord die twee stappe van die moderne Christelikheid: om Jesus aan te neem en met God se Gees vervul te word as alternatief op die geloof in die genade van God.

Hierdie spanning tussen geloof in God se genade en die alternatief op God se genade as sou dit die “werklike verlossing” wees, is die spanning wat ek vir die res van my bediening sou aanspreek en deur God se Woord deurbreek.

“**Die Kerk en sy status verlies**.

Agbare broers, ’n ouderling van die kerk van die Here word soms oorweldig deur die gebeure in die kerk. NG lidmate van sy wyk laat hulle weer doop; ’n lidmaat gaan oor na die AGS; sommige lidmate begin skielik oor bo-natuurlike belewenisse met die Here praat. Al hierdie gebeure breek die NG Kerk se geloof in God af sonder dat lidmate weet wat die verband of rede vir hierdie gebeure is. Hierdie verslag is bedoel om hierdie afbrekende prosesse in ons eie kerk aan die orde te stel soos ek dit in my arbeid opgetel en opgemerk het tydens my dienstermyn 1981-1982.

**Die status van die gemeente.**

**Die doop**

Die status van die gemeente is dat hulle, ons NG lidmate, die nuwe Messiasvolk is. Hulle is die volk van God. Hierdie status word verseël in die teken van die doop wat elkeen dra. Hierdie sakrament is ’n teken waardeur die Heilige Gees dié wat dit deel verseker, ons, dit is NG lidmate, die vergewing en die ewige lewe op grond van die enige offer van Christus is aan ons gegee. Ons is dit deelagtig. (Heid. Kat. vraag 66)

Elke gedoopte lidmaat het hierdie status voor die Vader, die Seun en Heilige Gees.
1. Hulle sondes is afgewas deur Jesus Christus
2. die Vader het hulle as kinders aangeneem en versorg hulle met alle goeie dinge en keer alle

kwaad van hulle of keer die kwaad hulle ten goede en
3. hulle is deel van die versoeningswerk van Christus, sodat hulle van hulle sonde voor God vrygemaak en geregverdig staan.
4. Die lidmate het die Heilige Gees as gawe. Hy woon in hulle en Hy heilig hulle deur die afwassing van hulle sondes en die daaglikse vernuwing wat die Heilige Gees in die lidmate van die NG Kerk bewerk. (formulier van die doop.)

Hierdie status van die gemeente is nie ’n toekomstige belofte vir net uitgesoekte lidmate van die NG Kerk nie. Dit is ook nie net beginsels of idees van mense wat eers praktiese implementering nodig het voor dit waar of geldig is nie. Hierdie status is die daaglikse handelinge van God met lidmate en hulle werklike posisie voor God.

**2. Die belydenis van die NG Kerk.**
Die NG Kerk is ’n belydende kerk en nie ’n ekstatiese-, belewenis-, herlewings- of bekeringsgemeenskap nie. As belydende kerk word die inhoud van die geloof in die Here bely in die algemene belydenisse: die apostoliese geloofsbelydenis, die belydenis van Nicea en die belydenis van Athanasius en die besondere belydenisse: die NGB, Heidelbergse Kategismus en Dordtse leerreëls.

Hierdie tradisie van die algemene ontwyfelbare geloof word in die kerk as die fondament en die grondslag vir die opbou van die kerk aanvaar deurdat kinders in hierdie geloofsbelydenisse opgevoed word en deurdat hierdie geloofsbelydenisse alleen die genoegsame leer van die volkome saligheid is. Dit is vir alle lidmate.

a.Die ouers is hiertoe verbind deur hulle doopsbelofte: “ten tweede bely u dat die leer in die OT en NT en wat in die artikels van die Christelike geloof vervat is, en in die Christelike kerk hier geleer word, die ware en volkome leer van die saligheid is? “Ten derde beloof u en is dit u voorneme om hierdie kind … in hierdie leer na u vermoë te onderrig en te laat onderrig?”

b. Dit is die alleen grondslag van die hele en jarelange geloofsonderrig van die kinders in die kategese, en hierdie leer is die ware en volkome leer van die saligheid wat geen toevoeging, herlewing of alternatiewe ervaring of belewing nodig het nie.

c. Vanuit hierdie grondslag is die belydenisaflegging die enigste toets tot die toelating tot die gemeenskap van die ware gelowiges, dit is volgens die NG Kerk. Geen ander persoonlike belewenis, bekeringservaring of geestelike ondervinding van mense kan nuwe toelatingsvereistes word om as ’n ware gelowige van die gemeenskap van die heiliges (volgens die 12 artikels) te kwalifiseer nie.

d. Hieruit is dit duidelik dat al ons lidmate wat besig is of alreeds geloofsonderrig in die geloofsbelydenis van die kerk in die kategese ontvang het, en elke Sondag saam opnuut hierdie geloof saam in die erediens bely, deel is van en die status inneem in die heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges. Dit is die status van al die

lidmate van die hele NG Kerk tensy hulle deur kerklike tug afgesny word. Ons lidmate is die heiliges van God.

Die status van al ons lidmate as heiliges en uitverkorenes van God is sigbaar in die doop en openbare geloofsbelydenis. Die aanvalle wat daagliks op ons lidmate vanuit die wêreld en ook vanuit die kerk gedoen word, wil juis hierdie fondamente van die kerk van die Here, die NG Kerk, ondergrawe.

**Die doop**

Dat soveel van ons lidmate hulle weer laat doop en so baie twyfel of hulle hul nie weer moet laat doop is, is nie toevallig nie. Dit is deel van die twyfel aan die status wat ons as kerk van die Here voor God het.

Lidmate van ons kerk laat hulle nie weer doop omdat hulle skielik ’n nuwe doopsleer gevind het nie. Hulle doen dit omdat hulle so in hulle geloof in God afgebreek is, omdat hulle nie meer glo dat God hulle in sy hande van geboorte af gehad het nie. Juis dit waarvan die doop hulle moes verseker, dat hulle sondes vergewe is, dat hulle deel is van God se ryk en sy troue sorg en dat die Heilige Gees in hulle woon en hulle daagliks heilig.

Die plig van die kerkraad teenoor die kerk en ook teenoor die Here van die kerk is om te begin kyk waar vind hierdie aftakelingsprosesse plaas en waardeur word ons lidmate só verwar dat hulle nie meer glo dat hulle deel het aan die status waarin God hulle deur die doop juis mee verseker nie.

**Die belydenis van die kerk.**

Die aftakelingsprosesse is almal gerig op die belydeniskarakter van die kerk van die Here in Silverton.

**Eredienste.**

Die karakter wat aan die gesprek van die Here met die gemeente vanaf die kansel gegee word, in die byeenkoms van die heiliges elke Sondag, kán lidmate laat twyfel aan hulle status in Christus as belydende Christene.

Dit is as daar van die kansel verdagmakery teen hulle gepleeg word met onbybelse beskuldigings soos

1. suggesties en beskuldigings teen die heiliges van God dat hulle nie werklik Christene is nie.
2. dat hulle skynheiliges en tradisie-godsdienstiges is wat nie die ware God ken nie,
3. dat die heiliges wat voor God byeenkom dit uit valse motiewe doen en dat hulle
4. nie deel het aan die ewige lewe of die Heilige Gees se inwonende en vernuwende werk nie.

Hierdie beskuldigings gaan nie meer oor eerlike berou oor die sonde van die Here se volk nie, maar is verdagmakery wat hulle wil laat twyfel. Die gemeenskapbyeenkomste van die volk

van God mag nie die plek word waar hulle deur hierdie duiwelse lis verlei word om te twyfel in hulle status as kinders van God nie.

**Nuwe godsdienstige weë**
Die eredienste mag nie die plek word waar naas die bouwerk aan die belydeniskarakter nuwe weë naas die belydenisse gesoek word nie. Die opbou van geestelike verwagtings dat die kerk moet herlewe, die kerk moet vernuwe of dat die kerk veroordeel word as kragteloos en dood is in sy tradisie van belydenisonderrig en belydenisaflegging, laat gedoopte en belydende lidmate van die kerk twyfel aan die sekerheid van God se genade aan hulle. In hierdie twyfel aan God se genade dat Hy ons sonde vergewe het, ons deel van Sy ryk is en deel het aan die inwonende werking van sy Gees, word by ons lidmate ’n verlange en sug na belewenisse, ervarings, herlewings en bo-natuurlike gebeure geskep waarin hulle probeer sekerheid kry van die genade van God, terwyl hulle intussen altyd daarvan deel is.

**Belydenisaflegging.**
As daar een deel van die Here se kerk se navolging is wat bespotlik en verdag gemaak word, dan is dit die belydenisaflegging van sy lidmate. Hierdie geloofsdaad waartoe die kerk sy lidmate begelei word as koue, dooie, kragtelose gewoonte wat geen ware godsdiens is nie, verdag gemaak. Almal wat hulle geloof in die Here bely is huigelaars, Fariseërs, Sadduseërs, en skynheilig. Só word beweer. Hulle wat hierdie geloofsdaad van die kinders van die Here só liefdeloos en met boosheid kritiseer, hou hulleself voor as die profete van ouds, die mense wat namens God praat.

Dit is nie toevallig dat hierdie voortdurende verdagmakery van ons lidmate se geloofsbelydenis gepaard gaan met ander alternatiewe wat hierdie geloofsbelydenis wil vervang nie.

Die alternatief om waarlik deel te kry aan God se genade word nuwe as herlewings, bekerings, ervaringe en belewenisse gepropageer wat die plek van lidmate se geloofsbelydenis moet inneem.

**Hierdie propaganda om**
**1. Jesus aan te neem; te kies en te aanvaar en**
**2. deur die Heilige Gees gedoop of vervul te word, is alles deel van die aftakeling van ons lidmate.**

Eers word hulle geloof en doop aangeval as sou hulle nie deel in die vergifnis van sonde en die inwonende werk van die Heilige Gees nie. In hierdie twyfel aan dit wat hulle in Christus reeds het, word daar nuwe ervaringe voorgehou wat die nuwe godsdiens vir die gedoopte en belydende kinders van die Here sou oopmaak. Waar ons lidmate aan hulle belydenisonderrig en hulle geloof wat hulle in die Here bely in twyfel gebring word, word hulle status as kinders van God en deel van God se genade vir hulle in gedrang gebring.

**Getuienisse**

Uit die charismatiese en metodistiese jeuggodsdienste van Amerika het die nuwe en Gereformeerd vreemde tradisie ontwikkel wat “witnessing” of “persoonlike getuienis” genoem word. In die Calvinistiese en Gereformeerde karakter van ons kerk se geloof was getuiewees nog altyd om jou geloof in die Here in die wêreld openlik te bely. Dit is die geloof soos ons dit in die belydenisskrifte van ons kerk saamgevat het. Getuienis vir lidmate is dus om saam hulle geloof in die Here volgens die artikels van geloof te bely.

Getuienis in hierdie propagandistiese godsdienste is nie meer om jou geloof volgens die kerk se geloofsinhoude te bely nie. Dit is om oor jou vrome en godsdienstige emosies, belewenisse, en ervarings te praat en dit orals ontydig te propageer.

Hierdie optrede van die sosiale godsdienste van ons dag plaas groot druk op ons lidmate. Volgens die verdagmakery teen hulle sou die beloofsbelydenis nog net ’n ritueel, ’n dooie rympie wees wat geen betekenis meer het nie. Ons lidmate sou dan nie meer getuies vir God wees in die wêreld deur hulle geloof in die Here openbaar te bely nie. Hulle moet nou tot hierdie aktivistiese belewenispropaganda toe tree as hulle ware Christene wil wees.

Die opkoms van “witnessing” in ons eredienste, bidure en jeugbyeenkomste is deel van die aftakeling van die belydende geloofskarakter van die Kerk van die Here.

Die ampte mag nie deel in hierdie aanvalle op die status van elke belydende en gedoopte lidmaat van die NG Kerk nie. Ons lidmate se sonde is vergewe, God het hulle tot kinders en erfgename van sy Ryk aangeneem en hulle is deel van die gawe van die inwonende en vernuwende werking van die Heilige Gees.

Die ampte moet hierdie status van die lidmate beskerm deur, die onbybelse beskuldigings te ontbloot van die skyn van die waarheid, nuwe godsdienstige alternatiewe naas die belydenisse te bestry, verdagmakery teen die geloofsbelydenis in God af te weer, te waak teen die nuwe godsdienspropaganda van “witnessing” as alternatief vir ons geloofsbelydenis in God as ons enigste getuienis en ons gedoopte en belydende lidmate steeds te vertroos en te versterk in die genade van God wat hulle deelagtig is.

Waar ons lidmate nie so deur die kerk beskerm en opgebou word in hulle allerheiligste geloof soos ons dit saam bely nie, is die opkoms van ’n eie-heiligheidskerk binne die kerk van die Here onafwendbaar en die herdoopbeweging onstuitbaar.”

Ek het aangevoel dat in die klein gebeure in Silverton moedergemeente ek nie net ’n probleem in hierdie gemeente of selfs net binne die NG Kerk, of binne die kerke van Suid Afrika gevind en aangespreek het nie. Uit die agt jaar se teologiese studie van die RAU en UP van 1975 tot 1982 het ek geweet dat hierdie probleem die kern van die Christendom wêreldwyd se geloofsverwarring is.

## 72. Opsomming en koersvinding in die Christelike Kerk uit die gebeure in Silverton 1982.

.

Ek probeer hierdie geloofsinhoude van die Christelike kerk se worsteling in sy geheel verwoord en probeer vir myself daarin in die kerk van die Here koers vind met ’n opsomming wat ek vir myself skryf op die 12 de Desember 1982

“Om die gebeure in Silverton moedergemeente in 1982 te verstaan, is dit nodig om hierdie gebeure in hul dogmatiese inhoude raak te sien. Om die predikante soos di. Willie van Rensburg en Groenewald, proponent Pieter Erasmus en persone soos Pieter Spies, met al die gesinne wat hulle ondersteun het as persoonlikheidsbotsings, persoonlike belange verskille, aksent verskille binne die dieselfde godsdiens, botsings van sosiaal anderste Afrikaners (bo-dorp, onder-dorp) te sien, is nie net alleen misleidend nie, maar so ’n siening is al reeds deel van ’n bepaalde godsdienstipe wat die Gereformeerde belydenis misken.

Hierdie miskenning van die geloofsbelydenis is nie net terug te vind in een van die betrokke partye in die gebeure in Silverton nie. Dit is die breë grondslag van baie belangegroepe. Hulle vooropgesette geloofshouding is dat teologiese inhoud, belydenisinhoud en dogma-inhoud, is nie deel van ons eksistensie nie, is nie deel van ons lewensoptrede en lewensinhoude nie. Dit is vir hulle net teoretiese waarhede, onpraktiese en rasionele stellings, woorde op ou kerkpapiere wat nie “vir ons vandág” enige betekenis het nie.

Hierdie houding om die geloofsinhoude van die kerk van die Here as teoretiese, onpraktiese en rasionale stellings te kwalifiseer, is nie ’n neutrale, objektiewe waarneming nie. Dit is ’n ideologiese aanslag op die geloofsinhoude van die kerk se belydenisse teenoor God. Hiermee máák en verkláár mense vanuit hulle outonome geregtigheid die geloofsinhoud waarmee ons op God vertrou, as “teorie” en “onpraktiese wetenskap”.

i) Wanneer ek die heilsraad van die Vader in Christus verkondig, dit wil sê, wanneer ek God in sy optrede as God die inhoud van my prediking maak, dan val ds. Willie van Rensburg my aan en verklaar dat ek nie glo aan bekering nie en dat ek anti-nomiaans is. Dit is na aanleiding van my preek waar ek gesê het ons mag nie Petrus se huil met sy verloëning van Christus as voorbeeld van bekering verstaan nie. Ons moet dit sien hoe die Vader dit bestem dat niemand Christus in sy lyding vertrou as God met ons nie.

ii) ds. Groenewald, en lidmate saam met hom, probeer my doktorale studie gebruik om te maak asof ek een van Unisa se geleerdes is, nie uit waardering vir my studie nie, maar om my as “slim” en “geleerde” wetenskaplike te verklaar. Dit doen hulle om ’n bepaalde etiket aan my te hang in die gemeente: ek is een wat “geleerd” en “wetenskaplik” preek.

iii) Hierdie etiket wat aan die inhoud van my prediking en nie soseer aan my as persoon gehang is nie, is uiters noodsaaklik vir hierdie groepe om hulle

> magsposisie in die godsdiens te behou. Weereens nie sommer net ’n ideële magsposisie nie, maar die magsposisie wat hulle oor die lidmate van die gemeente Silverton opgebou het. Hierdie magsposisie is dat hulle die mense is wat by die “praktiese”, “werklike”, persoonlike” en “lewende” nood van die mens staan. Daarom is hulle die mense wat nagevolg moet word. Terwyl die mense wat nie by hulle staan nie die “teoretiese”, “dooie”, “koue” en “intellektuele” mense is wat net in universiteite hoort. Hierdie is nie maar net gissing van kant nie. ds. Willie van Rensburg het elke keer my probeer isoleer deur te insinueer dat ek nie weet wat die “praktiese nood”, of soos hy dit meer gereeld in sy gebede genoem het, die “sielenood” van die mense is nie. Oor hierdie “sielenood” van die mens beskik hy met sy soort godsdiens. As ek in die kerk wil wees, moet ek dit volgens hulle tradisie doen. Die geloofsinhoude oor God en in God soos ek dit verkondig het, sal nie deur hulle geduld word nie.

Dit is die teologiese perspektief op die ongeduld wat ds. van Rensburg met my gehad het. Ek is ’n bedreiging vir sy magsposisie oor die “sielenood” van die mense waaroor hy met sy herlewings- en bekeringsdenke met ’n jaloerse felheid beskik het.

Hierdie inhoudelike botsing het hom in die klein-konteks tussen my en die kultiese en vroomheidsgroepe in die gemeente afgespeel. Hierdie spanning is egter op die oomblik die spanning tussen kerk en fakulteit. Die dominees in die “praktyk” leef uit ’n vroomheidstradisie wat sedert die Murray-era sistematies ontplooi is. Hulle wil nie hulle magsposisie se inhoud verbind aan die “slim” geleerdes en “doktore” van die kerk se fakulteit nie. Ook op die breë kerklike terrein staan vroomheid in ’n antitetiese verhouding met geloofsinhoud.

Wat teologies belangrik is in hierdie magsopbou oor wie sal beskik oor die vroomheid van mense, is om die gewelddadige ontsegging raak te sien in hierdie “passie” wat die vroomheidsgroepe vir “verlore siele”, “siele vir Jesus”, “geloofsekerheid’ en “ewige lewe” het. Om effektief hulle godsdienstipe oor mense te laat geld, moet hulle Christene se geloof inhoudloos *máák.*

Dit is die krag en bedoeling van hierdie ontsegging. Voor hulle is niemand, en mag niemand God vertrou en ken nie. Nie voordat hulle deur hulle voorgeskrewe “bekering”, “persoonlike ontmoeting” of “Herevind”- belewenis gegaan het nie.

Hulle hele vertrekpunt lê in die spanning en verdeeldheid wat hulle in hul self dra, ’n sosiale spanning van:

Teoreties – prakties;
Persoonlik – onpersoonlik;
Intiem – koud, dood;


Lewendig – dood;
Natuurlik – bo-natuurlik;
Informeel – formeel;
Gesellig – “styf”

Hierdie vertrekpunt is baie belangrik. Want hierdie skema maak van dit wat ons in God se Woord as kennis en vertroue leer in God, dit wat as niks anders beskryf kan word as ’n inhoudlose paradoks. As mens hierdie skema, wat hulle vetrekpunt is, in hul optrede begin identifiseer, dan sal mens sien hoekom al hierdie oënskynlik “eie” groepe, dit is, herlewingsprediking, bekeringsprediking, duiweluitdrywing en die oormaak van homoseksuele mense, op die ou einde ’n eenheidsfront vorm. Al wil hulle nie openlik of innerlik met mekaar identifiseer nie.

Dat hierdie spanning/antitese ’n “sosiale-saak” is, kan maklik deur enkele maatskaplike strukture belig word:

| | | |
|---|---|---|
| Beroepslewe/arbeid | (praktyk- teorie) | skool/universiteit/tegnikon |
| Sosialekleingroepe/gesin/vriend | (persoonlik – onpersoonlik) | instituut/organisasie/ verbande |
| Eie eksistensie/gevoel/keuse | (lewendig – dood) | anonieme strukture en keuses. |
| Gevoel/erotiek | (intiem – koud) | rationaal/organisasie |
| huis/vriende | ( informeel – formeel) | organisasie, arbeid |
| maatskappy | (natuurlik – bo-natuurlik) | kerk/godsdiens |

Hierdie sosiale teenstellings is die godsdienstige uitgangspunt waarbinne die moderne mense sy sogenaamde “noodsituasie” stel. Hierdie innerlike teenstelling as veronderstelling is nie net ’n fenomenologiese waarneming nie. Hierdie is die antitetiese spanning waarin hierdie vroomheid as geskiedenis ontplooi.”



In hierdie jaar waarin ek my beslissend uit die ongeloof en goddeloosheid van identifikasie met God ontworstel het, het presies dieselfde geloofskrisis in die NG gemeente van Levubu en die NG Gemeente Soutpansberg in die ring van Louis Trichardt afgespeel.

1982 was die jaar waarin die mag van ds. Eric Uys en sy vrou Ria Uys in Levubu en ds. Sampie (SZ ) Venter in Louis Trichardt en hulle dissipels op die hoogste was. Hulle het die moderne Christelikheid in die Soutpansberg as Réveil en herlewing bemark.

Die bediening van ds. Groenewald in Silverton en die bediening van hierdie twee leraars in die Soutpansberg was presies dieselfde. Uys en Venter het ook nes Groenewald in Silverton in presies dieselfde tyd die Soutpansberg en Levubu gemeenskappe aan die bediening van die moderne Christelikheid onderwerp.
In 1983 het NG lidmate van Soutpansberg egter openlik in opstand gekom teen inhoude van hierdie bediening en hulle het ds. Sampie Venter aangekla by die ring. Dieselfde het in 1983 in Levubu gebeur. NG lidmate het openlik in opstand gekom teen die druk van die bediening van die moderne Christelikheid deur ds. Eric Uys en sy vrou Ria Uys en hulle begin tot orde roep.

Toe ek in 1984 in die NG Gemeente Levubu aangekom het as gesekondeerde dienspligkapelaan vanaf die Suid Afrikaanse weermag aan die Venda weermag, het ek in presies dieselfde geestelike konflik ingeloop as in Silverton: die onderwerping van die Levubu gemeenskap aan die “persoonlike” bekerings en aan die eise en die opbou van die “sosiale” bekering teen die Levubu gemeenskap uit die kring van die “Confessional fellowship” vanuit Sibasa en Venda se intellektueles.

Hierdie keer egter het ek die helder en duidelik onderskeid in my eie gelof gehad tussen geloof in Jesus Christus en identifikasie met God. Ek het ook geen twyfel meer in myself gehad dat dit onversoenbare teenoorstaande inhoude was.

Hierdie sekerheid het net vaster in my geword tydens 1983 in my nasionale dienspligtyd as dienspligkapelaan in Voortrekkerhoogte Pretoria en in die Kaokoveld in Suid-Wes Afrika.

### 73. Die wegkeer uit die bekering van die moderne Christelikheid as geloofsontworsteling en geloofsvinding.

Die leser van hierdie geloofsbiografie moet hierdie persoonlike geloofsgebeure verreken binne die geestelikheid van die NG Kerk in 1956 tot 1982.

Die NG Kerk was in hierdie tyd effektief die staatskerk gewees. Die NG Kerk het hierdie posisie verkry deur die geestelikheid van die moderne Christelikheid in die jare dertig as ’n volksherlewing te bedryf. Deur ’n volksherlewing het die NG Kerk Afrikaner nasionalisme geregverdig as die visie, die krag, die wil en plan van God vir Suid-Afrika.

Die drie geestelike ervarings van die moderne Christelikheid, bekering, godsvervulling en getuienis, was die geestelike magsbasis van hierdie godsstaat in die gemoed van hierdie geestelikes, nie Calvinisme of die Gereformeerde geloof soos die moderne Christelikheid dit gerieflik vandag wil voorhou nie. Hierdie geestelikheid, moderne Christelikheid, het elke prediker effektief ’n magsfiguur in die Afrikaanse gemeenskap gemaak.

My bekering uit die moderne Christelikheid se bekering en spiritualiteit was nie deel van ’n nuwe geestelike mode of magsopbou soos wat die moderne Christelikheid bekering na 1994 voorgehou en bedryf het nie. Na 1994 het die moderne Christelikheid hulle self van hulle eie volksherlewing van die dertiger jare “bekeer” asof dit die politieke beleid van apartheid was wat hulle sou verblind en mislei het. In 2011 het die NG Kerk die Belharbelydenis opgeneem as die vlagskip waardeur hierdie nuwe sosiale bekering van die Afrikaanse gemeenskap bewerk moes word.

Hierdie bekering is vals.

Hierdie bekering van die NG Kerk van sy volksherlewing is nie bekering uit goddeloosheid en afgodsdiens na God toe nie. Die identifikasie met God in die moderne Christelikheid het net gemaak dat hulle die nuwe mag in Suid Afrika weer net as God se mag geregverdig en uitgeleef het soos hulle met die opkoms van Afrikanernasionalisme gedoen het.

Hulle het ook van geen sonde bekeer in hulle “apartheidsbekering” nie. Want hulle maak net soos met die volksherlewing in die dertiger jare nou die nuwe nasie die krag van ’n nuwe Afrika herlewing.

Dit is wat effektief in die 2011 Algemene Sinode van die NG Kerk gebeur het deur,

- die “bevrydingsbediening”, dit is die duiweluitdryfpraktyk van die moderne Christelikheid, as bedieningswyse goed te keur,
- die viering van die eenheid met Christus deur ander tekens as die doop wat die Here in te gestel het,
- die regverdiging van ongetroud saambly as ’n vorm van Christelike gehoorsaamheid te regverdig het,
- die pad te begin voorberei het om homoseksuele verbintenisse kerklik in te seën as God se handewerk.

- die NG Kerk te verbind tot 'n spesifieke soort Bybeluitleg waarin God terug gevind moet word in die godsbeelde en godservarings van die skrywers, wat hulle as God se konteks sien, sodat God weer met nuwe godsbeelde en godservarings in nuwe kontekste gekonstrueer kan word. God wat Homself openbaar, het in hierdie rekonstruksie van godsbeelde en godservarings in en uit die Bybel verlore geraak in 'n relatiwiteit wat as die nuwe norm vir die waarheid van God geglo word.

Hierdeur het die NG Kerk die afgodsdiens en goddeloosheid van die moderne Christelikheid weer die magsbasis vir die nuwe Suid Afrikaanse gemeenskap gemaak. Die nuwe gesekulariseerde nasie van 'n godlose gemeenskap is weer volgens die moderne Christelikheid die visie, die krag, die wil en plan van God.

Daardeur kan hulle hul geestelike identifikasie met God, 1. die identifikasie met die Persoon van God, 2. die identifikasie met die krag van God en 3. die uitbeelding van God in hulle lewe en persoon, as die geestelike bedryf van die nuwe nasie opbou en uitleef asof dit die bekering, die geloofsgehoorsaamheid en die getuienis van die kerk van Jesus Christus is.

My ontdekking van Christus as Here en God teenoor die leë Jesusbeeld waardeur ek met God geïdentifiseer het, was nie die opbou of omhelsing van 'n nuwe mag of krag in die gemeenskap nie. Dit was die bekering uit die mag van goddeloosheid en afgodsdiens in die vorige godsstaat van die moderne Christelikheid én dit was terselfdertyd 'n bekering  weg van die die nuwe godstaat waaraan hulle nou besig is om te bou.

Die posisie wat die NG Kerk as staatskerk in 1979-1982 gehad het, was ook die mag waardeur hy homself van die "sektes" onderskei en gehandhaaf het. Die NG Kerk se lewende geloof en geestelikheid, is die moderne Christelikheid. Dit is presies dieselfde geloof en geestelikheid van al die Pinkster- en Charismatiese geestelikhede, en vandag van feitlik al die Gereformeerde kerke in Suid Afrika.

Dit was met staatsmag dat die NG Kerk homself in die gemeenskap gehandhaaf het as die regte kerk teenoor die "sektes". Die NG Kerk  het homself nie met geloofvertroue in God teenoor identifikasie met God van kultusse onderskei nie.

Daarom was die onderskeid wat ek gevind het tussen geloof in God en identifikasie met God so bedreigend vir die NG Kerk se geestelikheid gewees. Dit sou die NG Kerk se werklike eenheid met die moderne Christelikheid aan die orde gestel het en só sou hulle hul posisie as staatskerk teenoor die "sektes" verloor het. Dit was die opkomende en dreigende botsing wat mense soos prof. Heyns en dr. Willie van Rensburg te reg aangevoel het en wat ook gemaak het dat die ring van Silverton weer die "middeweg" tussen geloof en identifikasie met God ingeneem het.

Na die verlies van staatsmag in 1994 het die moderne Christelikheid in die NG Kerk sy eenheid met die ander Pinkstergeestelikhede omhels, sy beleid oor sektes afgeskaf en probeer hy nou saam met die ander instansies van die moderne Christelikheid ’n nuwe magsbasis in Suid Afrika vind. Dit alles word so bedryf asof dit bevryding uit die vorige apartheidsbedeling sou wees.

Dit is ook nie waar nie.

Dit is net die nuwe magsuitoefening van presies dieselfde goddeloosheid en afgodsdiens van die moderne Christelikheid. In 1979-1982 was dit beslis nie so nie. Met sy posisie as staatskerk en mag in die geestelike ervarings van die moderne Christelikheid, het NG predikante en geleerdes enige verskil met hierdie geestelike magservarings verdag gemaak as Kommunisme, Liberalisme, onbekeerdheid, ongelowigheid, Satanisme of enige vorm van “isme” wat hulle binne die rasionalisme van die moderne Christelikheid kon uitdink en opmaak.

Wie nie gedeel het in die moderne Christelikheid nie, is van die Afrikaanse gemeenskap vervreem gewees.

Die NG Kerk in die jare 1979-1982 het sy eie magsbasis verdedig asof hy as instelling die geloof van die Gereformeerde belydenisse verteenwoordig het, maar dit was ook nie waar nie. Sy geleefde geloof was die drie godservarings van die moderne Christelikheid: bekering, godsvervulling en om God uit te beeld.

Dit het gemaak dat hierdie godservarings in die taal van die Gereformeerde belydenisse voorgehou en gepreek moes word. Die innerlike teenstellings van geloof in God en identifikasie met God is in hierdie prediking en lering altyd gerasionaliseer asof dit net verskillende aksente, kante of verstaan van dieselfde waarheid is. Net soos dit vandag weer as verskillende spiritualiteite gerasionaliseer word.

So is gepreek dat jy tot bekering moet kom om gered te word, nie deur geloof alleen sonder die tipe bekering wat hulle tot redding preek nie, maar as jy dan tot bekering kom moet jy weet dat dit God was wat jou tot bekering gebring het. Net so is godsvervulling gepreek as die lewe van dankbaarheid. Elke deel van die belydenis en Skrif is in hierdie teenstellings verander en gelykgestel met identifikasie met God.

Na 1994 het hierdie vermoeiende poging om geloof in die Here so te rasionaliseer as identifikasie met God verander. Dit hang saam met die verskuiwing in die sewentiger jare waarin die moderne Christelikheid sy geestelikheid nie meer in vrye verenigings naas die kerk wou uitoefen nie, maar binne die kerk, sy eredienste, lering, belydenis en bediening. Die “sosiale bekering” van apartheid na die nuwe nasie, word as

verskoning gebruik vir hierdie opeis van die kerk in sy geloof en bediening asof al hierdie godservaringe deel is van die nuwe bekering.

Die moderne Christelikheid gebruik hierdie gemeenskapsverskuiwing om vry van die las om hulle geestelikheid te moet laat rym met belydenisse wat innerlik teenstrydig is met hulle geestelikheid, nou net te ignoreer, aan te pas en te verander.

So word hulle godservarings voorgehou as die eenvoudige kennis wat kinders tot die nagmaal toelaat en word die geloof in die Evangelie volgens die Skrif voorgehou as die moeilike kennis wat net nodig is vir openbare belydenis aflegging. Daarmee het hulle die geloofsbelydenisse oor die nagmaal net geïgnoreer, aangepas of verander.

So het hulle hul godservarings die nuwe inhoud van die sakrament van die doop gemaak en die geloof in die God se verbondsgenade net aangepas en verander om hulle godservarings te regverdig.

So het hulle die prediking van die Evangelie as heilsmiddel vervang met seremonies as nuwe heilsmiddels waarin God werk.

So het hulle duiweluitdrywing naas die prediking van die Evangelie ’n nuwe heilsmiddel in die kerk gemaak.

In hierdie sinkretisme van goddeloosheid en afgodsdiens word die geloofsinhoude so vreemd vir hierdie geestelikes dat hulle al meer en meer vra na nuwe belydenisse wat hulle godservarings kan verwoord. Die geloofsbelydenisse wat die geloof in God bely anders as hulle identifikasie met God, het vir hulle onverstaanbaar en lewensvreemd geword. Daarom moet die kerk nou nuwe of oorvertaaldes kry.

Die bekering tot God is bekering uit die goddeloosheid en afgodsdiens van die moderne Christelikheid. Die bekering van die Skrif gaan oor bekering van die moderne Christelikheid tot God. Dit is bekering tot God weg van en uit die bekering waardeur hulle glo hulle gered word. Dit is bekering tot God weg van en uit die godsvervullings en godservarings waardeur hulle glo dat hulle die nuwe lewe leef in die visie, krag, wil en naam van God. Dit is bekering tot God weg van en uit dit wat hulle glo hulle getuienis vir God is. Dit is bekering tot God weg van en uit die bekering waardeur hulle hul van apartheid bekeer het.

Hierdie bekering tot God weg van die bekering van die moderne Christelikheid, is die bekering wat Paulus verkondig as “uit geloof tot geloof” en “Die regverdige sal uit die geloof leef.” (Rom1:17)

Hierdie bekering uit geloof tot geloof is die bekering uit die godsbeelde van godservarings tot die kennis van God in die Skrif. Hierdie bekering uit geloof tot

geloof is die bekering uit identifikasie met die godsbeelde van godservarings tot vertroue in die geopenbaarde God as God.

Daarom is hierdie bekering alleen uit en deur die Skrif, sonder godservarings. Dit is bekering uit Christus tot Christus, sonder die persoonsbinding van geestelikes. Dit is bekering uit God tot God, sonder enige selfinkeer in eie goddelikhede in.

Om elke keer so te kan bekeer, moet elke woord in die Skrif weer herontdek word met die inhoud en betekenis van God se openbaring in sy Woord, teenoor die inhoud en betekenis wat die moderne Christelikheid se godservarings aan die woorde van die Skrif gee.

Hierdie tipe omgang met die Woord van God is die geloofsworsteling waarin ons God in sy Woord anders vind as die beelde van God wat in ons godservarings leef. Godservarings wat niks anders is as die goddelikheid van ons eie goddeloosheid nie.

Wie God só in sy Woord vind, vind weer homself vry van die krag- en magsbeelde van geestelikes. Vind weer dat ons in God se skeppingskrag en verbondstrou altyd anders en meer is as die mense wat geestelikes se godsbeelde ons laat wees.

**74. Die openbaringinhoud wat ek nie gehad het en in die Woord van God moes vind: die ontdekking van Christus as Here binne die bygeloof in Jesus as afgod.**

Die tipe geloofs- en morele verwarring wat die moderne Christelikheid in die kerk en in die lewe van die verbondskinders van die Here veroorsaak, kan vergelyk word met die parasitiese lewensbestaan van die Koekoekvoëlfamilie.

Koekoeke kies die neste van ander voëls waarvan die eiers baie soos hulle eie lyk en lê dan hulle eiers binne hierdie neste. Hulle verdring só die eie kuikens van hul gasheer op verskillende maniere. Hulle breek of skop die eiers van hul gasheer uit hul eie neste; die Koekoekkuikens lê die eie kuikens dood, skop hulle uit die nes uit of hulle word saam met die ander groot terwyl hulle die grootste kosporsies opeis.

Met hierdie valsheid moet ander voëls hulle kuikens uitbroei en grootmaak. Hulle wil en kan dit nie self doen nie. Hierdie kuikens word nie die kinders van hulle gasheer nie. Na hulle hul eie krag kry verlaat Koekoeke hierdie nes met die minagting en selfgenoegsaamheid van die volgende Koekoekgenerasie. Hulle gaan soek weer ander voëls se neste om weer hulle kuikens uit te broei en groot te maak.

Die gasheervoëls moet hierdie valsheid aanvaar as liefde. In hierdie liefde vir ’n ander voël se kuikens, moet hulle eie kuikens verloor om ander se kuikens groot te maak asof dit hulle eie is.

Dit is die wyse waarop die moderne Christelikheid kerk binne die kerk van God is. Hulle verstoot, verdring, verwerp en verniel die kinders van die Here binne die kerk van die Here asof gelowiges die mense is wat nie binne die Here se Kerk hoort nie. Asof gelowiges die valse -, dooie -, koue -, liefdelose -, tradisie -, verstands -, patriargale, onaanpasbare-, verstarde, agterlike en regterlob Christene is, wat nie regtig bedoel is om binne God se kerk te wees nie.

Hulle is net soos Koekoekkuikens met die eiegeregtige en hoogagtige opeisende drif besig dat hulle binne die kerk van God die ware, lewende, liefdevolle, ervarings, emosionele, oop, aanpasbare, vernuwende, vooruitstrewende en linkerlob Christene is, wat die kerk as sy regte geestelikes moet uitbroei en grootmaak.

Dit moet die kerk doen om net as kerk, sodra hierdie geestelikes van die moderne Christelikheid in hulle eie goddeloosheid kragtig genoeg is om die kerk as tuiste te verlaat, verwerp en verag te word as nie meer nodig nie. Moderne Christelikheid verwerp altyd op die hoogtepunt van hulle selfgenoegsaamheid teenoor God die kerk met die minagting dat die kerk vir hulle uitgedien is. Hulle verlaat die kerk met al die ellende wat hulle as parasiet veroorsaak het asof dit die eie kenmerkende swakheid van die kerk sou wees, sodat die moderne Christelikheid weer in sy vryheid homself kan gaan wees, los van die kerk wat hom moes voed en laat groei.

Koekoeke bly Koekoeke. Hulle het en sal nooit liefde vir hulle gashere kry nie. Hulle gashere bly altyd net die gevangenes en onderdruktes vir Koekoek se vryheid.

Hierdie voorbeeld kan help om iets van die geloofstryd van die Here se verbondskinders binne die moderne Christelikheid toe te lig. Verbondskinders binne die NG, en ander Gereformeerde kerke wêreldwyd, is soos kuikens wat deur Koekoeke en Koekoekkuikens uit hulle eie neste verdring en uitgestoot word. Gelowiges in die Here Jesus Christus is nes hierdie regte kuikens want ook hulle moet aanvaar dat hulle deur die kerk verwaarloos en verdring word omdat die kerk se bediening van die Woord, sakramente en tug opgeëis word om ongelowiges binne die kerk in hulle afgodsdiens en goddeloosheid groot te maak.

Dit is die selfontdekking wat gelowiges teenoor hierdie valse geestelikheid moet maak. Koekoeke is nie die beter, kragtiger en meer toegewyde Christene binne die kerk van die Here nie. Hulle beter en kragdadiger geestelikheid is afgodsdiens en goddeloosheid, nie geloof en geloofsgehoorsaamheid nie. Die kerk se passie om hierdie driftige geestelikes te versorg as die beter, kragtiger en meer toegewyde Christene is niks anders nie as ’n verwarde kerk wat gelowiges versaak vir die

toerusting van ongelowiges in hulle afgodsdiens en goddeloosheid binne die kerk en deur die bedieningsmiddele van die kerk.

Dit was die geloofsontdekking wat ek binne die NG Kerk moes maak. Dat ek nie die Koekoek hoef te wees wat die geestelikes my wou laat glo ek moes wees nie; dat ek myself as kind van die Here kon ontdek binne sy genade, terwyl die kerk my wou opvoed om ’n Koekoek te wees, anders verdring en verlaat hulle my om buite die kerk van God se kerk vervreem van God te moet leef. Ek moes tussen die Koekoeke ontdek dat terwyl hulle my wil verdring en oorheers as die ware Christene en ek nie in die kerk van die Here hoort nie, ek aan Jesus Christus behoort en hulle nie in hom as Here glo nie.

Ek moes binne die mag en krag van ’n afgod wat hulle Jesus noem, Jesus Christus as Here en God ontdek.

Hulle het elke deel van die Skrif in hulle prediking en selfdemonstrasies so verdraai dat hulle in die taal van die Skrif hulle afgod Jesus opbou, voorleef en uitleef asof hierdie afgod die Here Jesus Christus is. Hulle het die sakramente so in godservarings verdraai dat net hierdie afgod Jesus in die sakramente beleef kan word en hulle het die Christelike tug so verdraai dat geloof in Jesus Christus as Here veroordeel word as ’n dooie godsdiens en hulle afgodsdiens gehandhaaf word as die ware geloof in en liefde vir die Here Jesus Christus.

Terwyl die geestelikes van die kerk my in hierdie magsdrif van die afgod Jesus wou bevange hou, moes ek die Here Jesus Christus as God vind. Dit is die eis van bekering uit die geloof in die afgod Jesus tot geloof in die Here Jesus Christus. Dit is die eis om weg te breek uit die bekerings van die moderne Christelikheid en jou tot die Here Jesus Christus in die geloof te toe te keer.

Hierdie wegkeer uit die geloof in Jesus as afgod tot die Here Jesus as God, is nie een vinnige besluit of oorweldigende godservaring soos mense bekerings binne die moderne Christelikheid beleef nie. Dit is ’n ontworsteling uit die ongeloof in Jesus as afgod deur die kennis van die Here Jesus Christus as God. Hierdie kennis is die openbaring van die Skrif deur die Skrif.

Daarom gebeur hierdie wegkeer van Jesus as afgod en toekeer tot die Here Jesus as God, deur die vind van die inhoud van die openbaring in die Woord van God. Elke deel van die openbaring van Jesus as Here en God in Skrif, breek die innerlike godsbeelde en godservarings van Jesus as afgod binne in ’n mens. God alleen vernietig afgodsbeelde, ook die afgodsbeeld “Jesus” van die moderne Christelikheid. Dit doen God deur sy Woord. Dit is die belofte van die Here aan Abraham soos opgesom in Esegiël 36: 25 “Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en julle afgodery.”

Daarom is dit nie werklik so dat ’n mens in die lewe van ’n gelowige ’n geloofsproses of geloofsgroei kan vind wat ’n samehangende en logiese geheel is nie. God is nie mense se lewensverhaal nie. Dit is net afgode wat mense se lewensverhale kan wees. ’n Mens se lewe is ’n lewe waarin God se Woord en sy openbaring van Homself as God, die gebroke en onsamehangende lewe in ongeloof, in goddeloosheid en afgodsdiens, altyd weer verander om te deel in die geloof en liefde wat God deur sy Woord skep.

Daarom leef ons uit God se Woord. In en deur sy Woord skep Hy geloof en geloofsgehoorsaamheid. Ons leef nie God in ons lewe uit nie. Die god wat mense in hulle inkeer en uitleef met godservarings, bly altyd ’n afgod. Dit is net menslike magsbeelde van God en menslike aandoeninge waarin hulle hulself goddelik ervaar. Dit is die magswêreld van die moderne Christelikheid waarin God ’n afgod en mense goddelik is.

Met hierdie geloofsbiografie wou ek vir die leser iets van hierdie bevryding van die afgod Jesus deur die openbaring van Jesus Christus as Here en God deur die Woord wys.

Dit is die moeilikste uitdaging waarvoor die kerk van die Here staan soos die Here dit self aangetoon het: “ [13] Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle sluit die deur van die koninkryk in mense se gesig toe. Julle gaan self nie in nie en julle verhinder dié wat wel wil ingaan. [15] Ellende wag vir julle skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle trek oor land en see rond, om een bekeerling te maak, en as hy dit word, maak julle hom twee maal so ryp vir die hel as wat julle self is.” (Mat. 23)

Die moderne Christelikheid met sy drie godservarings van bekering, godsvervulling en getuienis as die uitbeelding van God in jou lewe, sluit die koninkryk van God in mense se gesig toe. In hierdie geestelike mag is die koninkryk van God vir mense verlore. Met hierdie godservarings kan jy nie deel wees van die geloof in en die geloofsgehoorsaamheid aan Jesus Christus nie. Moderne Christelikheid is die wyse waarop mense wat die koninkryk van God wil ingaan, verhinder word om dit te kan doen. Binne die afgodsbeelde van Jesus in die moderne Christelikheid kan die Here nie gevind word nie.

Wie die drie godservarings van die moderne Christelikheid hulle eie gemaak het, is twee maal so ryp vir die hel as hulle wat nie hierdie godservarings gehad het nie. Want buite hierdie godservarings weet jy jy is ’n sondaar en vir God verlore. Binne hierdie godservarings is jy in hierdie afgodsdiens en goddeloosheid ook vir God se liefde en genade verlore, maar jy glo dat Jesus jou gered het en met God self vervul het, terwyl jy die die Here Jesus se heilswerk verlore is.

Die uitdaging waarvoor die kerk van die Here staan, is om die evangelie so te bedien dat die koninkryk van God vir hulle wat Jesus as afgod ervaar weer oop kan gaan. Sodat hulle wat in hulle geloof in Jesus as afgod leef, weer tot die Here Jesus Christus as Here kan bekeer. Dit is ŉ bediening van die Woord, sakramente en tug wat die moderne Christelikheid as afgodsdiens kan ontbloot.

Graag gee ek vir die leser die kontras tussen Jesus as afgod soos deur die moderne Christelikheid wêreldwyd voorgehou teenoor die openbaring van en geloof in Jesus Christus as Here en God in sy Woord. Dit is die kontras wat u in hierdie geloofsbiografie kry as die ontworsteling uit afgodsdiens tot die geloof in en liefde vir Jesus as Here en God.

Die breuk met die moderne Christelikheid se twee godservaring van “bekering-wedergeboorte” en “godsvervulling” is iets anders as om te leef in gemeenskap met Jesus Christus as Here en Hom in geloofsgehoorsaamheid te dien.

Waar ek met hierdie geestelikheid gebreek het, het ek die leegheid van my eie geloof en gehoorsaamheid  gevind. Dit is wat afgodsdiens met ŉ kind van God doen. God word nog net in Naam erken terwyl alles wat God is en doen op geestelikes oorgedra word, op so wyse dat hulle God en sy werke vir jou verteenwoordig. Wie God in Homself as God is, word op so wyse so verskeur en verdeel deur hulle en hul godservarings dat van God self in die geloof van ŉ Christen niks anders oorbly as net ŉ leë naam nie. Alles wie God is en wat Hy doen moet in godservarings in jouself of in geestelikes teruggevind word asof dit jou intiem persoonlike verhouding met God is. Alles wat God is moet afgodsdiens word binne die moderne Christelikheid!

U sal hierdie opsommende vergelyking nodig vind omdat die soek na hierdie openbaringsinhoude gemaak het dat ek in ŉ leegheid leef en werk waarvan ek weet die inhoud ontbreek, terwyl ek nie geweet het wat dit is nie. Daarom is daar so herhaling op herhaling in die poging om uit hierdie innerlike leë geloof te kom, sonder dat die openbaringsinhoud gevind word binne die filosofie of geestelikheid.

Net die openbaring van Jesus as Here en God in sy Woord verbreek innerlike afgodsbeelde en godservarings op so wyse dat jy vervul is met die geloof in en geloofsgehoorsaamheid aan God.

Sonder hierdie inhoud bly die mens homself verstrik en bevry van een afgodsbeeld na die ander en verval hy in een godservaring na die ander terwyl hy vir God verlore bly.

## JESUS CHRISTUS AS HERE

Christus is vandag werklik God met ons en mens in die hemel na liggaam, siel en gees.

## JESUS REGEER VANDAG AS HERE

Christus is vandag ’n heilige en regverdige mens wat in ons plek in sy lyding, kruisiging, sterwe en ter helle neerdaling die aanklag en oordeel, die vloek, die boete, die stryd, straf en verwerping van ons onregverdigheid en onheiligheid op Hom geneem het.

Terselfdertyd het Hy die eis van volkome liefde volgens God se wet geregtigheid (regte liefde) en heiligheid (volkome liefde) ook op Hom geneem.

Christus skenk ons as God die Heilige Gees wat die Here insluit en laat deel in ons menswees en ons insluit en laat deel wees in die Here se menswees in die hemel op so ’n wyse dat Syne myne is en myne Syne. So is ons vir die Here mense wat vir sy liefde regverdig en heilig is en ons liefde vir Hom regverdig en heilig is.

## JESUS AS AFGOD

Jesus was ’n goddelike mens en is vandag ’n goddelike gees.

## JESUS IS DIE GRONDLEGGER VAN DIE SPIRITUALITEIT DAT MENSE GODDELIK KAN WEES

Christus was ’n mens wie God se persoon, krag, lewe en Naam sy eie gemaak het, sodat God deur Hom kon geleef het. Hy is nie meer ’n gewone mens van vleis en bloed van dag in die hemele nie. Jesus het met sy geboorte, lyding, kruisiging en sterwe gewys hoe mense voor God altyd oor wie hulle as mense deur God geskep is aangekla, veroordeel, sleg, skuldig en verwerplik staan vir hulle gewone menslikheid soos God hulle geskape het. Uit hierdie posisie voor God moet mense hulle menswees aan God opgee, oorgee, voor Hom aflê en veroordeel, haat en verwerp.
Terselfdertyd moet hulle dan God in hulle lewe innooi sodat God die beheer van hulle lewe, persoon, wil en krag oorneem en aan sy goddelikheid in hulle onderwerp.
**Hierdie godservaring van oorgawe aan en oorname deur God word die “eerste bekering” genoem.**

God neem mense wat hulle self volkome en volledig ontleding van hulle self en aan God oorgee, wat genoem word die totale beheer oorgee, op so wyse oor dat God sy persoon, lewe, wil, krag en Naam deur hulle uitleef om in hulle alles as God te wees terwyl hulle niks van hul self mag wees nie. In hierdie vereniging met God word alles wat God is die mens se eie en word alles wat menslik is die eie van God.
**Hierdie word die tweede godservaring van vervulling met God se goddelikheid genoem. (Vervulling met die Gees)**

| | |
|---|---|
| Christus herskep ons innerlik in hierdie vereniging met hom in sy menswees en versoening met Hom as God sodat ons weer God se beeld kan wees. Mense beantwoord weer aan hoe God die mens bedoel om mens te wees: ons kan weer in ware geregtigheid en heiligheid as mense aan God ons Skepper behoort sodat Hy ons in sy diens met gesag kan beklee, ons met Hom in sy skepping laat leef, in sy raadsplan gebruik en vir sy doel bestem. | In hierdie goddelikheid word God die mens se beeld. God beantwoord nou deur Jesus weer aan die mens se bedoeling hoe God, God vir mense in hulle sondige begeertes moet wees.<br>Die mens neem God aan sodat God aan die mens behoort, God deur die mens uitgebeeld word in sy lewe en optrede, God deur die mens diensbaar gemaak word vir die sin en betekenis van die mens se lewe, God die mens bemagtig in sy selfgenoegsaamheid, word God die uitvoerder van die mens se visies, missies en selfontwerp. |
| Christus vervul in hierdie vereniging met Hom as mens in die hemel en versoening met hom as God die verbondsonderneming van God om God vir sy kerk te wees. Christus maak die Dawidsbelofte (2 Sam. 7: –) vir Homself waar sodat Hy die Here is wat die Abrahamsbelofte vir ons waar laat wees. | God en mens moet hierdie vergeesteliking waarin God menslik word en mense goddelik word, gesamentlik skep deur ’n intiem persoonlike verhouding waarin God sy goddelikheid buite die mens aflê en mense hulle menslikheid teenoor God aflê. Op so wyse leef God Homself deur mense uit en mense hul self deur God uit. Dit is die inhoud van geestelikheid of spiritualiteit.<br><br>Mense gee aan God die beheer van hul lewe sodat God deur sy goddelike krag mense se begeertes bemagtig as sy persoon, lewe wil en krag. |
| Christus verenig ons met hom in sy menswees vandag en versoen ons met God in en deur die verkondiging van die Evangelie, die bediening van die sakramente en die uitoefening van die kerklike tug. | Hierdie geestelikheid word bewerk deurdat mense God in en deur hulle lewe God uitbeeld vir ander mense. Op hierdie word mense se lewe die krag van die godsbedryf. Die bedryf waarin God se persoon, lewe, krag en wil in die wêreld deur mense aangedryf word.<br>**Hierdie is die derde godservaring in die godsbedryf wat hulle “getuienis” noem**. |
| Christus laat ons in sy volle heerskappy deel deur geloof en liefde in ons te skep. | In hierdie geestelikheid identifiseer mense met God. Mense identifiseer hulle eie sonde as God se liefde in hulle en glo hulle dat God leef Homself uit deur hulle magsdrif |

| | |
|---|---|
| Christus laat ons as mense in ons vereniging met Hom as mens en ons versoening met Hom God, na Hom as God toekeer in die geloof en Hy keer ons van ons sonde weg in berou en liefde. | In hierdie geestelikheid is dit die mens wat God na hom toe inkeer en God wat Hom uit sy goddelikheid buite die mens in die menslikheid van die mens inkeer. Hierdie inkeer van God gebeur deur die mantra of magsspreuk wat die mens uit spreek: “God moet inkom.”<br>In hierdie tipe bekering moet die mens homself altyd van sy gewoon menslikheid soos hy geskep is na geestelikheid bekeer. Hy moet oor sy menswees skaam wees en berou hê en ’n vreugde vind in God se goddelikheid. |
| Christus laat ons as mense in ons vereniging met Hom as mens en in ons versoening met Hom, Sy Vader as ons Vader aanroep in gebed om hom as God te eer, te loof, te dank en te aanbid. | In hierdie geestelikheid is gebed die inlewing van die mens in die goddelikheid wat in hom is nadat God in sy lewe ingekom het. Gebed word ’n demonstrasie van geestelikheid en magswoorde waarmee God se goddelike krag, lewe, wil en Naam bewerk word. |
| Christus is die Woord. Hy is die volle openbaring van wie God as God is soos God Homself openbaar het: dat Hy is wat Hy is. | Christus was ’n uitbeelding van die lewe en krag van God binne ’n mens. Daarom is Hy die grondlegger en rolmodel van godsbeelde en godservaring. Die Bybel is ’n versameling van gesaghebbende godsbeelde en godservarings van geestelike mense wat ons help in ons eie godsbeelde en godservarings. |

Die verskil tussen wie Jesus as Here en Christus is vandag en wie Jesus as afgod is, soos hier uitgelê, is dit wat binne die NG Kerk altyd voorgehou word as twee kante van dieselfde saak. Dit is deel van die godsbedryf van die NG Kerk, nes al die ander Pinkster en Charismatiese instellings wêreldwyd, om Jesus as Here en Jesus as afgod as een en dieselfde Here voor te hou.

Die NG Kerk wil Jesus as Here en Jesus as afgod as een en dieselfde Here verkondig. Dit is wat hulle elke keer doen met al die teenstellings wat hulle as twee kante van een saak voorhou: subjektief en objektief, tradisie en vernuwing, intellek

en ervaring, dogma en belewenis, regterlob en linkerlob, God se kant en die mens se kant, Westers en Afrika, volwasse en jonk.

Al hierdie teenstellings, en nog baie ander wat hulle sommer so opmaak soos hulle aangaan, is die NG Kerk se manier om Jesus as afgod te bedryf binne die taal van die Woord van God.

Daar is ’n groot verskil tussen hoe die NG Kerk Jesus as Here en as afgod net as twee kante van dieselfde saak bedryf, en hoe God God is.

Hoe God God is binne hierdie godsbedryf van afgode openbaar die Here in Esegiël 14: “[2] Die Woord van die Here het tot my gekom: [3] “Mens, hierdie manne heg waarde aan afgode. Hulle is so in sonde verval dat hulle net ag gee op hulle afgode. Moet Ek My deur hulle laat raadpleeg? [4] Praat met hulle, sê vir hulle: So sê die Here my God: Wanneer ’n Israeliet waarde heg en so in sonde verval is dat hy net ag gee op sy afgode, en hy kom na ’n profeet toe, sal Ek, die Here, met hom praat soos dit by sy afgodery pas. [5] Ek sal Israel wat My ter wille van al hulle afgode verlaat het, my harde hand laat voel.”

Dit is hoe God God binne die godsbedryf van die NG Kerk en alle Pinkster en Charismatiese instellings is. Hy is nie maar net die een kant van die godsbedryf nie. Binne hierdie godsbedryf verduister God Homself as God op so ’n wyse dat geestelikes nie weer God as God kan vind en hoor nie. Omdat hulle van Hom as Here ’n afgod maak, laat Hy hulle in hierdie oordeel leef dat Hy dan vir hulle ’n afgod is. God sorg dat Hy vir hulle ’n afgod bly.

Binne die afgodsdiens van die godsbedryf van die moderne Christelikheid is die geloofskennis van wie Jesus Christus as Here is vir mense verlore. God laat dit vir hulle verlore gaan en bly binne hul drif om met God te identifiseer.

U kan dit maar toets met hierdie twee tabelle. Binne hierdie godservaring waarin Jesus as afgod is, gaan alle openbaringskennis oor die Here verlore. Die onderskeid wat die Here maak in sy openbaring van sy liefde vir ons en ons liefde vir Hom, dit is die onderskeid tussen die evangelie en die wet verdwyn. Sonder hierdie kennis oor die verskil tussen wet en evangelie, is die kennis van God se genade verlore. Word die evangelie net nog ’n wet en Jesus net ’n rolmodel van goddelose geestelikheid.

Binne die godservarings van Jesus as afgod, hul bekering, godsvervulling en beeld van God wees, is die openbaringskennis van Christus se regering deur die evangelie sonder die wet, sy genadeheerskappy, verlore. Sonder hierdie kennis is Jesus se geestelike ryk net nog ’n wettiese geestelikheid soos alle ander afgodsdienste.

Binne die godservarings van die moderne Christelikheid is die openbaringskennis van die verskil tussen ou en nuwe werking van die Tien Gebooie verlore. Sonder hierdie kennis word Jesus ’n voorbeeld van ’n alternatiewe liefde op die wet van God en bekragtig die afgod Jesus elke sondige drif as ware liefde soos dit in alle afgodsdienste gebeur. Net soos dit nou binne die losbandigheid van die NG Kerk se sinode besluite oor ongetroud saambly en homoseksuele verbintenisse gebeur.

Binne hierdie godservarings is die openbaringskennis oor die inhoud en verskil tussen die Dawidsbeloftes en Abrahamsbeloftes heeltemal verlore in die inleef van ’n gewaande intieme persoonlike verhouding met God. Sonder hierdie openbaringskennis kan ’n mens God nie vertrou vir wie Hy as God is nie en kan jy net deur identifikasie in afgodery bly.

Binne hierdie godservarings is die openbaringskennis dat mense God se beeld is deur as mens aan God te behoort, as mens God te dien, te eer, lief te hê, verlore vir die afgodsdiens dat God jou beeld is en jy God aanneem, God beheer gee, God jou lewe as sy leefruimte gee, God betekenis gee en God sinvol in jou lewe maak. Sonder hierdie openbaringskennis bly mense altyd God se bedoeling vir mense om mens te wees verdraai deur hulle self as goddelik te vergeestelik.

Binne hierdie godservarings is die openbaringskennis dat die Here self vandag nog mens van vleis en bloed in die hemel is, en Hy ons in sy menswees insluit en laat deel verlore. In mense se ervaring van Jesus as afgod is hierdie kennis vir hulle betekenisloos en sonder waarde in hulle ervaring dat hulle in God se lewe, krag, wil en Naam self deel het.

Binne hierdie godservarings van die moderne Christelikheid is dit ook onmoontlik om tot bekering te kom. Dit is omdat God dit vir mense wat met Hom as God identifiseer onmoontlik maak om tot bekering te kom. Dit is wat die Here vir Esegiël sy “harde hand” noem.

Die profeet Jesaja beskryf hierdie “harde hand” van die Here in hoofstuk ses soos volg: “[9] Toe het die Here gesê: “Gaan sê vir hierdie volk: Julle sal hoor en hoor en tog niks verstaan nie, en kyk en kyk en tog niks sien nie.” [10] Verder het Hy vir my gesê: “Maak hierdie volk traag van begrip, maak hulle ore doof en hulle oë blind sodat hulle nie met hulle oë sien, met hulle ore hoor, en met hulle verstand begryp en hulle bekeer en genees word nie.”

Die Here gee aan sy profete die opdrag om sy verbondsgenade te verkondig, maar God sal juis in en deur hierdie verkondiging vir hulle die afgod wees wat hulle van God maak. Deur vir hulle die afgod te wees wat hulle God wil hê sal hulle nie hulle tot God kan bekeer nie.

God maak die openbaringskennis van hoe Hy hulle liefhet vir hulle “koue feite”, “tradisie”, “dogma” in hulle eie gemoed en God maak sy liefde vir hulle iets wat vir hulle “nie prakties is nie ”, “nie ’n belewenis is nie”, “nie iets vir hulle persoonlik beteken nie”, “nie tot hulle spreek nie” en vir hulle “onverstaanbaar is.”
Dit is wat God doen vir hulle wat Jesus as afgod glo en dien. Hulle ervaring waarin Jesus hul afgod is, is nie net nog ’n geestelikheid, nog ’n spiritualiteit, nog ’n manier om God lief te hê of in God te glo nie. Dit is nie een van die mooi geestelikhede binne die die diversiteit van spiritualiteite soos die NG Kerk hierdie afgodsdiens bedryf nie.

Dit is hoe God Homself as God vir hierdie geestelikheid afwesig en as God ontoeganklik maak: binne hulle identifikasie met God is daar nie meer geloof in God te vind nie. Daarom kan hulle hul nie tot God bekeer nie. Hulle drif is om God te bekeer: God moet na hulle kom, sy godheid in hulle uitstort, sy krag, lewe en wil deur hulle bewerk, sy troon in die hemel verlaat en op die troon van hulle hart kom sit, Hom self uit sy skepping wegkeer in hulle lewe inkeer, sy belange as God uitlos en hulle belange kom oorneem en bestuur om Homself aan hulle te verantwoord.

Deur vir hulle die afgod te wees wat hulle van Jesus maak, het die Here Jesus Christus dit vir die moderne Christelikheid onmoontlik gemaak om hulle tot Hom as Here te bekeer.

Daarom is die bekering uit die bekerings van die moderne Christelikheid net deur die Here moontlik volgens sy belofte in Esegiël 36 24 tot 30. Net waar die Here sy verbondstrou bewys aan sy verbondskinders om hulle sy kinders te laat wees en van afgodsdiens te reinig, kan hulle hul weer tot God bekeer volgens Esegiël 36:31- 38.

Hierdie geloofsbiografie wil hierdie bekering uit die bekerings van die moderne Christelikheid uitwys in die lewe van ’n verbondskind van die Here: hoe om uit die magsgreep van Jesus as afgod vry te word sodat jy Jesus Christus as die Here kan vertrou en liefhê.

ds. PJ Kriel
Levubu
2016.09.2